


'n Moderne Moslemkerk te Ladysmith; die Mohamedaanse geloof is veral deur die Madras-immigrante en die Arabiese handelaars ondersteun.

# DIE INDIËRVRAAGSTUK IN NATAL, 1870-1910

deur

COENRAAD JOHANNES BEYERS

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad Doctor Litterarum in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

BLOEMFONTEIN MEI 1969

A.&Co., Bfn. 5-69

Die navorsing in verband met hierdie werk is onder andere moontlik gemaak deur 'n ad- hoc- toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

# VOORWOORD

Die doel van hierdie proefskrif „Die Indiërvraagstuk in Natal, 1870 - 1910" is om 'n volledige gekoördineerde beeld van die Indiërvraagstuk in Natal, veral t.o.v. die tweede immigrasieskema (1874 - 1910), te verstrek. Aan dié gedeelte van die S. A. Geskiedenis, het die historici nog nie reg laat geskied nie. Die M. A. -verhandeling van Thompson oor die eerste immigrasieskema (1860 - 1863) [1] is 'n besonder verdienstelike werk, maar dit dek slegs 'n baie klein gedeelte van die Indiër-immigrasieperiode. Oor die tweede immigrasieskema het wel twee M. A. verhandelinge verskyn,[2] maar die groot leemte in beide van hierdie werke is dat die vernaamste argivaliese bron oor die onderwerp, naamlik die argief van die Beskermer van Indiër-immigrante, nie geraadpleeg is nie en ook omdat beide slegs 'n gedeeltelike oorsig van die periode gee en geensins 'n geheelbeeld daarvan verstrek nie. Die verhandeling van Z.A. Stein Indian Immigration into Natal (1870 - 1893) is nietemin van groot waarde weens die insig van die outeur t.o.v. baie van die Indiërvraagstukke, al het my navorsing my dikwels tot ander gevolgtrekkings as dié van Stein gelei. B. Pachai se M.A.-verhandeling, The History of Indian Opinion (1903 - 1914)[3] handel meer oor die standpunt van 'n koerant as oor die tweede immigrasieskema as sodanig. Ek het dit as my vernaamste taak gestel om 'n geheelbeeld van die vraagstukke verbonde aan die tweede immigrasieskema te probeer verstrek.

Die proefskrif wat hier aangebied word, is die resultaat van hoofsaaklik oorspronklike argivaliese bronne wat in die Natalse Argiefbewaarplek nagevors is. Verder het ek my hoofsaaklik op die Natalse Hansard toegespits omdat dit my oortuiging is dat die volksverteenwoordigers se gevoelens die beste in die parlement, waar die Indiërwette geformuleer is, tot uiting gekom het. Nogtans het ek veral The Natal Mercury, 'n blad wat m.i. die Natalse openbare mening die beste weergee, intensief bestudeer vir die tydperk (1870 - 1878) toe geen Natalse Hansard beskikbaar was nie. Ek het my dit egter nie ten doel gestel om die individuele koerantmenings van die breë masse by my ondersoek te betrek nie. Koerantnavorsing sou die omvang van die navorsingwerk (1870-1910) onnodig buitensporig maak waardeur heel weinig bereik sou word. Steekproewe uit koerante het aan die lig gebring dat

---

1) Thompson, L.M. Indian Immigration into Natal, 1860 - 1872. (In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1952, Deel 11).
2) Stein, Z.A. A History of Indian Settlement in Natal, from 1870 to 1893. Ongepubliseerde verhandeling, Univ. van Kaapstad, 1942; Adamson, H.M. The Indian Question in South Africa, 1900 - 1914. Ongepubliseerde verhandeling, Univ. van Kaapstad, 1932.
3) Pachai, B. The History of Indian Opinion, 1903 - 1914 (In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1961).

koerantstudie nie die gevolgtrekkings in hierdie proefskrif in gedrang sou bring nie.

Hierdie proefskrif is onder leiding van prof. dr. D. W. Krüger, tans verbonde aan die Universiteit van S.A., begin en ek wil dan ook graag eerstens my dank aan hom betuig vir hulp verleen met die keuse van die onderwerp en ander waardevolle wenke. Prof. dr. J. S. du Plessis het daarop goedgunstiglik ingewillig om as my promotor in die plek van prof. Krüger op te tree. Ek ag my in dié opsig besonder gelukkig, want selde in my universitêre opleiding het ek soveel besieling en wetenskaplike skoling ontvang soos van prof. du Plessis. Hy het ongetwyfeld 'n baie groot bydrae tot die wetenskaplike peil van hierdie proefskrif gelewer en sonder sy leiding sou die gehalte van hierdie werk nie gewees het wat dit nou is nie. Vir al u opofferings, my hartlike dank, prof. du Plessis.

Verder wil ek graag ook die volgende persone en instansies bedank vir hulp wat ek van hul ontvang het en waardeur die voltooiing van hierdie proefskrif moontlik gemaak is:

1) Die Direkteur van Argiewe en die eertydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die toestaan van ses maande studieverlof.

2) My kollegas mnr. W. B. v.d. Vyver, dr. B. Leverton en mnr. H. de Waal vir hul advies en bystand.

3) Mnr. P. Sonnekus, hooftaalbeampte van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie en mnr. Ben du Toit van <u>Die Volksblad</u> vir hul taalkundige wenke.

4) Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir finansiële ondersteuning.

5) Die Public Record Office vir toestemming om mikrofilmafdrukke van die Britse Koloniale Kantoor se stukke te raadpleeg.

6) Mnr. J. Muller, bestuurder van Oranje Berekenaarsentrum (Edms) Beperk, en mej. L. E. Melsens, tikster, asook mnr. W. P. van den Berg, bestuurder van die Bloemfonteinse afdeling van Rank Xerox, vir goedgunstig hulp verleen i.v.m. alle tik- en afrolwerk verbonde aan die proefskrif.

7) My vrou vir al haar hulp en opoffering; daarsonder sou hierdie proefskrif nooit die lig gesien het nie.

KELLNERSTRAAT 65,
BLOEMFONTEIN.
23 MEI 1969.

C. J. BEYERS.

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD .......................................... i

HOOFSTUK 1. DIE HERKOMS VAN DIE INDIËR-IMMIGRANTE 1

1. Gebiede in Indië van waar Natalse Indiërs geëmigreer het.. 1
2. Die invloed van die Indiese inboorlinge ................. 2
3. Die invloed van die Ariese invalle ...................... 4
4. Die invloed van die Persies-Griekse invalle ............ 6
5. Die invloed van Boeddhisme ............................ 6
6. Die invloed van die Mongoolse invalle .................. 7
7. Die invloed van die Mohammedaanse invalle ............. 8
8. Die invloed van die Westerse lande se verowerings ...... 9
9. Die emigrante van Mauritius ........................... 10
10. Die emigrante se ervaring van die suikerbedryf in Indië.... 10
11. Samevatting ........................................ 10

HOOFSTUK 2. DIE WERWING VAN DIE EMIGRANTE ........ 13

1. Instansies wat met die werwing gemoeid was ............. 13
2. Die wyse waarop die werwing van emigrante in Indië geskied het ................................................ 13
3. Onvermoë van die werwingstelsel om ongewenste emigrante uit te skakel ......................................... 21
4. Sir Charles Mitchell se sending na Indië ................ 23
5. Instruksies van Natal aan sy emigrasie-agente ........... 24
6. Kontrakte met skeepsmaatskappye vir die vervoer van emigrante ............................................ 26
7. Die Natalse agentskappy in Indië ....................... 27
8. Toeloop van Indiër-emigrante na Natal ................. 40
9. Samevatting .......................................... 42

HOOFSTUK 3. DIE REIS OORSEE EN DIE AANKOMS IN NATAL 44

1. Kontrakte met skeepvaartmaatskappye vir die vervoer van emigrante ............................................ 44
2. Skeepvaartregulasies .................................. 46
3. Die regulasies op emigranteskepe van Mauritius .......... 47
4. Die seeroetes .......................................... 48
5. Dissiplinêre beheer op die emigranteskepe .............. 49
6. Siektes op die seereis ................................. 50
7. Emigranteskepe onder kwarantyn in die Durbanse hawe .... 53
8. Voedselbediening tydens die seereis .................... 55
9. Kleding tydens die seereis ............................ 57
10. Sterfgevalle en mishandeling op emigranteskepe .......... 58
11. Ongevalle tydens seereise .............................. 59
12. Gevare wat emigranteskepe moes trotseer ............... 59
13. Die aankoms en die eerste verblyf in Natal .............. 60
14. Identifisering van immigrante en toewysing aan werkgewers .. 63
15. Samevatting .......................................... 64

HOOFSTUK 4. DIE ONTWIKKELING VAN DIE NATALSE INDIËR-VRAAGSTUK EN RYKSINMENGING ........................... 66

1. Die eerste emigrasieskema .............................. 66
2. Die petisie teen die hervatting van Indiër-immigrasie ...... 68
3. Die teenpetisie ten gunste van die hervatting van Indiër-immigrasie ............................................... 70
4. Die moontlikheid van 'n militêre Indiërmag vir Natal ......... 70
5. Rudimentêre aard van die Indiërvraagstuk in die vroeë tagtigerjare ................................................ 72
6. Die invloed van die Wragg-kommissie op die Britse beleid t.o.v. Natal ........................................... 72
7. Die begin van Indiërpetisies aan die Britse Regering ........ 74
8. Dada se pogings om die griewe van Natalse Indiërs uit die weg te ruim ............................................. 76
9. Chamberlain se reaksie op die Indiërs se vertoë ............ 78

10. Immigration Restriction Act, 1897 .................... 79
11. Indiërklagte insake onderwysgeriewe in Natal ............ 81
12. Trader's Licences Act ........................... 82
13. Die Indiërs se optrede tydens die Tweede Vryheidsoorlog .... 87
14. Die Natalse afvaardiging na Indië, 1903 ................ 88
15. Municipal Corporation Act .......................... 89
16. Brittanje word die Indiërgriewe, veral t.o.v. handelslisensies, meer simpatiek gesind ........................ 91
17. Die invloed van die Natalse Goewerneur, die Natalse regering en die Indiërhandelaars op die Britse beleid ....... 96
18. Die beëindiging van die kontrakstelsel ................ 98
19. Samevatting ..................................... 100

HOOFSTUK 5. DIE INDIËRVRAAGSTUK EN DIE NATALSE POLITIEK TOT VOOR DIE AANVANG VAN DIE TWEEDE IMMIGRASIESKEMA ........................................ 103

1. Die eerste immigrasieskema en sy reperkussies .......... 103
2. Die agitasie vir die hervatting van Indiërimmigrasie ...... 107
3. Die klagte van terugkerende immigrante ................ 114
4. Die Kommissie van Ondersoek, 1872 .................. 116
5. Die bevinding van die kommissie ...................... 119
6. Die uitwerking van die kommissie se bevindings .......... 121
7. Hindernisse in die weg van die tweede immigrasiepoging ... 122
8. Die skepping van die Trustraad ....................... 126
9. Die politieke bondgenootskap teen die binnelanders ........ 127
10. Die Britse regering verleen goedkeuring aan twee wetsontwerpe insake Indiër-immigrante ....................... 128
11. Samevatting ...................................... 129

HOOFSTUK 6. DIE INVLOED VAN DIE TWEEDE IMMIGRASIESKEMA OP DIE NATALSE POLITIEK TOT 1887 .............. 132

1. Die aanvang van die tweede immigrasieskema ............ 132
2. Die eerste politieke griewe van kontrakarbeiders tydens die tweede immigrasieskema .............................. 137
3. Die agitasie teen die Indiërstem ..................... 138
4. Die verhouding tussen die kus en die binneland ondergaan tydelik 'n verbetering .............................. 140
5. Die agitasie ten gunste van verantwoordelike bestuur ....... 141
6. Tydelike wapenstilstand tussen die kwekers en die binnelandse lede .......................................... 145
7. Die terugtrekking van twee Indiërwetsontwerpe in 1883 .... 147
8. Die hervatting van die stryd tussen die kwekers en die binnelandse lede ...................................... 148
9. Verdeeldheid onder regeringslede versterk die anti-Indiërbeweging ....................................... 153
10. Samevatting ..................................... 155

HOOFSTUK 7. DIE WRAGG-KOMMISSIE, SY POLITIEKE REPERKUSSIES EN DIE IMPLIKASIES VAN WET 25/1891 ...... 158

1. Die Wragg-kommissie en sy bevindings ................ 158
2. Yonge se pleidooi vir die beëindiging van die staat se subsidie 160
3. Eerste poging om kontrakarbeiders na die verstryking van hulle dienstermyn na Indië te laat terugkeer ............ 164
4. Die aanstelling van 'n spesiale komitee om die Wragg-kommissie se verslag te bestudeer en aanbevelings te doen ... 165
5. Die Goewerneur dwarsboom die sending van 'n afgevaardigde na Indië ........................................ 166
6. Die Goewerneur se optrede gee aanleiding tot 'n beweging ten gunste van verantwoordelike bestuur .............. 167
7. Die anti-Indiërbeweging aktief ....................... 168
8. Escombe verander van sienswyse ..................... 169
9. Die bondgenootskap tussen Escombe en Robinson ........ 170

10. Die anti-Intiërbeweging val die regering aan oor die versuim om 'n afgevaardigde na Indië te stuur ............... 170
11. Die anti-Indiërbeweging se teenstand teen die wetsontwerp wat tot Wet 25/1891 gelei het ............................ 171
12. Regeringslede verdedig die konsoliderende wetsontwerp ... 173
13. Die Britse regering se beswaar teen Wet 25/1891 .......... 175
14. Weer eens 'n poging om gewese kontrakarbeiders te verplig om na Indië terug te keer ........................................ 175
15. Die houding van die Indiërs ................................ 177
16. Die agitasie ten gunste van verantwoordelike bestuur verskerp ........................................................ 177
17. Samevatting ................................................ 179

HOOFSTUK 8. DIE INDIËRVRAAGSTUK EN DIE NATALSE POLITIEK IN DIE KRISISJARE VAN VERANTWOORDELIKE BESTUUR ................................................ 181

1. Die aanvang van verantwoordelike bestuur .................. 181
2. Natal se afgevaardigdes na Indië ............................ 182
3. Die Indiërstemregvraagstuk .................................. 184
4. Die beëindiging van staatshulp .............................. 197
5. Die £3-lisensiewet ........................................... 201
6. Die wysiging van die Trustraadwet ........................... 206
7. Samevatting .................................................. 207

HOOFSTUK 9. DIE PUNT-BETOGING EN DAAROPVOLGENDE POLITIEKE VERWIKKELINGE T.O.V. DIE NATALSE INDIËRVRAAGSTUK TEEN DIE EINDE VAN DIE 19DE EEU .......... 209

1. Die Punt-betoging ............................................ 209
2. Anti-Indiërwetgewing ......................................... 219
3. 'n Nuwe politieke indeling ................................... 225
4. Trader's Licences Act Amendment Bill ........................ 226
5. Quarantine Act Amendment Bill ............................... 228
6. Binns-regering ................................................ 229
7. Sparks se mislukte poging om Indiër-immigrasie te beteuel 232
8. Samevatting .................................................. 237

HOOFSTUK 10. DIE INDIËRVRAAGSTUK EN DIE NATALSE PARLEMENT VANAF 1900 TOT 1907 ........................ 240

1. Die Immigrasieleningswet van 1902 ........................... 240
2. Immigration Restriction Act .................................. 244
3. Wysiging van die £3-lisensiewet deur die regerings van Sutton en Smythe .............................................. 247
4. Indiërs in blanke poste ....................................... 251
5. Haggar se poging om Indiër-immigrasie te beëindig ........ 252
6. Trustraad ...................................................... 259
7. Haggar se handelslisensiemosie, 1907 ....................... 261
8. Aanstelling van 'n lisensiebeampte vir Natal misluk ........ 262
9. Diskriminasie teen Indiërhandelaars ......................... 263
10. Samevatting ................................................. 264

HOOFSTUK 11. DIE CLAYTON-KOMMISSIE, DIE POGINGS VAN DIE MOOR-REGERING OM INDIËR-IMMIGRASIE EN -HANDEL TE BETEUEL EN DIE £3-LISENSIEWET ..................... 266

1. Regeringsoptrede m.b.t. die beëindiging van Indiër-immigrasie ...................................................... 266
2. Die Clayton-kommissie en die beëindiging van die kontrakstelsel ........................................................ 272
3. Faktore wat tot die wysiging van die £3-lisensiewet in 1910 gelei het ...................................................... 280
4. Regeringsoptrede m.b.t. handelslisensies ................... 286a
5. Samevatting .................................................. 297

HOOFSTUK 12. DIE BEHEER OOR EN DIE BEHANDELING VAN KONTRAKARBEIDERS ........ 299

1. Die omvang van die vraagstuk ........ 299
2. Die Beskermer van Indiër-immigrante en sy taak ........ 300
3. Die Onderbeskermer ........ 302
4. Assistent-Beskermer, ........ 304
5. Die Beskermer se regterlike pligte ........ 304
6. Die aanhoor van kontrakarbeiders se klagte deur die Beskermer ........ 308
7. Die hoofdoel vir die instelling van die Trustraad ........ 310
8. Die Trustraad en die behandeling van kontrakarbeiders ........ 311
9. Die houding van die Natalse Indiërgemeenskap t.o.v. die kontrakarbeiders se behandeling ........ 324
10. Indiërs wat onder 'n kontrakstelsel in Zoeloeland en Lobitobaai indiens was ........ 325
11. Samevatting ........ 328

HOOFSTUK 13. MEDIESE DIENSTE EN DROSTERY ........ 331

1. Pogings om die mediese dienste te verbeter ........ 331
2. Mediese Fonds ........ 332
3. Die skepping van mediese sirkels ........ 332
4. Mediese dienste aan kontrakarbeiders buite mediese sirkels 333
5. Mediese beamptes ........ 334
6. Faktore wat die werk van mediese beamptes bemoeilik het . 337
7. Landgoedhospitale ........ 339
8. Sentrale hospitale ........ 341
9. Die behandeling en bekamping van siektes wat hoofsaaklik van Indië na Natal oorgebring is ........ 346
10. Myntering ........ 351
11. Siektes wat vermoedelik van Indië na Natal oorgebring is .. 354
12. Minder ernstige siektes ........ 354
13. Selfmoord onder kontrakarbeiders ........ 355
14. Besoedelde riviere en waterstrome ........ 355
15. Die redes vir die drostery van kontrakarbeiders ........ 358
16. Pogings om drostery te bekamp ........ 361
17. Die sending van 'n spesiale gesant om drostery in Noord-Natal te beteuel ........ 367
18. Strenger regeringsmaatreëls om drostery te bekamp ........ 367
19. Finansiële verliese as gevolg van drostery ........ 369
20. Sluikhandel in passe ........ 370
21. Vrye Indiërs en die passtelsel ........ 370
22. Die rol van stedelike polisie ........ 372
23. Drostery na die Vrystaat, die Kaapkolonie, Delagoabaai en Swasiland ........ 372
24. Drostery tydens die Tweede Vryheidsoorlog ........ 373
25. Drostery ná die Tweede Vryheidsoorlog ........ 374
26. Samevatting ........ 375

HOOFSTUK 14. DIE LEEFWYSE, AARD EN SOSIALE INSTELLINGS VAN NATALSE INDIËRS, 1870 - 1910. ........ 378

A. Kontrakarbeiders ........ 378

1. Wonings en omgewings ........ 378
2. Werksure ........ 382
3. Voeding ........ 383
4. Aantal vroue onvoldoende ........ 385
5. Indiërhuwelike en egskeidings ........ 388
6. Godsdiens ........ 397
7. Opvoeding en onderwys ........ 401

8. Die deugde van kontrakarbeiders ........................ 404
   (a) Spaargewoontes ........................ 404
   (b) Briefwisseling ........................ 407
9. Euwels waaraan kontrakarbeiders hul skuldig gemaak het .. 408
   (a) Drankmisbruik ........................ 408
   (b) Dagga en opium ........................ 410
10. Karaktereienskappe van Indiërs ........................ 411
   (a) Neiging om te kla ........................ 411
   (b) Neiging tot kleinere oortredings ........................ 412
   (c) Neiging tot selfmoord ........................ 412
   (d) Ander eienskappe van Indiërs ........................ 414

B. Vrye Indiërs (Gewese kontrakarbeiders) ........................ 415

1. Behuising ........................ 415
2. Lewensbestaan ........................ 416
3. Voedsel ........................ 418
4. Huwelike ........................ 418
5. Familieleefwyse ........................ 419
6. Kastestelsel ........................ 420
7. Opvoeding en onderwys ........................ 421
   (a) Indiërskole ........................ 421
   (b) Aantal Indiërleerlinge ........................ 422
   (c) Indiëronderwysbeleid ........................ 422
   (d) Indiëronderwysers ........................ 424

C. Arabiese handelaars ........................ 425

D. Samevatting ........................ 428

HOOFSTUK 15. DIE BETEKENIS VAN INDIëR-IMMIGRASIE VIR NATAL OP EKONOMIESE, LANDBOUKUNDIGE EN MILITêRE GEBIED ........................ 432

1. Indiërarbeid vir die suikerbedryf ........................ 432
2. Indiërarbeid vir die tee-, wattel- en katoenbedryf en gemengde boerdery ........................ 438
3. Indiërarbeid vir die Natalse steenkoolmyne ........................ 439
4. Indiërarbeid vir die spoorwegkontrakteurs en die Natalse Spoorweë ........................ 442
5. Indiërarbeid vir allerlei ander instansies ........................ 444
6. Die Indiërs as landbouers ........................ 445
7. Indiërhandelaars ........................ 449
8. Die betekenis van Natalse Indiërs op militêre gebied ........................ 450


BESLUIT ........................ 455

BYLAEA 457

BIBLIOGRAFIE 476

## INHOUDSOPGAWE VAN PORTRETTE EN DOKUMENTÊRE ILLUSTRASIES.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Moderne Moslemkerk te Ladysmith .......... | Teenoor: | Titelblad |
| 2. | Kaart aantonende van watter gebiede in Indië die immigrante afkomstig is ................ | do | 1 |
| 3. | 'n Aansoekvorm om immigrante .............. | do | 13 |
| 4. | Voorwaardes waaronder immigrante na Natal gekom het ................................ | do | 17 |
| 5. | 'n Gewone en spesiale kontrak wat immigrante in Indië moes teken ....................... | do | 25 |
| 6. | Die Immigrante kom in Durban aan ........... | do | 60 |
| 7. | Prokureur-generaal M. Gallwey ............ | do | 116 |
| 8. | Kaart aantonende die verskillende Natalse Magistraatsdistrikte ....................... | do | 132 |
| 9. | Die laaste bladsy van die Wragg-kommissie se oorspronklike verslag ................... | do | 160 |
| 10. | Die Eerste Natalse Kabinet, insluitende vier Natalse Eerste Ministers, t.w. Robinson, Escombe, Sutton en Moor .................. | do | 181 |
| 11. | M. K. Gandhi en 'n voorbeeld van sy handskrif | do | 185 |
| 12. | Blankes se petisie teen die instroming van Vrye Indiërs in 1897 ..................... | do | 211 |
| 13. | Bekendmaking van die Punt-optog, 1897 ..... | do | 212 |
| 14. | Amptelike bewys dat 'n Indiër sy £3.0.0-lisensie betaal het ........................ | do | 248 |
| 15. | 'n Pas vir 'n Indiër wat werk soek .......... | do | 250 |
| 16. | Die laaste bladsy van die Clayton-kommissie se oorspronklike verslag .................... | do | 274 |
| 17. | 'n Mediese vorm wat bestuurders van plantasies waar Indiërs werksaam was, moes invul . | do | 336 |
| 18. | 'n Plan van die sentrale Indiërhospitaal te Isipingo .................................... | do | 343 |
| 19. | Drie bewysstukke dat Indiërs hul kontrakdiens voltooi het ............................. | do | 359 |
| 20. | 'n Voorbeeld van 'n pas wat deur die tronkoutoriteite aan 'n kontrakarbeider uitgereik is ... | do | 362 |
| 21. | 'n Voorbeeld van 'n lisensie wat 'n Indiër in staat stel om Natal te verlaat en gebruik kon word om weer na Natal terug te keer ........ | do | 363 |
| 22. | 'n Pas wat 'n Indiër in staat gestel het om weer na Indië terug te keer ..................... | do | 364 |
| 23. | 'n Domisilie-sertifikaat .................... | do | 371 |
| 24. | 'n Permit vir 'n Indiër om Transvaal en die Vrystaat binne te gaan ..................... | do | 374 |
| 25. | 'n Kwitansie aan 'n Indiër wat teen 'n lae skeepstarief na Indië teruggekeer het .............. | do | 375 |
| 26. | 'n Hindoe-kerk in Natal aan die begin van die twintigste eeu .......................... | do | 397 |
| 27. | Kontrakarbeiders werksaam op 'n suikerplantasie ........................................ | do | 438 |


Map of the
N. W. PROVINCES & OUDH
SHOWING
THE NATIVE DISTRICTS OF
COLONIAL EMIGRANTS
during the year 1888.
Map of the
LOWER PROVINCES
OF
BENGAL
SHOWING
THE NATIVE DISTRICTS OF
COLONIAL EMIGRANTS
during the year 1888
REFERENCES.
District in which the number of Emigrants per mill of population was—
Less than 100 per mill.
100 to 400
400 to 700
700 to 1,000
RAJPUTANA AGENCY
CENTRAL INDIA AGENCY
CENTRAL PROVINCES
MADRAS PRESIDENCY
NEPAL
BAY OF BENGAL
CHOTA NAGPUR
ORISSA

# HOOFSTUK 1

## DIE HERKOMS VAN DIE INDIËR-IMMIGRANTE

### 1. Gebiede in Indië van waar Natalse Indiërs geëmigreer het.

Die Indiër-immigrante, hoofsaaklik kontrakarbeiders, wat hulle gedurende die periode 1860-1911 in Natal gevestig het, was oorspronklik grotendeels uit twee uitgestrekte gebiede van Indië afkomstig, naamlik die suidooste, veral die omgewing van Madras, en die noorde, veral Bengale.[1] Uit hierdie twee gebiede het ongeveer ewe veel emigrante na Suid-Afrika gegaan, terwyl 'n klein dog belangrike handelsgroep, bekend as Goedjarati, uit die gebied noord van Bombaai afkomstig was.[2]

Emigrante het ook uit verafgeleë gebiede in Indië na Natal en ander Britse en Franse suikerproduserende kolonies gegaan.[3] In sommige gevalle is emigrante selfs oor 'n afstand van twaalf-honderd myl na Kalkutta vervoer.[4] Hulle het van dele in Noord-Indië gekom so ver wes as Aligarh, noordwes so ver as Garhwal en suid so ver as Chilka Lake naby die grens van die Madras-Presidentskap.[5] Uit die omgewing van Ghazipoer het tussen 700 en 1000 persone uit elke miljoen inwoners geëmigreer.[6] Emigrante het ook van gebiede noordwes, suidwes en suid van Madras gekom.[7]

Die Natalse suikerplanters het aan die begin van die tagtigerjare voorkeur verleen aan emigrante uit die noordelike gebiede (veral Bengale) met hul groter en sterker liggaamsbou bo dié van die suidelike gebiede (in die omgewing van Madras).[8] Vanaf 1885 was die posisie net die

---

1) II (argivaliese verwysing vir die argief van die Beskermer van Indiër-immigrante wat in die Natal se Argief-bewaarplek berus), band nr. 11/1/25, lêer nr. 324 van 1885: Returns for Commission, 1885.

2) Vanaf 1860 tot 1885 het daar bv. 16,742 immigrante van Kalkutta en 17,125 immigrante van Madras gekom. Kyk hiervoor II, 11/1/25, 324/1885.

3) So byvoorbeeld het emigrante ook na die volgende kolonies gegaan: Trinidad, Demerara, Surinam, Mauritius, Grenada, Jamaika, St. Vincent, Guadeloupe en Réunion. Kyk hiervoor II, 11/1/50, 961/1889: Annual Report on Emi gration from the Port of Calcutta to British and Foreign Colonies, 1888.

4) II, 11/1/3, R387/1877: C. Reeves, kaptein van 'n emigrantskip, aan Beskermer van Indiër-immigrante (verder in hierdie verhandeling sal na hom verwys word as „Beskermer"), d.d. 23/5/1877.

5) II, 11/1/50, 961/1889: Annual Report on Emigration from the Port of Calcutta to British and Foreign Colonies, 1888, pp. 6-7. Kyk kaart in dié verband.

6) Ibid.

7) Hunter, Sir W.W. A Brief History of the Indian Peoples. London, Trübner en Kie., 1892, Twintigste Druk. pp. 231-233. The Natal Mercury, d.d. 7/5/1874 en 3/5/1877; II, 11/1/26, 460/1885: Beskermer se Jaarverslag vir 1884.

8) The Natal Mercury, d.d. 13/1/1880: Brief van „An Employer", d.d. 8/3/1880.

teenoorgestelde toe die planters 'n voorliefde ontwikkel het vir emigrante vanaf Vizapatem, Camboitre en Tanfore, nieteenstaande die feit dat die Kalkutta-emigrante liggaamlik sterker en groter as hul suidelike landgenote was.[9] Die kwekers het blykbaar algaande vasgestel dat die klimaatsomstandighede van die Madras-omgewing beter met dié van Natal, veral langs die kusgebiede, ooreenstem.[10]

Die Natalse regering het egter verkies om net soveel immigrante van die suide as van die noorde af te kry sodat die emigrante nie 'n bedreigende eenheid kon vorm nie, wetende natuurlik dat die emigrante van die noorde en die suide so ingrypend verskil dat daar van 'n eenheid tussen hulle nooit sprake sou wees nie.[11]

2. <u>Die invloed van die Indiese inboorlinge</u>.

Ten einde die verskille tussen die emigrante van die noorde, die suide en van Bombaai goed te begryp, is dit wenslik om kortliks hul voorgeskiedenis na te gaan; trouens, dit sal ook die vraag beantwoord wie die Indiër-immigrante van Natal eintlik was.

Die geografie van Indië het baie daartoe bygedra om die bewoners van die land van mekaar te skei en ingrypende rasseverskille teweeg te bring. Die berg en oerwoud het lank 'n groot rol gespeel om Indië in twee afsonderlike gebiede, naamlik die noorde en suide, elk met sy eie bestuur, te verdeel. Die sentrale oerwoudgedeelte van Indië was dekades lank dun bevolk.[12] Die inheemse bevolking was blykbaar hoofsaaklik beperk tot die noordelike deel van Indië, wat later as Hindoestan bekend sou word.[13] Dit wil voorkom of die oorspronklike eienskappe van die inheemse bevolking geleidelik deur rassevermenging verdwyn het, veral die plat neuse, dik lippe en koeëlkoppe.[14]

Die inboorlingbevolking was 'n primitiewe nomadiese volk wat hoofsaaklik van jagtogte 'n bestaan gemaak het.[15] Met die verowering van Indië deur Ariese en Mongoolse invallers vanaf 1000 v.C. tot kort vóór die Christelike jaartelling, het die meerderheid van die inboorlingbevolking na die bergagtige oerwoude van Indië, veral Sentraal-Indië, verhuis.[16] Die inboorlinge wat nie gevlug het nie, het vir die ligkleurige Ariese invallers as lyfeienes op die lande gewerk, waarvoor

---

9) II, II/1/25, 285/1885: Charles Reeves aan Indiër-immigrasie-Trustraad, d.d. Februarie 1885.
10) Jaarverslae van die Trustraad vir 1894-1895, p. A46, asook vir 1895-96, p. A.27.
11) II, II/1/6, 335/1880: Notule van Trustraad, d.d. 23/3/1880.
12) Hunter, op. cit., p.28.
13) Ibid, pp. 38, 94.
14) Ibid, pp. 41-43.
15) Ibid, pp. 94-95.
16) Meston, J.S., MacMunn, Sir G.F., Haward, E. India (In Encyclopaedia Britannica, 1951, vol. 12, p. 157).

hulle as vergoeding 'n klein gedeelte van die opbrengs ontvang het.[17] Die inboorlinge, wat aanvanklik 'n primitiewe geloof van diere-aanbidding beoefen het, het later die Hindoeïsme aanvaar. Hul het behoort tot die laagste stand in Indië, die sogenaamde Soedra-kaste, wat eintlik die slawebevolking verteenwoordig het.[18]

Slegs op enkele plekke het die inboorlinge hul identiteit behou. So byvoorbeeld was daar teen 1890 nog 'n inboorlingbevolkingsgroep (bekend as die Santale) van ongeveer een miljoen siele in die omgewing van Wes-Bengale woonagtig. Dit was 'n primitiewe bevolking met allerlei bygelowe, soos bv. dat hul sondes vergewe sou word indien hulle belydenis op 'n tiervel doen.[19]

As in aanmerking geneem word dat vanaf die sewentigerjare tot 1911 sowat 100 tot 400 uit elke miljoen Bengaalse inwoners gereeld na Natal geëmigreer het, is dit duidelik dat die inboorlingbloed van Indië redelik goed in die Natalse Indiërgemeenskap verteenwoordig is.[20] Hoewel M.K. Gandhi, die bekende Natalse Indiërleier, in 1896 beweer het dat „the real aboriginals of India as a rule never leave India", was dit nie noodwendig die geval met dié inboorlinge wat met die res van die Indiese bevolking vermeng geraak het nie.[21]

Baie Indiese inboorlinge het ook na die suide van Indië verhuis, veral na die omgewing van Madras.[22] Hier het hulle in aanraking gekom met 'n Driviaanse bevolking wat Indië in prehistoriese tye vanuit Wes-Asië binnegedring het en later, vanaf 125 v.C. tot 400 n.C., met die Mongoolse invallers vermeng geraak het.[23] Aangesien ongeveer die helfte van die Natalse kontrakarbeiders in die omgewing van Madras gewerf is, kan aangeneem word (hoewel geen spesifieke syfers beskikbaar is nie) dat heelwat Indiër-immigrante wat van die inboorlingbevolking afkomstig is, ook van Madras na Natal verskeep is.[24]

Uit 'n opname wat in 1873 gemaak is, het dit geblyk dat ongeveer een derde van alle emigrante wat vanaf Kalkutta verskeep is, uit die laagste kastes (d.w.s. hoofsaaklik die afstammelinge van die inboorlingbevolking) afkomstig was.[25] Tensy omstandighede in Indië baie ongunstig

---

17) Hunter, op. cit., pp. 45-47.
18) Ibid, p.96; Meston e.a., p. 161. Die Soedras kon nie die heilige kentekens dra nie, met ander woorde, hulle sou nie weer in 'n ander gedaante gebore kon word nie (lede van die ander Hindoekastes het geglo dat hul bevoorreg is om weer in 'n ander vorm gebore te word, die sogenaamde „twee-geborenes").
19) Meston e.a., op cit., p. 158.
20) II, II/1/50, 1961/1889: Annual Report on Emigration from the Port of Calcutta to British and Foreign Countries, 1888, pp. 6-7.
21) CSO 1460, 1661/1896: M.K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/3/1896.
22) Hunter, op. cit., p.50.
23) Meston, e.a., op. cit., p. 157.
24) II, II/1/25, 324/1885: Returns for Commission, 1885.
25) GH 21, 388: Koloniale Kantoor aan Luitenant-goewerneur, d.d. 18/12/1873.

was, het die hoër kastes nie graag geëmigreer nie, veral uit vrees dat indien hulle later sou verkies om na hul vaderland terug te keer, hulle aldaar uit hul betrokke kaste gewerp sou word.[26)]

3. <u>Die invloed van die Ariese invalle</u>

Van ongeveer 1000 v.C. af het die Ariese rasse van Wes-Asië die noordwestelike gebiede van Indië binnegedring. Hierdie invallers het tot dieselfde ras as die stamvaders van die Europese bevolkings behoort en het 'n groot mate van beskawing na Indië gebring.[27)] Die Ariërs wat hoofsaaklik landbouers was, het hulle in Noord-Indië gevestig en aldaar ongeveer in 600 v.C. 'n koninkryk in die omgewing van Oudh, met Kosala as hoofstad, gestig. Later het hulle ook 'n paar ander koninkryke, waaronder dié van Bihar, in Noord-Indië in die lewe geroep.[28)]

Die Ariërs was goed ontwikkelde mense wat die inheemse bevolking taalbewus (die Sankrit) en godsdiensbewus gemaak het.[29)] Baie van hul het ambagte beoefen, bv. dié van grof-, koper- en goudsmid en barbier. Hul het reeds oorlogskarre en perde gebruik en kon ook eenvoudige skepe bou.[30)]

Daar is drie hoofkastes (of stande) wat die Ariese ras in Indië verteenwoordig, naamlik 1) die Brahmane of priesters, 2) die Radjpoete of soldate, en 3) die Wessias of landbouers.[31)] Hierdie drie kastes is deur twee gemeenskaplike faktore saamgesnoer, naamlik 1) hul geloof in die Veda, die heilige boek van die Hindoes, en 2) die feit dat hulle die heilige kentekens kon dra wat beteken het dat hulle geglo het dat hulle weer in 'n ander gedaante gebore sou word.[32)]

Die Brahmane is gewoonlik ligkleurige Indiërs met 'n lang, skraal liggaamsbou, goed gevormde lippe en neus en 'n hoë voorkop.[33)] Hoewel die Brahmane in tien klasse verdeel kan word, waarvan vyf klasse teen die einde van die 19de eeu in die suide woonagtig was, was

---

26) Stein, Z.A. A History of Indian Settlement in Natal, from 1870 to 1893. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. van Kaapstad, 1942, p. 42.
27) Hunter, op. cit., p. 109.
28) Meston, e.a., op cit., p. 165.
29) Hunter, op. cit., p. 94-95.
30) Meston. e.a., op cit., p. 165.
31) Hunter, op. cit., pp. 59, 96-97. Die Engelse spelling vir „Wessias" is „Vaissyas".
32) Ibid. Hoewel die Griek Magasthenes, wat in 302 v.C. aan die Ganges woonagtig was, ook nog, afgesien van gemelde hoofkastes, na drie ander stande, naamlik die ambagsmanne, inspekteurs en raadgewers van die koning, verwys, is laasgenoemde groeperings meer 'n verdere onderverdeling van die drie hoofkastes. So byvoorbeeld was die Brahmane eintlik ook maar die raadgewers van die koning (d.w.s. staatsmanne) en die Wessias het op hul beurt later tot groot Indiërbankiers ontwikkel (Meston e.a., op. cit., p. 166: Hunter, op. cit., p. 97).
33) Hunter, op. cit., p. 61.

hulle almal oorspronklik uit die noorde afkomstig. Elkeen van die tien klasse is feitlik 'n aparte nasie wat weer in byna tweeduisend stamme of kastes onderverdeel is.[34)]

Die Brahmane is die filosowe wat die grondslag vir die Hindoeïsme gelê het.[35)] Hindoeïsme was trouens aanvanklik as Brahmanisme bekend. Die Brahmane het nogtans die primitiewe diereverafgoding wat die inheemse bevolking beoefen het, in die Hindoeïsme opgeneem. Op dié taktvolle wyse het die Brahmane daarin geslaag om die meerderheid van die inboorlinge Hindoes te maak.[36)] Op soortgelyke wyse het hulle ook die Boeddhiste bearbei. Die argitektuur van die Boeddhiste is deur die Hindoes aanvaar om dit vir hulle makliker te maak om Hindoes te word.[37)] Dié beleid was so geslaagd dat die Boeddhisme na die 11de eeu as 'n populêre godsdiens in Indië verdwyn het.[38)]

Die Brahmanisme (later Hindoeïsme) is 'n ingewikkelde godsdiens, wat sedert ongeveer 700 n.C. bestaan en wat voorsiening maak vir aanbidding op verskillende vlakke na gelang van die kaste of stand waaraan die Indiërs behoort. Die ontwikkeldste vorm is die Siva-aanbidding, terwyl die Visjnoe-aanbidding weer onder die handelsklasse meer gewild is. Beide die Siva- en Visjnoe-aanbidders put hul leerstellinge uit die heilige boek van die Hindoes, bekend as die Veda.[39)]

Die Radjpoete (soldate) en Wessias (landbouers) is bronskleurig en het gewoonlik groot ledemate.[40)] Die emigrante van Noord-Indië was hoofsaaklik landbouers en hulle het aan die Wessias-kaste behoort. So bv. was een derde van die totale aantal emigrante in 1873 van die Wessias-kaste afkomstig, terwyl een sesde en een tiende onderskeidelik Brahmane en ambagsmanne was.[41)] Daarbenewens het 'n groot aantal welgestelde Indiërhandelaars wat tot die Wessias-kaste behoort het, self vir hul oortog na Natal betaal. Hul was vrye Indiërs en het 'n ander taal as die landbouers van dieselfde kaste gebesig, naamlik Goedjarati.[42)] Daar het 'n geringe aantal van die Radjpoet-kaste na Natal geëmigreer, aangesien die Britse regering nie daarvoor te

---

34) Ibid, p. 96
35) Ibid, p. 100
36) Ibid, pp. 50, 100
37) Ibid, p. 99
38) Meston e.a., op cit., pp. 165-166.
39) Hunter, op, cit., pp. 104-107. Siva is die groot Hindoe-afgod en het 'n tweërlei eienskap, naamlik die simbool van die vrugbare Ganges op sy kop en die bul in die nabyheid van hom, terwyl die nie-Ariese begrippe gekarakteriseer word deur die halssnoer van kopbene, 'n kraag van kronkelende slange en 'n tiervel. Onder die hoë kastes het Siva se vrou 'n ander naam as onder die laer kastes gehad. Daar is altesaam dertien verskillende Sivaanse sektes (Hunter, op. cit., pp. 100-102). Die Visjnoeïete is hoofsaaklik van Bengale en Orissa in Noord-Indië en Mysore in Suid-Indië afkomstig. Hul heilige plek is in Noord-Indië te Benares (Hunter, op. cit., p. 104).
40) Ibid, p. 61.
41) GH 21, 388: Koloniale Kantoor aan Luitenant-goewerneur, d.d. 18/12/1873. Een derde van die Kalkutta-emigrante het tot die Wessias-kaste behoort
42) Stein, op. cit., p.42.

vinde was dat Indiërsoldate Natal toe moes kom nie.[43]

Die Ariese rasse het dus sowel in die Noorde as in die suide, maar oorwegend in die noorde van Indië, ingedring en met die inboorlinge van nie-Ariese afkoms vermeng geraak. Hierdie rassevermenging het die grondslag gelê vir die latere Hindoe-bevolking wat ongeveer tagtig persent van die totale Indiërbevolking verteenwoordig.[44] Dieselfde persentasie Hindoes het ook, volgens die opname van 1873, vanaf Indië geëmigreer.[45]

Die Hindoeïsme is meer as slegs 'n godsdiens. Dit het die Ariese en nie-Ariese rasse van Indië sosiaal verenig.[46] Hoewel die verskillende kastes (waarvan daar ongeveer 3000 bestaan) selde ondertrou of saamwoon of-eet, is almal Hindoes.[47] So bv. is die Tamilsprekende Hindoebevolking van Suid-Indië (waarvan 'n groot aantal via Madras na Natal gekom het) die afstammelinge van 'n Brahmaanse vrou en 'n Soedraman ('n sekere Devendra).[48]

4. Die invloed van die Persies-Griekse invalle.

Afgesien van die vermenging tussen die Ariërs en die inheemse bevolking het die latere invalle van die Perse, Grieke, Boeddhiste, Mongole en Mohammedane nog verder bygedra om 'n besonder veelrassige Indië tot stand te bring. Die produk van hierdie vermenging is tot mindere of meerdere mate gedeeltelik ook onder die Indiëremigrante na Natal te bespeur. Dit is van belang om te weet in watter mate en waar die vermenging plaasgevind het sodat by benadering bepaal kan word in watter mate die emigrante wat na Natal gekom het, deur bogemelde vermenging geraak is.

Die Perse het Indië vanaf die tyd van Alexander die Grote (327 v.C.) binnegeval.[49] Daarna het die Griekse invalle tot 100 v.C. voortgeduur.[50] Die Persies-Griekse invloed het egter slegs tot die noordwestelike deel en die Pandjab-gebied beperk gebly. Die invloed van die Griekse beeldhoukuns is duidelik sigbaar in die Hindoe-afgode, soos bv. die sontempel te Kanarak aan die Orissa-kus.[51] Aangesien byna die helfte van die totale Indiërbevolking van dié gebied afkomstig is, was daar vermoedelik 'n Persies-Griekse invloed op emigrante wat Natal toe gekom het.[52]

5: Die invloed van Boeddhisme.

Die bloeitydperk van die Boeddhisme in Indië was gedurende die

---

43) British Public Record Office, CO 179/133, Natal 3177: standpunte van A.A. Pearson, A.W. Hemming, R.G. Herbert, R. Courtney, asook Bramston aan Pearson, d.d. 13/3/1880.
44) Hunter, op. cit., p. 109.
45) GH 21, 388: Koloniale Kantoor aan Luitenant-goewerneur, d.d. 18/12/1873.
46) Hunter, op. cit., p. 96
47) Ibid, p. 97.
48) Ibid, p. 160; Stein, op. cit., p. 42.
49) Meston, e.a., op. cit., p. 166.
50) Hunter, op. cit., pp. 85-89.
51) Meston e.a., op.cit., p. 167.
52) II. 11/1/25, 324/1885: Returns for Commission, 1885.

regeringstyd van Asoka (264-227 v.C.) maar dié godsdiens het reeds in die vyfde eeu voor Christus in Noord-Indië ontstaan. [53] Boeddhisme het geleidelik oor die hele Indië veld gewen, veral onder die inheemse bevolking, maar teen 1000 n.C. het die Hindoeïsme die oorhand verkry en het Boeddhisme feitlik geheel en al van die Indiese toneel verdwyn. [54] In 1767 het die Hindoes ook Nepal (naby Kalkutta) binnegedring en die inwoners aldaar, wat feitlik almal Boeddhiste van Indo-Tibetaanse afkoms was, onderwerp. [55]

Hindoeïsme is egter in 'n baie groot mate deur Boeddhisme beïnvloed. Die Hindoeïsme is eintlik 'n samesmelting van die leerstellinge van die Veda met dié van Boeddha en die primitiewe diereverafgoding van die inheemse bevolking.

Die godsdienstige lewe van die Hindoe-Visjnoeïete (veral in Bengale langs Birma) is oorheers deur die ou reëls wat deur Boeddha neergelê is. In Orissa is daar ook Hindoe-gebruike wat van die Boeddhiste afkomstig is. [56]

In die tyd toe Indiër-immigrante in Natal aangekom het, was daar slegs 136,000 suiwer Boeddhiste in Bengale langs die Birma-grens aanwesig. [57] Die moontlikheid dat 'n noemenswaardige aantal suiwer Boeddhiste Natal toe sou kom, was dus uiters gering.

6. Die invloed van die Mongoolse invalle.

Die Mongole van Sentraal-Asië, 'n ras soortgelyk aan die Chinese, het Wes-Indië oorspronklik gedurende 126 v.C. tot 400 n.C. binnegedring. Hulle was hoofsaaklik skaapwagters en vee-oppassers. [58] Hulle het 'n primitiewe godsdiens beoefen wat bestaan het uit die verering van stompe hout, stukke klip, bome en veral slange. Hierdie gebruike het nog in Bengale voorgekom toe in 1888 sowat 100 tot 400 uit elke miljoen inwoners jaarliks uit dié gebied geëmigreer het, onder andere ook na Natal. [59]

Die Hunne, wat ook Mongole was, het die hele Indië gedurende die 5de en 6de eeu na Christus in groot getalle binnegedring en het later die Hindoeïsme aanvaar. [60]

---

53) Meston, e.a., op. cit., pp. 165-166.
54) Ibid. Kyk ook hierbo, p. 6.
55) Hunter, op. cit., p. 201.
56) Ibid, pp. 98-99.
57) Ibid, p. 83.
58) Meston e.a., op. cit., p. 167
59) Hunter, op. cit., p. 99; II. 11/1/50, 961/1889: Annual Report on Emigration from the Port of Calcutta to British and Foreign Colonies, 1888, pp. 6-7.
60) Meston e.a., op.cit., p. 166.

Die eerste Mongole het weldra met die Ariërs van Indië vermeng geraak. Hul afstammelinge is veral onder die Marattas ('n verenigde groep Hindoe-gemeenskappe) ten suide van Bombaai en in Goedjarati (ten noorde van Bombaai) aanwesig, terwyl die Hunne hoofsaaklik by die Radjpoetekaste opgeneem is. [61)]

Die eerste Mongole was die voorlopers van 'n horde wat later, gedurende die middeleeue, onder leiding van Jenkes Khan en Timoer Noord-Indië geplunder het. [62)] Vanaf die 16de eeu het die Mongole 'n groot ryk in Indië opgebou. Hulle het gevolglik ook deur vermenging 'n groot invloed op die Indiërs uitgeoefen. Een van die Mongoolse leiers, Shah Jahan, het die bekende Taj Mahal te Agra gebou, wat bewys lewer van die hoë peil van Mongoolse boukuns in Indië. [63)]

Hoewel die Mongoolse Ryk in naam tot in die 19de eeu bly voortbestaan het, was die mag van die Mongole reeds gebreek toe die Engelse Indië gedurende die 18de en 19de eeu verower het. [64)] Die suiwer Mongoolse afstammelinge het hulle later veral in Assam en teen die hange van die Himalajas gevestig. [65)]

Dit is moeilik om presies te bepaal in watter mate Mongoolse bloed in die are van Natalse Indiërs vloei, maar dat baie van hulle, wat van Madras en Kalkutta gekom het, van Mongoolse afkoms is, is gewis. [66)]

7. Die invloed van die Mohammedaanse invalle.

Die Arabiere was die eerste Mohammedane wat Indië gedurende die sewende eeu langs die kus van Bombaai binnegedring en met die Indiërs verbaster geraak het. [67)] Die sogenaamde „Arabiese handelaars" wat Natal veral ná 1880 op eie inisiatief binnegekom het, was in 'n groot mate die nageslag van bogemelde stamvaders en dit was veral hierdie groep Indiërs wat later die leiding van die Indiërgemeenskap in Natal oorgeneem het. [68)]

Dit was egter die invalle van die Mohammedane van Afganistan, veral dié van Mamoed in 1025 n.C., wat die Mohammedanisme in Noord-Indië, meer bepaald die Pandjab-provinsie, verstewig het. [69)]

---

61) Ibid, pp. 157, 168.
62) Ibid, p. 169.
63) Ibid, pp. 170-171.
64) Hunter, op. cit., pp. 154-155.
65) Meston e.a., op.cit., p.157.
66) Dit moet toegeskryf word aan die feit dat die Mongole etlike eeue beheer oor Indië uitgeoefen het.
67) Hunter, op. cit., pp. 110-111.
68) Thompson, L.M. Indian Immigration into Natal, 1860-1872 (In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1952, Deel II, p. 69)
69) Hunter, op.cit., pp. 109-110; Meston e.a., op.cit., p.169.

Vanaf die 14de tot die 16de eeu het Mohammedaanse heersers die Radjpoet-soldate na Radjpoetana in Wes-Indië verdryf en oor die grootste deel van Indië, veral Bengale, beheer verkry. [70] In die noordweste van Indië is ongeveer 'n derde van die bevolking Mohammedaans, terwyl die meerderheid van die inheemse bevolking aan die Gangesvallei en in Laer-Bengale ook tot die Islam bekeer is. [71] Teen 1890 toe Indiër-immigrante reeds op groot skaal in Natal aangekom het, was 57 miljoen uit 'n totale Indiërbevolking van 288 miljoen Mohammedaans. [72] Volgens 'n opname van 1873 blyk dit dat een vyfde van alle emigrante wat van Kalkutta verskeep is, Mohammedaans was. [73]

In Suid-Indië het die Mohammedanisme beperk gebly tot die gebiede Mysore en Haiderabad. [74] Dit was veral die vegvermoë van die gekombineerde laer Hindoe-kastes en die staatsmanskap van die Brahmane wat die Mohammedaanse uitbreiding gekortwiek het. [75]

Die Engelse het ook in 1799, met die hulp van die Hindoes, die laaste Mohammedaanse vestings in die suide verower. [76] Nogtans het die Engelse voorkom dat Mohammedanisme geheel en al in die suide verdwyn. [77] Natalse immigrante wat van Madras verskeep was, het dus nog 'n klein persentasie Mohammedane ingesluit.

8. <u>Die invloed van die Westerse lande se verowerings.</u>

Dit is te betwyfel of die Hollanders en Franse wat hulle gedurende die 17de en 18de eeue op Indiese bodem gevestig het, enige noemenswaardige uitwerking op die Indiër-immigrante van Natal gehad het. Hierdie nasies se houvas op Indië was te kortstondig om van blywende waarde te kon wees. [78]

Die emigrante van die Malabarkus, wat Natal aan die begin van die twintigste eeu binnegekom het, kon wel Portugese bloed gehad het omdat Portugese hulle gedurende die 16de eeu langs die Malabarkus (met Goa as hoofstad) gevestig het. [79] Hulle kon moeilik in Natal aanpas en het op so 'n groot skaal selfmoord gepleeg dat die Natalse regering dit oorweeg het om alle emigrasie van daar af stop te sit. [80]

---

70) Meston e.a., op. cit., p. 170
71) Ibid, p. 169
72) Hunter, op. cit., p. 109
73) G.H. 21, 388: Koloniale Kantoor aan Luitenant-goewerneur, d.d. 18/12/1873.
74) Hunter, op. cit., pp. 191, 195.
75) Ibid, p. 113.
76) Ibid. p. 196.
77) Ibid, pp. 112-113.
78) Ibid, pp. 166-168, 177-183.
79) Meston e.a., op. cit. p 171.
80) Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1902.

Die Engelse kolonisasie van Indië was blywender as dié van die ander Westerse moondhede. Reeds meer as 'n eeu voordat die Indiër-emigrasie na Natal 'n aanvang geneem het, het die Engelse met die verowering van Indië begin. Teen 1860, toe die emigrasie na Natal begin het, was feitlik die hele Indië in Britse hande. Daar was geen proses van bloedvermenging tussen die Engelse en die Indiërs nie, maar die Indiërbevolking is geleidelik geangliseer.[81] Bewys daarvan is bv. die Indiërhandelaars in Natal wat Engels goed magtig was juis vanweë die Engelse opvoeding wat hulle in Indië geniet het.[82] Hierdie omstandighede het dit vir baie van die ongeskoolde kontrakarbeiders moontlik gemaak om hul weg in Brits-Natal te vind deur middel van hul medelandgenote wat reeds in Indië 'n Engelse opvoeding verwerf het.

9. Die emigrante van Mauritius.

Afgesien van Indië self, het daar ook vanaf 1876 tot 1878 'n klein aantal Indiërs (sowat 800) van Mauritius na Natal gekom, maar hul getalle was te gering om 'n wesenlike invloed uit te oefen. Aangesien hulle hul in Natal aan dronkenskap skuldig gemaak het (baie van hulle was misdadigers van Mauritius) is dié tipe immigrasie gestaak.[83]

10. Die emigrante se ervaring van die suikerbedryf in Indië.

Gedurende die tyd toe die emigrasie van Indiërs na Natal plaasgevind het, is suikerriet veral in die noordelike provinsies Agra en Oudh verbou.[84] Die groot aantal emigrante wat van Oudh geëmigreer het (jaarliks ongeveer 100 tot 400 uit elke miljoen inwoners) is 'n bewys dat die Indiër-emigrante vertroud behoort te gewees het met die verbouing van suiker voor hul aankoms in Natal.[85] So ook was die emigrante wat van Madras verskeep is, vertroud daarmee, aangesien daar ook in Suid-Indië suikerriet verbou is.[86]

11. Samevatting.

Die Indiër-emigrante wat Natal toe gekom het, was 'n ingewikkeld vermengde rassegroep soos feitlik nêrens anders ter wêreld 'n parellelle geval te vind is nie, altans nie op so 'n groot skaal nie. Hulle het 'n

81) Hunter, op. cit., pp. 171-237.
82) Ibid, pp. 204, 206-207, 214-215, 234.
83) II, II/1/1A, R177/1876: Koloniale Sekretaris aan Beskermer van Indiër-immigrante, d.d. 25/1/1876; II, II/1/1A, R198/1876: A. Browning aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/1/1876; II, II/1/1A, R211/1876: Snell en Maatskappy, Agente vir kapt. Walker, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/1/1876; II, II/1/4, 252/1878: Verslag van Beskermer van Indiër-immigrante, d.d. 18/2/1878; II, II/1/4, 227/1878: Beskermer van Indiër-immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/2/1878; II, II/1/5, 930/1878: Wythes en Jackson aan Beskermer van Indiër-immigrante, d.d. 1/8/1878.
84) Meston e.a., op. cit., p.203B.
85) II, II/1/50, 961/1889: Annual Report on Emigration from the Port of Calcutta to British and Foreign Colonies, 1888, pp. 6-7.
86) Hunter, op. cit., p.27.

vermenging van swart, geel en wit rasse verteenwoordig. Die noordelike bevolking het 'n meer Ariese karakter, hoewel vermeng met inheemse, Mongoolse en Mohammedaanse bloed, terwyl die suidelike bevolking in hoofsaak 'n Driviaans-Mongoolse vermenging is wat met verloop van eeue teen 'n stadige tempo verder met die bevolking van die Noorde vermeng het. Aangesien die noordelike bewoners, aangehelp deur die nabygeleë Ganges en Indus, die landbou baie meer intensief beoefen het as hul landgenote in die suide, was hul liggaamsbou gevolglik sterker. Daarby het die rasseverskille ook meegebring dat die noordelike bewoners groter as hul suidelike landgenote was.

Dit is dus begryplik dat die Natalse suikerkwekers aanvanklik die emigrante van Kalkutta bo dié van Madras sou verkies, maar dat hulle geleidelik van sienswyse verander het toe dit geblyk het dat die Madras-emigrante hulle by Natalse klimaatsomstandighede aangepas het. Om te voorkom dat die immigrante gemene saak teen die blankes van Natal sou maak, is die beleid gevolg om die emigrante van twee verskillende dele wat ingrypend van mekaar verskil, te verkry. Die Indiër-immigrante van Natal was dus goed verteenwoordigend van die hele Indië, maar meer bepaald van die noordelike en suidelike gebiede.

Die emigrante het hoofsaaklik twee godsdienste, naamlik die Hindoeïsme en die Mohammedanisme, aangehang. Die groot meerderheid (ongeveer 80 persent) was Hindoes, wat aan 'n paar duisend verskillende kastes behoort het. Aangesien die Indiër-emigrante hoofsaaklik vir landboudoeleindes na Natal moes kom, is die meeste emigrante dan ook getrek uit dié gedeelte van die Indiërbevolking wat algemeen as die Wessias-kaste (of landbouers) bekend is. Nogtans was die getal Indiërs van die hoër kastes (die Brahmane) wat geëmigreer het, besonder hoog as in aanmerking geneem word dat die Brahmane eintlik die priesters en staatsmanne was. Moontlik het toestande in Indië (soos hongersnood en siektes) in noue verband met hul koms gestaan. Dit was ook laasgenoemde toestande wat meegewerk het dat so 'n groot persentasie (sowat 40%) van die laagste kastes na Natal verhuis het. Hierdie groot aantal Indiërs van twyfelagtige karakter het die Natalse owerheid groot hoofbrekens besorg.

Die angel van die vraagstuk was egter die koms van die sogenaamde „Arabiese" handelaars, wat op die voetspore van hul minder gegoede landgenote gevolg het, met die uitsluitlike doel om met hulle handel te dryf. Hulle het self vir hul oortog betaal en as Britse onderdane kon hul nie Natal belet word nie. Dit was hulle wat die meeste van die latere agitasies teen die Natalse regering op tou gesit het.

Hoe dit gekom het dat Natal daarin geslaag het om in 1860 sy eerste Indiër-immigrante te bekom en hoekom die eerste immigrasieskema gestaak en weer in 1874 deur 'n tweede skema opgevolg is, is aangeleenthede wat hoofsaaklik deur die Britse regering en die Natalse politiek beïnvloed is en word dus in hoofstukke 4 en 5 behandel. Voordat die emigrante in Natal aangekom het, is hulle eers in Indië gewerf. Aan hierdie werwingstelsel moet nou eers aandag gegee word.

# REQUISITION.

I, the undersigned, Requisitionist, request the Protector of Immigrants to take the steps required by Law for obtaining from Calc Two (2) male & Two female ~~male~~ Immigrants, as labourers & servants on the Harden Heights Estate in the County of Umvoti, Natal.

I undertake to give each Immigrant who shall engage with me in virtue of this Requisition the wages and allowances fixed by the Government scale in force at the time of the engagement.

The said wages shall be paid in money monthly

Proper lodging and medical care shall be furnished by me to the said Immigrants.

Dated at Harden Heights, this Sixteenth day of August, 1883.

Hugh L. Garbutt
Requisitionist.

The above Requisition has been received by me this ______ day of ______, 188 .

Protector of Immigrants.

# HOOFSTUK 2

## DIE WERWING VAN DIE EMIGRANTE

1. Instansies wat met die werwing gemoeid was.

Voordat nadere aandag aan die werwingstelsel as sodanig gegee word, is dit nodig om eers, uit die oogpunt van Natal, te verduidelik wie die sleutelfigure in die stelsel was. In die eerste plek was daar in Natal self die Beskermer van Immigrante, 'n betrekking waarvoor deur Wet 12/1872 voorsiening gemaak is. Die Beskermer van Immigrante se plig was om die aansoeke om Indiër-immigrante, of liewer kontrakarbeiders, van die Natalse koloniste te ontvang. Die Natalse suikerkwekers moes die volgende besonderhede in hul rekwisisievorms verstrek: 1) die getal immigrante wat verlang word en van watter presidentskap (Madras of Kalkutta) in Indië hulle afkomstig moes wees; 2) die doel en aard van die werk wat hul moes kom verrig; en 3) die lone en rantsoene wat hulle sou ontvang.[1)]

Die Beskermer van Immigrante moes die gemelde aansoeke stuur na 'n emigrasieagent, 'n verteenwoordiger wat die Britse Minister van Kolonies in oorlegpleging met die Natalse Beskermer van Immigrante by elk van die Indiese emigrasiehawens (Madras en Kalkutta) aangestel het om die kontrakarbeiders ten behoewe van Natal in Indië te werf.[2)] In 1874 is 'n Trustraad (Indian Immigration Trust Board) deur die Natalse Wet nr. 20 in die lewe geroep om die Indiër-immigrasieskema vir Natal te beheer, veral die finansiële sy van die saak. Die Natalse Beskermer het opgetree as die Trustraad se uitvoerende beampte, veral insake die korrespondensie met die Natalse emigrasie-agente in Indië.

2. Die wyse waarop die werwing van emigrante in Indië geskied het.

Die werwingstelsel wat Natal vanaf 1874 (toe die tweede emigrasie-skema 'n aanvang geneem het) in Indië toegepas het, is eintlik grotendeels deur emigrasiewet (Wet 7) van Indië (1871) voorgeskryf. Deur hierdie wet het die Indiese regering voorsiening gemaak vir Beskermers van Emigrante te Madras, Kalkutta en Bombaai, wat deur die Indiese regering aangestel en besoldig is. Hul vernaamste pligte was om

---

1) The Natal Mercury, d.d. 17/3/1874. 'n Voorbeeld van 'n rekwisisievorm verskyn aan die linkerkant van hierdie bladsy.

2) CSO 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909; II, II/1/20, 932/1884: die verslag van Prokureur-generaal, d.d. 30/6/1884. Kyk ook brief van Koloniale Sekretaris aan Voorsitter van Trustraad, d.d. 8/7/1884. Meer besonderhede aangaande beide die Trustraad en die Beskermer se funksies is in Hoofstuk 12 te vinde.

toesig te hou oor die bedrywighede van die emigrasieagente en werwers, asook om na die algemene welstand van die emigrante wat in die depots by die Indiese hawens gewag het om verskeep te word, om te sien. Elke stap, van die oomblik dat die voornemende emigrant opgespoor is totdat hy in Natal aangekom het, is op die een of ander wyse deur die emigrasiewet beïnvloed, terwyl Natal ook daardeur in staat gestel is om emigrasiekantore eers te Kalkutta (vanaf 1875) en later te Madras (vanaf 1877) te open. Die emigrasiekantore is deur die emigrasieagente van Natal beheer.[3]

Die emigrasieagent het, afgesien van die hoof-depot waarvandaan die voornemende emigrante na Natal verskeep is, ook sub-depots in die lewe geroep. Die sub-depots, waarvan aan die begin van hierdie eeu sowat dertig in Indië was, is beheer deur subagente wat deur die emigrasieagent aangestel is, gewoonlik inheemse Jode, Mohammedane of Hindoes wat oor 'n klein bietjie kapitaal beskik het.[4]

Elke subagent het sy eie werwers aangestel. Die werwers was gewoonlik van inheemse afkoms en goed bekend met die distrik waar hulle sou werk. Voordat 'n werwer 'n werwingslisensie van die Beskermer van Emigrante kon verkry, moes hy 'n „goeie karakter"-sertifikaat van die magistraat uit die distrik waar hy sou gaan werf, voorlê.[5] Sonder 'n werwingslisensie het 'n werwer hom aan vervolging blootgestel.

Aan die begin van die twintigste eeu was daar altesaam ongeveer seshonderd werwers in Indië, feitlik almal verbonde aan verskillende wedywerende agentskappe.[6] In 1877 was daar sewe Britse, een Hollandse en twee Franse kolonies wat met mekaar gewedywer het om Indiër-immigrante te verkry. Hierdie kolonies het elk hul eie werwingstelsel met 'n emigrasieagent in beheer gehad. Die emigrasieagente van die kolonies moes ook wedywer teen sekere instansies in Indië self wat werwers aangestel het om Indiër-arbeiders vir hul betrokke bedrywe in Indië te verkry. Die werwers van Assam, die groot teegebied in Indië, het bv. meer arbeiders as al die emigrasieagente van die kolonies tesaam gewerf, aangesien die arbeiders aldaar slegs aan 'n driejaarkontrak gebonde was en op Indiese grondgebied kon bly.[7]

---

3) GH 24, 181: Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, Natal, d.d. 20/2/1876; GH 27, nr. 475: Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, Natal, d.d. 15/11/1877; II, II/1/4, 645/1878: Firth, Natalse Emigrasieagent, Kalkutta, aan G. Ross, Natalse Emigrasieagent, Madras, d.d. 4/3/1878; The Natal Mercury, d.d. 21/1/1876 en 31/10/1876.

4) C S O 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909.

5) Ibid.

6) Ibid.

7) II, II/1/3, R387/1877: C. Reeves, 'n kaptein van een van die emigranteskepe, aan Beskermer, d.d. 23/5/1877.

Daar was egter 'n aantal werwers wat nie aan 'n bepaalde agentskap verbonde was nie, wat dikwels een agentskap teen die ander uitgespeel het om hoër pryse af te dwing. So bv. het 'n werwer in 1878 gepoog om van £5 tot £7 vir elke gewerfde emigrant van die Natalse Kalkutta-agent te verkry onder voorwendsel dat die agentskap van Surinam bereid was om dit te betaal. Die Natalse agent het egter geweier om meer as £1 per hoof plus spoorwegreisgeld te betaal en die werwer was uiteindelik verplig om die lae bedrag te aanvaar. Nogtans het die lae pryse wat Natal betaal het, veroorsaak dat die werwers slegs vir Natal gewerf het wanneer hulle geen ander noemenswaardige taak te vervul gehad het nie.[8)]

Die Indiese regering het periodiek strenger maatreëls getref om ongeoorloofde werwingsmetodes te voorkom. So bv. is in 1880 aan magistrate opdrag gegee dat jeugdiges onder die ouderdom van agtien jaar slegs gewerf kon word indien hulle vergesel was van bloedverwante of geskikte voogde. Dit is ook in 1880 bepaal dat vroue wat wou emigreer, hulle eers aan 'n polisie-ondersoek moes onderwerp sodat vasgestel kon word of die betrokke vroue se huweliksverpligtinge hulle wel toelaat om te emigreer.[9)] Die polisie was egter berug vir korrupsie wat onder hul geledere geheers het - „their object was to be paid for allowing the coolies to pass."[10)] Ook wat emigrantekinders betref, het sekere ongeoorloofde praktyke plaasgevind. Volgens die wette van Indië is 'n kind van tien jaar vir emigrasiedoeleindes as 'n volwasse persoon beskou. Nogtans het dit soms voorgekom dat kinders onder tien jaar in die registers as ouer as tien jaar aangeteken is sodat werwers hul volle kommissie ook vir sulke kinders kon eis. In gevalle waar die ouderdomme van sulke kinders later betwis is, het die Natalse Madras-agentskap die senior depot-geneesheer, 'n Indiese amptenaar wat na die welsyn van die voornemende immigrante by die hoofdepot te Madras moes omsien, opgedra om te beslis wat die ouderdomme van sulke kinders behoort te wees.[11)]

---

8) II, II/1/5, 1337/1878: J. Caldwell, Natalse Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 15/9/1878.

9) II, II/1/7, 1272/1880: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 16/10/1880.

10) II, II/1/10, 478/1882: Verslag van byeenkoms van emigrasie-agente te Kalkutta, d.d. 24/2/1882. Indien die betrokke korrupsiegeld nie betaal is nie, het die polisie die voornemende emigrante hardhandig behandel, met die gevolg dat die emigrante gevlug het.

11) II, II/1/20, 1023/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer van Immigrante, d.d. 23/6/1884. Die senior depot-geneesheer is deur die Natalse agentskap vir sy professionele advies besoldig.

Die Natalse Hooggeregshof het egter nie kinders van tussen tien en vyftien jaar as volwassenes beskou nie, omdat hulle nie verplig kon word om te werk nie. Gevolglik het die Beskermer van Immigrante in 1904 opdrag gegee dat 'n spesiale kontrak vir sulke kinders opgestel moes word met die toestemming van hulle ouers of voogde.[12)]

Die Natalse regering het getrag om die voornemende emigrante met besonderhede van die Natalse emigrasieskema vertroud te maak deur middel van gedrukte kennisgewings, waarin alle besonderhede verstrek is, wat deur die Natalse agente onder die subagente en werwers versprei is. Die werwers het dan weer op hul beurt die inligting aan die voornemende emigrante oorgedra. As voorbeeld van sulke besonderhede kan dié wat in 1874 deur die Natalse Kalkutta-agent aan voornemende emigrante uitgereik is, genoem word. Daarin is onder andere vermeld dat emigrante gratis sou reis, vry mediese behandeling en medisyne in die depots, op reis en op die Natalse plantasies sou ontvang, godsdiensvryheid sou geniet en in Natal van 'n vry oortog na Indië voorsien sou word.[13)]

Na voltooiing van die emigrante se dienstermyn van vyf jaar, kon hulle op eie koste na Indië terugkeer, maar 'n vry oortog na Indië sou eers deur die Natalse regering toegestaan word na 'n dienstermyn van tien jaar. Na die aanname van Wet nr. 17 van 1895 kon hul egter 'n vry oortog ontvang onmiddellik nadat die kontrakperiode van vyf jaar verstreke was.

Volledige besonderhede is ook verstrek aangaande die werk wat die emigrante in Natal moes gaan doen, die voedselrantsoene en die lone wat hulle sou ontvang. Daar is bv. beklemtoon dat hulle vir 'n periode van vyf jaar moes help met die verbouing van suiker op die plantasies, dat 'n sesdaagse werksweek (Sondae en vakansiedae uitgesluit) en 'n werksdag van nege uur tussen sonop en sononder sou geld.

Nadat bogemelde besonderhede aan die voornemende emigrant verduidelik is, moes die werwer hom na die plaaslike sub-depot

---

12) II, II/3/31: Boekdeel 1, pp. 40-41: Beskermer van Immigrante aan Prokureurs van die Trustraad, d.d. 9/3/1904.

13) II, II/1/6, 549/1880: Kennisgewing Immigrasiedepartement. Die voedselrantsoene en die lone was soos volg: (a) 1½ lb. rys daagliks, of in plaas daarvan 2 lb. mieliemeel 3 dae per week; (b) 2 lb. dohl per maand; (c) 2 lb. soutvis per maand; (d) 1 lb. ghee of olie per maand; en (e) 1 lb. sout per maand. Lone: Rs 5 maandeliks, eerste jaar (die waarde van die roepee in sterling het geleidelik van 1s.6d. in 1887 tot 1s.2 3/4d. in 1894 gedaal, maar teen 1898 was daar weer 'n effense opwaartse neiging tot 1s.3 1/4d.) met 'n jaarlikse inkrement van Rs ½ maandeliks tot 'n maksimum loon van Rs 7 per maand gedurende die laaste (vyfde) jaar. Vrouens het halfbetaling gekry en kinders na verhouding van hul diensbaarheid (GH 59, 953: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 22/1/1887; II, II/3/21: Boek 1, p.340: Beskermer aan Emigrasieagent Madras, d.d. 13/10/1894: II, II/1/88, I 513/1898: Sekretaris, Trust Raad aan Koloniale Sekretaris, d.d. 7/4/1898. In 1877 was die waarde van die roepee 1s. 9d. (II, II/1/2, R53/1877)

# Conditions of Service.

*Period of Service.*
Five years.

*Nature of Labor.*
Agriculture.

*Number of days in which the Emigrant is required to work in each week.*
Six days in the week, Sundays and Holidays excepted.

*Number of hours in each day during which the Emigrant is required to labor without extra remuneration.*
Nine hours between sunrise and sunset.

*Monthly or daily wages or task work rates.*

Besides free rations

For men of 18 and upwards minimum rate as follows:—

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| First year | 10 shillings monthly equal to | Rs. | 8 | 0 | 0. |
| Second „ | 11 | „ „ „ | | 9 | 0 | 0. |
| Third „ | 12 | „ „ „ | | 10 | 0 | 0. |
| Fourth „ | 13 | „ „ „ | | 11 | 0 | 0. |
| Fifth „ | 14 | „ „ „ | | 12 | 0 | 0. |

The women are paid half wages & minors in proportion.

*Other conditions if any.*

Free house to live in and medical attendance.

Ration for an adult as mentioned below.

1½ lbs. (4½ ollocks) of rice daily, or for 3 days in the week, in lieu of rice, 2 lbs. (5⅓ ollocks) of maize meal.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Doll | 2 lbs. (5⅓ „ ) | per month. |
| Salt | 1 lb. ([illegible] „ ) | „ |
| Salt fish | 2 lbs. (26⅔ polls.) | „ |
| Ghee or oil | 1 lb (13⅓ „ ) | „ |

Immigrants under 12 years of age will receive three-fourths of the above rations.

*Conditions as to residence in Natal and return Passages to India.*

The Emigrant shall be entitled to a free return passage to India after having completed a residence of five years in Natal of industrial service under indenture. The Emigrant shall not leave Natal without a written license, no license to leave the Colony shall be granted to any Emigrant who has not completed five years residence in Natal unless under a written order of the Indian Immigration Trust Board for his or her return to India.

After the expiration or other determination of the contract the Emigrant shall either return to India or remain in Natal under indentures to be from time to time entered into: Provided that each term of new indentured service shall be for two years. And provided further, that the rate of wages for each year of indentured service after that provided by this contract shall be 16s. per month for the first year, 17s. per month for the second year, 18s. per month for the third year, 19s. per month for the fourth year, and 20s. per month for the fifth and each succeeding year.

Every Indian desiring to return to India on the expiry of the first or any subsequent period of his service under any contract of indenture or re-indenture entered into under the Laws for the time being in force, shall be provided by the Indian Immigration Trust Board with a free passage to India.

Any Indian Immigrant who may have entered into the covenant set out in Section 2 of this Act, shall be at liberty, subject to the approval of the Protector of Indian Immigrants, to choose the employer to whom he shall be indentured after his first term of service and for the purpose of making such choice the Indian Immigrant shall be entitled to a pass for one month, to be issued by his last Employer or should the Employer refuse such pass, then by the Magistrate of the District.

During all the period of re-indenture each Indian Immigrant entering into such further indenture shall have all the rights and privileges which he had during his first term of indenture.

Every indentured Indian who shall have entered into the covenant set out in Section 2 of this Act, and who shall fail, neglect, or refuse to return to India or to become re-indentured in Natal shall take out year by year a pass or license to remain in the Colony to be issued by the Magistrate of his District, and shall pay for such pass or license a yearly sum of Three Pounds Sterling.

कब तक काम करना होगा ।

पाँच बरस ।

क्या काम करना होगा ।

खेती बारी ।

हफ्ते में कितने दिन कुली को काम करना होगा ।

हफ्ता में छः दिन इतवार और छुट्टी के दिनों को छोड़ के ।

बिना ऊपरी मजूरी के दिन में कितने घण्टे कुली को काम करना होगा ।

नौ घण्टे सूर्य्य के उदय और अस्त होने के बीच में

दर माहवारी या दिन दिन के मेहनताना का या ठुको काम का ।

रोज का खाना छोड़ के १८ बरस व और उस का ऊपर के मर्दों को कम से कम नीचे लिखे हुए दर से मिलेगा ॥

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | रुपैया | आना | पाई |
| पहिले साल | १० | सिलिंग माहवारी, | बराबर | ८ | ० | ० |
| दूसरे साल | ११ | ,, | ,, | ९ | ० | ० |
| तीसरे साल | १२ | ,, | ,, | १० | ० | ० |

کب تک کام کرنا ہوگا

پانچ برس

کیا کام کرنا ہوگا

کاشتکاری

ہفتہ میں کتنے دن قلي کو کام کرنا ہوگا

ہفتہ میں چھہ روز اتوار اور چھٹي کے روزون کو چھوڑ کے ۔

بلا اوپري مہنتانہ کے دن میں کتنے گھنٹے قلي کو کام کرنا ہوگا

نو گھنٹے آفتاب کی طلوع اور غروب ہونیکے اندر میں ۔

در ماهواري یا دن دنکے مہنتانہ کا یا چکتي کام کا

روز کے کہانے کے علاوہ اٹھارہ برس کے اور اوسکے اوپر کی مردونکو کم سے کم نیچے لکھی ہوے در سے ملیگا ۔

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | روپیہ | آنا | پائي |
| پہلے سال | ۱۰ | شلنگ ماهواري برابر | | ۸ | ۰ | ۰ |
| دوسرے سال | ۱۱ | ایضا | ایضا | ۹ | ۰ | ۰ |
| تیسرے سال | ۱۲ | ایضا | ایضا | ۱۰ | ۰ | ۰ |
| چوتھے سال | ۱۳ | ایضا | ایضا | ۱۱ | ۰ | ۰ |

औरतों को खाना तलब मिलता है और नाबालिगों को हिसाब बहा के

दूसरी शर्तें अगर हों।

सब रहने को और बीमार होने मे डाक्टर मुफ्त मिलेगा।

रोज का खाना बालिग का नीचे लिखे हिसाब मे मिलेगा।

चावल रोज डेढ़ पौण्ड (४ $\frac{1}{8}$ छटांक) या अपना मर्जी दिन चावल के बदले २ पौण्ड (५ $\frac{1}{2}$ छटांक) बाजरे का आटा।

| | | |
|---|---|---|
| दाल | २ पौण्ड (५ $\frac{1}{2}$ छटांक) माहवारी। | |
| निमक | १ पौण्ड (२ $\frac{3}{4}$ ,, ) | ,, |
| सूखा मच्छली | २ पौण्ड (२६ $\frac{3}{2}$ तोला ) | ,, |
| घी या तेल | १ पौण्ड (१३ $\frac{1}{3}$ तोला ) | ,, |

१२ बरस से नीचे का कुली ऊपर लिखे हुये रोज के खाना का तीन पौन हिस्सा पायगा

## सब नेटाल में रहने कि शर्त और हिन्दुस्तान वापस आने की शर्त

यह कुलि हिन्दुस्तान मे वापस आने का किराया मुफत पावेगा, जोकि नेटाल मे रहकर और इकरारनामाके मुताबिक काश्तकारिका काम करके पांच बरस पुरा करेगा। कोइ कुलि बिना एक लिखे हुये सनद के नेटाल नहि छाड़ सकेगा और कोइ कुलि को वैसा सनद नहि दिया जावेगा जोकि नेटाल मे रहकर पांच बरस नहि पुरा कर सका बगैर "इन्डियान इमिग्रेसन इष्टबोर्ड" का लिखे हुये हुकुमके नहि आने पावेगा।

इकरारनामाके सर्त पुरा होने के बाद यह कुलि इया हिन्दुस्तान मे लौट आवे इया फिर इकरारनामा देकर नेटाल मे रहे जाकि बराबर-व-बराबर देना पड़ेगा, दरहाल हरेक वैसा नवा इकरारनामा मुद्दत दो बरस के वास्ते होवेगा और बसर्त कि यह इकरारनामाके नोकरिके वास्ते इस निरिख मे माहाना मिलेगा कि पहला बरस (१६) सोला शिलिंग माहिनामे, दुसरा बरस (१७) सतर शिलिंग माहिनामे तिसरा बरस (१८) आठारा शिलिंग माहिनामे चौथा बरस (१९) उनैस शिलिंग माहिनामे और पांचोया बरस और इसके उपर हरेक बरस के वास्ते (२०) बिस शिलिंग करके माहिनामे तलब मिलेगा।

[illegible] कोइ इकरारनामा जोकि कानून मुताबिक जारि हाय पुरा करके हिन्दुस्तान मे लौटना चाहे तो "इन्डियान इमिग्रेसन इष्टबोर्ड" उसको वापसि किराया मुफत देगा।

कोइ कुलि इस कानून के २ धाराके मुताबिक अगर इकरारनामा देवे तो उसको इजाजत मेलेगा मुबलाद "प्रटेकटर अफ इमिग्रान्ट" के राजि से, आपना मुनिब पसन्द करने को जथा कि वह इकरारनामा देवेगा बाद उसका पहला इकरारनामाके नौकरि पुरा होने से और वैसा पसन्द करने को लिये एक माहिना के वास्ते यह कुलि को एक "पास" दिया जावेगा, और वैसा "पास" उसका आगे का मुनिब देवेगा, अगर वह मुनिब देनेको इनकार करे तो जिला—"माजिसट्रेट" के पास मिलेगा।

फिर इकरारनामा देनेका पुरा समय हरेक कुलि जोकि वैसा इकरार फिर देवेगा तो उसको यहि पुरा इजाजत मिलेगा जैसा कि उसको पहला इकरारनामा के समय मिला था।

हरेक हिन्दुस्तान के कुलि जोकि इस कानूनके २ धारा के मुताबिक इकरारनामा दिया है अगर कोइ हिन्दुस्तान मे लौट जानेको इनकार करे [illegible] फिर इकरारनामा देनेको इनकार करे तो बरस बरस एक सनद लेना होगा नेटाल मे रहने को जोकि जिलाके माजिष्ट्रेट के पास मिलेगा और हरेक वैसा सनद के वास्ते ३ तिन पौण्ड करके बरस मे देना पड़ेगा।

علاوه شرطين اگر هون

لهورهلي كو اور بيمار هوني سى ڈاكٹر مفت مليگا ٠

روز كا كهانا بالغ كو نيچے لكهي حساب سى مليگا ٠

چاول روز ڈيڑھ پاونڈ ( ۳ $\frac{1}{8}$ الك ) يا حسب مرضی تين روز چاول كى بدلي ۲ پاوند ( ۵ $\frac{1}{2}$ الك ) باجرے كا آٹا ٠

دال ۲ پاوند ( ۵ $\frac{1}{2}$ الك ) ماهواري ٠

نمك ۱ پاوند ( ۲ $\frac{3}{4}$ ايضا ) ايضا ٠

سوكها مچهلي ۲ ايضا ( ۲۶ $\frac{3}{2}$ تول ) ايضا ٠

گهي يا تيل ۱ ايضا ( ۱۳ $\frac{1}{3}$ تول ) ايضا ٠

۱۲ برس سى نيچى كا قلي اوپر لكهى هوے روز كى كهانا كا تين حصه پاويگا ٠

## شرائط نيٹال مين رهنے اور وهانسے هندوستان واپس آنے کے لیٔے

اميگرنٹ يعنے قلي نيٹال مين پانچ برس تک رهے اور کام کاشتکاري موافق اقرار نامه کے کرنے سے هندوستان بلا محصول واپس آ سکتاهے ـ کوي اميگرنٹ يعنے قلي بغير تحريري لاسينس کے نيٹال سے نهين آ سکتا اور اميگرنٹ قلي بغيرپانچ برس کي خدمت ختم کئے هوئے لوٹ آنے کی اجازت نهين مليگي ـ تا وقتيکه ٹرسٹ بورڈ انڈين اميگريشن کا تحريري حکم واسطے واپس آنے هندوستان کے حاصل نه کيا هو ٠ مدت خدمت ختم هونے يا کوي رد وبدل هونے اقرارنامه کے قلي هندوستان لوٹ آوے خواه نيٹال مين به پيروي نئے اقرارنامه کے جب تک جي چاهے رهے اور هر ايک نئے اقرار نامه کي مدت دو برس کي هوگي اور يهه بهي شرط هے که پهلے اقرار نامه کے ميعاد گذرنے کے بعد پهر اقرارنامه لکهنے گا تو قلي کو تنخواه پهلے سال ۱۶ شلنگ ماهواري دوسرے سال ۱۷ شلنگ ماهواري [illegible] چوتهين سال اور اوسکے بعد هرسال ۲۰ شلنگ ماهواري کے حساب سے مليگا ـ هر ايک قلي باشنده هندوستان بعد ختم هونے پهلے اقرار نامه کے اوسکے بعد کے اقرار نامون کي موافق قانون اوس وقت کے بلا محصول هندوستان واپس آنيکے لئے انڈين اميگريشن ٹرسٹ بورڈ سے مستحق هوگا هر ايک قلي جو اس قانون کے سکشن ( ۲ ) کا پابند هوگا اوسکو پروٹکٹر آف اميگريشن کي مرضي کے مطابق اس بات کي آزادي رهيگي که وه اپنی مالک جسکے نئے اقرار نامه سے بعد گذرنے ميعاد پهلے اقرارنامه کے خدمت کرنا چاهے پسند کرے اور اوس پسند کيواسطے ايک مهينه کا پاس اپنے پهلے مالک سے ليوے اور اگر دينے سے انکار کرے تو ضلع کے مجسٹريٹ سے حاصل کرے ـ هر ايک قلي بعد ختم هونے پهلے اقرار نامه وهي حق دوسرے اقرار نامونمين قايم رهيگا جيسا که پهلے اقرارنامه مين تها ـ اگر کوي قلي جس نے اس قانون کے سکشن ( ۲ ) کے موافق اقرار نامه کيا هے هندوستان لوٹنا نه چاهے يا غفلت کرے يا بهول جاوے وهان رهکر دوسرا اقرار نامه نکرنا چاهے اوسکو کالوني مين رهنے کيواسطے هر سال ضلع کے مجسٹريٹ سے ايک لاسينس حاصل کرنا هوگا اور اسکے لئے اوسکو ۳ پاونڈ روپيه سالانه دينا هوگا ٠

I agree to accept the person named on the face of this form as an Emigrant on the above conditions.

In my presence [signature]
Registering Officer.

Dated 4 December 1897 at Agra S. A. Rahim [illegible]
Recruiter for [illegible]

C. BANKS, M. D.
*Protector of Emigrants.*

ROBERT W. S. MITCHELL, C. M. [illegible]
*Government Emigration Agent*

vergesel waar hy soms etlike dae vertoef het totdat die Reisende Mediese Inspekteur in diens van die betrokke agentskap, maar verantwoordelik aan die Indiese regering, sy opwagting maak. Die werk van die Mediese Inspekteur was om te voorkom dat die agentskap onnodige koste aangaan om fisies ongeskikte persone na die hoofdepots te Kalkutta en Madras te stuur waar sulke persone tog afgekeur sou word. Aangesien die hoofagente gewoonlik die Mediese Inspekteurs verantwoordelik gehou het vir enige liggaamlik ongeskiktes wat Kalkutta of Madras sou bereik, is 'n besonder deeglike mediese ondersoek onderneem, as gevolg waarvan tussen 'n kwart en die helfte van die applikante afgewys is. Daarna is die oorblywendes weer deur die distriksgeneesheer van die Indiese Mediese Dienste ondersoek. Slegs dié wat deur laasgenoemde fisies geskik verklaar was, sou dan na die plaaslike magistraatskantoor vir registrasiedoeleindes gestuur word.[14]

Daar aangekom, het die registrasiebeampte die voorwaardes waarvolgens die voornemende emigrant in Natal in diens geneem sou word weer eens aan hom verduidelik, sodat alle moontlike misverstand uit die weg geruim kon word, aangesien 'n groot aantal van die emigrante nie kon lees nie.[15] Daarop is die voornemende emigrant gevra of hy bereid was om bogemelde voorwaardes te aanvaar.[16] Indien hy bevestigend antwoord, moes die werwer voor die registrasiebeampte 'n dokument, „Conditions of Service", onderteken waarin hy verklaar : „I agree to accept the person named on the face of this form as an Emigrant on the above conditions."[17]

Magistrate het die werwers gewoonlik gewantrou en toegesien dat voornemende emigrante nie mislei word nie.[18] Volgens C. Reeves, kaptein van die emigranteskip, die Umvoti, het werwers soms allerlei leuens insake die seereis na Natal vertel, maar gewoonlik het alle emigrante goed begryp watter soort werk hulle in Natal sou moes verrig.[19] Die Beskermer van Immigrante was oortuig daarvan dat emigrante die kontrakooreenkoms voldoende begryp het, aangesien dit selde in Natal tot moeilikhede aanleiding gegee het.[20]

---

14) CSO, 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909: II, II/1/7, 1272/1880: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 16/10/1880.
15) Ibid.
16) Kyk hiervoor die kennisgewing van 1874 deur die Natalse Kalkutta-agent uitgereik (II, II/1/7, 1272/1880: Emigrasie agent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 16/10/1880).
17) II, 1/117, nr. I 874/1903. Kyk afdruk van so 'n verklaring teenoor p.17.
18) The Natal Mercury, d.d. 23/4/1872: II II/1/10, 478/1882: Verslag van vergadering gehou deur emigrasieagente te Kalkutta, d.d. 24/2/1882.
19) The Natal Mercury, d.d. 5/2/1880: brief van C. Reeves.
20) Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893-1894, p. A23.

Daar was nogtans die opvatting dat, weens die eenvoudigheid van die emigrant, hy maklik deur die werwers mislei kan word, en mislei is. Sommige van hul wanvoorstellings sou wel later deur depot-amptenare uit die weg geruim kon word, maar die emigrant sou, per slot van rekening, bly glo wat die werwer oorspronklik aan hom meegedeel het. Veral gedurende moeilike tye van hongersnood is voornemende emigrante baie maklik oorreed om as kontrakarbeiders in westerse kolonies te gaan werk.[21)]

Nadat registrasie by die magistraatskantoor plaasgevind het, is voornemende emigrante so spoedig moontlik per trein en rivierboot na Kalkutta of Madras vervoer.[22)] By die hoofdepots het die agentskappe oor allerlei fasiliteite beskik en het die emigrante goeie behandeling ontvang. Die perseel van 'n agentskap het gewoonlik die volgende ingesluit: 'n groot kampong, die algemene kantoor en woonhuis van die agent, die emigrante se ontvangs-, eet- en slaapafdakke, kombuise, swemplekke, asook kwartiere vir klerke, wagte en arbeiders. Elke agentskap het gewoonlik vir sowat duisend emigrante voorsiening gemaak.[23)]

Voornemende emigrante is onmiddellik by hul aankoms gebad, „be-olie" (met olie bestryk) en geskeer. Daarna het die gewone depot-geneesheer wat net soos die Mediese Inspekteur uitsluitlik in diens van die Natalse agentskap was, hulle binne enkele ure ondersoek en alle liggaamlike gebreke in 'n spesiale register aangeteken. Na die ondersoek is hulle van skoon lakens en komberse voorsien en kon hulle in gerieflike en higieniese kwartiere intrek neem, waar hulle ook goeie kos ontvang het met inagneming van die kaste waaraan hul behoort.[24)]

Die volgende dag is hulle deur die emigrasieagent ondervra en ondersoek. Die agent moes naamlik vasstel of die voornemende emigrant vir landbouwerk geskik was en het bv. gelet op die liggaamsbou, veral om siektetekens in die uiterlike voorkoms te bepaal en om vas te stel of die oë geen gebreke toon nie. Nadat die emigrasieagent homself

---

21) The Natal Mercury, d.d. 28/11/1872: Brief van W.H. Smith.
22) ~~CSO 1876, 4425/1909~~: The Statesman, d.d. 12/6/1909; The Natal Mercury, d.d. ~~22/9/1874,~~ volgens 'n korrespondent. Die reis per trein of rivierboot was blykbaar nie altyd doeltreffend nie, want in 1874 is oorweeg om perde vir dié doel van Natal af na Indië te stuur.
23) CSO 1876, 4425/1909: The statesman, d.d. 12/6/1909.
24) Ibid.

vergewis het dat die voornemende emigrant geskik is, het hy laasgenoemde nog eens ingelig aangaande (1) die aard van die werk wat hy in Natal moes verrig; (2) die diensure; (3) die dienstydperk; (4) die besoldiging, asook aftrekkings vir afwesigheid en siekte; (5) die voorwaardes met betrekking tot die terugreis, en (6) die duur van die seereis na Natal.[25]

Daarop het weer gevolg 'n ondersoek deur die senior depot-geneesheer. Hy het hom hoofsaaklik bepaal by gevalle wat aanvanklik by die aankoms van die voornemende emigrante deur die gewone depot-geneesheer in die spesiale register aangeteken is, hulle uiters noukeurig ondersoek en 'n finale beslissing oor die geskiktheid van die emigrant gegee.[26] Die senior depot-geneesheer moes ook soms die ouderdom van emigrantekinders bepaal.[27]

Slegs voornemende emigrante wat deur die senior depot-geneesheer goedgekeur is, sou vir die skeepsreis gereed gemaak word. Die afgekeurdes het elk Rs 4 van die agent ontvang en is op die agent se koste weer huis toe gestuur. Die agent kon sulke terugbetalings weer van die subagent invorder.[28]

Die goedgekeurdes is so spoedig moontlik na Natal verskeep, maar moes intussen in die depot aanbly totdat die emigranteskip opdaag. In die depot het hulle twee keer per dag 'n goeie maaltyd genuttig. Gesuiwerde water is altyd tot hul beskikking gestel, asook voldoende badgeriewe ('n warm bad weer twee keer per week). 'n Mediese ondersoek al om die ander dag het verseker dat alle liggaamlike tekortkomings onmiddellik aandag geniet. Daarby is tabak kosteloos aan hul uitgereik.[29]

Aangesien die voornemende emigrante aan verskillende kastes behoort het, is hulle in verskillende groepe verdeel, elke groep met 'n eie hoofman, wat op sy beurt weer opdragte van die depot-superintendent, die sogenaamde „Jemadar", ontvang het. Soggens en saans is ligte werkies aan die emigrante opgedra, terwyl hul slaapplekke deur die depotpersoneel skoongemaak is. Daarbenewens is die slaaplokale ook een keer per maand heeltemal gewit.[30]

---

25) Ibid.
26) Ibid.
27) II, II/1/20, 1023/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 23/6/1884. Vanweë korrupsie i.v.m. ouderdomme. Kyk bl. 15 van hierdie hoofstuk.
28) CSO 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909.
29) Ibid.
30) Ibid.

Die Mediese Inspekteur (aangestel deur die Indiese regering) en die Beskermer van Emigrante het die depot gereeld twee keer weekliks besoek om vas te stel of die emigrasiewet nagekom word. Die Beskermer van Emigrante moes homself vergewis of die emigrante uit eie beweging wou emigreer, terwyl die Mediese Inspekteur die liggaamlike geskiktheid van die emigrant bo alle twyfel moes vasstel, selfs nadat die gewone depot-geneesheer en die senior depot-geneesheer hom reeds geskik verklaar het. Die Mediese Inspekteur moes ook toesien dat die depots skoongehou en aansteeklike siektes gerapporteer word.[31] Amptenare van hoë rang in die Indiese Staatsdiens het ook af en toe die Natalse depots in Indië besoek om hulself te vergewis of alles daar wel is.[32]

Sowat veertien dae voordat die emigrante se skeepsreis 'n aanvang sou neem, het die betrokke skip se geneesheer-superintendent sy opwagting by die depot gemaak. Met behulp van twee aptekers („compounders") het hy al die emigrante wat reeds vir die seereis goedgekeur is, besonder intensief ondersoek, aangesien sy besoldiging berus het op die aantal wat Natal lewend bereik. Die geneesheer-superintendent was, in teenstelling met die ander geneeshere, verbonde aan die Natalse depots in Indië en aan die Natalse regering verantwoordelik vir die fisiese gehalte van die emigrante wat Natal bereik. Oor die fisiese geskiktheid van emigrante het dikwels ernstige geskille tussen die geneesheer-superintendent aan die een en die ander geneeshere aan die ander kant ontstaan.[33] Die depotdokter en die geneesheer-superintendent was soms in ernstige meningsverskille ten opsigte van die emigrante se gesondheidstoestand betrokke, veral aangaande longsiektes. Die geneesheer-superintendent het bv. in een geval in 1894 agtien emigrante afgekeur wat reeds deur die depotdokter goedgekeur was.[34]

Die finale keuse van die emigrante wat die seereis sou onderneem, is gedoen deur 'n gesamentlike raad, bestaande uit die depotdokter, die geneesheer-superintendent en die emigrasieagent. Dié raad het nog verder geselekteer deur net die geskiktes onder die emigrante wat reeds goedgekeur is, te kies, aangesien die agent gewoonlik 'n speling

---

31) Ibid.
32) II, 11/1/10, 126/1882: Firth aan Beskermer d.d. 12/12/1881. So byvoorbeeld het in Desember 1881 die heer Buck, Direkteur van Landbou en Handel, en die heer Holderness, Ondersekretaris van die Raad van Inkomste (van die N.W. Provinsies en Oudh), die Natalse depot te Kalkutta besoek. Hul het die toestande in die depots baie bevredigend gevind.
33) CSO 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909.
34) Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 94 p. A24.

van sowat tien persent meer as die toelaatbare getal waaruit die finale keuse gedoen sou word, toegelaat het.[35] Om seker te maak dat geen siek emigrant op die skip gaan nie, is hulle onmiddellik voordat hulle aan boord gegaan het, nog 'n laaste keer deur die geneesheer-superintendent en die Mediese Inspekteur ondersoek.[36]

3. Onvermoë van die werwingstelsel om ongewenste emigrante uit te skakel.

Nieteenstaande al die voorsorgmaatreëls het daar nogtans dikwels gevalle voorgekom dat emigrante siek of in 'n swak fisiese toestand in Natal aangekom het, maar dit was hoofsaaklik tot sekere emigrasieperiodes of tot 'n klein persentasie van 'n besending beperk.[37] In dié verband het die Wragg-kommissie in 1887 soos volg verslag gedoen: „Loud and bitter complaints were made to us by employers in every district which we visited, concerning unserviceable Indians allotted to them."[38]

Daarteenoor het Henry Binns, voorsitter van die Trust Raad en L.H. Mason, Beskermer van Immigrante tydens 'n besoek aan Indië in 1894 bevind dat die Natalse agente in Indië wel ernstig gepoog het om nie sieklike emigrante na Natal te stuur nie: „We made it our business to exhaustively enquire with reference to this point, and we think that the Agents do exercise great care in the matter. We traced from the books at the Depot at Calcutta instances of scores of men who had been rejected by Natal, but who were readily taken over by the Agents of other countries."[39]

Dit moet egter as 'n feit aanvaar word dat 'n sekere persentasie ongewenste emigrante wel ingesypel het, en dit is nodig om die redes daarvoor onder die soeklig te plaas. In sommige gevalle het die siektetoestande eers sigbaar geword nadat die emigrante reeds op reis na Natal was. 'n Ander belangrike faktor is die feit dat die geneeskundige beoordeling in Indië nie op blanke standaarde gegrond was nie, maar wel op dié van Indië. Daarom het die Natalse Kalkutta-agent beweer:

---

35) CSO 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909.
36) Ibid.
37) Dit is die algemene gevolgtrekking waartoe geraak word by 'n noukeurige bestudering van die Beskermer van Immigrante se jaarverslae - 1893/94 - 1909.
38) Jaarverslag van die Trustraad vir 1884, p.4: Natalse Goewermentskoerant, d.d. 20/9/1887, Byvoegsel; Wragg-kommissie se verslag, hoofstuk XVIII, p. 49.
39) Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893-94, p. A24.

"To Doctors only accustomed to English emigrants the Calcutta Coolie at his best would seem a miserable object, and no doubt many emigrants from India who with a little care at first would make valuable labourers might be condemned as unfit for labour by any person who was not well acquainted with the Indian in his own home." [40]

Dikwels het dit ook gebeur dat die emigrante, selfs geoordeel aan Indiese standaarde, liggaamlik swak was. In die eerste plaas was die emigrasieagente daarvoor verantwoordelik, aangesien hul salarisse afgehang het van die wyse waarop hulle die Natalse rekwisisies in terme van getalle uitgevoer het. Gevolglik was die agente nie versigtig genoeg gestem nie.[41] So bv. het G. Ross, die Natalse Madras-agent, in April 1880 'n besending emigrante met die Dunphaile Castle na Natal gestuur wat deur 'n Natalse dokter bestempel was as emigrante „totally unfit, physically, for the purposes for which they were sent here, men of no stamina, men kept and nursed in (the) Depot in India, until they were passable in external appearance, but who possessed no bottom".[42] Hoewel die geneesheer-superintendent, dr. W. Watson, beswaar gemaak het teen sommige van die Dunphaile Castle se emigrante, wou agent Ross, op grond van die groot werwingskoste wat hy aangegaan het, nie die betrokke emigrante afkeur nie. Ross het ook aangevoer dat, indien hy die vertrek van die Dunphaile Castle sou moes uitstel om die ongewenstes deur ander emigrante te vervang, die gesonde emigrante wat intussen in die depot moes wag, dalk sou wegloop, wat vir hom groot finansiële verliese sou meebring.[43] Hierdie wanpraktyke het in 1883 tot die ontslag van Ross as Natal se Madras-agent gelei.[44]

Soms weer het die Indiërvroue wat, volgens die emigrasiewet van Indië, die mans vergesel het, siektes in die depots in Indië en aan boord van emigranteskepe versprei, aangesien die Indiër-vrouens nie verplig kon word om hulle deur 'n geneesheer te laat ondersoek nie. Hulle is gewoonlik in die depots slegs deur Indiërvrouens ondersoek.[45] Dit het ook voorgekom dat emigrante dikwels vergiftigde soutvis van die bemannings van emigranteskepe tydens die seereis gekoop het, as gevolg waarvan hul liggaamlike toestand baie verswak het.[46]

---

40) II, II/1/18, 350/1884: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer d.d. 22/1/1884.
41) Thompson, op. cit., p. 21.
42) II, II/1/8, 7/1881: Mediese Beampte G. Lindsay Bonnar aan Beskermer, d.d. 2/1/1881.
43) II, II/1/8, 79/1881: W. Watson aan Beskermer, d.d. 2/12/1880.
44) II, II/1/11, 764/1882: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 17/8/1882.
45) II, II/1/11, 1117/1882: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 11/10/1882. Kyk ook 1997/1882: J. McIntyre aan Beskermer, d.d. 28/10/1882.
46) Beskermer van Immigrante se jaarverslag vir 1901, p. 11.

Daar was egter ook gebreke in die werwingstelsel, wat veral geleë was in die wyse waarop die werwers besoldig is. Die subagente is op 'n kommissie-basis besoldig, gegrond op die getal emigrante wat hulle gewerf het wat werklik Natal toe gegaan het.[47] Voornemende emigrante wat eers by die hoofdepot hul onwilligheid te kenne gegee het om te emigreer, nadat die subagente vir hul treinreis betaal het, het egter nie die Rs.4, wat afgekeurde emigrante ontvang het, gekry nie, aangesien dit dikwels gebeur het dat plattelandse Indiërs hulle aangemeld het om te emigreer slegs met die doel om 'n vry reiskaartjie na Kalkutta of Madras te bekom.[48] Hoewel sulke drosters hulle aan 'n misdaad skuldig gemaak het wat strafbaar was met 'n maksimum tronkstraf van een maand of 'n maksimum boete van Rs.50, is daar selde strafregtelik teen hulle opgetree, blykbaar uit vrees dat dit die ander voornemende emigrante opstandig sou maak en die werwingspogings nadelig sou beïnvloed.[49]

Dit is dus verstaanbaar dat dit in belang van die subagent self was om die voornemende emigrante versigtig te keur voordat hy hulle na die hoofdepot stuur, aangesien hy skade sou ly deur 'n ongewenste aan te beveel wat dalk by die hoofdepot afgekeur kon word.

Nogtans was die algemene gevoel in Indië dat aangesien die werwers geen vaste salaris en vergoeding vir afgekeurde emigrante ontvang het nie, hul houding traak-my-nie-agtig geword het, m.a.w. hulle het nie na hul werk as 'n eerbare beroep opgesien nie, maar dit slegs as 'n dobbelspel beskou.[50] Gedurende die voorspoedige tye wanneer oeste in Indië goed was, het subagente gesukkel om emigrante te werf en dit was veral gedurende dié tye dat ongeoorloofde praktyke plaasgevind het.

4. <u>Sir Charles Mitchell se sending na Indië</u>.

Natal het in 1882 'n spesiale agent, sir Charles Mitchell, na Indië gestuur om die werwing van emigrante vir Natal te ondersoek. Hy het aan die hand gedoen dat die werwers in Indië 'n klein vaste salaris moes ontvang „aimed at the improvement of the status of agents and recruiters who were regarded in India as a degraded class who had assumed the occupation as a demier resort." Afgesien van „a sort of retaining fee" (toelaag) het Mitchell aanbeveel dat die werwers ook 'n gedeeltelike betaling vir afgekeurde emigrante moes ontvang.[50a]

---

47) CSO 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909
48) II, II/1/2, R53/1877: F. Colepeper se ongedateerde memorandum.
49) CSO 1876, 4425/1909: The Statesman, d.d. 12/6/1909.
50) II, II/1/18, 380/1884: Sir C. Mitchell aan Sekretaris van die Trustraad, d.d. 31/3/1884.
50a) Ibid.

Die Natalse Kalkutta-agent, asook ander agente, was egter nie vir Mitchell se plan te vinde nie, „as it would make them (die werwers) careless in selecting suitable emigrants.... they will do little or nothing in return for their pay." [50b)] Die argument van die Kalkutta-agent was egter nie geheel en al gegrond nie, aangesien die beginsel wat Mitchell bepleit het gedeeltelik reeds te Vizagapatem toegepas was en bevrediging gegee het. Die werwers het naamlik aldaar half-betaling ontvang vir voornemende emigrante wat te Vizagapatem medies geskik verklaar, maar by die hoofdepot in Madras afgekeur is. [51)]

Dit behoort in gedagte gehou te word dat gedurende tye van hongersnood voornemende emigrante feitlik self na die hoofdepots gestroom het met die versoek om te emigreer, sodat die werwers in sulke gevalle feitlik geen rol gespeel het nie. Al die keuring is dan by die hoofdepots gedoen waardeur 'n onredelike mate van verantwoordelikheid op die skouers van die hoofdepotbeamptes geplaas is. Op dié wyse het baie ongewenste emigrante ingesluip. [52)]

5. Instruksies van Natal aan sy emigrasieagente.

Die spil waarom die werwing van emigrante in Indië gedraai het, was in die eerste plaas die emigrasieagente, wat opgetree het as verteenwoordigers van die onderskeie lande waarheen die emigrante sou verhuis.

Die Natalse agente het oor noukeurige instruksies van die Natalse regering ten opsigte van hul pligte beskik. So bv. is in 1883 aan die Madras-agent 'n lywige uiteensetting van sy pligte uitgereik. [53)] Die instruksies het al die vertakkinge van die agent se bedrywighede gedek, veral (a) die kontrak wat met die voornemende emigrant aangegaan moes word; [54)] (b) 'n naamboek

---

50b) II, II/1/18, 350/1884: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer van Immigrante, d.d. 22/1/1884.

51) II, II/1/46, 209/1888: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer van Immigrante, d.d. 9/1/1909.

52) II, II/1/4, 337/1878: Firth aan Beskermer van Immigrante, d.d. 10/4/1878; II, II/1/3, R387/1877: C. Reeves aan Beskermer, d.d. 23/5/1877.

53) II, II/1/3, 546/1883: Instruksies aan Mnre. Parry & Kie. van Madras.

54) Voor 1895 was kontrakarbeiders geregtig op 'n vry oorvaart na Indië eers na tien jaar diens (waarvan vyf jaar ingeboek moes wees), maar Natal se Wet nr. 17 van 1895 het bepaal dat emigrante onmiddellik na verstryking van die kontrakperiode, met 'n vry passasie na Indië kon terugkeer (kyk II, II/1/2, R261/1877: Verslag van dr. Grant, Beskermer van Emigrante, Kalkutta, vir die jaar eindigende Maart 1877). Die kontrakvoorwaardes is periodiek gewysig.

9/1183/85

4 JANUARY 85

# SPECIAL CONTRACT WITH THE GOVERNMENT OF NATAL.

Entered into under Requisition No. 1183 dated 25th September 1885.

We the undersigned, emigrants from Madras hereby engage to serve as Waiters Cooks ~~on~~ the ~~Estate called~~ premises of F. L. Johnson in the county of Durban in the Colony of Natal, for the period of five years from the date of the registration of this contract by the Coolie Immigration Agent at Natal: Provided that we shall receive monthly in money the wages stated hereunder opposite to our respective names, and the following rations per adult:

1½ lb Rice daily, or in lieu thereof

2 lb Meal three days in the week.

2 lb Dholl, Monthly.

2 lb Salt fish, do.

1 lb Ghee or oil, do.

1 lb Salt, do.

Provided also that proper lodging and medical care shall be supplied to us And we further agree that if the above-mentioned ~~estate~~ Hotels or premises be sold, alienated, or transferred to another person, or succeeded to by another person, before the expiration of our service, we shall serve such other person according to the terms of this contract; such new employer being held bound towards us in all the stipulations and obligations incumbent upon the employer so replaced by him.

...R although he engaged ... rate of 15 rupees (30/-) per month ... Protector of Immigrants 17.7.86

| No. | Name of Emigrant. | Father's Name. | ...ed or Single. | Wages per month. ...ear. | ...ear. | ...ear. | ...ear. | ...ear. | Emigrant's Signature. | Remarks. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | A. Munusamy ✓ | Attumulam | 36 | Married | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | A. Munusamy |
| 2 | Thomas Samuel | Thomas | 32 | do | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | Thomas Samuel |
| ~~3~~ | ~~Irudasamy~~ | ~~Talayam~~ | ~~20~~ | ~~Single~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~mark × Irudasamy~~ |
| ~~4~~ | ~~Chinnasamy~~ | ~~Chinnadry~~ | ~~24~~ | ~~do~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~mark × Chinnasamy~~ |
| ~~5~~ | ~~Francis~~ | ~~Devasagayam~~ | ~~24~~ | ~~Married~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~15~~ | ~~[illegible]~~ |
| 6 | John Lazar | ✓ John Lazar | 22 | do | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | John Lazar |
| 7 | Jonas | ✓ Lazar Cooks | 30 | do | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 | Jonas Pillay |
| 8 | Muniam | ✓ Veerasamy | 37 | do | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 | mark × of Muniam |

Rupee calculated at two shillings sterling (Sd.)

[illegible signature]
Protector of Emigrants

Number 7 Jonas states that he is himself as such and he agrees to receive wages and to work as a waiter

The above contract was fully explained to the above mentioned emigrants in my presence this 14th day of January /86 and signed by them before me.

[illegible signature]

[illegible signature]
Emigration Agent for Natal.

Registered March 17th 1886

[illegible signature]

Rofmain

# COLONIAL EMIGRATION FORM NO. 5.

## FORM OF AGREEMENT FOR INTENDING EMIGRANTS.

*Particulars of emigrant executing a contract for service in* NATAL.

| Registration. | | Emigrants. | | Dependents. | | | | | | Residence. | | | Successor to Estate in India. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Date. | Number. | Name. | Father's name. | Name. | Relationship to labourer. | Sex. | Age. | Caste. | Occupation. | District. | Thana. | Village or Town and Mahalla. | Name. | Father's name. | Re[illegible] |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | |
| 6.2.89 | 61 | Jawahir | Shankar | - | - | M | 28 | Moraor | Cultivator | Bara Banki | Amiergany | Raozah | Adhin | Shankar | |

I agree to emigrate on the conditions of service specified on the reverse.

Executed in my presence.

[signature]

*Registering Officer.*

*Emigrant.*

*Dated at* Lucknow *the* 26th Feby 1889

Fit -

[signature]

Civil Surgeon

674

*N. B.*—This form is to be filled up in the Office of the Registering Officer in English in triplicate.

waarin alle emigrante aan boord aangeteken moes word; (c) die opstel van 'n beskrywende kaart (onderteken deur die senior depot-geneesheer, die geneesheer-superintendent, die Beskermer van Emigrante en die agent), wat moes sertifiseer dat die emigrant fisies geskik is; [54a)] (d) 'n sertifikaat wat gesamentlik deur die geneesheer-superintendent en die agent onderteken moes wees waarin gesertifiseer word dat die emigrante wat aan boord gegaan het, wel dié is wat finaal goedgekeur was; (e) die afhandeling van tenders vir die verskeping van emigrante ooreenkomstig emigrasiewet nr. 7 van 1871; (f) die besoldiging van bemanningslede deur die Natalse regering, tw. die geneesheer-superintendent, apteker, tolk, sirdars (toesighouers), koks, verpleegsters, topase (ongeskoolde werkers wat liefs uit die laer stande gekies moes word), die kaptein, offisiere en uitreiker van voorrade;[55)] (g) toesien dat die korrekte aantal vroue-emigrante ooreenkomstig emigrasiewet (Wet nr. 7 van 1871) aan boord gaan en (h) toesien dat die geneesheer-superintendent gereeld die emigrante in die depot besoek voordat hulle aan boord gaan.

Die kontrak wat deur Natal se Wet nr. 2 van 1870 voorgeskryf is, was dieselfde ooreenkoms wat voor die registrasiebeampte in die magistraatskantoor van die distrik waar die emigrant gewerf was, deur sowel die emigrant as die werwer onderteken is. [55a)] Soms het die agent egter 'n spesiale kontrak, anders as vir 'n gewone arbeider op die suikerplantasies aangegaan,[55b)] bv. in die gevalle van werkers in die myne en die Natalse Spoorweë, huisbediendes, hotelkokke, ens.

---

54a) 'n Afdruk van so 'n gesertifiseerde kaart verskyn teenoor p.25.
55) Die besoldiging was soos volg: (i) die geneesheer-superintendent sou 5/- per hoof op die eerste reis ontvang vir elke emigrant wat Natal lewend bereik, 'n bedrag wat met 1/6 per hoof op elke daaropvolgende reis sou vermeerder tot 'n maksimum bedrag van 8/- (The Natal Government Gazette, d.d. 20/11/1874); (ii) die bemiddelaar en die tolk sou elk 'n vaste bedrag van £15 ontvang, asook 'n ekstra toelaag van 4d. per hoof vir die eerste reis; laasgenoemde bedrag sou vermeerder met 2d. per hoof vir elke daaropvolgende reis tot 'n maksimum bedrag van 2/-; (iii) sirdars en oppassers sou elk 'n vaste bedrag van 5/- ontvang, koks en verpleegsters 10/- elk; (iv) topase sou elk 'n vaste bedrag van 20/- ontvang (volgens 'n omsendbrief, kyk II, II/1/1A, ~~nr.~~ 1534/1875: d.d. 23/3/1875, moes topase liefs uit die laer stande gekies word); (v) die kaptein sou 8d. per hoof ontvang vir elke emigrant wat Natal lewend bereik, die Hoof- en Tweede Offisier 5d. per hoof en die Derde Offisier en die Uitreiker van Voorrade 6d. per hoof.
55a) Kyk afdruk hiervan teenoor p. 17.
55b) Kyk afdruk hiervan teenoor p. 25.

Die agent is versoek om alle bedrae vir koste verbonde aan uitgawes met betrekking tot werwing, depot- en kantooraangeleenthede deur middel van die Sekretaris van Staat vir Indië te reël. Kennisgewings van bedrae wat op dié wyse aangevra is, moes egter sonder versuim aan die Beskermer van Immigrante te Durban gestuur word. 56)

Voorts is ook bepaal dat die agent moes toesien dat sodra 'n emigrant aan boord gaan, hy van 'n blikplaatjie voorsien word wat met 'n stuk tou om die emigrant se nek moes hang en waarop die nommer van die emigrant, soos in die naamboek aangetoon, voorkom. Die dra van die blikplaatjies is aanvanklik deur die Madras-agent vir sy eie gerief ingevoer, maar is vanaf 1883 as 'n vereiste deur die Natalse regering gestel. 57)

6. <u>Kontrakte met skeepsmaatskappye vir die vervoer van emigrante.</u>

Wat die verskeping van die emigrante betref, het die agent 'n ooreenkoms met 'n skeepsmaatskappy aangegaan vir die verskeping van die emigrante teen 'n vasgestelde tarief vir 'n bepaalde periode nadat vooraf tenders aangevra is vir die betrokke diens. So 'n ooreenkoms is bv. in 1879 tussen die firma Rennie en Seuns en die Natalse Madras-agent aangegaan. 58)

Hierdie ooreenkoms het o.a. bepaal wanneer die emigranteskip by die hawe van Madras gereed moes wees ('n boete van £10 kon gehef word indien die skip laat opdaag); dat die skip seevaardig en van genoegsame toebehore voorsien moes wees, soos bv. 'n distilleerder vir die voorsiening van suiwer water; dat die emigrasiereëls van die Indiese regering nagekom moes word (soos bv. tot vóór Maart 1882 die verpligte gebruik van Thiers se outomatiese ventilators); 59) dat die skip behoorlik beman moet wees en dat, afgesien van die skip se eie bemanning, neergelê moet word hoeveel sirdars en topase die reis sou onderneem, asook die besoldiging van die apteker en die tolk; dat die emigrante van die dek van die skip gebruik sou kon maak en dat geen inbreuk op hul toegestaande terrein gemaak moet word nie.

Voorts moes ook in die kontrak verwys word na die voedselgebruik en medisyne, wat aan boord vir die emigrante toelaatbaar

---

56) II, II/1/13, 546/1883.

57) II, II/1/4, 2124/1878: R.J. Melville, Beskermer van Emigrante, Madras, d.d. 25/3/1878, asook Ross aan Beskermer van Emigrante, d.d. 23/3/1878.

58) II, II/1/2, R53/1877: F. Colepeper se ongedateerde memorandum; II, II/1/6, 1879: Ooreenkoms tussen die Natalse Immigrasiedepartement en Rennie en Seuns, d.d. 25/7/1879.

59) II, II/1/7, 1272; Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer d.d. 16/10/1880: II, II/1/10, 438/1882: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer d.d. 14/3/1882. Kyk ook 1041/1882: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/3/1882. Die agent se aanvaarding van die skip sou nie die maatskappy onthef t.o.v. die verantwoordelikheid aangaande die geskiktheid van die betrokke skip nie.

sou wees en wat nie, die reëlings wat in verband met kwarantyn getref sou word, hoe passasiegeld bereken en betaal sou word en dat die nodige skeepsdokumente (charter party) getoon moes word voordat betaling kon plaasvind.

Vanaf die tagtigerjare tot aan die einde van die kontrakstelsel het die firma King en Seuns die kontrak vir die verskeping van emigrante gehad. Die oorname van die kontrak deur hierdie firma van Rennie en Seuns het vir Natal 'n groot besparing meegebring, aangesien die tarief vir die verskeping van een emigrant van sowat £6-1C tot £5-7-6 gedaal het. In Maart 1895 toe die kontrak hersien is, is die tarief egter weer tot £6-5s. per emigrant opgeskuif. Daar is verder ook bepaal dat ingeval daar nie voldoende emigrante beskikbaar sou wees om 'n skeepslading te vul nie, naamlik 75% van die totale aantal persone wat die skip in staat was om aan boord te neem, 'n addisionele bedrag van 2/6 per emigrant bygevoeg sou word.[60)]

7. Die Natalse agentskappe in Indië

Aanvanklik was die gedagte om, soos in die verlede, 'n agent vir die werwing van emigrante vir Natal saam met ander kolonies te deel. In Junie 1875 het die Beskermer van Immigrante bv. verklaar: „By the appointment of a General Agent for all the Colonies drawing labour from India, the necessity for such an arrangement will be obviated. Natal will take her place on a footing of equality with the other Colonies... and in all probability a considerable saving of expense will be effected."[61)] Hieraan is egter nooit uitvoering gegee nie.

Vroeg in 1874 het Natal vir kapt. W.M. McLeod na Indië gestuur om die tweede emigrasieskema van stapel te stuur, net soos die geval met Collins op die vooraand van die eerste emigrasieskema. McLeod het gerapporteer dat voldoende emigrante van Kalkutta verskeep sou kon word, maar geen voornemende emigrante te Bombaai voorhande was nie.[62)] Gevolglik het Natal alle emigrasie aanvanklik deur die Indiese hawestad Kalkutta geloods, waar die dienste van 'n agent H.A. Firth, verkry is om die tweede Natalse emigrasieskema van stapel te stuur.[63)]

---

60) Jaarverslag van die Trustraad vir 1894-95, p. A45.
61) II, II/3/1, pp. 379/380: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/6/1873.
62) The Natal Mercury, d.d. 22/4/1876; Natalse Goewerments-kennisgewing, nr. 140/1874.
63) GH 24, 1811: Koloniale Kantoor aan Luitenant-goewerneur, d.d. 20/2/1876; The Natal Mercury, d.d. 22/1/1876 en 31/10/1876.

Firth was egter in die eerste plek die agent van Brits-Guiana vir wie hy gedurende die beste werwingsmaande vanaf Mei tot September gewerf het. Brits-Guiana moes dus eers sy volle kwota emigrante vir die betrokke seisoen verkry het voordat enige emigrante na Natal verskeep sou kan word.[64] Hoewel dit aanvanklik in 1874 goed gegaan het, het dit vanaf 1875, toe 'n vaste ooreenkoms met Brits-Guiana getref is, 'n swak reëling vir Natal geblyk te wees.[65] Afgesien van Firth se onvermoë om as agent vir twee kolonies op te tree, was dit gedurende 1875 en 1876 moeilik om emigrante in Indië te werf en het die Natalse regering daarbenewens 'n ontoereikende bedrag vir Indiër-immigrasie vir die jaar 1876 bewillig.[66] Vanaf 1874 tot Mei 1875 is altesaam 6,025 emigrante gestuur van wie 5,974 in Natal aangekom het, maar vir die res van 1875 tot die einde van 1876 is slegs 1,154 emigrante versend van wie 1,147 Natal bereik het.[67]

Natal was verplig om 'n nuwe reëling in 1877 te tref. 'n Amptenaar van die Natalse Immigrasiedepartement, F. Colepeper, is in 1877 na Kalkutta gestuur om die agentskap daar op 'n hegter grondslag te plaas. Hoewel Colepeper aanbeveel het dat Natal sy eie onafhanklike agentskap

---

64) Ibid.

65) Firth het dadelik gereël dat 1,200 emigrante („a fine healthy and well-behaved lot") met drie skepe, naamlik die Jason, die Ailsa en die Blenheim, na Natal verskeep sou word. Nadat die Blenheim sy eerste besending in Natal afgelaat het, het hy weer in September 1874 'n tweede besending van 663 emigrante vir Natal aan boord geneem (Natalse Goewermentskoerant, d.d. 20/10/1874, p. 619; The Natal Mercury, d.d. 22/9/1874. Teen Julie 1875 het Firth se aanvanklike welslae afgeneem en het hy dit moeilik gevind om vir Natal emigrante te werf, hoewel hy beloof het om sy aantal werwers te vermeerder en sy werwingsveld uit te brei (II, 11/1/1A, R2715/1875: Firth aan Emigrasiekommissarisse, d.d. 12/7/1875).

66) Firth wou hom , weens 'n tekort aan emigrante, nie bind om meer skepe vir die tweede helfte van 1876 in die hande te kry nie (II, 11/1/1, 1875: Uittreksel van 'n brief aan Durant geskryf wat op 27/10/1875 ontvang is; The Natal Mercury d.d. 31/10/1875). Die Kalkutta-agent kon byvoorbeeld die emigrante wat die Natalse Departement van Publieke Werke reeds in Februarie 1875 aangevra het, eers in April 1876 voorsien en toe was die dienste van die betrokke emigrante nie meer nodig nie (II, 11/1/1, R573/1876: Firth aan Lloyd, d.d. 7/4/1876; ook Koloniale Sekretaris aan Beskermer van Immigrante, d.d. 28/7/1876). Die Natalse regering het die werwing van emigrante ook bemoeilik, aangesien slegs £3,000 in September 1875 bewillig is om gedurende 1876 aan werwing in Indië te bestee. As bereken word dat dit ongeveer £12.10s. sou beloop om elke emigrant in Natal te kry, kon Firth slegs sowat 240 emigrante gedurende 1876 verskeep (Ibid).

67) Die Natalse Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1875.

te Kalkutta in stand moes hou omdat dit nie veel addisionele koste sou meebring nie, is voorlopig eers 'n ooreenkoms met die Mauritius-agentskap aangegaan om laasgenoemde se kantore en werwers te gebruik waarvoor Natal Rs. 1400 per maand huurgeld sou moes betaal. Natal sou, volgens Colepeper, nogtans daarby baat om 'n agentskap met Mauritius te deel, want Mauritius was 'n gewilde tuiste onder voornemende emigrante en Natal se werwingsperiode sou daardeur nie tot slegs ses maande per jaar beperk word nie.[68)]

Op aanbeveling van H. Binns, voorsitter van die Trustraad, en ondersteun deur The Natal Mercury, het Natal besluit om in 1877 ook 'n agentskap te Madras, onder leiding van 'n hoë Indiese amptenaar, G. Ross (Ontvanger van Doeane te Madras en vroeër Sanitêre Kommissaris aldaar, te open.[69)] Die keuse van Ross het egter later geblyk nie 'n sukses te wees nie. Aangesien die gehalte van die Madras-emigrante wat vir Natal gewerf is, veel te wense oorgelaat het (veral weens die aanwesigheid van die cholera-epidemie aldaar) is besluit om Colepeper se advies op te volg en 'n onafhanklike

---

68) II, II/1/2, R53/1877: F. Colepeper se verslag, d.d. 10/2/1877. Dit sou, volgens Colepeper, vir Natal beter wees om sy eie onafhanklike agentskap te Kalkutta te hê, aangesien daar op minstens 1,200 emigrante jaarliks staatgemaak sou kon word. Dit sou, volgens hom, bowedien maklik wees om 'n agentskap te Garden Reach, vroeër 'n toonaangewende woonbuurt wat geleidelik verlate geword het, op te rig. Colepeper het gemeen dat sowat Rs.3000 voldoende behoort te wees om die geboue wat nodig sou wees om vir sowat 300 volwassenes voorsiening te maak, op te rig. Die onderhoudskoste van die agentskap het hy op Rs. 1283.7 (£117-14/-) maandeliks bereken. Sy berekening was soos volg: Salaris van agent: Rs.500; huurgelde: Rs.300; depot-geneesheer: Rs. 150; kantoorklerke: Rs.30; apteek: Rs.50; vier oppassers: Rs. 28; vier „mehters": Rs.24; verpleegster: Rs.6; haarsnyer: Rs.5; „removal of diet": Rs.60; werwingskommissie: Rs.25; voedsel: Rs.3; klere: Rs.5; onderhoudskoste vir geboue: Rs.3.7 Die waarde van die roepee is op dié tydstip teen 1s.10d. bereken.

69) II, II/1/1: H. Binns aan Beskermer, gedateer 13/9/1875; The Natal Mercury, d.d. 18/9/1877; II, II/1/2, R255/1877: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 23/6/1877. Kyk ook R342/1877: C. Eales aan Beskermer, d.d. 4/5/1877. Die aanhoudende gesukkel met die Kalkutta-agentskap het ook tot die skepping van die Madras-agentskap aanleiding gegee. Die werwingsvooruitsigte in die omgewing van Kalkutta het in die loop van 1877, volgens waarnemers, al hoe meer verflou. Volgens kapt. C. Reeves van die emigranteskip Umvoti: „Calcutta is not the place for Natal to get labour from; they are getting dearer and more difficult to get every year". (The Natal Mercury, d.d. 28/8/1877: Brief van C. Reeves). Ook Colepeper moes erken dat dit uiters moeilik was om fatsoenlike emigrante te werf: „women are so scarce that they have to be procured from brothels, which fully accounts for their immorality in this Colony (Natal)". (II, II/1/2, R53/1877: F. Colepeper se ongedateerde memorandum). Vir Ross se aanstelling, kyk II, II/1/3, R387/1877: C. Reeves aan Beskermer, d.d. 23/5/1877.

agentskap, onder beheer van J. Caldwell, te Kalkutta vanaf April 1878 tot stand te bring.[70]

Hoewel die twee Natalse agentskappe in 1878 'n buitengewone groot hoeveelheid emigrante voorsien het (5,287 emigrante teenoor 2,263 in 1877) was die aanvraag om Indiër-immigrante in Natal teen hierdie tyd nog nie voldoende om die instandhouding van twee agentskappe vir Natal te regverdig nie.[71] Die gevolg was dat die Trustraad besluit het dat die Kalkutta-agentskap vir eers geen verdere emigrante vir die jaar 1879 moes voorsien nie,[72] en daarna is die onafhanklike Kalkutta-agentskap ook vanaf Januarie 1881 inderdaad beëindig. Daar is weer teruggekeer na die ou reëling met Brits-Guiana sodat Firth, die Kalkutta-agent, andermaal vir beide kolonies as agent opgetree het.[73] Die rede waarom juis die Kalkutta-agentskap

---

70) Daar het wel genoeg voornemende emigrante na Madras gestroom maar hulle was uitgehongerde mense „half starved wretches who have flocked into the city on the chance of picking up a few stray grains of rice mingled with the sand on the sea shore."(II,II/1/3, R387: C. Reeves aan Beskermer,d.d.23/5/1877). Die inwoners van Madras was voorts, weens die hongersnood, vatbaar vir allerlei siektes. Ernstige aansteeklike siektes soos pokke, cholera en veneriese siektes het hoogty gevier (II,II/1/3, R380/1877: C.Ross aan Beskermer d.d. 4/7/1877; II,II/1/3, R387/1877: C. Reeves aan Beskermer,d.d. 23/5/1877). Hoewel die Madras-agent nie nodig gehad het om emigrante te werf nie, is hy nogtans deur die uitbreking van aansteeklike siektes aan bande gelê. Hy kon eers teen die middel van 1877, nadat die sterftesyfer (weens cholera) benede twintig per dag in die omgewing van Madras gedaal het, goedkeuring van die hawegeneesheer te Madras ontvang om emigrante te verskeep (II,II/1/3, R387/1877: C. Reeves aan Beskermer, d.d.23/5/1877). Die eerste Madras-emigrante, altesaam 490 wat Durban met die Northern Monarch bereik het, was, as gevolg van die uiters treurige toestande te Madras, van minderwaardige gehalte; twaalf emigrante het byvoorbeeld op reis weens diarree gesterf (II,II/1/3, R518/1877: Emigrasieagent, Madras,aan Beskermer, d.d. 20/10/1877. Kyk ook R563/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/12/1877). Vir die skepping van 'n onafhanklike Kalkutta-agentskap kyk II,II/1/4, 779/1878: J. Caldwell aan Koloniale Sekretaris,d.d. 10/4/1878.

71) Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslae vir 1877 en 1878.

72) In 1880 het die Kalkutta-agentskap slegs 505 emigrante vir Natal voorsien (Beskermer se Jaarverslag vir 1880). Kyk ook II, 11/1/4 TB 101/1878: Sekretaris, Trustraad aan Voorsitter, Trustraad, d.d. 9/7/1878; II, 11/1/2, R283/1877: Telegram, d.d. 3/5/1877 van Natalse Emigrasieagent, Kalkutta, aan Natalse emigrasieagent Madras; II, 11/1/4, R568/1877: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 31/10/1877. Kyk ook R579/1877: Firth aan Beskermer, telegram d.d. 30/10/1877 en ook 93/1877: Firth aan Beskermer, d.d. 30/10/1877; Beskermer se Jaarverslag vir 1879. In 1879 is die Madras-agent ook versoek om te bespaar. Hy is aangesê „to keep up the flow of emigrants during a partial suspension" maar is gewaarsku dat dié gepaard moet gaan met „due caution and economy" (II, 11/1/6, 76/1880: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 13/2/1879).

73) Dit is veral om ekonomiese redes gedoen, aangesien die Natalse Kalkutta-agent, Caldwell, se uitgawes buitensporig hoog was (Kyk voetnoot nr. 94 asook II, 11/1/4, 337/1878: Firth aan Beskermer, d.d. 29/1/1878). Kyk verder II, 11/1/7, 875/1880: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 26/8/1880. Die Trustraad het tot dié besluit geraak, aangesien „an amalgamation of the Agencies would save Natal considerably in cost of depot and other general expenses" II, 11/1/7, 875/1880: Firth aan Beskermer, d.d. 30/6/1880).

gekies is om gesluit te word, moet gesien word in die lig van die feit dat die Madras-agentskap emigrante teen 'n laer tarief (tussen £6 en £7 per emigrant teenoor Kalkutta se £7.7.6.) vervoer het. Die swak fisiese gehalte van die Madras-emigrante is egter nie in aanmerking geneem nie.[74)]

Intussen het die Madras-agentskap onder Ross 'n mislukking geblyk te wees (slegs 1,116 emigrante kon in 1879 deur dié agentskap voorsien word.)[75)] Hoewel die Madras-agentskap in 1880 deur Ross gereorganiseer is, was Ross te onvertroubaar om die agentskap aldaar te laat slaag.[76)] Hy het wel aan die begeerte van die

---

74) II,II/1/6, 76/1880: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 13/12/1879.

75) II,II/1/6, 76/1880: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 13/12/1879; II,II/1/6, 335/1880; Notule, Trustraad, d.d. 17/2/1880; II,II/1/7, 875/1880: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 26/3/1880; II,II/1/6, 335/1880: Notule van Trustraad, d.d. 19/4/1880.

76) 'n Klagte van kapt. Garden van die emigranteskip, Northern Monarch, is reeds in 1879 teen Ross ingebring dat sy pligte as Ontvanger van Doeane te Madras met dié as Natalse agent bots en dat hy, deur nalatigheid, sommige emigrante aan boord van die Northern Monarch onnodig laat nat word het en hul nie voldoende gevoed het om hul kragte te versterk nie. Ross het geantwoord dat die kaptein self moes toegesien het dat die emigrante behoorlik aan boord versorg word. Die Beskermer van Emigrante te Madras het Ross se standpunt gesteun. (II,II/1/4, 2124/1878: Beskermer van Emigrante, Madras, aan Hoofsekretaris Indiese regering, d.d. 25/3/1878. Kyk ook Ross aan R.J. Melville d.d. 23/3/1878). Daarop het die mediese beamptes wat die emigran op hul seereis vergesel het, by die Natalse Immigrasiedepartement gekla dat Ross onredelike druk op hulle uitgeoefen het om sekere ongewenste emigrante te aanvaar. Hul wou Ross nie te na kom nie omdat hulle gevrees het dat Ross invloed sou uitoefen om hulle van hulle amp te laat onthef. So bv. het dr. Watson in 1880 beswaar gemaak teen sommige van die Dunphaile Castle se emigrante maar Ross wou, op grond van die groot werwingskoste wat hy in verband met hulle aangegaan het, hulle nie deur ander, meer geskiktes, laat vervang nie. (II,II/1/8, 79/1881: W. Watson aan Beskermer, d.d. 2/12/1880). In 1880 het Ross sy hele werwingstelsel gereorganiseer en na die noordweste, suidweste en suide van Madras uitgebrei (II,II/1/7, 1077/1880: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 19/8/1880).

Natalse Trustraad voldoen om te bespaar, maar dit was ten koste van die gehalte van die emigrante. Hoewel die tarief waarteen die emigrante in 1882 na Natal verskeep is, onder £6 (Rs.57.7.3) per emigrant beloop het, het die aantal ongewenste emigrante so toegeneem dat dit onekonomies geword het.[77] Trouens teen Mei 1883 het Ross se belangstelling so afgeneem dat die Kalkutta-agent, wat op 'n deeltydse basis gefungeer het, toestemming verkry om binne die Madras-presidentskap werwingswerk te verrig.[78] Die aantal emigrante van Madras wat vir Natal bestem was, het in die tydperk 1881-1883 ook nog verder afgeneem.[79] Die poging van die Trustraad om twee

---

77) II,II/1/14, 881/1883: „Comparative Statement of Expenditure, etc." Wat Natal betref, moet gelet word op die periode Feb.-Des. 1882. Die totale versendingskoste van elke emigrant is soos volg bereken: Kantoor- en depotkoste: Rs.19.10.2; rantsoene: Rs.4.6.11; werwingskoste: Rs.29.9.8; verskepingskoste: Rs.4.1.11. Kyk ook II,II/1/11, 765/1882: Sekretaris van die Trustraad aan Beskermer, d.d. 17/8/1882. Kyk ook 1002/1882: J. McIntyre aan Beskermer, d.d. 28/10/1882. Volgens dr. McIntyre, 'n Natalse Mediese Beampte: „the Agency at Madras thinks number is all that is required in Natal, and care but little what the quality of the emigrant is." Ook 'n inwoner van Madras, J.H. Smith, het verwys na „the slow and bad shipment of Coolies made by the local (Natal) Agent here." (II,II/1/12, 294/1883: J.H. Smith aan Beskermer, d.d. 7/3/1883). In April 1883 het dan ook een van die swakste besendings in Natal met die Coldstream van Madras gekom. Die besending, bestaande uit 325 emigrante, is gekenmerk deur die groot aantal krankes aan boord. Ses van die emigrante het tydens die seereis gesterf en daar was 25 gevalle van disenterie en koorsagtigheid toe die Coldstream in die hawe van Durban geanker het. Daarbenewens is die Coldstream te Durban onder kwarantyn geplaas weens die aanwesigheid van twee pokkegevalle (II,II/1/12, 301/1883: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 2/3/1883. Kyk ook 328/1883: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/5/1883 en 277/1883: Beskermet aan Voorsitter, Trustraad, d.d. 23/4/1883).

78) Voordat Firth in Mei 1883 met verlof gegaan het, het hy reeds goedkeuring van die Beskermer van Emigrante te Madras verkry om werwingswerk in die Ganjam-distrik te verrig waar dit, volgens berekening, moontlik sou wees om sowat 250 emigrante per maand te werf. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hoewel die Ganjam-distrik onder beheer van die Madras-presidentskap gestaan het, die reis vir voornemende emigrante van daar na Madras vyf of ses dae per boot geduur het, teenoor slegs twee dae na Kalkutta (II,II/1/12, 399/1883: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 21/3/1883).

79) Kyk die Beskermer van Immigrante, Natal, se Jaarverslae vir 1881, 1882, 1883. Van die altesaam 2,612 emigrante wat in 1881 in Natal aangekom het, was slegs 909 van Madras afkomstig terwyl die ooreenstemmende syfers vir 1882, 753 uit 'n totaal van 1,626 en in 1883 slegs 604 uit 'n totaal van 1,464, was

Indiërs in 1882 na Madras te stuur om met die werwingswerk aldaar te help, het ook misluk.[80] Ross is gevolglik tot Oktober 1883 kans gegee om reëlings te tref vir die staking van sy agentskap op daardie datum.[81]

Intussen het die Trustraad in 1882 'n spesiale gesant, die Natalse Koloniale Sekretaris, sir C.B.H. Mitchell, in sy private hoedanigheid na Indië gestuur om die hele werwingsaangeleentheid aldaar te ondersoek „to secure a larger supply and a better class of labourer".[82] Op aanbeveling van Mitchell het die Madras-agentskap vanaf einde Oktober 1883 in die bekwame hande van Parry en Kie. gekom. Die nuwe agent het onmiddellik in Oktober 1883 aan die werk gespring om die ondoeltreffende reëlings van Ross te staak en die agentskap op 'n gesonde ekonomiese grondslag te reorganiseer.[83]

In Mei 1884 het Natal ook 'n bekwame Kalkutta-agent bekom, naamlik R.W.S. Mitchell. Hy is aangestel nadat Firth in 1883 gesterf het en tydelik deur H. Kirke in dié hoedanigheid opgevolg is. Mitchell, wat alreeds vroeër as agent vir Trinidad opgetree het,[84] was 'n agent wat enige emigrant wat 'n swak voorkoms vertoon het, van die hand gewys het.[85]

---

80) Die gemelde twee Indiërs het onverrigtersake ná Natal teruggekeer sonder om 'n enkele emigrant te werf. (II,II/1/2, 113/1883: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 2/3/1883. Kyk ook 248/1883: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, ongedateerd). Hoewel aangevoer is dat die werwers van Madras naywerig teenoor die twee Indiërs was en enige moontlike struikelblok in hul weg sou gelê het, moes Ross se belangeloosheid hulle ongetwyfeld nadelig beïnvloed het. (II,II/1/17, 113/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 8/12/1883: II,II/1/12, 294/1883: J.H. Smith aan Beskermer, d.d. 7/3/1883).

81) II, II/1/11, 764/1883: Sekretaris van die Trustraad aan Beskermer, d.d. 17/8/1882.

82) Die Beskermer van Immigrante, Natal, se Jaarverslag van 1882.

83) II, II/1/18, 238/1884: Jaarverslag van die Beskermer vir 1883; II, II/1/13, 546/1883: Notule van die Trustraad, d.d. 20/6/188 Die nuwe agent het die ooreenkoms wat Ross met 'n Indiër van Madras, ene Pulicat Balasoondrum Moodellia, aangegaan het om Natal kwartaalliks van 300 emigrante te voorsien, gekanselleer, aangesien „it being clear to us that he was not capable of doing justice to the business". (II,II/1/19, 501/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 20/2/1884.

84) II, II/1/12, 279/1883: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 27/2/1883: II, II/1/14, 793/1883: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1883; II, II/1/18, 238/1884: Jaarverslag van Beskermer vir 1883; II, II/1/20, 710/1884: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/5/1884; II, II/1/28, 899/1885: Beskermer se Jaarverslag vir 1885. Mitchell sou dieselfde besoldiging as Kirke, naamlik £500 per jaar, ontvang, en die aanstelling sou onderworpe aan ses maande vooraf kennisgewing aan beide kante wees.

85) II, II/3/22: Boekdeel 2, p. 386: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 1/10/1895.

Hoewel die twee nuwe agente dit moeilik gevind het om reeds in 1884 enige ingrypende verbeteringe in die fisiese gehalte en die getal emigrante te weeg te bring, het die reorganisasie van die betrokke agentskappe gedurende 1883 en 1884 die grondslag gelê dat Natal in die onmiddellike toekoms meer immigrante, asook van 'n beter gehalte, kon verwag.[86)] So bv. is ses werwers van Natal na Madras gestuur om die agent aldaar by te staan en Parry en Kie. het elke moontlike nuwe werwingsveld in Indië deeglik ondersoek.[87)] Die Madras-agent het ook baie strenger opgetree teenoor voornemende emigrante wat uit die depot aldaar gedros het.[88)] Mitchell se hande

---

86) II, II/1/19, 501/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 20/2/1884: II, II/1/20, 710/1884: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/5/1884. In 1884 het die Madras-agent slegs 783 emigrante en die Kalkutta-agent 839 emigrante aan Natal voorsien (II, II/1/20, 1031/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 5/8/1884; II, II/1/21, 1177: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/9/1884. Kyk ook 1308/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 30/9/1884; II,II/1/21, 1281/1884: Koloniale Sekretaris aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 1/10/1884; II, II/1/20, 1032/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/8/1884. Kyk ook 601/1884: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 5/5/1884. Die Trustraad het die Kalkutta-emigrante van 1884 as 'n bedelaarstipe beskryf, terwyl dié van Madras gedurende dié tyd ook maar twyfelagtig van aard was. So bv. was die emigrante van die Laurel (altesaam 301) wat in September 1884 van Madras in Natal aangekom het, tingerig gebou en ongeskik vir landbouwerk. 'n Vyf-en-twintig-jarige emigrant met 'n lengte van 4 vt. 8 3/4 dm. het bv. slegs 71 lb. geweeg (II, II/1/21, 1367/1884: Assistent-Beskermer aan Beskermer, d.d. 9/10/1884). Ook die Natalse Beskermer van Immigrante het beswaar gemaak teen die groot aantal ongewenste emigrante, soos kleremakers, haarsnyers, smede, priesters en blommeverkopers, wat geheel en al ongeskik vir landbouwerk was (II, II/1/21, 1367/1884: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 11/10/1884). Die rede vir die swak gehalte emigrante was dat die nuwe agente nog nie op dreef gekom het nie en dat die Trustraad druk uitgeoefen het om groter getalle emigrante (II,II/1/15: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 30/10/1883).

87) Die ses werwers is 'n goeie kommissie betaal en het met sukses tee die ander wedywerende agentskappe meegeding (II,II/1/26, 460/1885: Jaarverslag van die Beskermer vir 1884; II,II/1/21, 1250/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 26/7/18 Die Madras-agent het ook die werwingsveld uitgebrei. Hy het daari geslaag om dertig emigrante per maand van Coimbatoire ('n gebied waarvan Natallers graag emigrante ontvang het) te verkry, asook vyftien emigrante per maand van Salem. Die firma se verkenningswerk in die distrikte Kistra en Codaveri was egter minder suksesvo aangesien 'n spoorweg aldaar in aanbou was wat werk aan moontlike emigrante kon verskaf het (II,II/1/23, 1733/1884: Parry en Kie., aan Beskermer, d.d. 25/11/1884 en 29/1/1885).

88) II, II/1/12, 302/1883: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 2/3/1883: II, II/1/19, 501/1884: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 20/2/1884. Sommige Indiërs het slegs voorgegee dat hulle wou emigreer om sodoende die groot hawestede, soo Madras, en Kalkutta, kosteloos te bereik aangesien werk daar volo was en hulle daar dan 'n goeie besoldiging sou kon ontvang. Hul was die soort wat van die depots in die hawestede weggedros het, veral te Madras waar die depot nie behoorlik toegekamp was nie. Parry en Kie., het die drosters egter vervolg en op dié wyse die euwel doeltreffend bestry.

was egter meer gebonde as dié van Parry en Kie. aangesien hy op dieselfde grondslag moes optree as dié wat in 1881 tussen Brits-Guiana en Natal in werking was, samewerking wat reeds voorheen heelwat moeilikheid opgelewer het.[89)]

Omstandighede buite die beheer van die Kalkutta-agent het meegebring dat sy agentskap tydelik vanaf Februarie 1885 tot einde 1888 gesluit moes word, maar die agent het voortgegaan om terugkerende Indiërs te ontvang en hul belange te behartig waarvoor hy slegs £100 per jaar ontvang het teenoor sy vroeëre salaris van £500 per jaar.[90)] Hierdie toedrag van sake is teweeggebring deur die ineenstorting van die suikermark in Natal, net soos teen die helfte van die sestigerjare.[91)] Nogtans het die Madras-agent 'n bonus van £200 ontvang vir buitengewone ywer wat hy aan die dag gelê het.[92)] Daarby het hy bespaar deur emigrante nie onnodig lank in die depot te Madras oor te hou nie.[93)]

Na die sluiting van die Kalkutta-agentskap, is egter gevind dat die Madras-agent nie voldoende emigrante kon lewer om in Natal

---

89) II, II/1/20, 710/1884: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/5/1884: Die Beskermer van Immigrante, Natal, se Jaarverslag vir 1885.
90) GH 2416/1886: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Sekretaris vir Staat, d.d. 22/3/1886. Dit is te betwyfel of die sluiting van die Kalkutta-agentskap wel die voordele ingehou het waarop die Trustraad gehoop het, aangesien die sluiting op sigself 'n verlies van £712 meegebring het (II,II/1/26, 593/1885: Notule van die Trustraad, d.d. 11/12/1885).
91) Twee groot Natalse suikerplantasies, t.w. Prospect Hall Estate en Milkwood Kraal, het bv. geen verdere emigrante verlang nie, terwyl J. Liege Hullett slegs 10 van sy aangevraagde 35 emigrante wou hê (II, II/1/20, 1042/1884: Beskermer aan Assistent-Beskermer, d.d. 18/11/1884; II, II/1/25, 310/1885: Kyk antwoord van Natal Sugar Co. Ltd., d.d. 10/3/1885, op omsendbrief van Trustraad, d.d. 7/3/1885. Kyk ook antwoorde van Prospect Hall Estate, Milkwood Kraal en Hullett op gemelde omsendbrief. Gevolglik is aan die Natalse Kalkutta-agent opdrag gegee: „Send only 500 men season 1885. You will please therefore consider all other indents as cancelled." (II, II/1/23, 760/1884: Beskermer aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 24/12/1884; kyk ook II,II/1/22 1607/1884: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 2/12/1884).
92) II, II/1/26, 560/1885: Notule van die Trustraad, d.d. Januarie 1885.
93) Parry en Kie., het emigrante voor verskeping slegs sewe dae in die depot oorgehou. Sodoende is werwingskoste verlaag, aangesien die emigrante nie, soos in die geval van die vorige agente, soms tot drie maande in die depot moes deurgebring het en daardeur geleentheid kon kry om weg te dros nie (II,II/1/25, 285/1885: Charles Reeves aan Trustraad, d.d. Februarie 1885).

se behoeftes te voorsien nie.[94] Na die depressie (wat tot 1886 voortgeduur het) het die aanvraag om emigrante so toegeneem dat die Kalkutta-agentskap weer in 1889 heropen is,[95] veral omdat die Madras-agent nie voldoende immigrante vir Natal kon voorsien nie, soos blyk uit die volgende tabel :[96]

| Jaartal | | Getal Immigrante |
|---|---|---|
| 1886 | ............ | 227 (135 mans) |
| 1887 | ............ | 941 (645 mans) |
| Jul. 1888 - Jan. 1889 | ....... | 955 (570 mans) |

---

94) In 1885 het daar bv. 1,239 emigrante in Natal aangekom van wie 850 van Madras afkomstig was, in teenstelling met die 1,800 emigrante wat die Madras-agent gedurende die tweede helfte van 1884 en die eerste maand in 1885 voorsien het (Die Beskermer se Jaarverslag vir 1885). Hierdie syfers vergelyk nogtans baie goed as in aanmerking geneem word dat die vorige agente die voorafgaande ses jaar gemiddeld slegs 872 emigrante per jaar voorsien het. Die Trustraad wou ook die bedrywighede van die Madras-agent inkort, maar die betrokke agent het betyds gewaarsku: „then we must destroy what we have created. From the Colony's point of view, but injury." Kapt. C. Reeves, van 'n emigranteskip, het die Trustraad se aandag gevestig op die feit dat Parry en Kie, feitlik in elke deel van Suid-Indië werwers gevestig het en dat die betrokke firma ook bereid sou wees om emigrante te werf vanuit gebiede wa van die Natallers die meeste gehou het, tw. Vizapatem, Coimbatoir en Tanfore (II, II/1/26, 593/1885: Notule van die Trustraad, d.d. 17/2/1885; II, II/1/25, 285/1885: Charles Reeves aan Trustraad, d.d. Februarie 1885).

95) II, II/1/30, 1329/1885: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 27/4/1886. Gedurende 1887 het geeneen van die plantasies meer enige emigrante geweier nie. In Augustus 1887 is trouens om 56 meer emigrante gevra as waarom aanvanklik aansoek gedoen is (II,II/1/40, 948/1887: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 11/8/1887). Teen 1888 het die aanvraag so toegeneem dat die heropening van die Kalkutta-agentskap oorweeg is. Daar is bereken dat sowat die helfte van die 1889-aansoeke (ongeveer 3,100 mans) deur die Kalkutta-agentskap gelewer sou kon word aangesien die Madras-agentskap nie in staat sou wees om veel meer as eenduisend manlike emigrante te voorsien nie (II, II/1/45, TB101/1888: Sekretaris, Trustraad, aan Voorsitter, Trustraad, d.d. 9/7/1888). In Natal was daar ook 'n behoefte aan emigrante wat as ambagsmanne gebruik kon word, veral wamakers, timmermans, smede, messelaars en saalmakers (II,II/1/36, 1038/1886: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 16/3/1887). Die Natalse Spoorweë alleen het om 300 ambagsmanne aansoek gedoen (II, II/1/50, 974/1889: Aansoeke vir 1889 en 1890). Die Madras-agent wat nouliks voldoende gewone arbeiders kon voorsien, het verduidelik dat die besoldiging vir ambagsmanne buitensporig hoog sou wees om hulle te oorreed om Indië te verlaat, aangesien wamakers, timmermans en smede in Indië van Rs.15 - Rs 30 per maand verdien het, terwyl messelaars en saalmakers van Rs 15 tot Rs 30 verdien het (II,II/1/36, 1038/1886: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 16/3/1887). Teen September 1889 was die Beskermer van Immigrante steeds deur toenemende aansoeke oorweldig. Dit het tot die heropening van die Kalkutta-agentskap, wat terugwerkend van 1 Januarie 1889 gemaak is gelei (II, II/1/50, 974/1889: Besluit van Trustraad, d.d. 21/9/1889.

96) Beskermer se Jaarverslae vir 1886 en 1887; II,II/1/45, 1014/1888: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/8/1888; II,II/1/46, 1198/1888: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 19/10/1888; II,II/1/47, 101/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/1/1889. Kyk ook 156/1889: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 6/11/1888.

Daar was ook ander faktore wat die vraag na immigrante in Natal vergroot en die heropening van die Kalkutta-agentskap genoodsaak het. Een daarvan was die ontwikkeling van die suikerbedryf langs die Natalse kus sedert 1885, veral in Zoeloeland.[97] Bantoe-arbeid het al hoe skaarser en duurder geword, aangesien groot getalle Bantoes na die goudvelde gelok is.[98] Die Natalse burgers in die binneland wat d.m.v. hul belastings indirek ook tot die immigrasiekoste bygedra het, wou ook van dié arbeid gebruik maak, veral omdat Bantoe-arbeid skaarser geword het. Verder het die uitbreiding van die Natalse Spoorweë al hoe meer werksmense geverg en die immigrante kon doeltreffend vir dié doel aangewend word, terwyl handearbeiders in die Natalse steenkoolmyne dringend nodig geword het.[99]

In hierdie vraag na immigrante kon vanaf 1889 beter voorsien word omdat die Natalse werwingswerk in Indië vanaf dié jaar andermaal in die hande was van twee bekwame agente, wat 'n konstante toevloei van emigrante verseker het. As 'n voorbeeld van die Kalkutta-agent se bekwaamheid getuig die verbetering wat hy in 1892 met die watertoevoer na sy depot bewerkstellig het, asook om die gronde en geboue ruim genoeg vir beide die agentskappe van Natal en Brits-Guiana te maak.[100] Die Kalkutta-agent het ook emigrante na sy depot gelok deur voorsiening te maak dat hulle op 'n houtplatform van ongeveer 2½ vt. bo die grond kon slaap, wat voorkom het dat hulle die nag op die klam, misbesmeerde, dun sementvloer moes deurbring.[101] Om met die toenemende aanvraag na emigrante rekening te hou, was die Madras-agent verplig om sy akkommodasiefasiliteite teen 'n beraamde koste van sowat Rs 1500 uit te brei, omdat die tydelike afdakke ondoeltreffend geblyk het.[102] Parry en Kie. het die Madras-agentskap se geboue verander tot „large, airy and substantial buildings."[103]

---

97) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1897, p. A5; ibid vir 1909, p.7.

98) Ibid, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1896, p.A4; Ibid vir 1909, p.7.

99) Ibid.

100) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 1894, pp. A23, A29. Die Kalkutta-agent het oor voldoende akkommodasieruimte beskik omdat die onderhoudskoste deur twee kolonies, Natal en Brits-Guiana, gedeel is (GH 24, 181: Koloniale Kantoor aan Luitenant-goewerneur, d.d. 30/1/1883). Die Kalkutta-depot was nietemin swak belig en die vermoede het ontstaan dat dit tot siektes aanleiding sou gee (Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1902, p. 5).

101) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 1894, p. A29. Die Natalse Beskermer van Immigrante het die Natalse Agentskappe in Indië in 'n puik toestand gevind toe hy Indië in 1894 besoek het (Ibid).

102) II, 11/1/46, 1228/1888: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer d.d. 18/12/1888.

103) II, 11/1/45, 623/1879: Ross aan Beskermer, d.d. 28/5/1879. Parry en Kie. het in 1892 aangedring op 'n verbetering van die akkommodasiefasiliteite omdat die gebrekkige beskutting die verskeping van emigrante belemmer het (II, 11/3/17: Boekdeel 21, p. 481: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 7/9/1892. Kyk ook Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 1894, p. A24.

Hoewel daar gedurende 1889 altesaam 1,556 immigrante in Natal aangekom het, was daar nog 1,747 immigrante uitstaande wat gedurende die jaar 1890 voorsien moes word.[104] Na die heropening van die Kalkutta-agentskap was daar wel vanaf 1890 tot 1894 'n gereelde toevoer van meer as 2,500 emigrante per jaar vanaf Madras en Kalkutta maar die tempo was nog nie voldoende om in die aanvraag te voorsien nie.[105] Vanaf Julie 1894 tot 1900 was die toevoer van emigrante, hoewel veel meer as gedurende die voorafgaande periode, baie wisselvallig soos blyk uit onderstaande tabel:[106]

| Jaartal | Getal Immigrante |
|---|---|
| Julie 1894 - Junie 1895 | 1,538 |
| 1896 | 3,951 (2,455 mans) |
| 1897 | 6,051 (3,764 mans) |
| 1898 | 5,939 (3,607 mans) |
| 1899 | 1,300 ( 867 mans) |
| 1900 | 4,510 (3,168 mans) |

Ondanks die onvermoeide pogings van die twee Natalse agente in Indië was daar egter etlike faktore wat verhoed het dat Natal tot vóór 1901 deur Indiër-immigrante oorstroom word. Die Madras-agent kon veel meer emigrante verskeep het indien hy toegelaat was om gereeld gedurende die geskikste emigrasieperiode (Julie, Augustus en September) te werf, maar weens die gevaar van cholera kon dit nie gedoen word nie.[107] Dit was moeilik om voldoende vroue-emigrante van Madras te bekom en die Indiese regering was ook nie bereid om die persentasie vroue aan boord van emigranteskepe te verminder nie.[108] Soms kon die tekort aan emigrante deur die Kalkutta-agent aangevul gewees het, maar die Natallers wou liewer Madras-emigrante hê.[109] Daarbenewens het die Kalkutta-emigrante gewoonlik in 'n tyd (Januarie, Februarie en Maart) gekom waarin hulle aan siektes onderhewig was.[110] Werwingswerk in die Madras-presidentskap is ook

---

104) II, 11/1/50, 974/1889: Aansoeke vir 1889 en 1890.
105) Natalse Departementele Jaarverslae: Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 1894, p. A2 en vir 1894 - 1895, pp A5 - 7.
106) Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslae vir die betrokke jar
107) Natalse Departementele Jaarverslae: Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 1894, p. A.52.
108) Natalse Departementele Jaarverslae: Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1893 - 1894, p. A27.
109) Vir die jaar 1896 is bv. slegs 317 emigrante van Kalkutta aangevr teenoor 1,438 van Madras (Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Trustraad vir 1895 - 1896, p. A27). Kyk ool hoofstuk 1, p. 2.
110) Natalse Departementele Jaarverslae: Jaarverslag van die Trustraad vir 1894 - 1895, p. A46.

bemoeilik deur wedywering van die kant van Ceylon, Assam en die Strait-nedersettings.[111)]

Om die groot tekort aan arbeiders in Natal nog verder te bemoeilik, het daar vanaf 1898 tot 1900,[112)] die „threefold calamity in the Indian Empire, viz. Famine, Plague and Cholera" geheers.[113)] Die hongersnood na die cholera-epidemie (1898-1900) het die fisiese gehalte van emigrante ver benede die gemiddelde laat daal.[114)] Baie van hulle was liggaamlik so swak dat hulle dikwels op reis na Natal gesterf het.[115)] Afgesien van siektes en pes in Indië het die uitbreking van die Tweede Vryheidsoorlog ook daartoe bygedra dat die getal Indiër-emigrante na Natal beperk gebly het, want emigranteskepe was met die aanvang van die oorlog moeilik verkrygbaar, weens die opeenhoping by die Kaapse hawe.[116)]

---

111) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer vir 1897, p.A6. Die Madras-agent was verplig om sy werwingsgebied dieper na die binneland uit te brei, wat gevolglik die koste laat styg het. Daarop is 'n poging aangewend om die Natal-agentskap met dié van Mauritius te amalgameer om daardeur emigrasie-uitgawes te besnoei, maar dié poging het misluk (II,II/1/88, 1421/1898: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/12/1897. Kyk ook brief van Emigrasieagent, Madras, aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 14/5/1898: Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1897, p.A6).

112) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1898, p.A5. Kyk ook die Beskermer se Jaarverslag vir 1899, p.A8, en die Beskermer se Jaarverslag vir 1900, p.19. So bv. is alle emigrasie vanaf Kalkutta gedurende 1898 (April tot November) gestaak (II,II/1/92, I 408/1899: Bevolkingstaat. Kyk ook II,II/1/95, I 171/1900 en die Beskermer se Jaarverslag vir 1898, p.A5). Gedurende 1899 (Maart tot November) is alle emigrasie vanaf alle hawens gestaak en gedurende Maart 1900 is emigrasie weer vana Kalkutta vir 'n maand gestaak. (Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1899, p.A8; kyk ook Jaarverslag van die Trustraad vir 1899-1900, p.2)

113) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1900, p.19.

114) Natalse Departementele Jaarverslae, Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1898, p. A2. Twee van die Kalkutta-skepe, die Pongola en die Conzella, is in 1899 te Durban onder kwarantyn geplaas weens die uitbreking van masels en koors (Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1900, p.4).

115) So bv. het 313 swakgeboude manlike en 137 vroue-emigrante gedurende 1900 van Kalkutta Natal bereik. Etlike emigrante van die oorspronklike besending het op reis aan boord die Umlazi gesterf (Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1900, p.4).

116) Jaarverslag van die Trustraad vir 1899-1900.

8. Toeloop van Indiër-emigrante na Natal.

Sedert 1901 het Natal egter 'n groot toevloei van emigrante ondervind. Vir die periode 1901-1902 het altesaam 13,837 emigrante in Natal aangekom.[117] Hierdie toedrag van sake is teweeggebring deur die beëindiging van die siekte-epidemies, die oorhand van die Britte in die Tweede Vryheidsoorlog en veral die uitwerking van klousule twee van die Natalse Wet nr. 17 van 1895. Ingevolge laasgenoemde wet kon kontrakarbeiders onmiddellik ná die verstryking van hul dienstermyn met 'n vry passasie na Indië terugkeer. Hierdie toegewing het die werwing van emigrante in Indië vergemaklik en die getal emigrante laat styg, veral sedert 1901 toe die wet sy eerste vrugte afgewerp het. Daarbenewens het die Beskermer in Natal by sy agente in Indië aangedring om meer emigrante te werf.[118]

Die groot vermeerdering van die getal Indiër-immigrante het die Natalse regering laat nadink oor die nadelige gevolge van sulke groot getalle Indiërs in die Natalse samelewing en oor die wenslikheid om Indiër-immigrante te verplig om na die verstryking van hul dienstermyn in Natal na Indië terug te keer. Daarom is 'n Natalse afvaardiging in 1903 na Indië gestuur met die spesifieke doel om die Indiese regering te oorreed om Indiër-immigrante in Natal te dwing om na Indië terug te keer onmiddellik na afloop van hul kontrakperiode, maar die Natalse afvaardiging het misluk in sy sending.[119]

Die toeloop van emigrante, wat reeds teen die einde van die Tweede Vryheidsoorlog in momentum begin toeneem het, het gedurende

---

117) II,II/1/176, I1793/1910: Statistieke insake Indiërbevolking. Gedurende 1902 het die aanvraag om Indiër-immigrante in Natal ongekende hoogtes bereik weens die groot hoeveelheid Bantoes wat Natal verlaat het om te help met die ontginning van die goudvelde (Die Beskermer se Jaarverslag vir 1902, p.15). In 1903 het 5,116 immigrante in Natal aangekom (Beskermer se Jaarverslag vir 1903, pp. 3-5, 12-14).

118) In Natal was die vraag na immigrante en die invloed van die planters nog te groot om die immigrasieskema te beëindig (Votes and Proceedings of the Natal Legislative Assembly, vol. 36, p.87).

119) Votes and Proceedings of the Natal Legislative Assembly, vol. 36, p.87. 'n Breedvoerige uiteensetting van die betrokke afvaardiging se werk word in hoofstuk II verstrek.

die periode 1901-1907 [120] sulke groot afmetings aangeneem dat dit vir Natal in dié kort tyd onmiddellik 'n vraagstuk geskep het (nie net wat getalle betref nie, maar ook die swak gehalte van die nuwelinge) wat andersins moontlik afgeweer kon gewees het. Die voorsiening van so 'n groot getal emigrante binne so 'n kort tydperk het selfs vir Natal se bekwame agente in Indië te veel geblyk te wees. Aan die gehalte van die emigrante kon nie die nodige aandag gegee word nie, veral as in aanmerking geneem word dat selfs in dié kort tyd die werwing van emigrante in beide Kalkutta en Madras weens die uitbreking van cholera en malariakoors by tye gestaak moes word.[121]

Die instroming van emigrante gedurende 1901-1907 het die verdere vraag na emigrante feitlik uitgewis, maar dit was reeds te ver gevoer om 'n Indiër vraagstuk te voorkom.[122] Natal het gekry waarvoor hy gevra het. Die werwers het die getalle voorsien, maar dit binne so 'n onoordeelkundige kort tyd gedoen, dat dit nie die werwers verkwalik kon word dat die gehalte van die emigrante daarvoor ingeboet moes word nie. Die Indiërvraagstuk in Natal was dus nie slegs 'n

---

120) Die getalle emigrante vir gemelde sewe jaar was soos volg:

| Jaartal | Van Kalkutta | Van Madras | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1901 | 816 (465 mans) | 6529 (3852 mans) | 7345 (4317 mans |
| 1902 | 2119 (1340 mans) | 4373 (2640 mans) | 6492 (3980 mans |
| 1903 | 2312 (1491 mans) | 2804 (1746 mans) | 5666 (3227 mans |
| 1904 | 1644 (1078 mans) | 6048 (3708 mans) | 7692 (4786 mans |
| 1905 | 1767 (906 mans) | 6150 (3891 mans) | 7917 (4791 mans |
| 1906 | 3855 (2365 mans) | 7786 (4650 mans) | 11641 (7015 mans |
| 1907 | 474 (332 mans) | 6012 (3608 mans) | 6486 (3940 mans |

(Kyk die Beskermer se Jaarverslae vir die betrokke periode). Daa het dus binne die bestek van sewe jaar vanaf 1901 tot 1907 52,689 emigrante aangekom, d.w.s. sowat twee derdes van die totale getal, naamlik 77,284 wat tot die einde van 1899 na Natal gekom het (II, 11/1/176, I 1793/1910: Statistieke insake Indiërbevolking; Die Beskermer se Jaarverslag vir 1899). Gedurende 1904 het vyf skepe die Kalkutta-emigrante vervoer, terwyl dertien skepe die Madras-emigrante vervoer het. Gedurende 1905 en 1906 het onderskeidelik vyf en nege skepe die Kalkutta-emigrante vervoer, terwyl onderskeidelik veertien en sestien skepe die Madras-emigrante vervoer het (Jaarverslag van die Beskermer vir 1904 (p. 4 en 1905 (pp. 1 - 2) en 1906 (pp. 1 - 2).

121) Gedurende 1905 het daar cholera in Madras uitgebreek en die verskeping van emigrante aldaar moes vir twee maande in dié jaar gestaak word. In 1906 was die emigrante van Kalkutta van so 'n swak gehalte, gedeeltelik weens malaria, dat verdere verskeping van die hawe tydelik gestaak is (Jaarverslag van die Beskermer vi 1905 (p. 12) en 1906 (p. 13). Swak gehalte emigrante het veral van die Madras-distrikte, Noord- en Suid-Arcot, Cuddapah en Chingleput gekom, terwyl 'n aantal fisies swak ontwikkelde emigrante ook van die Malabarkus afkomstig was (Beskermer se Jaar verslae vir 1902 en 1904 (p. 13) en 1900 (p. 4).

122) Kyk Jaarverslae van die Beskermer van Immigrante vir die betrokk jare.

kwessie van getalle nie, maar die swak gehalte wat met die groot getalle gepaard gegaan het binne 'n onredelike kort periode, het die wortel van die probleem gevorm.

Die aantal immigrante wat Natal ná 1907 tot die einde van die kontrakstelsel in 1911 binnegekom het, het wel baie afgeneem, maar dit was reeds te laat om enige noemenswaardige verskil te maak.[123] Vir hierdie afname na 1907 was ook ander faktore verantwoordelik soos goeie oeste in Madras en die mededinging van die Penang- en Ceylon-agentskappe.[124]

Eers in 1910 het die vraag na emigrante sedert die grootskaalse instroming van 1904-1906 weer begin toeneem, hoofsaaklik as gevolg van die ontwikkeling van die suikerbedryf in Zoeloeland.[125] Dit het tot gevolg gehad dat die Kalkutta-agentskap, wat intussen gedurende 1909 gesluit was, weer vir ses maande vanaf 1 Januarie 1910 moes heropen aangesien die Madras-agent nie in staat was om voldoende emigrante te voorsien nie.[126] Selfs nog in Augustus 1910 was daar aansoeke om 16,486 emigrante, maar voordat hierdie getal gewerf kon word, is die verskeping van emigrante na Natal in 1911 deur die Indiese regering beëindig omdat laasgenoemde ontevrede was oor sogenaamde diskriminasie teen Indiërs in Natal.[127]

## 9. Samevatting

Van Staatsweë is met die Emigrasiewet (Wet nr. 7 van 1871) gepoog om emigrante teen misbruike in die werwingstelsel te beskerm. Opvallend is die deurtastende ondersoeke (hoofsaaklik medies) wat voornemende emigrante moes ondergaan voordat hulle toegelaat is om te emigreer. In gevalle waar Indiese amptenare, veral die polisie, hulle aan korrupsie skuldig gemaak het, het die staat nie in sy doel geslaag nie, veral betreffende Indiërvroue. Dikwels het Indiërvroue

---

123) Gedurende 1907 het een skip van Kalkutta en 15 skepe van Madras die emigrante na Natal vervoer. In 1908 het 823 emigrante (540 mans en 218 vroue) met twee skepe van Kalkutta en 2,351 emigrante (1,408 mans en 575 vroue) met vyf skepe van Madras in Natal aangekom, terwyl daar in 1909 slegs 2,487 emigrante (1,510 mans en 611 vroue) uitsluitlik van Madras met sewe skepe Durban bereik het (Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1907, pp.3-4; Ibid vir 1908, p.2; Ibid vir 1909, pp.1-2)
124) Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1908, p.7.
125) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1905, p.12.
126) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1909, p.7.
127) CSO 1894, 4996/1910: Ondersekretaris, Binnelandse Sake, aan Sekretaris, Binnelandse Sake, d.d. 24/8/1910.

geëmigreer wat nie veronderstel was om Indië te verlaat nie. Die korrupsie van Indiese amptenare het egter slegs die getal gewerfde emigrante gegeld en nie soseer hulle gehalte nie, aangesien die Natalse emigrasieagent en die geneesheer-superintendent aan die Natalse regering verantwoordelik was vir die gehalte van emigrante wat Natal bereik het.

Die Natalse regering het die insypeling van ongewenste emigrante probeer voorkom deur die aanstelling van 'n Mediese Raad, bestaande uit twee Natalse dokters, wat vanaf 1887 alle manlike emigrante by hul aankoms ondersoek het, en, indien nodig, na Indië teruggestuur het.[128)] Ten spyte van alle voorsorgmaatreëls het immigrante van swak gehalte tog Natal binnegekom. 'n Wisselwerking van faktore, waarvan die volgende die belangrikste was, was daarvoor verantwoordelik: 1) swak gehalte emigrasieagent, soos bv. G. Ross van Madras; 2) Indiërvroue is, volgens hul godsdiensoortuiginge, nie toegelaat om medies ondersoek te word nie; 3) gedurende periodes van hongersnood en epidemies was dit moeilik om behoorlike keuring van emigrante toe te pas; 4) gedurende periodes waarin oeste in Indië goed was, het werwers dit moeilik gevind om geskikte emigrante te werf; 5) aangesien die werwers nie 'n vaste loon ontvang het nie, is hul werk nie deur hulself as waardig genoeg beskou nie; 6) die emigrante was afkomstig van 'n volk wat in algemeen ver benede die standaard van die Europese blanke beskawing is, en 7) die druk wat die Trustraad op die emigrasieagente uitgeoefen het om te veel emigrante in 'n te kort tyd te voorsien.

Die gehalte van emigrante wat voor 1901 gewerf is, was uit die breër oogpunt beskou, nie so deurslaggewend nie, aangesien die getal emigrante tot op daardie tydstip (sowat 77,284 in 1899) nie so 'n groot vraagstuk sou geskep het nie. Dit was egter die krisisperiode 1901-1907, toe 52,689 emigrante Natal ingestroom het, wat Natal sy Indiërprobleem besorg het, veral as in gedagte gehou word watter hoë eise dit aan werwingswerk in Indië gestel het. Hierdie groot instroming het, figuurlik gesproke, die kameel se rug gebreek hoewel die groot meerderheid van die immigrante wel later na Indië sou terugkeer. Die instroming vanaf 1901 tot 1907 het verseker dat die aantal immigrante wat wel in Natal sou agterbly, groot genoeg sou wees om Natal se oplossing van 'n vry oortog terug na Indië te verydel.

Die Natalse regering moes egter besef het dat die omvang wat immigrasie binne sewe jaar ná 1900 aangeneem het, nie bevorderlik vir die verkryging van goeie gehalte immigrante sou wees nie. Dit is egter die Natalse regering self wat hierdie probleem geskep het en nie soseer die werwingstelsel nie. Die emigrasieagente en werwers het getrag om die getalle te voorsien waarop Natal naarstig aangedring het

128) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1887.

# HOOFSTUK 3

## DIE REIS OORSEE EN DIE AANKOMS IN NATAL

### 1. Kontrakte met skeepvaartmaatskappye vir die vervoer van emigrante.

Die gedagte aan 'n gereelde skeepvaartdiens vir die vervoer van kontrakarbeiders het by die Natalse spesiale agent, kapt. McLeod, wat in 1874 na Indië gestuur is, ontstaan. Aangesien geen seilskepe vir dié diens beskikbaar was nie, sou stoombote dus gebruik moes word.[1] Hy het dit as die doeltreffendste diens beskou, wat uiteindelik ook ekonomiese voordele sou afwerp, veral as die dienste van een bepaalde maatskappy verkry sou kon word om emigrante vier keer per jaar met gereelde tussenposes tussen Kalkutta en Durban te vervoer.[2] The Natal Mercury [3] het McLeod se gedagte ondersteun deur so 'n gereelde stoombootdiens tussen Kalkutta en Natal te bestempel as 'n gesonde reëling om Natal van „buite-invloede" onafhanklik te maak en ook omdat dit die moontlikheid sou inhou om meer immigrante (bv. van Madras en Bombaai af) vir Natal te verkry.

Aanvanklik het die Natalse regering die vervoerreëling egter gelaat in die hande van sy agente in Indië, wat vir elke besending emigrante deur middel van advertensies tenders van verskillende skeepvaartmaatskappye ingewin het.[4] By die beoordeling van die tenders het die geskikste skepe en veral die billikste pryse die deurslag gegee, maar voordat 'n bepaalde ooreenkoms aangegaan is, is die skepe van die suksesvolle tenderaars eers deeglik deur 'n bevoegde skeepvaartinspekteur nagegaan om enige moontlike tekortkomings op te spoor.[5] Dit het gebeur dat skepe wat nie aan die vereiste standaard voldoen nie, afgekeur is, bv. in 1878 is die Ibdhil Kader afgekeur weens 'n lae en oop reling.[6] Voornemende tenderaars het nou gesorg dat

---

1) The Natal Mercury, d.d. 25/4/1874 en 21/5/1874.
2) Ibid, d.d. 21/5/1874. So 'n diens sou, volgens McLeod, die vervoerkoste van emigrante binne redelike perke hou. Die koste sou selfs later vanaf die aanvanklike £11 per emigrant tot £7 en selfs £6 verminder kon word indien die skepe op hulle terugreis na Indië by Mauritius sou kon aandoen om terugkerende arbeiders op te laai.
3) Ibid, d.d. 24/4/1874 en 30/7/1874.
4) II, II/1/1A, R529/1875: E. Snell en Kie. aan Beskermer, d.d. 28/10/1874; II, II/1/2, R780/1877: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 5/3/1877.
5) II, II/1/5, 1189/1878: Emigrasieagent Madras aan Beskermer, d.d. 10/8/1878; II, II/1/5, 1073/1878: Ross aan Beskermer, d.d. 23/3/1878.
6) II, II/1/4, 350/1878: R.J. Mitchell aan Ross, d.d. 10/1/1878.

hulle skepe wel die toets kon deurstaan.[7]

Hoewel skepe aan sekere vereistes moes voldoen, was die gehalte van skepe egter 'n ondergeskikte faktor by die aanname van tenders. Die belangrikste enkele faktor was ongetwyfeld die prys waarteen emigrante vervoer kon word.[8] In Maart 1878 het kapt. Garden van die Northern Monarch bv. in dié verband verklaar: „There is very little inducement held out for high class suitable ships to engage in this business, as at present the rate per adult appears to be the primary consideration and not the suitableness of the ships tendering." Daarop was die reaksie van die Natalse Madras-agent dat dit die Natalse regering is wat die voorwaardes stel en dat hy slegs die beste vir Natal probeer verkry vir wat laasgenoemde bereid was om te betaal, want „it is our business to make the best bargain we can for our employers consistently with securing safe and efficient means of transit."[9]

Oor die algemeen het die Natalse Trustraad om ekonomiese redes voorkeur gegee aan kleiner skepe van sowat 1000 ton, wat ongeveer 400 emigrante per keer kon vervoer. Dit was naamlik nie lonend om die groot skepe, wat spesiaal vir die vervoer van kontrakarbeiders gebou is, te huur as daar nie genoeg emigrante was om hulle elke keer te vul nie.[10] Daarbenewens het skeepsmaatskappye soms eise ingestel as die bepaalde skepe met minder as volle vrag moes vaar. So het die firma G. Marshall en Seuns bv. in Maart 1877 £2000 geëis omdat die Winchester nie genoeg emigrante aan boord gehad het nie.[11]

---

7) In 1875 het die Aberdeen Clipper-seevaartmaatskappy bv. een van hul skepe, die Umvoti, geheel en al opgeknap spesiaal vir die vervoer van emigrante (II, II/1/1: J. Rennie aan Beskermer, d.d. 5/8/1875).

8) II, II/1/5, 2124/1878: R.J. Mitchell aan Hoofsekretaris, Indiese regering, d.d. 25/3/1878.

9) II, II/1/5, 2124/1878: Ross aan Beskermer, d.d. 23/8/1878. Dat dit nie net praat was nie, blyk daaruit dat die betrokke agent in April 1878 een na die ander tender weens die hoë tarief van die hand gewys het (II,II/1/4, 647/1878: Madras-emigrasie-agent aan Beskermer, d.d. 5/4/1878). In Julie het dieselfde agent uit 8 tenders slegs die laagste twee aanvaar, nl. teen £5.10. met die Vimera en teen £5.0.0. per emigrant met die Umvoti (II,II/1/5, 1075/1878 : Ross aan Beskermer, d.d. 3/7/1878), terwyl hy 'n maand later twee tenders teen £6 per hoof, met die skepe Zenobia en Hastings, moes aanneem omdat die tenderaars nie mededingend genoeg was nie (II,II/1/5, 1189/1878: Ross aan Beskermer, d.d. 10/8/1878).

10) II, II/1/2, R.53/1877: F. Colepeper se ongedateerde memorandum; The Natal Mercury, d.d. 11/7/1876 en 25/7/1876.

11) II, II/1/2, R.81/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/3/1877.

Die vervoer van emigrante het vanaf die tagtigerjare op 'n hegter grondslag plaasgevind toe ooreenkomste met bepaalde skeepvaartmaatskappye vir periodes van tot tien jaar aangegaan is om emigrante teen 'n vaste tarief te vervoer wat van £5.10.0. per emigrant in 1890 tot £6.0.0. per emigrant in 1902 gewissel het.[12] Hierdie tarief het nie veel verskil van dié van die sewentigerjare nie, maar die gehalte van diens het gestyg, veral gedurende die neëntigerjare en aan die begin van die twintigste eeu toe King en Seuns die emigrante op 'n langtermynbasis vervoer het.[13]

2. Die skeepvaartregulasies.

Selfs nadat skeepvaartmaatskappye se tenders om emigrante te vervoer aanvaar is, was daar nog heelwat struikelblokke in die weg van die betrokke maatskappye wat veral deur die menigvuldige bepalings van die Indiese regering se skeepvaartregulasies veroorsaak is.[14] Een van die ongewilde regulasies was die verpligte installering van outomatiese ventilators.[15] Behalwe die skeepvaartinspekteurs, wat hoofsaaklik gemoeid was met die aanname van tenders, het die Indiese regering ook 'n deskundige Raad van Ondersoek ingestel om toe te sien dat skeepvaartmaatskappye nie probeer om die lastige regulasies te omseil nie. Nogtans het maatskappye, waar moontlik, wel sulke regulasies omseil. 'n Algemene metode van omseiling was om sekere verpligte items van ander skepe „te leen" totdat die betrokke skip deur die Raad van Ondersoek nagegaan was. Sodra die ondersoek verby was, is die items weer aan die eienaars terugbesorg en het die skip na Natal vertrek sonder die nodige toebehore. Sulke gevalle is somtyds by die Indiese regering aanhangig gemaak en daar is teen die skuldiges na gelang van omstandighede opgetree.[16]

Die Indiese regering het soms wanneer omstandighede dit geregverdig het, die toepassing van sekere regulasies verslap, soos bv. die opheffing van die verpligte gebruik van outomatiese ventilators vir kort roetes, onder andere tussen Indië en Natal, omdat die koste verbonde

---

12) Kyk hoofstuk 2. Die vervoer vanaf Kalkutta was duurder, meer as £7.0.0. per emigrant.
13) Die aard van gemelde ooreenkomste is reeds in hoofstuk 2 behandel.
14) II, II/1/1A, R183/1876: J.J. Rennie aan Beskermer, d.d. 15/8/1876.
15) CSO 2333, p.539; Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 19/4/1882.
16) In 1878 het die Copenhagen bv. sonder een boot en 'n skeepsjoernaal in Natal aangekom (Die Beskermer se Jaarverslag vir 1878, p.1).

aan die installering daarvan geen noemenswaardige verskil sou maak aan die aantal sterfgevalle op so 'n kort roete soos dié van Indië na Natal nie.[17] Ook is sekere vergunnings gedurende oorlogsomstandighede toegelaat, soos bv. gedurende die Tweede Vryheidsoorlog toe emigranteskepe met troepevoorrade gevul is. Onder andere is die bagasieruimte van die Umzinto, wat uitsluitlik vir emigrante bedoel was, in 1900 met troepevoorrade gevul.[18] Met die toestemming van die Beskermer van Emigrante in Indië is daar ook gedurende 1892-1897 'n aantal gewone passasiers toegelaat om in emigranteskepe na Natal te reis.[19]

3. Die regulasies op emigranteskepe van Mauritius.

Die beperkte aantal emigrante wat van Mauritius na Natal gekom het, is ook ooreenkomstig 'n beslissing van die Indiese regering in 1876 onder dieselfde regulasies na Natal verskeep as waaronder al die ander kontrakarbeiders van Indië gekom het, en wel met betrekking tot die

---

17) CSO 2333, p. 539; Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 19/4/1882. Die regulasie insake die outomatiese ventilators is in 1880 ingestel, maar gelukkig het die Indiese regering op versoek van die Natalse regering in 1882 toegestem dat dit nie verder vir Natal van toepassing sou wees nie. Die installering van outomatiese ventilators sou noodwendig die vervoertariewe tussen Indië en Natal beïnvloed het.

18) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1900, p.6. In 1901 was die Umzinto oorvol en in 1902 het die skeepsdokter van die Warora gekla oor die yster-tussendele („iron between decks") wat blykbaar nie volgens regulasies was nie (Die Beskermer se Jaarverslag vir 1901 (p.11) en vir 1902 (p.7).

19) Die emigranteskepe waarvoor tenders verkry is, is gewoonlik slegs vir kontrakarbeiders gebruik, maar indien die Beskermer van Emigrante by die betrokke Indiese hawens toestemming verleen het, kon 'n beperkte aantal sogenaamde „dekpassasiers" ook toegelaat word. Dié gebruik het veral vanaf 1892 tot 1897 geduur. Gewoonlik is slegs 'n paar van hulle per skip toegelaat, maar teen 1897 het selfs 41 dekpassasiers met die Umzinto opgedaag en is die gebruik daarna gestaak (II',II/3/17: Boek 2, p.469: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/9/1892: II, II/3/19: Boek 2, p.661: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/1/1894; II,II/3/21: Boek 2 p. 142: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/1/1895; II,II/3/22: Boek 1, p.453: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/6/1895; II, II/3/22: Boek 2, p.541: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/10/1895;II,II/3/23: Boek 1, p.635: Beskermer aan Koloniale Sekretaris,d.d.17/3/1896 II,II/3/23: Boek 2, p.419, Beskermer aanKoloniale Sekretaris, d.d. 1/7/1896; II,II/3/23: Boek 2, pp.553-554: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/7/1896. Kyk ook die Beskermer van Immigrante se Jaarverslae, 1893 tot 1897. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is egter sekere uitsonderings gemaak. In 1901 het genl.maj. sir Bindon Blood met sy gevolg (altesaam 28 individue en 4 perde) as passasiers aan boord van die emigranteskip Umzinto in Natal aangekom (II,II/3/29: Boek 1, pp. 187-190: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/3/1901 ). Indien gewone passasiers sonder die toestemming van die Beskermer van Emigrante aan boord van 'n emigranteskip sou gaan, kon die kaptein van die betrokke skip beboet word. In 1883 is kapt. Reeves van die Umvoti met £50.0.0. beboet omdat daar ses gewone passasiers op sy skip was sonder die nodige toestemming (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1883, p.4).

volgende: die ruimte waarop elke emigrant geregtig sou wees, voorsiening van hospitaalgeriewe, die skeiding van geslagte, die voorsiening van voorrade, water, brandstof en medisyne.[20]

Die Natalse regering het 'n Raad van Ondersoek (Board of Survey) aangestel om skepe wat emigrante van Mauritius sou vervoer, te laat ondersoek. Hierdie Raad het in die geval van die Actoa in 1876 bestaan uit die Ontvanger van Doeane, die hawekaptein, die distriksgeneesheer en die Assistent-Beskermer van Immigrante.[21] Alle belangrike items aan boord is aangeteken, soos bv. die aanwesigheid van drie watertenks, die grootte van die hospitaal (60.7 vk.vt.) asook besonderhede aangaande kombuisstowe, latrines, ventilasie en drie bote wat in noodgevalle gebruik moes word.[22]

4. Die seeroetes.

Die duur van die seereis vanaf Indië na Natal is van die begin tot die einde van die tweede emigrasieperiode feitlik met die helfte verminder, van gemiddeld sowat 40 dae tot minder as 26 dae.[23] Dit het dikwels afgehang van watter van die twee roetes tussen Indië en Natal gebruik gemaak is, naamlik 1) die Mauritius- of 2) die Madagaskarkanaal-roete. Laasgenoemde was uit 'n gesondheidsoogpunt die verkieslikste, en daarbenewens ook die kortste terwyl die Mauritius-roete gewoonlik op die terugreis van Natal na Indië gevolg is om terugkerende emigrante van Mauritius aan boord te neem.[24]

---

20) II, II/1/1A, R117/1876: Koloniale Sekretaris aan A. Walker, d.d. 7/2/1876. Kyk ook T. Shepstone aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/1/1876.

21) II, II/1/1A, R71/1876: Verslag van die Raad van Ondersoek, d.d. 28/1/1876. Kyk ook R292/1876: Assistent-Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/1/1876.

22) Ibid. Verder is ook bevind dat die dek van die Actoa aan die regulasies voldoen, d.w.s. 1½ dm. dik en genoegsaam deur balke gestut, terwyl die bolwerk van die skip sterk en sonder fout was.

23) Die duur van die seereis het gewissel van sowat 24 to 68 dae (Kyk The Natal Mercury van 5/1/1875 vir die aankoms van die Enmore en die Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante (1883) vir die aankoms van die Castleton. Vir die aankoms van die Umvoti kyk II, II/1/49, 646/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1889). Teen die einde van die emigrasieskema is die tydsduur van die seereis egter drasties verkort, aangesien 'n seereis van 26 dae in 1905 as 'n „buitengewoon lang" reis beskou is (II, II/3/31: Boek 2, p. 317: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/4/1905).

24) Die Mauritius-roete is die „buiteroete" en die Mosambiekkanaalroete die „binneroete" genoem (II, II/3/21: Boek 2, p. 383: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 7/2/1895). In 1895 het een van die geneeshere aanbeveel dat voorkeur aan die roete deur die Mosambiekkanaal gegee word, aangesien die ander roete met te veel sterfgevalle gepaard sou gaan (II, II/3/21: Boek 2, p. 383: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 7/2/1895).

5. Dissiplinêre beheer op die emigranteskepe.

Tydens die seereis was die skeepsdokter en die kaptein verantwoordelik vir die suksesvolle verloop van die reis. Aan sowel die kaptein as die geneesheer is instruksies uitgereik wat hulle nougeset moes nakom; indien hulle dit nie gedoen het nie, was hulle aan strafmaatreëls (gewoonlik boetes) blootgestel.[25] So bv. is die skeepsdokter vir die dissiplinêre beheer oor die emigrante aan boord verantwoordelik gehou, terwyl slegs die kaptein onder sekere omstandighede lyfstraf kon toedien, maar hy moes sorg dra dat hy nie die Indiese regulasies in dié verband oortree nie. In die praktyk het die geneesheer gewoonlik oortredings aan die kaptein gerapporteer. Die kaptein het dan in die teenwoordigheid van die geneesheer die straf toegedien wat hy onder die omstandighede die wenslikste geag het, maar sy optrede is aan bande gelê deur par. 110 van die Indiese regulasies, waardeur o.a. lyfstraf met 'n rottang as 'n oortreding beskou is.[26] Daar moes ook behoorlik aantekeninge gehou word van alle gevalle waar straf toegedien is, want volgens die Natalse Kalkutta-agent: „The fact of such an occurrence not being duly reported would seriously compromise emigration to Natal in the eyes of the Indian Government."[27] Daarom is die kaptein en die geneesheer van sommige emigranteskepe gestraf wanneer hulle in dié verband oortree het. So het dit in 1878 gebeur dat die betaling van beide die skeepsdokter en die kaptein van die Northern Monarch agterweë gehou is omdat 'n emigrant met 'n rottang lyfstraf toegedien is, ondanks die feit dat die emigrant hom herhaaldelik aan diefstal skuldig gemaak het en nie op ander vorms van straf wou reageer nie.[28]

Afgesien van die lyfstraf is daar ook by twee geleenthede klagtes teen die kaptein van 'n emigranteskip ingebring omdat hy

---

25) II, II/1/10-11, 1130/1882, Instructions to Medical Officers and Commanders of Vessels Conveying Emigrants from Madras to Natal, 1877. Verder sal na hierdie dokument soos volg verwys word: „Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877".

26) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877; II, II/1/4, 252/1878: Jaarverslag van die Beskermer vir 1877.

27) II, II/1/8, 78/1881: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 14/12/1880.

28) II, II/1/4, 252/1878: Jaarverslag van die Beskermer vir 1877. In Junie 1888 is kapt. Reeves ook met £3.12.0. beboet omdat hy 'n emigrant met 'n rottang lyfstraf toegedien het (II, II/1/44, 660/1888: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/6/1888).

sterk drank aan die bemanning sou verkoop en dié misbruik tot ander onluste aanleiding sou gegee het.[29)]

6. Siektes op die seereis:

Die skeepsdokter was veral gemoeid met die gesondheid van die emigrante en dit was sy taak om toe te sien dat hulle behoorlik gevoed en geklee was en dat die skip behoorlik skoon gehou word.[30)] Sy grootste probleem was die voorkoming en bekamping van allerlei siektes. Hy moes die emigrante daagliks ondersoek sodat hy enige siektetekens spoedig kon bespeur en van alle siektes skriftelik verslag doen.[31)]

In die geval van ernstige aansteeklike siektes, soos pokke en cholera, moes die skeepsdokter die pasiënte op die sloepdek van die skip afsonder en die besittings van dié pasiënte sover moontlik verbrand, en alle plekke waar die pasiënte hulself bevind het, laat ontsmet.[32)] Nietemin was dit moeilik vir die geneesheer om 'n pokkegeval te diagnoseer omdat daar so baie

---

29) In 1878 is daar 'n klag teen kaptein Byford van die Suffolk ingebring dat hy sterk drank aan matrose sou verkoop het en dat die matrose as gevolg van die invloed van die drank sommige emigrante aangerand het. Aangesien die beskuldiging teen kaptein Byford egter nie bewys kon word nie, is geen verdere stappe in dié verband gedoen nie (II, II/1/4, 303-316: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/3/1878; Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1886). In 1886 het kaptein Reeves van die Umvoti sterk drank aan sommige emigrante gegee as vergoeding vir sekere dienste wat die betrokke emigrante verrig het; die kaptein is oor dié aangeleentheid ook aan die Indiese regering gerapporteer (Ibid).

30) Veral die latrines en benededek. Laasgenoemde is nie gewas nie, maar meesal al om die ander dag ontsmet en daarna met klippe en sand drooggevryf (Instructions to Medical Officers and Commanders 1877).

31) Die geneesheer moes 'n siekteregister en gevalleboek byhou en by sy aankoms in Natal 'n afskrif daarvan aan die Beskermer van Immigrante oorhandig (Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877). 'n Pokke-inentingsregister wat reeds voor die vertrek van Indië aangelê is om as bewys te dien dat alle emigrante teen pokke ingeënt is, moes ook in Natal aan die Beskermer van Immigrante oorhandig word. Indien 'n pokkegeval op reis voorgekom het, moes dit ook in die betrokke register teenoor die naam van die betrokke emigrant aangedui word. Die geneesheer is verder ook van voorrade limf voorsien om, indien nodig, vir inentingsdoeleindes op reis te gebruik (Ibid). Gedurende die periode van die tweede emigrasieskema het twee pokkegevalle in 1883 op die Coldstream voorgekom, een in Junie 1887 op die Umvoti en een in 1897 op die Umzinto. Slegs in een geval, naamlik dié van 1887, is die pasiënt se lewe gered (II, II/1/12, 277/1883: Beskermer aan Voorsitter, Trustraad, d.d. 23/4/1883; Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslae vir 1887 en vir 1889, pp. A3 en A11-12).

32) In 1883 is dit nie op die Coldstream gedoen nie, omdat die geneesheer nie van dié reëling bewus was nie (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1883, p. 15).

siektes op die emigranteskepe aanwesig was. Sodra 'n geval gediagnoseer is, het die geneesheer onmiddellik reëlings getref om die hele bemanning teen pokke in te ent.[33] Hoewel pokke en cholera nie dikwels op emigranteskepe voorgekom het nie, het cholera, in teenstelling met pokke, epidemiese afmetings op enkele emigranteskepe aangeneem. So bv. het daar in 1888 toe 27 cholera gevalle aan boord van die Quathlamba voorgekom het, tien emigrante aan die siekte beswyk.[34] Daarom moes die skeepsdokter die aanwesigheid van pokke en cholera in spesiale boeke en vorms aanteken en hierdie besonderhede moes dan aan die Indiese regering gerapporteer word omdat cholera as een van die mees gevreesde siektes in Indië beskou is.[35] Aangesien cholera uiters moeilik was om te diagnoseer, het die siekte gewoonlik reeds 'n goeie kans gehad om te ontwikkel voordat teenmaatreëls getref kon word. In 1874 is bv. 'n geval van diarree as cholera gediagnoseer en as gevolg daarvan is die emigranteskip Blenheim verkeerdelik in Natal onder kwarantyn geplaas.[36]

Die meeste siektes wat op emigranteskepe voorgekom het, was egter die meer bekende aansteeklike siektes, soos diarree, geslagsiektes, masels, pampoentjies, rugmurgkoors, skurfsiekte, malaria-

---

33) Na 'n pasiënt gesterf het, het die geneesheer gelas dat die lyk onmiddellik in die see gelaat word. Alle besittings van die oorledene is oorboord gegooi, en die boot waarin hy geïsoleer is, is met karbolsuur ontsmet (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1897, pp. A3 en A11-12).

34) Tien jaar later, in 1898, het twee emigrante aan boord van die Pongola aan cholera gesterf. In 1901 is die emigranteskip Umkuzi van Madras ook weens die aanwesigheid van cholera aan boord in Natal onder kwarantyn geplaas (II, II/1/47, 1583/1888: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/12/1888; II, II/3/25: Boek 2, pp. 652-653: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/9/1898: Jaarverslag van die Beskermer vir 1901, p. 12.

35) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.

36) The Natal Mercury, d.d. 18/8/1874; Jaarverslag van die Beskermer vir 1898, p. A11. Gewoonlik is cholera deur middel van drinkwater versprei. In 1888 toe tien emigrante op die Quathlamba weens dié siekte beswyk het, was daar 'n vermoede dat die emigrante tenkwater gedrink het wat te Madras aan boord geneem is en met cholerakieme besmet was (II, II/1/47, 1538/1888: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/12/1888).

koors, haakwurmsiekte en disenterie.[37] Aansteeklike siektes soos diarree, rugmurgkoors en disenterie het nie so algemeen voorgekom nie, maar het periodiek 'n groot aantal slagoffers geëis.[38] Geslagsiektes het wel dikwels voorgekom, maar selde in 'n ernstige graad, terwyl 'n groot aantal emigrante gedurende 1893 en 1895 tydens die seereis aan skurfsiekte gely het.[39] In gevalle waar aansteeklike siektes aan boord aanwesig was, is die betrokke skip gereeld met dampe van brandende

---

37) Kyk hiervoor die jaarverslae van die Beskermer van Immigrante; II,II/3/21; Boek 2, p. 215; Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 14/1/1895; II,II/3/24: Boek 1, pp.674-675: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 5/1/1897; II,II/3/25: Boek 1, p.233: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/2/1898. Kyk ook pp.460-461: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/4/1898; II,II/3/26: Boek 1, p.264: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/12/1898; II,II/3/30: Boek 2, p.330: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/2/1902; II,II/3/30: Boek 1, p.246: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/1/1902; II,II/3/31: Boek 1, p.45: Beskermer aan Beskermer van Emigrante, Madras, 1904; II,II/3/31: Boek 1, p.912 en p. 953: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 10/2/1906 en 5/3/1906; II,II/3/31: Boek 3, p.23: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/4/1906; II, II/3/34: Boek 2, p.102: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/5/1910; II,II/3/34: Boek 2, p.686: Beskermer aan Waarnemende Ondersekretaris, Binnelandse Sake, d.d. 30/8/1910. Malariakoors het in 1906 op so 'n uitgebreide skaal op twee emigranteskepe voorgekom dat alle emigrasie van Kalkutta tydelik gestaak is (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1906, p.13). Kort voor die beëindiging van die tweede emigrasieskema het die siekte veroorsaak deur die haakwurm („hookworm") die meeste kommer gewek. Die Natalse regering het aangevoer dat daar nie behoorlike maatreëls teen die siekte in Indië getref word voordat die emigrante na Natal kom nie (Jaarverslag van die Trustraad vir 1909, pp. 3 - 4). Die Natalse regering het dus aan die begin van 1909 geweier om skepe met emigrante wat aan die haakwurmsiekte onderhewig is, in Natal toe te laat. So bv. is die <u>Umlazi</u> wat op 16 Desember 1908 in Natal aangekom het, nie toegelaat om die emigrante aan boord voor 1 Februarie 1909 aan wal te sit nie. Aangesien bogemelde oponthoud vir die Natalse Trustraad 'n koste van £250.0.0. op die hals gehaal het, het die Raad besluit om sy mediese superintendent, dr. Burton-Nicol, na Indië te stuur met die oog op 'n ondersoek van die siekte. Dr. Burton-Nicol kon die Trustraad egter gerusstel dat die siekte nie van so 'n ernstige aard is dat dit sulke streng maatreëls regverdig as wat die Natalse regering in die geval van die <u>Umlazi</u> toegepas het nie (Ibid).

38) II,II/3/31: Boek 2, p.862: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/12/1905. In 1877 het twaalf emigrante van die <u>Northern Monarch</u> aan diarree en in 1902 sestien aan rugmurgkoors beswyk. Selfs disenterie het onder 'n paar emigrante noodlottige gevolge gehad, veral onder die emigrante wat gedurende tye van hongersnood Indië verlaat het en die seereis in 'n verswakte toestand moes onderneem.

39) II,II/1/13, 603/1883: Beskermer aan Robert Parkin, d.d. 31/7/1883; II,II/1/19, 412/1884: Onderbeskermer van Immigrante aan Beskermer, d.d. 25/3/1884: Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1887; Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1894 - 1895, pp. A 3 en A 18-22; II,II/3/21:

sinkswawelchloried („Sulphur chloride of zinc") tussen die dekke ontsmet.[40] Aansteeklike siektes is in die siekteregisters aangeteken en dikwels, indien moontlik, is die pasiënte geïsoleer om verspreiding van die siekte te voorkom. Minder ernstige aansteeklike siektes soos masels en pampoentjies is na gelang van omstandighede behandel. Slegs in een geval waar vyf sterfgevalle voorgekom het, het masels 'n ernstige toestand laat ontstaan.[41]

Periodiek het 'n groot verskeidenheid siektes, hoofsaaklik longontsteking, op bepaalde skepe voorgekom, veral in tye wanneer klimaatsomstandighede in Indië, meer bepaald die hoë reënval rondom Kalkutta, en op see ongunstig was. In 1883 het bv. 'n buitengewoon groot aantal siektes op ses skepe voorgekom, terwyl die periode 1898-1900 ook gekenmerk is deur 'n groot aantal siekes op emigranteskepe.[42]

7. Emigranteskepe onder kwarantyn in die Durbanse hawe.

Alle voorsorgmaatreëls is ook in die Durbanse hawe getref om die verspreiding van siektes te voorkom en skepe is selfs, indien nodig, onder kwarantyn geplaas. In gevalle van minder ernstige aard is slegs die immigrante op die Durbanse Bluff onder kwarantyn geplaas. Alle beslissings in verband met kwarantyn

---

40) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.

41) Die mees algemene siekte wat op emigranteskepe voorgekom het, was masels, maar dit was slegs in 1885 dat dié siekte werklik 'n ernstige wending geneem het toe vyf sterfgevalle onder 48 maselgevalle op die Merchantman voorgekom het (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1885). Ook die bekende kindersiekte pampoentjies het soms groot afmetings aangeneem, maar dit het selde noodlottige gevolge gehad. In 1885 het die aanwesigheid van pampoentjies onder 'n twintigtal emigrante van die Umzinto tot gevolg gehad dat altesaam 126 pampoentjiegevalle in die Durbanse depot behandel moes word (II,II/3/21: Boek 2, p.815, Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 14/1/1895; Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1894-1895, p.A.22).

42) II,II/3/25: Boek 1, p. 233: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris d.d. 24/2/1898. Kyk ook pp. 460-461: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, gedateer 13/4/1898; Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1898, p.3; Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1883. Slegte klimaatsomstandighede was veral verantwoordelik vir gevalle van longontsteking, soos byvoorbeeld in die geval van vyf sterfgevalle aan boord van die Pongola in 1896 en die Umzinto in 1898 (Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1896, p.A3; II,II/3/25: Boek 1, p.233: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/2/1898. Kyk ook pp. 460-461: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/4/1898).

is gevel deur die kwarantynkomitee waarvan die Durbanse gesondheidsbeampte 'n lid was, en die hawe-outoriteite moes dit uitvoer.[43)]

Gewoonlik is emigrantskepe self nie langer as ses dae onder kwarantyn geplaas nie. Gedurende dié tyd moes hulle buite die Durbanse hawe wag totdat die kwarantyn opgehef is.[44)] Indien slegs die emigrante onder kwarantyn geplaas is, kon die betrokke skepe wel die Durbanse hawe binnekom en by die kanaaleiland, wat baie naby die kwarantynstasie op die Bluff was, vasmeer.[45)] Die emigrante is gewoonlik in klein bootjies by die kanaaleiland afgelaai en daarna binne sowat 6½ uur na die kwarantynstasie vervoer.[46)] Die duur van die kwarantyn, gemiddeld sowat twee weke, is deur die gesondheidsbeampte bepaal. Die emigrante van die Coldstream het egter in 1883 meer as drie weke in die kwarantyn-

---

43) Vanaf 1892 het die voorsitter van die kwarantynkomitee die Beskermer van Immigrante daagliks verwittig van besluite insake emigranteskepe wat onder kwarantyn geplaas is (II,II/3/17: Boek 2, pp. 303-304: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/8/1892). Emigranteskepe moes eers die toestemming van die Durbanse hawe-outoriteite verkry voordat hulle in die Durbanse hawe kon vasmeer om emigrante aan wal te sit (II,II/1/48, 481/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/5/1889).

44) In sommige gevalle het die hawe-outoriteite selfs geweier om die skepe in die Durbanse hawe toe te laat. In Desember 1888 het so 'n geval voorgekom toe op die Quathlamba 'n cholera-epidemie uitgebreek het, as gevolg waarvan tien emigrante die lewe gelaat het. Die hawe-outoriteite wou, nieteenstaande verset van die Beskermer van Immigrante, nie toestem dat die emigrante voor 19 Januarie 1889 die skip sou verlaat nie. Die Quathlamba self was dus vir 'n periode van 26 dae vanaf 25 Desember 1888 tot 19 Januarie 1889 onder kwarantyn geplaas. Dit was die langste periode wat 'n emigranteskip saam met die emigrante onder kwarantyn verkeer het en nie toegelaat is om in die Durbanse hawe vas te meer nie. Dit het vir die Natalse Trustraad 'n addisionele koste van £290.7.8. meegebring vir voorrade, water, ens., wat deur die agente van die skip voorsien moes word (II,II/1/48, 481/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/5/1889). Slegs in een ander geval, naamlik dié van die Pongola in September 1889, is 'n emigranteskip saam met die emigrante vir 'n langer periode as ses dae onder kwarantyn geplaas omdat twee sterfgevalle weens cholera tydens die Pongola se reis voorgekom het. (Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1898, p.A3) Die ander skepe wat onder kwarantyn geplaas is, was die Coldstream - vyf dae in 1883; die Umvoti - drie dae in 1886 en vyf dae in 1887; die Pongola en die Congella - ses dae elk in 1899. In die geval van die Umvoti het die kwarantynkomitee toegelaat dat die skip binne die hawe gebring kon word, maar slegs in die eilandkanaal (Jaarverslae van die Beskermer vir 1883, 1887 en 1889, p.A3).

45) In die meeste gevalle is slegs die emigrante, en nie hul skip nie, onder kwarantyn geplaas. Sodra die gesondheidsbeampte vasgestel het dat 'n ernstige siektetoestand aan boord van die skip heers, het hy, indien dit nie nodig was om die skip self onder kwarantyn te plaas nie, die skip toegelaat om onder geleide van die waterpolisie by die eilandkanaal vas te meer (II,II/3/15, pp. 36-37: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/1/1881).

46) II,II/1/48, 481/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/5/1889. Die kleiner bote wat die immigrante na die kwaranstasie vervoer het, is ook onder kwarantyn geplaas.

stasie deurgebring, aangesien pokke-gevalle op die reis vanaf Indië voorgekom het.[47] In minder belangrike gevalle was die kwarantynperiode van korte duur, gewoonlik slegs 'n week.[48] In ernstige gevalle, soos bv. dié van pokke en cholera, is die klere van emigrante op bevel van die gesondheidsbeampte by die kwarantynstasie verbrand. Daarna is twee nuwe pakke skoon klere en twee komberse aan die immigrante uitgereik. Die skeepsdokter het ook in sulke gevalle self beheer oor die kwarantynreëlings op die Bluff uitgeoefen, soos in 1883 gebeur het toe dr. Axelby van die Coldstream dié funksie vervul het.[49]

Nadat die gesondheidsbeampte die nodige toestemming gegee het dat die immigrante die kwarantynstasie kon verlaat, is hulle na die Addington-depot vervoer, waar hulle tydelik verblyf gehad het totdat hulle aan die sorg van hul werkgewers toevertrou is. In 1910 het die Beskermer versoek dat hy geraadpleeg word voordat kontrakarbeiders die Bluff verlaat, want dit het gebeur dat sulke immigrante wat meningitis onder lede gehad het, die ander Indiërs in die depot aangesteek het.[50]

8. Voedselbediening tydens die seereis.

Die voorsiening van voedsel aan emigrante tydens die seereis het ten nouste saamgehang met die siektes wat die emigrante aan boord van hul skepe opgedoen het. Gevolglik is alle aspekte van voedselverbruik onder beheer van die skeepsdokter geplaas. Reeds voordat die skepe Indië verlaat het, is alle kosvoorrade wat aan boord gebruik sou word, deur die skeepsdokter ondersoek. Dit was ook sy taak om toe te sien dat elke emigrant voldoende volgens vasgestelde voorskrifte gevoed word. Hy moes ook probeer voorkom dat emigrante rou of ongesonde kossoorte in die hande kry.[51] Daagliks het die skeepsdokter, die kaptein van die skip en die voedseluitdeler aantekeninge gemaak van alle voedsel wat gewoonlik aan emigrante op spesifieke tye, naamlik om 9 vm. en 4 nm., verskaf is. Elke emigrant het daagliks die volgende voedselrantsoene ontvang: 24 onse rys, 4 onse dholl (graansoort), 1 ons ghee (botterolie), 1 ons sout, 1 ons uie, 2 onse tamaryn (speserysoort), 2 onse soutvis, asook nog ander kleiner hoeveelhede kossoorte. Emigrante-kinders van 2 tot 4 jaar het halwe rantsoene ontvang.[52]

---

47) Ibid; Die Beskermer se Jaarverslae vir 1875 (pp. 1-2) en 1883 pp.3-4. The Natal Mercury, d.d. 16/7/1874. In die geval van masels is die immigrante gewoonlik sowat twee weke onder kwarantyn gehou, soos bv. gebeur het met die immigrante van die Merchantman in 1885 en met die Umvoti in 1886 (Kyk die Beskermer se Jaarverslae vir 1885 en 1886).
48) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1897, p.A3.
49) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1883, pp. 3 - 4.
50) II, II/3/35: Boek 1, p.203: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 8/10/1910.
51) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.
52) Ibid.

Hoewel vasgestelde rantsoene uitgedeel is,het die skeepsdokter in sommige gevalle van die voorskrifte afgewyk. Verwagtende moeders het daagliks 'n ekstra pint melk en van drie tot ses onse sago of araroet ontvang. Die skeepsdokter kon ook af en toe 'n bietjie skaapvleis, pampoen of aartappels, lemmetjiesap, brandewyn en hoendervleis aan die emigrante uitreik, maar slegs vir die eerste twee dae van die reis kon aan die emigrante brood in stede van rys voorsien word.[53)]

Die voedsel wat emigrante op hul seereise ontvang het, was oor die algemeen van 'n goeie gehalte, veral as dit met dié van die Indiese depots vergelyk word. Dit was trouens so goed dat dit soms aanleiding tot siektes soos diarree gegee het, aangesien die emigrante liggaamlik nie in staat was om sulke ryk kossoorte te absorbeer nie, veral nie nadat hulle in die depots van Indië met veel minder voedsel tevrede moes wees nie.[54)] Die Beskermer van Immigrante het dit ook in sy jaarverslae gedurende die neëntigerjare beaam, veral in 1897 toe hy soos volg daarna verwys het: „The comfortable and excellent accommodation and the abundant and liberal supply of food and medical comforts provided for emigrants on board the steamers employed during the year in the conveyance of these people was all that could possibly be desired, and no expense has been spared by the owners and agents of these vessels to ensure the comfort and health of the emigrants."[55)] Juis vanweë die goeie voeding was dit nodig dat die skeepsdokter moes toesien dat die emigrante voldoende oefening en ontspanning geniet.[55a)]

Daar was wel enkele gevalle waar minderwaardige voedsel aan emigrante gegee is, maar sodra dit aan die lig gekom het, is die onreëlmatigheid uit die weg geruim. So bv. is na 'n insident toe vleis van siek skape op 'n emigranteskip bedien is, onmiddellik maatreëls getref om 'n herhaling daarvan te voorkom.[56)] Die meeste klagtes oor die voedselgehalte was egter ongegrond. In 1880 het

---

53) Ibid.
54) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1894-1895, p.A3.
55) Die Beskermer se Jaarverslae vir 1887, 1893-1894, 1894-1895 (p.A3), 1896 (p.A3) en 1897. In 1887 is aan die emigrante op die Quathlamba twee keer soveel skaapvleis verskaf as waarop hulle volgens die voorskrifte geregtig was. In 1894 word verwys na „bountiful supply of good food", in 1895 na die „abundant supply of excellent food', en in 1896 na „the best of food placed on board for the use of emigrants during the voyages."
55a) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.
56) II, II/1/51, 1030 /1889: sir R. Barlow, Beskermer van Emigrante, Madras, aan Hoofsekretaris, Indiese regering, d.d. 5/7/1889.

emigrante op die Canada baie klagte oor onvoldoende en swak voedsel gehad, maar in Natal het 'n noukeurige ondersoek aan die lig gebring dat slegs die Indiërkossoort „ghee" van minderwaardige gehalte was.[57] In 1895 was daar ook klagte dat die rys met „sand en stof" gemeng sou wees, maar voorbeelde van die rys wat nog aan boord van die betrokke skip te Durban in voorraad was, het getoon dat dié klagte ongegrond was.[58]

Ondanks al die pogings om die emigrante tydens hul reis behoorlik te voed het onreëlmatighede soms plaasgevind wat buite die beheer van die skeepsdokter was. Gevalle het voorgekom waar emigrante slegte of selfs giftige soutvis van die bemanning gekoop het. In 'n ander geval het nege emigrante van die Pongola in Augustus 1892 diarree ontwikkel en gesterf nadat rou rys geëet is.[59]

9. Kleding tydens die seereis.

Die siektes onder die emigrante was selde die gevolg van swak kleding tydens die seereis vanaf Indië. Een van die redes hiervoor was dat die emigrante nie toegelaat was om hul eie klere wat dikwels siektekieme bevat het, van Indië af saam te bring nie. Hulle eie klere is verbrand en twee pakke skoon klere is deur die Departement-Immigrasie aan hulle uitgereik.[60] Hoewel die skeepsgeneesheer van die Sophia Joachim in 1883 gekla het dat die klere wat die Immigrasiedepartement uitgereik het, nie voldoende beskutting teen die koue weersomstandighede verleen het nie, was daar nie voor 1891 enige geval aangeteken dat siektes die gevolg van swak kleding was nie.[61] Werklik was daar slegs een sodanige geval aangeteken en dit was in Julie 1891 toe sommige emigrante op die Congella diarree en Brighton-siekte as gevolg van onvoldoende kleding sou opgedoen het.[62]

Nietemin het die skeepskaptein van die Sophia Joachim wel gelyk gehad dat twee pakke klere wat elke emigrant vir die seereis ontvang het, nie altyd voldoende was nie, omdat dit so maklik met olie besmeer kon word. Die emigrante van die Sophia Joachim het juis in 1883 in 'n besonder besmeerde toestand in Natal aangekom as gevolg van gekarboliseerde olie („carbonized oil") wat op die tussendek aangebringwas om as voorbehoedmiddel teen masels te

---

57) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1880, p.1.
58) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1894-1895, p.A3.
59) II,II/3/17: Boek 2, pp.307-313: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 12/8/1892. Kyk ook hoofstuk 2.
60) II,II/1/48, 425: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 10/4/1889.
61) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1883, p. 13. Die Immigrasiedepartement het nie wolklere uitgereik nie.
62) II,II/3/15: Boek 2, p.607: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 14/7/1891.

dien.[63] Dit het nie gehelp dat die emigrante sulke olie-besmeerde klere was nie, wat hulle wel toegelaat was om twee keer per week te doen. Daarbenewens is hulle eers weer met hul aankoms in Natal van 'n splinternuwe pak klere voorsien.[64]

10. Sterfgevalle en mishandeling op emigranteskepe.

Noukeurige aantekeninge is van alle sterfgevalle aan boord van emigranteskepe gehou veral ten opsigte van die tydstip en oorsaak. Spesiale reëls moes in sulke gevalle nagekom word. Om byvoorbeeld te voorkom dat 'n emigrant lewend begrawe word, moes die lyk eers ses volle ure nadat die emigrant as dood gesertifiseer is, in die see gelaat word. In die geval van aansteeklike siektes kon die lyk wel onmiddellik ter see bestel word, maar eers nadat die kaptein en die Eerste Stuurman saam met die geneesheer die emigrant as dood gesertifiseer het.[65] Verontagsaming van dié instruksies deur die skeepsdokter en die kaptein is na gelang van omstandighede gestraf. In minstens twee gevalle is die skeepsdokter byvoorbeeld uit die emigrasiediens ontslaan en by 'n ander geleentheid is 'n kaptein beboet.[66] Verder is streng opgetree teen enige bemanningslid wat 'n emigrant mishandel het. Laasgenoemde het weinig voorgekom en gedurende die tweede emigrasietydperk is slegs twee sulke gevalle gerapporteer.[67] Na 1898 was daar nooit enige noemenswaardige klagte oor enige mishandeling op emigranteskepe nie. So goed was die behandeling trouens dat die Beskermer van Immigrante in 1899 kon getuig dat „the captain and officers

---

63) Beskermer se Jaarverslag vir 1883, p.13.
64) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.
65) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.
66) In 1877 is dr. Kennedy uit die emigrasiediens ontslaan weens dronkenskap. In 1886 is die skeepsdokter van die Umvoti van allerlei ernstige oortredings aangekla, o.a. verkragting, maar die aanklag kon nie in 'n Natalse laerhof bewys word nie. Ook dié dokter is uit die emigrasiediens ontslaan (II, II/1/3, R384/1877: C. Eales aan Beskermer, d.d. 12/7/1877; Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1886).
67) Gewoonlik is daar baie streng opgetree teen enige mishandeling van emigrante aan boord van emigranteskepe. Teen die einde van 1880 is Derde Stuurman Robinson deur kapt. Reeves gedegradeer, aangesien hy 'n emigrant sou geslaan het „so as to draw blood." (II, II/1/8, 78/1881: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 14/12/1880). In 1898 het die Tweede Offisier van die Umlazi 'n Topaas geskop vermoedelik omdat hy nie die ligte in 'n latrine afgeskakel het nie. As gevolg van dié aanranding is die Tweede Offisier se toelaag („gratuity") nie aan hom uitbetaal nie. Dié betrokke offisier is ook van die emigrasiediens na 'n ander vertakking van die maatskappy oorgeplaas (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1898, p.A3).

take great interest in the comfort and well-being of the people committed to their charge." [68]

11. Ongevalle tydens seereise.

Daar het ook ongevalle op die seereise voorgekom. In twee gevalle het emigrante hulself oorboord gewerp, maar dit was handelinge van geestelik verstoordes, [69] terwyl een geval gerapporteer is waar 'n emigrant homself per ongeluk beseer het (sy been is gebreek), maar geen voorsiening is gemaak dat 'n eis ten behoewe van die emigrant ingestel kon word nie. [70]

12. Gevare wat emigranteskepe moes trotseer.

Dikwels moes emigranteskepe stormagtige weer en brande op reis trotseer, terwyl selfs skipbreuke in enkele gevalle voorgekom het. [71] Gedurende stormagtige weer op see is die kapteins van emigranteskepe opgedra om, as veiligheidsmaatreëls, bamboesriet aan sekere dele van hul skepe vas te maak, terwyl die skeepsdokters aangesê is om die emigrante in sulke gevalle na beter geventileerde dele van die skepe te verskuif. [72] Wanneer 'n brand op 'n emigranteskip uitgebreek het, wat 'n seldsame gebeurtenis was, het selfs die emigrante gehelp om dit te blus, soos die geval was toe die stuurboord van die Congella in Desember 1900 vlamgevat het. [73] Tydens die brand op die Congella het alle

---

68) Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1899, p.A4.

69) Af en toe het dit egter gebeur dat emigrante hulself om die lewe probeer bring het, veral deur oorboord te spring. In 1882 het 'n sestienjarige emigrantemeisie haarself oorboord gewerp nadat die kaptein van die Umvoti haar van die ysters waarmee sy vasgemaak was, losgemaak het. Die kaptein was verplig om haar vas te maak weens uiters swak gedrag en nadat ander vorms van straf misluk het (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1882, p.2) In 1885 het 'n Indiërkok hom van die Dunphaile Castle oorboord gewerp nadat hy hom blykbaar vir die sirdar vererg het, aangesien hy nie die ete wou voorberei nie. Hoewel die skip vinnig beweeg het toe die insident plaasgevind het, is dit so spoedig moontlik tot stilstand gebring. Daarna is klein bootjies uitgestuur om na die kok te soek, maar dit was tevergeefs (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1885).

70) In September 1878 het 'n emigrant, Lingachoo, sy been aan boord van die Vimeira gebreek, maar hoewel die Beskermer van Immigrante graag 'n eis namens die emigrant wou instel, was daar niks waarop hy 'n eis kon grond nie (II, II/1/5, 1112/1878: Verslag van die Prokureur-generaal, d.d. 18/9/1878).

71) In 1887 is een van die kookplekke („cooking galleys") aan boord van die Quathlamba tydens 'n storm beskadig, terwyl die Umfuli in 1908 vyf dae weens stormagtige weer vertraag is (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1887; II, II/3/32: Boek 2, p. 515: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/2/1908).

72) Instructions to Medical Officers and Commanders, 1877.

73) II, II/3/28, Boek 2, p. 488: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/12/1900.



Hierdie Indiërs verskyn in hulle nuwe pak klere wat deur die Natalse Immigrasie-departement voorsien is en wat hulle kort voor hul aankoms in Natal moes aantrek.

emigrante op die dek vergader, 'n deel van die voordek is afgeskort en die skip se hulpmasjiene is in gebruik geneem totdat die brand onder beheer gekry is.[74)]

Net soos brande was skipbreuke van emigranteskepe uiters seldsaam. Emigranteskepe wat werklik teenspoed teëgekom het, was die Fusilier in 1884 (blykbaar gestrand) en die Umvoti, wat langs die Noordkus van Madagaskar 'n koraalrif getref het, en veral die Umona, wat in Maart 1903 by Suativa-Atol Mamatai in die Maldive-eilandgroep gestrand het.[75)] Die bemanning van die Fusilier het spoorloos verdwyn, terwyl dié van die Umvoti ongedeerd daarvan afgekom het.[76)] Die 415 emigrante van die Umona het egter meer as 'n week lank op die eiland Suative-Atol Mamatai weens blootstelling gely, vir hulself hutte gebou, water gesuiwer en rou kokosneute geëet. Ondanks al die ontberings was daar geen lewensverlies nie en slegs twee emigrante het ernstig siek geword.[77)]

13. Die aankoms en die eerste verblyf in Natal.

Die Beskermer van Immigrante in Natal het onmiddellik ná die aankoms van elke emigranteskip (of sodra die kwarantyn opgehef is) aan boord gegaan om verslag te doen aangaande die gesondheidstoestand en alle noemenswaardige sake rakende die emigrante wat nou Natalse immigrante geword het. In die Durbanse hawe is hulle met ligters aan wal gebring en daarna met stoombote van private firmas ('n diens waarvoor tenders aangevra is) na die Addington-depot vervoer. Skeepskapteins het met groot lof

---

74) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1900, pp. 7-8. Hoewel die brand onder beheer gebring is, het dit op klein skaal in die koleruim („bunkers") tot by die skip se aankoms in Natal voortgeduur.

75) II, II/1/22, 1640/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/12/1884; II, II/1/118, I 1298: C S O 1736, 6330/1903: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 29/5/1903; Beskermer se Jaarverslag vir 1903, pp. 5-6.

76) Ibid.

77) II, II/1/118, I 1298. Vanaf die eilandjie Suative-Atol Mamatai is die emigrante met 'n ander skip na Colombo. Eers op 28 Maart 1903 het die Umzinto by Colombo opgedaag om die emigrante se reis na Natal verder voort te sit.

gepraat van die reëlings wat die Natalse regering vir die ontvangs van die immigrante getref het.[78]

Die Addington-depot het aanvanklik uit vier groot blokke en ruim grond bestaan waar sowat 228 immigrante gehuisves kon word. Voorsiening is gemaak dat die depot so uitgebrei kon word om 420 immigrante te huisves.[79] Hoewel twee hoofgeboue, gemaak van hout en sink, in 1874 by die depot opgerig

---

78) Aanvanklik is die vervoer van die immigrante privaat deur die Beskermer van Immigrante gereël. Eers het die firma African Boating die vervoer teen 9d. per immigrant behartig, maar daarna het die firma M. O'Connor en Kie., wat oor 'n stoombootjie („steam launch") beskik het, die vervoer teen 4d. per volwassene onderneem. Aangesien M. O'Connor en Kie. nie bevredigende werk verrig het nie, veral omdat die firma nie oor die nodige ligters beskik het nie, is vanaf 1894 tenders vir die diens aangevra. Daarna het R. Armstrong die vervoerwerk teen 5d. per immigrant verrig (II, II/3/20: Boek 1, pp. 203-204: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/3/1894.) Die Beskermer van Immigrante het, ingevolge die Natalse Wet nr. 2 van 1870, die nodige reëlings vir die ontvangs van die immigrante getref (The Natal Mercury, d.d. 30/4/1874). Kyk ook II, II/1/1, Tenders van A. van Coller en Kie., d.d. 9/1/1877, en T. Hames, d.d. 10/1/1877, om emigrante van skepe af te laai; The Natal Mercury, d.d. 6/1/1874, 28/7/1874 en 18/8/1874.

79) CSO 427, R2716/1872: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/12/1872. Een blok was as stoorkamers ingerig en het ook vir die huis van die sirdar voorsiening gemaak, terwyl die ander drie blokke (met groottes van 64 vt. x 15 vt., 36 vt. x 15 vt., en 129 vt. x 14 vt. 6 dm.) altesaam 228 immigrante gehuisves het. Die geboue het oor voldoende vensters en deure beskik (Natalse Goewermentskoerant, Byvoegsel, d.d. 20/9/1887, Wragg-kommissieverslag). Aanvanklik is die voedsel onder 'n afdak sonder skoorsteen voorberei, met die gevolg dat die muur en die dak swart gerook was. Hoewel in 1872 vir 'n behoorlike kombuis (10 vt. 3 dm. x 23 vt. 6 dm.) beplan was, sou dit eers in 1887 vir oprigting aanbeveel word (CSO 427, R2616/1872: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/12/1872). Daar was ook voor 1887 geen behoorlike wasbakke e[n] badgeriewe nie. Drinkwater is uit 'n put binne die depotterrein verkry, maar die tenkwater was ongeskik as drinkwater. Verder was daar ook nie behoorlike voorsiening gemaak om van afvalgoedere ontslae te raak nie (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887, Wragg-kommissie se verslag). 'n Vervalle houtgebou op die depotterrein is ook voor 1887 in gebruik geneem om oorvolheid te voorkom, maar is nie te dikwels gebruik nie. Aan die bepaalde kwartiere wat uitsluitlik vir vroue gebruik sou word (grootte 64 vt. x 15 vt.) is nie voor 1887 uitvoering gegee nie. Die vrouekwartiere en twee addisionele blokke, beide 64 vt. x 15 vt., sou na voltooiin[g] saam met die bestaande geboue, vir 420 emigrante huisvesting bie[d] soos beplan in 1872 (CSO 427, R2616/1872: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/12/1872; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887; Wragg-kommissie se verslag).

is, het die sanitêre toestand nog in 1875 veel te wense oorgelaat toe sewehonderd immigrante gelyktydig daar gehuisves was. Die depot was te laag geleë om vir behoorlike dreinering voorsiening te maak. Die hout- en-sink-gebou was ook ongesond (te warm in die somer en te koud in die winter) en is gevolglik teen 1889 deur 'n baksteengebou vervang.[80)]

Tydens die immigrante se verblyf in die Addington-depot is hulle ooreenkomstig die Natalse Wet nr. 2 van 1870, van behoorlike kos en slaapgeriewe voorsien en deur 'n Mediese Raad ondersoek om vas te stel of hulle geskik was vir werk, alvorens hulle aan die onderskeie plantasies toegewys is.[81)] Indien hulle ongeskik bevind is, is hulle op die Trustraad se koste na Indië teruggestuur.[82)] Siek immigrante is in die depothospitaal opgeneem totdat hulle gesond genoeg was om te begin werk. Vóór 1887 was die toestand in die hospitaal egter nie na wense nie weens gebrek aan voorsiening vir die skeiding van geslagte en ook omdat geen afsonderingslokaal en dodehuis beskikbaar was nie.[83)]

Gedurende hul verblyf in die Addington-depot is die immigrante herhaaldelik deur die depotgeneesheer ondersoek om seker te maak dat slegs gesonde immigrante aan die suikerplanters uitgereik word. Die ondersoek van immigrantevroue was egter nie so streng nie, aangesien 'n verpleegster in hul geval die werk van die depotgeneesheer moes doen, met die uitsondering van ernstige siektegevalle.[84)]

---

80) II, II/1/1A, 1414/1875: T. F. Eastwood aan burgemeester, Durban, d.d. 13/3/1875; II, II/1/49, 568/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, ongedateerd; II, II/3/19: Boek 2, p. 86: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 13/10/1893. Die hoofgeboue wat in 1874 opgerig is, het £1,453.16.10 gekos. In 1893 het 'n stormwind die dak van die hoofgeboue afgeruk.

81) Die ondersoek het 'n dag nadat die emigrante in die depot aangekom het, plaasgevind. Die Mediese Raad het bestaan uit die depotgeneesheer en 'n ander plaaslike geneesheer (Die Beskermer van Immigrante se Jaarverslag vir 1887. Voorsiening vir so 'n raad is ook in klousule 52 van Wet 25/1891 gemaak).

82) Die Mediese Raad het immigrante wat liggaamlik en verstandelik agterlik was, vir terugsending na Indië aanbeveel. In sommige gevalle is immigrante voorwaardelik aanvaar, maar indien die immigrante nie hul gebreke te bowe kon kom nie, is hulle ook later na Indië teruggestuur (Die Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir 1887).

83) Die hospitaal wat wel oor 'n opwasplek en 'n badkamer beskik het, is blykbaar aanvanklik ook as 'n stoorkamer gebruik (<u>The Natal Government Gazette</u>, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag). Die Trustraad moes 5/- betaal vir elke kontrakarbeider wat in die depothospitaal gesterf het (II, 11/1/29, 1194/1885: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 25/9/1885; <u>Natal Government Gazette, Supplement</u>, 20/9/1887, Wragg-kommissie se verslag). In 1904 is 'n ontvangslokaal spesiaal by die hospitaal opgerig om vir die toelating van pesgevalle voorsiening te maak (II, 11/3/31: Boek 1, p. 401: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/6/1904). Daar was gemiddeld sowat 41 immigrante dagliks in die depot hospitaal. Sodra hulle gesond genoeg was, is hulle weer saam met die ander immigrante in die depot geplaas (Burrows: <u>The History of Medicine in South Africa</u>, p. 222).

84) <u>The Natal Mercury</u>, d.d. 30/4/1874.

Aanvanklik toe L.H. Mason van die Natalse Departement van Immigrasie in beheer van die depot was, het hy sy bes gedoen om die toestande daar so bevredigend moontlik te handhaaf.[85] Nogtans was die higiëniese toestand in die depot nie altyd na wense nie. Nadat die immigrante van die Gainsbourough in 1875 die depot verlaat het, het The Natal Mercury byvoorbeeld soos volg geskryf: „The nimble cockroach and pertinacious mosquito now reign monarch of all they survey in the deserted coolie quarters."[86]

14. Identifisering van immigrante en toewysing aan werkgewers.

Die Beskermer van Immigrante het met sy besoek aan die depot eers elke immigrant se naam en besonderhede in 'n register aangeteken nadat hy dit uit die volgende bronne verkry het: 1) 'n onderhoud met die immigrant; 2) die nagaan van die skeepslys, en 3) 'n emigrasiesertifikaat wat deur die Beskermer van Emigrante (Madras of Kalkutta) en die Natalse emigrasieagent in Indië gesertifiseer is. Die volgende besonderhede van die immigrante het op die sertifikaat verskyn: sy naam, asook dië van sy vader, sy ouderdom, die naam van die kaste waaraan hy behoort het, sy lengte, met wie hy getroud is, die plek en die depotnommer in Indië waarvandaan hy gekom het, liggaamlike kentekens, liggaamlike of geestelike siekte waaraan hy moontlik mag gely het, en die naam van die skip waarmee hy vervoer is.[87]

Gemelde emigrasiesertifikate het die Beskermer van Immigrante in staat gestel om die identifikasie van immigrante bo alle twyfel te bepaal deur die name op die sertifikaat met dié op die skeepslys te vergelyk. In gevalle soos bv. in 1891 en 1892, toe die name op die sertifikaat en dié op die skeepslyste verskillend gespel was, het die Beskermer van Immigrante hom tot die emigrasieagent in Indië gewend om die korrekte spelling te bepaal.[88] Vir maklike identifikasie is daar ook nommers aan elke immigrant toegeken, want, volgens die Beskermer van Immigrante het hy nooit in sy departement enige probleem gehad „as regards identification, notwithstanding that, by error the name of one person is frequently spelt differently."[89] Daar is

---

85) The Natal Mercury, d.d. 21/7/1874, 13/10/1874 en 3/6/1880.

86) The Natal Mercury, d.d. 25/5/1875.

87) II, II/1/4, 82/1878: Emigrasiesertifikaat, d.d. 6/4/1877; II, II/1/1, 1877, man se sertifikaat wat dieselfde vir vroue en kinders was; The Natal Mercury, d.d. 30/4/1874. Die Beskermer van Emigrante (Kalkutta of Madras) en die betrokke Natalse emigrasieagent het ook gesertifiseer dat sake rakende emigrasie ooreenkomstig seksie 30 van die Indian Emigration Act VII van 1871 aan die emigrant verduidelik is.

88) II, II/3/16: Boek 1, p. 561: Beskermer aan Emigrasieagent, Madras, d.d. 23/10/1891; II, II/3/17: Boek 2, p. 431: Beskermer aan Emigrasieagent, Madras, d.d. 1/9/1872.

89) II, II/1/45, 908/1888: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, ongedateerd.

selfs 'n foto van elke immigrant geneem om as addisionele identifikasiemiddel te dien, maar dié praktyk is later gestaak.[90]

Nadat die immigrante 'n paar dae, of selfs 'n week, in die depot deurgebring het, is hulle pro rata en per loting onder die werkgewers, gewoonlik suikerkwekers, wat om hulle aansoek gedoen het, versprei. Die werkgewer is opgedra om die dag waarop die verspreiding sou plaasvind sy opwagting by die depot te maak, 'n kontrak te teken en die immigrante in ontvangs te neem.[91] Sorg is gedra dat die immigrante van dieselfde familie bymekaar bly. Die immigrante kon selfs hul eie vriende kies en diegene wat as getroude pare van Indië afgekom het, is in Natal as getroud geregistreer.[92] Sodra die werkgewer die immigrante in ontvangs geneem het, was die kontrakarbeiders sy volle verantwoordelikheid.[93] Die werkgewers moes gewoonlik egter vir 'n periode van sowat agtien tot twintig maande wag van die dag waarop hul om die immigrante aansoek gedoen het, tot die dag wanneer die immigrante aan hulle toegeken is, maar dié periode is na 1878 tot twaalf maande verkort.[94]

15. Samevatting

Vir die vervoer van emigrante van Indië na Natal is gevind dat die bevredigendste diens gelewer word deur vaste kontrakte met groot skeepvaartmaatskappye vir periodes van sowat tien jaar aan te gaan. Dit het verseker dat die emigrante goeie behandeling op die skepe ontvang het, veral besonder goeie voeding wat hul fisiese toestand vergeleke met dié in Indië heelwat verbeter het, vandaar dat daar selde klagte geopper is oor

---

90) Nogtans is die fotografering van immigrante weer in 1896 oorweeg (II, II/1/1A, R208/1875: Assistent-Beskermer aan Beskermer, d.d. 14/5/1875; The Natal Mercury, d.d. 28/4/1874; II, II/3/24: Boek 1, p. 396: Beskermer van Immigrante, Natal, aan Beskermer van Immigrante, Mauritius, d.d. 4/11/1896.

91) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1876, p.1: The Natal Mercury d.d. 30/4/1874, 24/10/1874 en 10/12/1878; II, II/1/1A, T. E. Eastwood aan Beskermer, d.d. 13/3/1875.

92) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1876. p.1.

93) II, II/1/9, 956/1881: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer d.d. 28/9/1881. Die vervoer van die kontrakarbeiders deur die werkgewers was dikwels so onbevredigend dat die Trustraad in September 1881 'n omsendbrief aan alle werkgewers uitgestuur het om 'n verbetering te bewerkstellig (II, II/1/9, Sirkulêre Trustraad, d.d. 21/9/1881).

94) II, II/1/5, 991/1878: C. Behrens aan Beskermer, d.d. 13/7/1878.

mishandeling op emigranteskepe. Nogtans het daar 'n groot persentasie siektes op emigranteskepe voorgekom wat hoofsaaklik toegeskryf kon word aan die swak fisiese toestand van die emigrante voordat hulle Indië verlaat het. In Natal aangekom, het die Natalse owerheid gewoonlik doeltreffende reëlings getref om die nuwe immigrante vir 'n paar dae in die Addington-depot te huisves totdat hul werkgewers hulle kom haal het, behalwe in die geval van siek immigrante wat eers in die depothospitaal moes aansterk.

# HOOFSTUK 4

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE NATALSE INDIËRVRAAGSTUK EN RYKSINMENGING

### 1. Die eerste emigrasieskema.

Toe die plan om Indiër-immigrante as arbeiders vir die opbouing van die Natalse suikerbedryf te verkry aanvanklik in 1855 deur sir George Grey aan die Britse regering voorgelê is, het die Britse staatsmanne die saak op 'n heel ander grondslag as die Natalse koloniste beoordeel.[1] Hoewel die Durbanse stadsraad die plan aan sir George Grey gesuggereer het, was die bedoeling van die Raad om slegs 'n beperkte aantal immigrante na Natal te laat kom.[2] Toe sir George Grey die saak op sy beurt aan die Britse regering stel, was daar geen sprake van „beperkte immigrasie" nie; trouens, Grey se opvatting weerspieël duidelik dat die getal immigrante by hom min geskeel het. Indien voldoende Indiër-immigrante vir Natal verkry kan word, skryf hy in 1855 aan die Britse Minister van Kolonies, sou Natal 'n groot suiker-, katoen- en koffieproduserende land word.[3] Sir George Grey wou dus die indruk by die Britse regering skep dat Indiër-immigrante Natal 'n ryk Britse kolonie sou maak.

Vir die Britse regering was dit weer van belang om die Indiese regering vir die plan inskiklik te maak. Deur bemiddeling van die Britse Minister van Kolonies, Bulwer-Lytton, is die Indiese regering teen 1858 in beginsel daartoe oorreed.[4] Dit was egter eers in 1860, nadat verskeie struikelblokke in onderhandelinge met die Indiese regering uit die weg geruim is, dat die plan ten uitvoer gebring is.[5]

Na die aankoms van die eerste Indiërs in Natal het dit in die Britse regering se kraam gepas om die immigrante as 'n permanente deel van die Natalse bevolking te beskou, veral omdat 'n permanente Indiërbevolking in Natal die suikerbedryf aldaar sou bevorder en dit

---

1) Thompson, op. cit., p. 10.
2) Ibid, p. 9. Volgens die latere Natalse Koloniale Sekretaris, dr. Gubbins, was die blankes van Mauritius wat deur Indiërwedywering uit daardie kolonie gedryf is, verantwoordelik vir die begin van die suikerbedryf in Natal (Debates of the Legislative Assembly of Natal, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June - July 1908, vol. XLIV, p. 355, d.d. 15/7/1908).
3) Thompson, op. cit., p. 9.
4) Ibid.
5) Ibid.

Brittanje indirek sou bevoordeel omdat Britse kapitaal by die Natalse suikerbedryf betrokke was. Die nadele verbonde aan 'n permanente Indiërbevolking in Natal is nie deur die Britse regering in 'n ernstige lig beskou nie omdat hy Natal as 'n verafgeleë kolonie bestuur het en dus nie met 'n Indiërvraagstuk in Brittanje self sou moes worstel nie. Daarbenewens moes die Britse regering ook die Indiese regering tevrede stel dat kontrakarbeiders geregtig sou wees om hulle permanent in Natal te vestig, want anders sou die Britse regering dit dalk moeilik gevind het om die Indiese regering te oorreed om Indiër-immigrante na Natal te stuur.[6)]

Die Natalse koloniste daarenteen wou verhoed dat die Indiër-immigrante 'n permanente deel van die Natalse samelewing word. Die koloniste het die immigrante beskou as tydelike arbeiders wat na Natal gekom het met die uitsluitlike doel om die suikerplantasies te bewerk en na Indië moes terugkeer na die verstryking van die kontrak.[7)]

Dit is dus verstaanbaar waarom die Natalse regering nooit aan die Britse eis voldoen het om die vyftig persent-verhouding van vroue tot mans onder die immigrante te handhaaf nie. Gedurende 1863 en 1866 het daar slegs 36 vroue saam met elke 100 mans na Natal verhuis, in stede van 50 vroue soos deur die Britse regering vereis.[8)] Die gedagte by die koloniste was: hoe minder Indiërvroue in Natal aankom, hoe minder kans sou daar vir 'n permanente Indiërgemeenskap in dié kolonie wees.

Die feit dat die Britse regering in 1872 toegestem het tot 'n kommissie van ondersoek as gevolg van klagte oor mishandeling wat deur kontrakarbeiders die vorige jaar by hul terugkeer in Indië geopper is, moet nie as 'n buitengewone stap beskou word nie.[9)] Dit was trouens die algemene gebruik van die Britse regering om dergelike klagte ook in ander Britse kolonies, soos bv. Brits-Guiana en Mauritius, deur 'n kommissie van ondersoek te laat ondersoek.[10)] Die Britse regering het nietemin gelas dat Natal geen verdere immigrante van Indië moes kry alvorens die kontrakarbeiders se klagte aangaande hul verblyf in Natal ondersoek is nie omdat die betrokke kontrakarbeiders na hul terugkeer in Indië by die Indiese owerheid oor hulle

---

6) Ibid, p. 22. Die aangeleentheid insake Britse kapitaal wat in die Natalse suikerbedryf belê is, word in 'n petisie van ses lede van die Wetgewende Raad aan die Britse regering behandel. Kyk voetnote 18 en 19 op p. 69 hieronder.

7) Thompson, op. cit., p. 22.

8) Ibid.

9) Ibid, p. 59; The Natal Mercury, d.d. 18/6/1872.

10) The Natal Mercury, d.d. 9/4/1872, 25/4/1872 en 23/5/1872.

„mishandeling" in Natal gekla het.[11] Vandaar dus die standpunt van 'n korrespondent in The Natal Mercury: „The Indian Government can, if it likes, forbid all emigration whatever, and the Home Government is sure to act in concert with it."[12]

## 2. Die petisie teen die hervatting van Indiër-immigrasie.

In hart en siel was die Britse regering egter nie ten gunste van die stopsetting van die toevloei van Indiër-emigrante na Natal nie, aangesien daar te veel Britse kapitaal by die suikerbedryf in Natal betrokke was. Om die Indiese regering tot die hervatting van die emigrasieskema te oorreed, het Brittanje gevolglik in 1872 toegestem tot 'n ondersoek van die terugkerende Indiers se klagte deur 'n gematigde tweemankommissie bestaande uit die Natalse Prokureur-generaal, M. Gallwey, en kol. B. P. Lloyd, 'n staatsamptenaar in diens van die Indiese regering wat met siekteverlof in Natal was.[13] Die Indiese regering het dan ook, soos die Britse regering in die vooruitsig gestel het, met die verslag van die kommissie dat die Natalse kontrakarbeiders oor die algemeen goed behandel is, genoeë geneem.[14]

Naas die druk wat die Indiese regering op Britse staatsmanne uitgeoefen het, het die finansiële sy van die saak ook 'n groot rol met betrekking tot die Britse beleid insake Indiër-immigrante na Natal gespeel. Reeds in 1871 was die Britse regering traag om toegewings aan Natalse suikerkwekers te maak wat die Natalse regering uiteindelik sou verplig om meer as 'n derde van die koste verbonde aan Indiër-immigrasie te dra.[15] In Maart 1873 het die Britse regering weer eens dié beleid onderskryf.[16] Om aan die eise van die Britse regering insake die behoorlike finansiering van die immigrasieskema te voldoen, is die Trustraad in Natal deur Wet 20/1874 in die lewe geroep.[17]

Die beleid van die Britse regering was om toe te sien dat dié gedeelte van die Natalse bevolking wat geen direkte voordeel by die

---

11) Thompson, op. cit., p. 57; The Natal Mercury, d.d. 9/7/1882.
12) The Natal Mercury, d.d. 30/5/1872.
13) Thompson, op. cit., p. 57 - 59. Kyk ook The Natal Mercury van 29/12/1874 vir petisie as antwoord op die petisie van ses lede van die Wetgewende Raad.
14) Thompson, op. cit., p. 64.
15) Thompson, op. cit., p. 44.
16) Ibid, p. 65.
17) Ibid. Kyk in hierdie verband hoofstuk 5, p. 126.

immigrasieskema gehad het nie, nie 'n onredelike bydrae daartoe moes lewer nie.

Daar was trouens 'n invloedryke seksie van die Natalse binnelandse bevolking wat in ag geneem moes word omdat Brittanje veronderstel was om ook in belang van die inwoners van sy kolonies op te tree en die Britse regering wou dus die indruk skep dat hy dié bevolkingsgroep wel konsidereer.[18)]

In 'n petisie wat ses binnelandse lede van die Natalse Wetgewende Raad naamlik aan die Britse Minister van Kolonies gestuur het,[19)] maak hulle beswaar dat die Natalse binneland, wat Indiër-immigrasie betref, moes help bydra tot 'n onderneming waaruit die binneland feitlik geen voordeel ontvang nie. Die petisionarisse het die Britse regering probeer beïnvloed om die wetsontwerp wat voorsiening maak vir 'n lening van £50,000 aan die Trustraad, te laat verongeluk, asook die een derde bydrae van die staat tot Indiër-immigrasie, t.w. £20,000.

Die ses binnelandse lede het dit benadruk dat gemelde wetsontwerp ter ondersteuning van Indiër-immigrasie wat in 1874 deur die Natalse Wetgewende Raad geloods is, nie deur die meerderheid van die gekose lede van die Wetgewende Raad aangeneem sou gewees het nié omdat die kwekerverteenwoordigers nie voldoende steun sonder die kroonverteenwoordigers geniet het nie. Finansiële voorsiening vir Indiër-immigrasie is dus alleen deur die ondersteuning van die genomineerde lede, d.w.s. deur die invloed van die kroon, toegestaan. Die ses lede van die Wetgewende Raad het gevoel dat die suikerbedryf reeds genoeg hulp van die staat ontvang het (nagenoeg 'n bedrag van £6,000) en dat die tyd aangebreek het „that either the business should exist without special help or that it should be abandoned". Die petisionarisse het verder aangetoon dat meer as die helfte van die Indiër-immigrante wat gedurende die voorafgaande jaar gearriveer het, aan tien groot maatskappye toegesê is.[20)] Volgens die petisionarisse was dié maatskappye sterk genoeg om self die totale koste verbonde aan die immigrasieskema te dra, maar hulle het die Natalse binneland vir dié doel uitgebuit.

---

18) The Natal Mercury, d.d. 19/12/1874: Petisie van ses lede van die Natalse Wetgewende Raad. Die bedoeling van die petisionarisse was om die indruk by die Britse regering te skep dat hulle 'n invloedryke deel van die Natalse bevolking verteenwoordig. In voetnoot 6 is ook reeds na hierdie petisionarisse verwys.
19) Kyk voetnoot 18 hierbo.
20) Ibid.

Die petisionarisse was daarvan oortuig dat die Britse regering verantwoordelik gehou moes word vir die voortsetting van die immigrasieskema, en hulle het dit beskou as „an unfair exercise of the power of the Crown that this loan should by the official votes in the Legislative Council be forced upon the Colony, contrary to the wish of a majority of the representatives of the people, for purposes which are purely local, and in no way general; and which is intended to confer a special benefit on a small section of the community at the expense of the public revenue".[21)]

3. Die teenpetisie ten gunste van die hervatting van Indiër-immigrasie.

Die versigtige optrede van die Britse regering in verband met die finansiële aspek van die immigrasieskema moet in 'n mate wel toegeskryf word aan die houding van die Natalse binneland soos geopenbaar in die hierbo genoemde petisie. Die Natalse suikerkwekers het gevrees dat die petisie dalk 'n veel groter uitwerking op die Britse regering sou hê. Hul verteenwoordiger vir Durban-Stad in die Wetgewende Raad, John Robinson, ook redakteur van The Natal Mercury, het derhalwe deur middel van sy blad 'n teenpetisie wat na die Britse regering gestuur sou word, help organiseer. In dié petisie is 'n poging aangewend om die stellings van die binnelandse lede te weerlê en af te water.[22)]

Dit was egter nouliks nodig vir The Natal Mercury om die guns van die Britse regering vir die saak van die kwekers te wen, aangesien die hele immigrasie-aangeleentheid juis deur die kroon se invloed in die Wetgewende Raad van stapel gestuur is. Dit was feitlik ook onnodig om die Britse regering daaraan te herinner, soos die teenpetisie wel gedoen het, dat Britse kapitaal (sowat £1,000,000 sterling) by die saak gemoeid was en dat dit die Britse regering se plig was om beleggers van sy eie geweste te help beskerm.

4. Die moontlikheid van 'n militêre Indiërmag vir Natal.

Daar was egter een argument in die teenpetisie van The Natal Mercury wat die Britse regering tot ernstige nadenke moes gestem het. Dit was die gedagte dat Indiër-immigrante Natal kon help verdedig teen die Bantoes, aangesien die Indiërs en Bantoes nie langs een vuur gesit het nie.[23)] Dit was dan ook juis dié aspek wat, na die

21) Ibid.
22) Die teenpetisie is gepubliseer in The Natal Mercury, d.d. 29/12/1874.
23) Ibid.

hervatting van die Indiër-immigrasie in 1874, die eerste saak was wat die aandag van die Britse regering in verband met Natalse Indiërs geverg het. Die onmiddellike aanleiding daartoe was die Zoeloe-oorlog van 1879, waartydens die Kaapse Goewerneur die sending van Indiërtroepe na Natal sterk by die Britse regering bepleit het.[24] Die Britse regering was in so 'n mate geïmponeer deur die gedagte dat menings van twee vername persone, sir George Colley en sir Garnet Wolseley, wat veral in die Britse militêre wêreld bekend was, ingewin is.[25]

Colley was slegs te vinde om Indiese militêre magte vir spesifieke veldtogte na Natal te stuur, bv. na die slag van Isandhlwana, en na afloop daarvan weer te laat terugkeer, maar hy het sterk getwyfel aan die moontlikheid van 'n permanente Indiërmag in Natal, aangesien „the prospect of ordinary peace garrison duty in Natal would attract the worst, rather than the best class of soldiers from India, a class more nearly allied to the coolies who now emigrate than to the sepoy and that the men there obtained would not command the respect of, and hardly be able to cope with, the physically fitter and more warlike races of South Africa".[26]

Sir Garnet Wolseley was geheel en al gekant teen die sending van 'n Indiërtroepemag na Natal. Hy het selfs getwyfel aan die krygsmanskap van die Madras „sepoys" en ook die lojaliteit van Indiërs vir 'n oorlog teen die Zoeloes sterk in twyfel getrek. Bowendien was Wolseley van mening dat die finansiële implikasies nie so 'n onderneming regverdig nie, want „natives will not serve out of India except at much higher rates of pay than in India; and the pay of Indian officers is three times as great as that of officers of the British army of the same rank".[27]

Blykbaar beïnvloed deur die verslae van Colley en Wolseley het lede van die Britse Koloniale Kantoor die Britse Minister van Kolonies teen die stuur van Indiërtroepe na Natal geadviseer. Gevolglik is van die plan afgesien.[28]

---

24) Sien in dié verband stukke van die Britse Koloniale Kantoor wat by die British Public Record Office berus, CO 179/136, Natal 5581: Colley aan die Britse Minister van Kolonies, d.d. 12/4/1880.
25) Ibid; British Public Record Office, CO 179/133, Natal 3177: sir G. Wolseley aan M. Hicks Beach, d.d. 26/8/1879.
26) British Public Record Office, CO 179/136, Natal 5581: Colley aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 12/4/1880.
27) British Public Record Office, CO 179/133, Natal 3177: sir G. Wolseley aan M. Hicks Beach, d.d. 26/8/1879.
28) II, II/1/7, nr. 1295: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 29/11/1880, gebaseer op diensbrief van Kimberley aan Colley, d.d. 22/10/1880.

## 5. Rudimentêre aard van die Indiërvraagstuk in die vroeë tagtigerjare.

Aan die begin van die tagtigerjare het die stemreg, onderwys en grondtoekennings aan Indiërs wel die oorweging van die Britse regering geniet, maar weens die rudimentêre aard van die vraagstukke is daar geen druk op die Natalse regering uitgeoefen nie.[29] As daar enigsins sprake was van 'n Britse beleid t.o.v. Indiërstemreg in Natal dan was dit een van versigtigheid. So bv. het J. Bramston, die Britse Assistent-Onderminister van Kolonies, in 1882 gehuiwer om 'n offisiële verklaring ten opsigte van Indiërstemreg in Natal uit te reik, maar bygevoeg: „my own view is that Indians should only have the franchise if they have the necessary qualification in property".[30]

## 6. Die invloed van die Wragg-kommissie op die Britse beleid t.o.v. Natal.

Teen 1885, toe 'n uitgebreide ondersoek onder leiding van regter Wragg begin het en veral gelet is op die gevaar van grootskaalse Indiër-immigrasie, het die Indiërvraagstuk hoofsaaklik in verband gestaan met die subsidie van £10,000 wat die staat tot Indiër-immigrasie bygedra het.[31]

Toe die Britse Minister van Kolonies na die Wragg-kommissie se verslag verwys het, het hy geen melding van die hoofstrekking daarvan gemaak nie, m.a.w. hy het nie verwys na die ekonomiese las wat die Natalse binnelanders moes dra ten behoewe van immigrasie wat die kwekers langs die Natalse kus bevoordeel het nie. In stede daarvan het hy die toestand in die tronke, die Indiërdepot, veral die depothospitaal, onder die vergrootglas geplaas, asook die voorsiening van 'n Tamil-sprekende tolk vir die gerief van Indiërbeskuldigdes in die Natalse hooggeregshof.[32] Verder het hy ook die Beskermer van Indiër-immigrante kwalik geneem dat 'n verteenwoordiger van laasgenoemde se kantoor die spoorweghospitaal te Durban slegs twee maal per jaar besoek en het hy aanbeveel dat die toekenning van kontrakarbeiders aan 'n sekere heer Wood beëindig word.[33]

---

29) British Public Record Office, CO 179/133, Natal 3177: standpunte van A.A. Pearson, A.W. Hemming, R.G.W. Herbert en R. Courtney, asook J. Bramston aan Pearson, d.d. 13/3/1880.

30) British Public Record Office, CO 179/140, Natal 9577: Nota deur Bramston, d.d. 14/6/1882.

31) Die verslag van die Wragg-kommissie word in hoofstuk 7 behandel.

32) GH 62, 2575: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 10/5/1888.

33) GH 63, 2375: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 19/10/1888.

'n Ander aspek wat die Britse Minister van Kolonies bekommer het, was die uitgebreide regterlike funksies waaroor die Beskermer van Indiër-immigrante beskik het. Hy het aanbeveel dat „they should be very considerably limited and confined perhaps to minor labour questions".[34]

Die basiese verskil tussen die standpunte van die Britse regering en die Natalse koloniste, wat aanvanklik nouliks merkbaar was, het vanaf 1886, toe C.A.S. Yonge, lid vir Pietermaritzburg-Graafskap, die opheffing van die staatsubsidie ten behoewe van Indiër-immigrasie in die Wetgewende Raad bepleit het, meer wesenlik geword.[35] Die Britse regering was nie, soos die koloniste, gevoelig vir Indiërmededinging op handelsgebied nie.[36] Die verontrusting van die Natalse koloniste weens die instroming van al hoe meer Indiër-immigrante en die huishoudelike probleme wat dit vir die koloniste meegebring het, het die Britse regering koud gelaat. Al wat by die Britse regering swaar geweeg het, was die Britse kapitaal wat in Natalse suikerplantasies belê was.

Die aanbeveling wat die Britse Minister van Kolonies in verband met die Wragg-kommissie gedoen het, moet dus in die raamwerk van die Britse beleid gesien word, d.w.s. om die Indiese regering gunstig te stem om meer immigrante na Natal te lok. Dit het dus vir die Natalse Goewerneur vanaf die tweede helfte van die tagtigerjare al hoe duideliker geword dat die Britse regering van sy verteenwoordiger in Natal verlang om simpatiek teenoor die Indiërbevolking van Natal op te tree, al het die Natalse koloniste tot ander insigte gekom. Vanaf 1886 het die Goewerneur hom al hoe meer met aangeleenthede waarby Indiërs in Natal gemoeid was, ingemeng, blykbaar om 'n wakende oog te hou oor die anti-Indiërbeweging in die Kolonie.[37]

---

34) Ibid.
35) Debates of the Legislative Council of the Colony of Natal, vol. 9, 1886 - 1887, p. 343.
36) Ibid, p. 386. Kyk die standpunt van T.P. O'Meara, lid vir Pietermaritzburg-Stad.
37) In 1887 byvoorbeeld het die Natalse Goewerneur, as mondstuk van die Britse regering, dit as wenslik beskou „to extend the period within which Indian immigrants may claim return passages beyond the present period of 13 years." (II, 11/1/41, 1200: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/10/1887). Daarteenoor stel die Trustraad die standpunt van die Natalse koloniste soos volg: „Having regard to the prevailing opinion and the recommendation of the (Wragg) Commission the (Trust) Board think it is not advisable to grant any further extension of time" (II, 11/1/41, 1200: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/5/1888). Hoewel die Goewerneur se sekretaris hom verwittig het van die nadelige gevolge wat die aanbevelings van die Wragg-kommissie sou hê op Indiërs wat van voornemens was om in Natal te bly (veral weens die bedrag van

## 7. Die begin van Indiërpetisies aan die Britse regering.

Vanaf 1886 het dit vir die Natalse Indiërs baie duidelik geword dat hulle meer simpatie van die Britse regering as van die Natalse regering te wagte kon wees. Gevolglik het die Natalse Indiërs in daardie jaar (1886) met 'n praktyk begin wat daarna 'n vaste gebruik sou word, naamlik om hul griewe in die vorm van goedbewoorde, lywige, mooigedrukte petisies na die Britse Minister van Kolonies te stuur.[38)]

Reeds die heel eerste petisie van die Natalse Indiërs was geslaagd. Die petisionarisse, wat geeneen in staat was om sy eie naam te teken nie, het in 'n lang relaas begin met klagte oor beloftes wat deur agente voor hul koms na Natal aan hulle gemaak sou gewees het en nie nagekom is nie. Hul eintlike beswaar was egter teen die optrede van die polisie tydens hul Mohurrum-fees te Ladysmith. Terwyl hierdie fees op 2 Oktober 1886 in 'n Indiërtempel te Ladysmith aan die gang was, is agtien van die feesgangers in hegtenis geneem. Dit was volgens die

---

£4 wat werkgewers jaarliks vir kontrakarbeiders tussen die vyfde en tiende jaar moet betaal), het die Goewerneur alles in sy vermoë gedoen om Indiërs wie se kontrak verstreke was, so lank as moontlik in Natal te hou en nie na Indië te laat terugkeer nie. Die Goewerneur was van mening „that the increase of wages and other inducements arising out of the present marked improvement in the position of the Colony, will have the effect of retaining these useful people here." (II, 11/1/41, 1200: Private Sekretaris van Goewerneur aan Goewerneur, ongedateerd. Kyk ook Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/5/1881). In 1886 het die Goewerneur byvoorbeeld die praktyk beëindig om Indiërs wat vir Natal nutteloos was en wat nie op 'n vry terugpassasie geregtig was nie, op regeringskoste na Indië terug te stuur. Hierdie optrede was bv. daarop bereken om nie die Indiese regering te na te kom nie, want die Goewerneur sê self: „I do not think it is right to send one's paupers to become a burden on another country." (II, 11/1/34, 656: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 29/5/1886. Kyk ook na die volgende in hierdie verband: II, 11/1/35, 823 en 955: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/8/1886 en 14/9/1886; II, 11/1/37, 199: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/2/1887; II, 11/1/38, 294: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 10/3/1887; II, 11/1/40, 847: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/7/1887; II, 11/1/44, 577: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/5/1888; II, 11/1/33, 432: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/4/1886).

38) British Public Record Office, CO 179/165, Natal 1578: Havelock aan E. Stanhope, d.d. 24/12/1886, bylae 2.

petisionarisse 'n groot verontregting, aangesien hulle vooraf van die voorsitter van Ladysmith se Plaaslike Raad, mnr. E. Riley, toestemming verkry het om die fees volgens hul „ancient usages" te hou.[39] Die magistraat het die beskuldigdes ontslaan en die insident toegeskryf aan die feit dat die voorsitter van die Plaaslike Raad versuim het om die publiek vooraf van die fees te verwittig. Die magistraat het niks verkeerds met die optrede van die polisie gevind nie, want „the noises they (Indiërs) made were most excruciating and trying under the best of circumstances", as gevolg waarvan hulle op grond van regulasie nr. 40 van die Plaaslike Raad in hegtenis geneem is.[40] Ten spyte van dié bevinding het die Britse regering Natal deeglik oor die kole gehaal oor hierdie insident en verwys na die sogenaamde „ill-treatment of the petitioners by the police".[41]

In 1890 het die Britse regering ook 'n minder belangrike petisie van Indiërtafelbediendes verbonde aan die Royal Hotel en die Alexandra Hotel te Durban insake klagte teen hul werkgewers laat ondersoek, maar hierdie aangeleentheid het geen verdere reperkussies gehad nie.[42]

Die daaropvolgende jaar is die derde Indiërpetisie deur die Britse regering ontvang - dié keer van tagtig Indiërs uit Bombaai in verband met die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Natal. Daarin word die Britse regering versoek „not to sanction any change in the constitution of the Colony of Natal, which is calculated to prejudicially affect the rights of natives of India resident in that Colony".[43]

Die eintlike nadeel wat verantwoordelike bestuur vir die Indiërs sou inhou, was dat die invloed van die Britse kroon in die bestuur van Natal in 'n groot mate verminder sou word. Dit sou trouens die Natalse koloniste die eerste keer in die geleentheid stel om Indiërprobleme self die hoof te bied. Daarom het die Britse regering hom die reg voorbehou om wetgewing insake Indiërs te veto

---

39) Ibid.
40) British Public Record Office, CO 179/165, Natal 1578: Resident-magistraat, Ladysmith, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/10/1886, bylae tot diensbrief van Havelock aan E. Stanhope, d.d. 24/12/1886.
41) British Public Record Office, CO 179/165, Natal 1578: Nota deur E. Wingfield, d.d. 31/1/1887.
42) GH 69, 4389: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 25/6/1890.
43) GH 73, 938: Knutsford, Britse Minister van Kolonies, aan Goewerneur, d.d. 19/1/1891.

„as it is frequently necessary to consult in such matters the Secretary of State for India in Council, and the authorities at Calcutta, who are, as you know, vigilant in safeguarding the interests of Her Majesty's Indian subjects."[44] Die Britse regering wou ook verseker dat die Natalse Goewerneur in militêre aangeleenthede onafhanklik van die Natalse kabinet kon optree, want, volgens die Britse Minister van Kolonies „the fact that there is a large Indian and Native population the Colony affords an additional reason why the Governor of Natal should not be more fettered than the Governors of the other Responsible Government Colonies".[45]

Die Britse regering het in September 1891 die Natalse Goewerneur se aandag op die Bombaaise petisie gevestig en kort daarna (Desember 1891) die wetgewing vir die daarstelling van verantwoordelike bestuur in Natal „in its present shape" afgekeur.[46] Die Britse regering het verduidelik dat „the proposal that immigrants should be compelled to return to India after the completion of their indentured service would be such an interference with the ordinary rights of British subjects that legislation in that sense could not be sanctioned".[47]

8. Dada se pogings om die griewe van Natalse Indiërs uit die weg te ruim.

Gelukkig vir die Natalse koloniste het hulle Goewerneur nie die Bombaaise petisie vertrou nie en het hy na die „Bombay merchant class in Natal" verwys as „far from very desirable residents in an English community".[48] In Oktober 1892 het dit tot die Britse regering deurgedring dat slegs enkele Indiërhandelaars in Natal met die Bombaaise petisie gemoeid was. Een, die leidende Indiërhandelaar in Natal, ene Hadjie Mohamed Hajee Dada, het trouens self aan die Britse regering verduidelik dat 'n paar van hulle in Natal oorspronklik in dié verband aan Tajelbhoi Visram van Bombaai geskryf het, waarop 'n vergadering aldaar gehou is wat die petisie tot gevolg gehad het.[49]

---

44) GH 73, 938: Knutsford, Britse Minister van Kolonies, aan Goewerneur, d.d. 19/1/1891.
45) GH 74, EC 325/1891: Lord Knutsford aan Sir G.B.H. Mitchell, d.d. 28/5/1891.
46) GH 75, 5890, Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 29/9/1891; GH 76, 7030: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 2/12/1891.
47) CSO 1422, 994: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 24/9/1891 (bylae).
48) GH 75, 5890: Goewerneur aan Private Sekretaris, d.d. 1/7/1892. Kyk Goewerneur aan Private Sekretaris, d.d. 1/3/1892.
49) GH 80, 1383: H.M.H. Dada aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 19/10/1892.

Die Britse regering kon verder uit die onoortuigende argumente wat Dada in sy brief genoem het, aflei dat die Natalse Indiërs geen grondige beswaar teen die toestaan van verantwoordelike bestuur aan Natal gehad het nie. So bv. beweer Dada dat Natal nog te jonk is, dat daar te min opgeleide („educated") mense in Natal is om die kolonie behoorlik te regeer, en dat die koloniste wat verantwoordelike bestuur bepleit, dit slegs doen om hulself ten koste van die Indiërs te bevoordeel, aangesien hulle jaloers op die Indiërs is. In die Kaapkolonie, beweer Dada, is die posisie geheel anders, aangesien daar baie meer opgeleide mense is wat nie jaloers op die Maleiers en Kleurlinge is nie. Hy meen dat indien selfregering aan Natal toegestaan word, die kolonie besonder hoë belasting sal moet hef wat die inwoners uit die kolonie sal dryf en tot bankrotskap aanleiding sal gee. Dada maak ook beswaar teen vreemde nasionaliteite wat Natal „fosters in its midst", blykbaar verwysende na die Boere en die Duitsers".[50)]

Hoewel die Britse regering Dada se brief deeglik oorweeg het, is sy argumente onaanneemlik bevind, maar die Britse Minister van Kolonies het die Natalse Goewerneur nogtans versoek „that the Queen's Indian subjects should be treated upon a footing of equality with all Her Majesty's other subjects".[51)]

Toe Dada vind dat hy niks met die Britse Minister van Kolonies kon uitvoer nie, het hy hom in Februarie 1893 tot 'n Britse parlementslid, Dadabhai Naoriji, gewend. Dada was dié keer egter versigtig genoeg om nie weer sy onoortuigende argumente ten opsigte van die toekenning van verantwoordelike bestuur te herhaal nie, maar volg nou 'n subtieler metode om so simpatie vir sogenaamde griewe te wek. Hy begin naamlik sy klaagbrief met 'n argument wat hy voorwaar weet waarvoor die Britse staatsmanne 'n gretige oor sou verleen, naamlik die verpligting wat op kontrakarbeiders rus om tien jaar in Natal te bly voordat hulle geregtig was op 'n vry terugpassasie na Indië. Dada het dit veral teen die opdraande stryd wat kontrakarbeiders voer. Indien hul na vyf jaar diens besluit om in Natal te bly, kon hulle beswaarlik iets spaar uit hul karige loon, wat, volgens Dada, tussen tien en vyftien sjielings per maand gewissel het. Dit, meen hy, is die rede waarom baie van die Indiërs hul op groentekwekery en smousery toelê. Volgens Dada word die smouse weer deur die polisie lastig geval en daarna word hulle dikwels in die howe met van een tot ses

---

50) Ibid.
51) GH 80, 1383: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 22/2/1893.

sjielings beboet. Om bogenoemde redes, verduidelik Dada verder, het hy en twee ander Madras-handelaars 'n terrein by die Mohammedaanse moskee aan 'n groep van sowat vyftig tot sewentig Indiërgroentekwekers teen 'n karige huur beskikbaar gestel om hul produkte te verkoop, waarop die polisie al hierdie groenteverkopers by die moskee in hegtenis geneem het en elkeen van hulle met een sjieling beboet is. Hierdie boetes is egter terugbetaal nadat met sukses by die hooggeregshof teen die magistraat se vonnis geappelleer is.[52)]

Dada se beskuldigings het via die Britse regering Natal bereik. Die Beskermer van Indiër-immigrante het Dada se bewerings heftig ontken. Volgens hom is twintig Indiërs by die moskee in hegtenis geneem omdat hulle 'n buitensporige lawaai gemaak het wat storend vir die omliggende inwoners was, en nie omdat hulle groente verkoop het nie. Hulle is aangekla omdat hulle artikel 18a van die munisipale regulasie oortree het, dog die Natalse hooggeregshof het beslis dat hul boetes terugbetaal moes word. Die Beskermer was oortuig daarvan dat die polisie nie hardhandig teenoor die Indiërs opgetree het nie, maar hulle te sagkens behandel het - vandaar die groot aantal Indiërs wat van hul wettige werkgewers weggedros het. Dikwels was dit juis hierdie drosters wat groenteverkopers geword het en selde of ooit deur die polisie gevind kon word.[53)]

Dada se veldtog het uiteindelik egter geen sigbare invloed op die Britse regering uitgeoefen nie, maar toe Chamberlain in 1895 as Minister van Kolonies aangestel is, het hy 'n deputasie van Indiërs wat in Londen woonagtig was, onder leiding van Naoriji, te woord gestaan.[54)] By dié geleentheid is 'n gedrukte Indiërpetisie aan Chamberlain oorhandig insake griewe van kontrakarbeiders en Indiërstemreg in Natal en waarin beswaar gemaak is teen die feit dat slegs 251 Indiërs op dié tydstip in Natal stemreg gehad het.

9. Chamberlain se reaksie op die Indiërs se vertoë.

Na die mislukte Jameson-inval was Chamberlain in so 'n netelige posisie dat hy nouliks kon bekostig om die Natalse koloniste van hom te vervreem en moes hy die Britse beleid in Natal in hersiening neem. Gevolglik het hy besluit om nie die Indiërgriewe in Natal uit die weg te ruim nie, aangesien hy die betekenis van die Natalse koloniste vir Brittanje aan die een kant en dié van die

---

52) GH 80, 2440: H.M.H. Dada aan Dadabhai Naoriji, d.d. 16/2/1893.
53) GH 80, 2440: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/6/1893.
54) CSO 1509, 2521/1897: The Asiatic Quarterly Review, d.d. April 1897.

Indiërs aan die ander kant moes opweeg in 'n moontlike botsing met die Suid-Afrikaanse Republiek en dit is duidelik dat die Natalse koloniste vir hom van groter waarde in die stryd sou wees.[55)]

Dit was eintlik die Natalse regering wat die eerste keer, weens die delikate posisie waarin Chamberlain verkeer het, druk op die Britse regering kon uitoefen insake onwettige immigrasie van Indiërs uit Bombaai. Dit het die Britse regering selfs die Indiese regering in verband met die onwettige immigrante uit Bombaai laat waarsku dat „if a large immigration to Natal continues to take place, there is a danger that the Colonial Government will be called upon by a strong body of local opinion to adopt special legislation against Indians as such".[56)]

Die Indiese regering het egter alle skuld aan medepligtigheid aan die onwettige emigrasie ontken en versoek dat die Natalse regering self ondersoek moet instel hoe die immigrante Natal binnegekom het.[57)] By nadere ondersoek het dit uiteindelik geblyk dat die onwettige immigrante blykbaar in Duitse skepe deur 'n Durbanse Indiërfirma Natal binnegebring is, maar aangesien die Beskermer van Indiër-immigrante nie kon vasstel wie die firma was nie, moes die saak daargelaat word.[58)]

10. Immigration Restriction Act, 1897.

Die feit dat onwettige immigrante Natal binnegekom het, het meegehelp tot die goedkeuring wat die Britse regering verleen het om Natal se Immigration Restriction Act (Wet 1/1897) op die wetboek te plaas. Dit was juis hierdie wet wat kwaai teenstand van Natalse Indiërs uitgelok het, selfs toe dit nog as wetsontwerp in die Natalse parlement bespreek is. Die Indiërs het dié wet naamlik beskou as inbreuk op hul reg om as Britse onderdane vrylik van een Britse kolonie na 'n ander te beweeg en dit het daartoe aanleiding gegee dat vier-en-veertig Indiërs in Maart 1897 'n petisie in dié verband aan die Britse regering gerig het.[59)] In dié petisie is verwys na

---

55) Chamberlain het geen amptelike vertoë tot die Natalse regering in dié verband gerig nie.

56) GH 877, C93/1897: John Bramston, namens Britse Koloniale Kantoor, aan Ondersekretaris vir Kolonies, Indië, d.d. 14/1/1897.

57) CSO 1504, 1677: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 13/2/1897. Kyk ook Horace Walpole (namens Indiese regering) aan Onderminister van Kolonies, d.d. 9/2/1897.

58) CSO 1504, 1677: Beskermer van Indiër-immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15 en 31 Maart 1897. Kyk ook Hoof-Ondersekretaris aan Beskermer, d.d. 23/3/1897.

59) GH 877, C92/1897, ingesluit by nr. 132 van Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 9/7/1897.

die Natalse premier se verklaring toe die wetsontwerp deur die Natalse parlement behandel is „that it would enable the Government to arrest the immigration of free Indians to the Colony".[60] Die petisie is in Oktober 1897 gesteun deur druk wat die Indiese regering op Brittanje uitgeoefen het. Die Indiese regering het veral beswaar gemaak teen subartikels 3(a) en 3(b) van die wet waardeur Indiërs op grond van opvoedkundige en eiendomskwalifikasies tot verbode immigrante verklaar kon word, terwyl artikel 9 bepaal het dat Indiërs wat nie in Natal gedomisilieer is nie, deur middel van handels-, eiendoms- en stemregte aan bande gelê en selfs, ooreenkomstig artikel 10, summier gedeporteer kon word. Hoewel die Indiese regering nie bevrees was dat die Natalse regering van die wet misbruik sou maak nie, het die Indiese regering dit nogtans as gevaarlik beskou in die hande van 'n uitvoerende gesag, soos dié van die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit was moontlik om ingevolge dié wet teen Indiërs op te tree wat reeds lank in Natal gevestig maar nog nie gedomisilieer was nie.[61]

Die Indiese regering het verder die gebruik van die woord „domicile" in die <u>Indian Immigration Restriction Act</u> in 'n ernstige lig beskou omdat die interpretasie wat die Indiese regering aan die insluiting van die woord „domicile" verleen het, daarop neergekom het dat Indiërs wat reeds gevestigde belange in Natal gehad maar die kolonie tydelik verlaat het, by hul terugkoms in Natal verbode immigrante verklaar kon word. Daarom het die Indiese regering selfs gedreig om alle verdere emigrasie na Natal te staak indien die woord „domicile" in artikel 6 van die wet nie verander word nie.[62]

Hoewel die Britse regering met die Indiese regering se standpunt saamgestem het, kon die Britse regering nie op hierdie tydstip (Oktober 1897), met die oog op die toenemende spanning ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Republiek, hom die onguns van die Natalse regering op die hals haal nie.[63] Nadat dus

---

60) Ibid.
61) GH 877, C93/1897: A. Godley aan Onderminister van Kolonies, Londen, d.d. 21/7/1897.
62) CSO 2577, C63/1898: H. Walpole aan Britse Onderminister van Kolonies, d.d. 15/3/1898.
63) Die rede waarom die Britse regering die Indiese regering se standpunt onderskryf het, was omdat Natal se eie wetsdeskundiges self verdeeld was oor die implikasies van die woord „domicile" in die <u>Immigration Restriction Act</u>. Henry Bale, die nuwe Natalse Prokureur-generaal, het bv. beweer dat Indiërs wat Natal verlaat het om hulle elders te gaan vestig, nie na Natal kon terugkeer tensy hulle gedomisilieer was nie, terwyl Harry Escombe, die vorige Natalse Prokureur-generaal wat verantwoordelik was vir die opstel van die <u>Immigration Restriction Act</u>, van oordeel was dat gemelde Indiërs wel in Natal toegelaat

vooraf die versekering van die Natalse regering verkry is dat die bedoeling van die Immigration Restriction Act nie was om teen reeds gevestigde Indiërs in Natal op te tree nie, antwoord die Britse Minister van Kolonies op die besware van die Indiese regering dat die wet nie teen iemand op grond van ras of kleur diskrimineer nie en dat die betrokke wet vir Natal noodsaaklik geword het omdat verskeie Indiërs Natal op 'n onwettige wyse binnegedring het.[64] Die Indiese regering het uiteindelik die Natalse regering se verduideliking aanvaar dat die betrokke wet eers sy ondoeltreffendheid moet bewys voordat dit verander behoort te word en die Natalse regering het die Indiese regering voorts verseker dat die Immigration Restriction Act „in a manner as lenient and liberal as possible" toegepas sou word.[65]

## 11. Indiërklagte insake onderwysgeriewe in Natal.

Wat die ander aspekte van die Indiërpetisie van 1897 betref, naamlik Indiëronderwys, -stemreg, -paswette, -grond- en handelsregte, is slegs die kwessies van onderwys en paswette deur die Britse regering na Natal vir verdere verduideliking verwys.[66] Die Natalse regering het egter slegs met betrekking tot Indiëronderwys enige verduideliking verstrek.[67]

---

kon word. (GH 877, C93/1897: Horace Walpole aan Onderminister van Kolonies, d.d. 2/11/1897; CSO 2577, 8536/1897: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 12/11/1897; GH 877, C93/1897: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 28/12/1897 en Eerste Minister se verslag, d.d. 3/6/1898; C63/1898: H. Walpole aan Britse Onderminister van Kolonies, d.d. 15/3/1898. Kyk ook Britse Minister van Kolonies aan „Officer Administrating the Government of Natal", d.d. 19/3/1898).

64) GH 877, C93/1897: E. Wingfield aan „Under Secretary of State", Indië, d.d. 2/11/1897. Kyk ook E. Wingfield aan H. Escombe, d.d. 28/7/1897 en H. Escombe aan Onderminister van Kolonies, d.d. 29/7/1897.

65) GH 877, C93: Eerste Minister se verslag, d.d. 3/6/1898. Kyk ook CSO 2577, C63/1898: H. Escombe aan Eerste Minister, d.d. 29/4/1898.

66) GH 877, C92: Petisie van A.K.H. Adam en 43 ander Indiërs, d.d. 27/3/1897, ingesluit by nr. 132 van Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 9/7/1897. Kyk ook Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 19/11/1897.

67) GH 877, C92/1897: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 17/12/1897.

Die petisionarisse se klagte insake onderwys spruit voort uit 'n insident in Januarie 1897 toe die hoof van Durban High School geweier het om 'n sekere Indiërseun, James Godfrey, toegang tot sy skool te verleen. Die skoolhoof was bevrees dat as die Indiërseun tot die skool toegelaat word, die blanke kinders die Indiër se lewe deur gekskeerdery ondraaglik sou maak. Oor dié mening het M.K. Gandhi, wat intussen as leier van die Indiërgemeenskap op die voorgrond getree het, in 'n briefwisseling met die Natalse regering gewikkel geraak.[68)]

Hoewel die Natalse regering die standpunt van die skoolhoof ondersteun het, het die Minister van Onderwys, Henry Bale, beweer dat daar nogtans geen algemene reëling is waarvolgens Indiërs, op grond van hul ras, verbied kon word om Natalse hoërskole by te woon nie. Volgens die Koloniale Sekretaris was daar heelwat Indiërkinders in Natalse primêre skole aanwesig en die beleid van die Natalse regering was om skole vir Indiërkinders op te rig waar daar 'n aansienlike getal Indiërs woonagtig is.[69)]

Blykbaar was die Britse regering met dié verduideliking tevrede want, soos in die geval van die Immigration Restriction Act, het hy geen verdere kommentaar gelewer nie.

## 12. Trader's Licences Act.

Die Indiese regering was reeds ontevrede omdat die Britse regering geen poging aangewend het om die griewe van Natalse Indiërs uit die weg te ruim nie. Toe die Natalse regering daarop 'n wysiging van die Trader's Licences Act wou aanbring, het die Indiese regering gedreig om verdere emigrasie na Natal te staak, want die bedoeling van die wysiging was om dit moeiliker vir Indiërs te maak om handelslisensies in Natal te bekom.[70)] Dit was 'n gedugte front waarop die Indiese regering nou aangeval het, want die toekenning van handelslisensies aan Indiërs in Natal het aanleiding gegee tot een van die basiese probleme van Indiër-immigrasie in Natal, d.w.s. die mededinging van Indiërs en blankes op handelsgebied.

---

68) GH 877, C92/1897: verslag insake die geval van James Godfrey, d.d. 17/12/1897. Kyk Minister van Onderwys aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/12/1897.

69) GH 877, C92/1897: Eerste Minister aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/12/1897. Kyk ook Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 17/12/1897.

70) GH 877, C93/1897: A. Godfrey aan Britse Onderminister van Kolonies, d.d. 21/7/1897.

Die Trader's Licences Act het voorsiening gemaak dat Indiërs wie se aansoeke om handelslisensies deur lisensiebeamptes van die hand gewys word, na die betrokke stadsraad kon appelleer.[71] Dié vergunning se waarde is egter beperk deur die feit dat die lisensiebeampte gewoonlik in diens van die stadsraad was en dus na die stadsraad se wense opgetree het, en dat geen verdere appèl na die hooggeregshof toelaatbaar was nie.[72] 'n Ander beswaar, naamlik teen die bepaling van die wet dat Indiërs hulle boeke in Engels moes hou, is deur die Indiese regering geopper omdat 'n groot aantal arm Indiërhandelaars nie in staat was om agente aan te stel om hul boeke in Engels te hou nie. Verder het die Indiese regering aan die hand gedoen dat indien die Trader's Licences Act ten doel het om die blankes te beskerm teen die instroming van 'n nuwe Indiërhandelaar-golf, dan was dit nie nodig om teen reeds gevestigde Indiërs te diskrimineer nie. Sanitêre vereistes wat vir die verkryging van handelslisensies noodsaaklik was, moes, volgens die Indiese regering, in 'n aparte wet omskryf gewees het en nie in die handelslisensiewet self nie.[73]

Weer eens was die Britse regering nie geneë om op hierdie tydstip (November 1897) enige druk op die Natalse regering uit te oefen nie. Hy het die Indiese regering daarop gewys dat die Natalse Insolvensiewet (Wet 47/1887) reeds vereis dat handelaars hul boeke in Engels moet hou en dat die Trader's Licences Act in ooreenstemming daarmee geformuleer is. Die Britse regering het voorts, sonder om enige redes te noem, die voorstel van die Indiese regering om reeds gevestigde Indiërs van die werkinge van die wet te onthef, verwerp.[74]

Die toepassing van dié wet het egter binne die periode van een jaar met soveel misbruike gepaard gegaan dat die Britse regering verplig was om op te tree.[75] Britse optrede het gekom nadat in 'n lywige petisie wat deur 41 Indiërs opgestel is, gekla is oor die weiering van handelslisensies aan Indiërsakemanne deur die plaaslike

---

71) Ibid; GH 877, C93/1897: H. Escombe aan Britse Onderminister van Kolonies, d.d. 29/7/1897. Kyk ook E. Wingfield aan H. Escombe, d.d. 28/7/1897.

72) Ibid; GH 877, C93/1897: Horace Walpole aan Britse Onderminister van Kolonies, d.d. 2/11/1897.

73) GH 877, C93/1897: Horace Walpole aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 2/11/1897.

74) GH 877, C93/1897: F. Graham (Britse Koloniale Kantoor) aan „Under Secretary of State", Indië, d.d. 20/11/1897.

75) GH 877, G233/1899: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 19/5/1899.

besture van Durban, Newcastle en Dundee. Die petisionarisse verduidelik dat hul lankal beswaar sou gemaak het indien hul tyd nie in beslag geneem was met die agitasie teen die Immigration Restriction Act nie en ook omdat hulle in een geval die uitslag afgewag het van die appèl wat drie Indiërs by die Geheime Raad in Londen aangeteken het teen die beslissings van Newcastle se stadsraad en die Natalse hooggeregshof insake die weiering van Newcastle se lisensiebeampte om handelslisensies aan hul toe te staan.[76] Die onmiddellike aanleiding tot die petisie het gekom toe die Geheime Raad ook die appèl van die hand gewys het. Volgens die petisionarisse „the decision of the Privy Council came upon the Indian Community like a bomb-shell and all the other troubles dwindled into comparative insignificance in the face of the awfull future awaiting the Indian Traders", ondanks die feit dat Newcastle se stadsraad ses lisensies aan Indiërs toegestaan het wat teen die beslissing van die lisensiebeampte geappelleer het.

Die petisionarisse is verder van mening dat die Trader's Licences Act daarop gemik was om eers die klein Indiërhandelaars ten onder te bring deur die verpligting dat boekhouding in Engels moes plaasvind, en dan daardeur die grotere handelaars wat afhanklik van die kleineres se bestaan is, te ruïneer. Hulle voer ook aan dat dit nutteloos is om appèl aan te teken teen beslissings van plaaslike rade soos dié van Newcastle, Durban en Dundee. Die betrokke plaaslike rade beoordeel nie die toestaan van 'n handelslisensie op sy meriete nie, maar is bevooroordeeld teenoor die Indiërs as 'n bevolkingsgroep. So bv. word verwys na een van Durban se stadsraadslede wat vroeg in 1897 die leiding geneem het om die landing van Indiërs aan boord van die Courland en Naderi te verhoed. 'n Ander Durbanse stadsraadslid sou, in die geval van handelslisensies wat aan die Indiërs geweier is, gesê het dat dit nie gedoen is op grond van die applikant self of die perseel nie, maar omdat die applikant 'n Indiër is en dat dit ongewens sou wees dat Indiërs hul handelsgesag in Durban verder uitbrei. Die voorsitter van Dundee se Plaaslike Raad sou weer verklaar het: „It was their endeavour to rid the town of the Asiatic curse". Voorts word uit the Times of Natal wat as 'n regeringsblad bestempel word, van 'n korrespondent die volgende aangehaal: „The Trader's Licensing Act puts into the hands of interested parties the power to push out competition which is beneficial to the multitude and enables

76) GH 877, G233/1899: petisie van 41 Indiërs, d.d. 31/12/1898.

the interested parties to fill their own pockets".

Die petisionarisse moes blykbaar bewus gewees het van Brittanje se onwilligheid om op hierdie tydstip druk op die Natalse regering uit te oefen, veral omdat die Britse regering daaraan herinner word dat aangesien Brittanje kans sien om in te meng in die huishoudelike sake van die Suid-Afrikaanse Republiek, daar ook in Natal se regeringsaangeleenthede ingemeng behoort te word. Indien Brittanje nie bereid is om in te meng nie, sou dit beter wees dat verdere immigrasie na Natal beëindig word. Tot dusver die petisie.

Die Natalse regering het na die mislukte Jameson-inval gewoond geraak aan Chamberlain se beleid om Natal nie te berispe oor die behandeling van Indiërs in die betrokke kolonie nie. 'n Oorlog met die Suid-Afrikaanse Republiek het trouens nou (in Februarie 1899) meer as ooit gedreig en Chamberlain sou sekerlik om dié rede die guns van die Natalse koloniste wou behou.[77)]

Die antwoord van die Natalse regering op die Indiërpetisie moet in die lig van al hierdie omstandighede gesien word. Die regering het naamlik verduidelik dat verwag kon word dat die weiering van handelslisensies ontberings tot gevolg sou hê, maar die Natalse regering is tevrede dat daar tot dusver min fout met die uitvoering van die wet gevind kon word. Die Natalse regering beloof egter om nuwe wetgewing in te dien ingeval dit bevind word dat „the powers given by that act are unduly strained".[78)]

Die Natalse regering het egter te mak geword vir die Britse beleid en die houding van Chamberlain ten opsigte van die Indiërpetisie het Natal definitief op 'n verkeerde voet gevang. Daar was twee redes wat Chamberlain gedwing het om op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog met die Natalse regering oor die kwessie van handelsregte vir Indiërs haaks te raak. Die een was die feit dat die Natalse regering geen ernstige poging aangewend het om die klagte wat in die Indiërpetisie vervat is, te betwis nie.[79)] Die ander rede was dat die beleid van die Britse regering ten opsigte van inmenging in die huishoudelike sake van die Suid-Afrikaanse Republiek huigelagtig sou voorkom, indien Chamberlain met gevoude

---

77) Garvin, J.L. The Life of Joseph Chamberlain. Londen, Macmillan and Co. Ltd., 1934, Eerste Druk. Vol. 3, pp. 392 - 399.

78) GH 877, G233/1899: Eerste Minister aan Goewerneur, d.d. 17/2/1899.

79) GH 877, G233/1899: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 19/5/1899.

hande sou sit met betrekking tot ernstige besware teen die bestuur van die Natalse regering in aanmerking genome dat Natal 'n Britse kolonie is.[80)]

Die Britse regering het gevolglik gedreig dat, indien die Natalse regering nie wetgewing indien wat appèl teen die beslissing van die stadsrade na die hooggeregshof insake handelslisensies moontlik maak nie, dit nodig sou wees om immigrasie van Indiërs na Natal geheel en al te staak. Die Minister van Kolonies het tot bogemelde besluit gekom omdat „it appears to me that the powers given by the Act have already been unduly strained". Die Britse regering het die optrede van die plaaslike rade van Durban, Newcastle en Dundee as teenstrydig beskou met wat hulle verwag het, naamlik „that the Act would be administered with justice and moderation".[81)]

Die Natalse regering het daarop aan die onderskeie plaaslike lisensieowerhede 'n omsendbrief gestuur waarin die inhoud van die Britse regering se depeche feitlik woordeliks weergegee word en hulle gevra word om die versekering te gee dat „there shall be no interference with the vested interests in the case of Indian traders". Die regering was vol vertroue dat die omsendbrief die nodige uitwerking sou hê, maar indien dit nie die geval sou wees nie, sou wetgewing ooreenkomstig die wense van die Britse regering ingedien word.[82)] Die Natalse Goewerneur het sy regering gesteun en bygevoeg: „It is on many grounds desirable that, if possible, the question should not be raised in the Legislature".[83)]

Die meeste plaaslike besture in Natal wat met die vraagstuk van Indiërhandelslisensies te doen gehad het (Durban, Newcastle, Pietermaritzburg, Greytown, Verulam en Ladysmith), het beloof om gehoor te gee aan die versoek van die Natalse regering „that there shall be no intention of interfering with vested interests of Indian traders, and that the action of the Licensing Officer and the authorities shall be of a strictly impartial character".[84)]

---

80) GH 877, G233/1899: petisie van 41 Indiërs, d.d. 31/12/1898.
81) GH 877, G233/1899: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 19/5/1899.
82) GH 877, G263/1899: Omsendbrief aan Burgemeesters en Voorsitters van Plaaslike Rade, d.d. 17/6/1899.
83) GH 877, G263: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 21/6/1899.
84) GH 877, G233/1899: „Precis of replies to circular letter addressed to Municipal and Licensing Authorities on 17th June, 1899". Die antwoord van Dundee se Plaaslike Raad kom nie onder die amptelike stukke voor nie.

Op grond van die versekering wat Chamberlain van die Natalse regering ontvang het en as gevolg van die dreigende oorlog met die Suid-Afrikaanse Republiek[85] het die Britse regering blykbaar besluit om nie verdere druk, vir die huidige altans, op die Natalse regering uit te oefen in verband met die Indiërhandelslisensies nie, ondanks die feit dat Natal nie uitvoering gegee het aan die Britse eis om die Trader's Licences Act te wysig nie.

13. Die Indiërs se optrede tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was die aandag van die Britse regering feitlik vir die duur van die oorlog van die Indiërvraagstuk in Natal afgetrek.[86] Die Natalse Indiërs het ook besef dat dit tydens die oorlog 'n ongeleë tydstip sou wees om hul griewe voor die Britse regering te lê. In 'n petisie van 'n aantal Natalse Indiërs, pas nadat die Vrede van Vereeniging geteken was, word dit bv. beklemtoon: „It could not be forgotten that Indians in Natal who had been treated with more or less injustice, had sunk their grievances and claimed to be part of the Empire and to share the responsibilities".[87] Laasgenoemde petisionarisse moes diep beïndruk gewees het met die konsiderasie wat die Britse regering vir die Natalse koloniste vanaf 1896 insake Indiërstemreg en handelslisensies getoon het. So bv. haal die petisionarisse uit The Natal Advertiser aan dat die Indiërs nie nodig gehad het om die Britse magte in die oorlog by te staan nie, „as you (British) have shown yourself antagonistic against us (Indians)". 'n Groot deel van die petisie word dan bestee aan die aandeel wat die Indiërs in die Tweede Vryheidsoorlog gehad het, klaarblyklik met die doel om dit by die Britse staatsmanne tuis te bring dat die Natalse Indiërs net soveel konsiderasie verdien as die blanke koloniste. So bv. word verwys na die rol van die Indiërs as siekedraers, die hulp wat Indiërverpleegsters gelewer het en bydraes wat deur Indiërs tot die oorlogsfondse gelewer is. Daarnaas word ook beweer dat „British troops maintained out of the Revenue of India, were flung into the Colony just in time to stop Joubert's march to the sea".

---

85) Headlam, C. Milner Papers, South Africa, 1897 - 1899. Londen, Cassell & Co. Ltd., 1931, Eerste Druk. Vol. 1, p. 309.

86) Uit die amptelike korrespondensie blyk d hierdie saak nie gedurende die Tweede Vryheidsoorlog aa ;evoer is nie.

87) CSO 1709, 5924/1902: petisie van Abdul Caadir, M.C. Camroodeen en ander Natalse Indiërs, d.d. Junie 1902.

Bowendien was die oorlog nou (1902) verby en was daar volgens die petisionarisse uit die oogpunt van die Britse regering gesien, geen rede waarom die blanke koloniste nou meer spesiaal gekonsidereer behoort te word nie.

Die doel van die petisie was eintlik om twee wetsontwerpe wat in die Natalse parlement ingedien is, te verongeluk, aangesien dit nie in belang van die Natalse Indiërs sou wees nie. Die wysiging van die Indian Immigration Amendment Act, 1895 (algemeen bekend as £3-lisensiewet) sou, volgens die petisionarisse, beteken dat 'n Indiërdogter van 13 jaar en 'n seun van 16 jaar na Indië teruggestuur kon word indien die betrokke kind nie bereid was om jaarliks 'n bedrag van £3 te betaal nie. Die ander wetsontwerp om die Natalse Uitvoerende Raad in staat te stel „to acquire suitable lands in the Colony for the settlement therein of persons of European descent who will beneficially occupy and improve the lands so acquired", het, volgens die petisionarisse, gevaar vir Natalse Indiërs ingehou „of being deprived of their landed property" en ook omdat kroongrond nie aan Indiërs verkoop of verhuur sou kon word nie.[88)]

14. Die Natalse afvaardiging na Indië, 1903.

Die Britse regering het nie op bogenoemde petisie gereageer nie, aangesien die Natalse regering in 1903 'n afvaardiging na Indië gestuur het om met die Indiese regering oorleg te pleeg en hulle te probeer oorreed om kontrakarbeiders in Natal te verplig om onmiddellik na afloop van hul dienstermyn na Indië terug te keer.[89)] Hoewel die Indiese regering toegegee het dat die kontrakarbeiders in Natal nie mishandel word nie, is nogtans beswaar gemaak teen die wyse waarop vrye Indiërs in Natal behandel word, veral ten opsigte van die handelslisensiewet, die immigrasie-beperkingswet, die paswet en die £3-lisensiewet.[90)] Hoewel die Indiese regering bereid was om Natal met verpligte repatriasie van kontrakarbeiders tegemoet te kom, het die Indiese regering 'n toegewing van Natal verwag wat die Natalse regering nie kon toestaan nie, naamlik om Indiërhandelaars die reg te verleen om teen die beslissings van lisensiebeamptes na die hooggeregshof te appelleer.[91)]

In Augustus 1903 het dit deurgeskemer dat die afvaardiging nie

---

88) CSO 1709, 5924/1902: petisie van Abdul Caadir, M.C. Camrodeen en ander Natalse Indiërs, d.d. Junie 1902.

89) GH 877: „Indian Immigration to Natal, Delegation to India, 1902, Correspondence, Memoranda and Report with CO 7534 of 1902.

90) PM 109, Indiese regering aan Natalse Goewerneur, d.d. 25/4/1903.

91) Kyk hoofstuk 10, p. 244.

met die Indiese regering 'n vergelyk kon tref nie, veral toe die Natalse Goewerneur daarop die Britse regering verwittig het dat die houding van die Indiese regering „render it imperative on the Government of this Colony to no longer press for those measures of relief as to indentured immigrants." [92)]

Die Britse regering wou nie oorhaastig optree nie, maar daar was 'n duidelike verandering in die Britse beleid te bespeur, veral noudat die Tweede Vryheidsoorlog reeds geruime tyd verby en dit nie meer nodig was om spesiale konsiderasie aan die blanke koloniste te bestee nie.[93)] Intussen het 'n nuwe Natalse regering die teuels in Augustus 1903 opgeneem en wou die Britse regering eers vasstel of die nuwe bestuur ook die beleid van sy voorgangers sou onderskryf.[94)]

Nadat die Natalse regering in Oktober 1903 te kenne gegee het dat daar nog nie voldoende tyd beskikbaar was om aan die saak oorweging te skenk nie, antwoord die Britse regering deur 'n afskrif van die volgende telegram wat op 19 Desember 1903 van die Indiese regering ontvang is, aan die Natalse regering te stuur: „In agreeing on certain conditions, to system of compulsory repatriation, we offered a valuable concession, involving a new departure in our emigration procedure, in return for mitigation of certain grievances. Natal Colonial Ministers, who themselves opened negotiations, have declined our terms, and, in view of general tenor of their reply, we see no advantage in further discussion, as they evidently are unable to accept conditions which we consider essential". Die Indiese regering dreig ook om verdere emigrasie na Natal te staak indien die anti-Indiërwetgewing in Natal nie beëindig word nie.[95)]

## 15. Municipal Corporations Act.

Dit het weldra duidelik geword dat die beleid van die Britse regering na die Tweede Vryheidsoorlog teruggekeer het tot dié wat gevolg is in die periode vóór die Jameson-inval. Die Britse regering het naamlik knaende druk op die Natalse regering uitgeoefen deur veral die standpunt van die Indiese regering onder die neus van

---

92) GH 877, G450/1903: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, telegram, d.d. 13/8/1903.
93) GH 877, G762/1903: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, telegram, d.d. 17/9/1903.
94) GH 877, G762/1903: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, telegram, d.d. 13/8/1903.
95) GH 877, G762/1903: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 3/10/1903; GH 877, G173/1904: A. Lyttelton (Britse Koloniale Kantoor) aan „Officer Administrating the Government of Natal", d.d. 9/2/1904.

die Natalse regering te vryf. So byvoorbeeld het die Britse regering teen die einde van 1905 beswaar gemaak teen die gebruik van die term „koelie" in die wetsontwerp insake munisipale liggame. Die Britse Minister van Kolonies het onder die woord „koelie" 'n Indiër-immigrant verstaan wat nog onder kontrak verkeer „not being of a status above that of labourers or domestic servants". Indien Natal se howe nie bereid was om bogemelde definisie te aanvaar nie, het die Minister gemeen, behoort die woord „koelie" vollediger in die wetsontwerp gedefinieer te word.[96)]

Die Natalse regering het saamgestem dat die Britse Minister van Kolonies die regte interpretasie aan die woord „koelie" gegee het „but of course Ministers cannot bind Colonial Courts of Law in the matter".[97)] Aangesien die Indiese regering nie met so 'n verduideliking tevrede sou wees nie, het die Britse regering daarop aanbeveel dat indien die woord „koelie" nie geheel en al uit art. 7 (subart. 5) van die wetsontwerp geskrap kan word nie, moet die woord omskryf word „so as to confine the meaning of the word to labourers actually serving under indenture, and labourers introduced under indenture but whose indenture have expired and their descendants, provided that they are not of a status above that of a labourer or domestic servant".[98)]

Alhoewel die Natalse regering volgehou het dat die Natalse howe, pers en opgevoede blankes almal die „koelies" as „labourers under indenture or performing domestic or other menial services" beskou, het die Britse regering te kenne gegee dat die Indiese regering nie objekteer teen die bepalings van die wetsontwerp nie, maar dat alleen beswaar gemaak word weens die versuim om die woord „koelie" in art. 7 (subart. 5) te definieer en teen die klassifikasie van Indiërarbeiders en bediendes onder die hoof „onbeskaafde rasse" in art. 7 (subart. 7).[99)]

---

96) GH 877, G173/1904: „Officer Administrating the Government of Natal" aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 11/5/1904; GH 877, G1008/1905: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 9/12/1905.
97) GH 877, G396/1906: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, telegram, d.d. 20/1/1906.
98) GH 877, G396/1906: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 11/4/1906.
99) GH 877, G396/1906: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 4/8/1906. Kyk ook Minister van Justisie aan Eerste Minister, d.d. 23/7/1906; GH 878, G78/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 5/1/1907.

Nadat die Britse regering andermaal die wenslikheid van bogemelde veranderings geopper het, het die Natalse Minister van Justisie aanbeveel dat aan die veranderings wat die Britse regering verlang, toegegee word, op voorwaarde dat die regering nie sy grondbeginsel prysgee om Natal 'n witmansland te hou nie.[100)] Omdat daar reeds twee jaar met die wetsontwerp gesloer is, was die Natalse regering gewillig om ondergeskikte toegewings te maak, ondanks die feit dat die Natalse Munisipale Vereniging geen toegewings wou maak nie.[101)] Die Natalse regering het egter volgehou om geen munisipale stemreg aan Indiërs te verleen wat nie reeds vóór die inwerkingtreding van die wet daaroor beskik het nie, al het die betrokke Indiërs ook oor die nodige eiendomskwalifikasie beskik.[102)]

16. <u>Brittanje word die Indiërgriewe veral t.o.v. handelslisensies, meer simpatiek gesind.</u>

Die invloed van die Indiese regering op die Britse regering was op hierdie stadium (Desember 1906 - Januarie 1907) so sterk dat die Natalse Indiërs hul petisie liefs aan die Indiese regering gestuur het in stede van die gebruiklike metode via die Natalse goewerneur omdat hul bewus was wie die hef in die hand gehad het. So bv. het die Indiese regering in Desember 1906 'n petisie van die Natalse Indiërs na die Britse regering deurgestuur waarin gekla word dat die Indiërs die munisipale stemreg in art. 22c van die wetsontwerp ontsê word. Dit sou, volgens hul, onregverdig wees, aangesien hul gewoond was om in Indië aan munisipale verkiesings deel te neem. Die Indiese regering het die petisie heelhartig ondersteun.[103)]

Brittanje het aanvanklik gedreig om die emigrasieskema te beëindig indien daar nie aan die eise van die Indiese regering toegegee word nie.[104)] Nadat die Natalse regering sy standpunt gestel het,

---

100) GH 878, G78/1907: Goewerneur aan Eerste Minister, d.d. 27/1/1907, 18/3/1907 en 8/4/1907. Kyk ook in dieselfde lêer die volgende: Sekretaris van Regsafdeling aan Eerste Minister, d.d. 26/3/1907; Prokureur-generaal aan Minister van Justisie, d.d. 11/4/1907; Minister van Justisie aan Eerste Minister, d.d. 22/4/1907; Waarnemende Eerste Minister aan Goewerneur, d.d. 26/4/1907 en 8/5/1907; Goewerneur aan Eerste Minister, d.d. 27/6/1907 en 23/7/1907.

101) GH 878, G78/1907: Eerste Minister aan Goewerneur, d.d. 27/6/1907.

102) PM 109, Indiese regering aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 24/8/1907.

103) GH 878, G78/1907: J.E. Ellis (Indiese Regering) aan Britse Onderminister van Kolonies, d.d. 12/12/1906. Kyk ook Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 5/1/1907.

104) GH 878, G78/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 5/1/1907.

het die Britse regering egter tot die besef gekom dat die eintlike rede waarom die Indiërs op die stemreg in die munisipale verkiesings aangedring het, was om druk op die stadsrade uit te oefen om op dié wyse beter in staat te wees om handelslisensies te bekom.[105)]

Nietemin was die Britse regering se opdrag aan Natal „that (the) Dealer's Licences Act should be amended so as to allow right of appeal to Supreme Court by persons whose licences are withdrawn by licensing boards and failing such amendment (the British Government) regards it as essential that Indian ratepayers should remain in possession of the municipal franchise".[106)]

Die Britse regering het trouens nie slegs die kwessies van handelslisensies en stemreg aanmekaar gekoppel nie, maar die kwessies ook gelyktydig met die Natal se regering opgeneem.[107)] Die handelslisensievraagstuk is alreeds vóór die Tweede Vryheidsoorlog deur die Britse regering geopper. In Augustus 1903 is die saak met die Indiese regering bespreek maar geen ooreenkoms bereik nie.[108)] Eers in 1907 het die Britse regering weer die aangeleentheid met die Natalse regering opgeneem. Die onmiddellike aanleiding daartoe was die vertoë van M. K. Gandhi wat hy op aandrang van die Natal Indian Congress in Desember 1906 opgestel en aan L. R. Ritch, sekretaris van die South Africa British Indian Committee in Londen gerig het.[109)] Gandhi het niks in sy vertoë gesê wat nie reeds bekend was nie, maar die ou deuntjie dat die Indiërhandelaars van die genade van lisensiebeamptes afhanklik is, „whose decisions are not capable of being reviewed by the Supreme Court", het die Britse regering altyd tot nuwe optrede geïnspireer.[110)]

Die Natalse regering is deur die Britse regering versoek om op Gandhi se petisie te antwoord. Die Natalse regering was egter nie bereid, soos die Britse regering verlang het, om appèl na die hooggeregshof toe te staan nie. Die Natalse regering het trouens die uitbreiding van die Indiërhandelaar se steeds toenemende mag

---

105) GH 878, G78/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, telegram, d.d. 29/8/1907.
106) GH 878, G78/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 5/1/1907. Kyk ook Britse Minister van Kolonies se telegram, d.d. 29/8/1907, en „Officer Administrating the Government of Natal" aan Britse Minister van Kolonies, telegram, d.d. 24/7/1907.
107) Ibid.
108) GH 878, G210/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 23/2/1907.
109) Kyk GH 878, G50/1907.
110) GH 878, G50/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 29/12/1906.

in 'n baie ernstige lig beskou: „The Indian Merchant has already a very strong footing in the Colony and wishes to extend his operations, determined that Natal shall be ousted by those who are incapable of governing the Colony and whose only object is to make money which is not spent in the Colony but is either sent to India or hoarded up until the possessers have amassed a sufficient fortune to enable them to return to their own country".[111)]

Nadat die aangeleentheid weer in Februarie 1907 in die Britse parlement aanhangig gemaak is, het die Britse regering andermaal druk op Natal uitgeoefen. Gedurende die periode 18 en 25 Februarie 1907 is vrae aan Churchill in verband met die Dealer's Licences Act en die Municipal Corporations Act gestel, waarop hy geantwoord het dat die Britse regering besig was om met die Natalse regering in verband daarmee te onderhandel. Die Britse regering het daarop in Februarie 1907 die Natalse Goewerneur in kennis gestel: „It appears however that a serious cause of complaint still exists with regard to this matter (Dealer's licences Act) and inviting the observations of your Ministers on the question, I think it right to remind them of the history of the question".[112)]

Nog voordat die Natalse regering kon antwoord, het die South African Indian Committee sekere gevalle waar handelslisensies aan Indiërs in Natal geweier is, onder die aandag van die Britse regering gebring en laasgenoemde regering het onmiddellik in Maart 1907 'n verslag van die Natalse regering in verband met dié sake aangevra. Die sake is onder die volgende hoofde ingedeel: (a) Ladysmith se lisensies, Goga se suksesvolle appèl; (b) 'n Weiering, 'n skandalige onreg, Kliprivier se lisensieraad. Die Britse Minister van Kolonies het veral beswaar gemaak teen die laaste geval, wat „if correctly reported, give rise to grave doubts whether the Licensing Boards can be trusted to deal with applications in a judicial spirit".

Die geval waarna die Britse Minister van Kolonies verwys, is dié van Mohamed Saduck Vahed. Die lisensiebeampte het sy aansoek om 'n handelslisensie verwerp omdat hy blykbaar insolvent was en met sy krediteure ooreengekom het om 9/- in die £ te betaal.

---

111) Ibid; GH 878, G50/1907: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 18/2/1907. Kyk ook Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 19/2/1907.

112) GH 878, G210/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 23/2/1907.

Toe appèl by die lisensiehof aangeteken is, is aangevoer dat die lisensie blykbaar nie uitsluitlik op grond daarvan geweier kon gewees het nie. Die lisensiehof het nogtans, nadat getuienis deur J. W. Godwin en Rethman namens die Kamer van Koophandel aangehoor is, geweier om die Indiër 'n lisensie toe te staan. Gemelde twee here het beweer dat dit nie raadsaam sou wees om verdere handelslisensies aan Indiërs te verleen nie, aangesien die Indiërs besig was om die blankes op handelsgebied te verdring.[113)]

Die Natalse Goewerneur het op die twee despeches van Februarie en Maart 1907 van die Britse Minister van Kolonies geantwoord dat dit verstandiger sou wees om met die Natalse Eerste Minister persoonlik te beraadslaag aangesien laasgenoemde op dié tydstip in Londen was vir die Britse Koloniale Konferensie.[114)] In Mei 1907 het die Britse Minister van Kolonies egter weer aangedring op besonderhede i.v.m. sake wat deur die <u>South Africa British Indian Committee</u> aanhangig gemaak is, aangesien die Natalse Eerste Minister onvertroud met die besonderhede daarvan sou wees.[115)]

Die Natalse Goewerneur het daarop die besonderhede van sewe-en-twintig handelslisensies wat in nege Natalse distrikte geweier is, gegee. Met enkele uitsonderings is feitlik al die aansoeke van die hand gewys weens die onvermoë van die applikante om aan die vereistes vervat in art. 7 van Wet 18/1897 te voldoen, d.w.s. om hul boeke in Engels te hou. Die Natalse Goewerneur het dit beskryf as „some purely technical objection to the manner in which the trader's books are kept". Slegs in een geval (dié van Jam Mahomed van Port Shepstone in die afdeling Laer-Umzimkulu) is as rede aangegee dat die aansoek geweier is „partly on the ground that there was not sufficient legitimate trade to be done in the neighbourhood of the store, and partly because of a large outcry by the European public, amounting almost to a crusade against the renewal of the licence".

Die Natalse Goewerneur het teenoor die Britse Minister van Kolonies erken dat die beslissing van lisensiebeamptes in sommige gevalle onregverdig voorkom en aan die hand gedoen dat ou

---

113) GH 878, G285/1907. Kyk ook G286: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 23/3/1907.
114) GH 878, G210/1907: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, telegram, d.d. 7/4/1907.
115) GH 878, G335/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 8/5/1907.

gevestigde Indiërhandelaars behoorlik vooraf in kennis gestel behoort te word dat hul lisensies alleen hernu sou word indien hul handelsboeke behoorlik in Engels gehou word, en dat die weiering van handelslisensies hoofsaaklik tot aansoeke van nuwe Indiërhandelaars beperk moet word. Nogtans voeg die Natalse Goewerneur by: „I fully sympathise with the European storekeepers of the Colony in the almost impossible task which they have of competing against Indian traders and hawkers".[116]

Die Britse Minister van Kolonies was egter besorg oor die weiering van sekere handelslisensies aan Indiërs in Natal, veral in die gevalle van Ismail Saley Mohamed van Harding en M. K. Pillay van Pietermaritzburg.[117] Die Natalse regering het verduidelik dat in die geval van Mahomed die uitreiking van 'n lisensie aan hom persoonlik nie geweier sou gewees het nie, maar dat dit geweier is omdat Mahomed dit in naam van 'n maatskappy uitgereik wou hê. Volgens die regering: „The object of the application being that in the event of either of the partners dying, the surviving one could carry on the business and avoid a transfer, thus defeating the law". Die ander applikant, M. K. Pillay, het hom weer aan 'n vervalsing skuldig gemaak.[118]

Die Britse regering het die saak gevolglik daargelaat, maar intussen het die Indiese regering weer druk op die Britse regering uitgeoefen, as gevolg waarvan die Britse Minister van Kolonies in September 1907 die Natalse Goewerneur verwys het na 'n belofte wat deur hom gemaak sou gewees het „to introduce legislation to provide for appeal to Supreme Court when Indians vested interests are at stake".[119]

Die Natalse Goewerneur het eers na agt maande, in Mei 1908, op hierdie Britse nota geantwoord en het as rede vir die vertraging aangevoer dat daar eers met die Natal Municipal Association oor die

---

116) GH 878, G335/1907: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 18/5/1907.
117) GH 878, G479: Britse Minister van Kolonies aan „Officer Administrating Government of Natal" d.d. 25/5/1907. Kyk ook Britse Minister van Kolonies aan „Officer Administrating Government of Natal", d.d. 15/6/1907.
118) GH 878, G479: „Officer Administrating the Government of Natal" aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 31/7/1907. Kyk ook Eerste Minister aan „Officer Administrating Government of Natal", d.d. 29/7/1907.
119) GH 878, G709/1907: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 5/9/1907.

aangeleentheid onderhandel is. Laasgenoemde liggaam het in Maart 1908 aan die Indiese regering se versoek toegegee „to allow a right of appeal to the Supreme Court of the Colony on the part of persons whose licences are withdrawn by Licencing Boards". Gemelde vereniging het besluit dat dié wysiging tydens die volgende sessie van die Natalse parlement aangebring moes word sodat die Municipal Corporation Bill so spoedig moontlik wet kon word, maar die kwessie van Indiërstemreg sou in 'n aparte wetsontwerp ingedien moes word.[120)]

Intussen het die Britse regering en die Natalse regering in 'n stryd gewikkel geraak oor die omstrede handelslisensiewetsontwerp wat in 1908 by die Natalse laerhuis ingedien is. Die Natalse regering was gedetermineerd om geen nuwe handelslisensies aan Indiërs ná 31 Desember 1908 uit te reik nie en 'n wetsontwerp met dié doel is in 1908 geformuleer. Die Koloniale Sekretaris het as een van die redes vir dié wetsontwerp „the continued displacement of the European trader throughout the Colony by the Asiatic store-keeper" aangegee en verder verwys na die nadelige gevolge van onbeperkte Indiërhandel in Mauritius „where the white men took a secondary place and appealed to members not to allow Natal to become a second Mauritius".[121)]

17. Die invloed van die Natalse Goewerneur, die Natalse regering en die Indiërhandelaars op die Britse beleid.

Toe die Goewerneur in Desember 1908 die wet na die Britse regering vir oorweging deurgestuur het, het dit duidelik geblyk uit die besondere aandag wat hy aan die opposisie se argumente geskenk het, dat hy die wet nie goedgesind was nie.[122)] Die Goewerneur het dit ook gerieflik gevind om te verwys na die verkeerde indruk wat die Koloniale Sekretaris in die laerhuis geskep het insake die aantal Indiërhandelslisensies en probeer aantoon dat die persentasie van die aantal Indiërhandelaars ten opsigte van die totaal uitgereik, in werklikheid teen 1908 afgeneem het. Die amptelike syfers toon egter aan dat daar vir die jaar 1908 altesaam 2034 handelslisensies aan Natalse Indiërs uitgereik is, m.a.w. die persentasie handelslisensies aan Indiërs ten opsigte van die totaal uitgereik (altesaam 3042) het baie toegeneem en nie,

---

120) GH 878, G709/1907: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 7/5/1908.
121) GH 878, G637/1908: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 7/12/1908.
122) Ibid.

soos die Goewerneur beweer het, afgeneem nie. In 1895 was naamlik slegs 356 handelslisensies aan Indiërs uit 'n groottotaal van sowat 800 lisensies uitgereik.[123)]

Die verkeerde voorstelling wat deur die Goewerneur na Brittanje gestuur is, moes die Britse regering noodwendig tot 'n verkeerde gevolgtrekking gebring het. Die Britse regering het dus geweier om die Natalse wet te aanvaar.[124)]

Die Natalse regering het blykbaar ook bygedra tot die houding wat die Britse regering ingeneem het, want dit was ontakvol van eersgenoemde om ook nog in dieselfde jaar, 1908 'n ander handelswetsontwerp in te dien wat bepaal het dat alle bestaande handelslisensies wat reeds aan Asiate toegeken is, ná 31 Desember 1918 beëindig moes word. In die Natalse parlement het die kwekerverteenwoordigers rede gehad om te vrees dat die tweede handelswetsontwerp van die regering daartoe sou lei dat beide handelswetsontwerpe sou skipbreuk ly.[125)] Die suikerkwekers was gewoonlik goed ingelig en het rekening gehou met die teenkanting wat die tweede handelswetsontwerp onder die meer gegoede Indiërs tot gevolg sou hê.

Die gegoede Indiërhandelsklas (ook bekend as Biniane) van Natal het groot invloed in Brittanje uitgeoefen. Dit is hulle wat 'n Natalse afvaardiging na Brittanje gestuur het, bestaande uit Amod Bayat, M.C. Anlia, Abdul Cader en H.M. Bedat,[126)] deur wie se suksesvolle bemoeiings die South Africa British Indian Committee die saak ten behoewe van die Natalse Indiërhandelaars opgeneem en in Augustus 1908 die korrespondensie tussen 'n Durbanse handelaar Moosa Hajee Adam en die Durbanse stadsraad onder die aandag van die Britse Koloniale Kantoor gebring het.[127)]

---

123) Ibid. Kyk ook G374 van dieselfde GH-band: „Return showing total number of licenses held by Indians for each year since 1895"; Debates of the Legislative Assembly of Natal, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, p. 140, d.d. 5/8/1908.
124) Ibid.
125) Debates of the Legislative Assembly of Natal, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, p. 140, d.d. 5/8/1908. Kyk Kirkman se standpunt.
126) CSO 1883, 263/1910: Amod Bayat, Pietermaritzburg, aan die Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 14/1/1910.
127) GH 878, G758/1908: L. W. Ritch, Sekretaris, S.A. British Indian Committee aan Britse Koloniale Kantoor, d.d. 4/8/1910. In hierdie korrespondensie het Moosa Hajee Adam, 'n Indiër wat reeds vir 25 jaar in Natal gedomisilieer was, sy stryd met die Durbanse stadsraad uiteengesit om sy handelslisensie te behou vir sy kliënt wat sy besigheidslokale wou huur. Hy was selfs bereid om teen dieselfde prys as die laagste munisipale waardasie te verkoop, maar die stadsraad het dit van die hand gewys.

18. Die beëindiging van die kontrakstelsel.

Die Unieregering het die handelslisensievraagstuk oorgeërf, ondanks die feit dat die Natalse handelslisensiewetsontwerpe van 1908 nie deur die Britse regering bekragtig is nie en die Indiërhandelaars ook die reg met betrekking tot die Trader's Licences Act van 1897 verkry het om na die hooggeregshof te appelleer teen lisensiebeamptes se beslissings.[128] So bv. word in 'n petisie van die Natal Indian Congress aan die Britse regering in 1911 verklaar: „Notwithstanding the slight amendment made, particularly restoring the inherent right of appeal against the decisions of Licencing Officers of Boards to the Supreme Court, difficulty is constantly experienced in having trade licences transferred from place to place. Licencing Officers take up an uncompromising attitude and only recently a resolution was moved by a member of the Natal Provincial Council designed to deprive British Indian Merchants even of existing licences".[129]

Laasgenoemde insinuasie het betrekking gehad op 'n voorstel wat sir J. Liege Hulett in April 1911 in die Natalse Provinsiale Raad gemaak het om Natal in die nuwe bedeling van Unie die reg te gee „to pass legislation for the granting and with-holding of all trading licences in the Province".[130]

Die vraagstuk van Indiërhandelslisensies in Natal was een van die faktore wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die besluit van die Indiese regering om alle verdere emigrasie van kontrakarbeiders na Natal te beëindig. In 'n petisie van die Natal Indian Congress aan die Britse regering in April 1911 word beweer dat dit die Indiërgemeenskap van Natal is wat verantwoordelik was „for the decision to stop the supply of indentured labour to Natal from India", as gevolg van die nadelige uitwerking van die handelslisensiewet op die betrokke Indiërgemeenskap.[131] Die Britse regering het die stopsetting van Indiër-immigrasie ook gedeeltelik aan die toepassing van die handelslisensiewet toegeskryf.[132]

---

128) Kyk hoofstuk 11, p. 296.
129) Cd 6283, pp. 9 - 10: petisie van Natal Indian Congress, geteken deur Dawad Mohamed, President, en Dada Osman en M.C. Anlia, gesamentlike Ere-sekretarisse, aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 21/4/1911.
130) Cd 6283, p. 7: Goewerneur-generaal aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 22/5/1911.
131) Cd 6283, pp. 9 - 10: petisie van Natal Indian Congress (geteken deur Dawad Mahomed, President, en Dada Osman en M.C. Anlia, gesamentlike Ere-sekretarisse, aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 21/4/1911).
132) Cd 5579, pp. 4 - 5: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur-generaal, telegram, d.d. 4/1/1911.

'n Ander faktor wat die beëindiging van Indiër-immigrasie na Natal verhaas het, was die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Reeds in Julie 1909 het 'n aantal Natalse Indiërs in 'n petisie aan die Britse regering hul bedenkinge oor die posisie van die Indiër onder 'n Unieregering geopper. Die Natal Indian Congress het ook in Julie 1909 'n kabelgram aan die Britse regering gestuur waarin verklaar word dat „Natal Indian Congress humbly appeals Home Government protect British Indian subjects and interests under Union before Bill passes otherwise will lead (to) serious consequences". Die kongres het gevrees dat Natalse Indiërs se regte „as Imperial citizens" hul met Uniewording ontneem sou word, veral „free trading, travelling and educational facilities now denied them in certain South African colonies".[133] Die Britse Minister van Kolonies het bogemelde petisionarisse probeer moed inboesem „that the new Government and Parliament would view the whole question in a broader and a more generous spirit".[134]

Daarop het die Britse Minister van Kolonies die Unieregering versoek om die rol wat die Indiërbevolking in die ontwikkeling van Natal gespeel het, in gedagte te hou, „not only by remedying specific grievances as far as possible, but also by exerting the whole power and influence of the Union Government to secure considerate treatment of them, especially by the municipal bodies with whom they come in contact".[135]

Die antwoord van die Unieregering, in soverre dit op Natal betrekking gehad het, het slegs na die Immigration Restriction Act verwys.[136] Generaal J. C. Smuts, Minister van Justisie, was blykbaar deur sy samesprekings wat hy met M. K. Gandhi, leier van die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika, gevoer het, beïnvloed.[137] Gandhi was veral gekant teen die Immigration Restriction Act omdat dit 'n struikelblok in die weg van Indiërhandelaars was om klerke en huisbediendes van Indië na Natal te laat immigreer, want „con-

---

133) CSO 1875, 4231/1909: J. Hershensohn, Jnr., aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/7/1909. Die kabelgram van die Natal Indian Congress is hierby.

134) Cd 5579, p. 3: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur-generaal, d.d. 7/10/1910; CSO 1878, 5595/1909: „Petition by Natal Indians regarding their position under Closer Union", d.d. 10/7/1909. Die Unieregering het trouens die wette wat ten opsigte van Indiërs in die verskillende provinsies van krag was, gehandhaaf (II, 11/1/174, I 1360/1910: Ondersekretaris, Binneland, aan Beskermer, d.d. 15/10/1910.

135) Ibid.

136) Cd 5579, p. 4: Goewerneur-generaal aan Britse Minister van Kolonies, telegram, d.d. 4/11/1910.

137) Nanda, B.R. Mahatma Gandhi. London, George Allen & Unwin Ltd., 1958, Eerste Druk. pp. 100 - 101.

fidential clerks as a rule and domestic servants invariably lack ability to satisfy the educational test under the Immigration Act."[138] Bewus dus van Gandhi se standpunt, het die Unieregering die versekering aan die Britse Minister van Kolonies gegee dat wetgewing so spoedig moontlik ingedien sou word „for the removal from the text of Immigration Act of any differential bar to entrance of Asiatics as such, and the substitution of an educational test on the Australian principle, and for providing by regulation for the entrance of a limited number of educated Indians in each year".[139]

Die Britse regering het sy tevredenheid met die voorgestelde beleid van die Unieregering te kenne gegee. Die Unieregering is nietemin in Januarie 1911 deur die Britse Minister van Kolonies in kennis gestel dat, ingevolge 'n besluit van die Indiese regering, kontrakarbeiders nie meer vanaf 1 Julie 1911 na Natal kon emigreer nie, want „Indians have no guarantee that after the expiration of their indenture they will be accepted by the Union as permanent citizens".[140]

Opvallend is dat die Unieregering geen onmiddellike kommentaar op die besluit van die Indiese regering gelewer het nie en dié houding skep die indruk asof die beslissing geen verskil sou maak aan die Indiërvraagstuk, wat alreeds deur die stelselmatige toevloei van kontrakarbeiders sedert 1860 veroorsaak was.[141] In die lig van die druk wat genl. Louis Botha op die Natalse Eerste Minister in 1909 uitgeoefen het om die aantal kontrakarbeiders wat in Natal aangekom het, te beperk, moes die besluit van die Indiërregering die eerste Premier van die Unie behaag het.[142]

## 19. Samevatting.

Uit die Britse oogpunt gesien was die Indiër-immigrasieskema vir Natal aanvanklik hoofsaaklik 'n finansiële onderneming en was die regte van die Indiërgemeenskap in Natal, wat vóór 1885 'n beperkte omvang aangeneem het, 'n ondergeskikte vraagstuk.

---

138) GH 878, G50/1907: M.K. Gandhi aan L.W. Ritch, South Africa British Indian Committee, d.d. 1/12/1906, bylae tot depêché van Britse Minister van Kolonies aan Natalse Goewerneur, d.d. 29/12/1906.

139) Cd 5579, p. 4: Goewerneur-generaal aan Britse Minister van Kolonies, telegram, d.d. 4/11/1910.

140) Cd 5579, pp. 4 - 5: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur-generaal, telegram, d.d. 4/1/1911.

141) Britse Blouboek Cd 5579, p.5.

142) PM 109: Louis Botha aan Natalse Eerste Minister, d.d. 20/11/1909 en Moor aan Louis Botha, d.d. 24/11/1909.

Nogtans was die Britse regering reeds vandat die heel eerste immigrante in Natal aangekom het, ten gunste daarvan dat die Indiër-immigrante 'n permanente deel van die Natalse bevolking sou word sodat hul arbeidskrag vir die suikerbedryf in Natal behou kon word, aangesien Britse kapitaal by die suikerbedryf betrokke was. Het sir George Grey dan nie verklaar dat Natal 'n ryk Britse kolonie sou word nie ?

Daarteenoor wou die Natalse koloniste verhoed dat die Indiër-immigrante 'n permanente deel van die Natalse samelewing word. Die koloniste het die immigrante as tydelike arbeiders beskou wat na Indië moes terugkeer ná die verstryking van hul kontrak, m.a.w. die immigrante het na Natal gekom met die uitsluitlike doel om die suikerplantasies te bewerk.

Teen 1885 het die basiese verskil tussen die standpunte van die Britse regering en die Natalse koloniste wat aanvanklik nouliks merkbaar was, meer wesenlik geword. Die verontrusting van die Natalse koloniste weens die instroming van al hoe meer Indiër-immigrante en die huishoudelike probleme wat dit meegebring het, soos bv. die mededinging op handelsgebied, het die Britse regering koud gelaat. Die Britse kapitaal wat in die suikerplantasies belê was, het by die Britse regering swaarder geweeg.

Een van die faktore wat tot verantwoordelike bestuur in Natal aanleiding gegee het, was dan ook die wyse waarop Brittanje die Natalse koloniste, insluitende die Natalse binneland wat aanvanklik geen belang by Indiër-immigrasie gehad het nie, verplig het om een derde van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie te help bydra. Dit is gedoen deur gebruik te maak van die kroon se invloed in die Natalse Wetgewende Raad.

Tot 1895 het Brittanje altyd 'n gunstige oor verleen aan enige klagtes wat deur die Indiërgemeenskap van Natal geopper is. In dié verband het die Indiese regering 'n groot invloed op die Britse regering uitgeoefen en is die Natalse regering gewoonlik gedreig dat indien daar nie aan die wense van die Indiese regering toegegee word nie, verdere Indiër-emigrasie na Natal beëindig sou word. So bv. is in 1872 'n spesiale Kommissie van Ondersoek ingestel. Die Britse regering het gereeld ook lang petisies wat van leidende Natalse Indiërs ontvang is, na die Natalse regering verwys en om 'n verduideliking gevra.

Vanaf 1896 het daar egter 'n groot verandering in die Britse beleid ten opsigte van die Indiërvraagstuk in Natal ingetree en dié

beleid sou voortduur tot aan die einde van die Tweede Vryheidsoorlog. Ná die mislukte Jameson-inval en vóór die Tweede Vryheidsoorlog was Chaimberlain, die Britse Minister van Kolonies, in so 'n moeilike posisie, veral met die oog op 'n moontlike oorlog met die Suid-Afrikaanse Republiek, dat hy nie kon bekostig om die Natalse koloniste van hom te vervreem nie. Alle vertoë van die Indiese regering en van Natalse Indiërs het Chamberlain, indien dit enigsins moontlik was, feitlik verontagsaam. Die Natalse regering kon bv. in dié tyd daarin slaag om die Immigration Restriction Act en die Trader's Licences Act (beide van 1897) op die wetboek te plaas, wette wat uiteindelik tot die beëindiging van grootskaalse Indiër-emigrasie na Natal sou lei.

Eers ná die Tweede Vryheidsoorlog het die Britse beleid geleidelik weer teruggekeer tot dié wat dit in die periode vóór 1896 was, aangesien die Britse regering nie meer die hulp van die koloniste nodig gehad het in die stryd met die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Die Britse regering het dus weer knaende druk op die Natalse regering uitgeoefen, deur veral die standpunt van die Indiese regering onder die neus van die Natalse regering te vryf, veral ten opsigte van die handelslisensiewetsontwerpe van 1908, die reg van appèl tot die hooggeregshof insake die bestaande Trader's Licences Act van 1897 en die Immigration Restriction Act. Die handelslisensiewetsontwerpe het die Britse regering trouens met sukses geveto, en die reg van appèl tot die hooggeregshof verkry.

Die Britse regering het egter, met die goedkeuring van die Suid-Afrika-wet (1909), die Indiërvraagstuk in Natal op die skouers van die Unieregering geplaas en die Indiërregering het daarop geantwoord met die beëindiging van die Natalse immigrasieskema, 'n beslissing wat die heel eerste Premier van die Unie, genl. Louis Botha, moes behaag het.

# HOOFSTUK 5.

## DIE INDIËRVRAAGSTUK EN DIE NATALSE POLITIEK TOT VOOR DIE AANVANG VAN DIE TWEEDE IMMIGRASIESKEMA.

### 1. Die eerste immigrasieskema en sy reperkussies.

Vir 'n behoorlike begrip van die politieke bedrywighede in soverre dit Indiër-immigrasie vanaf 1870 raak, is dit wenslik om eers te verwys na die eerste immigrasieskema en sy reperkussies.

Vanaf 1859 toe gepoog is om die eerste Indiër-immigrante vir Natal te verkry, was daar twee politieke magsblokke in die Wetgewende Raad van Natal. Hierdie magsblokke het veral ontstaar omdat die Wetgewende Raad saamgestel was uit twee verskillende groepe lede, naamlik die vier amptelike lede (Uitvoerende Raadslede) aan die een kant en die twaalf verkose lede aan die ander kant.[1]

Aangesien die verteenwoordigers van die kusgebiede, wat hoofsaaklik die belange van die suikerkwekers verteenwoordig het, nie op eie houtjie enige wetgewing insake Indiër-immigrasie kon deurvoer nie, was hulle afhanklik van die amptelike lede.[2] Die amptelike lede is deur die Britse Kroon benoem en as sodanig sou 'n mens kon verwag dat hulle die belange sou behartig van die Britse regering, wat toevallig in dié geval ook 'n beleid ten gunste van Indiër-immigrasie voorgestaan het.[3] Die suikerkwekers was nie juis in politiek as sodanige geïnteresseerd nie, maar was gewillig om politiek vir sakebelange aan te wend. Op dié wyse het 'n onderlinge bondgenootskap tussen die kusverteenwoordigers en die amptelike lede ontwikkel.[4] Hierdie bondgenootskap het die grondslag gelê vir die aanvang van die eerste Indiër-immigrasieskema, want as gevolg van die bondgenootskap is Wet nr. 14 van 1859 deur die Wetgewende Raad geloods waarin o.a. die volgende vervat is: 1) dat die Natalse regering alle immigrasiekoste dra, maar dat die suikerkwekers drie vyfdes van die passasiekoste van elke manlike Indiër (sowat R34.27) en 'n proporsionele bedrag vir vroue en kinders onmiddellik by ontvangs van die immigrante moes betaal; 2) indien die suikerkweker die kontrakarbeiders na 'n periode van drie jaar nog vir 'n verdere dienstermyn van twee jaar wou behou, moes hy

---

1) Brookes, E. H. & Webb. C. de B. A History of Natal. Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1965, Eerste Druk. p. 75.
2) Thompson, op. cit., p. 36.
3) Kyk hoofstuk 4, p. 101.
4) Thompson, op. cit., pp. 13, 37.

weer eens een vyfde van die passasiegeld betaal; 3) die immigrante sou vyf jaar na hulle aankoms in Natal vry wees en tien jaar na hulle aankoms geregtig wees op 'n vry oortog terug na Indië, maar hulle sou egter nie verplig kon word om na Indië terug te keer nie; 4) indien die kontrakarbeiders verkies om in Natal te bly, kon die Luitenant-goewerneur na goeddunke 'n toekenning van grond gelykstaande in waarde aan die koste van 'n vry oortog na Indië aan hulle maak; 5) die kontrakarbeiders moes vyf jaar „industriële diens" teen 'n vergoeding van minstens R1 per maand verrig, met die keuse om hulle vir die laaste twee jaar teen 'n betaling van R10 vry te koop (of R5 vir een jaar).[5]

Die immigrasieskema is eers die daaropvolgende jaar (1860) van stapel gestuur toe W. M. Collins, die Natalse Posmeester-generaal, vir dié doel na Indië gegaan en duisend emigrante gewerf het. Daarna het Burton en Gahan as Natal se agente te Madras en Hunt Marriott as agent te Kalkutta opgetree.[6]

Gedurende die periode 1863 - 1866 het sowat 2,884 kontrakarbeiders in Natal aangekom, maar weens die depressie in 1866 het die Natalse regering alle verdere werwingswerk in Indië gestaak.[7]

Tydens die eerste immigrasieskema het die Natalse regering nie sorg gedra dat 'n behoorlike immigrasiedepartement in die lewe geroep word om die finansiering van die immigrasieskema te behartig nie. In 1860 is E. Tatham, 'n sogenaamde „Coolie Immigration Agent", aangestel om 'n immigrasiefonds te beheer, maar hy was nie opgewasse vir sy taak nie.[8] In Oktober 1861 het Tatham gevind dat die kwekerwerkgewers se bydrae tot die koste verbonde aan die verskeping van kontrakarbeiders te min was. Die werkgewers het slegs drie vyfdes van R34.27 vir die verskeping van elke manlike immigrant betaal, terwyl hulle versuim het om ook die proporsionele bedrag vir dié van vroue en kinders te betaal. Indien die werkgewers ook vir laasgenoemde betaal het, sou die koste verbonde aan die verskeping van elke manlike immigrant 'n bedrag van R40.62 in stede van R34.27 beloop het.[9]

---

5) Ibid, pp. 25 - 26.
6) Palmer, M. The History of the Indians in Natal (In Natal Regional Survey, Kaapstad, Oxford University Press vir Universiteit van Natal, 1957, Eerste Druk, vol. 10, p. 19); Thompson, op. cit., pp. 18 - 19.
7) Thompson, op. cit., pp. 22, 31; Brookes & Webb, op. cit., p. 87, Palmer, op. cit., p. 20.
8) Thompson, op. cit., p. 38.
9) Ibid, p. 29. Die koste vir die verskeping van elke manlike immigrant vir die eerste vyf emigranteskepe het R42.90 beloop (Thompson, op. cit., p. 37).

'n Gekose Komitee van die Wetgewende Raad het egter besluit dat die werkgewers slegs 'n bedrag van R34.27 per immigrant moes betaal en in Januarie 1863 het die Luitenant-goewerneur die komitee se beslissing aanvaar. Tatham is opdrag gegee om alle agterstallige gelde in te vorder, maar hy kon nie daarin slaag nie.[10] Daarom is gereël dat die werkgewers in die vorm van maandelikse paaiemente betaal; eers was dit £5 per maand, maar vanaf 1864 is die paaiemente tot £6 per maand verhoog.[11]

Omdat die werkgewers nie voldoende tot die immigrasieskema bygedra het nie, het die immigrasiefonds teen Mei 1865 'n tekort van £22,880 getoon. Daarom was die Natalse regering, teen die sin van die Britse regering, verplig om meer as die maksimum bydrae van een derde van die totale koste te voorsien.[12]

Vanaf 16 Mei 1865 het die Natalse regering gevolglik met 'n nuwe finansiële reëling begin wat gegrond was op die veronderstelling dat die gemiddelde koste verbonde aan elke manlike immigrant nie meer as R35 sou beloop nie en dat die aanvraag om immigrante nie tot minder as tweeduisend per jaar sou daal nie. Die Natalse regering se nuwe reëling was om 'n selfonderhoudende immigrasiefonds te stig waarvoor 'n lening van R200,000 aangegaan is. Daar is bereken dat dié fonds na 31 jaar in staat sou wees om die lening terug te betaal en dan nog, na terugbetaling, boonop R112,000 sou oorhou.[13]

Ongelukkig het daar gedurende die periode 1865 - 1866 'n depressie

---

10) Thompson, op. cit., pp. 29 - 30.
11) Ibid, p. 38.
12) Ibid, The Times of Natal, d.d. 19/8/1871; The Natal Mercury, d.d. 22/8/1871: Brief van E. Tatham, d.d. 21/8/1871. Tatham ontken die bewering van The Times of Natal dat die kwekers versuim het om £40,000 van hul deel tot die koste verbonde aan die eerste immigrasieskema by te dra. Die kwekersvereniging (bekend as die Labour League) het 'n boekhouer, Wirsching, aangestel om die aangeleentheid te ondersoek. Volgens die Labour League was Wirsching se bevinding dat die staat gedurende die periode 1 April 1860 - 1 Januarie 1871 altesaam £24,390 en die kwekers £57,814 tot die invoer van 6,400 immigrante (4,159 mans) bygedra het (The Natal Mercury, d.d. 17/10/1872: Labour League se Jaarverslag). J. R. Saunders, lid van die Wetgewende Raad, het Wirsching se syfers aanvaar en bereken dat die kwekers slegs £600 skuldig was (The Natal Mercury, d.d. 17/10/1871: Saunders se brief). R. E. Ridley het Tatham en Saunders se syfers as teenstrydig met regeringsopgawes beskou en aanbeveel dat 'n bekwame rekenmeester aangestel word om die immigrasiefonds te ondersoek (The Natal Mercury, d.d. 26/11/1871: Ridley se brief).
13) Thompson, op. cit., p. 39.

ingetree waarmee die Natalse regering nie rekening gehou het toe sy finansiële reëling beplan is nie.[14] Aangesien daar gedurende die depressie geen vraag na immigrante was nie, het die reëling van Mei 1865 ineengestort. Gevolglik is die R200,000-lening wat uitsluitlik vir Indiër-immigrasie aangegaan is, grotendeels vir ander doeleindes aangewend. Daar is bereken dat slegs sowat R60,000 tot R65,000 van die totale bedrag vir Indiër-immigrasie gebruik is.[15]

Teen 1869 het die effek van die depressie begin verdwyn en was die kwekers weer eens begerig om Indiër-immigrante te bekom.[16] Toe aan die kwekers verduidelik is dat die grootste gedeelte van die R200,000 vir ander doeleindes aangewend is, was hulle baie ontevrede, maar dit was hoofsaaklik toe te skryf aan die kwekers se eie onvermoë om tydens die depressie die nodige rekwisisies om meer immigrante in te dien.[17]

Die Natalse Luitenant-goewerneur, Keate, het telkens gedurende 1869 en 1870 geprobeer om die Wetgewende Raad te oorreed om 'n lening aan te gaan vir die verkryging van 'n verdere besending kontrakarbeiders, maar die meerderheid van die Wetgewende Raad was teen dié tyd gekant teen die hervatting van 'n Indiër-immigrasieskema.[18] Hierdie houding van die Wetgewende Raad moet toegeskryf word aan die feit dat die staat veel meer tot die immigrasiekoste van die eerste skema

---

14) Palmer op. cit., pp. 20, 26; Brookes en Webb, op. cit. p. 87.

15) Thompson, op. cit., p. 40; Palmer, op. cit., p. 26; Debates of the Legislative Council of Natal, 1888, vol. 12, pp. 175 - 178, d.d. 15/5/1894. In hierdie proefskrif sal verder na hierdie werk verwys word as: „Debates, Legislative Council".

16) Thompson, op. cit., p. 40; Palmer, op. cit., p. 24; Brookes & Webb, op. cit., p. 88.

17) Thompson, op. cit., pp. 40 - 41; The Natal Mercury, d.d. 17/10/1872: Labour League se Jaarverslag.

18) Thompson, op. cit., pp. 42 - 43. Die kwekerverteenwoordiger Pinsent het die hervatting van Indiër-immigrasie bepleit omdat daar te min Indiërvroue in Natal vir die aantal Indiërmans was en ook omdat die Indiërs wat reeds in Natal was, gevoel het dat hulle van hul landgenote afgesny is (The Natal Mercury, 2/9/1870). Daar was egter teen 1870 nog kwekers, soos Osborn en Shire, wat eerder van Bantoes as Indiërarbeid gebruik gemaak het. Selfs The Natal Mercury, wat ten gunste van die hervatting van Indiër-immigrasie was, het nietemin die verkryging van Bantoes uit gebiede ten noorde van Natal bepleit (The Natal Mercury, d.d. 8/9/1870, 2/9/1870, 9/4/1870 en 20/8/1870). Trouens op aanbeveling van The Natal Mercury se redakteur, J. Robinson, is die Luitenant-goewerneur versoek om beide Indiërs en Bantoes in te voer om Natal se arbeidsvraagstuk op te los (The Natal Mercury, d.d. 2/9/1870).

moes bydra as wat aanvanklik gemeen is. Daar het dus 'n vrees by die raadslede bestaan dat die tweede immigrasieskema ook finansieel wanbestuur sou word. Dit was een van die redes waarom die kusverteenwoordigers wat hulle vir die suikerkwekers se belange beywer het, die steun van die amptelike lede verbeur het.[19] Al waarin die suikerkwekers dus voorlopig kon slaag, was om die wetgewers te oorreed om die kontrakperiode deur Wet 2/1870 van drie tot vyf jaar te verleng, maar die reëling was van weinig waarde omdat geen nuwe immigrante Natal sedert Junie 1866 binnegekom het nie.[20]

## 2. Die agitasie vir die hervatting van Indiër-immigrasie.

Die veldtog vir die hervatting van Indiër-immigrasie het teen 1871 in intensiteit toegeneem. Veral die kwekerverenigings, soos die Labour League (sowat sestig lede), die Farmers' Club, Chamber of Agriculture and Trade, en die Planters' Association te Verulam was daarvoor verantwoordelik.[21] Hierdie liggame is voorts ook deur nuusblaaie, soos The Natal Mercury en The Natal Colonist, ondersteun.[22] In 1871 het die kwekers vyf petisies aan die Wetgewende Raad gerig waarin op die hervatting van Indiër-immigrasie aangedring is, onder andere een vanuit Durban (52 petisionarisse) en 'n ander uit Victoria (28 petisionarisse).[23] Die skerpsinnige kwekers, soos J. R. Saunders,

---

19) Thompson, op. cit., p. 43. Teen 1872 het 'n leser van The Natal Mercury gekla dat selfs die Goewerneur (Musgrave) met die verteenwoordiger van Pietermaritzburg-Stad in die Wetgewende Raad (Ridley) saamwerk teen die belange van die kusgebied (The Natal Mercury, d.d. 29/10/1872: brief van „Durban").

20) Thompson, op. cit., p. 42.

21) Die Labour League het hom beywer „to enter into communication with both the Executive and Legislative branches of the Government, in the hope of impressing them with the importance of their object, and feasibility, with proper management, of creating an organisation under which coolies can be obtained by everyone who can afford and is willing to pay for their introduction". Kyk The Natal Mercury, 17/10/1872, en Jaarverslag van Labour League, asook The Natal Mercury, d.d. 25/7/1871 en 16/5/1871, veral brief van Another Secretary Bird.

22) The Natal Mercury het die kwekers se sienswyse soos volg gepropageer: „The planters have done their utmost to obtain the labour they want, but the supply remains lamentably deficient ... when the insufficiency of supply threatens the colony with disaster and retrogression, Government may fairly be appealed to for its assistance" (The Natal Mercury, 15/6/1871 en 12/8/1871. Kyk na die standpunt van die korrespondent van Indië).

23) Natal Parliamentary Papers, vol. 171, petisies 5/8/9/17/18/1871. Sommige kwekers het selfs aan The Natal Mercury geskryf om in staat gestel te word om die petisies te teken (The Natal Mercury, 22/2/1872: brief van „Elector"). Die kusverteenwoordiger, J. T. Polkinghorne, het sommige van die petisies in die Wetgewende Raad voorgelees (Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, p. 25, d.d. 3/8/1871).

L. W. R. (lid van die Wetgewende Raad) vir Victoria-Graafskap, het allerlei sommetjies uitgewerk om te bewys hoe Indiër-immigrasie uiteindelik die hele Natal sou bevoordeel.[24]

Weens die verskerping van die kwekers se veldtog het die botsende belange van die kusgebied en die binneland ten opsigte van die Indiërvraagstuk andermaal duidelik na vore gekom.[25] Die binnelanders wou hê dat Bantoe-arbeid doeltreffend georganiseer moes word sodat die suikerkwekers nie Indiër-immigrante sou benodig nie.

R. E. Ridley, L. W. R. vir Pietermaritzburg-Stad, het byvoorbeeld aan die hand gedoen dat Bantoes op 'n georganiseerde basis teen 10/- elk per maand op kontrakbasis deur die regering aan kwekers beskikbaar gestel word, maar die kwekerleier J. R. Saunders het Ridley se plan as onprakties veroordeel, veral weens die buitensporige bedrag van 10/- wat vir elke Bantoe betaal moes word.[26] Saunders het die binnelanders ook gedreig met 'n agitasie om beter verteenwoordiging vir die kusgebiede in die Wetgewende Raad te verkry om die kwekers sodoende in staat te stel om die immigrasieveldtog te verskerp.[27]

Die binnelanders was oortuig dat die kwekers nie werklik begerig was om die Bantoes vir plantasiewerk op te lei nie, maar die maklikste weg sou volg om Indiër-immigrante wat plantasiewerk geken het, vir dié doel te verkry.[28] Die binnelanders is op hul beurt deur nuusblaaie

---

24) Saunders het bereken dat duisend Indiër-immigrante wat elk jaarliks 50/- tot die land se inkomste bydra, binne 25 jaar altesaam 'n bedrag van £25,000 sou bydra, terwyl die staat wat jaarliks slegs 30/- per immigrant oor 'n periode van vyf jaar betaal, slegs £7,500 bydra, d.w.s. altesaam 'n wins van R17,500 vir die staat (The Natal Mercury, d.d. 17/8/1871: brief van J. R. Saunders).

25) The Natal Mercury, d.d. 31/10/1871: brief van J. R. Saunders.

26) The Natal Mercury, d.d. 30/11/1872: brief van J. R. Saunders.

27) The Natal Mercury, d.d. 31/10/1874 en 7/5/1874: briewe van J. R. Saunders.

28) 'n Leser van The Natal Mercury het byvoorbeeld in Augustus 1873 geskryf: „I again ask you to use your able pen in solving the labour question within the colony rather than clamour for outside labour; the planters you may be sure will do this last, leaving you and others who are not planters to agitate the first" (The Natal Mercury, d.d. 21/8/1873: brief van „Observer").

soos The Natal Witness en The Times of Natal ondersteun.[29)]

'n Ander faktor wat tot die botsing tussen die kwekers en die binnelanders bygedra het, was die kwekers se traagheid om hul paaiemente ooreenkomstig Wet 16/1864 gereeld te betaal. Hierdie aspek het nie slegs tot 'n perstwis aanleiding gegee nie, maar ook sy weerklank in die Wetgewende Raad gehad.[30)] R. E. Ridley, L. W. R. vir Pietermaritzburg-Stad en leier van die binnelandse verteenwoordigers, het die kwekers self daarvoor verantwoordelik gehou dat hulle paaiemente agterstallig geraak het en nie betaal is nie. Daarom het Ridley daarop aangedring dat die kwekers wat nie hul paaiemente gedurende die periode 1860 - 1870 betaal het nie, se name openbaar gemaak word. Saunders en Polkinghorne, albei verteenwoordigers van die kwekers, het op hulle beurt die koelie-agent vir die agterstallige paaiemente verantwoordelik gehou omdat hy die paaiemente nie gereeld ingevorder het nie. Saunders en Polkinghorne het dus die skuld vir die agterstallige paaiemente aan swak administrasie toegeskryf en die kwekers van alle blaam vrygespreek. Die kwekers se verteenwoordigers het gevolglik aangedring op 'n ondersoek na die rede waarom die agterstallige paaiemente nie ingevorder is nie.[31)]

Hierdie aangeleentheid van wie te blameer was vir die agterstallige paaiemente het gelei tot die aanstelling van 'n Gekose Komitee wie se verslag eindelik in Oktober 1871 ter tafel gelê is.[32)] Uit dié verslag

---

29) The Natal Witness, d.d. 14/3/1871 en 9/5/1871. Vir The Times of Natal se standpunt kyk The Natal Mercury van 31/8/1871, 2/9/1871 en 7/9/1871: brief van J. R. Saunders.

30) In Augustus 1871 het The Times of Natal 'n venynige aanval teen die kwekers begin, juis weens laasgenoemde se versuim om hul finansiële verpligtings na te kom omdat baie kwekers a.g.v. die depressie bankrot gespeel het. Die blad beweer dat die kwekers nie die drie vyfdes van die immigrasiekoste betaal het nie en dat die Natalse tesourie R130,000 moes bydra waarvan R80,000 nooit aan die staat terugbetaal is nie (The Natal Mercury, d.d. 31/8/1871 en 2/9/1871: aangehaal uit The Times of Natal). J. R. Saunders het die blad se bewerings as versinsels bestempel en versoek dat die aanklag in die Wetgewende Raad ondersoek word om die naam van die kwekers in ere te herstel (The Natal Mercury, d.d. 7/9/1871: brief van Saunders).

31) Votes and Proceedings, Legislative Council, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, pp. 79, 114 en 123, d.d. 17/8/1871, 29/8/1871, 31/8/1871. Verder word na hierdie werk verwys as: „Votes and Proceedings". Kyk ook Seventh Council, vol. XXII, 1874, No. 28, p. 145, d.d. 17/9/1874.

32) GH 171, 1871, Select Committee on Coolie Accounts.

het geblyk dat die grondoorsaak van die probleem die feit was dat die aanvraag om immigrante gedurende die depressie tot ver benede 2,000 jaarliks gedaal het, terwyl die koste verbonde aan immigrasie, as gevolg van die dalende getalle, geweldig toegeneem het. Waar die Natalse regering die koste in verband met die verskeping van elke manlike immigrant op R35 bereken het, het dit in werklikheid ná 15 Mei 1865 op R43.82 te staan gekom.[33)]

Die gebrek aan voldoende fondse vir die eerste immigrasieskema was dus nie soseer 'n kwessie van agterstallige paaiemente nie, maar wel dat die paaiemente wat wel betaal is, te laag was. Die staat het dus veel meer as sy verpligte een derde-bydrae gelewer. Daar is byvoorbeeld bereken dat gedurende die periode 1860 - 1870 die staat R48,778 en die werkgewers R105,644 ten opsigte van Indiër-immigrasie bygedra het.[34)] Oor hierdie groot bydrae van die staat was die Natalse binnelanders, wat aanvanklik weinig voordeel uit die kontrakstelsel verkry het, begryplik verontrus en dit het tot 'n twis met die kusverteenwoordigers, wat die kwekers se belange verteenwoordig het, gelei.[35)]

Die politieke magsposisie van die amptelike lede (d.w.s. die regering) is wel versterk weens die toenemende verwydering tussen die kus en die binneland, maar die amptelike lede het ook op hulle beurt geskille met beide die binnelanders en die kuslede gehad. Die binnelanders het byvoorbeeld die regering se finansiële hulp i.v.m. die eerste immigrasieskema veroordeel, terwyl die kusverteenwoordigers en die amptelike lede op hul beurt weer haaks was oor wie verantwoordelik gehou moes word vir die agterstallige paaiemente van die kwekers. Die Natalse regering het die kwekers beskuldig dat hulle versuim het om hul agterstallige paaiemente te betaal, terwyl die kusverteenwoordigers die regering van laksheid beskuldig het om die paaiemente in te vorder. Daarom het The Natal Mercury, wat as mondstuk van die kusverteenwoordigers opgetree het, geskryf: „We can see no substantial cure except in a change of government".[36)]

Die kusverteenwoordigers het egter getoon dat hulle bekwame en

---

33) GH 171, 1871, Select Committee on Coolie Accounts, Bylae Verklaring D.
34) Ibid, Seksie 16 en Bylae, Seksie 1.
35) Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, pp. 79, 114 en 123, d.d. 17, 29 en 31 Augustus 1871. Kyk ook Seventh Council, vol. XXII, 1874, nr. 28, p. 145, d.d. 17/9/1874.
36) The Natal Mercury, d.d. 31/8/1871. Waar in hierdie werk na die standpunt van The Natal Mercury verwys word, word eintlik die standpunt van die redakteur van The Natal Mercury geïmpliseer, hetsy in die inleidingsartikel of elders in die blad.

geslepe politici was wat 'n netelige posisie tot hulle eie voordeel kon aanwend. Hulle doel was naamlik om die hervatting van Indiër-immigrasie te bewerkstellig en hulle moes die ander groepe in die Wetgewende Raad daartoe oorreed, veral omdat die ander groepe skepties gestaan het teenoor die staat se bydraes tot die immigrasie-koste. Daarom het die kusverteenwoordigers dit by die binnelandse verteenwoordigers benadruk dat dit in belang van beide die kus en die binneland is om vanweë hulle geskille met die amptelike lede, liewer 'n verenigde front saam met die kuslede te vorm. Nogtans het die kusverteenwoordigers ook daarin geslaag om, ondanks hul geskille met die amptelike lede, die ou bondgenootskap tussen hulle en die amptelike lede te laat herleef.[37)]

So het dit dan gebeur dat die twee leiers van die binneland en die kus, R. E. Ridley en J. T. Polkinghorne, agter die skerms 'n vergelyk getref het, deur die kwessie van die staat se bydrae tot die immigrasiekoste na 'n Gekose Komitee te verwys.[38)] Dié ooreenkoms, wat tegelykertyd 'n hernuwing van die bondgenootskap tussen die kus- en amptelike lede teen die binnelanders was, was 'n oorwinning vir die kwekers omdat die betrokke komitee grotendeels, soos Saunders verlang het, uit kwekergesinde lede bestaan het.[39)]

Die kern van die Gekose Komitee se aanbeveling wat in Augustus 1871 gedoen is, was dat die staat jaarliks R20,000 aan 'n gereelde toevoer van Indiër-immigrante moes bestee. Die Natalse regering moes die bedrag leen en uitsluitlik vir Indiër-immigrasie aanwend, terwyl verpligtinge ten opsigte van die rente en 'n delgingsfonds nagekom kon word deur 'n addisionele belasting van 5c per gelling op rum wat in Natal vervaardig word, te hef. Verder moes die Natalse regering uit gelde wat op dié oomblik beskikbaar was, onmiddellik pogings aanwend

---

37) The Natal Mercury, d.d. 17/19/8/1871.

38) The Natal Mercury, d.d. 7/9/1871, het na gemelde ooreenkoms soos volg verwys: „Mr. Polkinghorne has shown much good sense and tact in his management of the Coolie Question. Upcountry members regard Indian immigration as a coast luxury, not as a colonial necessity, and they are not disposed to do more than circumstances compel them to do in order to meet the requirements of the planters. Hence the expediency of a conciliatory policy when dealing with this subject. To force a particular line of action upon a reluctant if not an unwilling House would be to run the risk of exciting opposition and meeting failure. Mr. Polkinghorne has doubtless done much more, by private representation and committee than appears before the public".

39) Hierdie Gekose Komitee het bestaan uit die Prokureur-generaal, Polkinghorne (Victoria-Graafskap), Akerman (Pietermaritzburg-Stad), Ridley, en 'n lid van die Durbanse graafskap (Votes and Proceedings, 1871, vol. XIX, p. 75, d.d. 16/8/1871). Toe 'n vergadering van kwekers te Verulam op 25 Augustus 1871 plaasgevind het, het Saunders daarop aangedring dat die kwekers behoorlik in so 'n Gekose Komitee verteenwoordig moes word (The Natal Mercury, d.d. 31/8/1871).

om Indiër-immigrasie te hervat. Terugbetalings kon gedoen word sodra die lening van R20,000 beskikbaar was.[40)]

Die aanbevelings van die Gekose Komitee was 'n groot neerlaag vir Ridley wie se gesondheid intussen begin verswak het, want in 1871 nog is sy voorstel in die Wetgewende Raad aanvaar dat 'n adres in verband met die Indiërwet aan die Luitenant-goewerneur gerig word „to make it incumbent upon the applicant for Coolies to bear the entire cost of their introduction".[41)]

Die Natalse regering het aan die Gekose Komitee se aanbeveling uitvoering gegee en ingevolge die Consolidation of Public Loans Act R40,000 vir die invoer van Indiër-immigrante voorsien. Thompson verwys na die R40,000 as 'n „absolute gift to the employers of indentured immigrants".[42)] 'n Korrespondent van The Natal Mercury het geskryf: „A majority of representatives voted against the protentious propositions (to provide for new Coolies) but were reduced to a minority through the interposition of fixed or official votes within the Council Chamber, who represent no one".[43)]

Hoewel die Britse kroon-kommissarisse die Consolidation of Public Loans Bill in 1871 goedgekeur het, het Luitenant-goewerneur Keate dit egter nie wenslik geag dat Natal 'n lening aangaan nie, aangesien die kolonie se finansies nie gesond genoeg was nie.[44)] Die Britse regering het reeds geweier dat Natal 'n lening moes aangaan vir 'n noodsaaklike diens soos die aankoop van 'n sleepboot.[45)] Keate het dus voorgestel dat daar wel 'n bestelling vir Indiër-immigrante via die Britse regering aan die Indiese regering gerig moes word, maar dat die nodige geldelike lening om vir die bestelling voorsiening te maak eers deur die Britse regering goedgekeur moes word. Die Luitenant-goewerneur gee voorkeur aan so 'n reëling bo die aanwending van wisselvallige los

---

40) Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, p. 108, d.d. 28/8/1871.
41) Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, pp. 230, 231 en 236, d.d. 12/10/1871 en 13/10/1871. Ridley se gesondheid het so verswak dat hy in 1875 oorlede is (The Natal Mercury, d.d. 15/6/1875).
42) Thompson, op. cit., p. 44.
43) The Natal Mercury, d.d. 9/1/1873.
44) Select Documents Presented, Legislative Council, Natal, 1866 - 1874, No. 26, 1873 - 1874; Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, pp. 161 - 162, d.d. 12/9/1871.
45) Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, pp. 161 - 162, d.d. 12/9/1871.

bedrae vir immigrasiedoeleindes, t.w. die deposito's van die Natalse Spaarbank en dié van die Meester. Dit sou, volgens Keate, te gevaarlik wees om van gemelde twee fondse of van tolgelde gebruik te maak, aangesien die fondse te onseker is.[46)]

Nadat Polkinghorne in die Wetgewende Raad gevra het wanneer nuwe Indiër-immigrante in Natal verwag kon word en die Durbanse pers ook druk in dié rigting uitgeoefen het, het Keate in Desember 1871 weer eens die Britse regering versoek om die immigrasiereëlings te bespoedig.[47)] Hy het die Britse regering versoek om aan die Indiese regering opdrag te gee dat laasgenoemde 'n voorlopige agent vir Natal kon aanstel sodat die betrokke agent solank die getal immigrante, waarom Natal aansoek gedoen het, kon werf. Hy voeg darem versigtig by dat sy versoek natuurlik gerig word met die verstandhouding dat die Britse regering die <u>Consolidation of Public Loans Bill</u> goedgekeur, asook die reëlings i.v.m. die lening.[48)]

Hierdie diensbrief is 'n duidelike bewys dat Keate nie, soos die kwekers gemeen het, hulle vyandig gesind was nie. Daar was ander faktore wat tot die vertraging van die hervatting van Indiër-immigrasie aanleiding gegee het.[49)] Een was naamlik dat die Britse regering nie die kwekers wou onthef van hulle regmatige finansiële verpligtinge t.o.v. die skema nie.[50)]

Die Britse Minister van Kolonies, lord Kimberley, het intussen die verslag van die Gekose Komitee insake Indiër-immigrasierekenings nagegaan en vasgestel dat teen die tyd dat die Natalse regering vir vry

---

46) Ibid. Volgens die Luitenant-goewerneur: „Orders for coolies would go to India by way of England, and if sent to England at the same time as the Bill is transmitted for the Secretary of State's decision upon it, it could be arranged that such orders should be sent on and be acted upon, if that decision is favourable, and money under the Bill would no doubt be raised in sufficient time to meet the expenditure".

47) Votes and Proceedings, Second Session, Sixth Council, 1871, vol. XIX, p. 389, d.d. 23/11/1871; Select Documents Presented, Legislative Council, Natal, 1866 - 1874, nr. 26, 1873 - 1874.

48) Select Documents Presented, Legislative Council, Natal, 1866 - 1874, 26/1873 - 1874.

49) <u>The Natal Mercury</u>, d.d. 3/10/1872: J. R. Saunders se verklaring.

50) Thompson, op. cit., p. 44. Kyk ook hoofstuk 4 , p. 68.

oortogte van terugkerende kontrakarbeiders betaal het, of grond van gelyke waarde toegestaan het, die bydrae van die Natalse regering meer as die maksimumbydrae, naamlik een derde van die totale koste, sou beloop het. Die Britse regering wou dus nie die „absolute gift" van R40,000 waarna Thompson verwys, goedkeur nie, tensy die beginsel van die een derde-bydrae deur die staat streng nagekom word, m.a.w. die R40,000 waarvoor ingevolge die Consolidation of Public Loans Act voorsiening gemaak is, kon wel vir Indiër-immigrasie aangewend word indien die beginsel gehandhaaf word dat die Natalse tesourie nie meer as een derde van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie bydra nie.[51)]

3. Die klagte van terugkerende immigrante.

Daar was ook 'n ander faktor waardeur die goedkeuring van die Consolidation of Public Loans Act vertraag is. Dit het in verband gestaan met die klagte van kontrakarbeiders wat vanaf Natal na Indië teruggekeer het.[52)] In 1871 het sowat een derde van die kontrakarbeiders wat oorspronklik in 1860 - 61 na Natal gekom het, met die Red Riding Hood en die Umvoti na Indië teruggekeer. Tien van hulle het by die Beskermer van Emigrante te Madras gekla oor die behandeling wat hulle in Natal ontvang het.[53)] Daarbenewens het die Natalse prokureur Savery Pinsent namens die Indiërs by bogemelde Beskermer van Emigrante gekla toe hy nie bevrediging by die Natalse regering kon kry nie.[54)] Sy klagte was dat terugkerende kontrakarbeiders wat, ooreenkomstig Wet 14/1859, geregtig was op 'n maandelikse vergoeding van R2.50 vanaf die derde en daaropvolgende maande nadat hulle kennis gegee het dat hul na Indië wou terugkeer, dit nie ontvang het nie. Die Luitenant-goewerneur het wat laasgemelde klagte betref, verduidelik dat die kontrakarbeiders wat met die Red Riding Hood na Indië teruggekeer het, nie die toelaes ontvang het nie omdat hulle vir die betrokke periode

---

51) GH 31, Britse Minister van Kolonies aan Natalse Luitenant-goewerneur, d.d. 4/3/1873; Thompson, op. cit., p. 44.
52) Sessional Papers, Natal Legislative Council, 1872, No. 1 pp. 57 - 58, d.d. 23/12/1871.
53) Sessional Papers, Natal Legislative Council, 1873, No. 1 p. 53, Beskermer van Emigrante, Madras, aan Hoofsekretaris, Indiese regering, d.d. 5/5/1871.
54) Ibid.

deur die Natalse regering in die Durbanse depot onderhou is. Toelaes was naamlik alleen betaalbaar aan diegene wat nie in die depots onderhou is nie.[55]

Verder was daar blykbaar ook 'n misverstand oor die toekenning van 'n bedrag van R20 aan elke kontrakarbeider na afloop van sy kontrakperiode. Waarskynlik het sommige werwers in Indië so 'n belofte gemaak om emigrante te oorreed om te emigreer, maar so 'n klousule was nooit in enige kontrak met die Natalse regering opgeneem nie.[56]

Die Natalse regering het versuim om deeglike ondersoek te laat instel toe die nuus aangaande die klagtes Natal bereik het en die halfhartige wyse waarop die Natalse regering opgetree het, het onrus in regeringskringe in Indië en Brittanje laat ontstaan.[57]

Die Britse emigrasie-kommissarisse wat die aangeleentheid ondersoek het, het beswaar gemaak teen die trae wyse waarop toesig in Natal oor die kontrakarbeiders uitgeoefen is, naamlik dat die halfjaarlikse besoeke aan die suikerplantasies, soos neergelê deur Wet 14/1859, selde plaasgevind het en dat mediese dienste en hospitaalakkommodasie vir kontrakarbeiders in Natal uiters gebrekkig was. Afgesien van een geval, naamlik dié van Lister, het die kommissarisse egter bevind dat daar geen afdoende bewyse is dat die kontrakarbeiders deur die werkgewers mishandel is nie.[58]

Die Britse Minister van Kolonies, lord Kimberley, het egter aan die Luitenant-goewerneur opdrag gegee dat die Natalse regering 'n deeglike ondersoek na die klagte van die kontrakarbeiders moet instel en dat die moontlike finansiële reperkussies van die Consolidation of Public Loans Act eers intussen behoorlik bepaal moet word.[59] Eindelik

---

55) Ibid; pp. 58 - 60, d.d. 4/3/1872.
56) Ibid; p. 60, d.d. 4/3/1872.
57) The Natal Mercury, d.d. 3/10/1872; Natal Government Gazette, 1872, nr. 408, p. 327. The Natal Mercury skryf: „In consequence of those complaints, and the indifference shown about them by the Natal Government when first brought under its notice ........" (The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872).
58) Sessional Papers of the Natal Legislative Council, 1872, nr. 1, p. 60, d.d. 4/3/1872.
59) Ibid, p. 62, d.d. 17/5/1872.



Gallwey, die opsteller van Wet 25/1891 en 'n stoere beskermer van die Kroon se blange in die Wetgewende Raad.

het die Indiese regering ook in Mei 1872 gelas dat geen verdere emigrasie na Natal sou plaasvind nie omdat „proper measures have not in the Colony of Natal, been taken for the protection of emigrants during their residence therein".[60] Hierdie wending van sake was begryplikerwyse vir die Natalse kwekers 'n groot teleurstelling.

4. Die Kommissie van Ondersoek (1872)

'n Tweemankommissie, bestaande uit die Natalse Prokureur-generaal, sir M. Gallwey, en kol. Lloyd, 'n staatsamptenaar in diens van die Indiese regering wat met siekteverlof in Natal was, is onmiddellik deur die Waarnemende Luitenant-goewerneur aangestel „to enquire generally into the condition of Indians in Natal and particularly into the complaints made by the return immigrants".[61] Die keuse van kol. Lloyd was baie verstandig, aangesien hy met Indiërs vertroud en Hindoestani magtig was. Lloyd was dus in staat om te onderskei tussen nietige en werklike klagte van Indiërs.[62]

Die ondersoek wat binne drie maande afgehandel is, was hoofsaaklik beperk tot toestande in 1872. Baie van die euwels wat gedurende die kontrakperiode vanaf 1860 plaasgevind het, kon nie nagespoor word nie, veral omdat die Indiërs wat by dié aangeleentheid betrokke was, reeds na Indië teruggekeer het of, sedert hul kontrakperiode verstreke is, by private instansies van eie keuse waar hulle baie beter behandel is, gaan werk het.[63]

Die kommissarisse se gevolgtrekkings is hoofsaaklik gegrond op die getuienis van sowat 24 werkgewers te Durban en besoeke aan 18 suikerplantasies waar beide plantasie-eienaars en Indiërs ondervra is.[64] 'n Beperking van die ondersoek was dat die getuies nie verplig kon word om te getuig nie.[65]

Die prosedure wat die kommissie by die ondervraging gevolg het,

---

60) Sessional Papers Legislative Council, Natal, 1872, nr. 1, p. 63, d.d. 10/5/1872.
61) GH 207, Natalse Luitenant-goewerneur aan Kimberley, d.d. 20/9/1872.
62) The Natal Mercury, d.d. 6/7/1872.
63) Ibid.
64) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872; Thompson, op. cit., pp. 59 - 61. Die belangrikste plantasies wat besoek is, was dié van Waterloo en die Umhlangavallei (The Natal Mercury, d.d. 6/7/1872).
65) Een van die belangrikste getuies wat deur die kommissie ondervra is, was eerw. Stott, 'n sendeling wat 'n tyd lank in Indië deurgebring het en wat die lewe van die Indiërs geken het. Hy was 'n begaafde en onpartydige persoon (The Natal Mercury, d.d. 27/6/1872). Kyk ook The Natal Mercury, d.d. 13 en 15/6/1872 en Thompson, op.cit., p.60.

was min or meer soos volg: Die werkgewer is eers gevra watter betaalstelsel hy volg, op watter grondslag hy aftrekkings maak, watter aftrekkings en hoe dikwels dit gemaak word en watter rantsoene hy gee. Daarna het die Prokureur-generaal die antwoorde wat verstrek is met betaalstate en boeke van die werkgewer vergelyk.[66)]

Die bevinding van die kommissie was dat die werkgewers, met uitsondering van 'n paar soos Lister en Jackson, hul kontrakarbeiders goed behandel het en „that they (the Indians) are not and never have been subject to any systematic ill-treatment and oppression by their employers. Isolated and individual cases have doubtless occurred, but under the revised system of supervision we have recommended, even these, it is hoped will disappear".[67)] Wat die betaling van lone betref, het die kommissie bevind dat daar op dertien plantasies altesaam R448 aan salarisse deur kwekers teruggehou is en dat sowat 12% van die lone as gevolg van afwesigheid nie betaal is nie.[68)] Uit die kommissie se verslag is dit egter moeilik om te bepaal wie eintlik vir die groot aantal afwesighede verantwoordelik was. Die graad van samewerking tussen werkgewers en kontrakarbeiders het gewissel van plantasie tot plantasie. By dié van Shire was feitlik geen samewerking nie, terwyl Lamport soveel samewerking verkry het dat hy selde 'n siek Indiër op sy plantasie gehad het. Lister het getuig dat „some Coolies have been working twelve months without losing a day".[69)]

Dit was dus 'n moeilike taak wat aan die kommissie opgedra is om presies te bepaal hoe die kontrakarbeiders aanvanklik in Natal behandel is. 'n Ander kenner van die aangeleentheid, W. H. Smith, wat eerstehandse kennis van Indiërs in die teedistrikte van Assam en Cachar in Noord-Indië opgedoen het, was oortuig daarvan dat die Natalse Engelse se humeur, taktloosheid en onvermoë om die Indiese tale baas te raak, tot heelwat onnodige klein aanrandings aanleiding ge-

---

66) The Natal Mercury, d.d. 6/7/1872.

67) Sessional Papers, Legislative Council, Natal 1872, no. 1, p. 13, d.d. Aug. 1872. Kyk ook The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872.

68) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, No. 1, Bylae No. 1: Getuienisse van E. Collard en D. Girvan.

69) Ibid.

gee het.[70] Volgens die Beskermer van Immigrante was die Franse opsigters egter nog minder as die Engelse in staat om met die kontrakarbeiders oor die weg te kom.[71] Die kontrakarbeiders het weer op hul beurt oor kleinighede opgewonde geraak en ongegronde klagte teen hul werkgewers ingebring, „giving an imaginary colouring to insidents (and which) came from not finding the El Dorado".[72]

---

70) Smith verduidelik soos volg: Aangesien die kontrakarbeider en die werkgewer mekaar se tale nie kan begryp nie, verstaan die kontrakarbeider nie die opdragte wat aan hom gegee word nie en doen hy dalk net die teenoorgestelde van wat van hom verlang word. Met die doel om die kontrakarbeider te laat verstaan, word die bevel in 'n baie harder toon herhaal (dit is volgens Smith 'n algemene verskynsel onder alle Engelse wat nie 'n vreemde taal kan praat nie). Die kontrakarbeider verstaan die bevel egter nog nie en dit is dan wanneer geweld gebruik word om hom te wys hoe dit gedoen moet word. Gewoonlik onderwerp die Hindoe hom onder enige omstandigheid, maar dit is dan meer die geval wanneer hy hom in 'n vreemde land bevind en gebuk gaan onder 'n verpligting om vir 'n sekere tydperk diens te doen. Die blanke man dink later dat dit die korrekte optrede is om die Hindoe te slaan, aangesien laasgenoemde geen weerstand teen die slanery bied nie. Gevolglik word die blanke as 'n „nigger driver" bestempel (The Natal Mercury, d.d. 28/11/1872: brief van W. E. Smith).

71) II, 11/1/17, 158/1884: Verslag van Beskermer, d.d. 6/3/1884.

72) The Natal Mercury, 28/11/1872; brief van W. E. Smith. Die standpunt van die werkgewer is soos volg deur The Natal Mercury gestel: „Coolies are as a people easily excited, and very susceptible to anything like intrigue or machination. If they fancy that anything is to be gained by a misrepresentation of facts in regard to their condition, we fear that many of them would not refrain from giving an imaginary colouring to incidents or circumstances susceptible of easy explanations". (The Natal Mercury, d.d. 27/6/1872). The Natal Mercury gee toe dat mediese dienste en hospitalisasie vir kontrakarbeiders uiters gebrekkig is en dat lone nie tweeweekliks betaal word nie, maar voeg by dat Natal „is not a fever-ridden country" en dat die hoeveelhede kontrakarbeiders te gering is om hospitale vir dié wat werklik siek is, op te rig. Hospitale sou, volgens die blad, 'n groot aantreklikheid vir leeglêers wees. Voorts het die algemene gesonde toestand van die kontrakarbeiders veroorsaak dat mediese inspeksies uiters ongereeld geword het (buitendien was daar teen 1870 ook nie meer kontrakarbeiders om geïnspekteer te word nie). Verder beklemtoon die blad die feit dat die wet nie die tweeweeklikse betaling van kontrakarbeiders voorskryf nie, en dat die Indiërs dit ook nie verlang nie. Wat verblyfplek betref, verkies die Indiërs hul hutte bo kasernes en slaapsale want „though small, they are warm, smug and independent" (Ibid).

5. Die bevindings van die kommissie.

Die kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat die nie-ontvangs van lone deur die kontrakarbeiders gedurende die depressie gedeeltelik hul eie skuld was - „for not complaining to the magistrate ........ that they had not received wages for six months." [73] Verder het die kommissie bevind dat die sogenaamde armoede wat onder die terugkerende Indiërs sou geheers het, ongegrond was. Een van die Indiërgetuies het gesê: „Many of the Coolies have money, only a few foolish people spend their money; the remainder save it, and as a class are wealthy". [74] Uit die ondersoek van die kommissie het ook geblyk dat 231 Indiërs altesaam deposito's ter waarde van R11,837 in 'n Durbanse tak van 'n Natalse bank gedeponeer het. [75] The Natal Mercury voeg by: „It appears that the Coolies by the Red Riding Hood, who complained of having only £21 between them, took with them £800, and on one estate six men, who returned by the same ship, had taken £150 amongst them". [76]

Om die misverstand wat daar ten opsigte van die R20-toekenning na die verstryking van die kontrakarbeiders se dienstermyn geheers het uit die weg te ruim, het die kommissie aanbeveel dat toekomstige kontrakte ook in die taal van die kontrakarbeiders aangegaan word en dat hulle 'n afskrif daarvan moet ontvang. [77]

Dit wil voorkom asof die kommissie, waarvan een van die lede self 'n staatsamptenaar was, nie geneë was om mede-amptenare met die hantering van Indiërprobleme te na te kom nie. Dit was egter uit die verslag duidelik dat baie van die euwels wat op die plantasies ontstaan het, toegeskryf moes word aan die versuim van die magistrate (en later die Coolie Immigration Agent) om, ooreenkomstig Wet 14/1859 en Wet 2/1870, die plantasies gereeld te besoek. [78]

---

73) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, No. 1, Seksie 1, d.d. Aug. 1872.
74) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872: Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, Aanhangsel No. 1, getuienis van Rangasammy.
75) Ibid.
76) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872. Wat die standpunt van The Natal Mercury betref, moet gelet word op die verduideliking in voetnoot 39.
77) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, No. 1, Seksie 1.
78) Thompson, op. cit., p. 62.

Ook was die Coolie Immigration Agent wat aanvanklik aangestel is, nie opgewasse vir die veelvuldige probleme wat met die Indiër-immigrasie gepaard gegaan het nie. So byvoorbeeld was Tatham verantwoordelik dat die kwekers nie hul regmatige deel betaal het nie, terwyl sy opvolger, H. C. Shepstone, min belangstelling vir die kontrakarbeiders geopenbaar het. The Natal Mercury beskuldig Shepstone daarvan dat indien hy nie sy plig so skromelik versuim het nie, dit nie nodig sou gewees het om die kommissie van 1872 aan te stel nie.[79)]

Belangrike aanbevelings van die kommissie was dat die amp Coolie Immigration Agent tot Protector of Indian Immigrants gewysig en mediese beamptes aangestel word. Die Beskermer moes dan geskille waarby kontrakarbeiders betrokke is, bylê en 'n man wees wat ondervinding in Indië opgedoen het en Indiese tale magtig was, terwyl die mediese beamptes se funksie moes wees om vas te stel of kontrakarbeiders werklik siek is om op dié wyse onnodige afwesigheid teen te werk. Behoorlike voorsorg moes getref word dat die kwekers nie die mediese beamptes kon beïnvloed in die uitvoering van hul pligte nie.[80)]

'n Aanbeveling wat 'n belangrike implikasie ingehou het, was om kontrakarbeiders die reg van permanente vestiging in Natal te gee „because the advantages of retaining in this country a race of men of industrial habits and skill can scarcely be doubted". Die kommissie het beklemtoon dat hulle vaste eiendom naby Durban kon bekom indien hulle nie van hul vry oortog terug na Indië wou gebruik maak nie.[81)] The Natal Mercury, wat die standpunt van die kommissie onderskryf het, het dit in 1873 as „practical wisdom" beskou dat „Africa be Asiaticised".[82)] Nogtans het die blad agt jaar later die

---

79) Volgens die blad „it is to the interest as much of the employer as the labourer, that an efficient Protector be appointed" (The Natal Mercury, d.d. 29/6/1872, 6/7/1872 en 17/9/1872). Kyk ook Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, nr. 1, Seksie 1.

80) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872; Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, Nr. 1, Seksie 1, J. W. Mathews aan die Kommissie, d.d. 8/7/1872.

81) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, Nr. 1, Seksie 1, d.d. Aug. 1872; The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872.

82) The Natal Mercury, d.d. 20/12/1873, het die volgende standpunt ingeneem: „Every Indian added to our numbers diminishes the menace of a large native population. There was much practical wisdom in captain Galton's suggestion that Africa be Asiaticised. If the conditions of our climate and country are such that Europeans cannot advantageously be employed as field labourers, it is evident on the fact of it, that coloured people must be employed".

komplikasies verbonde aan bogemelde stelling erken.[83)]

Ander aanbevelings van die kommissie was dat Indiërs nie lyfstraf opgelê moes word nie; dat meer Indiërvroue na Natal moes kom om verskeie bestaande euwels uit die weg te ruim; dat alle Indiërhuwelike wat reeds in Natal bestaan het, geregistreer moes word, asook huwelike wat toekomstige immigrante in Indië sou aangaan.[84)]

Dit is twyfelagtig of die kommissie sy besware teen die gebruik van die term „koelie" in amptelike stukke baie ernstig bedoel het, aangesien die kommissie in sy eie verslag soms self voorkeur aan „koelie" bo „Indiër" gee.[85)]

6. Die uitwerking van die kommissie se bevindings.

Die kommissie se verslag is onmiddellik deur luitenant-goewerneur Musgrave aan die Britse regering deurgestuur, aangesien dit as voldoende beskou is om die besware van die oorsese regering uit die weg te ruim. Musgrave het ook aangedring op die hervatting van Indiërimmigrasie [86)] en die Natalse regering het onmiddellik aan die aanbevelings van die kommissie gevolg gegee sodat die hervatting van Indiër-immigrasie nie onnodig deur hulle vertraag sou word nie. In die Natalse Wetgewende Raad is Wet 2/1870 deur Wet 12/1872 gewysig waardeur die betrekking „Beskermer van Indiër-immigrante" in die lewe geroep is. Die Beskermer is beklee met geregtelike gesag gelykstaande aan dié van 'n magistraat in gevalle waar Indiërs verhoor sou word. Daarbenewens moes die nuwe amptenaar alle Indiërhuwelike in Natal registreer en sekere bepaalde suikerplantasies waar Indiërs werksaam was, ten minste twee keer per jaar besoek. Voorsiening is ook gemaak dat 'n geneesheer in elke distrik waar groot getalle Indiërs werksaam was, aangestel word. Vir die instandhouding van gemelde mediese dienste moes die werkgewer maandeliks 5c vir elke Indiër betaal, maar hy kon die bedrag weer

---

83) In 1881 het Robinson, redakteur van The Natal Mercury, verklaar: „Ground which should be occupied by our own people is occupied by an alien race (Indians) who have no sympathies with us ... In Durban and on the coast they have dislodged the European element" (Debates, Legislative Council vol. 1, 1879 - 1880, p. 112, d.d. 27/11/1879).

84) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1872.

85) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, No. 1, Seksie 1, d.d. Aug. 1872.

86) GH 207, Luitenant-goewerneur Musgrave aan Kimberley, d.d. 20/9/1872; The Natal Mercury, d.d. 24/9/1872.

van die Indiër verhaal by wyse van salarisaftrekkings. Verder het Wet 12/1872 ook neergelê dat 'n salarisregister op elke suikerplantasie bygehou moes word.

7. Hindernisse in die weg van die tweede immigrasiepoging.

Met die voorbehoud dat twee klousules gewysig moes word, het die regerings van Brittanje en Indië Wet 12/1872 goedgekeur. Die twee regerings was naamlik nie tevrede dat enige aftrekkings van Indiërs se lone met die oog op mediese dienste gemaak word en dat die Beskermer van Indiër-immigrante verplig sou wees om slegs sekere uitgesoekte plantasies te besoek nie. Die besoeke moes vir alle plantasies geld sodat klagte van Indiërs orals regmatig verhoor kon word.[87)]

Nadat Natal in Desember 1872 een van die kommissarisse, kol. Lloyd, as Beskermer van Indiër-immigrante aangestel het, was die Indiese regering bereid dat emigrasie na Natal hervat kon word indien aan die twee vereistes uitvoering gegee word.[88)]

Die Britse regering het egter ook 'n belangrike finansiële vereiste gestel voordat goedkeuring vir die hervatting van Indiër-immigrasie verleen kon word, naamlik dat die werkgewers eers twee keer die bedrag van R40,000 (waarvoor in die Consolidation of Public Loans Act voorsiening gemaak is) in die Natalse skatkis stort en dat die Natalse regering slegs een derde van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie, insluitende die vry oortog terug na Indië, betaal.[89)]

Oor die aanstelling van 'n emigrasieagent vir Natal in Indië was daar ook 'n vertraging. Die Natalse Goewerneur wou hê dat die Indiese regering die aanstelling moes doen, maar die Indiese regering het geantwoord dat Natal sy eie emigrasieagent moes aanstel.[90)]

---

87) GH 31, Britse Minister van Kolonies aan Natalse Luitenant-goewerneur, d.d. 4/3/1873. Kyk ook Indiese regering aan Sekretaris vir Staat, Indië, d.d. 15/5/1873.

88) Natal Government Notice 273/1872; C.S.O. 2362, 1872, Lloyd aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/12/1872; GH 31, Indiese regering aan Sekretaris vir Staat, Indië, d.d. 15/5/1873.

89) GH 31, Britse Minister van Kolonies aan Natalse Luitenant-goewerneur, d.d. 4/3/1873.

90) Select Documents Presented, Legislative Council, Natal, 1866 - 1874, No. 55, 1874.

Al hierdie vertragings het lede van die Wetgewende Raad, veral die kusverteenwoordigers wat die kwekers se belange moes behartig, onrustig gestem, want van die algemene verwagting dat sowat 2,000 immigrante in Natal sou aankom, het niks gekom nie.[91] So beweer Henry Binns, lid vir Victoria-Graafskap: „We have had as many Coolie Bills and amendment bills as one has fingers, and plenty of reports of committees, etc., but there has not been much practical business knowledge brought to bear yet".[92]

Dit was om 'n einde aan hierdie onsekerheid te maak dat Saunders op 30 Oktober 1873 in die Wetgewende Raad voorgestel het dat vertoë tot die Luitenant-goewerneur gerig word „to introduce such measures as may enable the Government to send to India without delay, for such further number of Indians as may be applied for between this and the next Session". Die finansiëring van die immigrasiefonds moes, volgens Saunders, op 'n hegte grondslag, onafhanklik van die regering, geplaas en deur 'n onafhanklike statutêre liggam beheer word. Hy het gemeen dat so 'n voorstel voldoende vertroue by die Britse kapitaliste sou skep om nog meer geld in die Natalse suikerbedryf te belê.[93]

Polkinghorne het Saunders se voorstel in Desember 1873 opgevolg deur 'n vertoog aan die Luitenant-goewerneur om 'n spesiale agent onmiddellik na Indië te stuur sodat die hervatting van Indiër-immigrasie bespoedig kan word.[94] Die Prokureur-generaal, Gallwey, het beklemtoon dat met die keuse van so 'n spesiale agent omsigtig te werk gegaan moes word. Volgens hom moes hy iemand wees „who has a special interest in securing for us as many coolies as we may require or as he can obtain".[95] Daar is besluit op kapt. McLeod wat, net soos Collins veertien jaar tevore, die aanvoorwerk vir die verkryging van immigrante in Indië moes verrig.[96]

---

91) The Natal Mercury, d.d. 23/8/1873.
92) The Natal Mercury, d.d. 25/10/1873.
93) The Natal Mercury, d.d. 31/10/1873.
94) The Natal Mercury, d.d. 9/12/1873.
95) Ibid.
96) Palmer, op. cit., pp. 35 - 36.

Toe die aanvoorwerk vir die aanvang van die tweede immigrasieskema afgehandel was, het die politieke verdeling tussen die binneland en die kusgebied andermaal na vore gekom. Ridley se mislukte poging om in 1871 doeltreffende weerstand teen die gekombineerde mag van die kus- en amptelike lede in die Wetgewende Raad te bied, het tot gevolg gehad dat Fass in 1873 as leier van die binnelanders te voorskyn getree het. Teen 1873 was die binnelandse teenstand nie soseer teen die hervatting van Indiër-immigrasie nie, maar wel teen die verlening van staatshulp aan die immigrasieskema. Vandaar dus dat Fass in dié jaar voorgestel het dat die Luitenant-goewerneur versoek word „that the whole cost of immigration should be borne solely by employers". Hoewel Fass se voorstel aanvaar is, het die Wetgewende Raad, net soos in 1871, twee teenstrydige besluite in dié verband aangegaan, want in Desember is die wetsontwerp vir die skepping van die Trustraad ook aanvaar (Wet nr. 20/1874), waarin bepaal is dat die Natalse regering een derde van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie sou dra.[97] Die rede vir dié teenstrydigheid is geleë in die feit dat die kus- en amptelike lede mekaar eers teengestaan en daarna gesamentlik teen die binnelanders opgetree het.[98]

---

97) The Natal Mercury, d.d. 9/12/1873 en 3/10/1873; GH 171, Lloyd se minuut insake Wet 20/1874, d.d. 9/2/1874.

98) The Natal Mercury, 9/12/1873, het Fass se aangenome mosie met die volgende opmerking veroordeel: „May we suggest to him, however, that is is possible to carry this policy too far. No one can say that Coolies are exclusively a benefit to the coast". Nogtans het die blad, d.d. 28/3/1873, beweer: „the whole planting community (are) waiting to learn whether coolie immigration is to be resumed or not", m.a.w. daar was in 1872 geen ander deel van die Natalse bevolking, afgesien van die kwekers, wat vir die immigrante geagiteer het nie. Geen wonder dat Fass op The Natal Mercury se betoog geantwoord het dat „no doubt the Colony at large is benefited by Indian Immigration, but the same may be said of a hundred other things" (The Natal Mercury, d.d. 20/1/1874). Fass se standpunt dat hy nie teen Indiër-immigrasie as sodanige gekant is nie, maar teen die staat se subsidie, het The Natal Mercury verwerp, want, volgens die blad: „An opposition that must prove fatal to Coolie Immigration, no matter in what way directed, is surely an opposition to the whole movement" (The Natal Mercury, d.d. 5/1/1875: antwoord op die brief van „Fairplay"). Die kwekers het gevoel dat hul teen die einde van 1873 reeds genoeg gedoen het om die hervatting van Indiër-immigrasie te bewerkstellig en dat die res deur die regering gedoen moes word ( The Natal Mercury, d.d. 2/12/1873: brief van „S.W.C.").

8. Die skepping van die Trustraad.

Net soos in 1871, het die kwekers andermaal die oorwinning behaal en is die finansiële grondslag vir die hervatting van Indiër-immigrasie gelê. Die Trustraad bestaande uit drie lede (onder wie die Beskermer van Indiër-immigrante en 'n lid van die Uitvoerende Komitee), sou oor alle fondse vir toekomstige immigrasie vanaf Indië beheer hê, insluitende terugreise.[99)]

Die fondse van die Trustraad sou hoofsaaklik uit die volgende drie bronne verkry word:

1) die Luitenant-goewerneur sou 'n lening van R100,000 aangaan en die bedrag aan die Trustraad oormaak, maar die bedrag sou met rente terugbetaal moes word;

2) die werkgewers wat om immigrante aansoek gedoen het, moes twee derdes van die totale immigrasiekoste bydra by wyse van jaarlikse paaiemente van R6 vir elke manlike immigrant;

3) die Natalse regering sou een derde van die totale immigrasiekoste aan die Trustraad betaal, met die voorbehoud dat dié bedrag jaarliks nie R20,000 te bowe sou gaan nie.

Die bedrag van R40,000 wat reeds kragtens Consolidation of Public Loans Act goedgekeur is, sou ook aan die Trustraad oorgemaak word, maar dit sou slegs dien om as die een derde-bydrae van die Natalse regering gebruik te word.[100)] Uiteindelik was die bedrag van R40,000 dus nie, soos Thompson beweer, 'n „absolute gift" nie.[101)]

Tydens die debat in die Wetgewende Raad oor bogemelde aangeleentheid het die Prokureur-generaal voorgestel dat daar jaarliks opnuut geld vir immigrasie gestem word, maar nadat geweldige teenkanting van die kuslede ondervind is, is op voorstel van die heer McFarlane die kompromie wat reeds in 1871 tussen Ridley en Polkinghorne aangegaan is om jaarliks 'n bedrag van nie meer as R20,000 tot Indiër-immigrasie by te dra nie, aanvaar.[102)]

---

99) Wet 20/1874, Ordinances, Proclamations and Laws, Vol. 2, pp. 992 - 995.
100) Ibid: The Natal Mercury, d.d. 16/12/1873. Vir die rede waarom van berigte uit The Natal Mercury gebruik word, kyk voetnoot 40.
101) Thompson, op. cit., p. 44.
102) The Natal Mercury, d.d. 16/12/1873.

## 9. Die politieke bondgenootskap teen die binnelanders.

Die voordeel wat die amptelike lede uit die bondgenootskap met die kuslede behaal het, het in verband met die vraagstuk van verantwoordelike bestuur gestaan. Die ooreenkoms het naamlik ingehou dat wanneer dit gaan oor die staat se bydrae tot Indiër-immigrasie, dan beloof die amptelike lede steun aan die kusverteenwoordigers, terwyl laasgenoemde op hul beurt die amptelike lede sou steun in hul stryd teen die instelling van verantwoordelike bestuur.[103)]

Hierdie bondgenootskap tussen die amptelike lede en kuslede teen die binnelandse lede, 'n politieke verdeling wat gedurende die periode 1871 - 1873 herleef het, het die Natalse politiek tot 1893 beïnvloed soos verder in hierdie werk aangetoon sal word. Op dié wyse het die Indiërvraagstuk dan ook invloed op die konstitusionele stryd in Natal uitgeoefen.[104)]

As gevolg van die samewerking wat daar tussen die kuslede en die amptelike lede oor Indiër-immigrasie ontstaan het, het sir Garnet

---

103) Later, in 1884, het die Prokureur-generaal weer soos volg na hierdie ooreenkoms verwys: „It was a solemn agreement made between the up-country and the coast ... We were perpetually having the interest of the up-country and coast brought into conflict, and he (Mr. Ridley), as a far-seeing statesman, regarded it as a weak point in the administration of the legislative powers of the Colony. He (Ridley) was afraid there was at one time a bid made by the Government to enlist the support of the coast members, because by that support the Government could get a majority and carry any vote in which they were interested. Mr. Ridley wished to destroy that feeling and to restore the good feeling which ought to exist between up-country and the coast. He wished that this good feeling might not be disturbed by any frequent recurring question as to how much or how little ought to be paid. Therefore, there was a certain fixed and determined sum agreed upon as a compromise, and established and sanctioned by law" (Debates, Legislative Council, vol. 7, 1884, p. 309, d.d. 29/7/1884). Te veel waarde moet nie aan hierdie verklaring van die Prokureur-generaal geheg word nie, want Ridley het reeds in 1875 gesterf en die Prokureur-generaal was dus bewus van die feit dat Ridley nie sy verklaring kon betwis nie. Dat daar wel 'n ooreenkoms was, is egter 'n feit (The Natal Mercury, d.d. 7/9/1871). Die feit dat Fass, ná die Ridley-ooreenkoms, weer die kwekers in 1873 teengestaan het, is 'n aanduiding dat Fass nie deel gehad het aan die Ridley-ooreenkoms nie.

104) 'n Korrespondent van die The Natal Mercury het die bondgenootskap teen die binnelanders bestempel as „political dishonesty" en vervolg: „A coalition has been formed of the Coast members and the Executive; as glaring a case of scratch me, and I will scratch you as ever existed and this fact is by many up-country men considered as a far greater evil than the misappropriation of revenue" (The Natal Mercury, d.d. 28/1/1875: brief van „J.W.").

Wolseley van hierdie koalisiemeerderheid gebruik gemaak om die Kroon se invloed verder in die Wetgewende Raad te versterk. Die wetsontwerp van 1875 insake genomineerde lede het voorsiening gemaak vir die aanstelling van agt lede wat deur die Kroon vir vyf jaar benoem sou word. Hierdie wetsontwerp is d.m.v. die bondgenootskap tussen die amptelike lede en kuslede deur die Wetgewende Raad gevoer. Die binnelandse verteenwoordigers wat kwaai weerstand teen die wetsontwerp gebied het, was reeds teen dié tyd ten gunste van verantwoordelike bestuur vir Natal.[105)]

Drie lede van die Natalse Wetgewende Raad wat van die binneland afkomstig was, het nog 'n laaste vergeefse poging aangewend om te voorkom dat die Britse regering die bepalings van die Trustraad-wetsontwerp goedkeur. Hulle het 'n sterkbewoorde petisie aan die Luitenant-goewerneur gestuur.[106)] The Natal Mercury het gemélde drie lede versoek om te berus by die meerderheidstem van die Wetgewende Raad, en gevra: „If a minority, beaten in fair fight, can gain its point by private appeals to the final tribunal of what avail is public discussion, representative action, or parliamentary government ?)".[107)]

Dit was egter nie, soos The Natal Mercury beweer het, 'n „fair fight" nie, want die amptelike lede, wat die deurslaggewende stemme in die Wetgewende Raad gehad het, is nie op 'n demokratiese wyse verkies nie. Hoewel die aantal lede van die Wetgewende Raad in 1873 vermeerder is met drie verkose lede en een amptelike lid, het dit nie die sterk koalisie tussen die kuslede en die amptelike lede verbreek nie.[108)]

## 10. Die Britse regering verleen goedkeuring aan twee wetsontwerpe insake Indiër-immigrante.

Hoewel die Britse regering nie bereid was om die Trustraad-wetsontwerp te verongeluk nie, is nogtans by die Natalse regering

---

105) Robinson, J.: A Lifetime in South Africa, Londen, Elder + Kie, 1900; Eerste druk p. 161.
106) The Natal Mercury, d.d. 15/1/1874.
107) Ibid.
108) Robinson, op. cit., p. 161.

beswaar gemaak teen die herinboeking van kontrakarbeiders vir periodes langer as slegs een jaar na die verstryking van die vyfjaartermyn en is die Goewerneur ook versoek om 'n behoorlike mediese diens vir die hele Natal ten opsigte van Indiërwerkers in te stel.[109]

'n Ander wetsontwerp wat in 1873 in die Wetgewende Raad bespreek is en wat in 1874 as Wet 19 op die wetboek geplaas is, was, net soosdié insake die Trustraad, 'n uitvloeisel van die kommissie van 1872 se aanbevelings. Dit het gegaan oor die jurisdiksie m.b.t. sake wat tussen Indiërs en blankes gevoer is. In sulke gevalle is neergelê dat die Beskermer van Indiër-immigrante en magistrate gesamentlike jurisdiksie in 'n gekombineerde hof uitoefen, maar indien die Beskermer en magistrate oor sekere aangeleenthede verskil, dan sou die Beskermer se beslissing die deurslag gee.[110] Die Britse regering het die Natalse Luitenant-goewerneur egter versoek om, wat Wet 19 betref, 'n wakende oog oor die Beskermer se judisiële gesag te hou en gereeld daaroor verslag te doen, omdat die Beskermer nie 'n regsopleiding ontvang het nie.[111]

## 11. <u>Samevatting</u>.

Reeds van 1859 het 'n bondgenootskap tussen die verteenwoordigers van die kwekers (kuslede) en die amptelike lede in die Wetgewende Raad ontstaan om kontrakarbeiders uit Indië vir die ontwikkeling van Natal se suikerplantasies te verkry. As gevolg van hierdie bondgenootskap is verskeie wette insake Indiër-immigrasie deur die Wetgewende Raad geloods wat tevergeefs deur die binnelandse verteenwoordigers teengestaan is.

Die kwekers was nie juis in politiek as sodanig geïnteresseerd nie, maar was gewillig om politiek vir sakebelange aan te wend, terwyl die amptelike lede bereid was om die kwekerverteenwoordigers t.o.v. die Indiër-immigrasie te steun in ruil vir laasgenoemde se

---

109) Sessional Papers, Natal Legislative Council, 1874/7, Carnarvon aan Pine, d.d. 5/6/1874.
110) <u>The Natal Mercury</u>, d.d. 16/12/1873.
111) Sessional Papers, Natal Legislative Council, 1874, 7, Carnarvon aan Pine, d.d. 5/6/1874.

ondersteuning van regeringsmaatreëls, veral in die stryd teen die toekenning van verantwoordelike bestuur; trouens, verantwoordelike bestuur sou feitlik neerkom op 'n beëindiging van die magsposisie van die amptelike lede. Dit was dus vir die amptelike lede 'n saak van lewensbelang. Bogenoemde bondgenootskap, wat deur die 1866-depressie lamgelê is en die beëindiging van Indiër-immigrasie tot gevolg gehad het, het weer eens teen 1870 nuwe lewe gekry. Die ekonomiese toestand het verbeter en die kwekers het arbeiders benodig.

By die Natalse Wetgewende Raad het petisies van kwekers om die hervatting van Indiër-immigrasie ingestroom, maar die binnelandse verteenwoordigers het die gebreke wat met die eerste Indiër-immigrasieskema gepaard gegaan het, deeglik aan die kaak gestel, veral die kwekers se onvermoë gedurende die depressie om hul finansiële verpligtings na te kom.

Die kwekers was gedetermineerde sakemanne en hul verteenwoordigers het vanaf 1871 tot 1874 'n verbete stryd in die Wetgewende Raad teen die binnelanders gevoer. So heftig was die stryd dat die Raad by twee geleenthede teenstrydige besluite in dié tyd geneem het, d.w.s. by een geleentheid het die een party en by 'n ander geleentheid het die ander party die oorwinning behaal.

Die kombinasie tussen die kuslede en die amptelike lede was egter te gedug vir die binnelandse verteenwoordigers wat verplig was om die stryd voorlopig gewonne te gee, maar laasgenoemde het die handdoek nie ingegooi voordat eers by die Britse regering beswaar gemaak is oor die onregverdige magsposisie van die amptelike lede wat geen volksverteenwoordigers was nie. Die beroep op die Britse regering sou egter op dowe ore val, want laasgenoemde was nie bereid om die invloed van die Kroon in die Wetgewende Raad in te kort nie en was, soos reeds in hoofstuk vier uiteengesit, ten gunste van Indiër-immigrasie.

Gevolglik was die binnelandse verteenwoordigers uiteindelik verplig om in te stem dat Indiër-immigrasie hervat kon word, op voorwaarde egter dat die staat nie meer as R20,000 jaarliks tot die skema sou bydra nie.


Net toe dit geblyk het asof alle teenstand in die Wetgewende Raad teen Indiër-immigrasie uitgeskakel was, het daar onverwags van die Indiese regering besware gekom. Dit het in verband gestaan met

klagte wat die eerste terugkerende kontrakarbeiders uit Natal by die Indiese regering aanhangig gemaak het.

Die gevolg was dat die Natalse regering in 1872 verplig was om 'n Kommissie van Ondersoek aan te stel om die aangeleentheid te ondersoek. Die kommissie se bevinding dat die mishandeling van kontrakarbeiders 'n uitsondering op die reël was, het beide die regerings van Indië en Brittanje gerusgestel en die weg gebaan vir die hervatting van Indiër-immigrasie.

Die Britse regering, wat wou seker maak dat die ongerymdhede van die eerste immigrasieskema nie herhaal sou word nie, wou die hervatting van Indiër-immigrasie nie goedkeur voordat die versekering verkry is dat die kwekers twee derdes van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie sou bydra nie.

Die Natalse regering, wat onder druk van die kwekers verkeer het, het geen steen onaangeroer gelaat om Indiër-immigrasie so spoedig moontlik te laat hervat nie. Natal se Wet 20/1874 het 'n onafhanklike statutêre liggaam, die Indian Immigration Trust Board, daargestel, wat behoorlike beheer oor die finansiering van Indiër-immigrasie sou uitoefen en toesien dat die kwekers hul regmatige aandeel, naamlik twee derdes van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie, sou bydra.



TRANSVAAL
ORANGE RIVER COLONY
BASUTO LAND
CAPE COLONY
INDIAN OCEAN
INGWAVUMA
PAULPIETERSBERG
UTRECHT
USOMBO
VRYHEID
NEWCASTLE
NDWANDWE
HLABISI
DUNDEE
NQUTU
MAHLABATINI
UNDERBERG
KLIP RIVER
UMSINGA
ENTONJANENI
NKANDHLA
UMFOLOSI
UPPER TUGELA
WEENEN
KRANSKOP
ESHOWE
UMLALAZI
ESTCOURT
UMVOTI
MAPUMULO
UMLALAZI
LOWER TUGELA
NEW HANOVER
LIONS RIVER
IMPENDHLE
NDWEDWE
INANDA
UMGENI
IPOLELA
CAMPERDOWN
UPPER UMKOMANZI
UMLAZI
IXOPO
ALEXANDRA
ALFRED
LOWER UMZIMKULU
MAP OF NATAL
SHEWING
MAGISTERIAL DIVISION
AND POPULATION

# HOOFSTUK 6

## DIE INVLOED VAN DIE TWEEDE IMMIGRASIESKEMA OP DIE NATALSE POLITIEK TOT 1887.

### 1. Die aanvang van die tweede immigrasieskema.

Die reëlings vir die inwerkingtreding van die tweede immigrasieskema het vroeg in 1874 vrugte afgewerp. Die Britse regering het eindelik deur die bemoeiing van die Natalse spesiale agent, W.M.McLeod, vir H.A. Firth, agent van Brits-Guiana, tydelik as Natalse agent aangestel.[1] McLeod het homself beskou as „most fortunate in obtaining the services of that gentleman".[2] Die Britse regering was egter skepties oor Brits-Guiana se gewilligheid om die dienste van sy permanente agent deeltyds tot die beskikking van 'n ander kolonie te stel. Indien Brits-Guiana nie daartoe wou instem nie, het die Britse regering aan die hand gedoen dat Natal sy eie onafhanklike agent benoem.[3]

Die Natalse regering het met die Britse regering ooreengekom om vir eers aan Firth opdrag te gee om slegs 1,200 emigrante na Natal te stuur, op voorwaarde dat „the introduction of a large number was to be contingent on satisfactory provision for the cost of immigration".[4]

Die Natalse regering het hom egter nie aan hierdie ooreenkoms gehou nie, want reeds in Januarie 1874 het Natal rekwisisies vir 4,050 manlike immigrante na Firth deurgestuur wat beteken het dat dit met die vereiste aantal bykomende vroue, op 'n totaal van 5,670 volwassenes te staan gekom het. Die Britse regering het met hierdie optrede van die Natalse regering nie genoeë geneem nie, veral nie „before it was known in the Colony whether its provisions were approved of by Her Majesty's Government".[5]

Firth, wat reeds reëlings getref het vir die versending van vier emigranteskepe na Natal, het egter in Mei 1874 van die emigrasiekommissarisse kennis ontvang dat daar slegs vir drie skepe fondse voorhande is. Natal se spesiale agent, McLeod, het Firth egter oorreed om voort te gaan met sy reëling vir vier skepe, en het verklaar:

---

1) The Natal Mercury, d.d. 3/2/1874.
2) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1874, No. 7, W. M. McLeod aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 3/8/1874.
3) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1874, No. 7, Carnarvon aan Pine, d.d. 1/7/1874.
4) Ibid.
5) Ibid; The Natal Mercury, d.d. 24/1/1874.

„I was able to state of my own knowledge that sufficient money had been voted to cover the cost of introducing the whole number applied for". [6)]

Die Britse regering het McLeod se optrede wel uiteindelik goedgekeur op grond daarvan dat „preparations for their despatch, being in his (Firth's) hands and in a forward state", maar gewaarsku dat sulke opdragte nie sonder die wete van die Britse regering gegee moes word nie. In dié verband is in Julie 1874 aan die Natalse Luitenant-goewerneur opdrag gegee: „Before sending any more requisitions to India, you will furnish me with clear statement of the proposed expenditure both for the present and for the ensuing year, and of the manner in which it is proposed to meet it". In dieselfde skrywe het die Britse regering ook navraag gedoen in verband met die lening van R100,000 aan die Trustraad, want „it is most desirable that the confusion which formerly attended the financial arrangements connected with immigration should not be repeated". [7)]

Ridley, 'n lid van die Natalse Wetgewende Raad, was ook bekommerd oor die wyse waarop die immigrasiefonds bestee word. Hy het reeds uit ondervinding van die eerste immigrasieskema geleer dat die staat te veel bygedra het. Gevolglik het hy verskeie vrae in die Wetgewende Raad gestel oor die R100,000-lening en oor die finansiering van Indiër-immigrasie in die algemeen. [8)]

Die petisie van die ses binnelandse verteenwoordigers, o.w. Ridley, wat in Desember 1874 aan die Britse regering gerig is, het die skepping van die R100,000-lening aan die Trustraad en die een derde-bydrae van die staat tot Indiër-immigrasie as verkeerd beskou. [9)] Die feit dat Ridley 'n mede-ondertekenaar van bogemelde petisie was, moet as 'n aanduiding beskou word dat hy sy ooreenkoms met die kuslede oor die jaarlikse bydrae van R20,000 moontlik berou het.

Die kuslede het weer op hul beurt 'n teenpetisie georganiseer en Saunders het in The Natal Mercury skerp teen die binnelandse lede

---

6) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1874, No. 7, W. M. McLeod aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 3/8/1874.
7) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1874, No. 7, Carnarvon aan Pine, d.d. 1/7/1874.
8) Votes and Proceedings, Second Session, Seventh Council, vol. XXII, nrs. 11, 50, d.d. 13/8/1874 en 21/10/1874. Kyk ook nr. 22, van dieselfde band, p. 145, d.d. 17/9/1874.
9) Kyk p. 69.

te velde getrek.[10] Dit was egter onnodig, want die Britse regering het reeds in Julie 1874 Wet 20/1874 bekragtig waarin die finansiële

---

10) J. R. Saunders, kampvegter van die kwekers in die Wetgewende Raad (en self ook 'n kweker), het bogemelde optrede van die binnelandse lede skerp gekritiseer. Dit was in die kwekers se belang dat daar nie weggedoen word met die amptelike lede nie. Daarsonder sou hul beswaarlik kon staatmaak op staatshulp vir Indiër -immigrasie. Saunders het die R100,000-lening aan die Trustraad as 'n poging van die staat beskou om laasgenoemde se eer in 'n mate te herstel ten opsigte van die R200,000-lening (ingevolge Wet 16/1864) wat vir ander doeleindes as immigrasie aangewend is. Die skewe beeld wat Saunders insake die wangebruik van die R200,000-lening skep, is tipies van hoe die kwekers feite uit verband ruk om hul eie saak te verdedig. Die R200,000-lening is slegs vir ander doeleindes aangewend weens die onvermoë van die kwekers tydens die depressie om die nodige rekwisisies vir immigrante in te dien. Saunders gebruik ook die argument dat die staat se bydrae jaarliks tot R20,000 beperk sou word, al is dit minder as een derde van die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie. In laasgenoemde geval sou die kwekers se bydrae meer as twee derdes beloop, omdat geen beperkings op die werkgewer se bydraes geplaas is nie (<u>The Natal Mercury</u>, d.d. 12/1/1875). Weer eens is Saunders se argument nie oortuigend nie, want teen die tyd dat Indiër-immigrasie so sou toegeneem het dat die subsidie van R20,000 minder is as een derde van die totale jaarlikse koste verbonde aan Indiër-immigrasie, dan moes die suikerindustrie van Natal reeds so gefloreer het dat dit buitendien nie meer vir die staat nodig sou gewees het om dit te subsidieer nie. Saunders beklemtoon al die voorspoed, beleggingsmoontlikhede, beter vervoer en die skepping van markte en uitbreiding van handel, wat die suikerindustrie tot gevolg sou hê indien Indiër-immigrasie vir dié doel aangewend word, maar hy verswyg die feit dat daar vir die Natalse binnelanders feitlik geen onmiddellike voordele by betrokke is nie en waarom hulle buitendien ook nie gevra het nie - finansiële voordele wat die kwekers uitsluitlik sou geniet (Kyk ook Henderson, J., <u>Speeches of Harry Escombe</u>, Pietermaritzburg, P. Davies & Seun, 1903, Eerste Druk, pp. 202 - 203). Daarbenewens kon die probleme wat 'n permanent gevestigde Indiërbevolking in Natal sou skep, deur geeneen van die partye (sowel kus as binneland) in 1874 voorsien word nie. Saunders was egter teen 1874 'n ervare en behendige politikus en het geweet hoe om die ses binnelandse petisionarisse se finansiële beredenering in minder belangrike detail in twyfel te trek. So bv. verduidelik Saunders dat die bedrag van R146,398 wat die petisionarisse voorhou as 'n bedrag wat reeds deur die tesourie aan die Trustraad betaal is, slegs 'n denkbeeldige bedrag is wat begroot was, maar wat nog nie bestee sou gewees het nie. Verder vind Saunders ook fout met die Tesourier-generaal se syfers waarop die petisionarisse sommige van hul argumente gegrond het, maar dit is ook, uit 'n globale oogpunt beskou, minder belangrike syfers wat die basiese feit dat die staat tot R20,000 per jaar aan Indiër-immigrasie moet bestee, nie raak nie. Die vermoë van Saunders as 'n politieke leier om 'n saak in sy guns te stel en daarmee Natal te kon beïnvloed, blyk uit die volgende voorbeeld van sy aanval op die ses binnelandse petisionarisse: „The sugar enterprise of Natal cannot exist without Coolie immigration, without it these and other tropical cultivation will soon be a thing of the past.

maatreëls vervat is wat die binnelandse lede in hul petisie teengestaan het.[11]

Vanweë die groot vraag na Indiër-immigrante is daar ook gedurende 1874 en 1875 private pogings aangewend om Indiër-immigrante te verkry. So bv. wou Robinson in 1874 vasstel wat die moontlikheid sou wees om 200 Indiërs of selfs Sjinese op eie inisiatief in te voer en in 1875 het Millar probeer vasstel of dit moontlik sou wees om Indiër-immigrante teen R15 elk na Natal te laat emigreer.[12]

Toe dit teen 1876 duidelik geword het dat daar, as gevolg van goeie oeste in Indië, 'n merkbare afname in die stroom Indiër-immigrante na Natal plaasvind, het dit ook sy weerklank in die Wetgewende Raad gehad. Natalse handelaars en verteenwoordigers van die kwekers het in 'n petisie aan die Luitenant-goewerneur daarop aangedring dat naas die Kalkutta-agentskap, ook 'n Madras-agentskap geopen word, maar die Natalse regering het die aantal immigrante wat Natal reeds tot Julie 1876 bereik het (sowat 735 mans), as voldoende beskou en dat die koste verbonde aan 'n tweede agentskap nie regverdigbaar sou wees nie.[13]

Hoewel Madras heelwat nader as Kalkutta aan Natal was en dit dus goedkoper sou wees om immigrante daarvandaan te laat kom, het die Natalse regering met die aanvang van die tweede immigrasieskema tot 1876 onder die illusie verkeer dat die immigrante van Bengale geskikter vir Natal se suikerplantasies sou wees.[14] Aanvanklik was

---

Having to sustain a sharp competition with the sugar industry in other colonies, Natal cannot do so if placed under too unfavourable conditions for it to sustain Coolie immigration which is the very source of the existence of this enterprise ... " Hy het voorts na die binnelandse lede verwys as 'n „minority in Council and used by agitators to maintain false political excitement"., Indien die binnelandse sienswyse die oorhand kry, meen Saunders „then without doubt distrust will once more appear and capitalists will withdraw, and this source of prosperity (sugar industry) be lost to Natal" (The Natal Mercury, d.d. 12/1/1875).

11) Sessional Papers, Legislative Council, Natal 1874, Nr. 7, Carnarvon aan Pine, d.d. 1/7/1874.

12) Votes and Proceedings, Fourth Session, Seventh Council, vol. XXIV, 1875, nr. 4, p. 15, d.d. 5/10/1875; Votes and Proceedings, Second Session, Seventh Council, vol. XXII, 1874, nr. 63, p. 365, d.d. 10/11/1874.

13) The Natal Mercury, d.d. 11/7/1876 en 19/8/1876.

14) In November 1876 het The Natal Mercury, d.d. 7/11/1876, gevra: „Cannot the Madras Presidency, much nearer, supply all our wants?". Voorts verduidelik die blad: „A good agent stationed in the rural portions of the districts (Tangore, Trichinopoly and Puducotta) would enable us to get a better stamp of people than those who come to Natal now, and in numbers sufficient of our needs".

die Natalse regering vol vertroue dat die Kalkutta-agentskap voldoende immigrante sou voorsien, maar eindelik is die Natalse regering in 1877 oorreed om 'n Madras-agentskap te open.[15)]

Intussen is daar weer, weens die afname in die aantal immigrante gedurende 1876 en 1877, pogings deur private instansies aangewend om immigrante direk van Indië te verkry, maar die Natalse regering het slegs aansoeke wat deur die Natalse agentskappe in Indië geloods is, in aanmerking geneem.[16)]

Gedurende die sewentigerjare het die groot aantal wysigings van Indiërwette 'n groot verantwoordelikheid geplaas op diegene, veral die kwekers, wat die Indiërwette moes interpreteer. Reeds in 1874 is, op aandrang van Saunders in die Wetgewende Raad, sowat 500 eksemplare van die bestaande Indiërwette herdruk om onder die kwekers uitgedeel te word sodat hulle nie in onkunde daaroor sou verkeer nie.[17)] Dit het tydelike verligting gebring, maar teen 1877

---

15) Die Natalse regering het wel met die sekretaris van die Madras-regering in verbinding getree oor die moontlikheid van werwingswerk in daardie omgewing, maar die Natalse regering was nog vol vertroue dat die Kalkutta-agentskap in staat sou wees om voldoende immigrante aan Natal te voorsien (The Natal Mercury d.d. 19/8/1876). Dit het ook uit die redevoerings in die Wetgewende Raad geblyk dat een van die probleme waarmee Natal in Kalkutta te doen gehad het, was dat Brits-Guiana onwillig sou wees dat hul agent, Firth, ook vir Natal as sodanig moes optree en dat dit blykbaar 'n nadelige uitwerking op die werwingswerk vir Natal gehad het (The Natal Mercury, d.d. 7/11/1876). Die Natalse regering was egter oortuig dat daar voldoende tyd sou wees om ander reëlings te tref indien Brits-Guiana vir Firth sou verbied om as agent vir Natal op te tree (Ibid). Kyk ook p. 29.

16) The Natal Mercury, d.d. 8/9/1877. Teen hierdie tyd skryf 'n kweker, Leonard Acutt, aan The Natal Mercury (25/9/1877): „The labour has been, and is scarce, and so scarce that the productiveness of this country will be seriously impaired for the next few years". 'n Faktor wat in 1877 tot die skaarsheid van arbeid bygedra het, was dat die spoorwegkontrakteurs Wythes en Jackson baie Indiërs in diens geneem het (The Natal Mercury, d.d. 25/10/1877 en 27/10/1877: brief van J. R. Couper). Verskeie ander kwekers, soos W. F. Ashby, C. Grays, J. R. Saunders en S. W. Bishop, het oor die skaarsheid van arbeiders gekla (kyk hul briewe aan The Natal Mercury van 20/10/1877, 8/11/1877, 16/10/1877). Ashby, wat in 1874 om veertig immigrante aansoek gedoen het, het teen die einde van 1877 nog slegs 29 ontvang.

17) Votes and Proceedings, Second Session, Seventh Council, vol. XXII, 1874, nr. 26, p. 135, d.d. 15/9/1874; The Natal Mercury, d.d. 15/5/1875 en 25/7/1875.

het die gedurige wysigings van die Indiërwette baie bygedra tot die onkunde wat by die kwekers oor die wette geheers het.[18]

2. Die eerste politieke griewe van kontrakarbeiders tydens die tweede immigrasieskema.

In 1879 het die poging van lede van die Wetgewende Raad om die Indiërbevolking oor dieselfde kam as die Bantoes te skeer, die eerste keer proteste van die Indiërs self uitgelok. Volgens 'n Indiese joernalis, P. S. Aiyar, wat nou verbonde aan die gebeure in Natal was, was die pogings van die blankes om die Indiërs op gelyke voet met die Bantoes te stel, die eerste stap in die rigting van 'n rassebotsing.[19] Hierdie stappe het pogings behels om sowel Bantoes as Indiërs deur wetgewing te verplig om behoorlik te klee.[20]

In 1880 het die Indiërgemeenskap ook die kroongrondwetsontwerp wat in die Wetgewende Raad bespreek is, as nog 'n klap

---

18) In 1877 kla die heer Bull byvoorbeeld: „There has been so many confused coolie laws that I question if any one knows what the law is and persons casually getting a servant would not think of looking it up" (II, 11/1/2, 281/1877: Bull aan Beskermer, d.d. 18/7/1877). Die Immigrasiedepartement het van die toonaangewende kwekers verwag dat hulle met die Indiërwette vertroud sou wees, maar dit was nie altyd die geval nie, veral nie met R. Clarence nie (II, 11/1/3, R379/1877: R. Clarence aan Beskermer, d.d. 31/8/1877). Die Beskermer van Indiër-immigrante moes trouens in Februarie 1878 erken „that it has now become rather difficult for those who have to guide their conduct by these laws ... to ascertain what is the law on some subjects" (II, 11/1/4, 252/1878: Verslag van die Beskermer, d.d. 18/2/1878). So bv. is die straf vir kontrakarbieders wat onnodig van hul werk weggebly het, deur Wet 2/1870 gewysig. Daarna is weer 'n wysiging deur Wet 12/1872 (art. 8) aangebring. Volgens laasgenoemde wysiging was dit nie meer, soos vroeër die geval was, nodig vir die kweker om die Indiër wat oortree het, voor die naaste magistraat te bring nie; die kweker kon die oortreder self straf (II, 11/1/3, R401/1877: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 27/9/1877).

19) Aiyar, P. S. Conflict of Races in South Africa, Durban, African Chronicle Printing Press, Eerste Druk, Ongedateerd, pp. 39 - 40.

20) In 1879 het die Koloniale Sekretaris na hul kleredrag as 'n „scrap of cloth round their loins" verwys en in Januarie 1880 het Mellersh (Kliprivier-graafskap) in die Wetgewende Raad voortgegaan: „Here, last week or little before, the whole of the Coolies were going stark naked, except for a little bandage round the loins, and nothing has been said about it. We never hear of any attempt to clothe the Coolies, and that is because they are afraid if any attempt of that kind were made it would stop their immigration here. So much for our morality. As to the Kaffirs, I do not think they are a bit more indecent than the Indians" (Debates, Legislative Council, Natal, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 200, 282, d.d. 10/12/1879 en 6/1/1880).

in die gesig beskou, aangesien alleen blankes ooreenkomstig dié wetsontwerp kroongrond kon koop.[21] Daar was rede vir die Indiërgemeenskap om hulle oor bogemelde aangeleentheid te vererg, want toe Natal gretig was om Indiër-immigrante in die hande te kry, is onverantwoordelike uitlatings deur kusverteenwoordigers gedoen. In 1874 het Robinson selfs vir kaptein Galton nagepraat dat dit goed sou wees indien die hele Afrika veroosters sou word en die kommissie van 1872 het ook die beginsel aanvaar dat die Indiërgemeenskap as Natalse koloniste erken word en as sodanig grondbesitters in Natal behoort te word.[22]

Dit was trouens nie slegs kroongrond nie, maar ook gewone tuingrond, wat aan kontrakarbeiders reeds vóór hul koms na Natal beloof is, wat deur die Natal Land and Colonization-maatskappy aan hul kontrakarbeiders geweier is.[23]

3. Die agitasie teen die Indiërstem.

Teen 1880 het die politieke toneel 'n drastiese wysiging ondergaan. Die kwekers, wat self verantwoordelik was vir die koms van

---

21) Aiyar, op. cit., p. 40.
22) The Natal Mercury, d.d. 20/12/1873.
23) In 1880 het daar 'n ernstige moeilikheid op die plantasie van die Natal Land and Colonization-maatskappy te Verulam ontstaan wat die Natalse regering as 'n geval beskou het waar die kontrakarbeiders deur die opsigters mishandel is, maar wat eintlik sy grondoorsaak gehad het in 'n belofte wat in Indië aan die kontrakarbeiders gedoen is. Die belofte was naamlik: „You will have a house rent free to live in with plenty of garden ground to cultivate at your leisure" (II, 11/1/6, 549/1880: verslag van Prokureur-generaal, d.d. 13/2/1880; Natal Government Gazette, d.d. 25/8/1874). Die reg op die tuingrond is deur bogemelde maatskappy geweier en dit het die kontrakarbeiders opstandig gemaak. Dit was by dié geleentheid dat die bestuurder van gemelde plantasie, C. Behrens, die gebruik van die „cat-of-nine-tails" bepleit het waarteen die Natalse Luitenant-goewerneur heftig beswaar gemaak het (Ibid). Die redakteur van The Natal Mercury, wat vroeër skynbaar geen beswaar gehad het teen Indiërgrondbesit in Natal nie, het hom egter nou vereenselwig met die bestuurder van die maatskappy dat lyfstraf in sulke gevalle geregverdig is. Nogtans was die opstandigheid juis weens die feit dat tuingrond aan die kontrakarbeiders geweier is (The Natal Mercury, d.d. 25/3/1880). Die Luitenant-goewerneur het die houding van die redakteur van The Natal Mercury t.o.v. die toepassing van lyfstraf op kontrakarbeiders ten sterkste afgekeur en dit as argument gebruik waarom Natal nog nie ryp vir verantwoordelike bestuur was nie: „Mr. Robinson is one of the chief leaders in die Legislative Council in favour of Responsible Government whether with or without confederation and he is a well-known aspirant to office. It is well, therefore, to bear in mind what his views are, and what his policy would be, in respect of the treatment of Indian labourers" (II, 11/1/6, 331/1880: Luitenant-goewerneur aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 10/3/1880).

die Indiër-immigrante, het begin agiteer teen die toename van die aantal Indiërstemgeregtigdes. Die kwekers het hul trouens nie slegs tot die Indiërstemreg beperk nie, maar teen die Indiërs as 'n ras te velde getrek.[24)]

Robinson, 'n sterk ondersteuner van die kwekers, het sy eertydse standpunt van 1874 ten gunste van die veroostering van Afrika ten sterkste gerepudieer toe hy in 1881 verklaar het: „We cannot lose sight of the fact that ground which should be occupied by our own people is occupied by an alien race (Indians) who have no sympathies with us". 'n Bekende Natalse kweker, T. Reynolds, lid vir Alexandra- en Alfred-Graafskap, het die Natalse Indiërs veroordeel omdat hulle die Bantoes sou demoraliseer deur hulle van rum te voorsien en hulle aan te hits om teen die Natalse Engelse in opstand te kom. Voorts beweer Reynolds dat die Indiërs die Bantoes „all the vices of half-educated men" leer, want o.a. „they are receivers of stolen property to an extent that would scarcely be credited by some people".[25)] T. W. Garland (Victoria-Graafskap) het die Natalse Indiërs se onvermoë om die stemreg te beoefen, soos volg verduidelik: „They (Indians) do not read our English language, they are unacquainted with English literature; they are altogether outside the pole by which they could become conversant with matters that are immediately dealt with (by) members of this House ... The fact that they are polygamists in their practices, and that they have practices in their domestic relations which are altogether at variance with everything known in the civilized world and amongst a Christian nation ... They seem to think no more of taking the life of a man than they do that of a dog."[26)]

24) Die Natalse Indiërs het die stemreg in Natal op grond van hulle Britse burgerskap verkry nadat verseker is dat hulle aan die eiendomskwalifikasies wat ook vir blankes gegeld het, voldoen. Begryplik was die getal Indiërs wat in 1880 aan die eiendomskwalifikasies kon voldoen, uiters beperk, maar namate meer kontrakarbeiders hulle vryheid verwerf, kon die aantal Indiërstemgeregtigdes heelwat toeneem (Stein, op. cit., p. 47).

25) Debates, Legislative Council, vol. 3, 1881 - 1882, pp. 110 - 111, d.d. 10/11/1881.

26) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 622 - 623, d.d. 12/2/1880.

C. Manning, 'n kwekerverteenwoordiger van Victoria-Graafskap, was nie so drasties in sy veroordeling van die Indiërs nie, maar op sy voorstel is in Februarie 1880 besluit om die Luitenant-goewerneur te versoek om aan die magistrate en veldkornette opdrag te gee dat hulle versigtiger moes wees wanneer hul enige persoon op die kieserslys plaas. Uit die debat in die Wetgewende Raad het dit duidelik geblyk dat die voorstel teen die Indiërs gemik was. Garland het in hierdie verband beweer dat veldkornette instruksies ontvang het om sekere Indiërs op die stemlys te plaas, maar die Prokureur-generaal het beklemtoon dat die Natalse regering of magistrate nie sulke instruksies mag gee nie.[27)]

4. Die verhouding tussen die kus en die binneland ondergaan tydelik 'n verbetering.

Die ou stryd tussen die kuslede en die binnelandse verteenwoordigers het intussen tydelik tot bedaring gekom. So bv. het Robinson in sy blad verklaar: „It seemed passing strange and keenly pleasant to find the hatchet of rival interest is buried. The mild Hindoo no more stands as a spectre between the upper and lower districts. He is rather to be in future a link between the two, uniting both sections of our community by the tie of a mutual interest and a common purpose".[28)] J. R. Saunders het dit ook verwelkom dat die binnelanders meer van Indiërarbeid gebruik maak, want volgens hom het dit daartoe gelei dat „there is no longer a battlecry between one section of the community and another on this subject."[29)]

Die binnelanders van Natal het teen dié tyd ook nou eenmaal daarby berus dat Indiër-immigrasie in Natal 'n voldonge feit was en het tot die gevolgtrekking gekom dat hulle ook behoort te deel in die ekonomiese voordele wat dit meegebring het, aangesien hulle tog moes help bydra tot die staat se jaarlikse subsidie van R20,000 vir Indiër-immigrasie.[30)]

---

27) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 622 - 623, d.d. 12/2/1880.
28) The Natal Mercury, d.d. 30/1/1880.
29) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, p. 475, d.d. 28/1/1880.
30) Ibid, p. 476, d.d. 28/1/1880. Kyk Walton, een van die binnelandse lede, se standpunt.

Gevolglik het Walton, ondersteun deur Van Breda (Kliprivier-Graafskap) in 1880 selfs by die Natalse regering daarop aangedring dat die binnelanders geregtig was op 'n groter aandeel van die Indiër-arbeid, veral omdat Bantoe-arbeid skaarser geword het.[31] Die Koloniale Sekretaris het te kenne gegee dat die binnelanders enige tyd Indiër-immigrante kon kry indien „the applicant can guarantee to the satisfaction of the Protector that the required medical aid will be forthcoming".[32]

## 5. Die agitasie ten gunste van verantwoordelike bestuur.

Dit was as gevolg van hierdie veranderde houding van die binneland teenoor Indiër-immigrasie, naas die toenemende getal Indiërs, dat die kwessie van verantwoordelike bestuur deur sekere kusleiers op die voorgrond gebring is.

Sommige kuslede het die sienswyse gehuldig dat die Indiërstem nie doeltreffend onder kroonkoloniebestuur aan bande gelê kon word nie omdat die amptelike lede wat hulle met die Britse Kroon se opvattings vereenselwig het, nie vir so 'n inperking te vinde was nie. Dit was vir Brittanje van belang om goeie betrekkinge met die Indiese regering te handhaaf en daarom het Brittanje gesorg dat daar nie teen Natalse Indiërs ten opsigte van die stemreg gediskrimineer word nie.

Sommige kwekerverteenwoordigers het dit egter in 1879 nie meer nodig geag om die amptelike lede se gevoelens oor verantwoordelike bestuur te konsidereer nie omdat die hulp wat die amptelike lede aan die kwekers m.b.t. die hervatting van Indiër-immigrasie verleen het, nie meer nodig was nie. Die kuslede ten gunste van verantwoordelike bestuur van wie Robinson (Durbanse graafskap) as leier te voorskyn getree het, was dus bereid om met die binnelanders oor sowel dié aangeleentheid as die inperking van die Indiërstem gemene saak te maak.

Dit was dus as gevolg van die steun wat die binnelandse verteenwoordigers van sekere kuslede ontvang het dat 'n Gekose Komitee m.b.t. verantwoordelike bestuur in Desember 1879 aangestel is. Hierdie komitee het in Januarie 1880 soos volg oor Indiërstemreg verslag gedoen: „Indians did not possess a franchise in India. They have been introduced chiefly as labourers, but what is of primary importance is to recollect they claim the privileges of a separate and special Judicial Code.. Whether, under these circumstances, the mere

---

31) Ibid, pp. 474 - 477, d.d. 28/1/1880.
32) Debates, Legislative Council, vol. 2, 1880, p. 98, d.d. 12/11/1880.

acquisition of the low property qualification existing in the Colony should entitle such persons to exercise the franchise seems fairly open to doubt".[33)]

Die kwessie van verantwoordelike bestuur en die Indiërstem is gelyktydig deur die Gekose Komitee in berekening gebring omdat die inperking van die Indiërstem slegs suksesvol onder 'n verantwoordelike bestuur, sonder die inmenging van Brittanje, deurgevoer kon word. Verantwoordelike bestuur was trouens noodsaaklik indien Natal die Indiërstem wou inperk.

Aiken het bv. tydens die debat oor die Gekose Komitee se verslag verklaar dat wanneer verantwoordelike bestuur onder bespreking kom, die Indiërstem een van die sake was wat in verband daarmee bespreek sou moes word, want Indiërstemgeregtigdes „in certain districts of the Colony will; at an early date, control the representation of such districts" en daaraan toegevoeg dat „they generally in all probability, vote as a class".[34)]

Hoewel sommige lede van die Wetgewende Raad ten gunste daarvan was dat die kwessies van verantwoordelike bestuur en die Indiërstem gelyktydig in een wetsontwerp behandel word, was die meerderheid daarteen gekant, veral nadat J. R. Saunders daarteen beswaar gemaak het. Saunders het wel die gevaar van die Indiërstem besef, maar hy het die instelling van verantwoordelike bestuur nie vertrou nie. Indien die kuslede verantwoordelike bestuur ondersteun, sou dit volgens hom as rugstekery teenoor die amptelike lede beskou kon word, veral na die hulp wat die amptelike lede aan die kuslede i.v.m. die hervatting van Indiër-immigrasie verleen het. Daarom het hy verkies om Indiërstemreg te beveg in debatte wat geheel en al onafhanklik van dié oor verantwoordelike bestuur gestaan het.[35)]

---

33) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 467 - 468, d.d. 27/1/1880.
34) Ibid.
35) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, p. 610, d.d. 10/2/1880. Ook wanneer Saunders Indiërstemreg gekritiseer het, was dit gekenmerk deur sy besigheidsin. Hy sou byvoorbeeld saaklik, sonder emosie, slegs aandring op 'n „resolution disenfranchising the Coolies", maar geen redes verstrek waarom dit gedoen moes word nie (Ibid). Dit was sekerlik nie nodig om soos Garland teen die Indiërs as 'n ras te velde te trek nie, maar Saunders kon ten minste goeie redes vir sy standpunt genoem het, iets wat hy gewoonlik goed geweet het om te doen wanneer dit sy eie belange geraak het (Ibid, pp. 622 - 623, d.d. 12/2/1880).

Eintlik was Saunders bevrees dat Indiër-immigrasie geheel en al onder verantwoordelike bestuur gestaak sou word.[36] Dit is dus te betwyfel of J. Polkinghorne, sekretaris van die Trustraad, se verklaring van 1882 aanvaar kan word dat die kwekers nie teen verantwoordelike bestuur gekant was nie omdat hulle bevrees was dat Indiër-immigrasie daardeur beëindig sou word.[37] Die verklaring is gedoen na aanleiding van 'n brief wat die Immigrasiedepartement van 'n sekere G. S. Smith ontvang het, waarin gekonstateer is dat kroonkolonies se aansoeke om Indiër-immigrante voorrang bo dié van kolonies met verantwoordelike bestuur geniet het. Smith was bevrees dat Natal onder verantwoordelike bestuur nie toegelaat sou word om via die Britse regering enige beswaar teen die moontlike beëindiging van Indiër-immigrasie te maak nie.[38]

Baie van die lede in die Wetgewende Raad het ook duidelik te kenne gegee dat hulle nie genoeë neem met die Indiërstem nie, maar hulle was nie gewillig om hierdie kwessie met verantwoordelike bestuur in verband te bring nie. Manning het in die Wetgewende Raad aan die hand gedoen dat 'n opvoedkundige kwalifikasie vir die verkryging van stemreg wat tot dusver nie eers op die blankes toegepas is nie, voortaan vir almal (sowel blank as Indiër) van krag behoort te word. Dit sou Natal beskerm „against an eruption of uninstructed numbers".[39] Hy was verder van mening dat as die Indiërs op groot skaal die stemreg verwerf, „they would be open to the influence of corruption and to the agitation of demagogues".[40] Akerman (Pietermaritzburg-Stad) en Walton het weer beswaar gemaak dat ongeletterde Indiërs stemreg op grond van die besit van slegs 'n klein stukkie grond verkry.[41]

---

36) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, p. 500, d.d. 29/1/1880.

37) Polkinghorne het verklaar: „I do not see any reason for supposing if responsible government were granted to Natal that it would in any way affect our relationship with India or Coolie Immigration" (II/1/10, 329/1882: J. Polkinghorne aan Beskermer, d.d. 30/9/1882).

38) II, 11/1/10, 329/1882: G. S. Smith aan Beskermer, d.d. 24/3/1882.

39) Volgens Manning moes die toets so toegepas word „that any who qualify themselves to pass this educational test must have been in contact with Europeans and learnt something of our ways and become acquainted with the nature of representative institutions and the obligation thereby imposed" (Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 589 - 590, d.d. 9/2/1880).

40) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 469 - 471, d.d. 27/1/1880).

41) Ibid, pp. 528 - 529, d.d. 3/2/1880, 9/2/1880.

Namens die regering het die Koloniale Sekretaris beide verantwoordelike bestuur en die inperking van Indiërstemreg veroordeel. Dit was, volgens hom, verkeerd om die Indiërs as „the off-scourings of civilization" te bestempel, terwyl hy die kwekers daaraan herinner het dat hulle slegs Indiër-immigrante vir hulle arbeid verlang, maar nie bereid was om die gevolge van Indiër-immigrasie te aanvaar nie.[42]

Die Kroon-genomineerde lede het 'n groot verpligting teenoor die amptelike lede gehad; hulle was trouens aangestel om die amptelike lede se hande te sterk.[43] Gevolglik kon 'n mens nouliks verwag dat hulle verantwoordelike bestuur sou steun, maar waar die bespreking van Indiërstemreg as 'n afsonderlike mosie behandel is, het hulle hul standpunte onomwonde gestel.

Daarom het 'n genomineerde lid, Schnell, in Desember 1879 te kenne gegee dat hy teen verantwoordelike bestuur gekant was omdat dit nie vertroue by die Indiërs wek nie, maar daarteenoor het Millar en G. C. Cato, albei genomineerde lede, Manning se voorstel in 1880 ten sterkste gesteun m.b.t. vertoë wat tot die Luitenant-goewerneur gerig moes word „as shall secure more certain identification of Indian immigrants when their names are put on the Voter's Roll".[44]

Hoewel die meerderheid van die Wetgewende Raad se lede ten gunste van die inperking van Indiërstemreg was, kon daaraan niks gedoen word nie omdat die voorstanders van verantwoordelike bestuur

---

42) Debates, Legislative Council, vol. 3, 1881 - 1882, p. 111, d.d. 10/11/1881. Die Koloniale Sekretaris het die toekoms van Indiërs in Natal as rooskleurig beskou: „I believe that they improve in this Colony, and I am told the improvement in a second generation is very marked. So great is their desire for education that out of 300 over 16 years in Government schools, 60 are Indians". In November 1881 het die Koloniale Sekretaris weer eens in die Wetgewende Raad beklemtoon: „They (Indians) are exceedingly anxious to obtain education, and I am told they are quite up to the average of English children in intelligence".

43) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 108 en 110, d.d. 27/11/1879: Saunders se toespraak. Die Luitenant-goewerneur het hom te Durban in 1875 soos volg uitgelaat: „I feel it my duty to propose to the Legislative Council a measure for modifying the manner in which that body is constituted, in order to give to the Crown increased weight in its debates and so confer upon it that fit and becoming influence in directing the policy of Natal" (Ibid, p. 110).

44) Ibid, pp. 107, 528 - 529, d.d. 27/11/1879 en 3/2/1880. Volgens Millar: „The only feeling I have in this matter is one of disgust that these men should be on the electoral roll ... who are these people ? The scum of Madras and Calcutta" (Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, pp. 528 - 529, d.d. 3/2/1880).

in die verkiesing van 1882 verslaan is nadat die Britse regering 'n beroep op die Natalse kiesers gedoen het om verantwoordelike bestuur teen te staan.[45]

Die Indiërgemeenskap was egter nie tevrede met die verdediging van hul saak in die Wetgewende Raad nie. Volgens die Indiese joernalis Aiyar „the Government party in the Legislative Council was not sufficiently strong to stand against the onslaughts on Indian rights; neither were they equipped with the necessary knowledge of Indian culture as also their national characteristics, even assuming the Government nominees were not contaminated by the prejudice then growing fast against Indians".[46]

'n Belangrike nadraai van die agitasie ten gunste van verantwoordelike bestuur en die inperking van die Indiërstem was die eerste tekens van verdeeldheid wat dit onder die verteenwoordigers van kusgebiede meegebring het. Daar was aanvanklik 'n verskil in sienswyse tussen Robinson, lid vir Durbanse graafskap, en Henry Binns, wat die Victoria-Graafskap verteenwoordig het. Robinson was teen die Indiërstem gekant omdat dit veral in die Durbanse stedelike gebied was waar Indiër-indringing 'n bedreiging vir die blankes ingehou het. Binns daarenteen het 'n kiesafdeling verteenwoordig waar die Indiërstem alreeds 'n belangrike rol gespeel het, as gevolg waarvan Binns versigtig moes wees wat hy in die Wetgewende Raad oor Indiërstemreg sê. Bowendien was Binns, anders as Robinson, teen verantwoordelike bestuur gekant omdat hy verkies het om 'n vriendskaplike verhouding met die amptelike lede te handhaaf.[47] Algaande het Robinson en Binns dus as twee politieke teenstanders te voorskyn getree.[48]

## 6. Tydelike wapenstilstand tussen die kwekers en die binnelandse lede.

Die neerlaag van die voorstanders van verantwoordelike bestuur het gelei tot 'n tydelike wapenstilstand onder die lede van die Wetgewende

---

45) Robinson, op. cit., p. 164.
46) Aiyar, op. cit., p. 42
47) Debates, Legislative Council, vol. 1, 1879 - 1880, p. 502, d.d. 29/1/1880; Debates, Legislative Council, vol. 3, 1881 - 1882, pp. 110 - 111, d.d. 10/11/1881.
48) Dit sal ook nog verder in hierdie werk blyk. Kyk pp. 182, 185.

Raad.[49] Slegs met die instelling van die pos „Onderbeskermer" het die binnelandse lede in 1882 nie met die res van hul kollegas in die Wetgewende Raad saamgestem nie. 'n Woordvoerder van die binneland, G. C. K. Richardson (Pietermaritzburg-Graafskap) het beweer dat die pos hoofsaaklik geskep is om die Indiese regering te verseker dat voldoende beskerming aan kontrakarbeiders verleen word, maar dat die motief vir die instelling van die pos nie die koste verbonde daaraan regverdig nie.[50] Nogtans het die Wetgewende Raad die instelling van die pos goedgekeur.[51]

Gedurende 1883 was daar ook nog geen beleidsverskil tussen die binnelandse verteenwoordigers en hul kuskollegas oor basiese belange te bespeur nie, maar in dié jaar het twee leiers onder die kuslede te voorskyn getree wat bestem was om 'n groot rol in die stryd teen die binnelandse verteenwoordigers te speel. Hulle was H. Binns en J. L. Hulett, albei lede vir Victoria-Graafskap, die hartjie van die Indiërgemeenskap in Natal.

Gevoelens het hoog geloop toe 'n wetsontwerp om vyf bestaande Indiërwette te konsolideer in Augustus 1883 in die Wetgewende Raad deur Binns ondersteun is, aangesien sommige lede, in stryd met die wense van die Natalse regering, wou gehad het dat Wet 20/1874, waarvan die Trustraad se bestaan afhanklik was, ook by die nuwe gekonsolideerde wet betrek moes word.[52]

Hierdie twis sou later tot 'n eersterangse botsing lei tussen die binneland en 'n paar afwykende kuslede aan die een en die regering, ondersteun deur die meerderheid kuslede, aan die ander kant.[53]

Die eerste voorstel van Hulett, naamlik dat die Goewerneur versoek word om 'n wetsontwerp in te dien om sterk drank aan die Natalse Indiërbevolking te verbied, het 'n verdeling onder die lede van die Wetgewende Raad veroorsaak wat geheel en al van die ou bedeling afgewyk het.[54] So bv. het selfs regeringslede mekaar teengestaan.

---

49) Robinson, op. cit., p. 164.
50) Debates, Legislative Council, vol. 5, pp. 323 - 326, d.d. 3/8/1882.
51) Ibid.
52) Debates, Legislative Council, vol. 6, 1883, pp. 304 - 308, 378 - 379, d.d. 22/8/1883; II, 11/1/18, 238/1884: Beskermer van Immigrante se jaarverslag vir 1883 en II, 11/1/20, 736/1884: Chairman's (Trust Board) Minute, d.d. 5/5/1884.
53) Hierdie stryd word verderaan in hierdie hoofstuk uiteengesit. Kyk p.148
54) Debates, Legislative Council, vol. 6, 1883, pp. 95 - 97, 132 - 135, 180 - 182, d.d. 24/7/1883, 27/7/1883, 6/8/1883. Tydens die debat het regeringslede (die Koloniale Sekretaris en die Prokureur-generaal) van mekaar verskil.

Die Koloniale Sekretaris het daarteen beswaar gemaak omdat dit nie deur die Indiese regering aanvaar sou word nie, terwyl die Prokureur-generaal beweer het dat aangesien die Natalse Polisie nie kon verhoed dat die Indiërs sluikhandel in drank met die Bantoes dryf nie, die verbod ook op die Indiërs van toepassing gemaak moes word.[55)]

Hulett het die Koloniale Sekretaris se beswaar verwerp, aangesien, so het hy beweer, die godsdiens van die Hindoes en die Mohammedane dit in elk geval verbied dat hulle sterk drank gebruik sodat daar gevolglik geen beswaar van die Indiese regering behoort te wees nie.[56)] Hulett het die debat met 'n verdeling van 15 teen 11 stemme gewen en daardeur ook die eerste rondte in sy politieke loopbaan m.b.t. die Indiërs.[57)] Dit was 'n redelik goeie begin, veral as in aanmerking geneem word dat hy deur die Koloniale Sekretaris teengestaan is.[58)]

7. Die terugtrekking van twee Indiërwetsontwerpe in 1883.

Verder is die verrigtinge van 1883 gekenmerk deur lede wat hul wetsontwerpe m.b.t. Indiëraangeleenthede moes terugtrek. Van regeringskant moes die Prokureur-generaal sy wetsontwerp oor Indiëregskeidings terugtrek omdat in die wetsontwerp, volgens W. E. Shepstone (Durbanse graafskap), geen voorsiening vir 'n definisie van 'n Indiërhuwelik gemaak was nie.[59)]

Die wetsontwerp wat B. W. Greenacre (Durbanse graafskap) ingedien het, met die oog op 'n hutbelasting vir Indiërs, is eweeens verongeluk.[60)] Die Koloniale Sekretaris het daarteen beswaar gemaak omdat die bedoeling van 'n hutbelasting, soos dit op die Bantoes toegepas word, as beskawingsmiddel moet dien om die Bantoes van hul ou leefwyse te laat afsien, maar in die geval van die Indiërs was dit onnodig omdat die Indiërs, volgens hom, reeds beskaaf was.[61)]

---

55) Debates, Legislative Council, vol. 6, 1883, pp. 132 - 135, d.d. 27/7/1883.
56) Ibid, pp. 180 - 182, d.d. 6/8/1883.
57) Ibid.
58) II, 11/1/18, 238/1884: Verslag van die Beskermer vir 1883.
59) Debates, Legislative Council, vol. 6, 1883, pp. 298 - 301, 490, 548, d.d. 21/8/1883 en 17/9/1883; II, 11/1/18, 238/1884: Beskermer van Immigrante se jaarverslag vir 1883.
60) Debates, Legislative Council, vol. 6, 1883, p. 735, d.d. 16/10/1883.
61) Ibid, pp. 557 - 559, 610 - 611, d.d. 18/9/1883, 8/10/1883.

8. Die hervatting van die stryd tussen die kwekers en binnelandse lede.

Teen 1884 het die ou stryd tussen die kuslede en die binnelandse verteenwoordigers, wat tydelik vanaf 1882 onderbreek was, weer begin kop uitsteek. Die verskil was slegs dat die standpunt wat vroeër deur die kuslede ingeneem is, nou hoofsaaklik beperk was tot die verteenwoordigers van dele waar die suikerkwekers gekonsentreer was.

By die binnelanders het die nadele verbonde aan Indiër-immigrasie weer eens in 1884 swaarder begin weeg as die voordele, veral omdat die binnelanders gesukkel het om voldoende Indiër-immigrante te bekom. Die binnelanders is ondersteun deur sommige kuslede uit Durban se omgewing wat nie meer bereid was om die kwekers se belange te verdedig tot nadeel van Durban se blanke gemeenskap nie. Robinson (Durbanse graafskap) het die veranderde beleid van die Durbanse verteenwoordigers soos volg uiteengesit: „I have been a supporter of Coolie immigration as I believe the Colony benefitted from it, but the irritation which I believe possessed the public mind in regard to the presence of these people amongst us arises from a natural instinct ... There is a feeling, especially in towns, that day by day, week by week, and month by month, an alien element is being introduced which threatens to swamp and to overwhelm the European character of the community. That, Sir, I believe is at the bottom of the feeling that exists. It may be an unreasonable feeling, but at any rate it is a very natural feeling, and it is one which, I think must exist among all people of Anglo-Saxon origin".[62)]

'n Voorbeeld van hierdie veranderde houding is die mosie wat W. Arbuckle (Durbanse graafskap) in Julie 1884 in die Wetgewende Raad ingedien het m.b.t. die aanstelling van 'n Kommissie van Ondersoek om die Indiërwette en -regulasies van Natal te wysig en aanbevelings te doen oor beter beheer wat oor Indiër-immigrante uitgeoefen behoort te word. Na afloop van die debat wat oor die aanstelling van bogemelde kommissie gevoer is, het Arbuckle verklaar: „The first day of this debate I was sorry to see imported into the debate the question of coast versus up-country interest. I thought

62) Debates, Legislative Council, vol. 7, 1884, p. 309, d.d. 29/7/1884.

that the matter had been settled years ago".[63] Tydens die debat het Arbuckle sterk beswaar gemaak teen die oorstroming van blankes deur Indiërs. Ter verduideliking van sy standpunt het hy verklaar dat dit nie die oorspronklike bedoeling was dat 66 persent van die Indiërs in Natal moes agterbly nie. Hy is nie gekant teen die invoering van Indiërs as arbeiders nie, maar hy maak beswaar dat hulle in Natal as koloniste aanbly. Hy is veel eerder ten gunste van die algehele beëindiging van Indiërimmigrasie as om toe te laat dat Natal deur Indiërs oorstroom word. Arbuckle het ook verwys na 'n bewering wat die Koloniale Sekretaris sou gemaak het, naamlik „that the members of this House would wake up some fine day, and find that the Coolie question was too much for them". Daarom, het Arbuckle gesê, het dit tyd geword om die Indiërvraagstuk deeglik te ondersoek.[64]

Arbuckle wou hê dat die kontrakarbeiders gedwing moes word om, na verstryking van hulle dienstermyne, na Indië terug te keer. Toe hy beweer dat dit in Brits-Guiana gedoen word, het die Koloniale Sekretaris 'n tussenwerpsel gemaak dat dit nie die geval was nie, waarop Arbuckle geantwoord het dat hy dit kon bewys.[65]

Lede van die binneland, soos J. C. Boshoff (Umvoti-Graafskap), R. A. Green en J. C. Walton (Newcastle-Afdeling) en A. W. Kershaw (Pietermaritzburg-Stad), het baie sterk teen verdere Indiër-immigrasie beswaar gemaak. Boshoff het beweer dat die paar kontrakarbeiders wat hy in sy diens gehad het, van hom weggedros het, terwyl Walton die feit dat kontrakarbeiders nie verplig kon word om op Sondae te werk nie, as nadelig vir die binnelanders beskou het, aangesien daar ook op Sondae vee opgepas moes word. Hoewel Indiërarbeid slegs op klein skaal in die binneland gebruik is, was daar ook nog, volgens Walton, teenkanting van die Natalse regering om kontrakarbeiders aan werkgewers weg van die kus toe te ken: „I admit it is a silent objection but it is a very great objection". Beide Green en Kershaw het beswaar gemaak teen die jaarlikse subsidie van R20,000 wat die staat vir Indiër-immigrasie moes betaal.[66]

---

63) Ibid, pp. 258, 310, d.d. 24/7/1884, 29/7/1884.
64) Ibid, pp. 259 - 260, d.d. 24/7/1884.
65) Ibid, p. 311, d.d. 24/7/1884 en 29/7/1884. Arbuckle het ook 'n beswaar geopper ten opsigte van die lakse beheer wat oor Indiërs uitgeoefen word. Hy het 'n stelsel soos dié van Mauritius bepleit waar Indiërs oor registrasie-kaartjies moes beskik en dat dit by die Beskermer van Immigrante of magistrate geëndosseer moes word wanneer 'n adresverandering plaasvind.
66) Ibid, pp. 260 - 264, d.d. 24/7/1884.

Die kwekerverteenwoordigers, soos Reynolds, Hulett, Binns en Garland, het hulle aan die kant van die regeringslede teen die verteenwoordigers van die binneland en Durban se graafskap geskaar. Binns het beweer dat die vrye Indiërs nie, soos Arbuckle wou hê, gedwing kon word om na Indië terug te keer nie. Hulett het ook die ou argument van die kwekers herhaal: „If the resources of the land are not to be developed, then stop your Coolie immigration, then do away with your annual grant, then ship away all the Coolies that are here, and then the agriculture of the country will collapse".[67)]

Kwekerverteenwoordigers soos T. Reynolds (Alexandra- en Alfred-Graafskap) en T. W. Garland (Victoria-Graafskap), wat in 1880 - 1882 die sterkste aanvalle op die Indiërgemeenskap op 'n rassegrondslag gedoen het, was, eienaardig genoeg, slegs twee jaar later, tydens die bespreking van Arbuckle se mosie, die grootste voorstanders van die voortsetting van Indiër-immigrasie.[68)]

Die houding van Reynolds en Garland beklemtoon weer eens die feit dat die kwekerverteenwoordigers se politieke beleid dus hoofsaaklik deur eie belang beïnvloed is. Die algemene openbare mening in Natal het teen 1884 so teen die Indiërs toegeneem dat die moontlikheid van 'n algehele beëindiging van Indiër-immigrasie in oorweging geneem is. Dit kon die kwekerverteenwoordigers in die lig van belange wat hulle verteenwoordig het, nie toelaat nie.

Die Natalse regeringslede was egter nie ongeneë dat daar 'n Kommissie van Ondersoek aangestel word nie; trouens die Prokureur-generaal het reeds in Maart 1880 daarop aangedring toe die omvang van hofsake waarin Indiërs betrokke was, onrusbarend toegeneem het.

---

67) Ibid, pp. 302 - 304, d.d. 27/7/1884.

68) Garland, wat in 1880 teen die Indiër-immigrante te velde getrek het oor die stemregkwessie, het die aangeleentheid uit 'n geheel ander oogpunt beskou toe die moontlike stopsetting van Indiër-immigrasie ter sprake gekom het. Hy, wat in 1880 gesê het dat die Indiërs 'n mens se lewe gelyk stel met dié van 'n hond (kyk hierbo p. 141) beweer nou in 1884: „The benefits that have been derived from the introduction of these labourers cannot be calculated or estimated, they are so far-reaching". Ook Reynolds, wat in 1880 verwys het na die Indiërs wat die Bantoes gedemoraliseer het en hulle tot oorlog teen die Engelse aangehits het, was in 1884 uiters ontevrede omdat die beëindiging van Indiër-immigrasie ooit in die Wetgewende Raad bespreek is. Volgens hom sou dit beter gewees het as slegs die leeglêery van Indiërs bespreek was (Debates, Legislative Council, vol. 7, 1884, pp. 261, 307 - 308, d.d. 24/7/1884 en 29/7/1884).

Maar dit was eintlik die sogenaamde Burgess-insident van 1884 wat so 'n kommissie, uit die oogpunt van die Natalse regering, genoodsaak het.[69]

Vroeg in 1884 was daar ernstige klagte oor wanbestuur teen die Beskermer van Immigrante. Die klagte het gekom van 'n sekere George Burgess, 'n personeellid van die Trustraad,[70] en was veral gegrond op voorvalle by die Canonby-landgoed en by Cheron se plantasie. Dit het hoofsaaklik gegaan oor die Beskermer van Immigrante se weiering om sake van Indiërs teen hul werkgewers op te neem.[71] Die slotsom waartoe Burgess geraak het, was dat die Trustraad 'n werktuig in die hande van die kwekers was omdat die meeste Trustraadlede belange by die suikerkwekery gehad het. Die vyf lede waaruit die Trustraad bestaan het, het drie lede ingesluit wat werkgewers van Indiër-immigrante was.[72]

---

69) II, 11/1/6, 1043/1880: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 21/3/1880.

70) II, 11/1/17, 158/1884: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/2/1884.

71) Burgess se klagte het oor die volgende aangeleenthede gegaan: (a) In een geval, waar 'n werkgewer versuim het om sy Indiër-immigrante te betaal, is die werkgewer wel gelas om die agterstallige geld terug te betaal, maar laasgenoemde is nie gestraf nie. (b) In 'n ander geval sou 'n sirdar (opsigter) wat veroordeel was omdat hy kontrakarbeiders mishandel het, weer later in diens geneem gewees het. (c) Indiër-vroue het, in stryd met die wet, in sommige gevalle oortyd gewerk. (d) Wanneer klagte by die Beskermer van Immigrante ingedien word, het laasgenoemde slegs verklarings van die werkgewers in dié verband oorweeg. (e) Die Beskermer van Immigrante het nie self na die plantasies gegaan om klagte te ondersoek nie; in gevalle waar hy dit wel gedoen het, is hy daartoe deur die Koloniale Sekretaris gelas. (f) Die Beskermer van Immigrante dreig slegs werkgewers in gevalle waar werkgewers versuim om hul immigrasiegelde te betaal, maar nie in gevalle waar vergrype teenoor die immigrante gepleeg word nie. (g) In gevalle waar werkgewers bedreig word, word slegs aan hulle gesê dat geen verdere kontrakarbeiders aan hulle toegestaan sou word nie. (h) Die Beskermer van Immigrante dra sorg dat kontrakarbieders wat na Indië terugkeer, „goeie Indiërs" is wat geen klagte teen die Natalse administrasie oorsee sou aanmeld nie. (i) Kontrakarbeiders wat, na die mening van die Beskermer van Immigrante, ontevrede oor hul behandeling in Natal is, word allerlei struikelblokke in die weg gelê om na Indië terug te keer (II, 11/1/17, 158/1884: George Burgess se verslag, d.d. 25/2/1884).

72). Die oorblywende twee lede van die Trustraad word soos volg deur Burgess beskryf: „The fourth is, I believe, avowedly too much occupied with other business to be able to devote much time to the affairs of the Indian Immigration Department, and the fifth is personally concerned in, and in some measure comprised by, the serious statement I have made" (II, 11/1/17, 133/1884: G. Burgess aan Voorsitter van Trustraad, d.d. 6/2/1884).

Die Beskermer van Immigrante se sterkste verweer in die aangeleentheid was dat die getuienis van Indiërs geheel en al ongeloofwaardig was, veral t.o.v. klagte wat hy op plantasies soos dié van La Mercia, Virginia en Hill Head ondersoek het. Met verwysing na Burgess se besware, het hy die besware verwerp as „several suppositious cases" wat op 'n subjektiewe wyse behandel word.[73]

Die Prokureur-generaal het egter Burgess se klagte ondersteun, terwyl die Goewerneur, as verteenwoordiger van die Britse regering, gretig was om die Indiërs se belange te beskerm aangesien Indië onder Britse bestuur was.[74] Die Goewerneur het dus geredelik die Prokureur-generaal se houding om Burgess te ondersteun, goedgekeur, in weerwil van die feit dat die Koloniale Sekretaris die standpunt van die Beskermer van Immigrante gehuldig het.

Dit was teen dié agtergrond van die Burgess-aangeleentheid dat die Prokureur-generaal ten gunste van 'n ondersoek van die Indiërvraagstuk was, maar hy wou dit hoofsaaklik beperk tot „rules to secure that the complaints of Immigrants received due attention at the hands of the Protector's Department",[75] te meer dus omdat regeringslede onder mekaar oor die aangeleentheid verskil het.

Die Prokureur-generaal was, soos trouens al die regeringslede, geensins te vinde dat daar aan die R20,000-staatsbydrae vir Indiërimmigrasie gepeuter word nie en nog minder dat Indiër-immigrasie gestaak word. Hy het verduidelik dat dié bydrae die resultaat was van 'n plegtige ooreenkoms wat in 1874 tussen die kuslede en die binnelandse verteenwoordigers aangegaan is en dat „that compact established by law should not be in any way repudiated except for some very serious and utter failure".[76]

Beide die binnelandse verteenwoordigers en die Prokureurgeneraal (ondersteun deur die Goewerneur) het dus 'n Kommissie van Ondersoek verlang, maar die onderskeie redes daarvoor het geheel en al van mekaar verskil. In die debat van 1884 was daar trouens

---

73) II, 11/1/18, 238/1884: Beskermer van Immigrante se jaarverslag vir 1883.

74) II, 11/1/17, 158/1884: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 7/2/1884; II, 11/1/17, 158/1884: Koloniale Sekretaris aan Natalse Goewerneur, d.d. 26/4/1884 en die Goewerneur aan die Koloniale Sekretaris, d.d. 9/5/1884.

75) II, 11/1/17, 158/1884: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 10/6/1884.

76) Debates, Legislative Council, vol. 7, 1884, p. 309, d.d. 29/7/1884.

weer 'n duidelike skeidslyn tussen die binnelandse verteenwoordigers en die paar afwykende kuslede aan die een kant, en die kwekerverteenwoordigers, ondersteun deur die regeringslede, aan die ander kant.

Dit was juis as gevolg van die regeringslede en die kwekerverteenwoordigers se teenkanting dat Arbuckle verplig was om die amendement van die Koloniale Sekretaris op sy oorspronklike mosie insake 'n Kommissie van Ondersoek te aanvaar. Die gewysigde mosie het soos volg gelui: „To enquire into and report upon the Indian Immigration Laws and Regulations of this Colony and upon the general condition of the Indian population of Natal".[77] Dié kommissie sou later as die Wragg-kommissie bekend staan, genoem na regter Wragg wat as voorsitter van die kommissie opgetree het.

## 9. Verdeeldheid onder regeringslede versterk die anti-Indiërbeweging.

Arbuckle en die Prokureur-generaal het teen Julie 1884 'n wetsontwerp in gedagte gehad wat al die bestaande Indiërwette in een wet sou saamvat, maar Henry Binns het aanbeveel dat so 'n wetsontwerp nie in 1884 ingedien moes word nie, aangesien hy oortuig was dat die teenparty daarop sou aandring dat Wet 20/1874 (d.w.s. die Trustraadwet) daarby betrek moes word. Indien dit gebeur, kon die finansiering van die Indiër-immigrasieskema dalk benadeel word.[78]

Sedert 1884 het die Natalse regering ook verder sy posisie ten opsigte van Indiëraangeleenthede deur onderlinge verdeeldheid verswak. Net soos in die Burgess-geval van 1884 het die Goewerneur en die Prokureur-generaal sedertdien gewoonlik stelling ingeneem teenoor die Koloniale Sekretaris en die Beskermer van Immigrante. So bv. het die Koloniale Sekretaris, die Beskermer van Immigrante en die magistraat van Weenen gedurende die eerste helfte van 1886 tot die slotsom gekom dat 'n sekere heer F. R. Bloy, van Colenso, sy Indiërkontrakarbeiders te hardhandig behandel. As gevolg daarvan het die Beskermer van Immigrante sy reg, kragtens 'n beslissing van die Prokureur-generaal in 1884, uitgeoefen om nie meer Indiërs aan Bloy

77) Ibid, pp. 308 - 311, d.d. 29/7/1884; II, 11/1/26, 460/1885: Speaker, Wetgewende Raad, aan Beskermer, d.d. 30/3/1885.

78) II, 11/1/20, 736/1884: Voorsitter, Trustraad, se minuut, d.d. 5/5/1884; Debates, Legislative Council, vol. 7, 1884, p. 260.

toe te ken nie. Die Goewerneur het egter, op aanbeveling van die Prokureur-generaal, geweier om die Beskermer van Immigrante se standpunt te aanvaar, ondanks die feit dat die Beskermer deur die Koloniale Sekretaris ondersteun is.[79]

In die Wetgewende Raad self was daar in dié verband nie enige onenigheid onder die regeringslede te bespeur nie, maar die wrywing wat agter die skerms aangegaan het, moes noodwendig die eensgesindheid onder regeringslede verswak het. Die swakheid van die regering het veral in 1886 duidelik geblyk toe daar 'n sterk leier onder die binnelandse verteenwoordigers sy verskyning gemaak het, naamlik C. A. S. Yonge (Pietermaritzburg-Graafskap).[80] Hierdie samevloeiing van omstandighede het ongetwyfeld die posisie van die binnelanders versterk.

Yonge het hom beywer om die jaarlikse subsidie van R20,000, ooreenkomstig Wet 20/1874, ongedaan te maak, en hy het in 1886 'n wetsontwerp met so 'n strekking by die Wetgewende Raad ingedien. Die sterk houding wat Yonge ingeneem het, het selfs vir Robinson beïnvloed om daarop aan te dring dat kontrakarbeiders onmiddellik na die verstryking van hul dienstyd na Indië moes terugkeer[81] - 'n standpunt waarvoor Robinson nog nooit tevore te vinde was nie.

T. P. O'Meara (Pietermaritzburg-Stad) en sir J. J. Bisset, lid vir die graafskappe Alexandra en Alfred, het verskeie redes genoem waarom die R20,000-subsidie na hul mening onwenslik was.[82]

---

79) II, 11/1/34, 557/1886: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/6/1886.

80) Debates, Legislative Council, vol. 12, 1888, p. 175, d.d. 21/8/1888. Later (in 1888) het Yonge soos volg na die gebeure in 1886 verwys: „This Indian question was one of the burning questions of the day (1886). At that time the matter received very great expression of opinion on the part of the constituencies". Volgens Yonge was die meerderheid van die Natalse kiesers ontevrede met die wyse waarop die regering die Indiërvraagstuk gehanteer het.

81) Debates, Legislative Council, vol. 9, 1886 - 1887, p. 343, d.d. 17/11/1886.

82) Die redes wat tydens die bespreking van Yonge sê wetsontwerp genoem is, was soos volg: T. P. O'Meara het 'n nuwe euwel aan die lig gebring waaraan die kwekers hulle skuldig gemaak het, naamlik: „Land which has been a failure for coffee growing or sugar is let out to Coolies at a yearly rental for the purpose of Coolies growing produce to compete with the white people". Daarom wou O'Meara weet waarom die staat 'n jaarlikse subsidie van R20,000 moet betaal vir Indiër-immigrante wat inmeng met die regmatige handel van die blanke bevolking in Natal. Sir J. J. Bisset het bygevoeg dat die R20,000-subsidie verkeerdelik

Hulett was tydens die 1886-debat die enigste noemenswaardige kampvegter vir die kwekers se belange. Hy het aangevoer dat dit nie buitengewoon was dat die staat sekere noodsaaklike dienste en industrieë subsidieer nie. As voorbeelde het hy genoem die runderpes-inspekteurs wat uit die staatskas betaal is om die skaapboere te bevoordeel en die Berede Polisie wat hoofsaaklik die binnelanders sou bevoordeel het.[83)]

Deur taktvolle strategie het die Natalse regering Yonge se wetsontwerp verongeluk. Regeringslede se argument was dat Yonge se wetsontwerp op 'n ongeleë tydstip ingedien is voordat die Wragg-kommissie, wat juis die aangeleentheid moes ondersoek (sy werksaamhede is reeds op 6 Februarie 1885 begin), se verslag daaroor gereed was.[84)]

Daarom het Yonge hom half gedwonge gevoel om sy wetsontwerp, wat reeds deur die tweede lesing in die Wetgewende Raad was, terug te trek.[85)] Die binnelandse verteenwoordigers is verkeerdelik onder die indruk gebring dat die kommissie sy verslag gou ter tafel sou lê (werklik is dit eers in September 1887 in die Staatskoerant gepubliseer). Toe Yonge weer in Julie 1887 sy wetsontwerp wou indien omdat die kommissie se verslag nie, soos algemeen verwag was, ter tafel gelê is nie, was daar te veel binnelandse verteenwoordigers afwesig om dit deur te voer.[86)]

## 10. Samevatting.

Die bondgenootskap tussen die kus- en amptelike lede in die wetgewende Raad het verseker dat die tweede immigrasieskema in 1874 'n aanvang kon neem. Die Natalse Luitenant-goewerneur was egter nie tevrede dat die Kroon so afhanklik van die kuslede vir

---

vir die instandhouding van die Immigrasiedepartement aangewend word gedurende die tydperke wanneer geen kontrakarbeiders ingevoer word nie (Debates, Legislative Council, vol. 9, 1886 - 1887, pp. 94, 386, d.d. 28/9/1886, 24/11/1886).

83) Debates, Legislative Council, vol. 9, 1886 - 1887, p. 386, d.d. 24/11/1886).

84) Ibid, pp. 343, 385 - 386, d.d. 24/11/1886. Kyk ook vol. 10, 1887, p. 116, d.d. 29/6/1887.

85) Debates, Legislative Council, vol. 9, 1886 - 1887, pp. 385 - 386, d.d. 24/11/1886.

86) Ibid. Kyk ook vol. 10, 1887, p. 116, d.d. 29/6/1887.

die suksesvolle deurvoering van wetsontwerpe, soos dié i.v.m. Indiër-immigrasie, was nie. Hy het gevolglik in 1875 agt genomineerde lede, wat vir vyf jaar in die Raad sitting sou hê en die Kroon se invloed daardeur sou versterk, deur wetgewing aangestel gekry. Deur die versterking van die amptelike lede en die kuslede se posisie was daar voorlopig geen struikelblokke in die weg van Indiër-immigrasie vir Natal nie.

Namate die Indiërgemeenskap van Natal in getalle begin toeneem het, het die probleme wat dié gemeenskap sou skep, al hoe duideliker geword. Dit het vir die Indiërgemeenskap ook al hoe duideliker geword dat die blankes slegs daarin geïnteresseerd was om hulle arbeid te bekom, maar nie bereid was om aan hulle enige noemenswaardige regte toe te ken nie.

In 1880 het dit reeds duidelik geblyk (en dit is in 1890 in die Wetgewende Raad bekragtig) dat die blankes van Natal nie werklik bereid was, soos hulle in 1874 te kenne gegee het, om grond aan die Indiërs toe te ken nie. Dit was veral die geval met die kroongrond-wetsontwerp waarvolgens slegs blankes kroongrond kon koop en ook die weiering van 'n Natalse maatskappy om, soos aan emigrante in Indië belowe is, tuingrond aan kontrakarbeiders in Natal toe te ken. Dit was ook teen 1880 opvallend dat toe die probleme t.o.v. Indiër-immigrante wesenlik geword het, dit die kwekerverteenwoordigers was wat die heftigste besware teen die Indiërs as 'n „rasgroep" geopper het, ondanks die feit dat hulle, hoewel onregstreeks, vir Indiër-immigrasie verantwoordelik was.

Vanaf 1880 het die ou stryd tussen die kuslede en die binnelandse verteenwoordigers 'n verandering ondergaan. Dit was veral die Durbanse verteenwoordigers wat een na die ander hul standpunte t.o.v. Indiër-immigrasie gewysig het. Dit was begryplik, aangesien die inwoners van Durban se stedelike gebied die swaarste moes ly as gevolg van die mededinging deur Indiërs met blankes op handelsgebied en op die arbeidsveld.

Die kuslede het hulle bowendien teen 1880 ook nie meer so veel bekommer oor die binnelanders se teenstand teen Indiër-immigrasie nie, aangesien Indiër-immigrasie reeds 'n voldonge feit was.

Die toenemende aantal Indiërs en die toekenning van stemreg aan Indiërs was egter 'n bedreiging vir Natal in geheel, nie slegs vir 'n gedeelte van die land nie. Dit was veral die Indiërstemreg wat Natal

in die rigting van verantwoordelike bestuur gelei het, hoewel die kwekers graag die twee aangeleenthede, in hul eie belang, van mekaar wou skei. Aanvanklik was die beweging vir verantwoordelike bestuur sonder veel geesdrif en slegs tot die binneland en enkele kusverteenwoordigers, soos John Robinson, beperk.

Die meeste van die kuslede en genomineerde lede was, hoewel ten gunste van die inperking van die Indiërstem, teen verantwoordelike bestuur gekant. Onder verantwoordelike bestuur het daar 'n moontlikheid bestaan dat Indiër-immigrasie stopgesit kon word, wat nie in belang van die kwekers sou wees nie, terwyl die genomineerde lede hul lidmaatskap onder so 'n bestuur sou moes inboet. Om dieselfde rede wat vir die genomineerde lede gegeld het, was die amptelike lede begryplik ook teen verantwoordelike bestuur gekant. As gevolg van die gekombineerde teenstand van gemelde groepe is die kandidate ten gunste van verantwoordelike bestuur in die verkiesing van 1882 verslaan.

Vanaf 1882 tot 1883 was daar 'n tydelike wapenstilstand tussen die twee strydende partye in die Wetgewende Raad, maar vanaf 1884 het die ou stryd tussen die binneland en kus egter weer oor die staat se subsidie van R20,000 vir Indiër-immigrasie ontbrand, met die verskil dat sommige van die Durbanse verteenwoordigers hul lot nou by die binnelandse lede ingewerp het. Die binnelanders se standpunt was dat die tyd aangebreek het dat die kwekers self alle koste verbonde aan Indiër-immigrasie moes betaal, terwyl die kuslede vir die behoud van die subsidie geveg het.

In 1886 het die teenstanders van Indiër-immigrasie die oorwinning in die algemene verkiesing behaal, as gevolg waarvan Yonge, leier van die anti-Indiërbeweging, in staat gestel is om 'n wetsontwerp in te dien wat die beëindiging van die jaarlikse subsidie van R20,000 tot gevolg sou hê. Onder druk van regeringslede het Yonge egter besluit om sy wetsontwerp terug te trek nadat dit reeds suksesvol deur die tweede lesing geloods was. Hy het dit in goedertrou gedoen met die gedagte om eers te wag totdat die Wragg-kommissie, wat in 1885 aangestel is om die hele aangeleentheid van Indiër-immigrasie te ondersoek, sy verslag uitbring, maar die Natalse regering sou van die tussenproses gebruik maak om sy eie posisie te versterk.

# HOOFSTUK 7.

## DIE WRAGG-KOMMISSIE, SY POLITIEKE REPERKUSSIES EN DIE IMPLIKASIES VAN WET 25/1891.

### 1. Die Wragg-kommissie en sy bevindings.

Van al die kommissies oor die Indiërvraagstuk in Natal was die Wragg-kommissie seker die belangrikste en daarom is dit nodig om in hierdie hoofstuk nadere besonderhede aangaande dié kommissie se verslag en die onmiddellike politieke reperkussies daarvan te verstrek, asook in hoeverre dit tot Wet 25/1891 en verantwoordelike bestuur aanleiding gegee het. Vanweë die groot rol wat hierdie wet i.v.m. Indiër-immigrasie gespeel het, word ook daaraan besondere aandag gegee.

Die Wragg-kommissie se verslag is in September 1887, nadat die kommissie 2½ jaar tevore, in Februarie 1885, met sy werksaamhede begin het, in die Natalse staatskoerant gepubliseer.[1] Dit was een van die omvattendste ondersoeke wat ooit in Suid-Afrika oor Indiër-immigrasie onderneem is. Die kommissie het die meeste van die belangrikste plantasies besoek, asook die belangrikste inrigtings, hospitale, depots en ander geboue wat enigsins op die ondersoek lig kon werp. Verder is altesaam 72 Natalse koloniste en 42 Indiërs ondervra, maar geen Bantoe het getuienis gelewer nie.[2] Die kommissie het oor altesaam 44 onderwerpe verslag gedoen en in die meeste gevalle aanbevelings aan die hand gedoen.

Hoewel die sitting van die Natalse Wetgewende Raad tot laat Augustus 1887 geduur het, is die verslag van die kommissie nie ter tafel gelê nie, ondanks die feit dat telkens deur lede daarom gevra is.[3] Dit wil voorkom asof die Natalse regering nie begerig was om die verslag ter tafel te lê nie omdat die regeringsbeleid verskil het van die hoofaanbevelings van die verslag, veral ten opsigte van die jaarlikse subsidie van R20,000. Dit sou later ook blyk uit die houding van regeringslede tydens die sitting van die Wetgewende Raad van 1888. Daar het ook nooit 'n volwaardige bespreking van

---

1) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887. Die lede van die Wragg-kommissie was regter W. Wragg (voorsitter), dr. R. Lewer en mnre. H. F. Robertson en J. R. Saunders. Hulle was karaktervolle manne en leidende figure in die samelewing (Debates, Legislative Council, vol. 12, 1888, p. 175, d.d. 21/8/1888).

2) Ibid; II, 11/1/26, 460/1885: Beskermer van Immigrante se jaarverslag vir 1884.

3) Debates, Legislative Council, vol. 10, 1887, pp. V - X.

hierdie belangrike verslag in die Wetgewende Raad plaasgevind nie. Die Natalse regering het slegs aan minder omstrede aanbevelings die nodige aandag geskenk.

Daar was byvoorbeeld die geval van Woods wat sy kontrakarbeiders mishandel het. Nadat die Goewerneur hierdie aangeleentheid na die kommissie verwys het vir verdere ondersoek, is die Beskermer van Immigrante se optrede om geen kontrakarbeiders meer aan Woods toe te ken nie, verwerp. Die Goewerneur het die kommissie se beslissing aanvaar aangesien daar geen groot beginsel op die spel was wat Indiër-immigrasie in die toekoms sou kon bemoeilik nie.[4) Ter opvolging van die kommissie se beslissing het die Goewerneur ook bygevoeg dat aangesien Woods die voorafgaande drie jaar geen verdere toekennings van kontrakarbeiders ontvang het nie, hy reeds genoeg gestraf was en dat kontrakarbeiders wel weer aan hom toegesê kon word.[5)]

Ook in die geval van klagte wat Indiërs in diens van die Natalse Spoorweë aanhangig gemaak het, het die Goewerneur die standpunt van die Wragg-kommissie onderskryf en beide die Beskermer van Immigrante en die Superintendent van Indiese Arbeid (die heer Manistry) ten sterkste berispe oor eersgenoemde se traagheid om gereeld besoeke aan Indiërs in diens van die Spoorweë te bring en oor die onreëlmatighede waaraan laasgenoemde hom skuldig gemaak het.[6)] Die onenigheid in die spoorweghospitaal het voortgeduur totdat die Goewerneur in Augustus 1889 aan die Beskermer van Immigrante opdrag gegee het „to exercise a close supervision of it".[7)]

Die angel van die kommissie se aanbevelings was egter dat die staat nie verder jaarliks R20,000 tot Indiër-immigrasie moes bydra nie „with a view to putting some check on immigration in the future".[8)]

---

4) II, 11/1/41, 1123/1187: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 9/2/1888.
5) Ibid.
6) II, 11/1/43, 211/1888: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/2/1888. Kyk ook The Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887, Wragg-kommissie se verslag, p. 25.
7) II, 11/1/50, 919/1889: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/8/1889.
8) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.

Oor hierdie uiters belangrike en kontensieuse aanbeveling het die Natalse regering algehele swye bewaar. Dit is begryplik, aangesien die Natalse regering, as amptelike verteenwoordiger van die Britse Kroon, nie die stroom van Indiër-immigrante na Natal wou belemmer nie.

2. Yonge se pleidooi vir die beëindiging van die staat se subsidie.

Dit was juis na aanleiding van die kommissie se aanbeveling dat Yonge in Augustus 1888 weer sy 1886-wetsontwerp, wat die beëindiging van die jaarlikse subsidie van R20,000 tot gevolg sou hê, ingedien het.[9] Die bewoording was ietwat verskillend, maar die strekking was dieselfde. Ongelukkig vir Yonge het sommige lede van die Wetgewende Raad hul sienswyse sedert 1886 verander, ondanks sy beroep op sommige lede „to be true to the principles upon which they were returned upon (in the election of 1886)". Yonge het verduidelik dat die tweede lesing van gemelde wetsontwerp in 1886 aanvaar is, maar dat dit nooit wet geword het nie, „because of the Commission which was sitting at the time on this Indian question and it was thought not desirable that this important matter should be rushed".[10]

Yonge het ter ondersteuning van sy wetsontwerp die geweldige hoë koste wat die Indiërgemeenskap vir Natal op die hals gehaal het, beklemtoon, en o.a. ook verwys na die groot omvang van hofsake waarin Indiërs betrokke was.[11] In Durban bv. is uit 'n totale Indiërbevolking van 26,000 altesaam 17,000 in howe veroordeel. Hy het ook weer die argument van O'Meara herhaal, naamlik dat blanke boere hul grond aan Indiër-immigrante wat vry geword het, verhuur het,[12] wat die blanke boere in staat gestel het om 'n goeie bestaan met die huurgeld te maak sonder om self te werk terwyl die Indiër-immigrante wat hul plase gehuur het, boere geword het en nie langer arbeiders was nie.[13]

---

9) Dit was nie slegs een van die langste toesprake wat ooit in die Wetgewende Raad oor die Indiërvraagstuk gehou is nie, maar dit was ook een van die pittigste.

10) Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, p. 175, d.d. 21/8/1888. Dit sou vir Yonge moontlik gewees het om sy wetsontwerp destyds aangeneem te kry, maar soos hyself verduidelik: „We who at that time happened to be in the majority wished to take no mean advantage of some honourable members who might not have been present".

11) Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, pp. 175 - 176, d.d. 21/8/1888.

12) Vir O'Meara se sienswyse, kyk p.154.

13) Yonge het in dié verband die volgende uit die jaarverslag van die magistraat van Inanda, 1887, aangehaal: „European landowners have given up their lands to the Indians as being able to secure thereby an easier and surer profit than by working it themselves". Dit is waarom die helfte van die Natalse Indiërbevolking, volgens Yonge, in die distrik Inanda woonagtig was. Bogemelde magistraat het beweer dat blankes deur die Indiërs uit die distrik Inanda verdryf word, want in 1885 was daar 1,393 blankes teenoor 1,218 in 1887 (Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, pp. 175 - 178, d.d. 21/8/1888).

Met verwysing na die Indiërs as 'n gevaar op handelsgebied, het Yonge beklemtoon dat hy dit nie teen regverdige handelsmededinging gehad het nie, maar wel teen die oneerlike metodes wat baie van die Indiërs toegepas het. So bv. het daar gedurende 1883 en 1887 altesaam 68 Indiërhandelaars bankrot gespeel en moes die skuldeisers 'n totale bedrag van R22,734 skade ly.[14)] Yonge het ook verwys na die getuienis van superintendent Alexander van die Natalse Polisie dat sowat tweeduisend Indiërs rondom Durban se grense gelokaliseer was en op dié wyse alle belastings vrygespring het en o.a. ook in die geheim sterk drank aan die Bantoes teen honderd persent wins verkoop het.[15)] Yonge het dit ook gehad teen die groot bedrae wat Indiërkontrakarbeiders uit Natal geneem het nadat hul dienstyd verstreke was. Hy meen dat dit vir hulle onmoontlik sou gewees het om die groot bedrae tydens hulle dienstermyn te kon gespaar het; hulle moes dit derhalwe op ander maniere verkry het en veral uit handel in mededinging met die blankes.[16)]

Yonge was van mening dat die Natalse regering al genoeg geldelike ondersteuning aan Indiër-immigrasie verleen het. Hy verwys bv. na R200,000 wat in 1864 aan die Indiër-immigrasiefonds geleen is, maar weens 'n gebrek aan die nodige rekwisisies van die kwekers is slegs tussen R60,000 en R65,000 daarvan vir Indiër-immigrasie gebruik; twee bedrae van R120,00 elk wat in 1876 aan die Trustraad geleen is en altesaam R267,858 wat ingevolge wette van 1872 en 1874 aan die Trustraad gegee is. Volgens Yonge kon Natal in dié verband nie met Demerara, Mauritius, Ceylon en ander suikerproduserende lande vergelyk word nie, omdat Natal nie uitsluitend 'n suikerproduserende gebied was nie. Natal beskik naamlik oor 'n groot binneland waar 'n bestaan hoofsaaklik uit veeboerdery en suiwelprodukte gemaak word, het hy aangevoer.[17)]

'n Interessante argument van Yonge was sy verwysing na Queensland (Australië) se teenkanting om Indiërs vir hul suikerbedryf in te voer. In dié verband het die Eerste Minister van Queensland bv. in 1884 verklaar: „The men (Indian contract workers) could not be

---

14) Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, pp. 175 - 178, d.d. 21/8/1888.
15) Ibid.
16) Ibid.
17) Ibid, pp. 175 - 180, d.d. 21/8/1888.

expelled at the expiration of the period, and the Colony would be practically committed to a course of action the social and political results of which are only too clearly shown by the unvarying history of other countries".[18] Hierdie argument was so gedug dat Yonge se teenstanders nooit daarna durf verwys het nie.

Aangesien die Indiërgemeenskap besig was om so vinnig toe te neem (van 9,914 in 1875 tot 40,159 in 1885) wou Yonge weet waarom nog meer immigrante na Natal moes kom, waar alreeds 500,000 Bantoes en 40,000 Indiërs gewoon het. Daarbenewens was die geboortesyfer van die Indiërs hoog en het dit steeds vermeerder (26.04 in 1884 teenoor 28.60 in 1887), terwyl die sterftesyfer verbasend laag was.[19]

Yonge het voorts uit verslae van die Beskermer van Immigrante aangehaal om aan te toon dat groot getalle kontrakarbeiders nie na Indië wou terugkeer na die verstryking van hulle dienstermyne nie, terwyl ander wat wel na Indië teruggekeer het, weer na Natal toe gekom het omdat Indië, en veral Kalkutta, vir hulle te warm geword het. Gevolglik, het Yonge beweer, het die aantal stemgeregtigde Indiërs vinnig toegeneem. In Durban alleen was reeds 60 van hulle op die kieserslys in 1888.[20]

Yonge het dus aan die hand gedoen dat aangesien daar in 1888 slegs 4,400 kontrakarbeiders in Natal in diens was, dié getal baie maklik uit die groot aantal Bantoes aangevul kon word, en dit is presies ook wat die Wragg-kommissie aanbeveel het. Volgens Yonge het die Natalse regering geweier om iets aan die saak te doen, want solank die staat jaarliks R20,000 aan die Trustraad geskenk het, was dit nie nodig om die Bantoes vir die suikerplantasies op te lei nie.[21]

Yonge het die Prokureur-generaal se argument insake die plegtige ooreenkoms van 1874 met betrekking tot die R20,000-subsidie verwerp, want, het hy gesê, „the spirit of that compact was broken on the day that the Indians imported to become labourers, became Colonists". Bowendien, het hy bygevoeg, kon 'n ooreenkoms wat in 1874 aangegaan is, nie vir altyd voortduur nie; die Wetgewende Raad kon nie vir altyd deur sy voorgangers gebind word nie.[22]

---

18) Ibid, pp. 179 - 180, d.d. 21/8/1888.
19) Ibid, pp. 180 - 181, d.d. 21/8/1888.
20) Ibid, pp. 179 - 181, d.d. 21/8/1888.
21) Ibid, pp. 180 - 181, d.d. 21/8/1888.
22) Ibid.

Ten slotte het Yonge hom nie ten gunste van 'n onmiddellike stopsetting van Indiër-immigrasie verklaar nie, altans nie voordat 'n goeie alternatief daarvoor gevind kon word nie. Wat Yonge egter onmiddellik verlang het was dat die kwekers self die totale koste verbonde aan Indiër-immigrasie moes dra en dat die kontrakarbeiders verplig moes word om ná die verstryking van hul dienstermyne na Indië terug te keer.[23]

Die kwekers het hulle intussen sedert 1886 gereed gemaak vir Yonge se offensief. Verseker van die regering se ondersteuning, het hulle hul standpunt met soortgelyke bedrewendheid as dié van Yonge gestel. Die vernaamste woordvoerders van die kwekers was J. L. Hulett, T. Groom (Victoria-Graafskap), Henry Binns en W. Hartley (Durbanse graafskap).[24]

Die kwekers het argumente aangevoer wat nie altyd steek gehou het nie. Eerstens is verklaar dat Indiër-immigrasie in 1874 hervat is omdat Natalse Bantoes na die diamantvelde van Kimberley gelok is en daarna weer na die Transvaalse goudvelde en Noord-Natal se steenkoolmyne. Ondanks hierdie argument van die kwekers is dit egter te betwyfel of die verhuising van 'n gedeelte van Natal se reuse Bantoebevolking 'n noemenswaardige uitwerking op die suikerbedryf sou gehad het. Die kwekers het in hulle argument nie behoorlik geantwoord op die vraag of daar nie 'n ernstige poging aangewend behoort te gewees het om die Bantoes vir die suikerbedryf op te lei nie. Was dit nie juis die Indiër-immigrasieskema wat laasgenoemde pogings in die wiele gery het nie ?

Tweedens is gesê dat die jaarlikse subsidie van R20,000 van die staat in 'n mate as vergoeding dien vir die eerste twee jaar waartydens die kwekers die kontrakarbeiders moet oplei voordat hulle van enige nut is, want nadat die dienstermyn van die kontrakarbeiders verstreke is, gaan hulle by private instansies werk wat dan die voordeel geniet van die opleiding wat die kwekers verskaf het.

Wat hierdie argument van die kwekers betref, moet egter in gedagte gehou word dat dit nie die private instansies was wat op Indiër-immigrasie aangedring het nie, maar wel die kwekers self.

---

23) Ibid.
24) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 64 - 65, 421 - 424, d.d. 13/5/1891 en 6/7/1891; Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, pp. 212 - 215, d.d. 23/8/1888.

Die rede is voor-die-hand-liggend. Die arbeidsvoordele wat die kwekers uit die immigrasieskema behaal het, het dié van die private instansies ver oortref, met die logiese gevolg dat die kwekers gretiger as private instansies was om die skema in stand te hou. Die kwekers wou dus so lank as moontlik die subsidie van die staat behou. Dit is waarom die kwekers se teenstanders, soos Escombe bv., daarop geantwoord het: „What do we care about the cost of the labour ? Let the men who employ the labour deal with the cost. It is not part of the duty of this Council to provide cheap labour for any class of the inhabitants of this country, and if they find labour too expensive let the expense of the labour in accordance with the ordinary laws of supply and demand regulate the number of Indians who come here".[25)]

Die kwekers was nie teen die immigrante as kontrakarbeiders gekant nie, want laasgenoemde het vir hulle gewerk, maar die Indiërhandelaars en die Kreole van Mauritius was volgens die kwekers die ongewenstes omdat hulle met die blanke sakemanne gekonkurreer het. Die kweker Binns het selfs daarop aangedring dat skepe wat handelaars na Natal bring, met R100 beboet moes word, maar Binns se standpunt het geen rekening gehou met die feit dat baie van die kontrakarbeiders ook met die blankes begin wedywer het sodra hul dienstermyne verstryk het nie.[26)]

3. <u>Eerste poging om kontrakarbeiders na die verstryking van hul dienstermyne na Indië te laat terugkeer.</u>

Hoewel Yonge se wetsontwerp met 15 teen 10 stemme deur die Wetgewende Raad verwerp is, het een van die leiers onder die kweker-verteenwoordigers, Henry Binns, onmiddellik na die verwerping daarvan 'n amendement voorgestel wat as 'n adres aan die Goewerneur gerig moes word. Daarvolgens sou die Natalse regering versoek word om 'n wetsontwerp in te dien waarin al die Indiërwette van Natal saamgevat en wysigings, waar nodig, aangebring word. Binns het egter nog 'n

---

25) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 64 - 65, 421 - 424, d.d. 13/5/1891 en 6/7/1891. Die kweker Hulett het sy teenstanders probeer bang maak met 'n dreigement dat indien die kwekers self al die koste verbonde aan Indiër-immigrasie moes dra, gewese kontrakarbeiders nie na Indië sou terugkeer nie, want die Indiërs is as Britse onderdane geregtig om hulle in Natal te vestig, m.a.w. die implikasie was dat dit hoofsaaklik die staat se subsidie was wat 'n vry oortog van kontrakarbeiders terug na Indië moontlik gemaak het.

26) Debates, Legislative Council, vol. 12, 1888, pp. 12 - 15, d.d. 25/7/1888.

deel by sy amendement gevoeg en daarmee het die Natalse regering, meer bepaald die Goewerneur, nie saamgestem nie. Dit het gelui: „That the Council considers it advisable for the Government and the Indian Immigration Department to send an Agent to India to confer with the authorities there, with a view to all Indians who may come to this Colony after the coming into force of a new law being returned to India when their period of industrial service may be completed".[27)]

Dit was uit die oogpunt van die binnelanders nietemin 'n stap in die regte rigting, maar weer eens het die Natalse regering 'n taktiek toegepas wat die laaste deel van Binns se amendement wou omseil, ondanks die feit dat regeringslede ten gunste van Binns se amendement gestem het.[28)]

4. <u>Die aanstelling van 'n spesiale komitee om die Wragg-kommissie se verslag te bestudeer en aanbevelings te doen.</u>

Die Natalse regering het voortgegaan om 'n vertragingstaktiek insake die opvolging van die Wragg-kommissie se aanbevelings te volg.[29)] 'n Spesiale komitee waarvan kol. F. Curtis van die Natalse kommandement die voorsitter was, is aangestel om te probeer bepaal in hoeverre die Wragg-kommissie se aanbevelings in wetvorm beliggaam kon word.[30)]

Die komitee het bevind dat wetgewing nodig was ten opsigte van die volgende minder omstrede aangeleenthede: 1) Indiërhuwelike en -egskeidings; 2) besmetting van waterstrome; 3) gebruik van sterk drank; 4) terugsending van liggaamlik en geestelik ongeskikte kontrakarbeiders; 5) hospitalisasie t.o.v. veneriese siektes; 6) Sondagarbeid; 7) die fondse vir mediese dienste en kranksinniges. Die belangrikste aanbeveling van die komitee, naamlik dat die jaarlikse subsidie van R20,000 deur die staat in stand gehou moes word, was presies die teenoorgestelde as dié van die Wragg-kommissie.[31)]

---

27) Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, pp. 180 - 181, d.d. 21/8/1888.
28) Ibid, pp. 208 - 210, d.d. 23/8/1888.
29) Die Natalse regering het egter twee klein toegewings aan die binnelanders ten opsigte van Indiër-immigrasie toegelaat: Een lid van die Trustraad sou voortaan die binneland verteenwoordig en aan die Indiërarbeiders in diens van die Natalse Spoorweë sou nie meer slegs rysrantsoene gegee word nie, maar half-rys en half-mieliemeel omdat dit 'n besparing sou meebring (Debates, Legislative Council, 1888, vol. 12, pp. 240 - 242, 358 - 359, d.d. 30/8/1888 en 20/9/1888).
30) GH 64, 2688/1889: Verslag van die Komitee, d.d. 31/1/1889.
31) Ibid.

Oor die jurisdiksie van die Beskermer van Immigrante in sake waarin Indiërs betrokke was, het die Prokureur-generaal van die res van die komitee verskil en die Wragg-kommissie se standpunt onderskryf, naamlik dat die Beskermer van Immigrante nie as 'n geregsdienaar moes optree nie. Die Goewerneur het egter die Trustraad se aanbeveling aanvaar dat die Beskermer van Immigrante wel sake waarin Indiërs betrokke was, behoort te verhoor, aangesien die meerderheid van die komiteelede dit aanbeveel het.[32)]

Daarop het die Uitvoerende Raad besluit dat 'n wetsontwerp, in ooreenstemming met die komitee se verslag, opgestel moes word. Die beoogde wetsontwerp sou dus in twee opsigte van die aanbevelings van die Wragg-kommissie verskil, naamlik ten aansien van die jaarlikse subsidie van R20,000 en die Beskermer van Immigrante se verhoor van Indiërsake. Wat laasgenoemde betref, het die Britse regering egter daarop aangedring dat die Wragg-kommissie se bevinding gehandhaaf moes word.[33)]

## 5. Die Goewerneur dwarsboom die sending van 'n afgevaardigde na Indië.

Sonder om uitvoering te gee aan die adres wat deur die Wetgewende Raad aan hom gerig is, naamlik om 'n afgevaardigde na Indië te stuur om die kwessie van die verpligte terugsending van kontrakarbeiders te bespreek, het die Goewerneur die gemelde wetsontwerp wat deur die Prokureur-generaal, op grond van die komitee se aanbevelings, opgestel is, aan die Britse Minister van Kolonies vir goedkeuring deurgestuur.[34)] In 'n begeleidende brief het hy sy optrede soos volg verduidelik: „I do not at present see any necessity for incurring the expense of sending an agent from Natal to confer with the Indian Government on this Bill, but if Your Lordship or the Secretary of State for India should deem such a course desirable I shall be ready to despatch to Calcutta, a person conversant with the bearing of the whole subject on the receipt from Your Lordship of telegraphic instructions, or if, after the arrival in India of the Bill, the Government of India should desire to consult with a specially instructed person,

---

32) GH 64, 2688/1889: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 16/1/1889.
33) GH 64, 2688/1889: Klerk van die Uitvoerende Raad aan Goewerneur, d.d. 14/3/1889; GH 70, 6317/1890: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 30/9/1890.
34) GH 64, 2688/1889: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 2/9/1889.

other than the local Emigration Agent of Natal, I would ask that a telegram to that effect be sent to me from Calcutta".[35)]

Die Goewerneur het dus nou die hele aangeleentheid in die hande van die regerings van Brittanje en Indië gewerp, maar die Britse regering vooraf gekondisioneer deur te skryf dat die sending van so 'n afgevaardigde eintlik nie nodig was nie.

Dit is verstaanbaar dat die Wetgewende Raad nie oor hierdie houding van die Goewerneur tevrede sou wees nie en daarom het die Goewerneur ook nie die Wetgewende Raad van sy optrede verwittig nie. Daarom is dit begryplik dat etlike lede van die Wetgewende Raad later die Natalse regering van troubreuk in die saak beskuldig het.[36)]

Die Indiese regering was, soos verwag kon word, heeltemal tevrede met die Natalse Goewerneur se standpunt dat dit onnodig was om 'n Natalse afgevaardigde na Indië te stuur omdat die Indiese regering geen belang gehad het in die wetsontwerp waaroor die Natalse afgevaardigde in Indië sou moes onderhandel nie.[37)] Die Natalse Wetgewende Raad wou egter nie 'n afgevaardigde na Indië stuur om oor die wetsontwerp te onderhandel nie, maar wel oor die verpligte terugkeer van kontrakarbeiders na Indië na voltooiing van hul dienstermyn in Natal. Die Natalse Goewerneur het die Indiese regering mislei aangaande die motiewe vir die Natalse afgevaardigde omdat hy nie ten gunste van so 'n sending was nie. Die Goewerneur wou nie die kontrakarbeiders verplig om na Indië terug te keer nie.[38)]

6. Die Goewerneur se optrede gee aanleiding tot 'n beweging ten gunste van verantwoordelike bestuur.

Die optrede van die Natalse regering, veral die Goewerneur se verontagsaming van die Natalse volkswil insake die sending van 'n afgevaardigde na Indië, was een van die redes wat sedert 1890 aangevoer is om verantwoordelike bestuur te verkry. Toe Yonge in Julie 1890 oor verantwoordelike bestuur in die Wetgewende Raad gepraat het, het

35) Ibid.
36) Vir verdere besonderhede kyk p. 171.
37) GH 70, 6317/1890: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 30/9/1890, en Indiese regering aan Britse Koloniale Kantoor, d.d. 5/8/1890.
38) GH 64, 2688/1889: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 1/9/1889.

hy verwys na bogemelde pogings van die Natalse regering om die binnelanders te mislei en dit as rede aangevoer waarom die binnelanders ten gunste van verantwoordelike bestuur was. Hulle was gekant teen 'n stelsel waardeur lede van die Natalse regering, sonder dat hulle deur die volk gekies is, met die hulp van die kwekerverteenwoordigers, in beheer kon bly waardeur „sectional and commercial influence" bo die belange van Natal gestel is.[39)]

7. Die anti-Indiërbeweging aktief.

Yonge se poging om die beoogde wetsontwerp van die Natalse regering ter tafel te laat lê, het misluk, maar die Wetgewende Raad het nogtans, op sy voorstel, besluit om nie verdere grondtoekennings aan Indiërs te maak in ruil vir 'n vry oortog terug na Indië nie.[40)]

Ook J. F. King (Durbanse graafskap) 'n ander stryder teen Indiër-immigrasie, kon nie met 'n voorstel slaag om Indiër-immigrasie tydelik opgeskort te kry tot die gekonsolideerde wetsontwerp van die Prokureur-generaal deur die Wetgewende Raad beoordeel kon word nie.[41)] As rede vir sy voorstel het King verwys na die feit dat die Natalse regering in gebreke gebly het om uitvoering te gee aan Binns se amendement van 1888 waarin die Natalse regering versoek is om 'n afgevaardigde na Indië te stuur om die Indiese regering te oorreed om alle immigrante wie se dienstyd verstreke was, te verplig om na Indië terug te keer. Volgens King was die doel van Binns se amendement slegs om Yonge se wetsontwerp te verongeluk, m.a.w. Binns, wat die kwekers se belange verteenwoordig het, was nie ernstig om druk uit te oefen om sy eie wetsontwerp, wat geen waarde vir die kwekers sou inhou nie, tot uitvoering te bring nie. Binns sou sy amendement dus slegs ingedien het om die binnelanders se aanval op Indiër-immigrasie af te water.[42)]

---

39) Debates, Legislative Council, vol. 14, 1890, pp. 395 - 396, d.d. 23/6/1890.
40) Ibid, pp. 238 - 239, 445 - 446, d.d. 29/5/1890 en 30/6/1890.
41) Ibid, pp. 288 - 289, d.d. 5/6/1890.
42) Ibid. Dit is daarom dat King beweer het: „We are getting worse every year, and it looks as if the more the European people of this Colony and of South Africa object to this element being introduced, the more determined are the Government on introducing them".

8. Escombe verander van sienswyse.

Escombe het sedert sy botsing met die Luitenant-goewerneur in 1883 oor die aanstelling van 'n Beskermer van Immigrante en daarna met die Natalse regering in 1886 oor 'n lisensie om vyftig Indiërs na die Kongo te neem, sy pro-regering houding tot een van neutraliteit verander.[43] Sy standpunt was: „I do not care a sixpense one way or the other whether Indians come here or not". Nogtans het 'n Durbanse kieser wat hom teen middernag in 'n Durbanse straat tromp-op geloop het met die uitdaging, „Well, Escombe, what about the Indian question ?" hom tot nadenke gestem, en hy het nie daaraan getwyfel nie „that the view expressed by that mechanic is a view entertained by a very great number of men".[44]

Escombe kom dus in 1890 tot 'n baie eenvoudige, dog uiters belangrike gevolgtrekking dat „a limit must be put sooner or later to the number of Asiatics for whom a home is found in Natal".[45] Hy het nou sy neutrale houding laat vaar wat 'n duidelike beleidsverandering is. Hy sou nou met sy eertydse politieke teenstanders saamwerk in die rigting van verantwoordelike bestuur om sy Indiërbeleid te verwesenlik. Escombe sou trouens voortaan as die leier van die anti-Indiër-immigrasie-beweging optree.[46]

Aanvanklik het Escombe nie 'n besonder sterk houding teen Indiërimmigrasie ingeneem nie. Hy was slegs bekommerd oor die handels-

---

43) Hattersley, A. F. Later Annals of Natal, Londen, 1938, Eerste Druk, p. 176. Eintlik het Escombe se verwydering van die regering önder verteenwoordigende bestuur reeds in Julie 1883 plaasgevind toe hy as gevolg van 'n twis oor die aanstelling van 'n nuwe Beskermer van Immigrante nie weer deur luitenant-goewerneur Bulwer as lid van die Uitvoerende Raad genomineer is nie (EC 11, Minutes of the Executive Council, July 1883, pp. 380 - 382). In 1886 het 'n voorval plaasgevind wat verder tot verslegting van die verhouding tussen Escombe en die Natalse regering gelei het. Die indirekte aanleiding daartoe was 'n voorval oor 'n lisensie wat Escombe van die Beskermer van Immigrante verkry het om vyftig Indiërs na die Kongo te neem. Die Natalse Luitenant-goewerneur het sy misnoeë met die toekenning van die lisensie te kenne gegee. Escombe was van mening dat die Natalse regering nie in bogemelde geval kon inmeng nie, maar die Luitenant-goewerneur het nogtans 'n telegram aan die Indiese regering gestuur om vas te stel hoe laasgenoemde daaroor voel (II, 11/1/34, 456/1886: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 6 April 1886; II, 11/1/34, nr. 499/1886: Beskermer van Koloniale Sekretaris, d.d. 22/4/1886 en telegram van Goewerneur, Natal, aan Sekretaris, Indiese regering, d.d. 5/5/1886).

44) Debates, Legislative Council, vol. 14, 1890, pp. 289 - 291, d.d. 5/6/1890.

45) Ibid.

46) Lees verder (pp. 170-172) in hierdie hoofstuk.

konkurrensie tussen blankes en Indiërs en het tevergeefs gepleit vir 'n kommissie van ondersoek in dié verband.[47] Hy was egter nie bereid om teen die staat se bydrae tot Indiër-immigrasie te velde te trek alvorens die implikasies daarvan vir hom duidelik was nie, want 8,585 kontrakte sou as gevolg daarvan in gedrang kom.[48]

9. Die bondgenootskap tussen Escombe en Robinson.

Van groot belang was die noue bondgenootskap wat daar sedert 1890 tussen Escombe en sy eertydse kollega van die Durbanse graafskap, John Robinson, ontwikkel het. Robinson het reeds lank voor Escombe 'n beleidsverandering ten opsigte van Indiër-immigrasie aangekondig, wat hy in 1890 weer eens bevestig het: „They (Indians) may make good labourers, they no doubt are good labourers, they may make good hawkers; but I maintain they do not make good Colonists".[49] Toe Robinson by 'n later geleentheid in 1891 die bewering maak „that if it (Indian population) goes on increasing as it is doing, in a few year's hence it will exceed 100,000", het Escombe hom heelhartig ondersteun met „it must do".[50]

10. Die anti-Indiërbeweging val die regering aan oor die versuim om 'n afgevaardigde na Indië te stuur.

In Julie 1891 het Escombe die eerste maal as groot kampvegter van die anti-Indiërbeweging opgetree. Hy het in die Wetgewende Raad uit die dépêches wat tussen die Natalse Goewerneur en die Indiese regering via die Britse regering gewissel is, aangehaal om die optrede van die Goewerneur aan die kaak te stel. Daaruit het geblyk dat die Goewerneur te kenne wou gee dat hy, ondanks die feit dat hy persoonlik gekant was teen die sending van die afgevaardigde na Indië om oor die verpligte repatriasie van kontrakarbeiders te onderhandel, nogtans so 'n afgevaardigde na Indië sou stuur. Dit het hy egter nie gedoen nie. Daarom beweer Escombe: „We find that promise broken, and we find not only that promise broken, but we find that secrecy is observed with respect to that particular matter, and the replies made by the Governor-General of India appear to indicate that he refused the presence there of the promised agent, and only because the revision of the law did not require the presence of the

47) Debates, Legislative Council, vol. 14, 1890, pp. 289 - 291, 295, d.d. 5/6/1890.
48) Sessional Papers, Legislative Council of Natal, First Session, Thirteenth Council (Special Session), 1890 - 1891, No. 8, p. 29, d.d. 12/1/1891.
49) Debates, Legislative Council, vol. 14, 1890, p. 294, d.d. 5/6/1890.
50) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 149 - 150, d.d. 3/6/1891.

agent, and he having it in his mind there is no doubt that the question of the return to India of the Indians on the expiry of their industrial service was not under consideration in any shape or form".[51)]

11. Die Anti-Indiërbeweging se teenstand teen die wetsontwerp wat tot Wet 25/1891 gelei het.

Die optrede van die Goewerneur om nie uitvoering aan die resolusie van die Wetgewende Raad te gee nie, het die Natalse regering onder verdenking gebring. King het die Natalse regering tydens die debat insake die gekonsolideerde wetsontwerp aangeval oor die feit dat die Trustraad beheer oor immigrasie-amptenare gegee is, waardeur die invloed van die kwekers verder uitgebrei sou word. Hy het sy aanval soos volg geloods: „I accuse them of in this Bill ..... putting these officers outside of our influence, which is against the principle of constitutional government. In deference to the wishes of the House I will allow the Government to defend themselves, and if they will not condescent to defend themselves then we will know their power; we will know they are under some influence which they cannot check, and which binds them down; that they actually have no freedom of thought, that however much they wish Natal to be peopled with Europeans still they must carry on in their old way of flooding the place with Indians, and they are actually making themselves the tools of the few interested parties that want it. That is the way I look upon the Government as being men who are not free, men who cannot follow their own opinions, and, knowing they are going out of office, notwithstanding that, they will go on the old lines to the very last, and pursue their old habits to the last gasp. Some poor men carry their habits to the grave with them, and I suppose so will the Government".[52)]

Die gevolg was dat toe die Prokureur-generaal die wetsontwerp insake die konsolidasie van bestaande Indiërwette ingedien het, nadat die regerings van Brittanje en Indië onder sekere voorwaardes hulle goedkeuring daaraan geheg het, die binnelandse verteenwoordigers, ondersteun deur Robinson en Escombe van die Durbanse graafskap, dit nie wou aanvaar nie.[53)]

---

51) Ibid, pp. 421 - 424, d.d. 6/7/1891.
52) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, p. 147, d.d. 3/6/1891.
53) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 195 - 203, 240 - 244, 302, d.d. 9/6/1891, 15/6/1891, 23/6/1891.

Toe die wetsontwerp in Mei 1891 onder bespreking gekom het, het H. E. Stainbank (Durbanse graafskap) verklaar: „I want to know from the Government why it was they did not accede to the resolution passed by this Council before they introduced this Bill. That resolution was a request that arrangements should be made with the Indian Government in order that those labourers who come to this Colony should come as labourers only. Year after year we have been told on asking questions on the subject that a Bill had already gone to the Indian Government, and therefore we were led to expect by implication that it was in that direction. But we have not been told in the least why this has not been done".[54)]

Escombe en Robinson het hulle aangesluit by Stainbank se kritiek. Escombe het beweer dat die R20,000 wat die Wetgewende Raad jaarliks verplig was om tot Indiër-immigrasie by te dra, 'n ongesonde konstitusionele beginsel was. By 'n ander geleentheid toe die debat in Julie 1891 hervat is, het hy verwys na 'n „immorele ooreenkoms" wat die kwekerverteenwoordigers onder leiding van Binns met die regering aangegaan het om die gekonsolideerde wetsontwerp te ondersteun.[55)]

Toe die debat oor die omstrede gekonsolideerde wetsontwerp in 1891 voortgesit is, het dit feitlik klousule vir klousule in 'n woordestryd tussen die Prokureur-generaal en Escombe ontwikkel. Escombe het dit veral gehad teen die haastige wyse („dragooned") waarop die regering die meer as honderd klousules van die wetsontwerp deur die komiteestadium geloods het. Die regeringslede kon die omvattende wetsontwerp deur die Wetgewende Raad haas omdat hulle vooraf verseker was van die ondersteuning van die kwekerverteenwoordigers. Laasgenoemde het selde tydens die hele lang debat enige kritiek op die wetsontwerp gelewer, want hulle het hulself vooraf gebind om dit te ondersteun. In hierdie verband het Escombe na die kwekerverteenwoordigers verwys as „men who prematurely gave pledges from which the Government will not release them, pledges given in the early days of the session before the thing was thrashed out, pledges which the government improperly and wrongly committed those members to and pledges which those members themselves must regret from the bottom of their hearts". Die regeringslede het Escombe se kritiek op sekere klousules as onnodige obstruksie bestempel, maar Escombe se verweer was: „when

---

54) Ibid, p. 12, d.d. 6/5/1891.
55) Ibid, pp. 61 - 62, 66, 244, 421 - 424, d.d. 13/5/1891, 15/6/1891 en 6/7/1891.

the honourable gentleman's (attorney general's) experience of this House has been a little less official and more popular he will understand that minorities only yield to majorities after a Bill is through and not during the progress of a Bill, and especially when it is being passed tyranically".[56]

Robinson weer het betoog dat die gekose lede van die Wetgewende Raad wat die wetsontwerp ondersteun het, dit ooreenkomstig 'n belofte gedoen het, maar dat hulle nogtans diep in hul harte saamgevoel het met die lede wat teen die wetsontwerp gekant was. In sy veroordeling van die gekonsolideerde wetsontwerp het Robinson beweer: „We were putting the cart before the horse, and until we had settled the broad principles upon which Indian immigration is to be conducted in future, we were making a great mistake in crystallising and consolidating in a permanent form the laws and regulations which affect that population".[57]

Binns het die aangaan van bogemelde ooreenkoms nie ontken nie. Hy het dit trouens in die volgende woorde bevestig: „In the interests of the employers of Indians in this Colony I made various suggestions to the Attorney General ... and in the interests of the employers I have to thank the learned gentleman for the cordial way in which he met the suggestions which I made to him". Binns het met trots verklaar dat dit 'n prestasie was om 'n ooreenkoms met die Prokureur-generaal aan te gaan, veral aangesien laasgenoemde 'n sterk wil van sy eie gehad het.[58]

12. Regeringslede verdedig die konsoliderende wetsontwerp.

Van regeringskant het die Prokureur-generaal en die Koloniale Sekretaris geantwoord. Eersgenoemde het verduidelik dat die rede waarom 'n agent nie na Indië gestuur is nie, toegeskryf moet word aan die lakse houding van die lede van die Wetgewende Raad in Mei 1889 toe hulle nie op die sending aangedring het nie. Die Prokureur-generaal het egter geheel en al geswyg oor die negatiewe houding van die Goewerneur in die saak en het ook nie oortuig waarom dit nodig was om ná Binns se duidelike voorstel van 1888 (wat aanvaar is) weer eens op dieselfde saak aan te dring nie. Gevoelens het hoog geloop en by een geleentheid het King reguit aan die Prokureur-generaal

56) Ibid.
57) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 421 - 424, d.d. 6/7/1891.
58) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, p. 424, d.d. 6/7/1891.

gevra: „Why do you deceive the House like that ?"[59]

Die Prokureur-generaal het die kritiek van die anti-Indiërbeweging probeer afwater toe hy Robinson, een van dié beweging se leiers, se veranderde houding sedert 1874 oor Indiër-immigrasie onder die soeklig geplaas het, maar selfs daarop het Robinson hom soos volg verdedig: „We are dealing with the future, not in (sic) the past ..... it is perfectly open to me as an old member of this House, and a Colonist of Natal, to reconsider the question as to whether regulations, systems and laws that have sufficed in the past are to suffice in the future".[60]

Die Koloniale Sekretaris het aangevoer dat die wetsontwerp onder bespreking wat na 'n periode van 'n paar jaar uiteindelik die goedkeuring van die regerings van Brittanje en Indië verkry het, hoofsaaklik konsoliderend van aard was. Volgens hom sou dit weer 'n paar jaar duur om die goedkeuring te verkry vir ingrypende wysigings aan die wetsontwerp. Hy beveel dus aan dat die wetsontwerp van konsoliderende aard afsonderlik beoordeel word en die ingrypende wysigings wat Stainbank en Escombe verlang, in 'n aparte wetsontwerp ingedien word.[61]

Hoewel die kwekerverteenwoordigers en die Natalse regering die konsoliderende wetsontwerp heelhartig ondersteun het, was daar nogtans onderlinge verskil tussen bogemelde twee seksies aangaande die reg van die Beskermer van Immigrante om sake rakende Indiërs te verhoor. Eintlik sou die regering ook nie die kwekerverteenwoordigers ten opsigte van laasgenoemde aangeleentheid teengestaan het as die Britse regering nie daarop aangedring het dat die Beskermer van Immigrante van sy judisiële pligte onthef moes word nie. Selfs die Indiese regering het die standpunt van die kwekerverteenwoordigers en die Natalse regering onderskryf, maar die Britse regering wou nie sy sienswyse verander nie.[62] Ter ondersteuning van hul standpunt het Binns bv. tydens die bespreking van dié aangeleentheid in die Wetgewende Raad verklaar dat die Beskermer van Immigrante soms besoeke aan verafgeleë plantasies moet bring en dus baie maklik in staat was om kleiner geskille tussen kontrakarbeiders en werkgewers plaaslik te besleg wat andersins by wyse van 'n omslagtige proses na die magistraat verwys moes word.[63]

---

59) Ibid, pp. 71 - 72, 103, 147 - 150, d.d. 13/5/1891, 20/5/1891, 3/6/1891.
60) Ibid, pp. 149 - 150, d.d. 3/6/1891.
61) Ibid, p. 62, d.d. 13/5/1891.
62) GH 70, nr. 6317: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 30/9/1890. Kyk ook in dieselfde lêer: Indiese regering aan Britse Koloniale Kantoor, d.d. 5/8/1890; Natalse Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 23/3/1891; Goewerneur aan Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 31/3/1891.
63) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, p. 67, d.d. 13/5/1891.

In Julie 1891 het die Wetgewende Raad uiteindelik die omstrede gekonsolideerde wetsontwerp aanvaar, nadat Sutton, King en F. N. Tucker, lid vir Newcastle-afdeling, vergeefs probeer het om wysigings aangebring te kry.[64)]

13. Die Britse regering se beswaar teen Wet 25 van 1891.

Selfs nadat die wetsontwerp as gekonsolideerde wet (Wet 25 van 1891) geproklameer is, het die regerings van Brittanje en Indië beswaar geopper teen artikels 91, 92 en 110.[65)] Die beswaar het in verband gestaan met kontrakarbeiders wat reeds gewerf was voordat die wet in Indië bekend was, d.w.s. die betrokke kontrakarbeiders kon moontlik nie daarvoor te vinde wees indien hul na vyf jaar diens Natal wou verlaat nie. Die nuwe wet het naamlik bepaal dat hulle gedurende die hele periode van tien jaar in Natal moes bly om te kwalifiseer vir die vry oortog. Gevolglik is met die Indiese regering ooreengekom dat die nuwe wet slegs sou geld vir kontrakarbeiders wat Madras ná 9 Februarie 1892 en Kalkutta ná 1 April 1892 verlaat het.[66)]

14. Weer eens 'n poging om gewese kontrakarbeiders te verplig om na Indië terug te keer.

Eindelik het Binns, nadat heelwat druk van die kant van die binnelandse verteenwoordigers uitgeoefen is, in Julie 1891 'n mosie ingedien wat daarop bereken was om uitvoering te gee aan 'n ou amendement wat hy in 1888 aanvaar gekry het, maar wat die Natalse regering versuim het om op te volg.[67)] Dit het soos volg gelui:
„(1) That in the opinion of this Council it is desirable for the Government to enter into communication with the Indian Government with a view to obtaining its approval to such changes in the Indian Immigration Laws of Natal as will attain the following objects:

(a) That for the future Indians should continue in service during the whole of their residence in the Colony.

(b) That it is desirable for Indians on the completion of their term of service to return to India.

---

64) Ibid, pp. 426 - 427, d.d. 6/7/1891.
65) GH 77, 1743/1892: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 11/3/1892 en 5/9/1892. Kyk ook verslag van die Prokureur-generaal, d.d. 5/4/1892.
66) GH 79, 4741/1892: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 5/5/1892.
67) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 490 - 491. Kyk ook op p. 165 van hierdie hoofstuk.

(2) That in the event of it being proved to be practicable to make such changes in the laws, the Council is of opinion that the grant from revenue should be discontinued".

Dié mosie is met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar, maar die kwekerverteenwoordigers het daartoe ingestem omdat daar 'n sterk vermoede was dat klousule 1(b) nie deur die oorsese regerings aanvaar sou word nie en gevolglik sou klousule (2) wat die kwekers eintlik die meeste raak, nooit in werking tree nie. Word daarin geslaag om klousule 1(a) en 1(b) te verwesenlik, kon die kwekers bekostig om sonder staatshulp immigrante te kry, aangesien die immigrante dan verplig sou wees om tien jaar kontrakdiens te lewer.

Die Britse regering het, soos vooraf algemeen vermoed is, in September 1891 die Natalse regering in kennis gestel dat die kontrakarbeiders nie verplig kon word om na Indië terug te keer nie, want „it could be such an interference with the ordinary rights of British subjects that legislation in that sense would not be sanctioned". Die Britse regering het egter nie geweier dat die kontrakperiode tot tien jaar verleng word nie en die Natalse regering in dié verband opdrag gegee om direk met die Indiese regering te onderhandel.[68)]

Die Natalse regering het met die Indiese regering oor die aangeleentheid in verbinding getree, maar die Indiese regering was nie bereid om daartoe in te willig nie, aangesien dit in geen ander kolonie wat van Indiër-immigrante gebruik gemaak het, van toepassing was nie. Verder is ook beweer dat „the proposal would operate harshly on the Indian immigrant by depriving him of the option of returning to his home at the end of five years".[69)]

Die houding van die Indiese regering was geensins verrassend nie. Die Natalse Beskermer van Immigrante het trouens self bedenkinge oor Binns se mosie gehad. Sy standpunt was dat 'n herkontraktering vir 'n verdere vyf jaar nie gewens was nie, aangesien dit die immigrante onwillig sou maak om vir so 'n lang periode kontrakarbeiders te bly. Dit sou volgens die Beskermer werwingswerk in Indië bemoeilik en nie tot voordeel van Natal wees waar so 'n groot

---

68) GH 75, 5886/1891: Britse Minister van Kolonies aan Goewerneur, d.d. 24/9/1891. Kyk ook Binns se voorstel, d.d. 14/7/1891.

69) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, Second Session, Fourteenth Council, 1893, No. 2, p. 19, d.d. 8/5/1893.

tekort aan arbeid bestaan het nie.[70]

## 15. Die houding van die Indiërs.

Die houding van die Indiërgemeenskap teenoor die Wetgewende Raad was sodanig dat hulle nie eens die kwekerverteenwoordigers wat veronderstel was om hulle goedgesind te wees, vertrou het nie.[71] Dit was trouens die leier van die kwekerverteenwoordigers, Hulett, wat in Mei 1890 die wetsontwerp insake die verbod op die verskaffing van sterk drank aan Indiërs ingedien het.[72] Aanvanklik wou Hulett slegs kontrakarbeiders by sy wetsontwerp betrek, maar in die daaropvolgende maand het hy besluit dat alle Indiërs sterk drank ontsê moes word.[73] Hulett se wetsontwerp is met gemak gedurende die derde lesing (15 teen 8 stemme) in die Wetgewende Raad aanvaar, maar in 1891 het drieduisend Indiërs 'n petisie aan die Goewerneur gerig om te protesteer teen die drankwet.[74] Die Indiërs het die drankwet as 'n klap in die gesig beskou. Aiyar het bv. soos volg daarna verwys: „However, though good in itself from a social and health point of view, established a precedent in class legislation and this became a forerunner for the introduction of laws having for its object the deprivation of political and economic rights of Indians at subsequent periods".[75]

Robinson het later in 1891 ook beweer dat die drankwet aangeneem is nie soseer om morele oorwegings nie, maar omdat dit in belang van die kwekers was om nugter arbeiders te hê.[76]

## 16. Die agitasie ten gunste van verantwoordelike bestuur verskerp.

Die kwessie van verantwoordelike bestuur het altyd nou verbonde aan die Indiërvraagstuk in Natal gebly. Magteloos soos die binnelandse verteenwoordigers en die Durbanse graafskapslede

---

70) GH 75, 5886/1891: Verslag van Beskermer van Immigrante, d.d. 2/12/1891. Ter stawing van sy standpunt verduidelik die Beskermer van Immigrante dat Wette 2/1870 (art. 58) en 19/1874, wat albei teruggetrek is, vir bonusse aan kontrakarbeiders voorsiening gemaak het indien hulle na hul dienstermyn van vyf jaar weer 'n kontrak vir periodes van 'n jaar of langer aangaan. Dit het 'n mislukking geblyk te wees, want volgens die Beskermer „the free Indian has a very great objection to re-engage for any period beyond that of a monthly servant".

71) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 391 - 392, d.d. 1/7/1891. Kyk Robinson se standpunt oor Hulett.

72) Debates, Legislative Council, vol. 14, 1890, pp. 167 - 173, 190 - 194, d.d. 6/5/1890 en 8/5/1890.

73) Ibid, pp. 273-274, 351-458, d.d. 3/6/1890 en 17/6/1890 - 1/7/1890.

74) Ibid; II, 11/3/15, Boek 2, p. 156: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 9/5/1891.

75) Aiyar, op. cit., p. 53.

76) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 391 - 392, d.d. 1/7/1891. As bewys dat die kwekers afsydig gestaan het teenoor die morele lewe van die Indiërs blyk uit hul min belangstelling in 'n morele aspek soos Indiërhuwelike waarin dogters van jonger as dertien jaar betrokke was.

teenoor die gedugte kombinasie van die regering en die kwekerverteenwoordigers ten opsigte van die Indiërvraagstuk gestaan het, het hulle nogtans een groot ligstraal gesien, naamlik verantwoordelike bestuur. Dit sou die gedugte kombinasie breek. Hoe meer die volksverteenwoordigers deur die steun van die amptelike lede gedwarsboom is, hoe sterker het hulle om verantwoordelike bestuur geagiteer.

Teen 1891 het Natal reeds so na aan verantwoordelike bestuur beweeg dat die leier van die kwekerverteenwoordigers, Hulett, op eie houtjie agter die skerms vertoë tot die Britse Koloniale Kantoor gerig het om teen die toekenning van verantwoordelike bestuur aan Natal te protesteer. Hy was as 'n vooraanstaande kweker bevrees dat onder verantwoordelike bestuur Bantoe-arbeid die gebruiklike Indiërarbeid op die plantasies sou vervang en dat Indiër-immigrasie dus stopgesit sou word. Hulett skryf gevolglik aan die Koloniale Kantoor oor „the danger attaching to the establishment of the same (responsible government) by a handful of colonists, ruling the destinies of an immense unrepresented majority of the population".77) Ter aanvulling van sy skrywe het Hulett ook 'n pamflet wat onder 'n skuilnaam geskryf is, getitel „A Voice from the Colony of Natal", aan die Britse Koloniale Kantoor gestuur. Daarin word beweer: „The native population, estimated at nearly half a million, is disfranchised. The population imported from India, with their descendants, and who are for the most part unrepresented, approaches in numbers that of the European".78)

Hulett het dit nie uitdruklik aan die Koloniale Kantoor genoem dat verantwoordelike bestuur tot die beëindiging van Indiër-immigrasie sou lei nie, maar dit is wat hy geïmpliseer het met sy sinsnede „generally a coolie is worth two kaffirs", m.a.w. indien Indiër-immigrasie beëindig word, sou dit vir Natal 'n groot verlies wees en dit is baie moontlik dat dit onder verantwoordelike bestuur sou kon gebeur.79)

Tydens die kritiek wat Robinson op die wetsontwerp insake die konsolidasie van Indiërwette in 1891 uitgeoefen het, het 'n kwekerverteenwoordiger, J. Baynes, verklaar: „Honourable gentlemen who are supporting this alteration of the Bill expect to have the reins of government in their hands in a very short time, and I think this very laudable

---

77) GH 74, 3303/1891: J. Liege Hulett aan Koloniale Kantoor, d.d. 16/3/1891.
78) Ibid.
79) Ibid.

object can be very well relegated to those gentlemen to deal with when they have things in their own hands and under their control".[80]

Selfs nog in Mei 1893, aan die vooraand van verantwoordelike bestuur, toe E. Ryley nie daarin kon slaag om die jaarlikse subsidie van R20,000 aan die Trustraad te beëindig nie, het King in die Wetgewende Raad verklaar: „I will have to tell my constituents that the Government continued in their old bad ways to the last, but I cannot say that they will shrive the Government. It will take a great number of masses to get me to forgive them, and we must allow them to die in peace".[81]

Ook Escombe het reeds in 1891 duidelik laat blyk dat hy vol vertroue was dat die volk met die eerskomende algemene verkiesing teen die voorstanders van Indiër-immigrasie sou stem. Hy het gesê: „These men who are in favour of controlling Indian immigration will find themselves under the pressure of their constituents bound to take steps to stop the stream ... that stream will either be stopped, or the stream will sweep away the men who seek to establish in this Country an Indian people in occupation of the land ... let us see who the men are who dare to say that their constituents are in favour of bringing these Indians to the Country without having a stipulation made in the law under which they can go back to India at the earliest date".[82]

Selfs toe verantwoordelike bestuur uiteindelik verkry is, het dit nie sonder ernstige laaste struikelblokke gepaard gegaan nie. Hieroor egter meer in die volgende hoofstuk.

## 17. Samevatting.

Die Natalse regering het die Wragg-kommissie se vernaamste aanbeveling, naamlik die beëindiging van die jaarlikse subsidie van die staat, omseil deur 'n ander komitee aan te stel wat op instandhouding van die subsidie aangedring het.

Hoewel Yonge daarop in Augustus 1888 'n wetsontwerp vir die beëindiging van die subsidie ingedien het, het hy dit op 'n tydstip gedoen toe arbeid skaars was, terwyl die amptelike lede en die kwekerverteenwoordigers sommige van die ander lede oorreed het om nie Indiër-

---

80) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, p. 425, d.d. 6/7/1891.
81) Debates, Legislative Council, vol. 20, 1893, pp. 52 - 53, d.d. 17/5/1893.
82) Debates, Legislative Council, vol. 16, 1891, pp. 421 - 424, d.d. 6/7/1891.

immigrasie te ontmoedig nie.

Nadat Yonge se wetsontwerp verongeluk is, het Henry Binns 'n amendement op Yonge se wetsontwerp voorgestel met die bedoeling om nie die indruk te skep dat die binnelanders afgeskeep is nie. Dit is dus te betwyfel of Binns self hart en siel ten gunste was van sy eie amendement waarin die Goewerneur versoek is om 'n afgevaardigde na Indië te stuur met die oog op onderhandelings oor die verpligte terugkeer van kontrakarbeiders na die beëindiging van hul dienstermyn.

Wat die sending van 'n afgevaardigde na Indië betref, het die Natalse regering Binns se amendement teësinnig in die Wetgewende Raad aanvaar. Die Natalse Goewerneur het wel die Britse regering daarvan in kennis gestel, maar terselfdertyd daarteen beswaar gemaak.

Die binnelandse lede en die Durbanse verteenwoordigers het die Natalse regering van troubreuk beskuldig en het gevolglik die konsoliderende wetsontwerp wat gelei het tot Wet 25/1891, klousule vir klousule beveg omdat daarin geen voorsiening gemaak is vir die beëindiging van die subsidie of die verpligte terugkeer van kontrakarbeiders na die verstryking van hulle dienstermyn nie.

Die sterk bondgenootskap van die twee groot Durbanse leiers, Robinson en Escombe, aan die een kant, en die binnelanders aan die ander kant, wat gevorm is gedurende hul stryd teen die Natalse regering en Binns se volgelinge oor die Indiërkwessie, het in hom die kiem van oorwinning gedra. Hierdie oorwinning sou tot verantwoordelike bestuur lei. Dit is ook die rede waarom een van die ander kwekerleiers, J. Liege Hulett, in 1891 private vertoë agter die skerms tot die Britse regering gerig het om nie verantwoordelike bestuur aan Natal toe te staan nie.



Die eerste Natalse kabinet onder leiding van J. Robinson, 1893 - 1897.

# HOOFSTUK 8.

## DIE INDIËRVRAAGSTUK EN DIE NATALSE POLITIEK IN DIE KRISISJARE VAN VERANTWOORDELIKE BESTUUR VÓÓR DIE PUNT-BETOGING.

### 1. Die aanvang van verantwoordelike bestuur.

Soos uit die vorige hoofstuk geblyk het, was die diktatoriale wyse waarop die regering onder verteenwoordigende bestuur die Indiërvraagstuk gehanteer het, een van die faktore wat tot die instelling van verantwoordelike bestuur in Natal meegewerk het. Dit blyk ook duidelik uit die heel eerste toesprake wat volksverteenwoordigers onder verantwoordelike bestuur gehou het: Die kerngedeeltes daarvan het gehandel oor die Indiërvraagstuk wat deur J. G. Maydon as 'n „burning question" bestempel is.[1]

Dieselfde verdeeldheid wat onder die Natalse koloniste oor die toekenning van verantwoordelike bestuur geheers het, was ook ten opsigte van die Indiërvraagstuk te bespeur. Sowat die helfte van die koloniste het teenoor die ander helfte stelling ingeneem.[2] Hoewel die Trades Council, die voorloper van die latere Arbeidersparty, reeds in Julie 1892 in sy beleidsverklaring neergelê het dat „no public money was to be voted for immigration purposes", het dié liggaam egter nie 'n noemenswaardige rol in die stryd om verantwoordelike bestuur gespeel nie.[3] Verantwoordelike bestuur is trouens byna deur die eerste verkiesing in 1892 verongeluk. Slegs ná 'n hertelling van stemme in twee kiesafdelings kon 'n meerderheid verkry word vir die Forward Party onder leiding van sir John Robinson, die kampvegter vir verantwoordelike bestuur en een van die leiers van die anti-Indiërbeweging.[4]

Verantwoordelike bestuur het op 3 Julie 1893 begin. 'n Twee-

---

1) Vergelyk toesprake van J. G. Maydon, lid vir die Durban-Graafskap, en J. H. Wallace, lid vir Weenen-Graafskap, i.v.m. die parlementêre openingsrede van 1893 (Debates, Legislative Assembly, First Session of the First Parliament, 1893, vol. XXI, pp. 3 - 5, d.d. 26/4/1893). Verder in hierdie proefskrif sal na „Debates of the Legislative Assembly of the Colony of Natal" verwys word as „Debates, Legislative Assembly".
2) Stein, op. cit., p. 71.
3) Gillett, C.A. Natal, 1893 - 1897, the alignment of parties and the fall of the Escombe Ministry. Ongepubliseerde skripsie, Durbanse Afdeling van Universiteit van Natal, 1965, hoofstuk 3, p. 5. Die Trades Council het wel invloed uitgeoefen in die Durbanse kiesafdelings, maar in die verkiesings van 1893 het die liggaam gevoelige neerlae gely (Kyk ook The Natal Mercury van 1/9/1893).
4) Robinson, op. cit., p. 170.

kamerstelsel is ingestel, bestaande uit 'n Wetgewende Raad (die hoërhuis) van 11 genomineerde lede en 'n Wetgewende Vergadering (die laerhuis) met 37 verkose lede. Die eintlike gesag het by die laerhuis berus.[5] Hoewel die samestelling van die hoërhuis grondwetlik die verantwoordelikheid van die Goewerneur was, het die keuring van die hoërhuislede hoofsaaklik in samewerking met die regeringsparty geskied. Die eintlike politieke gesag het dus by die gekose volksverteenwoordigers van die laerhuis berus.[6]

2. Natal se afgevaardigdes na Indië.

Een van Robinson se eerste take as Eerste Minister was om twee manne na Indië te stuur om te onderhandel om kontrakarbeiders te verplig om na afloop van hul dienstermyn na Indië terug te keer. Dié twee was H. Binns, 'n opposisieleier en kenner van Indiëraangeleenthede, en L. H. Mason, Beskermer van Immigrante.[7] Robinson se opdrag aan hulle was om op te tree „with a free hand in order to enquire fully into the whole of the merits of this question".[8]

Dit is twyfelagtig of die keuse van Binns 'n wyse stap was. As opposisieleier en kwekerverteenwoordiger sou hy nie geneig wees om op te tree ten behoewe van die regeringsgesinde anti-Indiërbeweging nie. Die Prokureur-generaal (een van die ministers) het bv. na Binns verwys as 'n man „who has sought under the pretence of compliment and under the pretence of flattery to support the Government which all the time he was trying to break up by creating internal dissension ... His effort was recognised from the very start".[9] Binns was nietemin 'n sterk persoonlikheid en ervare politikus. Met die Beskermer van Immigrante om hom by te staan, was hy dus goed toegerus vir sy taak, al sou hy ook die Natalse regering in een of ander opsig wou benadeel.

---

5) Gillett, op. cit., hoofstuk 1, p. 1. Die Wetgewende Vergadering se ledetal is uit die volgende kiesafdelings gekies: die stedelike gebied van Durban en Pietermaritzburg en die Victoria-Graafskap was elk op vier lede geregtig; Kliprivier, Weenen en Umvoti elk op drie lede; Newcastle, Alfred, Durbanse graafskap, Alexandra, Umgeni, Lions River en Ixopo elk op twee lede.

6) Brookes & Webb, op. cit., p. 179; Robinson-versameling, nr. 3/13, Goewerneur aan Robinson, d.d. 4/2/1894. Kyk ook Nr. 1, Protocol of interview with Sir John Robinson, d.d. 3/10/1893.

7) Departementele verslae (NN), Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante vir die periode 1/7/1893 - 30/6/1894, pp. A18 - A28.

8) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, p. 556, d.d. 19/6/1894.

9) Ibid, p. 557, d.d. 19/6/1894.

Die resultaat van die twee se besoek oorsee was 'n nie-amptelike ooreenkoms met die Indiese regering oor die volgende sake: [10)]

i) Aan die einde van die eerste vyfjaartermyn kan die kontrakarbeider weer 'n kontrak met enige werkgewer van sy eie keuse vir 'n tydperk van tot 3 jaar aangaan.

ii) Die loon in dié drie jaar sal 15 sjielings per maand in die eerste, 16 in die tweede en 17 in die derde jaar bedra.

iii) Nadat 'n kontrakarbeider reeds 8 jaar (die eerste vyfjaartermyn plus die bykomende 3 jaar) onder kontrak was, kan hy vir nog 2 jaar inboek teen 18 sjielings per maand vir die eerste en 19 sjielings vir die laaste jaar.

iv) Indien 'n kontrakarbeider ingevolge hierdie bepalings 10 jaar onder kontrak was, kan hy kies om langer onder kontrak te bly vir minstens 1 jaar of hoogstens 2 jaar mits hy ná afloop van enige van die verlengde kontrakperiodes met 'n vry oortog na Indië kan terugkeer.

v) Die kontrakarbeider sal dieselfde voorregte as in die eerste 5 jaar by alle verlengings van sy kontrak behou, en alle kontrakte moet die goedkeuring van die Beskermer van Immigrante hê.

vi) Die Indiese regering het ingestem dat kontrakarbeiders verplig kon word om ná afloop van hul kontrakperiode na Indië terug te keer, maar kontrakarbeiders wat weier, sou nie as misdadigers vervolg kon word nie.

Binns en Mason het in April 1894 na Natal teruggekeer en verslag gedoen, maar die Natalse regering wou vóór verdere optrede eers die standpunt van die Britse regering oor die sending se aanbevelings verneem.[11)]

---

10) Natalse Departementele Verslae: Jaarverslag van die Beskermer van Immigrante, 1893 - 1894, pp. A19 - A23.

11) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, vol. XXII, pp. 368, 546, 628, d.d. 5/6/1894, 19/6/1894 en 26/6/1894.

3. Die Indiërstemregvraagstuk.

Die Natalse regering het al in April 1894, op aandrang van die publiek, voorbereidings begin tref om iets daadwerkliks oor die Indiërvraagstuk te doen. Een daarvan was die indiening van wetgewing om die parlementêre stemreg aan toekomstige Indiër-immigrante te ontsê, hoofsaaklik op grond daarvan dat sulke immigrante nie in Indië oor soiets beskik het nie.[12] Die Prokureur-generaal het dit egter as onregverdig beskou om Natalse Indiërs wat reeds die parlementêre stemreg verkry het dié reg te ontsê; bowendien sou laasgenoemde Indiërs 'n uiters beperkte aantal wees. Hy het dit ook nie as korrek beskou om die Goewerneur-in-rade die reg te verleen om na eie goeddunke sekere gegoede en opgevoede Indiërs op die kieserslys te plaas nie, aangesien dit tot misbruike aanleiding kon gee.[13]

Hoewel die stemregwetsontwerp wat in Mei 1894 opgestel is, in klousule 1 neergelê het dat „persons of Asiatic extraction shall not be qualified to have their names in any list of electors", het die Prokureur-generaal in klousule 2 verseker dat opgevoede Indiërs wat reeds tevore die stemreg geniet het, dit wel sou behou: „The provisions of Section 1 of this Act shall not apply to persons of the class mentioned in that section whose names are rightly contained in any Voter's Roll in force at the date of the promulgation of this Act, and who are otherwise competent and qualified as electors".[14]

Ter steun van die wetsontwerp het premier Robinson aangevoer dat selfs gegoede Indiërs nie die stemreg begryp nie en dat vorige verkiesings toon dat die Indiërs as eenheidsgroep stem sonder „individual discretion, intelligence and knowledge that should be excercised by every citizen". Die onderliggende gevaar van Indiërstemreg was dus dat dit die blanke stem kon oorheers en dat die Indiërstem „will be liable to be swayed this way or that way by unscrupulous, or merely Party influences".[15]

---

12) Ibid, p. 577, d.d. 20/6/1894; CSO 1396, 2325/1894: Hoof-Ondersekretaris aan Prokureur-generaal, d.d. 12/4/1894.

13) CSO 1396, 2325/1894: Hoof-Ondersekretaris aan Prokureur-generaal, d.d. 12/4/1894. Kyk ook na die aantekeninge wat deur die Prokureur-generaal opgestel is; Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, pp. 631 - 634.

14) CSO 1396, 2376/1894: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 15/5/1894; CSO 1417, 3312/1894: Minute Papers, Miscellaneous, Goewerneur aan Gandhi en ander, d.d. 11/7/1894.

15) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, pp. 576 - 578, d.d. 20/6/1894.



M. K. Gandhi, die stigter van die Natal Indian Congress.

'n Voorbeeld van Gandhi se handskrif
(Kyk CSO 1460, 1661/1896)

the term "aboriginal of Asia" is applied to them in one of the despatches with equal unacquaintance with the facts, the whole question appears to be sometimes spoken of as "the Coolie question". Such phraseology discloses a curious ignorance of what we had supposed was a universally recognized fact — namely that the Mussulmans and upper castes of Hindu traders in India are as distinct from the so called "aborigines" or even "coolie" races of that country as the present population of England is from the Picts of ancient Briton" The latter portion of this extract, I am aware, applies to the purely trading community which is carefully excluded from the definition quoted above. But there is no doubt the "Times" writer does not treat the Asiatic Immigrants as "aborigines".

encroachment upon your time

I have the honour
to remain
Sir
your obdt servant
M K Gandhi

Robinson het die Indiërs as 'n vreemde nasie bestempel wat nie op stemreg in Natal geregtig was nie en na die Indiërstemreg verwys as „this evil that threatens in a greater and greater degree day by day and year by year".[16]

Die regering se beroep op die opposisie om die wetsontwerp nie in 'n partypolitieke gees te beveg nie, het misluk; die opposisielede het geheel en al verskillende standpunte oor die Indiërvraagstuk nagehou en elkeen het die wetsontwerp uit eie standpunt betwis.

H. Bale (Pietermaritzburg-Stad), 'n vername opposisieleier, het op 'n ingrypender maatreël aangedring om ook dié Indiërs wat reeds stemreg verkry het, dié reg te ontneem en selfs munisipale stemreg te ontsê.[17] Vir die laaste gedeelte van dié voorstel het Bale steun gekry van E. Ryley (Kliprivier-afdeling), Yonge, J. Baynes (Ixopo-afdeling) en F. S. Tatham, 'n ander lid vir Pietermaritzburg-Stad.[18] Regeringslede was nie gekant teen die opheffing van munisipale stemreg vir Indiërs nie, maar wou dié kwessie in 'n aparte wetsontwerp beliggaam.

Bale se standpunt was moeilik te vereenselwig met dié van die ander vername opposisieleier, H. Binns, 'n kwekerverteenwoordiger wat vir sy pro-Indiese houding bekend was, met die gevolg dat laasgenoemde met sy eie voorstel na vore gekom het. Binns het naamlik die stemregwet as onnodig beskou omdat Wet 2/1883 (art. 6) reeds ingeboekte Indiërs die stemreg ontsê op grond daarvan dat hul onder spesiale wette ressorteer. Die regering het Binns se voorstel egter verwerp omdat al die Indiërs nie onder spesiale wette geressorteer het nie en Wet 2/1883 gevolglik nie omvattend genoeg was nie.[19]

Met die aanvang van die komiteestadium het die Indiërgemeenskap, hoofsaaklik onder leiding van Mahatma Gandhi, met 'n prosedure begin wat in die krisisjare tot 'n vaste taktiek ontwikkel het: die opstel van lywige petisies aan verantwoordelike instansies. Die eerste sodanige petisie wat deur Gandhi opgestel is, is op 28 Junie aan die Natalse

16) Ibid.
17) Ibid, pp. 578 - 580, d.d. 20/6/1894.
18) Ibid, pp. 578 - 581, 632, d.d. 20/6/1894 en 26/6/1894
19) Ibid, pp. 631 - 634, d.d. 26/6/1894.

laerhuis gerig.[20]

Gandhi, wat homself as „the only available person to handle the question"[21] beskou het, was van mening dat indien die Indiërgemeenskap nie optree nie, dit deur die Natalse koloniste geïnterpreteer sou word dat hulle met die stemregwetsontwerp genoeë neem. Gandhi het egter ook nog 'n ander doel met die petisie voor oë gehad, naamlik om al die stande van die Indiërgemeenskap wat almal „alike the children and servants of the motherland" was vir een gemeenskaplike doel te verenig.[22]

Die petisionarisse het hulle belangrikste argument gegrond op die mate van stemreg wat hulle in hulle vaderland sou geniet het, wat eintlik niks meer as 'n vorm van munisipale stemreg was nie. Daar word ook gewys op die aandeel wat hulle in die verkiesing van lede van die Mysore-parlement sou gehad het, maar die wyse waarop dié parlement saamgestel is, kon nouliks as 'n goeie argument vir die verkryging van parlementêre stemreg geld.[23]

'n Dag na die indiening van die petisie het Gandhi en die ander Indiërs by die Natalse Eerste Minister aangedring op 'n onpartydige kommissie van ondersoek aangaande die stemregvraagstuk en as rede aangevoer dat die Engelse van Natal en die Indiërs van dieselfde voorouers is.[24]

Toe die derde lesing begin, het Robinson die petisie verwerp en drie redes daarvoor beklemtoon:[25]

i) Die Indiërs het geen inherente reg op stemreg in Natal nie.

ii) Die verlening van parlementêre stemreg aan Natalse Indiërs sal lei tot politieke oorheersing en die gevolg hê dat die stemreglose Bantoes onder beheer van die Indiërs kom - 'n toestand wat onder geen omstandighede geduld kan word nie.

iii) Indien stemreg aan Indiërs toegestaan word, sal hulle 'n politieke speelbal word.

---

20) Ibid, pp. 651,- 673, d.d. 27/6/1894 en 28/6/1894.
21) So het hy op 1 Julie 1894 verklaar by geleentheid van 'n bespreking van die stemregvraagstuk aan vooraanstaande Durbanse Indiërs. Kyk Nanda, B.R.: Mahatma Gandhi, p. 44; CSO 1417, 3312/1894: Minute Papers, Miscellaneous.
22) Gandhi, M.K.: An Autobiography, pp. 115 - 118.
23) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, p. 688, d.d. 2/7/1894.
24) Sessional Papers, Legislative Assembly, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, 40 - 41, d.d. 29/6/1894.
25) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, vol. XXII, p. 688, d.d. 2/7/1894.

Skaars is Gandhi se petisie deur die Eerste Minister verwerp, toe rig hy en ses ander Indiërs op 3 Julie 1894 'n petisie aan die Natalse Goewerneur om nie die wetsontwerp goed te keur nie. Die Goewerneur het eers sy verantwoordelike ministers geraadpleeg, wat verduidelik het dat die maatreël eenparig deur albei kamers van die parlement aanvaar is. Die ministers het gesê dis 'n aanduiding dat die blanke koloniste van Natal oortuig was dat stemreg vir Indiërs tot politieke oorheersing oor die blankes sal lei.[26)]

Die Goewerneur het die petisie daarop verwerp, maar nietemin die petisionarisse daaraan herinner dat die wetsontwerp 'n „suspending clause" het wat die Goewerneur-in-rade magtig om sekere bevoegde Indiërs van die bepalings van die wet te onthef. Hy het verder verduidelik dat al was daar min Indiërs op 1894 se kieserslys, die getal met die koms van meer Indiër-immigrante sou toeneem. Volgens die Goewerneur sou die gevolg wees dat die Indiërs 'n sterk invloed op die verkiesings uitoefen, wat dan op sy beurt 'n struikelblok in die weg van 'n verenigde Suid-Afrika sal wees.[27)]

Ter verduideliking van sy optrede het die Goewerneur aan die Britse Minister van Kolonies verklaar: „The arguments in the petition presented to me appear to me beside the mark. It is not a question whether the Asiatic should be granted franchise privileges in his own country. It is a question whether he should be allowed to exercise a voice, which will surely become a controlling voice, in the Government of the Colony of Natal, which, it must be recollected, contains, in addition to its 40,000 European inhabitants, 450,000 Natives who are debarred, of necessity, from the exercise of the franchise".[28)]

Toe die Goewerneur dié vertoë verwerp, het die Indiërs hulle tot 'n laaste toevlugsoord gewend. Ná intensiewe organisasie deur Gandhi is naamlik 'n petisie met 8,889 naamtekeninge aan die Natalse Goewerneur aangebied vir deursending aan die Britse Minister van Kolonies.[29)]

---

26) CSO 1417, 3312/1894: Minute Papers, Miscellaneous; Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, pp. 42 - 43, d.d. 3/7/1894.

27) CSO 1417, 3312/1894: Minute Papers, Miscellaneous, Goewerneur aan Gandhi en ander, d.d. 11/7/1894.

28) Ibid, Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 16/7/1894; Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, pp. 44 - 45, d.d. 16/7/1894.

29) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, pp. 46 - 54, d.d. 27/7/1894.

Die petisionarisse se argument was dat die wetsontwerp nie om morele oorwegings ingedien is nie, soos die Eerste Minister in die tweedelesingsdebat beweer het, want met die derde lesing het dit geblyk dat dit bloot gegaan het om die politieke rede as sou die Indiërstem tot politieke oorheersing lei. Die opvatting van die Eerste Minister dat die blankes hul moreel genoodsaak sou voel om die belange van die Indiërs te beskerm al verkry die Indiërs nie die stemreg nie, is, volgens die petisionarisse, nie bewaarheid nie. Voorbeelde wat die petisionarisse genoem het om hul bewering te staaf, is die jaarlikse lisensie van £3 wat oorweeg word vir kontrakarbeiders wat nie na afloop van hul kontrakperiode na Indië wou terugkeer nie en die feit dat slegs met die beslissende stem van die speaker van die laerhuis voorkom is dat Indiërs van die Natalse staatsdiens uitgesluit word.[30]

Die petisionarisse se verweer teen die opvatting dat die Indiërstem tot politieke oorheersing sou lei, is dat slegs 'n klein aantal Indiërs in 1894 op die kieserslys sou verskyn het en dat die groot meerderheid Indiërs te arm is (en noodgedwonge in die onmiddellike toekoms so sal bly) om aan die eiendomskwalifikasie vir die stemreg te voldoen. Daarbenewens sou die handelsklas, volgens die petisionarisse, wat hoofsaaklik 'n reisende gemeenskap is, tussen Indië en Natal en andersom, in getalle konstant bly, wat geen noemenswaardige invloed op die kieserslys sou uitoefen nie.

Volgens die petisionarisse word Indiërkinders, altesaam 2,589 in 1893, op blanke grondslag opgevoed en behoort hulle dus nes die blankes, opvoedkundig gesproke, later in staat te wees om die stemreg te beoefen. Selfs kontrakarbeiders wat nie in 1894 die stemreg kon beoefen nie, behoort nie vir altyd dié reg ontsê te word nie, want eersgenoemde se opvoeding kon wel in die toekoms sodanig verbeter dat hulle aan die nodige vereistes vir die stemreg voldoen.[31]

Die Natalse kabinet het die petisie wat deur die Britse Minister van Kolonies vir kommentaar na hul verwys is, verwerp op grond daarvan dat indien die groot aantal petisionarisse onmiddellik die

---

30) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, pp. 45 - 47, d.d. 10 en 16/7/1894.

31) Ibid,

stemreg verwerf, die meerderheid van die Natalse kiesers uit Indiërs sou bestaan. Ook het die kabinet aagevoer dat indien die Indiërs stemreg verkry omdat hul kinders in Natalse skole opgevoed word, dit veel eerder 'n argument sou wees dat Bantoes wat oor driemaal soveel skole as die Indiërs beskik, die stemreg moes beoefen. Die Natalse ministers was ook oortuig dat, indien die Indiërs oor groter politieke mag beskik, dit tot groter rassewrywing aanleiding sou gee en dat die £3-lisensie waarna die petisionarisse verwys, geen verband met die stemreg het nie en bowendien 'n gedagte was wat by die Indiese regering ontstaan het.[32)]

Ondanks die standpunt van die Natalse regering het Gandhi se poging wel vir eers geslaag. Die Britse regering het hom op sekere punte gelyk gegee. Volgens die Britse regering maak die stemregwet geen onderskeid tussen vreemdelinge en Britse onderdane nie, en ook nie tussen die onkundiges en die verligtes onder die Indiërgemeenskap nie: „the Bill under consideration involves in a common disability all natives of India without exception, and provides no machinery by which an Indian can free himself from this disability, whatever his intelligence, his education, or his stake in the country".[33)]

Die Britse regering het die wet egter nie summier verwerp nie, maar voldoende ruimte aan die Natalse regering gelaat om die nodige verbeterings aan te bring. Die Natalse regering het die afgekeurde wet dadelik in Oktober 1895 sodanig gewysig dat dit deur die Britse regering aanvaar is.[34)]

Die nuwe maatreël wat in die volgende sessie van die parlement (d.w.s. in 1896) ingedien sou word, het slegs 'n wysiging van die eerste van die twee klousules van die afgekeurde wet ingehou. Die woord „Asiate" is nie daarin opgeneem nie maar dit het nogtans die Indiërs van die stemreg uitgesluit omdat hulle afstammelinge was van 'n volk „which have not hitherto possessed elective representative

---

32) CSO 1417, 3312/1894: Minute Papers, Miscellaneous.
33) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, p. 56, d.d. 15/9/1895.
34) Ibid, p. 57.

institutions".[35] Die Britse regering was tevrede met die bewoording van die nuwe wetsontwerp omdat dit nie spesifiek na Indiërs verwys het en gevolglik nie teen hulle gediskrimineer het nie.[36]

Gandhi was geensins gerus oor die toestand nie en het in Desember 1895 'n spesiale pamflet oor die stemregvraagstuk gepubliseer. Teenoor die beskuldiging in die algemeen dat die Natalse Indiërs uit die laagste stande van Indië stam, het Gandhi beweer dat dieselfde ook van die Natalse blankes gesê kon word, naamlik dat hulle ook nie van die beste klasse in Europa afkomstig was nie.[37] Gandhi verwerp ook die opvatting dat Indiërs nie die stemreg begryp nie, want, volgens hom, bestaan daar soiets soos „Punchayat" onder die Indiërgemeenskap, waarvolgens Indiërs geleer word om hulle aan die wil van die meerderheid te onderwerp en dit sou hierdie beginsel wees wat Indiërs in 'n vreemde land lojaal teenoor die betrokke land maak. In dié opsig kon die Indiërs ook nie volgens hom met die Bantoe vergelyk word nie, want die Indiërs beskik oor 'n „Charter of Liberty" van 1858, terwyl die Natalse Bantoe onder spesiale wette ressorteer.[38]

Die beskuldiging dat die Indiërs die Bantoes van sterk drank voorsien en gevolglik nie met die stemreg toevertrou behoort te word nie, verwerp Gandhi omdat die stemreg geen verband met die voorsiening van sterk drank aan Bantoes het nie. Dit was trouens Gandhi se oortuiging dat die Indiërs nie groter skuld as die blankes gedra het met betrekking tot die voorsiening van sterk drank aan Bantoes nie.[39] Dit was, volgens Gandhi, ook nie die begeerte van die Indiërs om die Natalse verkiesings te oorheers nie. As bewys daarvoor het hy die

---

35) Die volledige gewysigde klousule lui soos volg: „Save those who come under the operation of section 2 of this Act no person shall be qualified to have their names inserted in any list of electors or in any Voters' Roll or to vote as electors within the meaning of Section 22 of the Constitution Act of 1893 or in any law relating to the election of Members of the Legislative Assembly who (not being of European origin) are natives of descendants in the male line of natives of countries which have not hitherto possessed elective representative institutions unless they shall first obtain an order from the Governor in Council excempting them from the operation of this Act" (Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, p. 58, Draft Bill, 1894. Kyk ook CSO 1446, 5722/1895: Copy of a resolution passed at a meeting of the Lower Tugela Division Association on the 9/11/1895).

36) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fourth Session, First Parliament, 1896, LA, No. 6, p. 58, Draft Bill 1894.

37) Gandhi, M.K. <u>The Indian Franchise, An Appeal to Every Briton in South Africa</u>. Durban, T.L. Cullingworth, 1895. Eerste Druk, p. 4. Verder sal in hierdie proefskrif na hierdie werk verwys word as „Gandhi: <u>The Indian Franchise</u>".

38) Ibid, pp. 5 - 6.

39) Ibid, pp. 6 - 8.

geringe aantal Indiërs op die kieserslys van 1895 aangevoer. Die feit dat die Indiërs wel in opstand teen die moontlike opheffing van Indiërstemreg gekom het, skryf hy aan die volgende redes toe: „Had not attempts been made to tread upon their commercial pursuits (dié van die Indiërs), had not attempts been made and repeated to degrade them to the condition of pariahs of society, had not in fact an attempt been made to keep them for ever 'hewers of wood and drawers of water', i.e. in a state of indenture or in one very much resembling it there would have been no franchise agitation".[40)]

Voorts het Gandhi die Natalse pers van opsweping teen die Indiërstemreg beskuldig.[41)] Gandhi het hierdie bewering egter self 'n paar maande later in 'n petisie aan die Britse regering weerlê toe hy verklaar het dat die Natalse pers geheel en al koud gestaan het teenoor die stemregvraagstuk.[41a)] Volgens Gandhi sou verantwoordelike bestuur nooit aan Natal toegeken gewees het nie indien die blankes op die beëindiging van die Indiërstemreg aangedring het.[42)]

Toe dit geblyk het dat die Natalse regering vasbeslote was om die stemregkwessie weer eens in die laerhuis te berde te bring, het Gandhi ewe vasbeslote weer in April 1896 'n petisie aan die laerhuis in dié verband gerig. Daarin het hy en sy mede-petisionarisse die Natalse partypolitiek uitgebuit vir hulle eie doeleindes. So byvoorbeeld word na verklarings van die opposisie-koerant The Natal Advertiser en die opposisieleier Binns verwys waardeur die indruk geskep is dat die opposisie wel ten gunste daarvan was dat die Natalse Indiërs parlementêre stemreg moes beoefen omdat hulle reeds in Indië oor 'n soortgelyke reg beskik het.[43)] Die voorbeelde wat die petisionarisse van Binns se toesprake aangehaal het, het egter nie op parlementêre stemreg betrekking gehad nie.

Dit was juis as gevolg van die munt wat Gandhi uit die Natalse partypolitiek wou slaan, dat die Natalse Eerste Minister, Robinson, tydens die bespreking van die tweede lesing van die verbeterde

---

40) Ibid, p. 15.
41) Ibid, pp. 15 - 22.
41a) CSO 1467, 3105/1896: M.K. Gandhi aan die Natalse Goewerneur, d.d. 28/5/1896.
42) Gandhi: The Indian Franchise, op. cit., p. 24.
43) CSO 1467, 3015/1895.

stemregwetsontwerp in Mei 1896 'n beroep op laerhuislede gedoen het om die wetsontwerp nie op 'n partypolitieke grondslag aan te val nie.[44] Die Eerste Minister het die Indiërpetisie van Julie 1894 wat 8,889 handtekeninge bevat het, as 'n aanduiding van die Indiërs se politieke mag beskou: „It serves to show how formidable might be the influence of such an organisation if that organisation and that community possessed a larger degree of political power than they possessed at present". Verwysende na die Natal Indian Congress, het die Eerste Minister verklaar: „When they (the Indians) aim at acquiring political dominancy, it is our duty, as representing the European electors of this Colony, not merely to protest, but to interfere".[45]

Hoewel die Eerste Minister die petisionarisse se motivering dat die inwoners van Indië oor „representative institutions" beskik, betwis het, het hy nogtans voorgestel dat die woorde „founded upon the franchise" volg na „representative institutions". Om alle onsekerheid uit die weg te ruim, het hy nog later besluit om die woord „parliamentary" voor „franchise" te plaas, ondanks die feit dat die Natalse Prokureur-generaal dit as onnodig beskou het. Die Eerste Minister het hierdie toevoegings tot die nuwe stemregwetsontwerp as 'n kompromis-poging beskou om twee partye, t.w. die Britse regering en die Natalse koloniste, tevrede te stel.[46] Gandhi het in twee briewe aan die Eerste Minister beswaar gemaak teen Robinson se verwysing in bogemelde toespraak na die Natal Indian Congress as 'n geheime liggaam. Die Eerste Minister het wel verskoning gevra, maar dit het weinig aan sy stelling verander dat die Natal Indian Congress 'n politieke bedreiging vir die blankes ingehou het.[47]

Die opposisie het weer in 1896, nog meer as in 1894, ten spyte van Robinson se versoek, van die Indiërstem 'n partypolitieke aangeleentheid gemaak. Veral Binns en Bale was, met die oog op die algemene verkiesing wat in 1897 in Natal sou plaasvind, besonder krities.[48] Hulle het weer hul ou argumente van 1894 herhaal. Binns wou Wet 2 van 1883 wat weens 'n foutiewe bewoording nooit

---

44) Debates, Legislative Assembly, Fourth Session of the First Parliament, 1896, vol. XXIV, p. 166, d.d. 6/5/1896.
45) Ibid, pp. 166 - 169, d.d. 6/5/1896.
46) Ibid, pp. 167 - 168, d.d. 6/5/1896.
47) Ibid, p. 169, d.d. 6/5/1896.
48) Debates, Legislative Assembly, Fourth Session of the First Parliament, 1896, vol. XXIV, pp. 169 - 171, 216, d.d. 6 en 12/5/1896.

streng toegepas sou gewees het nie, gewysig hê om die nuwe stemreg-wetsontwerp te vervang, terwyl Bale aan die Natalse Indiërs parlementêre verteenwoordiging op dieselfde grondslag wou gee as die Maori's in Nieu-Seeland.[49] Weer eens het die Prokureur-generaal die voorstelle verwerp en onder andere na Binns s'n verwys as „doing it by a side wind, where we intended to do it openly and in the full light of day".[50]

Hoewel die tweede lesing van die wetsontwerp redelik maklik aanvaar is , het die opposisielede drastiese wysigings in die komitee-stadium voorgestel wat die regering nie wou aanvaar nie omdat die Britse regering moontlik nie daarmee genoeë sou neem nie en gevolglik die wetsontwerp kon verongeluk. Die regering was juis begerig om die wetsontwerp vóór September 1896, wanneer die kieserslyste vir die 1897-verkiesings gereed moes wees, aanvaar te kry.[51]

Een van die vernaamste besware van die opposisie was dat die regering 'n gevaarlike presedent geskep het om eers 'n wetsontwerp aan die Britse regering vir goedkeuring voor te lê en dan die Natalse parlement te bind aan die ooreenkoms wat met die Britse regering getref is.[52] 'n Ander opposisie-argument was dat Gandhi die swakheid van die wetsontwerp in die hof sou blootlê, aangesien sy eer op die spel was om die wetsontwerp wat hy reeds vanaf 1894 beveg het, end-uit te betwis.[53] Hoewel Bale ook die goeie bedoelings van die Sekretaris van Staat vir Kolonies, Joseph Chamberlain, in die aangeleentheid in twyfel getrek het, het die Eerste Minister die Huis verseker dat Chamberlain te goedertrou opgetree het.[54]

Die groot meerderheid van die laerhuislede het die regering gesteun, nie omdat hulle hart en siel vir die besondere wetsontwerp gevoel het nie, maar omdat die opposisie met geen beter plaasvervanger gekom het nie.[55] Yonge het bv. verduidelik dat aangesien die kieserslyste reeds in September 1896 vir die 1897-verkiesing gereed moes wees, daar geen ander keuse was as om vir die nuwe maatreël te stem nie, by gebrek aan voldoende tyd om iets beters in die plek daarvan te stel. Selfs Hulett, 'n vooraanstaande kwekerverteenwoordiger

---

49) Ibid, pp. 169 - 175, d.d. 6/5/1896.
50) Ibid, p. 171, d.d. 6/5/1896.
51) Ibid, p. 201, d.d. 11/5/1896.
52) Ibid, pp. 201, 217, d.d. 11/5/1896. Tatham en King het dit genoem.
53) Ibid, pp. 212 - 213, d.d. 11/5/1896. Maydon het daarna verwys.
54) Ibid, p. 174, d.d. 6/5/1896.
55) Ibid, pp. 174 - 178, 212 - 217, d.d. 6 en 11/5/1896.

wat hom gewoonlik aan die kant van die opposisie geskaar het, het die wetsontwerp gesteun, want „having regard to the purpose in view, any way in which it is done will satisfy me".[56)]

Uit die debat het dit ook geblyk dat die Natallers besef het dat die Indiërvraagstuk moontlik die res van Suid-Afrika teensinnig sou maak om Natal in 'n moontlike vereniging van Suid-Afrika op te neem. So bv. het J. Parks (Newcastle-afdeling) verklaar: „We are looking forward to a federation of South Africa, but depend upon it, if there is a black spot in our electorates, it will prejudice us".[57)]

Gandhi het wel die nuwe maatreël beveg, maar nie, soos die opposisie gevrees het, in die hof nie. Hy het dieselfde metode gevolg waarmee hy aanvanklik in 1894 sukses behaal het, naamlik 'n petisie aan die Britse Minister van Kolonies.[58)] Die Indiërgemeenskap het alreeds aan die begin van Mei 1896 per kabel beswaar gemaak teen die Britse regering se goedkeuring van die nuwe wetsontwerp. Toe die Britse regering ook die invoeging van die woord „parliamentary" voor „franchise" in die wetsontwerp goedgekeur het sodat die betrokke klousule soos volg lees: „Elective representative institutions founded on the parliamentary franchise", het die Indiërs op 22 Mei 1896 'n nuwe petisie aan Downingstraat gestuur,[59)] tesame met 'n afskrif van die petisie wat in April aan die laerhuis gerig is.[60)]

Daarin is die verskillende pogings wat die Indiërs reeds aangewend het om die wetsontwerp te beveg, uiteengesit. Die petisionarisse probeer aantoon dat daar wel „elective representative institutions" in Indië bestaan, maar weer eens het hulle geen voldoende bewys vir die bestaan van parlementêre stemreg in Indië gelewer nie. Die petisionarisse het by die Britse regering op 'n deurtastende ondersoek van die stemregvraagstuk aangedring. Indien die indiening van so 'n wetsontwerp nodig mag wees, het die petisionarisse verkies dat dit in 'n „straight forward

---

56) Ibid, p. 176, d.d. 6/5/1896.
57) Ibid.
58) CSO 1467, 3105/1896: M. K. Gandhi aan die Natalse Goewerneur, d.d. 28/5/1896.
59) CSO 1467, 3105/1896.
60) Kyk p. 191.

and open manner" geskied, m.a.w. dat die woord „Indiërs" daarin genoem word indien dit teen die Indiërs gemik is.[61)]

Sonder om voorbeelde te noem, het die petisionarisse te kenne gegee dat daar ook blankes in Natal was wat van gebiede afkomstig is waar daar geen parlementêre stemreg bestaan het nie, maar dat hulle nogtans toegelaat word om die stemreg in Natal te beoefen. Aangesien geen voorbeelde genoem word nie, is dit onmoontlik om die geloofwaardigheid van dié bewering te bepaal. Net soos in die 1894-petisie, word weer vryelik van koerantaanhalings gebruik gemaak, veral met die doel om die bewering van die Natalse Eerste Minister, naamlik dat die Indiërstem toekomstige Natalse verkiesings sou oorheers, te betwis.[62)]

Die petisionarisse het verkies dat die toekenning van die stemreg aan Indiërs liewer op grond van opvoeding, intelligensie en hulle aandeel in Natalse sake moet geskied en nie op grond van die willekeur van die Goewerneur-in-rade nie. Verder het hulle gemeen dat 'n oplossing vir die stemregvraagstuk moontlik deur die verhoging van die eiendomskwalifikasie bereik kan word, „which would tell against the Indians without materially affecting the European vote". Hulle het hul ook beroep op 'n mate van reg in die Natalse politiek op grond van die feit dat hul van 'n groot nasie bestaande uit 300,000,000 Britse onderdane van Indië afkomstig is. Die petisionarisse het verder gemeen dat die gebeure in Natal sal bepaal of Britse onderdane van Indië ook

---

61) CSO 1467, 3105/1896. Laasgenoemde argument is moontlik gebruik juis omdat die Britse regering die 1894-wetsontwerp om dié rede verongeluk het.

62) Ibid. Die aanhalings wat uit The Natal Mercury, The Natal Witness en The Natal Advertiser geneem is, is dan ter ondersteuning van petisionarisse se sienswyse dat die Indiërs min belangstelling in die Natalse politiek toon, dat min Indiërs oor die nodige eiendomskwalifikasie beskik wat vir die verkryging van die stemreg nodig is en dat dit ondemokraties sou wees (soos die nuwe wetsontwerp neergelê het) dat die Goewerneur-in-rade moes besluit of Indiërs op die kieserslys geplaas moet word of nie. Die meeste van die aanhalings is uit die Natalse opposisieblad, The Natal Advertiser, geneem. So byvoorbeeld is ruim gebruik gemaak van die blad se argument teen die Goewerneur-in-rade se mag om Indiërs op die kieserslys te plaas. Volgens die blad sou laasgenoemde klousule in die wetsontwerp bygevoeg gewees het om die indruk by die Britse regering te skep „that this power of exemption would occasionally be used, sparingly perhaps, but still used". Nogtans was dit, volgens die blad, geensins die bedoeling van die Natalse regering (soos die Prokureur-generaal self erken het) om die klousule werklik ernstig toe te pas nie, want geen Natalse regering sou in staat wees om in die kussings te bly indien groot getalle Indiërs die stemreg verkry nie.

elders op die status van Britse onderdane geregtig sou wees, m.a.w. indien Natal die Indiërs nie as Britse onderdane beskou nie, sal ander lande dit ook nie doen nie.[63] Ondanks al die pogings van die Natalse Indiërgemeenskap om die stemregwetsontwerp te verongeluk, is dit deur beide Huise van die Natalse parlement, asook deur die Britse regering, aanvaar en op die wetboek geplaas.[64]

Uit die debatte in die laerhuis oor die stemregwetsontwerp was dit duidelik dat partypolitiek na die toekenning van verantwoordelike bestuur min of meer op dieselfde basis voortgegaan het soos gedurende die voorafgaande periode onder verteenwoordigende bestuur. Die enigste verskil was dat sommige lede wat Pietermaritzburg-Stad verteenwoordig het, bv. Tatham en Bale, hulle nie soseer tot die kwekerverteenwoordigers aangetrokke gevoel het nie, maar eerder met die Durbanse leidende figure in botsing gekom het.[65] Bale het bv. as gevolg van 'n persoonlike botsing met Escombe sedert 1895 by die opposisie se geledere aangesluit.[66] Hierdie veranderde houding van die verteenwoordigers van Pietermaritzburg-Stad kon ook beïnvloed gewees het deur die feit dat al hoe meer Indiërs in die omgewing van Pietermaritzburg in diens geneem is en dat dit 'n mate van simpatie vir die kwekers opgewek het wat eers nie die geval was nie.

Nietemin moet aanvaar word dat die politieke skeidslyn in Natal al hoe minder oor werklike beginselsake ten opsigte van Indiër-immigrasie gegaan het, want politieke verdelings het in Natal al hoe meer 'n kwessie van botsende persoonlikhede geword. Veral het die gevoel tussen Tatham en Escombe dikwels hoog geloop en laasgenoemde antagonisme het op sy beurt twee manne soos Tatham en Binns wat soms geheel teenstrydige menings oor sake nagehou het, in een kamp gedwing, want Binns kon, net so min soos Tatham, met Escombe oor die weg kom.

---

63) CSO 1467, 3105/1896.
64) Debates, Legislative Assembly, Fourth Session of the First Parliament, 1896, vol. XXIV, p. 217. d.d. 11/5/1896; Debates, Legislative Council, Fourth Session of the First Parliament, 1896, vol. IV, p. 53, d.d. 20/5/1896.
65) 'n Noukeurige studie van die laerhuis-debatte oor die Indiërvraagstuk gedurende die neëntigerjare toon dit duidelik.
66) Gillett, Hoofstuk 2, pp. 6 - 7.

## 4. Die beëindiging van staatshulp.

'n Ander aangeleentheid wat die partypolitieke verdeling net na die instelling van verantwoordelike bestuur beïnvloed het, was die staat se jaarlikse subsidie ten behoewe van Indiër-immigrasie. Dit het die ou politieke verdeling uit die periode van verteenwoordigende bestuur laat herleef, naamlik kwekerverteenwoordigers teenoor binnelandse verteenwoordigers. Hierdie verdeling het in 1894 weer duidelik sigbaar geword toe die regering wat hoofsaaklik 'n koalisie tussen Durbaniete en binnelandse lede verteenwoordig het, 'n wetsontwerp ingedien het om die subsidie te beëindig. Die algemene beginsel van die wetsontwerp, was, volgens die Prokureur-generaal, „that no man has a right to put his hand into the public treasury to obtain labour for his own enterprise and that no Government has a right to prevent a person who seeks to get labour from abroad from doing so, if he sees fit to do so at his own expense."[67]

Met enkele uitsonderings, soos in die geval van Baynes en Garland, met Binns half teësinnig, was die Natalse laerhuis eensgesind dat die jaarlikse subsidie beëindig word, maar die angel van die saak wat weer eens tot die ou politieke verdeling aanleiding gegee het, was dat diegene wat van daardie groep Indiërs wie se vyf jaartermyn verstreke was gebruik wou maak, ook 'n regmatige bydrae tot die koste verbonde aan hulle invoer moes lewer.[68]

Die regering het probeer om die probleem in 'n gees van „compromise and conciliation" op te los.[69] Daarom is 'n klousule (nr. 3) tot die wetsontwerp bygevoeg, waarvolgens diegene wat Indiërs na die verstryking van laasgenoemde se vyfjaar-kontrakperiode in diens neem, jaarliks 'n bedrag van £2/10 aan die Trustraad sou moes betaal.[70]

In die debat wat in die laerhuis oor bogemelde aangeleentheid gevoer is, pas ná die instelling van verantwoordelike bestuur, het sommige opposisie-lede wat Pietermaritzburg-Stad verteenwoordig het, o.a. Bale, nog nie kans gesien om in te val met die res van die opposisie nie, want dit was juis hierdie getwis oor die subsidie wat meegewerk

67) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, pp. 163 - 164, d.d. 10/5/1894.
68) Ibid, pp. 229, 495 - 496, 549 - 558, 623 - 627, d.d. 17/5/1894, 13/6/1894, 19/6/1894 en 25/6/1894.
69) Ibid, p. 556, d.d. 19/6/1894.
70) Ibid, p. 623, d.d. 25/6/1894.

het tot die verkryging van verantwoordelike bestuur.[71)]

Een van die lede van Pietermaritzburg-Stad, Tatham, het die regering egter reeds gekritiseer omdat die kwessie van die verpligte terugkeer van kontrakarbeiders nie by die wetsontwerp betrek is nie. Hy het die regering van halfhartigheid en oorhaastigheid beskuldig en aangevoer dat „the question must be dealt with as a whole; it cannot be dealt with piecemeal".[72)] In Tatham se geval was sy opposisie teen die regering nie geïnspireer deur die kwekerbelange nie, maar was dit eerder 'n geval van 'n botsing tussen persoonlikhede, veral hy en die Prokureur-generaal.[73)] Sy alliansie met die kwekerverteenwoordigers in hul gesamentlike opposisie teen die wetsontwerp was eerder toevallig as doelbewus. Die teenstanders van die regering het dus geheel en al uiteenlopende menings oor die wetsontwerp nagehou. Aan die een kant was die een uiterste, soos deur Tatham verteenwoordig, wat gevoel het dat die regering nie ver genoeg gegaan het nie, terwyl opposisielede Maydon, Hulett, Baynes en Garland die betrokke wetsontwerp as reeds te verregaande beskou het. Volgens J. G. Maydon moes die kwekers 65% van die koste verbonde aan Indiër-immigrasie betaal, terwyl hulle slegs 50% van die immigrante se dienste verkry het. Daarmee het hy bedoel dat die immigrante na die verstryking van die eerste vyf jaar-termyn by instansies gaan werk wat geen bydrae tot die invoer van die betrokke immigrante gelewer het nie.[74)] Hulett weer het dit soos volg gestel: „Those who employ them (immigrants) during the second term of five years are certainly those persons who are subsidised by the £10.000 grant and not the employers of the first five years of their labour".[75)]

Die opposisie het met hulle teenkanting teen die wetsontwerp hulself benadeel, want die uitgerekte bespreking van die wetsontwerp waarvoor veral Binns verantwoordelik was, het aan die Prokureurgeneraal die geleentheid gebied om intussen by die Assistent-Beskermer van Immigrante inligting te verkry wat daarop neergekom het dat dit eintlik onnodig sou wees dat die werkgewers van gewese kontrakarbeiders jaarliks 'n bedrag van £2/10 moes betaal. Die doel van hierdie heffing was eintlik om werkgewers wat nooit vir kontrakarbeiders vanaf Indië aansoek gedoen het nie, en dus nie direk gehelp het om die immigrasiekoste te help betaal nie, ook te verplig om te help betaal indien hul van

71) Ibid, pp. 553 - 555, d.d. 19/6/1894.
72) Ibid.
73) Ibid, pp. 553 - 554, d.d. 19/6/1894.
74) Ibid, pp. 553 - 554, d.d. 19/6/1894.
75) Ibid, p. 551, d.d. 19/6/1894.

gewese kontrakarbeiders se dienste wou gebruik maak. Laerhuislede wat aanvanklik ten gunste van klousule 3 was omdat hul onder die indruk verkeer het dat die bedrag wat die inwerktreding van die klousule vir die Trustraad tot gevolg sou hê, slegs £15,000 sou beloop, het egter teen die klousule te velde getrek toe dit aan die lig gekom het dat die klousule sou meebring dat die Trustraad £33,000 sou verkry, m.a.w. aangesien die Trustraad dus jaarliks £33,000 in stede van £15,000 sou kry, het meeste laerhuislede dit nou as onnodig beskou dat werkgewers van gewese kontrakarbeiders jaarliks £2/10 vir laasgenoemde se dienste moes betaal.[76]

Toe Yonge, O'Meara en Smythe daarop in die laerhuis sterk teen klousule nr. 3 te velde trek en die gevaar hom voorgedoen het dat die klousule geskrap sou word, het Binns probeer red wat daar nog vir kwekerbelange te red was deur voor te stel dat 'n Gekose Komitee die hele aangeleentheid moes ondersoek.[77] Sy voorstel is aanvaar en die volgende komiteelede, afgesien van die Prokureur-generaal, is aangestel: Ryley, Binns, J. Baynes, Hitchins, J. W. Leuchars en O'Meara.[78] Die samestelling van die komitee uit so 'n verskeidenheid van meningsgroepe (die helfte van die ledetal was nietemin kwekers) het verseker dat die laerhuis dié komitee se bevindings eenparig sou aanvaar.[79]

Die vernaamste aanbevelings van die Gekose Komitee was dat in stede daarvan dat die werkgewers van die gewese kontrakarbeiders jaarliks £2/10 betaal, 'n bedrag van £1500 vir die finansiële jaar 1894 - 1895 deur die staat aan die Trustraad betaal word en dat die koste verbonde aan die instandhouding van die Departement van die Beskermer van Immigrante, wat jaarliks sowat £1500 beloop het, deur die staat in stede van die Trustraad gedra word. Daarbenewens is ook aanbeveel dat die Beskermer van Immigrante nie langer as lid van die Trustraad aanbly nie. Die gedagte was om die Beskermer van Immigrante onafhanklik te maak van die Trustraad wat in die eerste plaas die kweker se belange behartig het.[80]

Die Gekose Komitee het ook 'n aparte wetsontwerp aanbeveel vir die heffing van 'n residensiële belasting van £3 per jaar op kontrak-

76) Ibid, pp. 495 - 496, 624 - 625, 652 - 654, d.d. 13/6/1894, 25/6/1894, 27/6/1894.
77) Ibid, pp. 656 - 658, d.d. 27/6/1894.
78) Ibid, pp. 658, 672 - 673, d.d. 27/6/1894.
79) Ibid, pp. 695 - 696, d.d. 2/7/1894.
80) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Second Session, First Parliament, 1894, LA, No. 9, pp. 89 - 90, d.d. 28/6/1894.

arbeiders wat ná die verstryking van hulle kontrakperiode, weier om na Indië terug te keer.[81]

Die regering het die aanbevelings van die Gekose Komitee aanvaar en die wetsontwerp is met wysigings ooreenkomstig die aanbevelings deur beide Kamers aangeneem.[82] Die voordele wat dit vir die staat ingehou het, is soos volg deur die Prokureur-generaal saamgevat:

i) Die regering sou slegs vir een jaar £3,000 aan Indiër-immigrasie bestee;

ii) Daarna sou slegs £1500 jaarliks vir die instandhouding van die Departement van die Beskermer van Immigrante aangewend word;

iii) Bogemelde reëling is as noodsaaklik beskou omdat die Beskermer van Immigrante liewer aan die regering as aan die Trustraad verantwoordelik moes wees, want laasgenoemde moes na die kweker se belange omsien;

iv) Indien die Beskermer van Immigrante aan die regering verantwoording doen, soos aanbeveel is, sou dit verhoed dat die regering in verleentheid by die Indiese regering gestel word;

v) Daarom word die jaarlikse bedrag van £1500 wat die regering aan Indiër-immigrasie moes bestee as redelik beskou, veral as in aanmerking geneem word dat daar met die jaarlikse subsidie van £10,000 weggedoen word;

vi) Bogemelde reëling sou ook voorkom dat 'n groot aantal werkgewers jaarliks 'n bedrag van £2/10 ten opsigte van elke Indiër moes betaal wie se kontrakperiode verstreke was en wat hy in sy diens geneem het, 'n optrede wat die regering by die publiek meer gewild sou maak.

vii) Die staat sou sy inkomste ook verder kon aanvul deur die jaarlikse £3-lisensie wat later deur aparte wetgewing bepaal kon word ten opsigte van kontrakarbeiders wat sou weier om na Indië terug te keer.

---

81) Ibid. Hierdie aangeleentheid sou later opgevolg word. Kyk p. 201.
82) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, pp. 694 - 696, d.d. 2/7/1894; Debates, Legislative Council, Second Session of the First Parliament, vol. 2, p. 122, d.d. 5/7/1894.

5. Die £3- lisensiewet.

Dit was egter eers in die daaropvolgende jaar (Mei 1895) dat daar in die Indian Immigration Act Amendment Bill voorsiening vir die heffing van 'n £3-lisensie gemaak is. Die wese van hierdie wetsontwerp was egter 'n uitvloeisel van Binns en Mason se besoek aan Indië, waaruit dit duidelik geword het dat die Indiese regering beswaar sou maak teen 'n kriminele vervolging indien die kontrakarbeiders sou weier om ná afloop van hul dienstyd na Indië terug te keer. Aangesien die Indiese regering egter nie gekant was teen die heffing van 'n redelike belasting in die onderhawige geval nie, is die wetsontwerp dienooreenkomstig opgestel.[83)]

Die opposisie, veral Tatham, Bale en Fell, het die £3-lisensie aangeval. Nogtans is een van die vernaamste opposisieleiers, Binns, in 'n baie moeilike posisie geplaas, aangesien die £3-lisensieplan eintlik gebore is uit die onderhandelings wat hy met die Indiese regering gevoer het. Die teenkanting teen die wetsontwerp is dus afgewater weens Binns se onvermoë om met die ander opposisielede gemene saak te maak, veral nog waar hy die opposisie se deskundige op die gebied van Indiërsake was en sy woord dus in dié verband gewig gedra het.[84)]

Hoewel die opposisie verdeeld was, het hierdie gebrekkige wetsontwerp nogtans 'n gulde geleentheid vir grondige kritiek gelewer. Dit was dan ook tydens die debat oor hierdie wetsontwerp dat Tatham hom as 'n bekwame jong politikus onderskei het. Hy het oor die vermoë beskik om, anders as meeste van sy mede-koloniste, die Indiërvraagstuk in sy regte perspektief te sien, veral ten opsigte van 'n gesonde toekomsbeleid. Gedurende die 1895-debat in die laerhuis het Tatham die volgende profetiese woorde gebesig wat in die twintigste eeu tot 'n groot mate bewaarheid sou word: „There is nothing in the world to compel the Indian who remains to take out a license, and unless he takes out a license you cannot sue him for the £3. The clause will be simply inoperative .... There is an omission in the Bill in not providing for the punishment of the Indian who evades the tax".[85)] Trouens, dit was ook Tatham wat in stede van die £3-lisensie reeds in 1894 aan die hand gedoen het dat die Natalse Indiërs liewer gerepatrieer word. Hy het

---

83) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXIII, p. 65 - 66, d.d. 7/5/1895.
84) Ibid, pp. 69, 117, d.d. 14/5/1895.
85) Ibid. Dit sal in die hieropvolgende hoofstuk (p. 234) duidelik blyk.

verwys na die Amerikaanse poging om die negers te repatrieer wat juis toe aandag geniet het.[86] Bale het Tatham ondersteun: „We do not want this £3; we would rather the Indian went back".[87]

So onmoontlik as wat dit vir Amerika geblyk het om sy negers na hul oorspronklike tuiste terug te stuur, net so onmoontlik het dit vir Natal geword om sy Indiërs na Indië terug te stuur. Die enigste oplossing, naamlik om Indiër-immigrasie te beëindig, het geen lid van die Natalse laerhuis verlang nie. Dwarsdeur die krisisjare vanaf 1894 tot 1899 was daar trouens geeneen wat dit sou durf waag om so 'n voorstel in te dien nie. Soos Escombe later in 1899 tereg getuig het, was die meerderheid van die Natalse koloniste nie eers toe (in 1899) ryp vir so 'n drastiese maatreël nie. Die rede daarvoor was dat Natal aan Indiërarbeid gewoond geraak het en dat die gedugte verteenwoordigers van die suikerkwekers in die Natalse laerhuis nooit so 'n voorstel sou duld nie.[88]

Die Prokureur-generaal het wel op grond van Tatham se beswaar met betrekking tot die invordering van die £3-lisensiegelde ingestem om die betrokke klousule met die volgende toevoeging te wysig: „which sum shall be recoverable by summary process". Laasgenoemde toevoeging het die Prokureur-generaal egter later self erken was eerder 'n poging om die Indiër skrik te maak as om die letter van die wet toe te pas.[89]

Dit is waar dat die Natalse regering met die indiening van bogenoemde wetsontwerp uitvoering aan die Binns-Mason-aanbevelings gegee het,[90] maar waarom die Prokureur-generaal in dié geval hom deur Binns se aanbevelings moes laat lei het, is nie so duidelik nie, veral nie in die lig van die feit dat hy Binns as opposisieleier heel tereg gewantrou het.

---

86) Debates, Legislative Assembly, Second Session of the First Parliament, 1894, vol. XXII, p. 553, d.d. 19/6/1894.
87) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXIII, p. 117, d.d. 14/5/1895.
88) Kyk Hoofstuk 9, pp. 234-235.
89) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXII, p. 118, d.d. 14/5/1895. Selfs die Prokureur-generaal se begaafdheid om sy saak op 'n onverbeterlike wyse te stel, het met die bespreking van hierdie wetsontwerp ooglopend gefaal. Na aanleiding van sy argument dat die Indiese regering, ondanks die £3-lisensie, gretig sou wees om van sy surplus bevolking aan Natal af te staan, het die Natalse Indiërs heel tereg geantwoord dat Natal hom nie oor Indië se surplus-bevolking moes bekommer nie, maar wel oor die wyse waarop hy sy Indiër-onderdane behandel (Ibid, p. 67, d.d. 7/5/1895; CSO 1437, 3989/1895: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 29/8/1895).
90) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXII, p. 66, d.d. 7/5/1895.

Die Indiërs het die gulde geleentheid om hierdie omstrede wetsontwerp aan te val, nie laat verbygaan nie. Abdulla Haji Adam en sestien ander het in Augustus 1895 'n petisie in dié verband aan die Indiese regering gerig, waarin hulle, soos die opposisie in die laerhuis, op die onuitvoerbaarheid van die maatreël gewys het: „If the non-compliance with the conditions as to compulsory return, could not set the criminal law in motion, the insertion in the contracts of such a clause is absolutely useless, if not actually harmful, in as much as it might encourage the contracting party to break his contract, and the law would connive at such a break".[91]

Voorts het hulle aangedring op die algehele beëindiging van Indiërimmigrasie na Natal, wetende dat die Natalse regering dit nie sou oorweeg nie.

Die petisionarisse het hul egter nie slegs tot die meriete van die saak beperk nie, maar hulle eie saak benadeel deur die toestand van die kontrakarbeiders erger voor te stel as wat dit werklik was.[92] Indien laasgenoemde se toestand aan slawerny gegrens het, soos die petisionarisse te kenne wou gee, het die vraag hom voorgedoen waarom die kontrakarbeiders wat na afloop van hulle dienstermyn op 'n vry oortog terug na Indië geregtig was, dan enige vrees vir die £3-lisensie sou koester ? Daarop het die Indiërs die laerhuis geantwoord dat die klein bedraggie wat kontrakarbeiders oor 'n tienjaar-periode sou spaar, nie genoeg sou wees om van te leef indien hulle na Indië sou terugkeer nie, aangesien hulle kontakte met die vaderland oor so 'n lang periode verbreek sou gewees het.[93]

Die Natalse regering het die Indiërpetisie verwerp omdat kontrakarbeiders, volgens hulle, geen aanspraak op die reg van koloniste en mededingers op handelsgebied gehad het nie.[94] Die gevolg was dat Abdulla Haji Adam en ander Indiërs weer teen die einde van Augustus 1895 'n lywige petisie aan die Britse regering gerig het, waarin hulle weer eens veral van verklarings van opposisielede en aanhalings uit

---

91) CSO 1438, 4114/1895: Abdulla Haji Adam aan die Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 16/8/1895.
92) Ibid.
93) CSO 1437, 3989/1895: Natalse Koloniale Sekretaris aan die Natalse Goewerneur, d.d. 29/8/1895.
94) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXIII, p. 67, d.d. 7/5/1895.

die opposisiepers gebruik gemaak het.[95] Die Indiërs het die indruk probeer skep dat Natal vir die kontrakarbeiders verantwoordelik sou wees, selfs ná verstryking van hulle dienstermyn.[96] Dié opvatting kan nie op grond van die kontrak gestaaf word nie, want na die verstryking van hulle dienstermyn was die betrokke Indiërs slegs op 'n vry oortog terug na Indië geregtig. Ook die aanhaling van die petisionarisse uit die Beskermer van Immigrante se jaarverslag van 1894 van hoe onontbeerlik kontrakarbeiders vir Natal was moet nie sonder meer as onpartydig aanvaar word nie, aangesien die Beskermer van Immigrante 'n amptenaar was van wie verwag kon word om vir Indiër-immigrasie in die bresse te tree.

Op grond van bogemelde aanhalings wat die petisionarisse as gesaghebbend bestempel het, maar wat, soos aangetoon, aan 'n groot mate van subjektiwiteit onderhewig is, word 'n beroep op die Britse regering gedoen om die Indian Immigration Act Amendment Bill te verongeluk. As 'n ander alternatief doen hulle aan die hand dat Indiër-immigrasie na Natal geheel en al beëindig word, aangesien dit nie die oorbevolkte dele van Indië wesenlik sal raak nie.[97]

Ander argumente van die petisionarisse wat nouliks steek gehou het, was die volgende:[98] Eerstens is toesprake van Escombe aangehaal om aan te dui dat laasgenoemde se sienswyse oor die Indiërvraagstuk tien jaar tevore presies die teenoorgestelde was as wat hy

---

95) CSO 1437, 3989/1895: Natalse Koloniale Sekretaris aan Natalse Goewerneur, d.d. 29/8/1895. Die aanhaling uit The Natal Advertiser dat die boubedryf, handel en inkomste van Natal daaronder sou ly indien die kontrakarbeiders verplig word om na Indië terug te keer, kon, uit die oogpunt van veral die suikerkwekers, 'n mate van korrektheid inhou. Die ander aanhaling uit die blad dat diegene wat hulle vir die verpligte terugkeer van kontrakarbeiders beywer het deur „blind race sentimentallism (sic) or jealousy" geïnspireer sou gewees het, kan egter nie, in die lig van al die probleme wat Indiër-immigrasie geskep het, sonder meer aanvaar word nie.

96) So bv. word die standpunt van The Natal Advertiser aangehaal waarom die kontrakarbeiders nie verplig behoort te word om na Indië terug te keer nie: „Forcing them back (if could, but we cannot) when their best days have been spent for our benefit. Whereto ? Why, back to face the prospect of starvation from which they sought to escape".

97) CSO 1437, 3989/1895: Natalse Koloniale Sekretaris aan Natalse Goewerneur, d.d. 29/8/1895.

98) Ibid.

in 1895 bepleit het, maar Escombe se verweer daarteen was dat hy mettertyd tot beter insigte gekom het. Tweedens is al die lofredes wat Binns in die laerhuis ten gunste van die Indiërs gehou het, aangehaal, maar Binns kon as verteenwoordiger van 'n graafskap wat grotendeels deur Indiërs bewoon is, bymotiewe vir sy verklarings gehad het. Derdens is ook Gallwey, gewese kroon-genomineerde prokureur-generaal, se lofrede ten gunste van die Indiërs aangehaal, maar Gallwey het as mondstuk van die kroon die mening van die Britse regering vertolk en nie soseer dié van die Natalse koloniste nie. Vierdens is verwys na die Binns-Mason-verslag waarin vermeld word dat in geen ander kolonie die terugkeer van kontrakarbeiders na Indië verpligtend gemaak word nie. Dat die kontrakarbeiders bewus behoort te gewees het van die verpligte terugkeer aangesien dit in die kontrak vermeld was en dat hulle dus vry was om te weier om die kontrak te teken, word as niksseggend beskou omdat die kontrakarbeiders dikwels onder druk van 'n hongernood die kontrak geteken het. In dié verband kon wel gevra word: Is dit dan Natal se skuld wanneer die kontrakarbeider Natal bo Indië verkies ? Vyfdens is aangedring op die beëindiging van Indiër-immigrasie, maar dit was 'n afgesaagde argument wat selfs nie die Britse regering oortuig het dat dit werklik bedoel was nie. Dit was eerder 'n dreigement om die Natalse regering in verleentheid te bring, want die Prokureur-generaal het selfs in 1899 erken dat die Natalse koloniste nie ryp vir so 'n stap was nie. Daarom word The Natal Advertiser so geredelik aangehaal: „Stop Indian Immigration and face results". Indien die Indiërs werklik ernstig bedoel het dat Indiër-immigrasie in Natal beëindig moes word, sou 'n drastiese optrede in dié verband verwag kon word. Gandhi kon naamlik as hy wou, in dié verband veel groter druk op die Indiese regering uitgeoefen het.

'n Betekenisvolle argument van die petisionarisse is dat die Britse regering heeltemal bereid was om die Transvaalse regering oor laasgenoemde se Indiërbeleid te kasty, maar geweier het om die Natalse regering te veroordeel, ondanks die feit dat die Transvaalse Indiërbeleid minder drasties as dié van Natal was omdat daar nie in Transvaal 'n maatreël soos die £3-lisensie bestaan het nie.[99]

Die wetsontwerp, wat ook sekere ander minder omstrede wysigings ingesluit het, is ondanks die besware van die Indiërgemeenskap,

---

99) Ibid.

deur beide Kamers van die Natalse parlement aanvaar. Die ander wysigings wat aanvaar is, is die oordrag van sekere van die Beskermer van Immigrante se pligte aan die Trustraad, o.a. die invordering van gelde ten opsigte van Indiër-immigrasie en die aanstelling van lede van die Mediese Raad. Daarbenewens moes lisensies wat die Beskermer van Immigrante aan kontrakarbeiders uitreik wat Natal wou verlaat, eers deur die Trustraad goedgekeur word.[100)]

'n Klousule is ook in die komiteestadium by die wetsontwerp gevoeg om te voorkom dat werkgewers hul kontrakarbeiders vir geringe oortredings in die tronk laat beland, omdat hulle van hul verpligtings teenoor dié arbeiders wat dikwels siek was, onthef wou wees. Hierdie klousule het egter voorsiening gemaak dat die tronkoutoriteite, meer bepaald die tronkgeneeshere, moes beslis of die betrokke Indiërs in stede van in die tronk aangehou te word, ten laste van die werkgewer na die hospitaal gestuur word.[101)]

6. Die wysiging van die Trustraad-wet.

Die wysiging in die samestelling van die Trustraad wat nie by die £3-lisensie-wetsontwerp betrek is nie, is in 1895 deur 'n aparte wetsontwerp, die Indian Immigration Trust Board Act Amendment Bill, aangebring. Daarvolgens moes die werkgewers van kontrakarbeiders self hul eie lede op die Trustraad kies.[102)] Oor die beginsel van stemming en die verteenwoordiging van die verskillende kiesafdelings het laerhuislede verskil.[103)] Ná heelwat debatering is die kwessie end Mei 1895 na 'n Gekose Komitee verwys.[104)]

Die komitee van ses - Archibald, Baynes, Hulett, Smythe, Groom en Escombe - het in Junie 1895 verslag gelewer.[105)] Met die oog op die samestelling van die Trustraad, het die komitee Natal in vier gebiede verdeel, waarvan drie een blanke verteenwoordiger kon kies, en die Victoria-Graafskap twee. Die drie gebiede met een verteenwoordiger was: i) die graafskappe van Durban, Alexandra en Alfred;

100) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXIII, p. 66, d.d. 7/5/1895.
101) Ibid, p. 87, d.d. 8/5/1895.
102) Ibid, pp. 54 - 58, d.d. 6/5/1895.
103) Ibid, pp. 54 - 58, 74 - 75, 93 - 94, 121, d.d. 6/5/1895, 7/5/1895, 8/5/1895, 14/5/1895.
104) Ibid, p. 184, d.d. 27/5/1895.
105) Ibid, pp. 231, 290, 414, d.d. 30/5/1895, 6/6/1895, 18/6/1895.

ii) Pietermaritzburg-Stad en -Graafskap; iii) die graafskappe van Kliprivier, Weenen en Umvoti.[106)]

Die Natalse regering het geweier om in die Trustraad verteenwoordig te wees. Die Prokureur-generaal het verduidelik indien die regering selfs deur een lid verteenwoordig word, sou die regering later verantwoordelik gehou kon word: „You are responsible there because you are represented there". Die doel van die regering met die indiening van die wetsontwerp was juis om so min as moontlik met die administratiewe en finansiële reëlings in verband met Indiër-immigrasie te doen te hê.[107)]

Die maatreël wat deur beide Huise van die Natalse parlement aanvaar is, het ook bepaal dat elke geregistreerde werkgewer van 1 tot 100 kontrakarbeiders oor een stem beskik. Daarbenewens kon 'n werkgewer 'n addisionele stem bekom vir elke 10 kontrakarbeiders bo en behalwe 100 in sy diens.[108)]

7. <u>Samevatting</u>.

Die eerste verantwoordelike ministerie van Natal onder die premierskap van sir John Robinson het met die anti-Indiërbeweging gesimpatiseer en hom as taak gestel om die dringende probleme van die Indiërvraagstuk onder die knie te kry. So bv. is die Indiërs se politieke mag deur die stemregwet van 1896, na taktvolle onderhandelinge met die Britse regering, aan bande gelê, terwyl die opheffing van die £10,000-subsidie 'n ontmoediging vir verdere immigrasie ten doel gehad het.

---

106) Ibid, pp. 74, 93, 414 - 415, d.d. 7/5/1895, 8/5/1895, 18/6/1895. Hoewel sommige laerhuislede van mening was dat aangesien die Durbanse graafskap altesaam 142 werkgewers van kontrakarbeiders teenoor die 111 van Victoria-Graafskap ingesluit het, Durban op 'n groter verteenwoordiging geregtig is, het Binns daarop gewys dat daar altesaam 4,530 kontrakarbeiders uit 'n totaal van 9,084 vir die hele Natal in Victoria-werksaam was. Aangesien werkgewers uit die Victoria-Graafskap dus die helfte van die bydraes tot Indiër-immigrasie gelewer het, het Binns, ondersteun deur die meerderheid laerhuislede, dit as regverdig beskou dat Victoria-Graafskap se ledetal dubbel dié van die ander gebiede moet wees (Ibid, p. 415, d.d. 18/6/1895).

107) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. XXIII, p. 121, d.d. 14/5/1895.

108) Ibid, pp. 414 - 416, d.d. 18/6/1895; Debates, Legislative Council, Third Session of the First Parliament, 1895, vol. III, p. 90, d.d. 4/7/1895.

Die regering se taak is egter bemoeilik deur 'n opposisie wat veral deur kwekerverteenwoordigers beheer is. Die opposisie sou dus enige wetgewing wat teen die belange van die kwekers indruis, hand en tand beveg, soos bv. die beëindiging van die £10,000-subsidie. Dit is ook waarom daar nooit eers gewaag is om 'n voorstel by die laerhuis in te dien dat Indiër-immigrasie beëindig word nie.

Selfs die Indiërwetsontwerpe wat nie die kweker se belange direk geraak het nie, is op 'n partypolitieke grondslag betwis, soos bv. die stemregwet en die heffing van die £3-lisensie, maar in sulke gevalle was die opposisie, tot voordeel van die regering, gewoonlik verdeeld en verswak. Die heffing van die £3-lisensie het wel geleentheid vir grondige kritiek gelewer, maar die opposisieleier, Binns, wat as afgevaardigde na Indië gestuur was, het self tot so 'n reëling met die Indiese regering ooreengekom, 'n ooreenkoms wat die Natalse regering aanvaar het.

Daarbenewens het die Indiërgemeenskap, onder aanvoering van Gandhi, sedert 1894, toe die Natal Indian Congress in die lewe geroep is, ook alle anti-Indiërwetgewing op 'n georganiseerde basis teengestaan. Dit is by wyse van petisies wat aan verantwoordelike instansies gerig is, van stapel gestuur. Aanvanklik, soos in die geval van die eerste verongelukte stemregwetsontwerp, is met dié metode sukses behaal, maar algaande het dit al hoe minder vrugte afgewerp, as gevolg waarvan die Indiërgemeenskap traer geword het om op te tree. So bv. het die petisie teen die Immigration Restriction Bill die outoriteite te laat bereik, maar hieroor meer in die volgende hoofstuk.

# HOOFSTUK 9.

## DIE PUNT-BETOGING EN DAAROPVOLGENDE POLITIEKE VERWIKKELINGE T.O.V. DIE NATALSE INDIËRVRAAGSTUK TEEN DIE EINDE VAN DIE 19DE EEU.

### 1. Die Punt-betoging.

Teen die einde van 1896 het Indiërs die eerste keer geprobeer om die bepaling in die Indiër-immigrasiewet van 1895 te omseil dat kontrakarbeiders jaarliks £3 lisensiegeld moet betaal as hulle nie na Indië terugkeer nie. Hierdie doelbewuste omseilingspoging het saamgeval met die koms van 'n groot aantal Indiërs wat normaalweg as kontrakarbeiders uit Indië sou moes vertrek, maar wie se reiskoste na Natal deur ryk Indiërs help betaal is. Hulle het gevolglik nie onder die Immigrasiewet geressorteer nie en kon so die £3-lisensie vryspring.

In September 1896 het sowat 500 sulke vrye Indiërs van Bombaai na Natal vertrek en die Natalse kabinet het in 'n kabelgram aan premier Robinson, wat destyds in Engeland was, laat weet: „Inrush must be stopped, or all lower branches of trade and farming will pass into Indian hands. Explain to Mr. Chamberlain we must follow New South Wales".[1)]

Die Indiese regering se reaksie was dat geen optrede in die onderhawige geval geregverdig was nie omdat „no grounds were discovered for suspecting evasion of law".[2)] Die Natalse regering het maar besluit om die saak daar te laat, al het die insident nie ongemerk verbygegaan nie.

Toe daar egter in Desember 1896 nog 611 vrye Indiërs met die <u>Courland</u> en die <u>Naderi</u> uit Indië in Durban aangekom het, het die Indiërvraagstuk in Natal na 'n krisispunt geloop.[3)] Elkeen van hierdie Indiërs het van 35 tot 40 roepees (R7 tot R8) vir sy oortog betaal, maar

---

1) . Sessional Papers, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, Natal 1897: LA, No. 5, pp. 28, d.d. 25/3/1897; LA, No. 1, p. 10, d.d. 26/1/1897. In hierdie kabelgram is spesifiek na Nieu-Suid-Wallis verwys, omdat daar in dié kolonie „An Act to apply and extend certain provisions of the Chinese Restriction and Regulation Act of 1888 to other coloured races" aangeneem is. Die gedagte wat in die telegram vervat is, is dus dat Natal 'n soortgelyke wet met betrekking tot Indiërs moet aanneem (Ibid, p. 30, d.d. 25/3/1897).

2) Sessional Papers, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, NO. 1, p. 10, d.d. 26/1/1897.

3) Sessional Papers, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, pp. 27 - 32, d.d. 25/3/1897.

die aanduidings was sterk - hoewel nie definitief bewysbaar nie - dat die geld deur ryk Indiërs voorgeskiet is.[4)]

Gandhi, wat een van die passasiers op die Courland was, het later in sy outobiografie beweer dat hy nie geweet het wie vir die immigrante se oortog betaal het nie, en ook nie waarom hulle na Natal gekom het nie.[5)] Om so 'n verklaring van 'n intelligente persoon soos Gandhi te aanvaar, is moeilik: hy was immers etlike weke saam met hulle aan boord, en hy het erken dat hy self 'n vry oortog deur die toedoen van die eienaar van die skepe, Dada Abdulla, gekry het.

Omdat die passasiers van die Courland en die Naderi geen kontrak vooraf met enigeen in Natal aangegaan het nie, moes die Indiese regering hulle as vrye Indiërs uitlaat sonder die mediese ondersoek wat vir kontrakarbeiders gegeld het. Dit, tesame met die feit dat hulle aan boord gegaan het in die hawe van Bombaai waar builepes destyds hoogty gevier het, het die Natalse publiek heel verstaanbaar onrustig laat voel.[6)]

Nogtans was die eintlike gevaar vir Natal nie die builepes-gevaar nie, maar die Natalse publiek het duidelik begin besef waarheen Indiërimmigrasie sou lei. Die passasiers op die twee skepe was vasbeslote om hulle in Natal te vestig en hul kon nie verplig word om na Indië terug te keer nie.[7)] Vrees het dus by die Durbanse inwoners ontstaan dat daar 'n sistematiese plan aan die gang was om 'n gereelde toevloei van die Indiërhandelsklas na Natal te bewerkstellig, m.a.w. dit was nie nou meer 'n geval van hoofsaaklik kontrakarbeiders wat Natal binnegekom het nie, maar feitlik 'n onkeerbare stroom van Indiërimmigrante wat 'n klein Britse kolonie sou oorval.[8)]

---

4) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 1, pp. 6 - 7: Goewerneur, Natal, aan Viceroy van Indië, d.d. 14/1/1897. Kyk verder Ibid, pp. 5 - 10.

5) Gandhi, An Autobiography, p. 159.

6) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 1, pp. 5 - 7, d.d. 8 - 25/1/1897.

7) Ibid, pp. 14 - 15, Indiese Kantoor aan Koloniale Kantoor, d.d. 9/2/1897, pp. 1 - 13.

8) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, p. 32, d.d. 25/3/1897.

Blankes' se petisie teen die instroming van vrye Indiërs in 1897
Kyk hiervoor CSO 1506, 2061/1897.

We, the undersigned inhabitants of the Colony of Natal, do hereby most respectfully petition the Government to adopt measures which will prevent the influx of Asiatic races into this Colony :—

1. The older and richer British Colonies of Australia and New Zealand have found that this class of Immigrant is detrimental to the best interests of the inhabitants, and have passed laws having as their object the total exclusion of Asiatics.

2. The disproportion between white and black races is already so great in this Colony that it appears highly injudicious to further increase this proportion.

3. The continued introduction of Asiatic races is in the highest sense detrimental to the Natives of this Colony, from the fact that as long as the cheaper Asiatic supply is available so long will the civilisation of the Natives be retarded, their civilisation depending upon their intercourse with the white races.

4. The low moral tone and insanitary habits of Asiatics are a constant source of danger to the progress and health of the European population.

---

| | |
|---|---|
| A. Jas. Crute | Inchgarth |
| Thos Palframan | Watermead |
| John Hayes | Glengarriff |
| H Justice | Sunset |
| H. Murrell | Glencoe |
| [illegible] Birrell | Maalberg |
| Jas Foster | J.C. S |
| A Clarke | Kingsleand |
| W Foster | Underberg |
| J.D. Watson | Rainbow |
| John Carter | Snow Hill |
| E. J. Murray | Glencairn |
| H.M. McDulling | Marshlands "Ulundi" |
| Colin Wilson | Orchelo |
| A Stone | Cora Linn |
| R.M. Arbuckle | Catmore |
| E.C. Gold | Dalton |
| C Baker | Lamington |
| R. C. Gold | Woodend |
| Moffey | Moorly |
| [illegible] | Dungarvon |
| B D Talbot | Allerchie |
| R. Wilson | N[illegible] |
| S. J. Moritz | |

Party Durbanse inwoners het, toe hulle van die koms van die skepe hoor, op 'n vroeë sessie van die Natalse parlement aangedring om die vraagstuk onder die knie te kry. Daarom het die Natalse Indiërgemeenskap aan Gandhi, wat op besoek in Indië was, getelegrafeer: „Parliament opens January. Return soon".[9] So het dit dan gekom dat Gandhi ook op die Courland was toe die skip op 18 Desember 1896 in Durban aangekom het - en tot 12 Januarie 1897 onder kwarantyn geplaas is.[10]

Wanneer Gandhi beweer dat die Courland en die Naderi om politieke redes onder kwarantyn geplaas is, het hy gedeeltelik gelyk. Hy behoort dit te geweet het want hy het trouens self om politieke redes na Natal teruggekeer, nadat hy 'n agitasie in Indië teen die Natalse blankes gevoer het, en dit het ook bygedra om die Natalse blankes teen hom in opstand te bring. Hy het immers self erken dat hy in Indië niks meer gesê het as wat hy reeds in Natal gesê het nie, maar vir die Natalse blankes was dit wat hy reeds in Natal gesê het voldoende en verkeerd om weer in Indië herhaal te word.[11]

Die onmiddellike aanleiding tot die sogenaamde Punt-betoging van 13 Januarie 1897 was - soos die leier daarvan, Harry Sparks, later te kenne gegee het - die voorneme van Gandhi om die Natalse regering te dagvaar weens die kwarantynoplegging op die twee skepe. Dit was hierdie dagvaarding „(which) made his (Sparks) blood boil with indignation". Sparks was toe „determined to take the matter up, and meeting Dr. MacKenzie, suggested that a demonstration should be promoted to protest against the landing of these men".[12]

Op 4 Januarie 1897 het die gevoelens in Durban reeds so hoog geloop oor die Indiërs op die Courland en Naderi dat 'n openbare vergadering in die Durbanse stadsaal onder voorsitterskap van Sparks - later lid van die Natalse laerhuis - gereël is. Daar is besluit: „The time has arrived to prevent the landing of any more free Indians or Asiatics in this Colony, and the meeting now calls upon the Government

---

9) Gandhi, An Autobiography, p. 151.
10) Ibid, p. 157.
11) Ibid, pp. 137 - 151. Die Waarnemende Eerste Minister se onderhandelinge met die komitee van die Punt-betoging tussen 7 en 13 Januarie bevestig gedeeltelik Gandhi se vermoede.
12) GH 1590 (nuwe nommer), G86A/1897. Kyk The Natal Mercury, d.d. 18/2/1897.

CHAIRMAN

Jan.,

(Kyk CSO 1500, 73/1897 met 978/1897)

to take steps to have returned to India, at the Colony's expense, the Asiatics at present on board the Naderi and Courland, and to prevent any other free Indians or Asiatics being landed in this Colony".[13)]

Voorts is besluit dat al die aanwesiges hulle, wanneer dit nodig word, by die Durbanse Punt sal aanmeld om te protesteer teen die landing van dié vrye Indiërs : „.... we proceed by demonstration to the Point on the arrival of the Indians but each man binds himself to conform to the orders of his leaders".

Die reaksie van die Natalse regering op die vergadering was dat daar, behalwe die kwarantynwette, geen middel was om te keer dat die Indiërs van die Courland en die Naderi in Natal land nie. Die regering het gesimpatiseer met die openbare mening „as regards the desirability of preventing the over-running of the Colony by Asiatics" en het beloof om wetgewing in dié verband in te dien, maar die voornemende betogers gewaarsku teen ongrondwetlike optrede.[14)]

Sparks het daarop nog eens vergeefs by die regering aangedring om die passasiers van die twee skepe te versoek om na Indië terug te keer.[15)] Op 7 Januarie 1897 het twaalf lede van die betogers se komitee 'n private besoek gebring aan prokureur-generaal Escombe, wat as Eerste Minister waargeneem het, om hul planne te verduidelik: Die Punt-optog sou in agt afdelings (spoorwegmanne, Punt-manne, drukkers, winkelklerke, ens.) verdeel word met 'n komiteelid in beheer van elke afdeling. Die optog sou by die vergaderplek begin, en deur trompetgeskal van berede trompetblasers aangekondig word. Die optog sou verder deur die trompetblasers gelei word en die betogers sou daarna volg.[16)]

Escombe het aan die komiteelede verduidelik dat hy nie teen die optog self gekant is nie, maar onkonstitusionele optrede afkeur, veral

---

13) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, p. 32, d.d. 25/3/1897; CSO 1500, 73/1897, Copy of telegram from Mr. H. Sparks, Chairman, overcrowded Public Meeting, held in the Town Hall, Durban, to Colonial Secretary, d.d. 4/1/1897.

14) CSO 1500, 73/1897: Copy of telegram from Principal Under-Secretary to H. Sparks, Durban, d.d. 5/1/1897.

15) Ibid, Copy of telegram from H. Sparks to Principal Under-Secretary, d.d. 6/1/1897.

16) Ibid, Prokureur-generaal aan Eerste Minister, d.d. 8/1/1897. Die komiteelede sou self elk beheer oor 'n bepaalde afdeling uitoefen en wel soos volg: Wylie en Abrahams - Spoorwegmanne; Fletcher - Punt-manne; Sykes - Drukkers; Puntan - Timmermans en Skrynwerkers; McIntosh en Gibson - Winkelklerke; McKenzie - Messelaars en Bouers; Taylor en Armitage - Jagklub; Adams - Algemene Publiek; H. Sparks - Leier (CSO 1500, 73/1897, Copy of telegram from Harry Sparks to Principal Under-Secretary, d.d. 7/1/1897).

omdat die betoging op daardie tydstip reeds gedreig het om groter afmetings aan te neem as wat selfs die komitee verwag het. Gevolglik het hy hulle regeringshulp aangebied om die orde te probeer handhaaf. Die gevaar het naamlik bestaan dat sekere elemente onder die betogers tot ongeoorloofde dade aangespoor kon word.[17)]

Hoewel Escombe, as mondstuk van die regering, die Punt-betoging beskou het as „useful in showing the strength of public opinion", het premier Robinson nogtans vir Escombe gemaan: „We don't like any unnecessary appearance of their (the leaders of the demonstration) 'taking charge'".[18)]

Daar was trouens 'n wesenlike verskil tussen die regering se sienswyse en dié van die betogers. Die regering wou dat die passasiers van die twee skepe wel aan wal gaan; die betogers was daarteen. Dit wil ook voorkom asof Escombe vooraf versigtig beplan het oor hoe hy die immigrante sou laat land. Hy het bv. vroegtydig 'n nuwe gesondheidsbeampte aangestel van wie hy seker was dat hy die regering se wense wou uitvoer.[19)] Hy het premier Robinson ook vooraf versoek om 'n openbare kennisgewing te publiseer dat die twee skepe in die Durbanse hawe kan vasmeer „to prevent any appearance of distrust of the crowd. If notice is not given the crowd will get information otherwise than from the Government and they might be led to think that the Government wished to smuggle the Indians ashore." Voorts het Escombe ook vir Robinson in besonderhede ingelig hoe hy die Punt-betoging gaan hanteer.[20)]

Dieselfde dag, 7 Januarie, het die betogerskomitee 'n beroep op die regering gedoen om 'n spesiale sitting van die parlement te belê. Die regering het geantwoord dat sy plan was om tydens die gewone sessie vroeg in Maart daardie jaar wetgewing in te dien „to

---

17) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, pp. 34 - 36, d.d. 25/3/1897.

18) CSO 1500, 73/1897: Prokureur-generaal aan Eerste Minister, d.d. 8/1/1897; Escombe-versameling, 8/1/5, Robinson aan Escombe, d.d. 13/1/1897.

19) Kort voor die betoging het die Prokureur-generaal vir dr. Birtwell as gesondheidsbeampte aangestel in die plek van R. T. Sutherland. Kyk AGO 1/10/28, 120/1897: Prokureur-generaal aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 1/2/1897 en 6/3/1897.

20) CSO 1500, 73/1897: Prokureur-generaal aan Eerste Minister, d.d. 8/1/1897 en 12/1/1897.

restrain Asiatic invasion" en om die kwarantynregulasies te verbeter. Die regering het egter beloof om intussen alles in sy vermoë te doen om deur onderhandeling met die Indiese regering die binnekoms te verbied van die soort immigrant wat met die Courland en die Naderi gekom het. Verder het die regering beklemtoon dat 'n ferme, weldeurdagte en vaste beleid, sonder 'n sweem van oorhaastigheid of opwinding, die verstandigste onder omstandighede was, en dat die regering se grondwetlike optrede die respek van die res van Suid-Afrika sou afdwing.[21)]

Intussen het die besturende direkteur van die firma Dada Abdulla en Kie., eienaar van die Courland en Naderi, vir Gandhi op hoogte gehou van die gebeure op land. Gandhi het later beweer die immigrante is gedreig dat hulle self vir die gevolge verantwoordelik gehou sou word indien hulle land. Gandhi het die immigrante egter geïnspireer om te volhard, en die eienaar van die skepe was vasbeslote dat die immigrante aan wal moes gaan.[22)] Gandhi het die stryd as 'n ongelyke bestempel, omdat 'n handjievol Indiërs te staan gekom het teen 'n groot blanke optog wat, volgens hom, deur die Natalse regering ondersteun is.[23)] Moontlik is hy in sy sienswyse beïnvloed deur 'n brief wat hy op 11 Januarie 1897 van 'n sekere John Stapley ontvang het, en waarin hy o.m. met die dood gedreig is.[24)]

---

21) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, pp. 33 - 36, d.d. 25/3/1897; CSO 1500, 73/1897: Hoof-Ondersekretaris aan H. Sparks, d.d. 8/1/1897.

22) Gandhi, An Autobiography, pp. 157 - 159.

23) Ibid, pp. 157 - 158.

24) CSO 1500, 73/1897: John Stapley aan Prokureur-generaal, d.d. 11/1/1897, waarby 'n afskrif van John Stapley se brief aan Gandhi, d.d. 10/1/1897, ingesluit is. Die inhoud van die brief lui soos volg: „Directly your ship is granted pratique I shall cross the bar to interview you. You never were in a more critical position than the present and should you determine to land in Durban you are certain to be assassinated within ten minutes after you place your foot on the warf. There is no intention on the part of the organisers of the Demonstration Committee to have you assassinated, but they will never be able to control the excitement of 5,000 men, whose excitement on your landing will be elevated into intoxicating madness, whilst in the storm and cheering of that vast assembly you will be savagely assassinated. Natal has unanimously determined that neither you, nor any more free Indians shall land upon its territory, as you are all a cancer to this country, and all that are on board the Courland and Naderi must be sent back to India even at the expense of this Colony. I shall enlighten you and your countrymen more upon the situation when I meet you in the outer anchorage. In the

Op 10 Januarie 1897 het Escombe sy planne begin ontplooi toe hy Robinson in kennis gestel het: „Birtwell reports that steamers are entitled to pratique which will be given tomorrow forenoon".[25] Hieruit blyk dat Escombe agter dr. D. Birtwell se beslissing wou skuil, en dit is blykbaar die rede waarom hy opsetlik Birtwell kort vóór die betoging-episode as gesondheidsbeampte in die plek van dr. R. T. Sutherland by die Durbanse hawe aangestel het. Robinson, wat hiervan bewus moes gewees het, se antwoord aan Escombe was uiters versigtig bewoord: „Am glad that immediate action can be deferred until after we meet. We meet at 10.15 tomorrow".[26)] Dié ontmoeting was eintlik 'n kabinetsvergadering en 'n aspek wat by dié geleentheid bespreek is, het in verband gestaan met die optrede van die betogers: 'n Afvaardiging van die komitee (Sparks, Wylie en Taylor) het met die kapteins van die Courland en Naderi o.a. gereël „for landing of so many of the Indians as belong to Natal and for departure of all others". Die voorwaardes van die ooreenkoms, waarvan die belangrikstes hieronder vermeld word, het die erns aangetoon waarmee die

---

meantime don't hesitate not to land in Durban, or let your foot touch Natal's soil. Make up your mind at once not to come here if you wish to prolong your existence. For as certain as the sun shines, you will never live to see another moon once you disembark in Durban. I am using my influence with Abdul Cassim Hajee Adam, the owner and agent of the two steamers now in quarantine to agree to talk you and your countrymen back to India at this Colony's expense and determination rather than to witness your landing to meet with a demonstration of 5,000 strong men, who will meet in conflict and flood the warf with human blood instead of the present commercial activity. Meanwhile I am determined to strain every fibre of my constitution to avert that horrible catastrophe and the sufferings of hundreds of distressed families".

25) CSO 1500, 73/1897: Prokureur-generaal aan Eerste Minister, d.d. 10/1/1897, telegram.

26) CSO 1500, 73/1897: Eerste Minister aan Prokureur-generaal, d.d. 10/1/1897. Ná afloop van die betoging het hy weer in sy hoedanigheid as Prokureur-generaal 'n ander gesondheidsbeampte, t.w. dr. H. E. Fernandez aangestel, m.a.w. daar is 'n aanduiding dat hy kort vóór die landing van die immigrante sy vertroueling dr. Birtwell as gesondheidsbeampte by die hawe aangestel het om verseker te wees van die gesondheidsbeampte se samewerking (AGO 1/10/28: Prokureur-generaal aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 1/2/1897 en 1/3/1897. Hierdie aspek is onder my aandag gebring deur B. Leverton, hoof van die Natalse Argiefbewaarplek).

komitee die hele aangeleentheid bejeën het: „1) The Courland shall not leave the outer anchorage to come into the Bay of Durban; 2) All wives and children of Natal Indians to be allowed to land; 3) All old Natal Indians to be allowed to land on the Committee being satisfied that they are returning here; 4) All others to be taken back to Bombay; 5) The Committee pay to the ship the exact amount of passage money required to send back the Indians to Bombay".[27)]

Op die kabinetsvergadering het die regering die onderhandelinge wat die betogerskomitee met die kapteins gevoer het, oorweeg en ingestem om £1,600 te betaal vir die terugsending van die immigrante wat nie Natalse Indiërs was nie[28)] en Escombe is op 12 Januarie verwittig: „Colleagues concur that the arrangement indicated appears to be the best possible under the circumstances".[29)] Robinson het sy optrede soos volg verklaar: „We are right to give them (the demonstrators) a bridge if it be possible".[30)]

Ná Escombe verskeie onderhoude met die betogers se komitee tussen 7 en 13 Januarie 1897 gevoer het, het hy op 13 Januarie gelas dat die immigrante kon land, aangesien die kwarantyn die dag tevore opgehef is.[31)] Daarop het hy Sparks van sy opdrag verwittig en self aan boord van die skepe die immigrante soos volg toegespreek: „You have heard of the excitement on shore. I represent the Government, and if you land you are as safe in the Colony of Natal, which is the Queen's Colony, as you are in your native villages in India". Hy het verder aan hulle verduidelik „that the demonstration was not against

---

27) CSO 1500, 73/1897: Prokureur-generaal aan Eerste Minister, d.d. 12/1/1897. Die ander twee voorwaardes van die ooreenkoms was: „6) The Committee pay to the Indians the exact value and no more, of their clothing and effects destroyed at this Port ; 7) The Committee pay the Courland the extra expense she may be put to in having to coal and take provisions at the outer anchorage instead of in the Harbour and such additional expenses as the ship may be put to through the Committee now allowing the Courland to leave the anchorage".
28) Ibid.
29) Ibid, telegram, Eerste Minister aan Prokureur-generaal, d.d. 12/1/1897.
30) Escombe-versameling 8/1/5: Robinson aan Escombe, d.d. 13/1/1897.
31) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, p. 36, d.d. 25/3/1897.

them as individuals but against the system of wholesale immigration of free Indians".[32]

Die toestand was so ernstig dat Escombe die buitengewone stap gedoen het om daarná 'n skare van sowat 5,000 blankes by die Durbanse Punt tot bedaring te probeer bring wat die Indiërs van die Courland en die Naderi dreigend ingewag het. Hy het aan hulle verduidelik watter belofte hy aan die immigrante gedoen het en dat die regering op hulle staat maak om die belofte gestand te doen en die orde te handhaaf. Hy het ook die vertroue uitgespreek dat hulle die regering in die saak sal vertrou en gesê dat die regering wetgewing sal indien „dealing with the Asiatic invasion". Escombe se toespraak is met hoera's begroet en nadat die komiteelede hulle ook toegespreek het, het die skare, wat vanaf 10 v.m. saamgedrom het, teen 2 n.m. ordelik uitmekaar gegaan.[33]

Gandhi het aan boord van die Courland die aanbod van Escombe om onder polisie-geleide aan wal te gaan, van die hand gewys. Die aanbod is gedoen omdat Gandhi deur die skare as die onrusstoker beskou is en daar dus gevaar bestaan het dat hy aangerand kon word. In werklikheid het hy, toe hy aan wal gegaan het, 'n ligte aanranding op die lyf geloop maar hy het dit in 'n goeie gees aanvaar omdat dit sy keuse was om polisie-beskerming te weier. Derhalwe het hy verkies dat geen kriminele vervolging van die aanranders moes geskied nie.[34]

Hoewel Escombe hom op meesterlike wyse van sy taak tydens die Punt-episode gekwyt het, het die regering se teenstanders nogtans die aangeleentheid aangegryp om die regering onder verdenking te bring en het The Natal Witness daarna verwys as „a put-up job for Mr. Escombe's benefit".[35]

Die leier van die Punt-betoging, Sparks, het erken dat die reëling vir die landing van die immigrante deur Escombe sonder die medewete van die betogerskomitee getref is, maar dat hy besluit het om die regering nie teen te gaan nie; anders sou dit dalk as 'n daad

---

32) Ibid, pp. 4, 36, d.d. 25/3/1897.
33) Ibid, pp. 4, 36, d.d. 15/1/1897, 25/3/1897.
34) Ibid, p. 37, d.d. 25/3/1897.
35) GH 1590 (nuwe bandnommer), G86A/1897: The Natal Mercury, d.d. 18/2/1897, vir 'n aanhaling uit The Natal Witness.

van rebellie beskou kon word. Sparks verwerp egter The Natal Witness se aantyging van 'n „put-up job". Hy meen trouens dat die betoging 'n groot sukses was, ondanks regeringsoptrede, en wel om die volgende redes: 1) Dit het die regering verplig om onmiddellik aandag te skenk aan die Indiër-immigrasievraagstuk en wetgewing in dié verband in te dien; 2) Dit het meegebring dat die Natalse parlement twee maande gouer byeengekom het as wat aanvanklik beplan is; 3) Chamberlain is beïndruk deur die vasberadenheid van die koloniste oor die Indiër-vraagstuk; 4) Dit het voorkom dat sowat 135 passassiers van die Courland en Naderi in Natal aan wal gaan; en 5) dit het meegevoel dwarsdeur Suid-Afrika vir die Durbanse standpunt meegebring.[36]

Die Punt-insident het ook internasionaal reperkussies gehad tussen die regerings van Natal, Brittanje en Indië. Op 8 en op 14 Januarie 1897 het die Natalse Goewerneur 'n telegram aan die Onderkoning (Viceroy) van Indië gestuur waarin die gebeure sedert die aankoms van die Courland en Naderi noukeurig uiteengesit word en waarin by die Indiese regering aangedring word dat „in the interests of order it is desirable that the emigration from India of free Indians should be arrested".[37]

Die Onderkoning het geantwoord dat sy regering nie in staat was om teen vrye Indiërs, wat vir hul eie oortog betaal het, op te tree nie, want sy regering se gesag was slegs beperk tot kontrakarbeiders wat onder die emigrasiewette ressorteer. Al wat sy regering doen, is om voornemende emigrante wat in Bombaai aan boord gaan, te waarsku dat hul aankoms in Natal die openbare mening aldaar, as gevolg van die builepes-toestand, sal onthuts. Hoewel die Britse regering ook vertoë tot die Indiese regering in dié verband gerig het, kon geen verdere optrede teen die immigrante van die Courland en die Naderi oorweeg word nie, aangesien die passassiers, sover vasgestel

---

36) GH 1590 (nuwe bandnommer), G86A/1897: The Natal Mercury, d.d. 18/2/1897.

37) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 1, pp. 2 - 3, 6, telegram van Natalse Goewerneur aan Onderkoning van Indië, d.d. 8/1/1897. Kyk ook Ibid, pp. 6 - 7, telegram van Natalse Goewerneur aan Onderkoning van Indië, d.d. 14/1/1897.

kon word, vir hul eie oortog betaal het.[38)]

Die vertoë van Natal tot Indië en Brittanje het nietemin tot gevolg gehad dat, met uitsondering van slegs 40 immigrante aan boord van die Crescent, geen verdere grootskaalse emigrasie van vrye Indiërs in 1897 na Natal plaasgevind het nie.[39)]

Hoewel die opposisie die indruk van eensgesindheid probeer skep het, was daar nogtans ingrypende onderlinge verskille tussen hulle oor die Durbanse betogers. So bv. het Tatham vir Bale teen aanvalle van regeringslede probeer beskerm, al het Tatham met die Durbanse betogers gesimpatiseer, terwyl Bale hulle veroordeel het.[40)]

2. Anti-Indiërwetgewing.

In ooreenstemming met die belofte van die Prokureur-generaal aan die Durbanse betogers, het die Natalse regering onder leiding van Escombe, wat Robinson in Februarie 1897 as Eerste Minister opgevolg het, 'n wetsontwerp opgestel „to restrict the immigration of Asiatics in Natal".[41)] Met die opstel van die wetsontwerp het die Natalse regering besef dat dit onverstandig sou wees om weer die fout wat in 1894 met die stemregwet begaan is, te herhaal, naamlik om die woord „Asiate" daarin by naam te noem. Die insluiting van die woord „Asiate" sou dit wel duidelik stel teen wie die wetsontwerp eintlik bedoel is, maar dit sou aan die Britse regering die geleentheid bied om die wetsontwerp

---

38) Ibid, pp. 5 - 16, d.d. 8/1/1897 - 17/3/1897. Selfs nadat die Britse regering die Natalse regering versoek het om die aangeleentheid self te ondersoek, het die Beskermer van Immigrante in sy verslag daarop verklaar: „It is a most difficult matter to obtain reliable information as to the condition on which Indians from Bombay obtain passages to Natal by steamers belonging to native owners" (Ibid, p. 16, d.d. 15/3/1897).

39) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, No. 5, pp. 37 - 38, d.d. 25/3/1897.

40) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vo. XXV, pp. 114 - 116, 122, d.d. 1/4/1897.

41) Sutton-versameling, Sutton se dagboek, d.d. 14/2/1897. In die nuwe regime is Sutton as Tesourier en T. K. Murray as Koloniale Sekretaris benoem en dit het Sutton, wat Koloniale Sekretaris wou wees, gegrief. Blykbaar het hy die grief teen Escombe gekoester, want hy skryf in sy dagboek, d.d. 16/2/1897: „Escombe did not treat me fairly and my memory is good". Daar is egter geen aanduiding, afgesien van die feit dat die Escombe-regime so kortstondig was, dat Sutton ooit met Escombe wou afreken nie.

te veto omdat dit gesê kon word dat daar op rassegrondslag gediskrimineer is.[42] Daarom het die regering dit wenslik geag om twee wetsontwerpe in dié verband op te stel om die Natalse parlement in staat te stel om te oordeel watter een van die twee die geskikste onder omstandighede was. In die een wat as die Nieu-Suid-Wallis-tipe bekend was, het die woord „Asiate" voorgekom en die ontwerp-wetsontwerp is so genoem omdat die betrokke Australiese staat in 'n soortgelyke wetsontwerp „gekleurde rasse" by naam genoem het. Die ander een was as die „algemene" wetsontwerp bekend[43] wat subtieler van aard was en nie die woord „Asiate" uitdruklik genoem het nie maar wat presies dieselfde doel as dié Nieu-Suid-Wallis-tipe een nagestreef het.[44]

Die regering het die algemene wetsontwerp bo dié van die Nieu-Suid-Wallis-tipe verkies en die Prokureur-generaal het by wyse van anologie verduidelik waarom: „When a ship is sailing against the wind, the ship does not go in a straight course. She makes tacks to the right and to the left and bye-and-bye she reaches her goal".[45] Afgesien van die feit dat die Britse regering juis die 1894-stemregwet geveto het omdat daarin teen 'n bepaalde ras gediskrimineer is, het die Britse regering ook die immigrasiebeperkings-wetsontwerp wat Nieu-Suid-Wallis opgestel het, vir vier maande gereserveer aangesien daarin van „gekleurde rasse" melding gemaak is.[46] Die Prokureur-generaal het ook aangevoer dat 'n algemene wetsontwerp dié voordele bo die een wat spesifiek na „Asiate" verwys, het, naamlik dat i) dit nie die gevaar van 'n lang konstitusionele stryd inhou nie en ii) dit ook nie vir die kwekers die gevaar van 'n moontlike stopsetting van Indiër-immigrasie inhou nie, veral omdat die woord „Asiate" in die wetsontwerp

---

42) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, Nr. 5, pp. 30, d.d. 25/3/1897.
43) Ibid, pp. 31 - 36, d.d. 25/3/1897. Kyk ook voetnoot 1 i.v.m. die wetsontwerp van Nieu-Suid-Wallis.
44) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, p. 164, d.d. 7/4/1897.
45) Sessional Papers, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, 1897, LA, Nr. 5, p. 41, d.d. 25/3/1897.
46) Ibid, p. 30, d.d. 25/3/1897.

moontlik die argwaan van die Indiese regering kon wek.[47]

In die algemene wetsontwerp het die regering op klousules 3(a) en (b) en 8 staat gemaak om te voorkom dat Natal deur vrye Indiërs oorval word.[48] Volgens klousule 3(a) moes 'n voornemende immigrant in staat wees om 'n voorgeskrewe aansoek (bekend as skedule B) in 'n Europese taal te skryf.[49] Aangesien enige behoeftige persoon wat vermoedelik van staatshulp afhanklik sou word, ook volgens klousule 3(b), 'n verbode immigrant verklaar kon word, het dit beteken dat baie vrye Indiërs ook daardeur verbied kon word om Natal binne te kom.

Die eintlike angel van die maatreël wat, volgens die Prokureur-generaal, die grootste rol sou speel om te voorkom dat vrye Indiërs Natal op groot skaal binnekom, is in klousule 8 neergelê. Dit het bepaal dat eienaars van skepe wat verbode immigrante na Natal verskeep, met minstens £100 en hoogstens £5,000 beboet kon word, na gelang van die aantal verbode immigrante.[50] Geen skip wat aan sulke boetes onderhewig was, was toegelaat om die Durbanse hawe te verlaat alvorens die boete betaal is nie. Die Prokureur-generaal het hierdie strawwe maatreël as voldoende afskrikmiddel beskou om skeepseienaars, veral die Indiër-skeepseienaars, lugtig te maak om onnodige risiko's te neem met die vervoer van verbode immigrante.[51]

Die kritiek van die opposisie was in die geval van die Immigration Restriction Bill heelwat venyniger as tydens die bespreking van die

---

47) Ibid., pp. 38 - 39, d.d. 25/3/1897. Laasgenoemde gevaar het nie vir Nieu-Suid-Wallis, wat 'n drastieser wetsontwerp aangeneem het, bestaan nie, want Nieu-Suid-Wallis het geen kontrakarbeiders ingevoer nie (Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, p. 117). Selfs in Nieu-Suid-Wallis se geval het Brittanje die wetsontwerp gereserveer (d.w.s. agterweë gehou vir goedkeuring) weens die kontensieuse aard daarvan (Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, Fifth Session, 1897, LA, No. 5, p. 30, d.d. 25/3/1897).

48) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, p. 164, d.d. 7/4/1897.

49) Natal Government Gazette, d.d. 5/9/1897, Wet 1/1897. Skedule B het die volgende bewoording bevat:
„To the Colonial Secretary,
Sir,
I claim to be excempt from the operation
of Act No. 1, 1897.
My full name is .........."

50) Natal Government Gazette, d.d. 5/9/1897; Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, p. 164, d.d. 7/4/1897.

51) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, p. 164, d.d. 7/4/1897.

£3-lisensiemaatreël, ondanks die feit dat daar 'n veel groter veld vir kritiek teen laasgenoemde bestaan het.[52] Die rede hiervoor is dat Binns tydens die debat oor die Immigration Restriction Bill nie gebonde was soos in die geval van die £3-lisensie-maatreël nie en dus nou na hartelus by die res van sy opposisie-geledere kon aansluit.

Oor die grondbeginsel wat by die Immigration Restriction Bill betrokke was, het feitlik alle laerhuislede saamgestem, maar dit was die besonderhede van die wetsontwerp wat deur die opposisie aangeval is.[53] Alle opposisielede het voorkeur aan die Nieu-Suid-Wallis-tipe wetsontwerp gegee, maar die argumente wat daarvoor aangevoer is, het duidelik aan die lig gebring dat partypolitiek 'n groter rol as oortuiging gespeel het.[54] As bewys hiervoor dien die volgende teenstrydigheid in die kritiek van Tatham, een van die voorbokke onder die opposisielede. Hy erken dat die opposisie in 1894 die ou Franchise Bill teengestaan het omdat die woord „Asiaat" daarin spesifiek vermeld is, terwyl die opposisie nou (in 1897) juis die Immigration Restriction Bill teenstaan omdat die woord „Asiaat" nie spesifiek daarin vermeld is nie: „We object to this Bill because it does not go straight to the point. We objected to the old Franchise Bill because it did go straight to the point".[55] Die indruk wat Tatham deur hierdie bewering geskep het, is dat die opposisie sonder enige beginsel is en dus slegs die wetsontwerp teengestaan het omdat dit deur die regering ingedien is. Opposisielede Binns en Maydon het die indruk geskep dat hulle nie juis bekommerd oor die invoeging van die woord „Asiaat" in die wetsontwerp is nie omdat die moontlikheid dat die Indiese regering as vergeldingsmaatreël emigrasie na Natal kon beëindig skraal is vanweë die hongersnood wat in Indië geheers het. Die argument van die opposisielede Maydon en Bale dat die Britse regering geen beswaar teen 'n wetsontwerp kan hê waarin spesifiek gemeld word dat dit teen Asiate bedoel is nie omdat die Britse regering ook Asiate verbied het om Zoeloeland en Basoetoland binne te kom, het egter nie rekening gehou met die Britse regering se veto van die 1894-stemregwet nie.[56]

---

52) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, pp. 88 - 96, 109 - 122, d.d. 30/3/1897, 1/4/1897.
53) Ibid, p. 109, d.d. 1/4/1897.
54) Ibid, pp. 90 - 97, d.d. 30/3/1897.
55) Ibid, p. 120, d.d. 1/4/1897.
56) Ibid, pp. 92, 94, d.d. 30/3/1897.

Ook was Binns en Tatham se argument dat klousule 3(b) blankes nadelig sou tref, volgens Archibald nie gegrond nie, want dit was ook wenslik om ongeskikte blankes uit Natal te hou, net soos in ander beskaafde lande, o.a. die Verenigde State. Binns het voorts slegs na die eenvoudige opvoedkundige toets wat ooreenkomstig klousule 3(a) verlang word, verwys, maar verswyg geheel en al die werking van klousule 8 in dié verband, veral omdat dit te betwyfel is of groot getalle ongeletterde vrye Indiërs so maklik die „eenvoudige toets" sou kon aflê. Die verdere beswaar van Binns dat treinreisigers in die nag op Natal se grense gehinder sou word met die aflê van bogemelde toets, is 'n kleinlike beswaar omdat dit maklik deur een of ander administratiewe reëling opgelos kon word.[57]

Om die opposisie se kritiek te begryp, is dit nodig om te beklemtoon dat die Indiërvraagstuk uiters belangrik was met die oog op die naderende algemene verkiesing wat teen einde van 1897 sou plaasvind. Tatham het dit bv. nodig gevind om die Immigration Restriction Bill klousule vir klousule te beveg, „(because) the whole Colony has eyes and ears for nothing else but this Indian question at the present time, and it is entitled to know what we are going to do with it".[58] Ook 'n ander opposisielid, Johnstone, het die belangrikheid van die Indiërvraagstuk op die vooraand van die algemene verkiesing beklemtoon: „At the present moment Natal is being watched by all our neighbours as to what action we are going to take in this matter of preventing Indians coming to the Colony. We have been blamed from one end of South Africa to the other for introducing Indians into South Africa".[59]

Veral twee laerhuislede, t.w. Greenacre en O'Meara, het die egtheid van die opposisie se kritiek sterk in twyfel getrek. Hulle standpunt kan moeilik verwerp word omdat die een, Greenacre, hoewel 'n regeringslid, besadig was en algemene respek onder laerhuislede afgedwing het, terwyl die ander, O'Meara, 'n onafhanklike lid was wat nie gebonde was om die regering te steun nie. Greenacre het die opposisielede se houding teenoor die wetsontwerp soos volg gekenskets: „Part of the objections that have been raised against

---

57) Ibid, pp. 88 - 90, 164, d.d. 30/3/1897, 7/4/1897.
58) Ibid, p. 164, d.d. 7/4/1897.
59) Ibid.

this Bill are not so much objections against the Bill as objections raised by gentlemen who feel differently from the gentlemen who occupy the seats opposite, and who would like to do all they can at this particular juncture in the Colony's history to make the seats untenable in the future to those who now hold them". Greenacre het voorts op lighartige wyse na die opposisielede verwys en Tatham beskryf as 'n man „who in his inmost thoughts sometimes sees the reflection of himself in one of those ministerial chairs". Volgens Greenacre was Binns se kritiek teen die wetsontwerp halfhartig, want „he (Binns) is always well worth listening to, but his heart was not in his speech". Bale se toespraak het hy bestempel as „a speech that have been heard before, nearly every word of it". O'Meara se standpunt was: „It is factitious opposition from the party who are determined to oppose the Government in every measure they introduce for the good of the country". Hy het Binns en Baynes se toesprake as 'n herhaling van die 1894-stemwet-debat beskou waaruit gemelde twee here geen les geleer het nie.[60)]

Die regering wat deur 'n invloedryke Natalse vereniging, die Colonial Patriotic Union, gewapen met 'n petisie van 5,514 naamtekeninge, en die Durban Trader's Council ondersteun is, het daarin geslaag om die wetsontwerp deur beide Huise van die Natalse parlement te loods.[61)]

Uit 'n onderhoud wat Gandhi later met die Natalse regering oor die werking van die Immigration Restriction Act gevoer het, het geblyk dat baie vrye Indiërs dit moeilik gevind het om Natal as gevolg van die nuwe wet binne te kom. In gevalle waar Indiërs slegs aan wal wou gaan om hul vriende in Natal te besoek, het Gandhi voorgestel dat sulke Indiërs wat nie oor 'n £10-deposito beskik wat volgens wet in sulke gevalle deponeer moes word nie, in staat gestel behoort te word om 'n borgakte vir die betrokke bedrag van 'n welgestelde Natalse Indiër te bekom. Die Beperkingsbeampte het die borgakte-plan egter met agterdog bejeën en het na 'n geval verwys waar 'n Indiër, aan wie 'n

---

60) Ibid, pp. 110 - 111, 117 - 118, d.d. 1/4/1897.
61) Ibid, pp. 124, 129, 195, d.d. 1/4/1897, 5/4/1897, 13/4/1897; Debates, Legislative Council, Fifth Session, First Parliament, 1897, vol. V, p. 61, d.d. 28/4/1897; CSO 1506, 2061/1897; W. R. Poynton, Voorsitter, Colonial Patriotic Union, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/3/1897.

borgakte toegestaan is, daarna geweier het om Natal weer te verlaat. Gevolglik is Gandhi se vertoë van die hand gewys.[62)]

3. 'n Nuwe politieke indeling.

Van die vroeëre alliansie tussen die binnelandse lede en die Durbanse verteenwoordigers teen die kusverteenwoordigers wat tot en met die opheffing van die £10,000-subsidie voortgeduur het, het tydens die bespreking van die Immigration Restriction Bill weinig tereggekom. Lede van die binneland, soos Bale, Tatham, Fell, J. P. Symons en King, het saam met die leier van die kwekerverteenwoordigers, Binns, die wetsontwerp gekritiseer, terwyl ander kwekerverteenwoordigers soos Hulett en Garland op hul beurt weer die maatreël ondersteun het. 'n Vurige ondersteuner van Binns, naamlik Tatham, was ten tye van die £10,000-subsidie byvoorbeeld sy vurige teenstander.[63)]

Die skeiding wat na die opheffing van die £10,000-subsidie ingetree het, was hoofsaaklik tussen die verteenwoordigers van Durban (die regeringsparty) aan die een en dié van Pietermaritzburg en die Victoria-Graafskap (die opposisielede) aan die ander kant, met elk van gemelde twee groepe se aanhangers oor die res van Natal versprei. Die enigste uitsondering was O'Meara, die verteenwoordiger van Pietermaritzburg-Stad, wat 'n onafhanklike lid was. Gillett verwys na „continual complaints (in the nineties) on the part of the country members that the farming vote was always split and never acted together".[64)]

As daar enige ander onderskeid tussen die regering en die opposisie gedurende die eerste vyf jaar van verantwoordelike bestuur

---

62) Ook 'n petisie wat Gandhi reeds vroeër oor die Immigration Restriction Act wou opstel, is op advies van die Natalse regering laat vaar omdat dit reeds te laat vir ontvangs sou gewees het (CSO 1588, 8234/1898: Notes taken at interview between the Hon. Attorney General, the Hon. Treasurer, the Immigration Restriction Officer and Mr. Gandhi, d.d. 9/11/1898; CSO 1516, 3789/1897: M.K. Gandhi aan Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 2/6/1897, asook Natalse Koloniale Sekretaris aan M.K. Gandhi, d.d. 5/6/1897).

63) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, pp. 112 - 116, 120 - 122, d.d. 1/4/1897.

64) Gillett, Hoofstuk 1, pp. 5 - 6.

in Natal getref kan word, dan sou die regering as gemagtig en progressief (vandaar „Forward Party") en die opposisie as ekstremisties en konserwatief onderskei kon word soos tydens die debat oor die Immigration Restriction Bill aan die lig gekom het.[65)]

4. Trader's Licenses Act Amendment Bill.

Volgens die Prokureur-generaal was die Immigration Restriction Bill eintlik een van drie wetsontwerpe wat in hul geheel beoordeel moes word omdat die een die ander aangevul het. Die ander twee wetsontwerpe wat die Prokureur-generaal as aanvullende maatreëls ongeveer dieselfde tyd ingedien het, was die Trader's Licenses Act Amendment Bill en die Quarantine Act Amendment Bill.[66)] Die omstrede Trader's Licenses Act Amendment Bill is eintlik op aandrang van die burgemeesters van Durban, Pietermaritzburg en Newcastle ingedien „to prevent certain persons coming to this country to compete with Europeans on unequal terms and getting the licenses to trade which are required by the Europeans".[67)]

Die Prokureur-generaal het die regering se beleid ten opsigte van gemelde drie wetsontwerpe, wat hoofsaaklik as 'n afskrikmiddel ingedien is, soos volg omskryf: Die Quarantine Act Amendment Bill sou voorkom dat Indiërs wat afkomstig is van gebiede wat deur pes getref is, in Natal land, terwyl die Trader's Licenses Act Amendment Bill bedoel is „to put a stop to any attempt to trade in this Colony on the part of those who may find a means of egress into the Colony through the Immigration Restriction Bill".[68)] Die regering het die wedywering van

---

65) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, p. 162, d.d. 7/4/1897. Toe 'n regeringsondersteuner, T. Kirkman (Alexandra-Graafskap), aan die hand gedoen het dat Natal die voorbeeld van Transvaal ten opsigte van beperkende wetgewing (insake Indiërs) sou volg, het een van die voorbokke onder die opposisielede, naamlik Tatham, onmiddellik die debat met die volgende tussenwerpsel onderbreek: „It takes away one's breath to hear the Transvaal referred to as a place for enlightened legislation", m.a.w. die betrokke opposisie-lid was feitlik meer anti-Transvaal as anti-Indiër, d.w.s. konserwatief Brits-gesind.

66) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, 1897, vol. XXV, pp. 123 - 124, d.d. 1/4/1897.

67) Ibid, p. 73, d.d. 25/3/1897.

68) Ibid. Volgens die Prokureur-generaal „if the laws are in the book it will never be necessary to exercise them ... because no ship will bring immigrants here at the risk of having them taken back again, and no people will come here intending to trade if they think there is a doubt as to their having a license".

die Indiër met die blanke op handelsgebied as onregverdig beskou weens die lae lewenspeil waarop die algemene Indiër 'n bestaan gevoer het.[69]

Selfs opposisielede, soos Bale, het ook gewag gemaak van die onhigiëniese wyse en peil waarop Indiërs hul besighede in stand gehou het, veral hul smerige besigheidspersele wat dikwels by ingange van dorpe en stede te vinde is en ook as verblyfplek aangewend is. Daarbenewens maak Indiërs dikwels volgens Bale 'n oneerlike bestaan, want hul finansiële boeke word nie behoorlik gehou nie.[70]

In die Trader's Licenses Act Amendment Bill is die woord „Asiaat" nie in die maatreël by naam genoem nie, want indien dit wel genoem was, sou die Britse regering soos in die geval van die stemregwet dit moontlik kon veto, ondanks die feit dat die opposisielede Tatham en Symons daarop aangedring het.[71]

'n Bepaling van die wetsontwerp wat later tot groot ontevredenheid onder die Indiërs gelei het, was naamlik dat 'n regeringsamptenaar bekend as die lisensiebeampte, by wyse van 'n kennisgewing in die goewermentskoerant in gebiede aangestel kon word waar dit vir die regering geblyk het nodig te wees. Die lisensiebeampte sou egter nie 'n magistraat kon wees nie, aangesien laasgenoemde moontlik aangeleenthede voortspruitende uit die toestaan van lisensies moes verhoor. Die regering sou dus maklik die toekenning of die weiering van lisensies kon beheer deur die aanstelling van lisensiebeamptes. Dit was feitlik 'n uitgemaakte saak dat watter regering ook al in Natal aan bewind sou wees, die aanstelling van lisensiebeamptes so sou geskied dat Indiërs dit baie moeilik sou vind om maklik handelslisensies te bekom.[72] Die beslissing van lisensiebeamptes sou egter nie finaal wees nie, want anders sou die regering aan te veel kritiek blootgestel word. Die wetsontwerp het dus voorsiening gemaak dat daar teen die lisensiebeampte se beslissing appèl aangeteken kon word. In sekere gebiede, soos graafskappe, stede en dorpe, kon na stadsrade en dorps-

---

69) Ibid, p. 73, d.d. 25/3/1897.
70) Ibid, pp. 96 - 97, d.d. 31/3/1897. Greenacre het dit ook as betreurenswaardig beskou dat Indiërs dikwels drank aan Bantoes verkoop om sodoende Bantoe-kliënte vir hul besighede te werf.
71) Ibid, pp. 73, 98 - 99, d.d. 25/3/1897, 31/3/1897.
72) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, pp. 201 - 204, 347, d.d. 13/4/1897, 28/4/1897.

besture geappelleer word, terwyl in gebiede buite graafskappe, stede en dorpe, na die lisensieraad van die betrokke afdeling wat deur die Drankwet van 1896 beheer is, geappelleer kon word.[73)]

Feitlik alle laerhuislede, met die uitsondering van Tatham en Symons, was tevrede dat selfs in gevalle waar Indiërs appelleer die plaaslike owerhede en die lisensierade sou toesien dat die Indiërs se handelslisensies binne perke gehou word. Selfs Binns, die opposisieleier, het slegs een wysiging voorgestel, naamlik dat straatverkopers ook by die wetsontwerp onder die kleinhandelaars betrek moes word, 'n voorstel wat deur die regering aanvaar is. Volgens die Minister van Naturelle-sake was dit juis die Indiërstraatverkopers wat goedere op skuld aan Bantoes verkoop het en indien laasgenoemde nie kon betaal nie, moes die blanke werkgewers die skuld vereffen.[74)]

Tatham se beswaar teen die wetsontwerp was dat dit nie uitsluitlik teen die Indiërs gemik sou wees nie, maar desondanks stel hy, ondersteun deur Binns, 'n amendement voor wat ook blanke handelsreisigers by die wetsontwerp betrek. Toe Archibald egter die inkonsekwensie van Tatham se voorstel aan die lig bring, het laasgenoemde sy amendement teruggetrek,[75)] waarmee die opposisie teen die wetsontwerp in duie gestort het en dit deur beide Huise van die parlement aanvaar kon word.[76)]

5. <u>Quarantine Act Amendment Bill.</u>

Die derde van die drie wetsontwerpe wat, volgens die Prokureur-generaal, bymekaar aangesluit het, was die <u>Quarantine Act Amendment Bill</u>. Hierdie wetsontwerp het 'n belangrike beginsel ingesluit wat nie

---

73) Ibid, p. 201, d.d. 13/4/1897.
74) Ibid, pp. 98 - 100, 199, d.d. 31/3/1897, 13/4/1897. Tatham en Symons het weer vergeefs daarop aangedring dat wel na „Asiate" in die wetsontwerp verwys moes word. Tatham het ook die reg van die lisensiebeampte om lisensies na willekeur goed te keur of af te keur as 'n monopolistiese mag ten koste van die verbruiker beskou (Ibid, pp. 98 - 99, d.d. 31/3/1897). Die Prokureur-generaal het laasgenoemde beswaar van Tatham verwerp omdat daar meer verbruikers as monopoliste sou wees en dat die verbruikers wat in die meerderheid sou wees, sou toesien dat die plaaslike owerhede na wie geappelleer kon word, hul belange sou behartig (Ibid, p. 102, d.d. 31/3/1897).
75) Ibid, pp. 199 - 200, d.d. 13/4/1897.
76) Ibid, p. 414, d.d. 5/5/1897; Debates, Legislative Council, Fifth Session, First Parliament, 1897, vol. V, p. 61, d.d. 28/4/1897.

in die bestaande kwarantynwet voorgekom het nie, naamlik dat gebiede waar aansteeklike siektes hoogty gevier het, as 'n geproklameerde gebied verklaar kon word en dat die kapteins van skepe wat so 'n gebied se hawens inkom, nie hul passasiers in Natal aan wal kon sit nie, selfs nie onder kwarantyn nie.[77] Dit het nie noodwendig beteken dat skepe sulke passasiers weer na die gebied vanwaar hul gekom het, moes terugbring nie, maar slegs dat dié passasiers nie in Natal aan wal gesit kon word nie.[78] Eienaars van skepe wat die wet oortree sou 'n boete van £100 opgelê word, maar die bedoeling van die boete was eintlik om as afskrikmiddel te dien, m.a.w. dat skepe geen kans moes neem om passasiers van geproklameerde gebiede in Natal aan wal te sit nie.[79]

6. Die Binns-regering.

Teen die einde van 1897 is die Escombe-regering in 'n algemene verkiesing verslaan. Dit is bereken dat Escombe slegs op 16 van die 37 nuwe laerhuislede kon staatmaak.[80] In die 1897-verkiesing is drie van Escombe se kabinetslede verslaan, naamlik Murray, Wallace en Ryley.[81] Die onderliggende oorsaak vir Escombe se neerlaag was die stedelike naywer tussen Durban en Pietermaritzburg.[82] Tydens Escombe se bondgenootskap met Robinson was dit laasgenoemde wat as besadigde leier in staat was om die stedelike naywer te beteuel, maar toe Robinson die teuels aan Escombe oorhandig, het laasgenoemde se bitsige humeur die water vertroebel.[83] Sy haastige humeur het hom bv. van invloedryke lede soos Tatham, Symons en veral Bale vervreemd,[84] ondanks die feit dat Tatham, Bale en Escombe natuurlike bondgenote t.o.v. die Indiërvraagstuk behoort te gewees het. Aanvanklik was Bale 'n ondersteuner van Robinson en Escombe, maar ná 1895 het sy botsing met Escombe hom laat besluit om by die geledere van die opposisie aan te sluit.[85] Geen wonder dat een van Escombe se kabinetslede,

---

77) Debates, Legislative Assembly, Fifth Session, First Parliament, vol. XXV, pp. 63 - 64, d.d. 25/3/1897.
78) Ibid, pp. 83 - 84, d.d. 29/3/1897.
79) Debates, Legislative Council, Fifth Session, First Parliament, 1897, vol. V, p. 31, d.d. 7/4/1897.
80) Gillett, op. cit., hoofstuk 10, p. 4; The Natal Mercury, d.d. 2/10/1897.
81) The Natal Mercury, d.d. 2/10/1897.
82) Kyk voetnoot 89.
83) Gillett, op. cit., hoofstuk 3, p. 7.
84) Ibid, hoofstuk 1, p. 10, hoofstuk 3, p. 7 en hoofstuk 10 p. 4.
85) Ibid, hoofstuk 2, pp. 6 - 7.

G. Sutton, na aanleiding van Escombe se neerlaag beweer het „the vitrol bottle has been thrown aside, and the butterpot substituted therefore".[86] Hoewel Escombe 'n groot Durbanse aanhang geniet het, was sy invloed hoofsaaklik tot Durban beperk.[87]

Hoewel daar geen direkte aanduidings is dat Escombe as gevolg van sy Indiërbeleid in die algemene verkiesing verslaan is nie, het die kwekerverteenwoordigers tog in dié verband 'n rol gespeel omdat hul verontrus was oor Escombe se anti-Indiërbeleid wat die gevaar ingehou het dat dit uiteindelik tot die beëindiging van Indiër-immigrasie kon lei en die kwekers dus hul arbeidsbron kon ontneem.[88] Daarom het die verteenwoordigers van die Victoria-Graafskap wat hoofsaaklik kwekerbelange behartig het, veral die geslepe Henry Binns, uit die tussen-stedelike politieke naywer probeer munt slaan.[89] Die kweker-verteenwoordigers van die Victoria-Graafskap het hulle steun aan Pietermaritzburg se leidende politici toegesê in laasgenoemde se stryd teen Escombe.[90] Binns het veral sorg gedra dat hy steun van die invloedryke Pietermaritzburgse nuusblad, The Natal Witness, verkry en dit is opvallend dat dit juis hierdie blad was wat Escombe se beleid die meeste gekritiseer het.[91] Die invloed van The Natal Witness was verreikend, want volgens Escombe se ministeriële kollega Sutton: „There is a profound distrust of Escombe in the Upper-Districts".[92] So heg was die bondgenootskap tussen Pietermaritzburg en die Victoria-Graafskap dat die Goewerneur in 1897 deur Bale (Pietermaritzburg-Stad) versoek is om die kwekerleier Henry Binns (Victoria-Graafskap) te nader om 'n nuwe kabinet saam te stel.[93] Die verkiesing van 1897 was dus hoofsaaklik 'n oorwinning van Pietermaritzburg en die Victoria-Graafskap oor Durban, maar meer bepaald 'n persoonlike neerlaag vir Escombe en 'n oorwinning vir die kwekers.

---

86) Escombe-versameling: G. Sutton aan Escombe, d.d. 21/10/1897.
87) Gillett, op. cit., Hoofstuk 6, p. 5.
88) 'n Studie van die laerhuisdebatte gedurende 1893 - 1897 weerspieël dit baie duidelik.
89) In die laerhuisdebatte is dit opvallend dat Binns dikwels vir Tatham in die bresse getree het, ondanks hulle uiteenlopende menings oor die Indiërvraagstuk.
90) Gillett, op. cit., hoofstuk 1, p. 8.
91) Die standpunt van The Natal Witness kom voor in CSO 1467, nr. 3105/1896. Kyk Indiërpetisie, d.d. 22/5/1896, aan Britse regering. Volgens Gillett „every attack the Witness made on the Government was echoed by Binns in the Legislative Assembly" (Gillett, op. cit., hoofstuk 1, p. 13).
92) Gillett, op. cit., hoofstuk 1, p. 10.
93) Ibid, Hoofstuk 1, p. 13. Die Goewerneur het eers vir Bale versoek om 'n nuwe regering saam te stel, maar Bale het ten gunste van Binns teruggestaan.

Die nuwe Eerste Minister wat tevore teen die opheffing van die £10,000-subsidie gekant was, het sy politieke oorwinning in 1897 egter nie aan dié feit te danke nie. Teen die tyd toe Binns aan bewind gekom het, was die £10,000-subsidie lankal iets van die verlede. Dit is daarom dat die Binns-regering selfs binnelandse ondersteuning, veral van Pietermaritzburg, geniet het. Bowendien het die binneland intussen ook al hoe meer afhanklik van Indiërarbeid geword.[94] Die faktor wat die kwekers en die konserwatiewe lede (soos kol. Hime en Morcom, lede vir Pietermaritzburg-Stad) veral saamgesnoer het, was hul gesindheid teenoor verantwoordelike bestuur. Die kwekers was gekant teen verantwoordelike bestuur omdat dit gevaar vir Indiër-immigrasie ingehou het, terwyl konserwatiewes soos Hime, Morcom, Fell en T. Woods ook voorkeur aan verteenwoordigende bo verantwoordelike bestuur gegee het.[95] Dit is egter opvallend dat die bekwame binnelander Tatham wat die anti-Indiërbeweging gesteun het, nie 'n kabinetspos, waarop hy sterk aanspraak gemaak het, verkry het nie. Dit bewys dat Binns nie onvoorwaardelik 'n binnelander gesteun het nie.

Die Indiërvraagstuk was in die Natalse binneland 'n delikate saak wat met takt hanteer moes word. Die nuwe regering was dus ook nie van plan om die Indiërvraagstuk onnodig na vore te bring nie. So bv. is daar gedurende die lywige debatte van 1898 heel weinig oor die Indiërvraagstuk gesê.

Die nuwe Durbanse lid in die laerhuis, H. Sparks, wat so 'n groot rol in die Punt-betoging gespeel het, het reeds in 1898 as leier van die anti-Indiërbeweging in die laerhuis te voorskyn getree toe een van die weinige geleenthede hom voorgedoen het om 'n sterk houding in te neem ten opsigte van een van die aspekte i.v.m. die Indiërvraagstuk. Sparks het naamlik 'n wetsontwerp teengestaan wat deur die Natalse regering ingedien is nadat daarop aangedring is deur die Indiese Kantoor, 'n instansie wat Indiese belange in Brittanje behartig het.[96]

Die wetsontwerp het gegaan oor vrye Indiërs wat onnodig deur die polisie gehinder sou word omdat hulle nie die nodige pas byderhand

94) Dit blyk uit die laerhuisdebatte, 1896 en 1897.
95) Gillett, op. cit., hoofstuk 2, p. 5.
96) Debates, Legislative Assembly, Second Session, Second Parliament, 1898, vol. XXVII, p. 391, d.d. 14/6/1898.

gehad het nie. Die bestaande wet het in die betrokke geval bepaal dat „the Indian so stopped or arrested shall not be entitled to make any claim for wrongful arrest or detention merely on the ground that he is not an indentured Indian". Die wetsontwerp wou die bestaande wet soos volg wysig: „under a bona fide belief or suspicion that he is an indentured Indian".[97)]

Die ondersteuners van Sparks het aangevoer dat die wetsontwerp die polisie se taak, wat reeds moeilik was, nog moeiliker sou maak. J. S. Wylie, lid vir die Durbanse graafskap, het as voorbeeld genoem dat die Durbanse Indiërs gretig is om hofsake met betrekking tot skadevergoeding aanhangig te maak.[98)]

Sparks wat die wetsontwerp as onnodig beskou het omdat die Natalse Indiërs reeds voldoende beskerm was, het voorgestel dat die wetsontwerp na ses maande weer gelees word, maar hy is in 'n verdeling van die laerhuis met 19 teen 8 stemme verslaan. Die stemming was egter nie 'n goeie weerspieëling van die anti-Indiërbeweging se eintlike krag in die laerhuis nie, want hoewel die wetsontwerp tot 'n sekere mate 'n refleksie op die Natalse Polisie insake die arrestasie van Indiërs gewerp het, was die doel daarvan nogtans dat geregtigheid ten opsigte van die Indiërs sou geskied. Die Prokureur-generaal het dit duidelik gestel: „All that is wanted is that they (the Natal Police) shall not act capriciously in this matter, and shall not act unjustly".[99)]

## 7. Sparks se mislukte poging om Indiër-immigrasie te beteuel.

Dit was egter in die debat van 1899 waar die ware krag van die anti-Indiërbeweging in die laerhuis vorendag gekom het; hierdie keer nie na aanleiding van 'n regeringsvoorstel nie, maar na aanleiding van een wat deur die leier van die anti-Indiërbeweging self ingedien is. Sparks se voorstel het behels dat die kontrakte van Indiërarbeiders in Indië moes begin en eindig, omdat dit anders onmoontlik sou wees om ooit bevredigende waarborge vir die terugkeer van die immigrante na Indië te verseker. So 'n reëling is deur Sparks as dringend nodig

---

97). Ibid, p. 367, d.d. 13/6/1898. Hoewel die Prokureur-generaal wat die wetsontwerp ingedien het, ter ondersteuning daarvan aangevoer het „there must be a bona fide suspicion on the part of the arresting officer that the person is not entitled to be without a pass", het die inisiatief van die hele aangeleentheid by die Indiese Kantoor berus.

98) Debates, Legislative Assembly, Second Session, Second Parliament, vol. XXVII, p. 367, d.d. 13/6/1898. Die lede wat dié standpunt ingeneem het, was Morcom, Wylie en James King.

99) Ibid, p. 391, d.d. 14/6/1898.

beskou omdat die Natalse Indiërs besig was om die blankes uit sekere Natalse distrikte te verdryf.[100] In dié verband het hy die volgende voorbeelde genoem:[101]

i) Op Brickfields, 'n landgoed van 5000 acres, het in die sestigerjare meer blankes as teen die einde van die neëntiende eeu gewoon omdat die Indiërs algaande die beste dele van die landgoed betrek het;

ii) Ook het 25 blanke woonhuise wat in die sestigerjare op die landgoed Springfield bestaan het, teen die einde van die neëntiende eeu geheel en al verdwyn omdat Indiërs die hele landgoed in beslag geneem het;

iii) In mindere mate geld dieselfde ook vir landgoedere soos dié van Clare, Sea Cow Lake, Torvale, Umtata, Rydal Vale tot by Verulam;

iv) Die blanke bevolking van Inanda-afdeling het gedurende die laaste dertig jaar van die neëntiende eeu met sowat twintig persent afgeneem, al uitsondering was die dorpies van Verulam en Laer-Umgeni.

Sparks het die doel van sy voorstel soos volg verduidelik: „If we cannot prevent the evil from arising, we can at least modify its disastrous results". Hy was nie bevrees dat sy voorstel tot gevolg sou hê dat die kwekers kon besluit om self hul eie Indiërarbeid in te voer nie, want dit is presies wat hy beoog het. Indien dit sou gebeur, meen hy, kon die regering makliker wetgewing oor die beheer daarvan indien „because the Government on this very subject, being a contracting party with the Indian Government, cannot deal with today (1899)".

Die debat wat in die laerhuis oor hierdie aangeleentheid gevoer is, het nie 'n partypolitieke patroon gevolg nie. Elke lid het volgens sy eie oortuiging gepraat. Die regering wat deur kwekerverteenwoordigers oorheers is, het Sparks se voorstel, soos verwag kon word, teengestaan omdat die voorstel 'n gevaar vir die kwekers ingehou het, naamlik dat Indië as gevolg daarvan emigrasie na Natal kon beëindig.[102] Nogtans het Tatham, hoewel 'n regeringsondersteuner,

---

100) Debates, Legislative Assembly, vol. XXVIII, p. 547, d.d. 25/7/1899.
101) Ibid, pp. 547 - 548, d.d. 25/7/1899.
102) Ibid, pp. 547 - 554, d.d. 25/7/1899. Weinig van die kwekerverteenwoordigers het 'n noemenswaardige bydrae tot die debat gelewer. Vir die standpunt van die Koloniale Sekretaris kyk ibid, pp. 548 - 549, d.d. 25/7/1899.

Sparks se voorstel ondersteun. Tatham het in sy pleidooi ter ondersteuning van Sparks se voorstel dit geriefliker gevind om die vorige regering se ondoeltreffende £3-lisensie as nutteloos aan te val, maar geheel en al geswyg van die Binns-regering wat weier om enigiets te doen. Hy het Sparks se voorstel as gematig beskou omdat dit nie die algehele stopsetting van Indiër-immigrasie tot gevolg sou hê nie, 'n sienswyse wat Escombe egter sterk in twyfel getrek het.[103)]

Escombe wat 'n groot rol gespeel het, indien nie die grootste nie, in die anti-Indiërwetgewing van die eerste ministerie onder verantwoordelike bestuur, het hom aan die kant van die regering teen Sparks se voorstel geskaar. Hy het Sparks se voorstel as onuitvoerbaar beskou, en het die volgende voorbeeld ter stawing daarvan genoem: „We will assume the man (indentured Indian) comes here and is married, and has two children in the period of five years. The woman who marries him may be born in the Colony, and may be, to all intents and purposes a Colonial subject. The children born in the Colony have a right to look to the colonial institutions to protect their rights. If the man is returned to India, where is the right to return the woman and children to a country which is not their country ?".[104)] Dit wil trouens voorkom asof Escombe intussen deur Gandhi ten gunste van die Indiërs beïnvloed is.[105)] Escombe het sy £3-lisensie probeer regverdig, maar in sy toespraak kon die neerlaag wat hy in die algemene verkiesing gely het, aangevoel word. Escombe was te negatief oor Sparks se

---

103) Ibid, pp. 548 - 549, d.d. 25/7/1899.
104) Ibid.
105) Op 27 September 1897 het Gandhi die volgende brief aan Escombe geskryf: „I beg to tender my humble and hearty congratulations for the sweeping majority by which the borough voters have placed you at the top of the poll. The Indians have I venture to think done their duty. The leading Indians hardly took any rest on the night previous to the election day. All the carriages owned by Indians were engaged the whole day carrying the Indian electors, in some cases even Europeans. One Indian elector though confined to bed and hardly able to walk deemed it his duty and privilege to drive to the Court House to register his vote. This is the humble offering made with a whole heart by the grateful Indians who are easily pleased and easier managed and therefore no matter what may be said to the contrary, make the most peaceful and useful citizens on earth ... I venture to trust they will always find a corner in your heart" (Escombe-versameling, nr. 3/1/13: M. K. Gandhi aan Escombe, d.d. 27/9/1897).

voorstel. Hy het dit verwerp omdat dit nie, volgens hom, in ooreenstemming was met die groot meerderheid van die koloniste se sienswyse nie, ondanks die feit dat Sparks se voorstel byna deur die laerhuis aanvaar is.[106)]

Die rede waarom Sparks se voorstel verslaan is, moet grotendeels toegeskryf word aan die mate van twyfel wat by sekere lede oor die uitvoerbaarheid daarvan ontstaan het. Die deurslag is veral gegee deur die volgende sienswyse van 'n besadigde lid soos Archibald: „I think the discussion as far as it has gone has done good, or may do good, inasmuch as it may open the eyes of the Indian Government". Maar dan het hy die angel bygevoeg: „Let those who feel very strongly as does the Hon. member for Durban County (Mr. Sparks) and others, give themselves a trip to India under the auspices of this Government, and see how far they can bring the Indian Government to do the thing which they say can be so simply done". Archibald het verder nog bygevoeg: „Ask for a vote from the House to enable them to go to India during the recess, and see what they accomplish when they get there, and then we can deal with the subject next session".[107)]

Die ou garde van die anti-Indiërbeweging, soos Yonge en King, het volgehou om Sparks heelhartig te ondersteun. Dit was feitlik soos 'n geveg tot die bittereinde, maar 'n geveg wat selfs King moes erken die anti-Indiërbeweging besig was om te verloor. Selfs in Yonge se toespraak was daar verwyt dat hy in 1886 sy voorstel, soortgelyk aan dié van Sparks, teruggetrek het om kwekerbelange te konsidereer, 'n voorstel wat Yonge moontlik kon deurgevoer het. Die implikasies daarvan was verreikend, want destyds was daar slegs 25,000 Indiërs (van wie 10,000 vry was), terwyl teen die einde van die neëntiende eeu reeds 56,000 Indiërs (van wie 45,000 vry was) hul in Natal bevind het.[108)]

Die groot veteraan van die anti-Indiërbeweging, King, het in 'n skynbaar emosionele en onsamehangende toespraak deurgedring tot die

---

106) Debates, Legislative Assembly, vol. XXVIII, pp. 549 - 550, d.d. 25/7/1899. Indien Escombe vir Sparks se voorstel gestem het, sou laasgenoemde voorstel slegs met een enkele stem in die laerhuis verslaan gewees het.
107) Debates, Legislative Assembly, vol. XXVIII, p. 554, d.d. 25/7/1899.
108) Ibid, pp. 547, 551 - 552, d.d. 25/7/1899.

eintlike struikelblok wat in die weg van 'n oplossing van die Indiërvraagstuk in Natal gestaan het, naamlik die magsposisie van die kwekers. King het trouens die kwekerverteenwoordigers as die eintlike politici van Natal beskou. Hy was vas oortuig dat geen Natalse regering enigiets noemenswaardig sou kon uitvoer wat teen die belange van die kwekers sou indruis nie, selfs nie eers gedurende die eerste vier jaar van verantwoordelike bestuur nie toe die anti-Indiërbeweging 'n simpatieke regering tot sy beskikking gehad het.[109)]

Volgens King was die kwekerverteenwoordigers uiters diplomaties en het hulle kamtig te kenne gegee dat hul ten gunste daarvan sou wees dat kontrakarbeiders na Indië moes terugkeer ná afloop van hul dienstermyn, maar werklik het die kwekers net in hul eie belang opgetree en geensins die blanke bevolking se belange gekonsidereer nie. Deur te kenne te gee dat hul ten gunste daarvan was dat die kontrakarbeiders na Indië moes terugkeer, het hulle saamgespeel met die anti-Indiërbeweging en daardeur die krag van dié beweging ondermyn, maar hulle het goed geweet dat dit onmoontlik sou wees om die kontrakarbeiders te verplig om terug te keer. King het sy toespraak afgesluit: „Natal has nothing else but the rich men, the power of Mammon, to thank for their own ruin".[110)] Ook J. W. Payn, lid vir die Durbanse graafskap, het die kwekers se kortsigtige eiebelang veroordeel.[111)] Hierdie eiebelang vat Gillett soos volg saam: „It is obvious that in the years 1893 - 1897 the sugar interest was a sugar interest solely when their planting interests were threatened, on the other political matters they showed a remarkable amount of independence".[112)]

Die groot stryd tussen die kwekerverteenwoordigers en die anti-Indiërbeweging het in die krisisjare van 1894 tot 1899 uiteindelik tot 'n naelskraapse oorwinning vir die kwekerverteenwoordigers

---

109) Ibid, pp. 550 - 552, d.d. 25/7/1899.
110) Ibid.
111) Ibid, p. 550, d.d. 25/7/1899. Hy het 'n beroep op die laerhuis gedoen om na die toekoms te kyk, want „when the children at school today have grown up and taken their places in this Assembly, what will be the difference between the white and the black population in this Colony ? .... instead of this being a white Assembly, it will be a mixed Assembly".
112) Gillett, op. cit., hoofstuk 3, p. 8.

gelei, soos blyk uit die verwerping van Sparks se voorstel met 18 teen 15 stemme.[113]

Die wetsontwerp insake Indiërs wat in 1899 deur die regering ingedien is, het bloot oor die wegdrossery van kontrakarbeiders gegaan. Hoewel geen onbelangrike aangeleentheid nie, was dit 'n wetsontwerp wat eintlik bedoel was om die kweker se belange te beskerm en was dit ook geen politieke twisappel nie.[114]

## 8. Samevatting.

Beïnvloed deur die Durbanse betoging van 1897 het die Robinson-Escombe-regime drie anti-Indiërwette passeer wat mekaar eintlik aangevul het. Die kwarantynwet moes verhoed dat Indiërs builepes en ander pessiektes na Natal oorbring, terwyl die immigrasie-beperkingswet ongeletterde en armoedige vrye Indiërs uit Natal sou weer. Die lisensiewet was die laaste veiligheidsklep om te voorkom dat Indiërs wat Natal, ondanks die kwarantynwet en die immigrasie-beperkingswet, binnegekom het, op groot skaal met die blankes op handelsgebied meeding.

Na mate die 19de eeu sy einde genader het, is anti-Indiërwetgewing bekamp omdat die opposisie 'n groter rol in die Natalse politiek gespeel het. Die samestelling van die opposisie het na die beëindiging van die £10,000-subsidie 'n wisseling ondergaan. Die lede vir Pietermaritzburg-Stad, soos Tatham en Bale, het weer eens, soos in die tyd van verteenwoordigende bestuur, in 'n opposisie teen die Durbanse verteenwoordigers ontwikkel. Hierdie opposisie het tot 'n alliansie tussen die kwekerverteenwoordigers en die verteenwoordigers van Pietermaritzburg gelei. Die onderliggende basis vir hierdie alliansie was dat die kwekers, net soos die verteenwoordigers van Pietermaritzburg-Stad, teen verantwoordelike bestuur gekant was - die kwekers omdat hul gevrees het dat Indiër-immigrasie daardeur beëindig sou word en die verteenwoordigers van Pietermaritzburg-Stad omdat hul konserwatief was. Hul gemeenskaplike vyand was die

---

113) Debates, Legislative Assembly, vol. XXVIII, p. 554, d.d. 25/7/1899.
114) Kyk *ibid* p. 74, d.d. 19/5/1899.

Durbanse verteenwoordigers, maar die opposisie was gewoonlik verdeeld onder mekaar oor die wyse waarop die Indiërvraagstuk besleg moes word. Voorbeelde daarvan is Tatham en Binns se verskillende standpunte oor die £3-lisensie, en Bale en Tatham se benaderings van die Indiër-beperkingswetsontwerp. Dit is verstaanbaar omdat die lede van Pietermaritzburg-Stad nie soseer die belange van die kwekers gedeel het nie.

Die kwekerverteenwoordigers was egter geslepe politici wat met die nodige takt daarin geslaag het om die verteenwoordigers van Pietermaritzburg se steun te verkry waar dit hul belange geraak het, veral omdat hul die tradisionele tussenstedelike antipatie tussen Durban en Pietermaritzburg uitgebuit het. Binns het veral The Natal Witness se steun probeer werf om die Escombe-regering tot 'n val te bring.

Die eintlike politieke verdeling het dus na die beëindiging van die £10,000-subsidie nie meer soseer oor die Indiërvraagstuk gegaan nie, want die binneland het al hoe meer van Indiërarbeid afhanklik geword wat noodwendig moes lei tot 'n beter verstandhouding met die kwekerverteenwoordigers. Die opposisie se kritiek teen die regering se Indiërbeleid was dikwels nie eg nie, maar hoofsaaklik geïnspireer deur die algemene verkiesing wat in 1897 sou plaasvind.

Dit kan moontlik afgelei word dat toe Natal in 1897 die kwekerverteenwoordigers in beheer van die Natalse regering gestel het, dit as bewys moes dien dat Natal eintlik nie die Indiërvraagstuk opgelos wou hê nie. Nader aan die waarheid is ~~egter~~ dat die behendige kwekerverteenwoordigers wat besonder bekwame politici was, daarin geslaag het, om, hoewel hul in die minderheid was, nogtans deur politieke maneuvrering die teuels in die hande te kry. Selfs onmiddellik nadat Escombe verslaan is, het Hulett bv. aan die Escombe-kamp te kenne gegee dat hy Escombe ondersteun en nie vir die nuwe regering onder Binns nie. Nogtans is hy daarna in Binns se kabinet opgeneem.[115] Vandaar dus dat Natal se grondliggende Indiërvraagstuk, naamlik die

115) Escombe-versameling, nr. 9/1/5, Murray aan Escombe, ongedateerd 1897. Volgens Murray: „I told him (Hulett) if he had not joined I doubt if they (Binns and Bale) would have formed a ministry. He seems very uncomfortable".

bekamping van die aantal kontrakarbeiders tot die einde van die neëntiende eeu nog onopgelos gebly het.

Die nuwe regering onder die kwekerverteenwoordiger Binns, en na sy dood onder die konserwatiewe leier Hime, het geen anti-Indiërwetgewing ingedien nie. Die voorstel van Sparks, die leier van die anti-Indiërbeweging vanaf 1898, dat kontrakte met Indiërarbeiders in Indië moes begin en eindig, is trouens deur die nuwe regering teengestaan.

Selfs Escombe, die Prokureur-generaal tydens die eerste verantwoordelike ministerie en skepper van die anti-Indiërwetgewing, het geweier om verder, ná sy regering in 1897 verslaan is, teen die Indiërs op te tree. Hy is wel nie in 1897 as gevolg van sy Indiërbeleid verslaan nie, maar dit wil voorkom asof hy belangstelling in die Indiërvraagstuk verloor het omdat Natal nie waardeer het wat hy wel in verband met die oplossing van die vraagstuk gedoen het nie.

# HOOFSTUK 10

## DIE INDIËRVRAAGSTUK EN DIE NATALSE PARLEMENT VANAF 1900 TOT 1907.

### 1. Die immigrasie- leningswet van 1902.

Die neerlaag wat die anti-Indiërbeweging in 1899 gely het, het dié beweging se weerstand 'n onmiddellike terugslag gegee.

Soos reeds aangetoon, het die Binns-regering feitlik niks gedoen om enigiets daadwerkliks ten opsigte van die Indiërvraagstuk te verwesenlik nie.[1] Só was dit ook vroeg in die twintigste eeu tydens die premierskap van sir A. H. Hime, wat a.g.v. die tussenstedelike naywer as 'n verteenwoordiger van Pietermaritzburg-Stad toenadering tot die kwekerverteenwoordigers gesoek het. Hoewel Hime vir F. R. Moor (Weenen-afdeling), bekend vir sy meegevoel met die anti-Indiërbeweging, in sy kabinet opgeneem het, het hy nietemin gesorg dat hy die kwekerverteenwoordigers nie aanstoot gee nie en gevolglik die voortbestaan van sy regering verseker.[2]

Die Hime-regime was traag om enige Indiërwetgewing in te dien. Wetsontwerpe wat lede van Hime se kabinet wel i.v.m. Indiërs ingedien het, was slegs om vroue (in 1901) en kinders (in 1902) by die reeds bestaande Wet 17/1895 te betrek. Dit het geen beginselsaak geraak nie.

Daar was egter een belangrike uitsondering wat Hime verplig het om 'n bepaalde stelling ten opsigte van die Indiërvraagstuk in te neem, naamlik die haglike finansiële toestand van die Trustraad.[3] In 1896 het die Natalse regering 'n bedrag van £50,000 aan die Trustraad geleen. Dié bedrag is uitgeput weens die bepalings van die bestaande wet wat die Trustraad verplig het om alle koste verbonde aan immigrasie onmiddellik te vereffen sodra die immigrante in Natal aankom. Daarteenoor het die Trustraad die betrokke bedrag slegs by wyse van

---

1) Debates, Legislative Assembly, Third Parliament, 1902, vol. XXXI, p. 428, d.d. 22/4/1902. Kyk hoofstuk 9, pp. 229-237.
2) Debates, Legislative Assembly, Third Parliament, 1902, vol. XXXI, p. 428, d.d. 22/4/1902.
3) Ibid, p. 313, d.d. 7/4/1902 (Aansluitend by voetnoot nr. 5).

paaiemente oor vier jaar van die werkgewers terug ontvang.[4] Gevolglik het die Hime-regering in 1901 toegestem om die Trustraad te help en reëlings is vir 'n verdere lening van £44,000 getref sodat die Raad sy verpligtings kon nakom.[5] Dit het meegebring dat die Trustraad se skuld teen Maart 1902 op sowat £100,000 te staan gekom het.[6]

Die Natalse regering het gevolglik 'n nuwe lening bo en behalwe die £44,000 aan die Trustraad as noodsaaklik beskou om te voorkom dat die Natalse industrieë tot stilstand kom indien Indiër-immigrasie nie voortgesit word nie. Dit sou veral die geval met die suikerbedryf, die mynbou, die tee- en wattelbedryf, die spoorweë en selfs die boerdery wees. Natal was naamlik teen die begin van die twintigste eeu, volgens die insigte van die regering, reeds te afhanklik van Indiër-immigrasie om dit te beëindig.[7]

Toe die Trustraad dus in 1902 'n versoek aan die Natalse laerhuis gerig het om 'n lening van £250,000 wat deur die Natalse regering geborg moes word, aan te gaan, het die regering in Maart 1902, op aandrang van J.G. Maydon (Durban-Stad), 'n Gekose Komitee aangestel om die aangeleentheid te ondersoek en maatreëls te tref vir die voorsiening van die nodige fondse sodat verdere Indiër-immigrasie op 'n behoorlike grondslag geplaas kon word.[8]

Die Gekose Komitee het 'n lening van £250,000 aan die Trustraad teen vier persent rente aanbeveel op voorwaarde dat die bedrag uitsluitlik vir doeleindes van Indiër-immigrasie aangewend

---

4) Ibid, p. 421, d.d. 22/4/1902. Die regering het 'n voorskot van £25,000 teen 5% vir vyf jaar aan die Trustraad toegestaan en daarbenewens rekeninge ten bedrae van sowat £19,000 ten behoewe van die Trustraad in Londen betaal (CSO, 1793, 5966/1900: Tesourier aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/4/1901). Teen die einde van 1901 het die Trustraad by die regering vir 'n verdere lening van £50,000 aangeklop, maar dit het die regering geweier. Die regering het egter in dié verband aanbeveel dat die Trustraad 'n petisie aan die Natalse parlement rig om 'n verdere lening (CSO 1793, 8778/1901).

5) Debates, Legislative Assembly, Third Parliament, 1902, p. 167, 421 en 427, d.d. 17/3/1902, 22/4/1902.

6) Debates, Legislative Assembly, Third Parliament, 1902, vol. XXXI, pp. 167 en 427, d.d. 17/3/1902, 22/4/1902.

7) Ibid, pp. 430 - 432, d.d. 22/4/1901.

8) Ibid, pp. 166 - 167, d.d. 17/3/1902; Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, First Session, Third Parliament, 1902, L.A. No. 12, pp. 64 - 65, d.d. 12/3/1902.

word. Die regering het dié aanbevelings aanvaar,[9] aangesien dit geen addisionele koste vir die regering sou meebring nie, want, volgens die voorwaardes van die lening, sou die Trustraad al sy sekuriteite aan die Natalse regering oordra in ruil vir die borg wat die regering ten opsigte van die lening verleen. Die regering het die sekuriteite as voldoende waarborg beskou omdat op werkgewers, wat versuim om hul paaiemente te betaal, se vaste eiendom beslag gelê kon word. Dié sekuriteite sou selfs voorrang bo eerste verbande geniet.[10]

Die feit dat die voorwaardes van die lening die Natalse regering teen enige finansiële verliese gevrywaar het, was egter nog geen rede waarom die Natalse regering moeite moes doen om die Trustraad met so 'n reusagtige lening by te staan nie. Die reuselening sou dit moontlik maak dat sowat 18,000 nuwe kontrakarbeiders Natal binne die eersvolgende twaalf maande (1902 - 1903) kon binnekom.[11]

Die ondersteuning wat die Hime-regering aan die grootskaalse immigrasie verleen het onder die voorwendsel om Natalse industrieë te ontwikkel, het getoon aan wie se kant Hime hom werklik geskaar het. Omdat Hime met die ondersteuning van die kwekers in die kussings wou bly, het hy Indiër-immigrasie van nuwe stukrag voorsien. Daarbenewens het Hime se tesourier die <u>Immigration Loan Bill</u> self ingedien om die taak vir die kweker-verteenwoordigers nog verder te vergemaklik.

Die sewe lede van die anti-Indiërbeweging in die laerhuis het in 1902 verdere Indiër-immigrasie aan bande probeer lê deur 'n amendement tot die leningswetsontwerp in te dien, naamlik dat die kontrakte van die Indiër-immigrante in Indië moes eindig, d.w.s. soortgelyk aan Sparks se voorstel wat in 1899 net-net verslaan is.[12]

---

9) Debates, Legislative Assembly, Third Parliament, 1902, vol. XXXI, p. 313, d.d. 7/4/1902. Die lede van die komitee was hoofsaaklik kwekerverteenwoordigers, t.w. W.F. Clayton (Victoria-Graafskap), W.L. Estrange (Umvoti-Graafskap), J.F. Rethman (Alfred-Graafskap), dr. Gubbins en J.G. Maydon (Voorsitter).
10) Ibid, pp. 425, 427, 431 - 432, d.d. 22/4/1902.
11) Ibid, p. 430, d.d. 22/4/1902.
12) Kyk hoofstuk 9, p. 237.

Die indiener van die amendement, N. Nicholson, het geweet dat indien die Indiese regering nie daarmee akkoord gaan nie, dit noodwendig ook die lening sou laat skipbreuk ly.[13] In sy betoog het Nicholson aangevoer dat die £3-lisensiegeld nie 'n doelmatige middel was om Indiërs na Indië te laat terugkeer nie, want, om die argument van Yonge te gebruik, betaal die werkgewer in die praktyk die £3-lisensie self in plaas van die Indiër.[14]

Die lede van die anti-Indiërbeweging was nie bereid om vir die reuselening aan die Trustraad te stem nie, tensy Nicholson se amendement daarby betrek word, want dit sou slegs ongekende grootskaalse Indiër-immigrasie tot gevolg hê. Die gevare wat Indiër-immigrasie ingehou het, is herhaal, o.a. dat dit 'n federasie van Suid-Afrika sou teenwerk, dat die strate van Durban en Pietermaritzburg alreeds deur Indiërs ingeneem is, dat die klein blanke boer en handelaar deur Indiërs verdring is met hul „objectionable habits and obnoxious customs" en dat die Indiërs die Bantoes uitbuit en die grond uitput.[15]

Premier Hime het die Nicholson-amendement egter verwerp omdat hy dit as onvanpas by 'n leningswetsontwerp beskou het.[16] Die Eerste Minister was ook bevrees dat indien Nicholson se amendement tot wetgewing sou lei om kontrakte in Indië te laat eindig voordat eers vooraf met die Indiese regering oor die saak beraadslaag is, laasgenoemde Indiër-emigrasie na Natal sou beëindig.[17] Yonge het die Eerste Minister egter geantwoord dat Binns na sy besoek aan Indië in 1894 beweer het dat die Indiese regering nie daarvoor te vinde is dat kontrakte van die immigrante in Indië sal eindig nie, sodat 'n sending na Indië nutteloos sou wees.[18]

---

13) Debates, Legislative Assembly, Third Parliament, 1902, vol. XXXI, pp. 421, 429, d.d. 22/4/1902.
14) Ibid.
15) Ibid, pp. 421 - 427, d.d. 22/4/1902. Dit was veral Tatham, Taylor en Churchill wat Nicholson sterk ondersteun het. Tatham het die argument verwerp dat Nicholson se amendement daartoe aanleiding sou gee dat private instansies self Indiër-immigrante sou invoer, want dit sou deur die immigrasiebeperkingswet voorkom word. Tatham wou verseker „that this country is not to become a Mauritius, that this country is to remain, as far as it is possible to make it remain, a white Colony." Taylor het die netelige posisie te Durband beklemtoon waar Indiërs reeds £500,000 se eiendom besit het en een straat volkome beheer het, terwyl Churchill oortuig was dat dit tyd geword het dat „we take a stand to see that the Indians shall be returned to India".
16) Ibid, p. 427, d.d. 22/4/1902.
17) Ibid, pp. 313, 431, dd. 7/4/1902 en 22/4/1902.
18) Ibid, pp. 427 - 429, d.d. 22/4/1902.

Die ironie van die toestand was dat Nicholson se amendement met 'n oorweldigende meerderheid verwerp is, ondanks die feit dat die meerderheid laerhuislede tydens die 1901-verkiesing belowe het om toe te sien dat die Indiër-immigrante se kontrakte in Indië beëindig word. Tatham het in dié verband daarop gewys dat „the effect of the legislation which is now proposed is the deliberate reversal of the mandate of the people of this country, and it is a reversion of the things which this Colony has told its' representatives it will not tolerate".[19]

Die Eerste Minister het sy sukses met sy reuselening aan die Trustraad veral te danke gehad aan die indruk wat hy geskep het dat hy met Nicholson se amendement simpatiseer, maar dat hy in beginsel alleen daarteen gekant was dat 'n leningswetsontwerp wat ten doel het om die normale funksies van die Trustraad te laat voortgaan, daardeur verongeluk word. Dit is trouens ook hoe W. R. Morcom (Pietermaritzburg-Stad) die posisie opgesom het.[20]

Die Eerste Minister het sy belofte nagekom om 'n afvaardiging in 1903 na Indië te stuur om die saak wat Nicholson in sy amendement gestel het, met die Indiese regering te bespreek. Die sending sou geslaag het indien toegegee was aan die Indiese regering se eis dat Indiërhandelaars die reg verleen word om na die Natalse hooggereghsof te appelleer indien hul appèl na die stadsraad misluk.[21] Op aanbeveling van D. Taylor (Durbanse graafskap) en die Natalse stadsrade het die Eerste Minister besluit om liewer nie die appèlreg na die hooggeregshof toe te staan nie.[22]

## 2. Immigration Restriction Act, 1903.

In 1903 het Hime na die algemene verkiesing 'n nuwe kabinet saamgestel wat manne soos Moor, Smythe en Morcom ingesluit het, wat 'n bietjie meer simpatiek teenoor die anti-Indiërbeweging gestaan

19) Ibid, p. 424, d.d. 22/4/1902.
20) Ibid, pp. 424, 433, d.d. 22/4/1902.
21) Debates Legislative Assembly, 1st Part of Second Session of Fourth Parliament, 1907, vol. XXXVI, p. 37, d.d. 20/4/1904; PM 109, Indiese Regering aan Natalse Goewerneur d.d. 25/4/1903.
22) Debates Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, vol. XLII, pp. 238, 259, d.d. 15/7/1907. Hierdie besonderhede is later in 'n laerhuisdebat van 1907 verstrek.

het. As bewys hiervoor dien die Immigration Restriction Act wat die Koloniale Sekretaris, Smythe, in 1903 ingedien het om dit vir vrye Indiërs moeiliker te maak om Natal binne te kom as wat die geval onder die bestaande Immigration Restriction Act van 1897 was. Vrye Indiërs wat wou kwalifiseer om Natal binne te kom, moes 'n taaltoets aflê, wat aan die minister bewys sou lewer dat hulle 'n Europese taal baasgeraak het.

Die nuwe wetsontwerp het feitlik al die bepalings van die bestaande wet oorgeneem, maar die ou skedule B met 'n drastieser opvoedkundige toets vervang, naamlik: „Any person who, when asked to do so by any duly authorised officer, shall be unable, through deficient education, to himself write out and sign, in the characters of some European language, an application to the satisfaction of the Minister".[23)]

Hierdie wysiging was bedoel om te voorkom dat Indiërs nie meer net die formule wat in die ou skedule B verlang is, haastig uit die hoof kon aanleer sonder dat hulle 'n werklike begrip van die betrokke Europese taal besit nie.

Die bestaande Immigration Restriction Act het aan sy doel beantwoord. Hoewel Clayton die werking daarvan in twyfel getrek het omdat weinig veroordelings ingevolge dié wet plaasgevind het, was die bedoeling van die wet juis, soos Escombe dit aanvanklik verduidelik het, om as afskrikmiddel te dien. Volgens die Koloniale Sekretaris was dit nie moontlik om te bepaal hoeveel Indiërs deur die wet afgeskrik is om Natal toe te kom nie. Die aantal veroordelings het slegs gevalle ingesluit waar Indiërs dit gewaag het en daarna betrap is.[24)] Ook skeepseienaars was versigtig om nie die wet te oortree nie, want sedert die wet in werking getree het, het sowat 2,000 skepe Natal aangedoen en slegs 'n bedrag van £142.0.0. by wyse van boetes opgelê.[25)]

---

23) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of 1st Session, Fourth Parliament, 1903, Vol. XXXIII, pp. 489 - 491, d.d. 23/6/1903.
24) Ibid, pp. 492 - 493, d.d. 23/6/1903.
25) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of 1st Session, Fourth Parliament, 1903 vol. XXXIV, p.44, d.d. 2/7/1903.

Die Koloniale Sekretaris het ook die beswaar van Greene verwerp dat groot getalle vrye Indiërs Natal binnekom, ondanks die bepalings van die Immigration Restriction Act.[26] Smythe het aangetoon dat die vrye Indiërs wat Natal binnegekom het, opgevoede Indiërs was wat in staat was om in die opvoedkundige toets te slaag en dat daaraan niks gedoen kon word nie.[27]

Die wetsontwerp is daarop goedgekeur nadat die Koloniale Sekretaris, onder druk van die kwekerverteenwoordiger J.G. Maydon, verantwoordelikheid van skeepseienaars ten opsigte van immigrante wat Natal onwettig binnekom, opgehef het op voorwaarde dat die skeepseienaars vroegtydig toesien dat daar voldoende polisiewagte by elke landingsbrug geplaas is.[28]

Nadat G.M. Sutton wat Hime in September 1903 as Eerste Minister opgevolg het, vier kwekerverteenwoordigers (Maydon, Baynes, G. Leuchars en W.F. Clayton) in sy nuwe kabinet opgeneem het, het die Indiërvraagstuk, afgesien van die strenger toepassing van Wet 17/1897 (art. 6) ten opsigte van die invordering van die £3-lisensiegelde, nie die aandag van die Natalse regering geniet nie, omdat dit nie in die kwekers se voordeel was nie.[29]

Dit is opvallend dat nie een van die kwekerverteenwoordigers wat in 1903 die Natalse politiek oorheers het, t.w. Hulett en Maydon,

---

26) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of 1st Session, Fourth Parliament, 1903, Vol. XXXIII, p. 556, d.d. 25/6/1903. Wat wel deur die amptelike syfers vir die jaar 1903 gestaaf kon word, is dat uit 'n totaal van 6763 potensiële immigrante wat verbied is om Natal binne te kom, daar altesaam 3244 Indiërs onder hulle was (Report for the year 1903 of the Immigration Restriction Department, p.15).

27) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of 1st Session, Fourth Parliament, 1903, vol. XXXIII, p. 556, d.d. 25/6/1903.

28) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of 1st Session of Fourth Parliament, 1903, vol. XXXIII, pp. 44 - 46, d.d. 6/5/1903.

29) Debates, Legislative Assembly, 3rd Part of the 1st Session of the Fourth Parliament, 1903, vol. XXXV, p. iii. Die £3-lisensie het, soos verder in hoofstuk 11, pp.280-286, aangedui sal word, eintlik die kwekers bevoordeel deurdat Indiërs feitlik gedwing is om weer by hulle in te skryf.

verkies het om self die premierskap te aanvaar nie en dit van die hand gewys het.[30] Die kwekers se taktiek kan in dié opsig vergelyk word met dié van Jan Hofmeyr in die Kaapkolonie, wat as die „mol" bekend was omdat hy, net soos die kwekers, groot invloed met die samestelling van die kabinet uitgeoefen het, maar geweier het om self die premierskap te aanvaar. Die kwekers het dit naamlik voordeliger gevind om die politieke partye in die wandelgange van die Wetgewende Vergadering te beïnvloed. Hoewel Sutton premier was, kon hy feitlik net soveel uitvoer as wat die kwekerverteenwoordigers hom sou toelaat, veral aangesien die vorige regering onder Hime vir etlike weke slegs deur die beslissende stem van die Speaker in die kussings gehou is.[31]

Sutton se regering het tot 15 Mei 1905 bly voortbestaan toe 'n koalisieregering onder leiding van Smythe die teuels vir die kort periode tot die algemene verkiesing van 1906 oorgeneem het. Smythe se kabinet het effens minder onder invloed van die kwekers gestaan deur die weglating van twee vorige kwekerministers, Baynes en Leuchars, uit sy kabinet, hoewel hy 'n kwekergesinde nuweling, Hyslop, opgeneem het.[32]

Die nuwe regering onder Smythe het die Immigration Restriction Act meer waterdig gemaak deur 'n noukeuriger beskrywing van die woord „domisilie" by wyse van 'n amendement op te neem. Dit is gedoen omdat die Hoof-Immigrasiebeampte gevrees het dat „there will be a very large influx of Indian Immigrants into this country although they have never been in this country at all".[33]

3. Wysiging van die £3-lisensiewet deur die regerings van Sutton en Smythe.

---

30) The Natal Mercury, d.d. 13/8/1903, kommentaar deur die redaksie.
31) The Natal Mercury, d.d. 12/8/1903, kommentaar deur die redaksie.
32) The Natal Mercury, d.d. 12 en 13 Mei 1905, kommentaar deur die redaksie.
33) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of 3rd Session, Fourth Parliament, 1905, vol. XXXIX, p. 641, d.d. 12/7/1905.

(Kyk II, 11/1/154, I 1398/1907)

**Pass under Act 17, 1895.**

C. № 1337

Pass to ... Lutchmi

... No. 65047

S... 2 Age 26 Height 5'

Bodily M... Scar on forehead

... having paid the Annual License of (£3) Three

Pounds sterling, as required by Section 6, Law 17, 1895.

This Pass expires on the 14 2 1904

and must then be renewed.

Issued at the Verulam

R.M. Office

15. 8. 1903

R.M.

'n Bewys
dat 'n Indiër sy £3-lisensie betaal het.

In Mei 1905 is wetgewing by die Natalse laerhuis ingedien as gevolg van die probleem wat met die invordering van die £3-lisensiegelde ondervind is.

Die uitwerking van art. 2 van Wet 17/1895 ten opsigte van die £3-lisensie het eers in 1901 betekenis gekry[34] omdat dit die jaartal was waarop die kontrakarbeiders se eerste dienstermyn na die aanname van Wet 17/1895 geëindig het.[35] Aanvanklik was die invordering van die lisensiegelde 'n mislukking. Die regering wou nie in die aangeleentheid optree nie voordat hy nie in besit was van „all necessary information as regards the registered numbers, names addresses etc. of the Indians who by the 31st December 1900 are liable for the payment of this £3.0.0. licence", en het daarop aangedring dat dié inligting kwartaalliks verstrek word.[36] Die regering is wel deur die magistrate van die verskillende distrikte op hoogte gehou van watter Indiërs wel hul lisensiegelde betaal het[37] maar die regering het dit moeilik gevind om teen die Indiërs wat nie betaal het nie, op te tree.

Dit was alreeds in 1902 duidelik dat 207 Indiërs die £3-lisensiegelde ontduik het deur skuiling by werkgewers te gaan soek en dat dit moeilik was om teen hulle op te tree. Hierdie probleem het die Beskermer toegeskryf aan die feit dat „there is no penalty as against the employer who engages the services of an Indian who holds only a pass to proceed to a Magistrate to pay the licence, or a pass for one month to seek an employer of his own choosing".[38] Gevolglik het die Natalse Prokureur-generaal aan die hand gedoen dat Wet 17/1895 sodanig gewysig word om diegene wat skuldige Indiërs huisves, te beboet.[39]

---

34) II, 11/3/30, Boek 1, p. 155: Beskermer van Immigrante aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 19/1/1902.

35) CSO 1691, 10091/1900: Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/2/1901.

36) CSO 1691, 10091/1900: Koloniale Sekretaris aan die Sekretaris, Trustraad, d.d. 7/1/1901.

37) II,11/1/123, I 2716/1903: Sekretaris, Trustraad, aan Minister van Lande en Werke, d.d. 29/12/1903.

38) Sessional Papers, Legislative Assembly, Natal, First Session, Third Parliament, 1902, LA, No. 16, p. 88, d.d. 22/3/1902.

39) II, 11/1/112, I 2214/1902: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/3/1904. Kyk mening van Prokureur-generaal, d.d. 16/9/1902.

In 1903 het die Hoof-Immigrasiebeampte gerapporteer dat 12½% van die Indiërs die £3-lisensiegelde ontduik het en dat dit feitlik onmoontlik was om hulle op te spoor.[40] Die Trustraad het geantwoord dat „the Police should exercise better and more effectual inspection of Indians' passes" en aan die hand gedoen dat die polisie periodiek Indiërs wat by ander Indiërs gewerk het, moes probeer opspoor.[41]

Die nuwe regering onder Sutton „proved its sense by carrying out the policy of insisting upon the collecting of that tax".[42] Sutton se Minister van Justisie het aan die Natalse Kommissaris van Polisie opdrag gegee „that proceedings must be taken against every Indian liable to take out a pass under Section 6 of Law 17, 1895, and found without same, and when judgement has been obtained steps should be taken to enforce the same as opportunity offers. The Magistrates have power to punish for disobedience of orders made by them for the payment of the amount by instalments."[43]

Teen 1904 was dit duidelik dat nog 'n aantal Indiërs versuim het om die bepaalde lisensiegelde te betaal.[44] Teen die einde van 1904 was daar altesaam tagtig Indiërs wat nie hul lisensiegeld betaal het nie, hoewel 225 Indiërs wat nog met lisensiegelde vir 1903 agterstallig was, intussen wel betaal het.[45]

'n Ander struikelblok in die weg van die invordering van die lisensiegelde was die Durbanse magistraat se beslissing dat agterstallige lisensiegelde nie ingevorder kon word nie, maar dié beslissing is deur die Prokureur-generaal betwis. Sy bevinding was dat

---

40) II, 11/1/123, I 2716/1903.
41) Ibid, Trustraad aan Minister van Lande en Werke, d.d. 29/12/1803.
42) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, vol. XLII p. 259, d.d. 16/7/1907.
43) II, 11/1/125, I 347/1904: Sekretaris van die Minister van Justisie aan die Kommissaris van Polisie, d.d. 22/1/1904.
44) II, 11/1/112, I 2214/1902: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/3/1904. Hoewel laasgenoemde diensbrief in 1904 geskryf is, is dit by 'n band van 1902 ingebind. In Maart 1904 lewer die Beskermer van Immigrante verslag dat by die plantasie van mnre. Renaud en Kie. alleen veertig Indiërs die £3-lisensiegelde ontduik het en dat nog sewe Indiërmans en drie vroue elders werksaam is sonder dat hulle hul verpligtinge ten opsigte van die lisensie nagekom het.
45) CSO 1781, 1102/1905: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, dd. 8/2/1905.

Form "A."                Entitled to Passenger pass

# INDIANS SEEKING EMPLOYMENT.

## PASS THE INDIAN.

Name ...... Nasugan .................................... ...... 25

No. 50501 ...... Sex. Male

For one month from ...... 11th August 1903 ......

to enable him to choose the Employer to whom he desires to be ......

The Employer who desires to ...... AT ONCE communicate with the Secretary of the Indian Immi...... can be made for re-indenturing the Indian.

Indenture ex ...... 03

Wife and Children to be ......

Wife, Name ...... [illegible] ......

Children.

Name ...... Henry ......

(Kyk II, 11/1/132, I34/1905)

Indiërs wat nie hul lisensiegelde betaal nie, siviel vervolg en gevangenisstraf opgelê kon word.[46] Nogtans het die Beskermer van Immigrante toestemming van die Natalse regering verkry om in sekere gevalle in stryd met art. 2 van Wet 17/1895 te handel. So bv. is aan Indiërs reeds in Junie 1904 toestemming verleen om Natal te verlaat sonder dat hul £3-lisensiegelde ingevorder is.[47]

Die kwekerregering onder Sutton het in Mei 1905 'n wysiging in art. 2 van die Indian Immigration Act aangebring om die werkgewers van Indiërs wat nie hul lisensiegelde betaal het nie, te magtig om die betrokke geld, wat die werkgewer voorlopig betaal het, van gemelde Indiërs se salarisse af te trek.[48]

Die effek van die £3-lisensie het die eerste keer onder die Sutton-bestuur duidelik merkbaar geword en die doel waarvoor die lisensie ingestel is, het die eerste keer tot sy reg gekom. D.Taylor (Durban-Stad) het dit bestempel as „the means of driving many Indians out of the country and causing many to re-indenture". As voorbeeld het hy die Lobitobaai-Indiërs genoem wat dit onmoontlik gevind het om in Natal te bly as gevolg van die lisensiegelde.[49]

Daarop het die Smythe-bestuur op aanbeveling van die Beskermer en 'n Gekose Komitee in 1905 verbeterings aan die Indian Immigration Act aangebring wat nie soseer daarop gemik was om die kwekers te begunstig nie, maar om die probleme wat die £3-lisensie opgelewer het, te help bylê. Daardeur is aan die Indiërs wat nie hul lisensiegeld betaal het nie, geleentheid gegee om hulle weer vir twee jaar as kontrakarbeiders te laat inskryf met die voorreg om, na afloop van die betrokke dienstermyn, met 'n vry passasie na Indië terug te keer.[50]

---

46) CSO 1715, 8123/1902: Hoof-Ondersekretaris aan Prokureur-generaal, d.d. 29/4/1904 en Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/5/1904. Die betrokke diensbriewe van 1904 is by 'n band van 1902 ingebind.

47) CSO 1763, 5032/1904: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/6/1904.

48) Debates in the Legislative Assembly of the Colony of Natal, 1st Part of 3rd Session, Fourth Parliament, 1905, Vol.XXXVIII, pp. 219 - 220, d.d. 2/5/1905.

49) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, Vol. XLII, p. 259, d.d. 16/7/1907.

50) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of 3rd Session, Fourth Parliament, vol. XXXIX, pp. 701, 757, d.d. 18/7/1905, 19/7/1905.

4. Indiërs in blanke poste.

In November 1906 het F.R. Moor 'n nuwe kabinet saamgestel waarin feitlik alle kwekerverteenwoordigers uitgelaat en binnelandse verteenwoordigers opgeneem is.[51] Om hierdie rede het Moor se kabinet as die „Farmers' Government" bekend gestaan.

Hoewel dit bekend was dat Moor met die anti-Indiërbeweging gesimpatiseer het, het hy nogtans die ondersteuning van sommige kwekers, soos bv. Schofield, geniet. Die vernaamste beleidsbeginsel wat Moor se Boereparty en die kwekers gemeen gehad het, was die kwessie van die redistribusie van kiesafdelings. Die binnelanders wou, net soos die kwekers, nie toelaat dat Durban vanweë sy groot bevolking beter verteenwoordiging in die laerhuis verkry nie. Daarom was daar aanvanklik min samewerking tussen Moor en die Arbeiderlede van Durban. Die Arbeiderleier Tatham en Moor het trouens in 1906 afsonderlike wantrouemosies teen Smythe se regering ingedien wat 'n gebrek aan gesamentlike optrede aangedui het.[52] Hoewel Smythe beide wantrouemosies net-net oorleef het, het die kwekers besef dat indien Moor en die Arbeiders 'n hegte bondgenootskap sou vorm, dit vir hulle belange gevaarlik sou wees. Om so 'n bondgenootskap te voorkom, het die kwekers blykbaar besluit om Moor te ondersteun, met die verstandhouding dat Moor stelling teen die Arbeiderlede sou inneem.[53]

Van Moor se simpatie met die anti-Indiërbeweging het F.O.F. Churchill (Durban-Graafskap) gebruik gemaak om 'n belangrike saak in die Wetgewende Vergadering aan te roer, naamlik die bekleding van poste deur Indiërs, wat voorheen deur blankes gevul is. Na Churchill se berekening was daar in 1906 sowat 1400 sulke gevalle. Sy voorstel was dat 'n kommissie benoem moes word om ondersoek in te stel na die moontlikheid om dié poste weer geleidelik uit blankes te vul, wat die

---

51) Debates, Legislative Assembly, 1st Session, 5th Parliament, 1906, Vol. XLI.

52) Smith, I.C. Frederick Robert Moor and his premiership of Natal, 1906 - 1910, with special reference to the Unification of South Africa. Ongepubliseerde skripsie, Univ. van Natal, Durban, 1966, p.24. Die Arbeidersparty het na die 1906-verkiesing 'n belangrike faktor in die Natalse politiek geword, want al vyf Arbeiderkandidate is in dié verkiesing verkies, t.w. R.H. Tatham (Durbanse graafskap), dr. C.H. Haggar (Durban-Stad), N.P. Palmer (Pietermaritzburg-Stad), D. Taylor (Durbanse graafskap), J. Connolly (Kliprivier).

53) The Natal Mercury d.d. 16, 17, 22, 23 en 28 November, 1906.

koste daaraan verbonde sou wees en watter voordele dit vir blanke arbeiders sou inhou. Die voorstel is aanvaar, met die verskil egter dat die regering self i.p.v. 'n kommissie die ondersoek sou instel.[54]

In die volgende sitting van die Wetgewende Vergadering was die Arbeiderlede verplig om die saak weer te berde te bring omdat die regering versuim het om aan die betrokke besluit uitvoering te gee. Hierdie keer het die nuwe lid vir Durban-Graafskap, dr. C.H. Haggar, die woord gevoer en dit benadruk dat dit in die openbare belang ongewens was om Indiërs op die Natalse Regeringspoorweë in poste wat voorheen deur blankes gevul is, te emplojeer waar blankes teen redelike lone beskikbaar is. Voorts het hy die gevaar van die indiensneming van Indiërs op die Natalse Spoorweë beklemtoon omdat die Indiërs deur hulle godsdiens geleer word om minagting vir blanke lewens te hê. Daarbenewens het die lid vir Durban-Stad, McLarty, die aandag daarop gevestig dat die Natalse Spoorweë 7000 nie-blankes in diens het en dit gestel dat as die indiensneming van blankes 'n verhoging van spoorwegtariewe tot gevolg sou hê, dit in belang van die blankes aanvaar moes word.[55]

Die Minister van Spoorweë het die indiensneming van die nie-blankes egter geregverdig omdat die Natalse parlement by hom aangedring het om te bespaar. Sowel die regering as die kwekerverteenwoordigers het nietemin Haggar se voorstel aanvaar en die regering het vir Haggar, McLarty en Palmer uitgenooi om die regering as 'n komitee by te staan om die probleem te probeer oplos.[56]

## 5. Haggar se poging om Indiër-immigrasie te beëindig

Die Natalse Arbeidersparty, vroeër bekend as die Workers Patriotic Union, het vanaf 1906 eintlik eers 'n faktor in die Natalse politiek

---

54) Debates, Legislative Assembly, 1st Session, 5th Parliament, 1906, Vol. XLI, pp. 137 - 140, d.d. 4/12/1906.
55) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of 2nd Session, 5th Parliament, 1907, Vol. XLIII, pp. 478 - 481, d.d. 17/9/1907.
56) Ibid, pp. 482 - 484, d.d. 17/9/1907.

geword toe vyf van die party se lede tot die laerhuis verkies is, t.w. N.P. Palmer (Pietermaritzburg-Stad), dr. C.H. Haggar (Durbanse graafskap) D. Taylor (Durbanse graafskap) R.H. Tatham (Durbanse graafskap) en J.Connolly (kliprvier) wat meer 'n Sosialis as 'n Arbeider was.[57)]

Die Arbeiderlede het die Indiërvraagstuk as een van hul vernaamste politieke strydpunte aangegryp. Veral Haggar was 'n dinamiese figuur wat die anti-Indiërbeweging nuwe lewe gegee het. Na die verdwyning van Harry Escombe van die Natalse politieke toneel was hy die eerste Natalse politikus wat die kwekerverteenwoordigers 'n opdraande stryd besorg het. Hy het egter oor dié voordeel beskik dat daar intussen weer 'n Eerste Minister wat met die anti-Indiërbeweging gesimpatiseer het, in Natal aan bewind was.[58)]

Toe hy in Julie 1907 sy wetsontwerp ingedien het om Indiërimmigrasie op kontrakbasis in Natal te beëindig, het Haggar die volgende drie redes genoem: „The first position is that Asiatics and Europeans are not compatible. They cannot be one. The second is that the Asiatic population of this country seriously complicates the Native problem, and the third position is that the presence of the Asiatic here is in opposition to our largest and most cherished ideals".[59)] In sy meesterlike toeligting van hierdie redes het hy aangevoer dat Natal uit voeling was met die res van die blanke volke van die wêreld[60)] en die gevaar van morele agteruitgang vanweë die aanwesigheid van 103,000 Indiërs in Natal beklemtoom.[61)]

---

57) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, Vol. XLII, p.460, d.d. 31/7/1907; Smith, I.C., op.cit., p.24.

58) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, vol. XLII, p. 192, d.d. 9/7/1907.

59) Ibid, p. 193, d.d. 9/7/1907.

60) Ibid, pp. 192 - 193, d.d. 9/7/1907. Volgens Haggar „one conclusion to which statesmen have come in other parts of the civilised world is this, that the land which has been taken by Europeans, which has so far been developed by Europeans, and which is suited to European settlement, must be closed at once and for ever against the Asiatic invasion". As dit nie gedoen word nie, het Haggar beweer, is die gevolg daarvan „national degradation".

61) Ibid, p. 193, d.d. 9/7/1907. Haggar wou weet „how much these Indians have cost the State not merely in money, but in social and industrial degradation. These are more than mere money". Hy het die kwekers se standpunt verwerp dat die Indiërs Natal op ekonomiese gebied bevoordeel, want „there is a higher responsibility than the economic one, there is a moral responsibility". Sy opvatting was: „If we had half a dozen millionaires in Natal today, they would be no compensation for the hundreds of stalward young men, who, during the last few years have left South Africa to go to distant lands to cultivate the food which we buy at such an enormous price" (Ibid, p. 192, d.d. 9/7/1907).

Hy het ook die kwekers se kreet van 'n arbeidstekort in Natal as oordrewe beskou. Hy het dit as 'n eeu-oue kreet bestempel en gesê dat in die lande waar dit aangehef is, vooruitgang desondanks plaasgevind het. So bv. het hy aangevoer dat die Kaap sowel in die Hollandse as in die Britse tydperk op oosterse arbeiders aangedring het maar daar was steeds vooruitgang in die Kaap sonder dat die verlangde oosterse arbeiders ooit voet aan wal gesit het.

Haggar het die onrusbarende toename van Indiër-immigrante beklemtoon. Die Indiërbevolking het, volgens hom, vanaf 1891 tot tot 1904 met 144.88% toegeneem, terwyl die blankes in dieselfde periode met slegs 101.38% toegeneem het. Gesien die besonder hoë geboortesyfer onder die Indiërs (30.71%), het Haggar 'n Indiërbevolking van sowat 250,000 binne nege jaar in Natal in die vooruitsig gestel. Daarbenewens het die aansoeke om Indiërkontrakarbeiders steeds vermeerder, naamlik 19,000 in 1904 tot 30,000 in 1905.

Ander nadele verbonde aan Indiër-immigrasie wat Haggar benadruk het, is die groot bedrae geld wat hulle saam met hul uit Natal geneem het (in 1904 sowat £20,000); die groot stukke grondgebied wat hul in Natal besit (sowat 10,000 acres) en bewerk het (sowat 50,000 acres); die Bantoehandel ter waarde van tussen £600,000 en £1,000,000 wat Indiërwinkeliers van blankes afgeneem het; die sowat 12,128 opgevoede Indiërs wat blankes uit sekere betrekkings verdryf het, veral by die Natalse Spoorweë en as ambagsmanne by sommige suikermaatskappye, en die nadelige invloed wat die Indiërs op die Natalse Bantoes uitgeoefen het. Ten opsigte van die Bantoes het Haggar verklaar: „Unless this Coolie difficulty is dealt with, and dealt with at once and dealt with thoroughly you will never solve your native problem".[62)]

Volgens Haggar het die kwekers slegs hul eie belange op die hart gedra en nie die nadelige gevolge van Indiër-immigrasie gekonsidereer nie: „These people (planters) who talk so loudly about the vested interests of Indians, when they saw this flood coming into this land, did they talk about the vested interests of the white ?" Haggar het dit benadruk dat Natal gevaar loop om dieselfde lot as Mauritius en die Fiji-eilande te tref, veral Fiji, waar die Indiërs die Fijiane uit hul land verdryf het.[63)]

---

62) Ibid, pp. 193 - 197, d.d. 9/7/1907.

63) Ibid, p. 197, d.d. 9/7/1907. Hoewel Haggar ook skepties gestaan het teenoor die sogenaamde voordele van die industrieë omdat die spoorlyne na suikerplantasies, volgens hom, nie lonend was nie, het dit nogtans uit latere debatte in die laerhuis geblyk dat Haggar in dié opsig verkeerd was (Ibid, pp. 194, 245, d.d. 9/7/1907).

Haggar is ondersteun deur sowat nege lede uit die garde van die anti-Indiërbeweging. Veral M. S. Evans (Durban-Stad) het die kwekers se benadering van die saak wat hy as „the line of the least resistance" bestempel het as kortsigtig beskou. Daar is naamlik geen poging aangewend om die Bantoes vir die suikerplantasies op te lei nie omdat Indiër-immigrante maklik bekombaar was. Daar was dus volgens Evans twee sienswyses, naamlik die kortsigtige „that we must bolster up the industries which have been accustomed in the past to be bolstered up" en die versiende sienswyse „that we must regard this country as the home of our children". Die wyse waarop die Indiërvraagstuk opgelos moes word, het Evans soos volg gestel: „If the stick were taken away, and our industries did not rely upon this low priced labour, they would make use of the native labour we have in abundance in our midst".[64]

Nog 'n Arbeider, Palmer, het die stopsetting van Indiër-immigrasie vergelyk met die afskaffing van slawerny. Volgens hom is slawerny afgeskaf ondanks die protes wat aangeteken is deur manne wat met die suikerkwekers van Natal vergelyk kan word. Die opvatting van die kwekers dat die teenwoordigheid van 'n klein aantal Indiërs nie saak maak in die lig van die feit dat Natal reeds 'n groot Bantoebevolking het nie, was na sy mening nie korrek nie, want die Bantoeprobleem is vererger deur die aankoms van Indiër-immigrante. Volgens Palmer sou die kwekers wel 'n plan beraam het om die Bantoes vir plantasie-werk op te lei sodra die Indiërimmigrasie beëindig is, want dit was die kwekers wat die arbeiders benodig het en hul sou self moes sorg dat die jong Bantoes onder 'n kontrakstelsel geplaas word.[65]

Haggar se wetsontwerp het met gedugte teenstand te kampe gehad en het, soos in gevalle waar die materiële welvaart van die kwekers in gedrang gekom het, die Natalse laerhuis in beroering gebring. Hoewel die kwekerverteenwoordigers bewus was van die feit dat Haggar nie oor voldoende steun beskik het om sy wetsontwerp deur te voer nie, het die behendige wyse waarop Haggar die meeste argumente van die kwekers ontsenu het, onrus onder die kwekerleiers veroorsaak. Veral sir Liege Hulett, die bejaarde lid vir Victoria-Graafskap, en T. Hyslop

64) Ibid, pp. 240 - 241, d.d. 15/7/1907.
65) Ibid, pp. 260 - 262, d.d. 16/7/1907.

(Umgeni-afdeling) het onmiddellik gereageer.

Hulett het op ewe behendige wyse die standpunt van die kwekers gestel. Hy het Haggar se uitgangspunt dat Natal vir die blankes bewaar moes word, betwis en aangevoer dat Natal, soos die hele Afrika, 'n swartmansland was. Hulett het voorts verduidelik: „There are portions of the country suitable for European habitation. But what do they come for? To exploit the blacks, and to use them for their purposes. The beginning of the white settlement of South Africa was on those lines".[66] Hy het toegegee dat dit 'n goeie plan sou wees om die jong Bantoes onder 'n kontrakstelsel te plaas, maar dit sou nie die probleem oplos nie, omdat die Bantoes plantasiewerk nie sou kon aanleer nie. Hierdie argument van Hulett is een wat met gereelde eentonigheid deur die kwekers herhaal is sodat die meeste ander lede uiteindelik daardeur beïnvloed is. Nadat Churchill immers self erken het dat hy uiteindelik van dié invloed bevry is, het hy tot die besef gekom dat, soos die geval met die inboorlinge van Wes-Indië, Demarara en Trinidad, Bantoes wel vir plantasiewerk opgelei kon word. Robinson het trouens 'n voorbeeld genoem van 2,000 Bantoes wat in die Mapozo-vallei, Kongo, met sukses vir ingewikkelde spoorwegwerk opgelei is.[67]

Hulett het gelyk gehad toe hy beweer dat Indiërarbeid Natal se suikerindustrie baie vinniger ontwikkel het as wat Bantoes dit kon doen. Daar was selfs 'n groot mate van korrektheid in sy bewering dat Indiërarbeid „has turned a small trading station, which Natal was, into the most prosperous part of South Africa".[68] Nogtans was sy standpunt oordrewe deurdat hy beweer het dat geen suiker- of teeplantasie in stand gehou sou kon word indien Haggar se wetsontwerp aangeneem word nie, aangesien die suikerindustrie sedert die beëindiging van die kontrakstelsel in 1911 steeds ontwikkel het.

Daarbenewens was Hulett 'n besonder bekwame spreker wat presies geweet het hoe om die onkunde van die ander laerhuislede uit te buit en onnodig vrees by hulle op te wek. Hy het bv. die volgende toestand in

---

66) Ibid, pp. 241 - 243, d.d. 15/7/1907.
67) Ibid, pp. 245 - 246, d.d. 15/7/1907; Debates, Legislative Assembly, Third Session of the Fifth Parliament, 1908, Vol. XLIV, pp. 344 - 345, 455 - 456, d.d. 14/7/1908, 21/7/1908.
68) Vir die verklaring van Hulett kyk Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, vol. XLII, p. 242, 15/7/1907.

die vooruitsig gestel indien Indiër-immigrasie beëindig sou word: „Half the European population of the country districts will be removed, and cannot be re-supplied. Half the country stores will be shut up. Property in this Colony will be reduced to nominal value. Durban is a fine town, but half its prosperity depends on the money spent in the coast industries, and half Durban will be pauperised if this Bill is passed.[69] Dat Hulett se toespraak 'n wanvoorstelling was, kan gestaaf word deur die feit dat niks van sy sogenaamde „vrese" tereggekom het toe Indiër-immigrasie wel in 1911 beëindig is nie.

Hyslop het Hulett ondersteun en in sy redevoering 'n nuwe argument aangevoer, nl. dat indien blankes i.p.v. Indiër-immigrante as arbeiders ingevoer word, dit tot rassevermenging in Natal kon lei. Nogtans het Hyslop beweer dat die suikerbedryf meer blankes as die steenkoolbedryf in Natal in diens geneem het.[70] Hy verklaar egter nie waarom dit altyd die pleitbesorgers van die suikerbedryf en nie dié van die ander bedrywe is, wat daarteen beswaar maak dat Indiër-immigrasie beëindig word nie. 'n Vraag wat Hyslop in dié verband onbeantwoord gelaat het, was: Indien die ander bedrywe meer as die suikerbedryf van Indiërarbeid afhanklik was, waarom het die pleitbesorgers van dié bedrywe dan nie 'n spesiale poging aangewend, soos Hulett en Hyslop vir die suikerbedryf probeer doen het, om Haggar se wetsontwerp te verongeluk nie ?

Die Eerste Minister het vir eers voet by stuk gehou en 'n Kommissie van Ondersoek na die hele aangeleentheid voorgestel veral in die lig van die feit „that the Asiatic population is today outnumbering the Europeans", maar Hulett se toespraak het nietemin invloed op die ander lede uitgeoefen. Morcom en Watt het bv. onmiddellik bedenkinge gekoester oor die beëindiging van Indiër-immigrasie; O'Meara het afgewyk van sy vorige standpunt en 'n meer pro-kwekerhouding ingeneem omdat die binnelandse boere al hoe meer van Indiërarbeid afhanklik geword het; Taylor, een van die leiers van die anti-Indiërbeweging, het

---

69) Ibid, p. 243, d.d. 15/7/1907.
70) Ibid, pp. 236 - 238, d.d. 15/7/1907. Hyslop het ook ander kritici se bewerings dat suiker goedkoper as ander goedere oor die Natalse spoorweë vervoer is, betwis en het syfers aangehaal om dit te bewys, maar hy het erken dat alle goedere wel van stedelike stasies onder die vorige regering vry afgelewer is, 'n praktyk wat onder die nuwe regering beëindig is.

hom meer oor die Arabiese handelaars as oor die „arme" kontrakarbeiders bekommer en voorgestel dat Haggar se wetsontwerp oor ses maande gelees word.[71] Die feit dat die kwekerverteenwoordigers so maklik daarin kon slaag om die lede van die anti-Indiërbeweging te verdeel, moet as een van die hoofoorsake beskou word waarom Indiër-immigrasie nie vroegtydig in Natal beëindig is nie.

In die lig van die Eerste Minister se simpatieke houding het Haggar sy eie wetsontwerp teruggetrek en in Julie 1907 voorgestel dat die regering self doeltreffende maatreëls moet tref „to effectively restrict and ultimately to abolish Asiatic Immigration into Natal" en ook dat alle Indiërs wat ná 31 Desember 1907 onder die kontrakstelsel gewerf word, gerepatrieer word.[72]

Haggar se nuwe voorstel het nog steeds ten doel gehad om Indiërimmigrasie te beëindig. Daarmee wou die kwekerverteenwoordigers nie instem nie en hulle het daarin geslaag om F.A.R. Johnstone (Newcastle-afdeling) 'n amendement op Haggar se voorstel te laat indien wat, as dit aanvaar word, Haggar se voorstel ongedaan sou maak. Die wesenlike verskil met Haggar se voorstel was dat Johnstone die prosedure voorgeskryf het hoe die Natalse regering die repatriasie van kontrakarbeiders moes bewerkstellig, naamlik dat via die Britse regering met die Indiese regering oor die aangeleentheid onderhandel moes word.[73]

Geen wonder dat een kwekerverteenwoordiger na die ander die amendement van Johnstone ondersteun het nie, want ondervinding het reeds by twee vorige geleenthede geleer dat wanneer met die Indiese regering oor die saak beraadslaag word, niks konkreets bereik word nie. Verwysende na die kwekerverteenwoordigers se houding het die gewese Eerste Minister, sir John Robinson, verklaar: „The speeches which have been delivered here tonight indicate to me perfectly clearly that there is a hope in the minds of these gentlemen who still desire that this traffic shall continue that the second resolution shall pass". Robinson het dus Haggar se voorstel ondersteun omdat hy oortuig daarvan was dat onderhandelinge met die Britse regering nie sou slaag nie.[74]

---

71) Ibid, pp. 236 - 238, 257 - 259, 263, d.d. 15/7/1907, 16/7/1907.
72) Ibid, p. 334, d.d. 23/7/1907.
73) Ibid, p. 337, d.d. 23/7/1907.
74) Ibid, pp. 338 - 343, d.d. 23/7/1907.

Om die waarheid te sê, was dit duidelik dat toe Johnstone sy amendement ingedien het, hy nie ernstig was om Indiër-immigrasie te beëindig nie. Daarvan getuig sy opmerking: „Why tackle the Coolie when you want to do away with the Arab ?" Die kwekerverteenwoordigers het weer al hul ou argumente herhaal. J. Kirkman en W. A. Clayton het veral beklemtoon dat £1,500,000 in die suikerbedryf belê is in die vertroue dat Indiërarbeid beskikbaar sou wees en daarom was dit nie regverdig om Indiër-immigrasie te staak nie. G. S. Armstrong (Victoria-Graafskap) het voorts Indiërarbeid as onmisbaar bestempel vanweë die feit dat afgesien van die 6,200 Indiërs wat in die suikerbedryf werksaam was, daar ook 7,000 Indiërs op plase en 2,500 in die myne gewerk het.[75] Op Armstrong se beswaar dat indien Indiër-immigrasie gestaak word, daar vir geen aanvullende arbeid voorsiening gemaak is nie, het Haggar geantwoord dat dit nie die staat se plig was om vir die kwekers arbeid te voorsien nie en dat die kwekers self die alternatief moes vind.[76]

Hoewel die Natalse regering met Haggar se oorspronklike wetsontwerp gesimpatiseer het, het die regering onder druk van die kwekerverteenwoordigers geswig en gevolglik die amendement van Johnstone ondersteun.[77] Toe die regering egter daarop, soos algemeen verwag is, niks uitgevoer het nie, het Haggar die regering se beleid beskryf as: „the policy of dawdle, dawdle, dawdle, until the gates of eternity yawn; and then 'we won't do anything because we have no time to do it'".[78]

Die volgende poging om Indiër-immigrasie deur wetgewing te beëindig, het egter later in 1908 van dieselfde regering gekom wat vroeër Haggar se poging laat misluk het.[79] Hierdie verkleurmannetjiebeleid van 'n regering wat die anti-Indiërbeweging ondersteun het, is weer eens 'n voorbeeld van hoe daar gedurig deur die anti-Indiërbeweging self in die hande van die kwekers gespeel is.

6. <u>Die Trustraad.</u>

Die samestelling en die funksies van die Trustraad was altyd 'n bron van twis tussen die kwekerverteenwoordigers en die lede van die

---

76) Ibid, p. 344, d.d. 23/7/1907.
77) Ibid.
78) Ibid, p. 408, d.d. 30/7/1907.
79) Kyk p. 226.

anti-Indiërbeweging, veral omdat die Trustraad die belange van die kwekers behartig het.

In 1905 is 'n Gekose Komitee, bestaande uit Hulett, Greene, Hyslop en Brunner, aangestel om sake rakende die Trustraad te ondersoek. Die gedagte was aanvanklik dat die Gekose Komitee alle aspekte van die Indiër-immigrasiewet moes ondersoek. Daarvan is egter afgesien nadat Tatham, een van die lede van die anti-Indiërbeweging, bedenkinge gekoester het oor 'n moontlike poging wat die kwekerverteenwoordigers wat in die komitee gedien het, kon aanwend om weer eens die staat te betrek by die bestryding van koste verbonde aan Indiër-immigrasie.[80)]

Nietemin was die bevindinge van die Gekose Komitee nie so kwekergesind as wat verwag kon word vanweë die oorwegende aantal kwekerverteenwoordigers wat in die komitee gedien het nie. Onder andere het die Gekose Komitee byvoorbeeld aanbeveel dat mediese beamptes, wat in die verlede deur die Trustraad aangestel is, voortaan slegs deur die Goewerneur-in-rade ontslaan word, wat sou voorkom dat mediese beamptes deur die Trustraad beïnvloed word.[81)]

Toe daar eers in 1907 wetgewing ingedien is om uitvoering aan die Gekose Komitee se bevindinge te gee, het Hulett 'n amendement ingedien dat die Trustraad nog die mediese beamptes kan ontslaan, maar dat appèl teen die ontslag nietemin by die Goewerneur-in-rade aangeteken kan word. Die Natalse regering het 'n pro-kwekerhouding geopenbaar toe hy hom met Hulett se amendement vereenselwig het, as gevolg waarvan die amendement met 'n oorweldigende meerderheid (18 teenoor slegs 8 stemme) aanvaar is. Die amendement het ook ingehou dat mediese beamptes wat appèl wou aanteken, reeds ontslaan moes wees. Die mediese beamptes sou op dié wyse deur die blote ontslag verneder wees, hoewel dit later kon blyk dat hul ontslag onregverdig was, moontlik slegs omdat hulle in belang van die Indiër-immigrante teen die lede van die Trustraad wou optree. Dit is weer eens 'n bewys van hoe die Natalse regering onder die druk van die kwekerverteenwoordigers geswig het.[82)]

---

80) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part, 3rd Session, Fourth Parliament, Vol. XXXIX, pp. 2 - 3, 304 - 305, 49 - 50, d.d. 16/5/1905, 23/5/1905, 20/6/1905.
81) Ibid, pp. 304 - 305, d.d. 20/6/1905.
82) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, Vol. XLIII, pp. 300 - 308, d.d. 5/9/1907.

## 7. Haggar se handelslisensiemosie, 1907.

Aanvanklik was die Natalse regering traag om op die gebied van handelslisensies teen die Indiërs op te tree omdat dit moontlik die onderhandelinge sou verongeluk wat die regering wou aanknoop met betrekking tot die beëindiging van die immigrante se kontrakte in Indië. Daarom wou die regering in 1907 geen wetgewing in dié verband indien nie.[83)]

Andermaal was dit die Arbeiderlid, Haggar, wat eerste die aangeleentheid in die laerhuis opgeneem het met sy mosie in 1907 dat geen nuwe handelslisensies aan Indiërs of Asiate ná 31 Desember 1912 uitgereik word nie.[84)] Ter ondersteuning van sy mosie het Haggar aangevoer dat reeds (in 1907) altesaam 1260 plattelandse winkels in Indiërs se hande was, terwyl 78 bakkers, 42 slagters en 75 kruidenierhandelaars ook van Indiërafkoms was. Daarbenewens het Haggar verwys na die jaarverslae van vyf magistrate wat almal daarvan getuig het dat die Indiërhandelaars die Bantoehandel gemonopoliseer het.[85)]

Die kwekerverteenwoordigers het met Haggar se voorstel gesimpatiseer, maar nogtans die regering se standpunt ondersteun, blykbaar omdat hul nie bereid was om 'n Arbeidervoorstel te steun nie. Die kwekerleier Hulett het dit gevolglik geriefliker gevind om die wortel van die probleem by die blankes self te soek omdat die blankes met die Indiërs handel dryf as gevolg waarvan die Indiërhandelaars floreer.[86)] Op hierdie argument van Hulett het Haggar geantwoord: „If it were my fault that would be no reason why I should not try to remedy it. The real question is: Is it an evil ? Everybody says yes. But when it comes to the question: 'Shall we tackle the evil' a great many say: 'If you are only kind to it'. As one of the poets suggests if you are only gentle to a vice then you may adopt it instead of turning away".[87)]

---

83) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, vol. XLII, p. 403, d.d. 30/7/1907.
84) Ibid, pp. 400 - 401, d.d. 30/7/1907.
85) Ibid, p. 401, d.d. 30/7/1904. Hierdie magistrate was van die distrikte Kliprivier, Umgeni, Umvoti, Newcastle en Inanda.
86) Ibid, pp. 406 - 407, d.d. 30/7/1907.
87) Ibid, p. 407, d.d. 30/7/1907.

Haggar het die halfhartige houding van die Natalse regering ten opsigte van die Indiërvraagstuk veroordeel. Die Natalse laerhuis het Haggar se mosie met 28 teen 10 stemme verwerp en dié optrede van die laerhuis is deur Haggar met 'n vlermuisfabel vergelyk: „When the Government wanted to tax the bat, the bat said 'I am a bird, and you are taxing animals', and then, when the Government wanted to tax the birds, the bat said 'I am an animal'". Dit is presies wat die laerhuis gedoen het, want toe die kwessie van die beëindiging van die kontrakstelsel ter sprake gekom het, was die lede se uitgangspunt dat die eintlike euwel nie die kontrakarbeiders was nie, maar wel die Indiërhandelaars. Sodra daar egter teen die handelaars opgetree is, is die oorsaak vir die probleem weer elders gesoek. Hoewel Haggar se mosie nie aanvaar is nie, het hy Natal help ryp maak om die Indiërprobleem op te los, want die volgende voorstel om handelslisensies aan Indiërs te verbied het van die Natalse regering self gekom. Die verandering in die regering se standpunt het ingetree as gevolg van druk van die Natalse openbare mening. Haggar het dus nie tevergeefs gewaarsku nie toe hy gesê het: „If this House will not hear, the country will hear, and we will go to the country again and again until the men who are not prepared to stand with the white against the black will have to stand for the black, and the black will be their rejection".[88) ] Die Belastingsbetalersvereniging van Durban het bv. in 1907 verskeie vergaderings gehou om teen die Indiërhandelaars te protesteer.[89)]

## 8. Aanstelling van 'n lisensiebeampte vir Natal misluk.

Hoewel Haggar die Natalse regering van 'n gebrek aan beleid t.o.v. die basiese Indiërvraagstukke beskuldig het, het die Natalse regering nietemin in 1907 'n bedrag van £800 per jaar beplan vir een lisensiebeampte wat verantwoordelik sou wees vir die uitreiking van al die handelslisensies in Natal. Dit sou volgens die regering eenvormigheid in die hand werk en voorkom dat distrikte se beleid insake die toekenning van handelslisensies aan Indiërs van mekaar verskil.[90)]

---

88) Vir Haggar se standpunt kyk ibid, p. 408, d.d. 30/7/1907.
89) Pachai, op. cit., p. 77.
90) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Second Session, Fifth Parliament, 1907, vol. XLII, pp. 454 - 463, d.d. 31/7/1907.

Dié optrede van die Natalse regering insake die Indiërvraagstuk is egter deur beide die kwekerverteenwoordigers en die Arbeiderlede afgekeur en die regering was verplig, na 'n neerlaag van 15 teen 10 stemme, om die salaris van £800 vir die lisensiebeampte te skrap. Die Arbeiderlede was naamlik nie geïnteresseerd in die aanstelling van so 'n amptenaar nie, maar slegs om Indiërs te verbied om handelslisensies in Natal te bekom, terwyl die kwekerverteenwoordigers die voorgestelde salaris van £800 as te buitensporig beskou het.[91)]

9. Diskriminasie teen Indiërhandelaars.

Die Indiërgemeenskap het in 1907 gevoel dat daar alreeds te veel teen Indiërhandelaars gediskrimineer word met die toepassing van die bestaande lisensiewet van Harry Escombe. The Indian Opinion, 'n orgaan van die Natal Indian Congress wat deur die bemoeiings van Gandhi in die lewe geroep is, het die saak van die Indiërgemeenskap opgeneem.[92)] Die blad het veral heftig geprotesteer toe die lisensiebeampte van Ladysmith geweier het om nege handelslisensies aan Indiërs te hernieu. Nadat die nege handelaars teen die lisensiebeampte se beslissing geappelleer het, het die Natalse hooggeregshof (wat slegs uitspraak oor proseduresake kon gee) die lisensieraad opdrag gegee om die nege handelaars se aansoeke in heroorweging te neem. Daarop het die lisensieraad die beslissing van die lisensiebeampte bekragtig.[93)]

'n Ander voorbeeld van diskriminasie teen Indiërhandelaars was die Goga-geval te Ladysmith. Die gewese burgemeester van Ladysmith het £50 van 'n Indiërhandelaar Goga ontvang om 'n handelslisensie te bekom, maar hoewel Goga die bedrag sou betaal het, is die oordraglisensie aan hom geweier. Goga het daarop met sukses teen die beslissing van die lisensiebeampte geappelleer.[94)]

---

91) Ibid.
92) Pachai, op. cit., pp. 75 - 80.
93) Ibid, pp. 76 - 77. The Indian Opinion het die volgende kommentaar na aanleiding daarvan gelewer: „The Ladysmith Board sinned indecently, and it was the indecency that the Supreme Court was able to punish; but had the Board sinned decently, as many a board has done before now (and since) in Natal, the sin itself would have escaped punishment, not because the Supreme Court is less willing to punish sin but because it has been rendered powerless by the Legislature" (aangehaal deur Pachai. Kyk ibid).
94) Pachai, op. cit., pp. 77 - 78.

Die Indiërgemeenskap het ook in Maart 1907 'n monster-vergadering in Durban gehou en besluit om hul tot die Britse regering te wend „to intervene on behalf of the Indian merchants whose vested rights were being challenged by the actions of the Licensing Officers". Daarop het die Britse regering, eers in Julie 1908, aan die Natalse regering te kenne gegee dat hoewel Brittanje teen verdere Indiër-emigrasie na Natal gekant is, die Britse regering begerig was om te verseker dat die Indiërs wat reeds in Natal was, regverdig behandel word, d.w.s. ook ten opsigte van handelslisensies.[95)]

10. Samevatting.

Kenmerkend van die beleid wat die regerings van Hime, Sutton en Smythe vanaf 1900 tot 1906 gevolg het, was dat geen ingrypende maatreëls t.o.v. die Indiërvraagstuk aangepak is nie. Gedurende hierdie tydperk het maatreëls oor Indiëraangeleenthede hoofsaaklik gegaan oor 'n strenger opvoedkundige toets vir immigrante wat Natal wou binnekom en 'n doeltreffender toepassing van die £3-lisensiewet. Eintlik het die sterk posisie wat die kwekerverteenwoordigers in die laerhuis beklee het, doeltreffende regeringsoptrede t.o.v. die Indiërvraagstuk aan bande gelê. Hierdie sterk posisie van die kwekerverteenwoordigers was moontlik as gevolg van die foutiewe stelsel van verteenwoordiging waardeur die kwekerverteenwoordigers in die laerhuis buite verhouding met hulle getalle was, terwyl Durban waar die anti-Indiërbeweging die sterkste was, min verteenwoordiging gehad het.

Moor met sy sogenaamde Farmers' Government wat die regering in November 1906 oorgeneem het, het die politieke magsewewig beheer tussen die kwekers aan die een kant en die anti-Indiërbeweging aan die ander kant. Die Moor-regering was ook simpatiek teenoor die nuwe Arbeidersparty wat o.a. vyf laerhuislede onder sy geledere getel het, soos veral geblyk het met die verwydering van Indiërs uit blanke poste.

Die Arbeiderlede, veral dr. Haggar, 'n goeie spreker met baie lewenservaring, was besonder lewenslustig, aanvanklik té lewenslustig na die sin van die Moor-regering, want Moor moes ook rekening hou met die kwekers se sterk posisie in die laerhuis. Daarom wou die regering nie in 1907 Haggar se wetsontwerp insake die beëindiging van die kontrakstelsel steun nie, veral omdat dit die materiële welvaart

---

95) Ibid, p. 78.

van die kwekers te drasties in gedrang sou bring en ook omdat die kwekerleier Hulett se invloed in die laerhuis te sterk was. Trouens Hulett se suksesvolle poging om die lede van die anti-Indiërbeweging te verdeel, het die regering verplig om vir eers 'n Kommissie van Ondersoek te bepleit, ondanks die feit dat die regering met Haggar se voorstel gesimpatiseer het.

Die regering kon ook nie, weens die kwekers se sterk posisie, Haggar se daaropvolgende voorstel aanvaar dat alleen die regering oor die kwessie van effektiewe immigrasiebeperking en die repatriasie van kontrakarbeiders moes besluit nie. Die regering was verplig om die kwekervoorstel van Johnstone te steun, nl. dat eers vooraf met die Indiese regering oor die aangeleentheid onderhandel word, ondanks die feit dat die verlede geleer het dat so 'n prosedure geringe kans op sukses ingehou het. Dit het in die kwekers se kraam gepas omdat die kwessie van die beëindiging van die kontrakstelsel daardeur op die lange baan geskuif is. In 1907 het die regering ook 'n pro-kwekerhouding by twee ander geleenthede geopenbaar, t.w. insake die ontslag van mediese beamptes deur die Trustraad en die beëindiging van handelslisensies aan Indiërs ná 31 Desember 1912. Net soos in die geval van die beëindiging van die kontrakstelsel, het die regering eers in 1907 Haggar se wetsontwerp om handelslisensies aan Indiërs te verbied, beveg. Nogtans het die regering die daaropvolgende jaar (1908) self so 'n wetsontwerp ingedien, soos in die volgende hoofstuk aangedui sal word.

Die regering het egter nie in 1907 Haggar se handelslisensie-wetsontwerp beveg weens die invloed van die kwekers nie, maar wel omdat dit moontlik die onderhandelinge sou verongeluk wat die regering met die Indiese regering insake die beëindiging van immigrante se kontrakte in Indië wou aanknoop; altans dit is die rede wat die regering self vir sy optrede aangegee het.

# HOOFSTUK 11.

## DIE CLAYTON-KOMMISSIE, DIE POGINGS VAN DIE MOOR-REGERING OM INDIËR-IMMIGRASIE EN -HANDEL TE BETEUEL EN DIE £3-LISENSIEWET.

### 1. Regeringsoptrede m.b.t. die beëindiging van Indiër-immigrasie.

Die Natalse regering was traag om met die Indiese regering oor die beëindiging van kontrakte in Indië, soos deur die Natalse parlement beslis is, [1] te onderhandel. Die Eerste Minister se verduideliking was dat hy nie met die Indiese regering in verbinding kon tree voordat die Britse regering nie eers die Municipal Corporation Act aanvaar nie. Dit wou die Britse regering tevore nie gedoen het nie omdat die Natalse stadsrade nie wou hê dat Indiërhandelaars hul oor handelslisensies tot die hooggeregshof wend nie. Vanweë die weiering van die Britse regering om die Municipal Corporation Act goed te keur, het die Natalse regering dit as sinneloos beskou om met die Indiese regering te onderhandel oor die beëindiging van kontrakte in Indië omdat reeds tevore ondervind is dat die Indiese regering slegs bereid was om toe te gee indien Indiërhandelaars in Natal hul op die hooggeregshof kon beroep.[2]

In plaas van met die Indiese regering te onderhandel, het die Natalse regering in April 1908 besluit om die volgende drie Indiërwetsontwerpe wat nou aanmekaar verbonde is, in te dien, 'n prosedure wat ook voorheen deur die Escombe-regime gevolg is[3], naamlik dat:

1) geen verdere kontrakarbeiders na Natal kom ná die inwerkingtreding van die wet nie;

2) geen nuwe handelslisensies aan Indiërs ná 31 Desember 1908 toegestaan word nie; en

3) bestaande handelslisensies wat reeds aan Indiërs uitgereik is, nie ná 31 Desember 1918 hernieu word nie.[4]

Die doel van die regeringswetsontwerp was „to point out to the Country, and point out to the rest of South Africa that we were in earnest in getting at the root of this evil, and show us in what way

---

1) Kyk p. 268.
2) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLIV, pp. 459 - 460, d.d. 21/7/1908.
3) Kyk p. 226.
4) CSO 1854, 2479/1908: Hoof-Ondersekretaris aan Sekretaris, Wetsafdeling, d.d. 21/4/1908.

we can put our house in order, and stop the influx of Indians into this Colony, a Colony where our children can live after us".[5)]

Die opposisieleier Smythe het die regering beskuldig dat die wetsontwerpe slegs ingedien is omdat die Transvaalse regering in dié verband druk op die Natalse regering tydens die Doeanekonferensie uitgeoefen het.[6)] Die Eerste Minister het wel Smythe se aantyging verwerp, maar nogtans nie verklaar waarom hy toegelaat het dat sy regering in 1908 wetsontwerpe ingedien het wat hy in beginsel die jaar tevore (1907) verwerp het nie. Die enigste verklaarbare rede, is die gunstige uitwerking wat Haggar se 1907-voorstelle op die regering uitgeoefen het, ondanks die feit dat die regering dit in 1907 verwerp het. Dit is ook redelik om te aanvaar dat Haggar se oortuigende redenaarsvermoë in dié verband 'n groot rol gespeel het en nie soseer, soos Smythe beweer het, die Transvaalse invloed op die Doeanekonferensie nie.[7)]

Die tydstip wat die Natalse regering vir die eerste van die drie wetsontwerpe, naamlik die <u>Indian Immigration Prevention Bill</u>, gekies het, was baie geskik, want in 1908 was arbeid redelik maklik bekombaar as gevolg van 'n heersende depressie. Die besadigde houding van die regering het geblyk uit die feit dat die kwekers voldoende tyd gegun word om alternatiewe reëlings te tref vir die verkryging van arbeiders na die beëindiging van kontrakarbeid, „some eight years, from the time of the present indentures together with the other three years for the requisitions".[8)]

Toe die Koloniale Sekretaris die wetsontwerp ingedien het, was die regering versigtig om nie die kwekerverteenwoordigers onnodig vyandiggesind te maak nie omdat die regering blykbaar onder die indruk gekom het dat die laerhuis, veral die kwekerverteenwoordigers, nie vir sulke drastiese maatreëls te vinde was nie. Gevolglik het die regering besluit om 'n Kommissie van Ondersoek aan te stel om die aangeleentheid te ondersoek.[9)] In afwagting van die ondersoek het die regering sy

---

5) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLIV, p. 445, d.d. 21/7/1908.
6) Ibid, p. 460, d.d. 21/7/1908.
7) Vir Smythe se standpunt kyk ibid.
8) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLIV, pp. 326, 329, 460, d.d. 14/7/1908, 21/7/1908.
9) Ibid, p. 445, d.d. 21/7/1908.

wetsontwerp met 'n oorweldigende meerderheid van 26 teen 6 stemme teruggetrek.

Die Arbeiderlede was teen die aanstelling van so 'n kommissie gekant omdat, soos een van hulle segsmanne, Palmer, dit gestel het: „They, (the Government) screwed up their courage to the sticking point of introducing this Bill, but apparently they made up their minds that they had no intention of attempting to carry it into law".[10] Ook M. S. Evans (Durban-Stad) het getuig dat die oorgrote meerderheid van die Natalse bevolking, blankes, Bantoes en Indiërs, ten gunste van die wetsontwerpe was.[11]

Ondanks die regering se aankondiging van 'n Kommissie van Ondersoek, het die laerhuis die wetsontwerp, vóór die terugtrekking daarvan, eers breedvoerig bespreek. Die ou verdeling tussen die kwekerverteenwoordigers en die lede van die anti-Indiërbeweging, wat in 1908 hoofsaaklik uit Arbeiderlede bestaan het, was weer duidelik sigbaar. Hulett en Clayton het weer al die argumente van die kwekers herhaal waarom Indiër-immigrasie nie beëindig moes word nie, terwyl Wylie, Haggar, Evans, Palmer, Churchill, Robinson en O'Meara die teenoorgestelde standpunt ingeneem het.[12]

O'Meara, wat vroeër gekant was teen Haggar se voorstel om Indiër-immigrasie te beëindig, het hom nou ten gunste van die regeringswetsontwerp verklaar en dit was weer Yonge se beurt om van standpunt te verander ten spyte daarvan dat hy 'n kwarteeu lank 'n vooraanstaande

---

10) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, pp. 5, 51, d.d. 29/7/1908, 30/7/1908.

11) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XVIV, pp. 447 - 448, d.d. 21/7/1908. Wat die Indiërs betref, het Evans gelyk gehad, want in Augustus 1908 het 'n monstervergadering van Indiërs te Pietermaritzburg besluit „that the continuance of the importation of labourers from India is attendant with results inimical to the best interests of this Colony, and this Meeting emphatically protests against the actions of the Parliament in their having declined to proceed with the Bill to put a stop to the Indian Immigration, and this meeting therefore most respectfully approaches the Government of His Excellency the Viceroy and Governor-General of India, with a view to put an end to the aforesaid Indentured Immigration". Die Natalse Goewerneur het bogemelde besluit aan die Britse regering deurgestuur vir die Indiese regering se kennisname en het ook die omstandighede verduidelik waarom die wetsontwerp teruggetrek is (CSO 1861, 4922/1908: Resolutions passed at the Mass Meeting of the British Indians at Pietermaritzburg, 28th August 1908. Kyk ook Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 3/9/1908).

12) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLIV, pp. 330 - 351, 445 - 448, 451 - 456, d.d. 14/7/1908, 21/7/1908.

lid van die anti-Indiërbeweging was. Die industrieë het, volgens hom, intussen te afhanklik van Indiërarbeid vir die beëindiging van Indiër-immigrasie geword.[13] Hierdie wisselvalligheid van O'Meara en Yonge se standpunte ten opsigte van die basiese Indiërvraagstukke dien as voorbeelde van die swakheid wat die anti-Indiërbeweging gedurig ondermyn het.[14]

Die kwekerverteenwoordigers was, soos hul segsman Hulett dit gestel het, ten gunste van die regering se voorstel om 'n Gekose Komitee aan te stel, maar het, saam met die opposisieleier Smythe, die wetsontwerp ten sterkste veroordeel.[15] Hy het die regering versoek om in plaas van so 'n drastiese maatreël om Indiër-immigrasie te bekamp, liewer wetgewing in te dien wat daarop bereken was om dit vir gewese kontrakarbeiders makliker te maak om weer by die kontrakstelsel betrek te word. Gewese kontrakarbeiders kon teen 'n vasgestelde tarief, ooreenkomstig die 1891-wet heringeboek word, maar aangesien die tarief hoër was as dié waarteen nuwe kontrakarbeiders in diens geneem is, het Clayton aanbeveel dat die 1891-wet gewysig word om 'n vry-kontrak tussen die werkgewer en die vry Indiër moontlik te maak.[16] Die doel van die voorstel was dus om, in stede daarvan om Indiër-immigrasie te bekamp, dit makliker te maak vir die kwekers om ekstra Indiërarbeiders te bekom.

Volgens Hulett was dit nog steeds die staat se plig om 'n alternatiewe arbeidsbron in die plek van Indiër-immigrasie te voorsien, maar die Eerste Minister, Evans en dr. Haggar het dié standpunt betwis. Haggar het Hulett se sienswyse as 'n vorm van sosialisme veroordeel, terwyl die Eerste Minister dit as die plig van die kwekers beskou het om Bantoe-arbeiders vir die suikerbedryf op te lei.[17]

In 1908 het Clayton as 'n meer gedugte pleitbesorger van die kwekers, as sy bejaarde kollega, sir Liege Hulett, opgetree. Hy het die wet van 1895 insake die £3-lisensie as voldoende geag om die aantal Indiërs in Natal aan bande te lê. Hy het toegegee dat die lisensiegelde as gevolg

13) Ibid, pp. 345 - 346, 349, d.d. 14/7/1908.
14) Ibid, p. 354, d.d. 14/7/1908. Die kwekerverteenwoordigers het sulke swakheid uitgebuit, soos byvoorbeeld G.S. Armstrong (Victoria-Graafskap) se vernederende verwysing na Yonge se beleidsverklaring.
15) Ibid, p. 334, d.d. 14/7/1908.
16) Ibid, p. 454, d.d. 21/7/1908.
17) Ibid, pp. 331, 341, 462, d.d. 14/7/1908 en 21/7/1908.

van die vorige regering se nalatigheid nie behoorlik ingevorder is nie, maar dat sedert 1905 doeltreffend teen Indiërs wat versuim het om hul lisensiegelde te betaal, opgetree is. Sodoende het die 1895-wet dus aan sy doel beantwoord om te voorkom dat Natal deur Indiërs oorstroom word.[18] Haggar se argument dat blanke immigrante, soos in Australië, in stede van Indiërs op die Natalse suikerplantasies gebruik word, het Clayton met welslae betwis op grond daarvan dat toestande in Australië anders was aangesien daar hoofsaaklik blankes woon. Clayton het moontlik gelyk gehad as hy beweer dat „we cannot under any circumstances expect white men to come to this Colony, or our sons borne in this Colony, to go into the cane fields, or into any other occupations where such labour is required, while we have the Native looking on and laughing them to scorn".[19]

Daarteenoor het die anti-Indiërbeweging se segsmanne die kwekers steeds daarvan beskuldig dat hulle versuim het om die Bantoe vir plantasiewerk op te lei as 'n middel om Indiër-immigrasie te staak. Selfs die Natalse Eerste Minister wat vir meer as tien jaar Minister van Naturellesake was en wat in 1902 nog bedenkinge gekoester het oor die bruikbaarheid van Bantoe-arbeid op die suikerplantasies het nou erken dat nagelaat is om die Bantoes vir die industrieë, waaronder die suikerbedryf, op te lei.[20]

Die Eerste Minister het hom voorts bereid verklaar om die Bantoes per spoor te vervoer na waar hulle die beste benut kon word. Hy het ook na die Bantoes in Transvaal verwys wat geleer is om boorwerk op die goudvelde te verrig omdat hulle vir die resultate van hul arbeid betaal is. Beide O'Meara en Evans het ook na die voordelige aanwending van Bantoe-arbeid op die Transvaalse goudvelde verwys waar Chinese-immigrasie beëindig is en die Transvaalse goudvelde sedertdien steeds ontwikkel het.[21]

---

18) Ibid, pp. 445, 448, d.d. 21/7/1908.
19) Ibid, pp. 340 - 341, 451 - 453, d.d. 14/7/1908 en 21/7/1908.
20) Ibid, p. 461, d.d. 21/7/1908. Hy het dit sterk gestel: „Have we trained them to industry in the direction in which we should have done in order to get the best out of that labour ? Have we not at every turn wasted that labour, misapplied, and have we not had no organisation for bringing the best out of these people that we possibly could ?"
21) Ibid, pp. 349, 447, d.d. 14/7/1908, 21/7/1908.

J. S. Wylie (Durban-Stad) het aangevoer dat indien Natal net soveel geld, organisasie en energie ingespan het om Bantoe-arbeiders op te lei as wat aan die invoer van Indiër-immigrante bestee is, dan sou Natal sekerlik net so 'n goed georganiseerde en doeltreffende Bantoe-arbeid tot sy beskikking gehad het as wat die geval met Indiërarbeid is.[22] Hy was daarvan oortuig dat Natal die maklikste pad gevolg het en die maklikste pad sou bly volg solank Indiër-immigrante ingevoer word. Ook Churchill, wat voorheen deur die kwekers onder 'n wan-indruk gebring is dat Bantoes nie met sukses op die suikerplantasies gebruik kon word nie, het intussen van sienswyse verander, nadat hy homself vergewis het van wat in Wes-Indië, Damara en Trinidad plaasgevind het waar inboorlinge met welslae op suikerplantasies gewerk het.[23] John Robinson weer het verwys na 'n suksesvolle proef wat in die Mapozo-vallei, Kongo, uitgevoer is om 2,000 Bantoes vir 'n ingewikkelde spoorwegonderneming in diens te neem.[24] Selfs die kwekerverteenwoordigers (G. S. Armstrong, Hulett en Hyslop) het 'n stelsel bepleit om jong Bantoes vanaf 15 tot 21 jaar by 'n kontrak-stelsel vir die suikerkwekers te betrek, met die voorbehoud dat Indiër-immigrasie intussen voortduur totdat „this matter of the importation of Indians going to settle itself". Daar het selfs 'n skuldgevoel onder die kwekers ontwikkel oor die feit dat Indiër-immigrasie hoofsaaklik in hul eie belang voortgesit is, te oordeel na die opmerking van een van hulle, J. Kirkman: „It is not a good thing for Natal that even we sugar planters should be allowed to flood the country with Asiatics at our own sweet will".[25]

Ook die Natalse Koloniale Sekretaris het skepties gestaan teenoor die klagte van 'n arbeidstekort wat deur die kwekers as regverdiging vir verdere Indiër-immigrasie aangevoer is. Om sy standpunt te staaf het hy na 'n voorval verwys toe 2,000 Indiërs na Lobitobaai wou gaan omdat hulle nie werk in Natal kon vind nie. Die Natalse werk-gewers het teen hierdie plan van die Indiërs geprotesteer omdat dit 'n verhoging van die arbeidsloon in Natal tot gevolg sou hê, m.a.w. dit het nie gegaan oor die beskikbaarheid van voldoende werkers nie, maar slegs oor die werkers se loon.[26]

---

22) Ibid, pp. 336 - 337, 461 - 462, d.d. 14/7/1908 en 21/7/1908.
23) Ibid, pp. 336 - 337, 344 - 345, d.d. 14/7/1908.
24) Ibid, pp. 455 - 456, d.d. 21/7/1908.
25) Ibid, p. 348, 349, 447, d.d. 14/7/1908 en 21/7/1908.
26) Ibid, p. 464, d.d. 21/7/1908.

*Die laaste bladsy van die Clayton-kommissie se verslag.*
*Kyk hiervoor CSO 1878, 5276/1909.*



53.
Secretarial.

The members of your Commission desire to place on record their full and thorough appreciation of the energy, services, and ability of their Secretary, Mr W.R.Morrison, who has been unfailing in the work of reporting (single handed) the evidence, digesting the same, obtaining statistics and general information, and the compilation thereof.

W. P. Clayton
CHAIRMAN

Friend Addison

James Williamson

D. Tamlyn

C. H. Haggar

F. O. B. Johnstone

James Schofield

W. R. Morrison
Secretary.

Die kwekers se vermoë om te voorkom dat die regering Indiër-immigrasie bekamp, moet toegeskryf word aan die groot invloed wat die kwekers in die laerhuis gehad het. Hierdie sterk posisie van die kwekerverteenwoordigers in die laerhuis het Wylie toegeskryf aan die stelsel van verteenwoordiging wat sedert verantwoordelike bestuur in werking was. Hy het die stelsel veroordeel waarvolgens die aantal laerhuislede bereken was. Die stelsel van verteenwoordiging was gegrond op die totale bevolking (blank en nie-blank), ondanks die feit dat die nie-blankes, met geringe uitsonderings, geen stemreg beoefen het nie. Wylie was oortuig dat die Indiërvraagstuk in Natal lankal opgelos sou gewees het indien Natal die voorbeeld van Transvaal gevolg het om verteenwoordiging slegs op grond van die blanke bevolking te baseer. Durban met sy hoë blanke bevolking waar die anti-Indiërbeweging die sterkste was, was nie voldoende in die laerhuis verteenwoordig nie.[27)]

Beide Haggar en Churchill het die regte aanvoeling gehad dat Natal nog verplig sou word om Indiër-immigrasie te beëindig en dat Natal hom intussen daarvoor moes voorberei.[28)] Dit is daarom dat Haggar bv. beweer het: „No one knows better than the honourable member for Victoria County (Hulett) that the time is not far distant when he will not be able to get one labourer from India. He knows that. Then why does he not straighten his back, and say: 'We will prepare for the inevitable like men, and look after ourselves'".

## 2. Die Clayton-kommissie en die beëindiging van die kontrakstelsel.

Die kommissie wat die beëindiging van die kontrakstelsel moes ondersoek, is op 25 November 1908 benoem en het bestaan uit W. F. Clayton, kol. Friend Addison, James Williamson, D. Taylor, C. H. Haggar, F. A. R. Johnstone en James Schofield.[29)] Die kwekergesinde kommissie wat sy eie voorsitter kon kies, het op 8 Desember 1908 die nuwe kwekerleier W. F. Clayton (Victoria-Graafskap) gekies.[30)] Die samestelling van die kommissie was sodanig dat sy standpunt noodwendig dié van die kwekers sou bevoordeel, ondanks die feit dat die kommissie

27) Ibid, pp. 338, 373, d.d. 14/7/1908, 15/7/1908.
28) Ibid, pp. 341, 345, d.d. 14/7/1908.
29) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, pp. 5, 51, d.d. 29 - 30 Julie 1908; Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909.
30) Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909. Kyk verslag van Clayton-kommissie.

baie moeite gedoen het om getuienis in te win.[31]

Die kommissie moes na die volgende aangeleenthede ondersoek instel:

1) Die wenslikheid om die kontrakstelsel te beëindig of te beperk;

2) Die aard van die wysigings, indien nodig, wat aan bestaande wette ten opsigte van Indiër-immigrasie aangebring moes word;

3) Die herinboeking van gewese kontrakarbeiders en hulle lone;

4) Die verkryging van 'n alternatiewe arbeidsbron in Sentraal- en Suid-Afrika ingeval besluit word om Indiër-immigrasie vir Natal te staak;

5) Die vraag of die invoer van Indiër-immigrante in die verlede die Bantoe vervang en laasgenoemde se moontlikhede as arbeidsbron beperk het.[32]

In hulle ondersoek het die kommissie die volgende faktore in gedagte gehou: (a) Die klimaatstoestande van die Natalse kus en die binnelandse gedeeltes; (b) Die kontinuïteit en betroubaarheid van arbeid; en (c) Die behoeftes van die verskillende soorte Natalse industrieë.[33]

Die uiteindelike bevinding van die kommissie kan beswaarlik beskou word as 'n kompromie tussen Clayton, die voorsitter en hoofkwekerverteenwoordiger, aan die een kant, en dr. Haggar, die Arbeiderlid en terselfdertyd hoofverteenwoordiger van die anti-Indiërbeweging, aan die ander kant. Dit was ook geensins 'n weerspieëling van die gees waarin die laerhuis die aangeleentheid bespreek het nie, maar was, ondanks die bewering in die kommissie se verslag dat die bevindings op oorweldigende getuienis berus het,[34] bloot 'n herhaling van die kwekerverteenwoordigers se argumente in die parlement met Clayton se hand duidelik daarin sigbaar.

---

31) Die kommissie het vanaf 12 Januarie tot 21 April 1909 altesaam 17 verskillende sentrums besoek om getuienis in te win (Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909).
32) Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909. Kyk verslag van Clayton-kommissie.
33) Ibid.
34) Ibid.

Die hoofbevinding van die kommissie dat dit nie in belang van Natal was om Indiër-immgrasie te beëindig nie,[35] was 'n duidelike oorwinning vir die kwekers. Voorts is ontken dat die Indiërs wat onder kontrak is, 'n demoraliserende invloed op die nasionale lewe van Natal uitgeoefen het, maar in dié verband is die kontrakarbeiders wat reeds hul vryheid verwerf het, buite rekening gelaat.[36] Die kommissie se standpunt was voorts dat as die Transvaalse regering die reg het om Bantoes in Mosambiek te werf en onder kontrak te plaas dan is die Natalse kontrakstelsel ook geregverdig.[37] In hierdie verband is die Natalse regering veroordeel omdat laasgenoemde deur die Touts Act toegelaat het dat Transvaal in Natal Bantoes vir die goudvelde werf.[38]

Die ander bevindinge van die kommissie wat hoofsaaklik in ooreenstemming met die vroeëre argumente van die suikerkwekers was, is moeilik verdedigbaar. Hieronder volg die standpunte van die kommissie puntsgewyse, tesame met 'n kritiese beoordeling van sommige aspekte:

1) Bantoes is nie geskik geag om vir plantasiewerk opgelei te word nie.[39] Verder het die kommissie aangevoer dat, indien Indiër-immigrasie beëindig word, die vraag na Bantoe-arbeid so sou toeneem dat daar 'n tekort aan arbeiders sou ontstaan. Die invoer van Indiër-immigrante het volgens die kommissie, geen invloed op Bantoe-arbeid uitgeoefen nie, en Bantoes kon in elk geval net soveel werk bekom as wat hul wou hê.[40]

2) Nadat nege redes verstrek is waarom Bantoes onbetroubare arbeiders is, is aanbeveel, soos Armstrong reeds in die laerhuis gedoen het, om jong Bantoes vir die plantasies op te lei volgens 'n spesiale opleidingsprogram wat deur kol. Addison opgestel is. Die grondgedagte van dié program was om alle Bantoeseuns vanaf hulle veertiende jaar onder kontrak te plaas, waardeur hulle 'n vaste loon sou ontvang en behoorlike slaapgeriewe kon verkry.[41] Daarmee het die kommissie

---

35) Ibid, kyk afdeling 56 van die verslag van die Clayton-kommissie.
36) Ibid, kyk afdeling 1.
37) Ibid.
38) Ibid, kyk afdeling 8.
39) Ibid, kyk afdeling 2,
40) Ibid, kyk afdeling 6 en 7.
41) Ibid, kyk afdelings 40 en 42.

eintlik erken dat daar versuim is om die Bantoes behoorlik op te lei. Die opleiding van Natalse Bantoes het dus, volgens die kommissie, belangrik geword omdat die ander alternatief, naamlik om Bantoe-arbeiders van Portugese en Sentraal-Afrikaanse gebiede vir die Natalse suikerbedryf te verkry, nie geslaag het nie.[42)]

3) Die suikerbedryf was maar slegs een van die etlike bedrywe wat van Indiërarbeid gebruik gemaak het en dit was dus, volgens die kommissie, onregverdig om die suikerbedryf in dié verband uit te sonder,[43)] maar die kommissie het verswyg dat dit hoofsaaklik die kwekerverteenwoordigers was wat op die voortsetting van Indiër-immigrasie aangedring het. Die feit dat die ander bedrywe eers later van Indiër-immigrasie gebruik gemaak het omdat dit deur die toedoen van die suikerbedryf beskikbaar gestel is, is ook verswyg.

4) Die Natalse industrieë sou ten gronde gaan indien Indiër-immigrasie beëindig word.[44)] Hierdie standpunt van die kommissie is betwisbaar want die Natalse industrieë het in elk geval nie ineengestort toe Indiër-immigrasie later wel in 1911 beëindig is nie.

5) Die invoer van kontrakarbeiders het daartoe gelei dat meer blankes werk verkry het. Ook hierdie standpunt van die kommissie is betwisbaar. Daar was net so 'n groot moontlikheid dat die immigrante eerder meer blankes uit die werk sou gehou het, want die kommissie het toegegee dat blankes die Indiërs in regerings- en munisipale kantore behoort te vervang.[45)]

6) Indiër-immigrasie behoort voortgesit te word omdat Indiërs wat na hul kontrakdiens vry geword het, 'n eie bestaan gesoek het, oor die algemeen geweier het om weer kontrakwerk te verrig, terwyl die Natal-gebore Indiërs te lui was om kontrakwerk te verrig.[46)] Dié bewering van die kommissie was wel gegrond, maar die toestand is veral veroorsaak deur die Natalse wette wat herinboeking bemoeilik het.[47)]

7) Die kommissie was wel ten gunste van die beëindiging van die immigrante se kontrakte in Indië, maar selfs in dié verband het dit aanbeveel dat eers met die Indiese regering oor die aangeleentheid

42) Ibid, kyk afdelings 38 en 39.
43) Ibid, kyk afdeling 3. Die 1914-kommissie het bevind dat daar net soveel Indiërs in die suiker- en teebedryf werksaam was as in al die ander bedrywe gesamentlik (UG 16 van 1914, p. 31).
44) <u>Natal Government Gazette</u>, d.d. 12/10/1909, kyk afdelings 4 en 9 van die Clayton-kommissie se verslag.
45) Ibid, kyk afdeling 47.
46) Ibid, kyk afdelings 16, 17 en 19.
47) Ibid, kyk afdeling 31.

beraadslaag moes word, [48] 'n prosedure wat in die verlede altyd misluk het. Nogtans het die kommissie ten minste in hierdie geval in ooreenstemming met 'n besluit van die laerhuis geoordeel.

8) Die standpunt van die kommissie dat die vraagstuk van die terugkeer van die kontrakarbeiders na Indië as gevolg van die herinboeking van gewese kontrakarbeiders ingevolge Wet 42/1905 homself begin oplos het, [49] is 'n wanvoorstelling. Dit was 'n argument wat herhaaldelik deur die kwekers gebruik is, eers deur Hyslop en later deur Clayton, maar toe Clayton dié argument weer in die Unie-parlement in 1914 gebruik het, het die Durbanse lid, T. Boydell, soos volg daarop geantwoord: „If the hon. member for Zululand (Clayton) had not stopped at the year 1908, he would have seen how, when there was a revival of the trade, the number of Indians who returned to India fell in a very marked fashion". Boydell het voorts syfers aangehaal om aan te dui dat die aantal Indiërs wat Natal verlaat het sedert 1908 afgeneem het vanaf 4685 per jaar tot 1409 vir die jaar 1912.[50]

Daar was ten minste een aanbeveling waarmee die kommissie met Haggar se sienswyse saamgestem het, naamlik dat waar Indiërs in diens van munisipale- en regeringskantore die werk van blankes verrig het, die saak reggestel moes word. Ook die erkenning van die kommissie dat baie vrye Indiërs in mededinging met jong blankes in verskeie arbeidsfere gekom het, [51] was 'n tipiese Haggar-stelling. Nog 'n saak wat vroeër deur Haggar in die laerhuis bepleit is, het 'n plek onder die aanbevelings van die kommissie gevind, naamlik die opleiding van blankes en die skepping van 'n arbeidsburo om beter kontrole oor vrye Indiërs te verkry en om hul beter vir die arbeidswêreld aan te wend.[52]

48) Ibid, kyk afdeling 12.
49) Ibid, kyk afdeling 11.
50) Andrews, C.F. Documents relating to The Indian Question. Kaapstad, Cape Times Ltd., ongedateerd, p. 35.
51) Natal Government Gazette, d.d. 12 Oktober 1909, kyk afdelings 14 en 20 van die Clayton-kommissie se verslag.
52) Ibid, kyk afdeling 21. Die skepping van 'n arbeidsburo is later deur wetgewing vasgelê (Kyk Wet 19/1910). Hoewel die Indiërgemeenskap daarteen gekant was, kon die Goewerneur nie die Indiërs se houding begryp nie omdat die doel daarvan was om vir Indiërs werk te vind (CSO 1887, 1921/1910: Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 28/4/1910).

Die meeste van die volgende aanbevelings van die kommissie wat in verband met die £3-lisensie en die herinboeking van gewese kontrakarbeiders gestaan het, het later tot wetgewing aanleiding gegee:[53] Dat

1) die agterstallige £3-lisensiegelde afgeskryf word in gevalle waar Indiërs na Indië wou terugkeer of weer by die kontrakstelsel betrek word of 'n vry-kontrak onder die Master and Servant's Act aangegaan het;

2) behoeftige Indiërvrouens van die lisensiegelde onthef word;

3) die inkomste verbonde aan die £3-lisensie uitsluitlik aangewend word om Indiërs te help om na Indië terug te keer;

4) gewese kontrakarbeiders weer in staat gestel word om vir periodes van ten minste 2 jaar, maar nie langer as 5 jaar nie, in te boek;[54]

5) die werkgewer van kontrakarbeiders verplig word om kontrakarbeiders in diens te hou wat na die beëindiging van hulle eerste kontrak, verkies om onder kontrak te bly;[55]

6) Indiërs wat onder kontrak was voordat Wet 17/1895 in werking getree het en wat alle reg op 'n vry oortog terug na Indië opgesê is, weer so 'n reg moes bekom, op voorwaarde dat hulle weer vir drie jaar 'n kontrak in Natal aangaan.[56]

As 'n geheel gesien, was die verslag van die Clayton-kommissie niks anders as 'n regverdiging van die kwekers se sienswyse nie en heeltemal uit voeling met die wense van die meerderheid van Natal se bevolking. Die Indiërgemeenskap het trouens, nog voordat die kommissie se verslag in druk verskyn het, in 'n petisie aan die Britse regering daarop aangedring dat „the importation of contract labour from India into this Colony shall cease". Aangesien die Indiërs egter weer op hulle beurt 'n foutiewe voorstelling van die Indiërvraagstuk voorgehou het,[57] is die kommissie, op aandrang van McLarty, deur

---

53) Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909, kyk afdelings 24 - 26, 31 - 32 en 35 van die Clayton-kommissie se verslag.
54) Die minimum-loon van die hernieude kontrak moes ten minste dieselfde wees as die aanvangsloon van die eerste kontrak.
55) Die loon moes in dié geval deur beide die Beskermer van Immigrante en die werkgewer bepaal word.
56) In sulke gevalle moes die aftrekkings vir die vry oortog nie van hulle maandelikse salarisse gedoen word nie, maar die koste verbonde aan die vry oortog moes uit die £3-lisensiegelde gedelg word.
57) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, p. 351, d.d. 21/8/1908.

die laerhuis versoek om ook oor die Indiërpetisie verslag te doen. Die uitwerking daarvan is naamlik as skadelik beskou vir die onderhandelinge wat die Natalse regering van plan was om met die Indiese regering oor die beëindiging van kontrakte in Indië aan te knoop.[58)]

Die kommissie het 'n hele aantal beweringe en aantygings van die petisionarisse weerlê. Dat die kontrakstelsel aan slawerny gegrens het, is as onwaar bestempel, veral op grond daarvan dat dit deur die Indiese regering goedgekeur is en dat 'n groot aantal immigrante wat na Indië teruggekeer het, weer na Natal gekom het. Ewe-eens is die klagte oor die £3-lisensie ongegrond aangesien die bepaling in verband daarmee opgeneem is in die kontrak wat immigrante voor hulle koms na Natal aangegaan het, terwyl ook alle voorsorgmaatreëls in Indië getref word om te verseker dat voornemende immigrante die voorwaardes van die kontrak deeglik verstaan.[59)] Die kommissie het egter self gedwaal toe hy die bewering van die petisionarisse dat die Indiërs wat hulle lisensiegeld nie betaal het nie in die gevangenis gewerp is, as nie korrek bestempel het. Die verduideliking van die kommissie dat die gevangenisstraf wat wel in dié geval opgelê is alleen vanweë minagting van die hof geskied het, rym nie met 'n vroeëre verklaring van die Natalse Prokureur-generaal nie, naamlik dat Indiërs wat versuim om hulle lisensiegelde te betaal, wel siviel verhoor en gevangenisstraf opgelê kon word.[60)]

In die petisie is ook ontevredenheid uitgespreek oor die Lobitobaai-

---

58) Ibid. Kyk ook Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909: Bylae tot Clayton-kommissie se verslag.

59) Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909: Bylae tot Clayton-kommissie se verslag.

60) Ibid; II, 11/1/112, 12214/1902: Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/5/1904. Die betrokke diensbrief van 1904 is by 'n band van 1902 ingebind. In dié verband skryf die Indiese joernalis P. S. Aiyar: „Instead of applying criminal process which the Viceroy objected to, civil process is nominally applied with the same ultimate result. Defaulters of payment of this annual licence are served by the Natal Police with a notice, which is equivalent to a summons, and they are brought up before criminal magistrates instead of Civil Courts, and after a summary trial, probably may be in Chambers, they are ordered to pay the amount for which they are summoned together with costs (2/6) within a specified date. Non-compliance with this magisterial order is treated as contempt of Court, and the poor fellow is sent to prison" ( Aiyar, P. S. An Unjust Tax on Indian Immigrants, Appeal to the Empire, pp. 8 - 9).

episode. Die stelling dat die 2,000 Indiërs na dié baai verhuis het om betaling van die £3-lisensie vry te spring, dat honderde van hulle daar gesterf het en die res hertoegang tot Natal geweier is toe hulle wou terugkeer, is deur die kommissie verwerp. Daarteenoor het die kommissie gestel dat die verhuising onderneem is om hoër lone te bekom en dat vooraf aan die betrokke Indiërs verduidelik is dat alleen diegene van hulle wat onder Wet 17/1895 geressorteer het, weer in Natal toegelaat sou word, maar nie die res nie. Ten opsigte van die aantyging dat Indiërs mishandel word, het die kommissie toegegee dat geïsoleerde gevalle van mishandeling wel voorgekom het, maar dat in die gevalle wat onder die aandag gekom het, onmiddellik opgetree en die skuldige aan die man gebring is. Uiteindelik het die kommissie ook nog aan die hand gedoen dat al die besware van die petisionarisse teen die belastings waaraan hulle onderhewig was, sou verdwyn indien diegene wat daarby betrokke was weer vir 'n verdere dienstermyn sou inboek.[61)]

Die verslag van die Clayton-kommissie oor die Indiërpetisie het die Indiërgemeenskap verder onthuts en het die lede van die <u>Natal Indian Congress</u> laat besluit om hulle vir die beëindiging van die kontrakstelsel te beywer.[62)] Hoewel hierdie besluit self nie aan die Britse regering gestuur is nie, het die <u>Natal Indian Congress</u> 'n petisie aan die Britse regering gerig wat op die besluit gegrond is.[63)] Die antwoord daarop het die Kongres eers ná die totstandkoming van die Unie van S.A. bereik: „As regards the question of the suspension of emigration to Natal His Excellency is requested to call your attention to the fact that the Indian Emigration Act has been recently amended in such a way as to give the Indian Government discretionary power to stop emigration to a particular country, while the decision whether emigration to Natal should be stopped has been deferred till next December in order to give time for the con-

---

61) <u>Natal Government Gazette</u>, d.d. 12/10/1909, Bylae tot die Clayton-kommissie se verslag.

62) CSO 1885, 1154/1910: Sekretaris, Natalse Indiërkongres, aan Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 22/2/1910, waarin die <u>Natal Indian Congress</u> die Natalse regering soos volg in kennis gestel het: „The systems of indenture is hurtful to the general well-being of the employers and employed and that for consideration of humanity alone the system of indenture should be stopped and to that end requests the Imperial Government and Government of India to stop recruiting in India and to withdraw the Indenture Immigration Law of India".

63) CSO 1885, 1154/1910: Sekretaris, <u>Natal Indian Congress</u>, aan Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 22/2/1910.

sideration of the whole question by the Union Government".[64]

Die Indiese regering was egter alreeds oorgehaal om Indiër-emigrasie na Natal te beëindig. In Oktober 1910 verklaar die Beskermer van Immigrante in Natal: „Unless the annual £3-license is abolished, the Government of India will prohibit emigration to Natal of Indians under indenture. I do not for one moment believe that any legislation will be enacted withdrawing this license, so that it appears to me the emigration of indentured Indians is bound to cease".[65] Dit is presies wat in 1911 gebeur het. Die Indiese regering het die emigrasie-stelsel na Natal beëindig en die aandeel van die Natal Indian Congress daarin is baie duidelik.[66]

3. Faktore wat tot die wysiging van die £3-lisensiewet in 1910 gelei het.

Een van die uitvloeisels van die Clayton-kommissie se aanbevelings was die wetgewing wat insake die £3-lisensie gevolg het.

Soos reeds aangetoon, is daar in 1905 ernstige pogings aangewend om die lisensiegelde in te vorder,[67] maar dit het tot allerlei probleme aanleiding gegee, veral omdat die magistrate geweier het dat Indiërs wat nie hul lisensiegelde betaal het nie, weer kon inboek.[68] Dit het daartoe gelei dat baie armoedige Indiërs wat graag wou werk dit nie kon doen nie, „creating a class of paupers".[69]

Die staat was dus verplig om in sekere gevalle toe te stem dat van die bestaande wette afgewyk word.[70] Die Beskermer van Immigrante het egter alles in sy vermoë gedoen om te verseker dat sulke gevalle

---

64) CSO 1887, 1921/1910: Privaat-sekretaris, Goewerneur-generaal, aan Dawad Mahomed, President van die Natal Indian Congress, Durban, d.d. 19/8/1910.
65) CSO 1887, 2162/1910: Beskermer van Immigrante aan Hoof-Ondersekretaris, Binnelandse Sake, d.d. 6/10/1910.
66) Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, p. 526, voetnoot nr. 19.
67) Kyk pp. 249-250.
68) In 1905 is drie volwasse Indiërs en in 1906 nog 5 Indiërs se terugreis deur die staat betaal sonder dat die betrokke Indiërs hul agterstallige £3-lisensie betaal het. Kyk in dié verband II, 11/1/138, I 1862/1905: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/9/1905 en II, 11/1/147, I 3898/1906: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/11/1906.
69) II, 11/3/32, Boek 1, p. 181: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/2/1907.
70) II, 11/1/138, I 1862/1905: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/9/1905; II, 11/1/147, I 3881/1906: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/11/1906; II, 11/1/147, I 3966/1906: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/12/1906.

waar die staat tegemoetkomend opgetree het, nie onder die Indiërs bekend geword het nie omdat hy nie, deur die skepping van afwykende presedente, ander Indiërs wou aanmoedig om ook nie die £3-lisensie te betaal nie.[71)]

Onder hierdie toegewings was bv. die toestemming wat in 1905 en 1906 verleen is dat sommige Indiërs na Indië kon terugkeer sonder dat hul lisensiegelde vereffen is en in uitsonderlike gevalle is die koste verbonde aan hul terugsending ook deur die staat gedra.[72)] Daarbenewens het die Tesourie ook 'n stelsel ontwerp waardeur Indiërs hul lisensiegelde by wyse van paaiemente van £1 per maand kon betaal of selfs nog kleiner paaiemente in gevalle waar die Beskermer van Immigrante dit aanbeveel het.[73)]

Ondanks al die regering se pogings en toegewings, was daar in Februarie 1907 nog 16,209 gevalle waar Indiërs in gebreke gebly het om hul lisensies uit te neem.[74)] Teen Julie 1907 het die posisie so ernstig geword dat die Beskermer van Immigrante by die regering aangeklop het om hulp: „As a matter of necessity something should be done at once either by way of legislation or providing for them passages to India".[75)] Daarop het 'n staatsdienskomitee die aangeleentheid ondersoek en die Beskermer van Immigrante se standpunt onderskryf en aanbeveel dat die werkgewers die lisensiegelde van die Indiërs se lone aftrek.[76)] Nogtans het geen wetgewing insake die £3-lisensie van 1907 tot 1909 die lig gesien nie en die ontevredenheid

---

71) II, 11/1/161, I 1785/1908: Beskermer van Immigrante aan Hoof-Ondersekretaris, Binnelandse Sake, d.d. 28/8/1908.
72) II, 11/1/138, I 1862/1905: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/9/1905 en CSO 1882, 7981/1906: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/11/1906.
73) CSO 1843, 7022/1907: Ondertesourier aan Magistraat, Estcourt, d.d. 13/12/1906 en aantekeninge by 7647/1907.
74) II, 11/1/149, I 402/1907: Beskermer van Immigrante aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 12/2/1907.
75) II, 11/3/32, Boek 1, p. 556: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 16/7/1907.
76) CSO 1843, 7022/1907: Civil Service Committee Report, 1907. Die aanbeveling van die staatsdienskomitee was soos volg: „There is reason to believe that many employees of Indians do not concern themselves with the requirements of Act No. 39, 1905, which forbids the employment of unlicensed Indians. The Committee suggests an amendment of the Law, so as to allow of the employment of Indians who have not paid the licence, provided that the amount is deducted by instalments from the wages earned, and paid over to Government".

het gevolglik voortgeduur.

Teen die einde van 1907 was daar nog 1098 Indiërmans wat die Beskermer nie kon opspoor om hul lisensiegelde te in nie, terwyl die Beskermer in Februarie 1908 ten opsigte van Indiërvroue erken het dat 50 persent nie in 'n posisie was om die lisensiegelde te betaal nie.[77] Ten einde raad het die Beskermer in April 1908 opdrag gegee dat die helfte van die skuldige Indiërs se maandelikse lone afgetrek word vir betaling aan die magistraat ter vereffening van die £3-lisensie.[78]

Die Beskermer van Immigrante het gedurende 1908 en 1909 ook sy ou beleid van 1905 tot 1906 voortgesit om vergunnings aan sekere Indiërs te maak, maar dié vergunnings het nie altyd met die staat se regsadviseurs se sienwyse ooreengestem nie.[79] In een geval het die Beskermer selfs aanbeveel dat 'n groot hoeveelheid Indiërs deur Kynoch Beperk in diens geneem word sonder dat hulle agterstallige lisensiegelde eers vereffen word, maar op voorwaarde dat die polisie gereeld elke maand die lisensiegelde van die maatskappy invorder, wat die maatskappy van die Indiërs se salarisse aftrek.[80]

Die opvatting van die Beskermer van Immigrante dat dié prosedure die Natalse skatkis sou vul, is geheel en al teenstrydig met die aanvanklike doel waarvoor die £3-lisensie ingestel is, soos dit in 1895 deur Escombe verduidelik is.[81] 'n Meer aanvaarbare rede vir die Beskermer se optrede is dat dit die ledige Indiërs van werk voorsien het.[82]

Die regsadviseurs van die regering was dit nie eens met die Beskermer nie. In 1908 het hulle in 'n soortgelyke geval waarin die maatskappy Hulett en Seuns betrokke was, beslis dat: „Messrs. Hulett and Sons are liable for a fine of £5 a month for every Coolie they are employing who is in arrear with his tax (£3-licence), and if they do not fall in with the Government's arrangements the only thing

77) II, 11/1/157, I 348/1908: Beskermer van Immigrante aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 13/2/1908.
78) II, 11/3/32, Boek 2, p. 743: Beskermer van Immigrante aan die Amptenaar wat die £3-lisensie moet invorder, d.d. 3/4/1908.
79) II, 11/3/33, Boek 1, p. 286: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/8/1908; CSO 1863, 6348/1908: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/11/1908.
80) II, 11/3/33, Boek 2, pp. 171 - 172: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/11/1908.
81) Kyk p. 201.
82) II, 11/3/33, Boek 2, pp. 171 - 172: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/11/1908.

will be to charge them (under Act 39, 1905, section no. 3)".[83]

Dit is dus duidelik dat daar in 1908 met twee maatstawwe gemeet is en dit kon nie anders nie as om 'n nadelige uitwerking op die Indiër-gemeenskap uit te oefen. Vandaar dat Pietermaritzburg se Indiër-gemeenskap in 1908 op 'n monstervergadering besluit het dat „this meeting deplores the hardship and suffering to which our country-men are subjected owing to severe enforcement of the provisions of Act 17 of 1895, and that in consequence of poor and indigent men and women being inflicted with imprisonment for failure to pay the annual payment of £3, this meeting begs the Natal Government with a view to ameliorate the conditions of those who are affected by the aforesaid Act".[84] Die Goewerneur het, met 'n kort verduideliking van wat die £3-lisensie eintlik is, hierdie besluit van die monstervergadering vir kennisname aan die Britse regering deurgestuur.[85]

Gedurende hierdie tyd is daar ook twee Indiërpetisies oor die aangeleentheid aan die Natalse laerhuis gerig, die een deur die Natal Patriotic Union en die ander deur die Indian Women's Assosiation.[86] Daarna het die Clayton-kommissie die aangeleentheid ondersoek[87] en eers in 1910 is wetgewing by die laerhuis ingedien as 'n direkte uitvloeisel van die Clayton-kommissie se aanbevelings.[88]

Die regering het self 'n wetsontwerp ingedien om te voorkom dat Indiërvroue die £3-lisensie betaal.[89] In die laerhuis is gedebateer dat dit nooit in 1895 bedoel was dat vroue die £3-lisensie moes betaal nie. Dit was ook die beskouing van die Beskermer van Immigrante, maar Hyslop het daarop gewys dat aangesien Wet 17/1903 vroue spesifiek noem, dit dus vanselfsprekend is dat die 1895-wet ook vroue betrek het. Dit was in ooreenstemming met die beslissing van die Natalse hooggeregshof dat vroue die £3-lisensie moes betaal.[90]

---

83) II, 11/1/159, I 804/1908: Sekretaris, Wetsdepartement, aan Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, d.d. 27/8/1908.
84) CSO 1861, 4922/1908: Resolutions passed at the mass meeting of the British Indians at Pietermaritzburg, 23/8/1908.
85) CSO 1861, 4922/1908: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 3/9/1908.
86) CSO 1861, 5169/1908: P.S. Aiyar aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/9/1908; Aiyar, op. cit., p. 127.
87) Kyk p. 278.
88) Natal Government Gazette, d.d. 12/10/1909.
89) Debates, Legislative Assembly, Second Part of Fifth Session, Fifth Parliament, 1910, vol. XLIX, pp. 341 - 342, 402 - 403, 525 - 526, d.d. 10/1/1910, 12/1/1910, 19/1/1910.
90) Ibid.

Die kwekers het aanvanklik die indruk geskep dat hul die regeringsmaatreël steun en veral Clayton en E. G. Saunders (Victoria-Graafskap) het besonder baie moeite gedoen om meegevoel met behoeftige Indiërvroue te betuig. Saunders het selfs 'n voorbeeld genoem waar 'n Indiërvrou haar kind moes verkoop om die £3-lisensie te betaal.[91] Die Clayton-kommissie het trouens reeds aanbeveel dat behoeftige Indiërvroue van die £3-lisensie onthef moes word.

Die kwekers was egter baie versigtig om nie Wet 17/1895 ongedaan te maak nie. Dit was goed om die sieklike en behoeftige Indiërvroue van die wet uit te sluit, maar dit was so ver as wat die kwekers se meegevoel gestrek het. Die ander Indiërvroue en -mans wou hulle nie van die £3-lisensie onthef nie. Die kwekers was naamlik bevrees dat verdere toegewings tot gevolg sou hê dat gewese kontrakarbeiders nie verplig kon word om weer in te boek of na Indië terug te keer nie. Daarom het die kwekers, veral J. Schofield, dit in die laerhuis beklemtoon dat Wet 17/1895 uiters doeltreffend was, aangesien dit ongeveer 95% aan sy doel beantwoord het.[92] Dit was inderdaad doeltreffend vir die kwekers omdat hul daardeur addisionele Indiërarbeid bekom het.

Die poging van die kwekers om die £3-lisensie te behou, was volgens T. Boydell „nothing more or less than a blind, throwing dust into the eyes of the population of Natal, who were agitating for the stoppage of further importation (of Indians) into Natal".[93] Die stof waarna Boydell verwys het, het egter ook in dieoë geval van McLarty, die opposisieleier Smythe en Churchill, 'n bekende lid van die anti-Indiërbeweging, wat almal vir die behoud van die £3-lisensie gepleit het.[94]

Die Moor-regering moes weens 'n gebrek aan ondersteuning vir sy poging om alle vroue van die £3-lisensiewet te onthef, die kompromie-amendement van die kwekers wat deur Kirkman ingedien is, aanvaar. Dit het ingehou dat die opheffing van die £3-lisensie net op sekere behoeftige en siek Indiërvroue van toepassing was.[95]

---

91) Ibid, pp. 342, 403, d.d. 10/1/1910, 12/1/1910.
92) Ibid, pp. 403 - 406, 523 - 524, d.d. 10/1/1910, 19/1/1910.
93) Andrews, op. cit., p. 35.
94) Debates, Legislative Assembly, Second Part of Fifth Session, Fifth Parliament, 1910, vol. XLIX, pp. 406, 526, 535, d.d. 12/1/1910, 19/1/1910, 20/1/1910.
95) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of the Fifth Session, Fifth Parliament, 1910, vol. XLIX, pp. 521, 525 - 526, d.d. 19/1/1910.

Die leiers onder die Indiërgemeenskap was egter nie daarmee tevrede nie. Hul wou dit op alle Indiërvroue van toepassing gehad het, soos vervat in die oorspronklike wetsontwerp van die Natalse regering. Die mondstuk van die Indiërs, The Indian Opinion, het die amendement van Kirkman selfs as 'n belediging vir die Indiërs beskou omdat die onus op Indiërvroue geplaas is om aansoek vir die vrystellings van die £3-lisensie te doen en het die hoop uitgespreek dat „not a single Indian woman would do anything of the kind".[96] Ook die Hindu Young Men's Society het by die Natalse regering aangedring om die oorspronklike regeringswetsontwerp te behou „giving relief to all the feebler sex without giving discretionary power to the magistrates".[97] Die Natal Indian Congress het selfs op die Britse regering 'n beroep gedoen om nie die wetsontwerp waarin Kirkman se amendement opgeneem is, goed te keur nie.[98] Die Goewerneur het die Britse regering egter gewaarsku: „If the Royal assent is withheld, there will be no power under any circumstance to relieve Indian women from payment of the license money, whereas the Act gives a discretion to Magistrates to grant relief in cases where they consider that the women are not in a position to pay".[99]

Nietemin het baie van die gewone Indiërs (sowat 1,000 van Pietermaritzburg) die regering ondersteun: „in bringing about reforms in the form of Licensing Laws and £3 Immigration Law".[100] Die Indian Women's Association het ook die regering geloof en diegene wat die regeringsmaatreël teengestaan het, gekritiseer.[101]

Afgesien van Kirkman se amendement het die Natalse parlement ook, in ooreenstemming met die aanbevelings van die Clayton-kommissie besluit om die £3-lisensie op te hef in gevalle waar Indiërs weer vir 'n periode van ten minste twee jaar inboek, en daarby ook agterstallige lisensiegeld kwyt te skeld in gevalle van Indiërs wat weer na Indië wou terugkeer.[102] Die doel daarvan is deur Clayton gestel as „either by

96) Aangehaal uit The Indian Opinion, d.d. 30/4/1910, deur Pachai, op. cit., p. 54.
97) CSO 1883, 497/1910: Sekretaris, Hindu Young Men's Society, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/1/1910.
98) CSO 1885, 1154/1910: Sekretaris, Natal Indian Congress, aan die Koloniale Sekretaris, d.d. 22/2/1910.
99) CSO 1887, 1921/1910: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 28/4/1910.
100) CSO 1983, 263/1910: Amed Bayat van Pietermaritzburg aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/1/1910.
101) CSO 1528, 300/1910: C.E. Sigamoney, Ere-sekretaris, Indian Women's Association, Durban, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 16/1/19
102) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Fifth Session, Fifth Parliament, 1910, vol. XLIX, p. 528, d.d. 19/1/1910.

getting him (Indian) into service or getting him back to India".[103)]

Al hierdie wysigings t.o.v. die £3-lisensiewet is eindelik as Wet 19/1910 op die wetboek geplaas.

Die toepassing van die wet het egter spoedig allerlei probleme opgelewer. Gevolglik het die Beskermer van Immigrante dit wenslik geag dat magistrate hom in kennis moes stel van elke afsonderlike geval waar 'n gewese kontrakarbeider weer 'n dienskontrak aangegaan het, of dit 'n herinboeking was of nie. In die geval van private kontrakte is die Indiër ook van die £3-lisensie vrygestel vir die duur van die kontrak.[104)]

Die Natal Indian Congress het in sy stryd teen Wet 19/1910 bly volhard omdat „it retains the £3 tax on poor Indian women affected by the Immigration Law".[105)] Die Natal Indian Congress het in dié verband weer eens 'n petisie aan die Britse regering gestuur, maar die Natalse Goewerneur het daarop geantwoord dat „it is not easy to see in what way the Indian Community would benefit by the disallowance of an Act which is purely beneficial". Ook die Natalse regering het die petisie verwerp omdat die kontrakarbeiders behoorlik van die kontrakte wat hulle aangegaan het, vooraf ingelig is en dat die lisensiegelde alleen deur Indiërs betaal is wat nie gemelde kontrakte nagekom het nie.[106)]

Die vertoë van die Natal Indian Congress het nietemin sy uitwerking gehad. Die Indiese regering het hul saak opgeneem en die besware wat die Indiese regering teen die £3-lisensie ingebring het, het uiteindelik tot die beëindiging van die kontrakstelsel in Natal gelei, ondanks die feit dat die Unie-regering hierdie aangeleentheid onmiddellik ná Unie-wording probeer besleg het.[107)]

Die argumente van die kwekers dat die £3-lisensie die Indiërs aangemoedig het om na Indië terug te keer, het ná Unie geheel en al

---

103) Ibid.
104) II, 11/3/34, Boek 1, p. 489: Beskermer van Immigrante aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/3/1910.
105) CSO 1885, 1154/1910: Sekretaris, Natal Indian Congress, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/1/1910.
106) CSO 1885, 1154/1910: Sekretaris, Eerste Minister, aan Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, d.d. 2/3/1910; CSO 1887, 1921/1910: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 28/4/1910.
107) II, 11/3/34, Boek 2, p. 520: Beskermer van Immigrante aan die Polisie-hoof, Pietermaritzburg, d.d. 9/8/1910.

in duie gestort, want in 1912 het slegs 1,594 die lisensiegelde betaal uit 'n totaal van 10,206 wat eintlik moes betaal het, terwyl slegs 41 Indiërvroue uit 'n totaal van 5,089 wat moes betaal het, hul verpligtinge nagekom het.[108)]

Toe die kwessie van die £3-lisensie ná Unie verder tot lydelike verset („passive resistance"), stakings en bloedvergieting aanleiding gegee het, was die Unie-regering verplig om dit geheel en al af te skaf.[109)] Die Unie-regering het dus tot die gevolgtrekking gekom, in stryd met die kwekers se opvatting, dat die £3-lisensie nie die Indiërs aangemoedig het om na Indië terug te keer nie. Die 1914-kommissie, die eerste kommissie van die Unie-regering aangaande die Indiërvraagstuk, het die kwekers se opvatting as „kleingeestige tegniese" argumente bestempel.[110)]

4. Regeringsoptrede m.b.t. handelslisensies.

Die eerste van die drie Indiërwetsontwerpe wat die Natalse regering in 1908 ingedien het, het die beëindiging van die kontrakstelsel ten doel gehad. Die oorblywende twee het beide beoog om die uitreiking van handelslisensies aan Indiërs te voorkom.

Die doel van die eerste van die twee handelslisensiewetsontwerpe was om te voorkom dat nuwe handelslisensies aan Indiërs uitgereik word en ook om dit onmoontlik te maak dat blankes lisensies bekom wat dan later aan Indiërs oorgedra word.[111)] Die bestaande handelslisensiewet het, volgens die Koloniale Sekretaris, nie bevredigend gefungeer nie, want die beslissings van die lisensiebeamptes het allerlei komplikasies en korrespondensie met die regerings van Brittanje en Indië veroorsaak.[112)]

Ná die indiening van die wetsontwerp het die regering homself egter teenstand op die hals gehaal deur 'n amendement van Morcom (Pieter-

---

108) UG 16 van 1914: Bylaes tot die Notule van die Unie-Volksraad, p. 28; Andrews, op. cit., p. 35.
109) UG 16 van 1914: Bylaes tot die Notule van die Volksraad, pp. 28 - 33; Andrews, op. cit., p. 34.
110) UG 16 van 1914: Bylaes tot die Notule van die Volksraad, p. 28.
111) CSO 1854, 2479/1908: Sekretaris, Wetsafdeling aan Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, d.d. 2/5/1908.
112) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June/July 1908, vol. XLIV, pp. 356, 372, d.d. 15/7/1908.

maritzburg-Stad) te aanvaar.[113] Morcom se amendement het beoog om dit vir Indiërs wat in Natal gebore is moontlik te maak om nuwe handelslisensies te bekom. Die opposisieleier Smythe het 'n soortgelyke amendement ingedien, maar het dit ten gunste van dié van Morcom teruggetrek.[114]

Die oomblik toe die regering Morcom se amendement aanvaar het, het die meerderheid van die anti-Indiërbeweging, veral die Arbeiderlede, saam met die kwekerverteenwoordigers die regering teengestaan. McLarty het onmiddellik die regering daarvan beskuldig dat „they who said they wanted to save the country, back down immediately, and they accept this amendment which is going to flood the Colony shortly with applications for licenses from the Indian population".[115]

Afgesien van die regeringsgesinde lede het ander laerhuislede, soos Smythe (opposisieleier), J. Robinson, Evans en die Sosialis Connolly, ook Morcom se amendement ondersteun omdat hulle werklik eerlik daarvan oortuig was dat dit die regte rigting was. Daar was geen bybedoelings by hulle nie. Hulle het eerlik gestreef na „British justice". Dit was hulle oortuiging dat die kinders van Indiërs op wie Wet 17/1895 nie van toepassing is nie, nie verbied behoort te word om aansoek vir handelslisensies te doen nie.[116] Volgens Smythe „they were offered grants of land if they did not return to India, and to deny the children of those people the privileges which the Natives of this country can obtain, would be very unfair".[117]

Die regering het egter die houding ingeneem soos vertolk deur die Minister van Spoorweë en Hawens, dat die Natal-gebore Indiërs nie juis groot handelaars is nie en dat, indien hulle wel om handelslisensies aansoek doen, die lisensiebeamptes nog steeds hulle aansoeke kan verwerp. Daarom sou daar volgens die regering se sienswyse nie

---

113) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June/July, 1908, vol. XLIV, pp. 355 - 531, d.d. 15/7/1908 - 27/7/1908. Die term „Asiaat" is gebruik om alle inboorlinge van Asië of enige persoon wat in Natal as Biniane, Asiate of Asiatiese handelaars bekend was in te sluit (Biniane is die Sanskrit of Goedjerati vir „handelaar", terwyl Asiate ook die inwoners van Japan, Sjina, Kanton en Hongkong insluit).
114) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June/July 1908, vol. XLIV, pp. 528, 531, d.d. 27/7/1908.
115) Ibid, pp. 529 - 536, d.d. 27/7/1908.
116) Ibid, pp. 360, 362, 364 - 365, 501 - 508, 528, 533, 536, d.d. 15/7/1908, 23/7/1908, 27/7/1908; Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, p. 135, d.d. 5/8/1908.
117) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June/July 1908, vol. XLIV, p. 528, d.d. 27/7/1908.

groot gevaar bestaan het om Morcom se amendement te aanvaar nie. Hierdie houding van die regering is deur Connolly as oneerlik beskou, want, volgens hom, sou die regering aan die lisensiebeampte sê: „We appoint you licensing officer for the Colony, and you are to see to it that no black man gets a license".[118]

Die teenstanders van die Morcom-amendement was 'n heterogene groep. Onder hul was lede van die anti-Indiërbeweging en die kwekerverteenwoordigers wat van die beëindiging van Indiër-immigrasie niks wou weet nie.[119]

Eiebelang was gewoonlik die kwekers se hoof-oorweging wanneer dit by enige aspek van die Indiërvraagstuk gekom het. Clayton het hulle standpunt so vertolk dat hulle slegs Indiërs in Natal wou hê om tot voordeel van blanke Natal die grond te bewerk, maar teen die toekenning van handelslisensies aan Indiërs gekant was omdat dit sou indruis teen die belange van Natal se blankes. Dit is 'n „matter of life and death" vir die blanke handelaars, het die kwekerleier Hulett verklaar, terwyl Hyslop van mening was dat „this is not a case of self-preservation".[120]

Van die Arbeiderlede het Taylor die sterkste standpunt ingeneem en dit was hoofsaaklik aan sy houding toe te skryf dat daar 'n keerpunt in die debat ingetree het wat daartoe gelei het dat die Morcom-amendement met welslae verwerp is.[121] Taylor was 'n man wat uit sy hart gepraat het en dit het die laerhuis beïnvloed.[122] Taylor het die implikasies van Morcom se amendement soos volg beskryf: „If we leave a loophole in this Bill it is going to be taken advantage of by the wily Arab, and the Arabs will get these people to take out the licenses, and they will use those licenses and do the trading with them". Die Beskermer van Immigrante het byvoorbeeld 'n interessante verduideliking gegee hoe moeilik dit is om vas te stel op wie se eintlike naam 'n Indiër handel

---

118) Ibid, pp. 364, 537, d.d. 15/7/1908, 27/7/1908.
119) Ibid, pp. 531 - 540, d.d. 27/7/1908.
120) Ibid, pp. 538 - 540, d.d. 27/7/1908.
121) Ibid, pp. 529 - 536, d.d. 27/7/1908. Haggar het in hierdie debat 'n swak houding ingeneem deur eers een standpunt en dan weer 'n ander een te huldig.
122) Ibid, p. 532, d.d. 27/7/1908.

drywe: „For instance a man came here, A. Monsamy, but to get into business he prefixes his father's name Arimachellum and adds Pillay; then goes by the name of A. M. Pillay, which as I understand is no name at all, but really stands for Monsamy; Father's name Arimachellum of Pillay caste. So it is I understand with those: I. B. Chetty or C. D. Homderu, E. F. Padayacha, H. I. Maharay & Son. If the Licensing Officer was instructed not to issue licenses except in the proper name of the applicant I wonder in which name he would only be allowed to trade".[123] „If we accept the amendment", het F. Fergg, lid vir Vryheid se afdeling, verklaar „we will be very much like a doctor who cuts away a cancer and leaves a little root in the body and that will come on again and be worse than ever".[124]

Die argument van Connolly dat dit onregverdig is dat Indiërs handelslisensies in Natal ontsê word, omdat blankes wel in staat behoort te wees om hul op handelsgebied te handhaaf, het Taylor soos volg verwerp: „Perhaps the hon. gentleman will tell me why an elephant cannot live on the same rations as a cat. When he can tell me that, then I will understand his argument when he says that he cannot understand why a white man cannot compete with a black man". Die gevaar dat die Britse regering die handelslisensie-wetsontwerp sonder Morcom se amendement kon veto het Taylor met minagting verwerp: „I say to those people at Home that we in this Colony have feelings equal to theirs. We are as human as they are. We have the same sense of justice as they have. They don't know the circumstances surrounding us, or they would not adopt the attitude they do".[125]

Taylor het weldra die laerhuis saam met hom gevoer. Die Arbeiderlede Haggar en Palmer, die kwekerverteenwoordigers en Wylie, Fergg, McLarty en O'Meara het hom onmiddellik ondersteun.[126] Wylie het beklemtoon dat dit onmoontlik vir die blankes is om met die gewetenlose Indiërs op handelsgebied te wedywer, want weekliks raak

---

123) II, 11/3/31, Boek 3, pp. 43 - 44: Beskermer van Immigrante aan Onderbeskermer, d.d. 9/4/1906.
124) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June/July 1908, vol. XLIV, p. 531, d.d. 27/7/1908.
125) Ibid, pp. 530, 533, d.d. 27/7/1908.
126) Ibid, pp. 528 - 540, d.d. 27/7/1908.

van agt tot tien Indiërs insolvent, terwyl McLarty die wyse waarop Indiërhandelaars Natal oorstroom het, beklemtoon het: „Take Dannhauser. It is a whole colony of Indian storekeepers. Take Bulwer. There is no white storekeeper left. Take Verulam. It is an Indian village. Take Ladysmith. Two thirds of the principal street is lined with Indian shops. In Dundee, and many other places throughout the country you will find these Indian stores".[127)]

Daarop is Morcom se amendement verslaan en op 20 Augustus 1908 is die oorspronklike regeringswetsontwerp aanvaar waardeur geen nuwe handelslisensies aan Indiërs ná 31 Desember 1908 uitgereik sou word nie.[128)]

Toe die Goewerneur in Desember 1908 die wet na die Britse regering vir oorweging deurgestuur het, het dit duidelik geblyk uit die besondere aandag wat hy aan die teenstanders se argumente geskenk het, dat hy die wet nie goedgesind was nie. Hy het bv. geen spesifieke verwysing na Taylor se besondere toespraak gemaak nie, terwyl aan toesprake van Smythe, Evans, Robinson en selfs Connolly, die enigste Arbeider wat die wet teengestaan het, prominensie verleen is.[129)]

Die Goewerneur het dit gerieflik gevind om slegs te verwys na die 1,008 Indiërhandelslisensies wat, volgens die Koloniale Sekretaris, in 1908 uitgereik sou gewees het,[130)] maar verswyg dat die Minister van Spoorweë en Hawens die syfer vir 1904 as 1,334 aangegee het. Die Goewerneur het probeer aantoon dat die persentasie van die getal Indiërhandelslisensies t.o.v. die totaal (blank en nie-blank) uitgereik in werklikheid teen 1908 afgeneem het,[131)] maar indien die Goewerneur die betrokke laerhuisdebat waarin die syfers vermeld was, noukeurig gevolg het of wou volg, moes hy besef het dat daar 'n fout in een van die twee ministers se syfers ingesluip het. Die amptelike syfers toon aan dat daar vir die jaar 1908 altesaam 2,034 handelslisensies aan Natalse

---

127) Ibid, pp. 535, 539, d.d. 27/7/1908.
128) GH 878, 5540/1908: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 7/12/1908.
129) Ibid.
130) Debates, Legislative Assembly, 1st Part of Third Session, Fifth Parliament, June/July 1908, vol. XLIV, pp. 355, 363, d.d. 14 - 15/7/1908.
131) GH 878, 5540/1908: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 7/12/1908.

Indiërs uitgereik is, m.a.w. die persentasie handelslisensies aan Indiërs ten opsigte van die totaal uitgereik (altesaam 3,042) het baie toegeneem, en nie, soos die Goewerneur beweer het, afgeneem nie, want in 1895 was slegs 356 handelslisensies aan Indiërs uit 'n groottotaal van sowat 800 lisensies toegeken.[132)]

Die wanvoorstelling van die Goewerneur moes die Britse regering noodwendig tot 'n verkeerde gevolgtrekking bring. Die Britse regering het dus geweier om die Natalse wet te aanvaar. Dit is egter moontlik dat die tweede handelslisensiewetsontwerp 'n groter rol in die weiering gespeel het.[133)]

Die derde en die laaste Indiërwetsontwerp wat die regering in 1908 ingedien het, het bepaal dat alle bestaande handelslisensies wat reeds aan Asiate toegeken is, ná 31 Desember 1918 beëindig moes word,[134)] m.a.w. geen Indiërhandelslisensie sou ná 31 Desember 1918 hernieu kon word nie. Die woord „Asiaat" het weer dieselfde betekenis gehad soos in die ander handelslisensiewetsontwerp m.a.w. dit het ook Natal-gebore Indiërs ingesluit.[135)] In die wetsontwerp is voorsiening gemaak dat Indiërhandelaars gekompenseer word op grond van hulle besigheid se winste vir die laaste drie jaar en die waarde van die geboue, die voorraad voorhande en klandisiewaarde.[136)]

Die bespreking in die laerhuis het, afgesien van die kwekers se houding, dieselfde patroon gevolg as tydens die bespreking van die ander handelslisensie-wetsontwerp. Morcom het weer 'n amendement voorgestel en Taylor het die laerhuis weer daarteen beïnvloed.[137)]

Die amendement van Morcom het gevolg op 'n uiters ontaktvolle uitlating van die Koloniale Sekretaris dat die kompensasie aan Indiërhandelaars nie in 'n te ernstige lig beskou moet word nie, want daar sou teen 1918 min Indiërhandelaars in Natal oor wees wat gekompenseer sou moes word.

---

132) GH 878, G.374/1908, Return showing total number of licenses held by Indians for each year since 1895.
133) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, p. 140, d.d. 5/8/1908.
134) Ibid, p. 63, d.d. 3/8/1908.
135) Kyk pp. 186 - 187.
136) CSO 1854, 2479/1908: Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, aan Sekretaris, Wetsafdeling, d.d. 21/4/1908. Kyk ook in dieselfde lêer Sekretaris, Wetsafdeling, aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 24/4/1908.
137) Debates, Legislative Assembly, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, pp. 63 - 76, 131 - 143, 211 - 217, d.d. 3/8/1908, 5/8/1908, 12/8/1908.
138) Ibid, p. 211 - 212, d.d. 12/8/1908.

Daarop het Haggar onmiddellik gereageer en die regering se houding as oneerlik bestempel: „Pass the clause; at the end of the time there will be nobody to compensate".[139)]

Die maatreël is daarop amper uitgegooi toe Morcom se voorstel dat die voorsitter sy stoel moes verlaat met 19 teen 16 stemme verwerp is. Morcom se standpunt was dat kompensasie die enigste regverdiging vir die wetsontwerp was. Ook die kwekerverteenwoordigers het dit onnodig geag dat die bestaande lisensies van Indiërhandelaars weggeneem en Natal sodoende in 'n swak lig gestel word, want met verloop van tyd sou hul uit die aard van die saak tot 'n minimum beperk word. Churchill het, anders as die ander lede van die anti-Indiërbeweging, hom in dié geval by die kwekers geskaar. Sy eintlike beswaar was dat die Britse regering nie die wet sou aanvaar nie. Die Koloniale Sekretaris se verwerping van Churchill se beswaar was nie oortuigend nie, want die voorbeelde wat hy genoem het, naamlik dat Brittanje toegestem het om handelslisensies aan Indiërs in Zoeloeland en die Oranje-Vrystaat te verbied, het nie op die hernuwing van bestaande lisensies betrekking gehad nie.[140)]

Taylor het andermaal met 'n lewenslustige toespraak voorkom dat die regeringswetsontwerp verongeluk. Hy het gedreig om 'n beroep op die jeug van Natal te doen om 'n protesbeweging op die been te bring indien die wetsontwerp nie aanvaar word nie. Hy het dit andermaal beklemtoon dat Natalse handelaars dit onmoontlik vind „to compete with these people who are content to live on the smell of the proverbial oil rag" en daarby gevoeg: „We cannot possibly degenerate to their state; they have got to live apart".[141)]

Taylor se taak was in hierdie geval nog moeiliker as in die geval van die ander handelslisensiewetsontwerp, want die kwekerverteenwoordigers het nou ook teen hom kant gekies. Taylor en die ander Arbeiderlede was selfs daarteen gekant dat enige kompensasie aan die Indiër-

---

139) Ibid, p. 213, d.d. 12/8/1908.
140) Ibid, pp. 69 - 70, 73 - 75, 140, 212, d.d. 3/8/1908, 5/8/1908, 12/8/1908.
141) Ibid, pp. 67, 132, 213, d.d. 3/8/1908, 5/8/1908, 12/8/1908.

handelaars betaal word en dat die grasie-tydperk wat aan die Indiërhandelaars verleen word (tot 1918) drasties verkort word, maar daarin is nie geslaag nie.[142]

Wylie, wat weer sy gewig by Taylor ingegooi het, het andermaal die Natalse stelsel van parlementêre verteenwoordiging verantwoordelik gehou vir die sterk posisie waarin die Indiërhandelaars hul bevind het, m.a.w. dat Durban en omgewing waar die anti-Indiërbeweging die sterkste was, te swak in die laerhuis verteenwoordig was.[143] Ná Unie-wording het T. Boydell ook na dié aspek vóór Unie verwys toe hy verklaar het „that all the members of the last Government in Natal were elected by 2,000 votes altogether, whereas the hon. member for Roodepoort (Haggar), who was then junior member for Durban, got 2,000 votes himself".[144]

Die wetsontwerp is uiteindelik sonder 'n verdeling van stemme aanvaar, maar soos die kwekers en Churchill verwag het, het die Britse regering nie sy goedkeuring aan die maatreël geheg nie. Die kwekers het rede gehad om te vrees dat die tweede handelswetsontwerp albei handelswetsontwerpe sou laat skipbreuk ly, veral in die lig van wat agter die skerms aangegaan het.[145] Die kwekers was naamlik soos gewoonlik goed ingelig en het rekening gehou met die teenkanting wat die tweede handelswetsontwerp onder die meer gegoede Indiërs tot gevolg sou hê.

Die gegoede Indiërhandelsklas in Natal, ook genoem die Biniane, het groot invloed in Brittanje uitgeoefen. Hulle het 'n afvaardiging na Brittanje gestuur, bestaande uit Amod Bayat, M. C. Anlia , Abdul Cader en H. M. Bedat, [146] deur wie se suksesvolle bemoeïings die <u>South African British Indian Committee</u> die saak ten behoewe van die Natalse Indiërhandelaars opgeneem het en in Augustus 1908 sekere korrespondensie tussen 'n Durbanse handelaar Moosa Hajee Adam en die Durbanse stadsraad onder die aandag van die Britse Koloniale

---

142) Ibid, pp. 213 - 215, d.d. 12/8/1908.
143) Ibid, p. 142, d.d. 5/8/1908. Kyk p. 272 vir Wylie se vroeëre standpunt in dié verband.
144) Andrews, op. cit., pp. 34 - 35.
145) Debates, Legislative Assembly of Natal, 2nd Part of Third Session, Fifth Parliament, 1908, vol. XLV, pp. 140, 213, d.d. 5/8/1908, 12/8/1908. Kyk Kirkman se standpunt.
146) CSO 1883, 263/1910: Amod Bayat, Pietermaritzburg, aan die Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 14/1/1910. Die gegewens wat in hierdie brief verstrek is, het betrekking op gebeure in 1908.

Kantoor gebring het.[147] In hierdie korrespondensie het Moosa Hajee Adam sy stryd met die Durbanse stadsraad uiteengesit om die handelslisensies vir sy kliënte wat sy besigheidspersele gehuur het, te behou. Omdat sy handelspersele gevaar geloop het om nie verhuur te word nie vanweë die feit dat sy kliënte nie handelslisensies kon verkry nie, wou hy sy persele teen dieselfde prys as die laagste munisipale waardasie aan die stadsraad verkoop, maar laasgenoemde was nie daarvoor te vinde nie. In die lig van sy onderhandelinge met die Durbanse stadsraad, het Adam die tweede handelswetsontwerp van die regering soos volg veroordeel: „What the Natal Legislature intends to enact, that is, for the compensation of the Indian traders after a certain period, I think unnecessary, as I have already made the suggestion and am prepared to hand it over now without waiting for any period. I think it unjust that the people should be gradually ruined and extinguished by improper methods, before the time for compensation".[148]

Op 23 Augustus 1908 het die Indiërgemeenskap van Durban ook op 'n monstervergadering geprotesteer teen die handelslisensiewetsontwerpe en dit bestempel as „unjust, unconstitutional and the worst type of class legislation ever enacted in the history of the British Empire". Die vergadering het 'n beroep op die Britse Minister van Kolonies gedoen om die wetsontwerp te veto en die Onderkoning van van Indië versoek „to intercede on behalf of His Majesty's Indian subjects in Natal, who are threatened with ruin by the contemplated Licencing Bills". Die Goewerneur het bogenoemde besluit sonder kommentaar aan die Britse Minister van Kolonies deurgestuur.[149] Op 28 Augustus het die Goewerneur ook 'n versoek van die Natal Indian Patriotic Association van Pietermaritzburg aan die Britse regering gestuur om die handelslisensiewetsontwerpe te veto.[150]

Dat die Britse regering deur die argumente van die South African British Indian Committee beïnvloed is, ly geen twyfel nie, want alreeds 'n maand voordat die tweede handelswetsontwerp deur die Natalse parlement aanvaar is, het die Britse regering sy misnoeë daarmee te

147) GH 878, G 758/1908: L. W. Ritch, Sekretaris, S.A. British Indian Committee aan Britse Koloniale Kantoor, d.d. 4/8/1908.
148) Ibid.
149) CSO 1861, 5104: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 5/9/1908.
150) CSO 1861, 4922: Natalse Goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 3/9/1908.

kenne gegee.[151]

The Natal Mercury het die Natalse regering kwalik geneem dat met die wetsontwerp voortgegaan is, wetende „(and) keeping to themselves the fact that the Imperial Government had condemned the Bills in advance".[152] Die regering het egter geensins die handdoek ingegooi nie, want in dieselfde maand toe die Natal Mercury die regering gekritiseer het, het die Natalse Koloniale Sekretaris in 'n verklaring wat vir die Britse regering se kennisname opgestel is, verduidelik dat: „the Government considers if Natal is to become the home and place of settlement of a contended and increasing white community and if the present exodus of its manhood is to be prevented, it is of vital moment that effectual steps should be taken to secure the ultimate disappearance from the Colony of this class of Asiatic trader".[153]

Die Natalse regering het egter ná November 1908 al hoe meer tegemoetkomend teenoor die Indiërhandelaars begin optree. Hierdie optrede moet gesien word in die lig van die invloed wat die Hindoepriester Shankarand Swami, 'n hoog aangeskrewe Brahmaan, op die Natalse Hindoebevolking uitgeoefen het. As gevolg van Swami se optrede is twee Indiërverenigings, t.w. die Swadeshi- en die Veda Dharom Sabar-vereniging gestig met die doel om belangstelling in die handel by Natal-gebore Indiërs te wek. Die eerste aansoeke om handelslisensies van Natal-gebore Indiërs het dan ook inderdaad eers ná die stigting van hierdie verenigings ingekom. Swami het dus sy volgelinge op 'n terrein laat beweeg wat voorheen slegs vir die Biniane of Asiate van Mohammedaanse afkoms beskore was.[154]

In November 1909 het die hoof-lisensiebeampte van Natal die regering in kennis gestel dat 'n invloedryke groep Natal-gebore Indiërs onder leiding van Swami 'n belangrike petisie aan die Natalse parlement opgestel het. In die petisie is verklaar:

---

151) Pachai, op. cit., p. 79.
152) Ibid, aangehaal uit The Natal Mercury, d.d. 17/11/1908.
153) GH 878, 5541/1908 en G 640/1908.
154) CSO 1881, 6529/1909, Lisensiebeampte aan Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, d.d. 21/11/1909.

„(1) that their claims for just treatment and equal rights with the Europeans is based on the promise held out to their forefathers who were encouraged to emigrate to this Colony in order to develop the natural resources of the country at very low wages;

(2) your petitioners having been educated and brought up in European ways and having known no other country than this country in which they have made their homes, are denied the ordinary rights of earning an honest livelihood by following commercial pursuits". Hul het na „petty" lisensiebeamptes verwys en ten slotte is gevra „to remove the appellate right from the Licensing Boards to the Supreme Court".[155]

'n Regering wat reeds tevore ten gunste van Morcom se amendement was om Natal-gebore Indiërs in staat te stel om nuwe handelslisensies te bekom, sou begryplik ook nie ongeneë wees om gehoor te gee aan 'n derglike versoek van die hooflisensiebeampte nie, maar die probleem was dat die Natalse laerhuis reeds teen so 'n voorstel gestem het.[156]

Die Natalse regering het egter slegs gedeeltelik aan die wense van die petisionarisse gevolg gegee. In 1909 het die regering Wet 22/1909 ('n wysigingswet insake die lisensiewet op groot- en kleinhandel) op die wetboek geplaas waardeur aan Indiërhandelaars die reg verleen is om in gevalle waar die hernuwing van handelslisensies geweier word, na die Natalse hooggeregshof te appelleer.

Hoewel 'n vyfman-deputasie van Natal-gebore Indiërs weer in 1910 'n onderhoud met die Natalse regering gehad het oor verdere toegewings op die gebied van handelslisensies, was die Escombe-wet van 1897 nog steeds van krag toe Natal in die Unie opgeneem is.[157] In 1914 het 'n Kommissie van Ondersoek wat deur die Unie-regering aangestel is, bevind dat die Unie-regering geen verandering ten opsigte van die toekenning van handelslisensies kan aanbring solank dié mag by die

---

155) Ibid. Ter verduideliking van die petisionarisse se status het die Hoof-lisensiebeampte bygevoeg: „It is the descendants of the immigrants who came to Natal forty and fifty years ago ... The very prohibitive measures of the caste system of India would entirely exclude these Colonial born Hindu-Indians from going and residing in India. It is a somewhat strange and little knowing fact that very few of them can stand the tropical heat of the East".

156) Ibid. Kyk ook pp. 289-290 vir die standpunt van die regering en die houding van die laerhuis.

157) CSO 1883, 413/1910: Voorsitter, Natal Born Indian's Trade Protection Committee, aan Natalse Koloniale Sekretaris, d.d. 22/1/1910. Kyk ook in dieselfde lêer, 413/1910, Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, aan Voorsitter, Natal Born Indian's Trade Protection Committee, d.d. 25/1/1910.

Natalse plaaslike besture berus nie.[158]

Samevatting.

Die Moor-regering het, nadat 'n mislukte poging aangewend is om die kontrakstelsel te beëindig, 'n Kommissie van Ondersoek aangestel om die aangeleentheid te ondersoek, maar die samestelling van die kommissie was sodanig dat dit bestem was om die kwekers se belange te dien.

Die kommissie se bevindings was nie 'n weerspieëling van die gees waarin die laerhuis die aangeleentheid bespreek het nie; trouens, dit het hoofsaaklik die kwekers se standpunt gestel en aanbeveel dat kontrakarbeid nie gestaak moet word nie.

Die aanbeveling van die kommissie ten opsigte van die £3-lisensie en wat in 1910 deur wetgewing bekragtig is, was wel positief, maar die toegewings wat daarin vervat is, was te gering om die Indiërs te bevredig. Trouens, dit was later die £3-lisensie wat die Indiese regering laat besluit het om die kontrakstelsel vir Natal te beëindig. Die Natalse regering was daarvoor te vinde dat alle Indiërvroue van die £3-lisensie onthef word, maar onder druk van die kwekers, wat bevrees was dat hul daardeur te veel werksmense sou verloor, is 'n kompromie aangegaan waardeur slegs sekere Indiërvroue van die £3-lisensie onthef is. In belang van die kwekers is ook op aanbeveling van die kommissie, in wetgewing neergelê dat indien Indiërs weer vir ten minste twee jaar inboek, word hul van agterstallige lisensiegelde kwytgeskeld.

Afgesien van die druk wat die kwekers uitgeoefen het, moes die halfhartige optrede van die regering ook gesien word in die lig van die wisselvallige optrede van sommige lede van die anti-Indiërbeweging. So bv. het Yonge, voorheen 'n leidende figuur van die anti-Indiërbeweging en die opposisieleier Smythe, hul aan die kant van die kwekers geskaar teen die beëindiging van kontrakarbeid. Etlike lede van die anti-Indiërbeweging het die regering ook t.o.v. die handelslisensie-wetsontwerpe teengestaan. Sulke optrede het die regering gedwing om met die kwekers 'n vergelyk te tref. Vandaar dus die aanstelling

---

158) UG 16 van 1914: Bylaes tot die Volksraadsnotule.

van 'n pro-kweker-kommissie.

Ondanks die regering se pro-kweker-houding het die regering egter t.o.v. die beëindiging van die kontrakstelsel self in 1908 twee wetsontwerpe oor die beperking van Indiërhandel ingedien, t.w. om nuwe handelslisensies aan Asiate ná 31 Desember 1908 te verbied en om ná 31 Desember 1918 te weier om enige handelslisensies van Asiate te hernieu. Al redelike gevolgtrekking waartoe geraak kan word, is dat die regering deur Haggar se optrede geïnspireer is. Dit geld trouens vir al drie van Moor se Indiërwetsontwerpe.

Hoewel beide handelslisensiewetsontwerpe deur die Natalse parlement aanvaar is, het die Britse regering dit nie goedgekeur nie, veral vanweë die invloed van die Natalse Goewerneur en die druk wat die invloedryke Indiërhandelsklas uitgeoefen het. In die lig hiervan het die kwekers gelyk gehad dat dit verkeerd was om die hernuwing van lisensies aan Indiërs te weier, aangesien dit ook die ander wetsontwerp wat slegs nuwe handelslisensies aan Indiërs verbied het, sou verongeluk, presies wat gebeur het.

Onder druk van 'n Indiërleier, Swami, wat twee Hindoe-bewegings ten behoewe van Natal-gebore Indiërs gestig het, het die Natalse regering in 1909 (deur Wet 22) toegestem dat Indiërhandelaars na die hooggeregshof kon appelleer indien handelslisensies aan hul geweier word. Indien die Natalse afvaardiging na Indië in 1903 hierdie toegewing gemaak het, sou die Indiese regering toe wel ingestem het dat kontrakte van Indiër-immigrante in Indië kon eindig.

# HOOFSTUK 12.

## DIE BEHEER OOR EN DIE BEHANDELING VAN KONTRAKARBEIDERS, 1870 - 1910.[1]

### 1. Die omvang van die vraagstuk.

In die voorafgaande sewe hoofstukke is slegs aspekte van die Indiërvraagstuk wat op die een of ander wyse die Natalse politiek geraak het, veral soos dit in die Natalse parlement te berde gebring is, betrek. Die maatskaplike, ekonomiese en opvoedkundige toestande van die Indiërs self het oor die algemeen min belangstelling by die Natalse politici uitgelok. Dit is wel waar dat die eerste twee kommissies van ondersoek (dié van 1872 en dié van 1885 - 1887)[2] aandag aan dié aspek van die Indiërvraagstuk geskenk het, maar dit was slegs sover as wat die Natalse parlement daarby betrek was. Daar was egter nooit 'n grondige en omvattende bespreking daarvan in die parlement nie. Die rede hiervoor is voor-die-hand-liggend: Die kwekers, wat feitlik gedurende die hele periode (1870 - 1910) die Natalse politiek beïnvloed het, het geen ander belang by die Indiërs gehad as om hulle slegs vir arbeid aan te wend nie, terwyl daar geen party in die Natalse parlement was wat die Indiërs se sienswyse vertolk het nie. Derhalwe word in hierdie hoofstuk aandag geskenk aan die beheer oor en behandeling van kontrakarbeiders.

Die eerste groot maatskaplike vraagstuk wat Indiër-immigrasie meegebring het, was die kwessie van die behandeling, of liewer die beweerde mishandeling, van die kontrakarbeiders. Dit is 'n aangeleentheid wat trouens al voortgespruit het uit die eerste immigrasieskema, naamlik toe sommige van die terugkerende kontrakarbeiders Natal van mishandeling beskuldig het.[3]

Om sekere norme te probeer vind waarvolgens kontrakarbeiders in Natal behandel is, is uit die aard van die saak 'n uiters moeilike taak. Selfs indien die toestand in Natal vergelyk word met dié in ander gebiede waar Indiër-immigrante as kontrakarbeiders in diens geneem is, is dit nog nie 'n uitgemaakte saak wat as maatstawwe moet

---

1) Aangeleenthede soos die bekamping van siektes, mediese behandeling, hospitalisasie en drostery het so 'n groot omvang aangeneem dat dié sake geriefliker in 'n afsonderlike hieropvolgende hoofstuk behandel word.
2) Kyk p. 119
3) Kyk pp. 114 - 116.

dien nie. Die Indiese regering het bv. nooit die toestande in die verskillende gebiede waar kontrakarbeiders in diens geneem is, probeer vergelyk nie.[4)]

Om dus tot 'n algemene idee te kom van hoe die kontrakarbeiders in Natal behandel is, is die aangewese weg om alle getuienisse sover moontlik objektief en krities te beoordeel.

Die geloofwaardigste bronne, uit die oogpunt van die blankes beskou, is ongetwyfeld die verslae van die twee kommissies, die een van 1872 en die ander van 1885 - 1887. Sowel die kommissie van 1872, met die latere hoofregter Gallwey as een van die twee lede, as die Wragg-kommissie van 1885 - 1887, was dit eens dat die kontrakarbeiders in Natal, met enkele uitsonderings, oor die algemeen goed behandel is. In beide ondersoeke was die onpartydige oordeel van bekwame regsgeleerdes 'n belangrike faktor en hul oordeel moet gerespekteer word.[5)]

Gevalle van mishandeling het voorgekom soos immers verwag kon word waar groot getalle kontrakarbeiders in diens van baie werkgewers was. Dit was vir die Beskermer van Immigrante onmoontlik om met sy beperkte personeel behoorlik toesig te hou oor alles wat op die plantasies plaasgevind het. Dit was sy taak om te doen wat menslik moontlik was om gevalle van mishandeling te beperk en daarvolgens moet hy beoordeel word.

2. Die Beskermer van Indiër-immigrante en sy taak.

Die Beskermer van Immigrante is 'n benaming wat eers in 1872 in gebruik gekom het nadat die Indiese korrespondent van The Natal Mercury in 1871 en die Kommissie van Ondersoek van 1872 op dié benaming aangedring het.[6)]

Voor 1872 was die bekleër van dié pos bekend as die „Koelie-agent" (Coolie Agent), 'n titel wat nie juis algemene respek afgedwing het nie. Die magte van die Koelie-agent is egter deur Wet 12/1872

---

4) Amptelike publikasies van die Indiese regering bevat wel vergelykende statistieke, maar dit is gevaarlik om daaruit algemene gevolgtrekkings af te lei sonder 'n doeltreffende plaaslike ondersoek.
5) Kyk hoofstukke 5 en 6.
6) The Natal Mercury, d.d. 22/8/1871. Kyk ook p. 120 vir addisionele besonderhede aangaande die Beskermer.

heelwat uitgebrei en dit was hierdie uitgebreide magte wat die Beskermer van Immigrante van die Koelie-agent in 1872 oorgeërf het. Dit het alle sake rakende kontrakarbeiders van hul aankoms in Durban tot hul vertrek na Indië ingesluit.

Die Beskermer se vernaamste administratiewe pligte was om toesig te hou oor die toekenning van kontrakarbeiders en om toe te sien dat kontrakte tussen kontrakarbeiders en hul werkgewers behoorlik nagekom word. Daarbenewens het die Beskermer oor uitgebreide judisiële mag ten opsigte van kontrakarbeiders beskik.

Die Beskermers van Immigrante was almal amptenare wat om die een of ander rede besonder geskik was om die uiters verantwoordelike betrekking te beklee. Die eerste drie Beskermers was almal vroeër in die Indiese staatsdiens en was vertroud met die vernaamste tale in Indië. Mason, hul opvolger, was wel nie in die Indiese staatsdiens nie, maar het jarelange ondervinding in die kantoor van die Beskermer opgedoen en was beide Hindoestani en Tamil magtig.[7)]

Die vernaamste kritiek insake die beheer oor die kontrakarbeiders moet gerig word teen die Natalse regering wat toegelaat het dat te veel kontrakarbeiders Natal binnekom sonder dat daar doeltreffende hulp aan die Beskermer verleen is.[8)] Hoewel Wet 2/1870 neergelê het dat die Beskermer (toe nog as „Koelie-agent" bekend) ten minste twee maal jaarliks elke plantasie moes besoek, het dit weldra onmoontlik geblyk, veral toe die Natalse binneland al hoe meer van Indiër-immigrante gebruik gemaak het.[9)] Die Beskermer kon die binnelandse gebiede skaars een maal per jaar besoek.[10)] Die Beskermer het dit teen 1877 moeilik gevind om al die plantasies te besoek en het voorgestel dat die magistrate in die verskillende distrikte hom behulpsaam moes wees, maar daaraan is nooit uitvoering gegee nie.[11)] Die volgende jaar (1878) het die Trustraad

---

7) Stein, op. cit., pp. 29 - 30. Die Beskermer is aanvanklik bygestaan deur 'n Assistent-Beskermer (ook Eerste Klerk) en 'n Tweede Klerk wat as rekenmeester en sekretaris van die Trustraad opgetree het (II, 11/1/1, Jaarverslag van die Beskermer vir 1882: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/2/1883).

8) Kyk p. 43.

9) II, 11/1/2, R1410/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/10/1877. Kyk ook Wet 2/1870, Ordinances, Laws, Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

10) II, 11/1/3, R1411/1877: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 2/10/1877. Kyk ook jaarverslae van die Beskermer vir 1880 en 1881.

11) II, 11/1/2, R1410/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/10/1877.

ook by die regering daarop aangedring dat die Mediese Beamptes van Stanger en Umzinto die Beskermer met „the inspection of Estates within their circles" behulpsaam moes wees, maar die regering het die versoek geweier.[12)]

Intussen het die Beskermer soveel plantasies besoek as waartoe hy in staat was, veral langs die kus tussen Durban en Verulam en suid so ver as Umzinto en verder ook dié plantasies „on which my presence was required for any special reason".[13)] Die regering het egter volgehou dat die Beskermer al die plantasies moes besoek, maar geensins rekening gehou met die toename van kontrakarbeiders nie.[14)]

3. Die Onderbeskermer.

Vroeg in die tagtigerjare het die getal kontrakarbeiders in die binneland so toegeneem dat die Beskermer daarop aangedring het dat „an Inspector for the Upper Districts should be appointed without any delay".[15)] In 1882 het die regering eindelik ingewillig om 'n Onderbeskermer slegs vir toesig oor die binnelandse gebiede, veral die myngebiede van Noord-Natal, aan te stel.[16)] Laasgenoemde amptenaar het tot 1886 sy hoofkwartier te Pietermaritzburg gehad en moes volle verantwoordelikheid vir kontrakarbeiders in sy gebied aanvaar. Hy het gereeld maandeliks aan die Beskermer verslag gedoen, maar in dringende gevalle wanneer hy voorstelle wou indien, 'n spesiale verslag daaroor geskryf.[17)]

Die Beskermer se magte is, ingevolge Wet 21/1882, aan die Onderbeskermer binne sy betrokke gesagsgebied gedelegeer.[18)]

---

12) II, 11/1/5, 1243/1878: Notule van Trustraad, d.d. 11/10/1878. Kyk ook skrywe van Koloniale Sekretaris, d.d. 28/10/1878.
13) Beskermer se Jaarverslag vir 1877.
14) II, 11/1/4, 252/1878: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 12/3/1878.
15) II, 11/1/9, 837/1881: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/8/1881.
16) II, 11/1/11, 1026/1882: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 6/11/1882; II, 11/1/11, Beskermer se jaarverslag; Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/2/1883; II, 11/1/12, 108/1883: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 22/2/1883; II, 11/1/14, 735/1883: Notule van die Trustraad, d.d. 18/8/1883; II, 11/1/21, 1261/1884: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 24/9/1884.
17) Ibid.
18) II, 11/1/29, 1031/1885: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 10/8/1885. Kyk Wet 21/1882, Laws of Natal, 1879 - 1889 (compiled by W. Broome).

Die Trustraad was gekant teen die uitbreiding van die Onderbeskermer se kantoor weens die addisionele koste wat dit vir die kwekers sou meebring, m.a.w. doeltreffender beheer oor die kontrakarbeiders is deur die Trustraad, met die kweker Binns as voorsitter, teengestaan.[19)]

'n Verdere poging van die Trustraad om die judisiële funksies van die Onderbeskermer aan bande te lê, is deur laasgenoemde amptenaar gedwarsboom, veral weens sy argument dat sy regtelike funksies ongeskonde moes bly omdat dit sy prestige by werkgewers van Indiërs sou verhoog en sy taak sou vergemaklik om werkgewers te verplig om sy opdragte na te kom.[20)]

Hoewel die Onderbeskermer se terrein 'n moeilike gebied was om te besoek, het hy nogtans nuttige werk verrig.[21)] Ongelukkig is daar weer eens besluit om, ten koste van goeie beheer oor die kontrakarbeiders, te bespaar en is die pos van Onderbeskermer tydelik vir die periode vanaf 1887 tot 1892 opgehef.[22)] Teen 1892 het dit egter geblyk dat die kontrakarbeiders in die myngebiede besondere aandag verg en gevolglik is die pos van Onderbeskermer weer ingestel, maar sy hoofkwartier is na Estcourt, nader aan die myngebiede, verskuif.[23)]

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is die pos van die Onderbeskermer afgeskaf, maar vanaf 1 Desember 1902 heringestel. Na die herinstelling van sy pos was die Onderbeskermer besonder bedrywig. In 1903 het hy met 'n ondersoek van die myngebiede en van die toestande in die graafskappe van Weenen, Umvoti en Kliprivier, altesaam 300 plekke besoek en agtduisend myl gereis.[24)]

---

19) II, 11/1/23, 1680/1884: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 15/12/1884.

20) II, 11/1/29, 1031/1885: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 14/9/1885 en besluit van Trustraad, d.d. 25/9/1885.

21) II, 11/1/27, 758/1885: Onderbeskermer se verslag, d.d. 8/6/1885. Sekere dele van die Onderbeskermer se gebied was te perd byna onbegaanbaar. By een geleentheid het hy van sy perd geval en was hy 'n geruime tyd onwel (II, 11/3/31, Boek 2, p. 433: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/6/1905; II, 11/3/31, Boek 2, p. 572: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/8/1905).

22) II, 11/1/39, 470/1887: Beskermer aan Resident-magistraat, Newcastle, d.d. 23/4/1887.

23) II, 11/3/17, Boek 2, p. 593: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/9/1892: II, 11/3/18, Boek 1, p. 553: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 23/1/1893; GH 79, 5849/1892: Sekretaris vir Staat aan Goewerneur, d.d. 18/11/1892.

24) CSO 1836, 4634/1907: Subjects for Discussion by Colonial Secretary with a Deputation from the Indian Immigration Trust Board, 12/7/1907; Pachai, op. cit., p. 88.

In 1904 is die Onderbeskermer se hoofkwartier weer na Pietermaritzburg verskuif en het sy betrekking intussen van soveel belang geword dat die salaris verbonde aan die pos selfs dié van die Assistent-Beskermer oortref het.[25] Die werk van die Onderbeskermer het teen 1907 so toegeneem dat die Beskermer selfs teen 1907 aangedring het op 'n plaasvervanger tydens die Onderbeskermer se gewone verlof.[26]

4. Assistent-Beskermer.

Die geweldige toename in kontrakarbeiders het dit ook reeds in 1884 nodig gemaak dat die Beskermer sy besoeke slegs tot die Noordkus moes beperk, terwyl die Suidkus deur die Assistent-Beskermer, 'n amptenaar met 'n hoër rang as die Onderbeskermer, besoek is. Vanaf 1887 tot 1892 het die Assistent-Beskermer ook die inspeksies van die Onderbeskermer oorgeneem. Net soos in die geval van die Onderbeskermer is die magte van die Beskermer aan die Assistent-Beskermer gedelegeer ten opsigte van die gebied wat hy moes besoek.[27] Die Beskermer het hom egter die reg voorbehou om enige plek waar kontrakarbeiders in diens was, te besoek, veral die steenkoolmyne in Noord-Natal.[28]

5. Die Beskermer se regtelike pligte.

Op die plantasies moes die werkgewer ooreenkomstig Wet 2/1870 'n salarisregister hou, waarin alle salarisbesonderhede aangeteken is, want dit was die Beskermer, Assistent- en Onderbeskermer se plig om toe te sien dat lone gereeld betaal word. Die Beskermer, of sy plaasvervanger, kon tydens sy besoek aan die plantasies in gevalle waar lone nie gereeld betaal is nie, of in gevalle van mishandeling, die werkgewers vervolg.

Dit was moeilik vir kontrakarbeiders om hul saak behoorlik voor 'n magistraat in 'n vreemde land wat van tolke moes gebruik maak, te stel

---

25) II, 11/3/31, Boek 1, p. 393: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 6/6/1904; II, 11/3/31, Boek 2, p. 177: Statistieke wat deur die Beskermer verstrek is, ongedateer Januarie 1905. Op die begroting vir die boekjaar 1905/1906 is 'n bedrag van £460 as salaris vir die Onderbeskermer geplaas, terwyl dié vir die Assistent-Beskermer slegs £360-8-4 was.

26) II, 11/3/32, Boek 2, p. 257: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/12/1907.

27) II, 11/1/19, 419/1884; Jaarverslag van Beskermer vir 1887; II, 11/1/11, 1054/1882: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 21/2/1883; Trustraad se Jaarverslag vir 1892 - 1893.

28) II, 11/3/33, Boek 2, pp. 297 - 298: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 10/12/1908.

Daarom het beide Brittanje en Indië daarop aangedring dat die Beskermer liewer self met 'n sekere mate van judisiële gesag beklee word om sake rakende kontrakarbeiders te verhoor.[29] Daarbenewens het die verkryging van behoorlike tolke ook voortdurend 'n netelige vraagstuk gebly.[30] 'n Tolk van Noord-Indië wat nie Tamil magtig was nie, was ongewens omdat die meerderheid immigrante Tamil-sprekend was. Om die probleem die hoof te bied, het die Wragg-kommissie in 1887 aanbeveel dat die Skoolraad vir Indiër-immigrante 'n spesiale poging aanwend om Indiërs as tolke op te lei en in Tamil en Engelste laat eksamineer, terwyl daar vir die hooggeregshof 'n Tamil-tolk teen 'n salaris van £200 per jaar aangestel moes word.[31]

Die Beskermer het in 1887 ook by die regering beswaar gemaak dat sekere prokureurs werwers („touters") aanstel om vir hul kliënte onder die Indiër-immigrante te werf, maar 'n regeringskommissie het bevind dat die Beskermer se vermoede wel waar kon wees, maar dat hy nie voldoende bewyse vir sy aantygings gelewer het nie.[32]

Afgesien van diensdoenende kontrakarbeiders, is die Beskermer ook deur Wet 12/1872 met dieselfde mag as 'n magistraat beklee om sake van gewese kontrakarbeiders en hul nasate wat onder die gewone „Masters and Servants Act" (Ord. 2/1850) ressorteer, te verhoor. In siviele sake kon hy geskille tussen Indiër-immigrante besleg en toesien dat sy beslissings uitgevoer word. Wet 12/1872 het ook bepaal dat geskille oor lone tussen die werkgewer en die kontrakarbeiders wat voorheen slegs deur 'n magistraat verhoor was, ook in die vervolg deur die Beskermer vehoor kon word.

Al het die Indiese regering en die Natalse Indiërs dit as die plig

---

29) GH 20, 256: Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, d.d. 9/12/1872; The Natal Mercury, d.d. 8/4/1873.

30) In 1878 het 'n leser byvoorbeeld soos volg aan The Natal Mercury geskryf: „Not the least of the many grievances that the Madras immigrant has to suffer during his exile in Natal is the difficulty of obtaining a fair hearing at the bar of justice. The difficulty subsists not so much in the character of the laws by which they are tried, as in the medium by which the trials are conducted. I will specify for the present only the item of defective translation and interpretation which lies at the root of all the injustice that is complained of" (The Natal Mercury, d.d. 30/10/1878: brief van „V. R." d.d. 25/7/1878).

31) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag.

32) II, 11/1/36, 1089/1886: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/3/1887; II, 11/1/36, 1443/1886: Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/2/1887; GH 57, I 1089/1886: Report of Messrs. Bale and Laughton, who were appointed a Special Committee to consider the complaint of the Protector, dated 12/4/1887.

van die Beskermer beskou om slegs in belang van die Indiërs op te tree, was die judisiële gesag waarmee die Beskermer beklee is, 'n duidelike aanduiding dat die bedoeling ook was dat die Beskermer reg moes laat geskied teenoor die werkgewers. Dit kon immers nie van die Beskermer verwag word om partydig te wees wanneer hy sake verhoor waarin die werkgewer een van die partye is nie. Die Beskermer het trouens in 1873 ook 46 gevalle namens die werkgewers opgeneem. Die funksie van die Beskermer was dus om reg te laat geskied en nie om partydig te wees nie.[33)]

As gevolg van druk wat die Beskermer op die regering uitgeoefen het, is Wet 19/1874 aangeneem waarin die verhouding van die Beskermer tot die magistrate m.b.t. die verhoor van Indiërsake behoorlik uiteengesit is.[34)] Magistrate kon daarvolgens, net soos die Beskermer in die verlede, sake in verband met verleiding, veelwywery en vroueroof onder Indiërs verhoor. Die Beskermer kon gevalle van aanranding waarby Indiërs betrokke was, met dieselfde gesag as magistrate verhoor, asook sake met betrekking tot die verblyf van tien jaar van kontrakarbeiders en die leen en vervalsing van sertifikate insake Indiërs. Sake rakende Indiërs kon deur die magistraat of die Beskermer afsonderlik verhoor word of gesamentlik, in welke geval die Beskermer oor die beslissende stem sou beskik. Die Beskermer kon sake rakende Indiërs wat deur 'n magistraat verhoor was, na die goewerneur vir heroorweging stuur, indien hy dit wenslik ag.[35)] Daarby kon die Beskermer ook kontrakte van Indiërs registreer en vanaf 1875 is die Beskermer ook gemagtig om sake aangaande leeglêery onder Indiërs te verhoor.[36)] Volgens die Luitenant-goewerneur het Wet 19/1874 voldoende waarborg aan die kontrakarbeiders gebied om hulle teen mishandeling te beskerm.[37)]

Die Beskermer is ook gemagtig om klagte van kontrakarbeiders by sy kantoor (aanvanklik te Pietermaritzburg en later te Durban) aan te hoor. Aan die voorstel van die Beskermer om agt takhowe vir sy

---

33) Daarom is die opvatting van Indian Opinion soos dit in die uitgawe van 21/7/1906 voorkom, in dié verband geheel en al onaanvaarbaar. Dié blad het die Beskermer die reg ontsê om die werkgewer te adviseer. Kyk in dié verband Pachai, op. cit., p. 94; Beskermer se jaarverslag vir 1873.

34) II, 11/3/2, pp. 397 - 398: Beskermer se memorandum, d.d. 31/7/1873. Kyk ook Wet 19/1874, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

35) The Natal Mercury, d.d. 10/4/1872.

36) Natalse Wet 14/1875, Ordinances, Laws, Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

37) GH 179, 49; Luitenant-goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 19/11/1872.

gerief tydens inspeksies op spesifieke plekke op te rig, wou die regering nie voldoen nie omdat die taak van die Beskermer vir hulle nie soseer die verhoor van sake was nie, maar „encouraging Coolies to look to him for the adjustment of those difficulties and differences which for the good of all concerned, should be settled by his investigation and advice".[38)]

In die praktyk het Wet 19/1874 soms tot wrywing tussen die magistrate en die Beskermer gelei. In Februarie 1877 het die Beskermer bv. geweier om die magistraat van Inanda by te staan toe daar tweedrag tussen 'n sirdar en die kontrakarbeiders van 'n sekere landgoed ontstaan het.[39)] Die Beskermer was nietemin ten gunste van 'n gesamentlike verhoor deur die magistraat en homself, maar daarvoor was die magistraat weer nie te vinde nie omdat hy gemeen het dat die saak buite die hof geskik kon word. Bowendien het die magistraat nie daarvan gehou dat die Beskermer sake moes verhoor nie, aangesien die Beskermer die reg gehad het „of reviewing their (magistrate's) decisions". Die regering het die magistraat van Inanda ondersteun en by die Beskermer aanbeveel dat hy sover moontlik hofsake moes vermy en liewer die kontrakarbeiders moes help om hofgedinge te voorkom.[40)] Die Beskermer self het ook nie altyd daarvan gehou om sake te verhoor nie. Die Beskermer het bv. in April 1877 geweier om 'n Durbanse saak waarin 'n Indiër betrokke was, te verhoor „when there is a magistrate on the Bench, in the next room, with interpreters and all the necessary machinery for disposing of cases of this sort".[41)]

Die Wragg-kommissie was in sy verslag van 1887 daarteen gekant dat die Beskermer oor judisiële gesag beskik en het dit as „cheap justice" bestempel.[42)] Die aanbevelings van die kommissie om dit te

---

38) II, 11/3/2, Boek 1, p. 341: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/1/1873; II, 11/1/5, 1202/1877: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 10/4/1877. Omdat die Beskermer so dikwels van Durban afwesig was, het hy gemeen dat die takhowe 'n oplossing sou wees vir die sake wat hy nie te Durban kon verhoor nie (II, 11/1/2, R782/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/3/1877).

39) Die Beskermer het geweier omdat hy by 'n vorige geleentheid vergeefs opgedaag het (die magistraat het reeds self die saak by dié geleentheid beslis en die Beskermer moes die lang pad terug aflê sonder dat sy hulp werklik nodig was).

40) II, 11/1/2, R782/1877: Beskermer aan Resident-magistraat, Inanda d.d. 21/2/1877; Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/3/1877; Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 7/3/1877; Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/3/1877; Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 19/3/1877; Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/3/1877; Resident-magistraat, Inanda, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/4/1877; Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 10/4/1877 (Al die briewe kom in gemelde lêer voor).

41) II, 11/1/2: R143/1877, Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer d.d. 26/4/1877 en Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/5/1877.

42) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887.

beëindig is egter slegs gedeeltelik in wetgewing omgeskep en Wet 25/1891 het die Beskermer nog gemagtig om tydens sy besoeke aan plantasies sodanige gesag uit te oefen, maar slegs t.o.v. kontrakarbeiders se klagtes en nie meer t.o.v. gewese kontrakarbeiders nie. Die gebruik dat die Beskermer strafsake verhoor, het as gevolg van Wet 25/1891 feitlik geheel en al in onbruik geraak.[43] Die Beskermer kon egter kosteloos vir die kontrakarbeiders reëlings tref vir 'n appèl na die hoër howe teen die uitspraak van die magistrate.[44]

6. Die aanhoor van kontrakarbeiders se klagte deur die Beskermer.

Die wyse waarop die Beskermer mishandelde kontrakarbeiders se klagte kon vasstel, was gereël d.m.v. die volgende prosedure: Eerstens het die kontrakarbeiders die geleentheid gehad om klagte by die Beskermer aanhangig te maak tydens laasgenoemde se besoeke aan die plantasies. Die Beskermer het hulle dan gewoonlik in die teenwoordigheid van die sirdars en bestuurders vir dié doel byeengeroep, maar dan was die meeste kontrakarbeiders te vreesbevange om te kla. Selfs in gevalle waar die Beskermer die sirdars en bestuurders van die kontrakarbeiders verwyder het, was die kontrakarbeiders nog altyd agterdogtig en skrikkerig, hoewel meer gewillig om hul gevoelens openbaar te maak. Ongelukkig was hul klagte dikwels onbetroubaar en moeilik om in die hof te bewys.[45]

Tweedens kon die kontrakarbeiders self hul klagte by die Beskermer se kantoor aanhangig maak. Dit was die algemene wyse waarop klagtes die Beskermer bereik het, veral by die Durbanse kantoor, maar daar was groot probleme vir die kontrakarbeider aan so 'n optrede verbonde.

---

43) II, 11/3/17, Boek 1, p. 673: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/6/1892. Kyk ook Wet 25/1891, Natal Laws, 1890 - 1894.

44) II, 11/3/30, Boek 1, pp. 197 - 198: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/1/1902.

45) II, 11/3/19, Boek 1, pp. 606 - 609: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/9/1893; II, 11/1/83, 1996, Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/7/1896. Die Wragg-kommissie het die standpunt ingeneem dat die bestuurder en sirdars teenwoordig behoort te wees terwyl die Beskermer die kontrakarbeiders ondervra het, maar die kommissie het nie 'n gegronde rede daarvoor aangevoer nie (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Verslag van die Wragg-kommissie). So 'n optrede kon slegs in belang van die werkgewer wees en nie in die belang van die kontrakarbeiders nie.

Hy moes naamlik as hy 'n klag teen sy baas aanhangig wou maak, eers ooreenkomstig Wet 2/1870 'n pas van sy werkgewer kry om by die naaste magistraat of by die Beskermer sy klagte in te dien. Volgens die Beskermer het die werkgewer selde so 'n pas geweier „because he is afraid of putting himself in the wrong". Indien die werkgewer so 'n pas geweier het, was die kontrakarbeiders volgens die Beskermer voldoende deur Wet 12/1872 beskerm „from the penalties for unlawful absence".[46] Dit is moeilik om die Beskermer se getuienis te aanvaar dat dit vir die kontrakarbeiders maklik was om passe van hul werkgewers te kry, want dit bly nogtans 'n feit dat baie Indiërs skrikkerig was om by hul werkgewers passe te vra om klagte in te dien. Dit was die swakste skakel in die Beskermer se beheer.[47]

Die wetgewers was bewus van gemelde swak skakel. Gevolglik het hul deur middel van Wet 25/1891 'n wysiging aangebring, naamlik dat kontrakarbeiders wat sonder 'n pas onderweg na die Beskermer se kantoor of na die naaste magistraatskantoor is om 'n klag in te dien, nie vervolg kon word nie. Vanaf 1903 moes die klaer eers 'n pas van die naaste magistraat bekom voordat hy na die Beskermer se kantoor kon gaan.[48] Indien die klag egter ongegrond blyk te wees, kon daar weer, soos vóór 1891, teen die betrokke kontrakarbeider opgetree word. Hoewel dit 'n beter reëling was om enersyds Indiërs met gegronde klagte teen gewetenlose werkgewers te beskerm en andersyds te voorkom dat kontrakarbeiders onnodig, weens luiheid, van hul werk wegbly, was die kern van die klousule dat die magistraat moes besluit of dit 'n gegronde klag was of nie voordat hy 'n pas uitreik. Indien die magistraat 'n vriend van die werkgewer was, kon hy maklik so 'n pas weier. Dikwels was die kontrakarbeiders weens armoede nie in staat

---

46) II, 11/1/2, R782/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/3/1877. Kyk ook art. 8, Wet 12/1872, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

47) Ibid; The Natal Advertiser, d.d. 19/9/1908: brief van „One who Knows". Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887. Selfs Indiërs wat die tronk verlaat het, is van passe vir 'n aantal dae voorsien om hulle in staat te stel om ongestoord na hul werkgewer terug te keer (II, 11/1/33, 241/1886: Beskermer aan Resident-magistraat, Durban, d.d. 1/3/1886). Indiërs wat na negeuur saans weg van hul tuistes was, moes ook van passe voorsien word (II, 11/3/31, Boek 2, p. 925: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/2/1906). Teen 1891 kon 'n kontrakarbeider gearresteer word indien hy meer as een myl van sy tuiste sonder 'n pas gevind is (Wet 25/1891, Natal Laws, 1890 - 1894).

48) Die Beskermer se jaarverslag vir 1903. Kyk ook Wet 25/1891, art. 30, Natal Laws, 1890 - 1894.

om 'n ver reis na Durban af te lê waar hulle op die simpatieke behandeling van die Beskermer kon staatmaak nie. In sulke gevalle moes die kontrakarbeiders hulle berus by die Beskermer se besoeke aan plantasies wat eintlik twee maal per jaar moes plaasvind, maar wat gewoonlik, weens die veelvuldige pligte van die Beskermer, slegs een maal per jaar geskied het.[49)]

'n Probleem wat reeds in 1877 die aandag van die regering geniet het en wat dwarsdeur die periode van die kontrakstelsel feitlik onopgelos gebly het, het in verband gestaan met die stelsel wat op die plantasies van toepassing was, naamlik om geskikte sirdars aan te stel wat oor die kontrakarbeiders behoorlik en met die nodige simpatie kon toesig hou. Reeds in 1877 het die Beskermer verklaar: „It is undoubtedly an evil that sirdars of a caste which would command respect of the Coolies cannot always be obtained here as would be the case in India". Die Beskermer verduidelik voorts dat immigrante van Madras gewoonlik deur die kwekers as sirdars aangestel word omdat hulle slimmer is, maar die kontrakarbeiders wat van Noord-Indië afkomstig was, het dié sirdars verag „chiefly on religious grounds and because they esteem them their inferiors in strength and courage". Die naywer tussen die immigrante vanaf Noord- en Suid-Indië het aanleiding tot baie klagte gegee en die Beskermer het magteloos daarteenoor gestaan. Al wat hy kon doen, was „to guard against the tyrannical use by these men (sirdars) of their power, and to punish any proven case of such misuse with severity". Die Beskermer het egter geweier om in dié verband teen die kwekers op te tree, want „dictation on this subject to the planter would amount to an undue interference with the working of his estate".[50)]

## 7. Die hoofdoel vir die instelling van die Trustraad.

Sedert die ontstaan van die Trustraad in 1874, [51)] was daar steeds

---

49) Polak, H.S.L. The Indians of South Africa and A Tragedy of Empire: Treatment of British Indians in the Transvaal, Madras, Natesan, 1910, Eerste Druk, p. 30.

50) II, 11/1/2, R84/1877: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 19/3/1877. In 1879 is 'n opsigter deur vier kontrakarbeiders aangerand en is sy skedel gebreek (Jaarverslag van die Beskermer vir 1879). In 1881 was daar ook klagte teen drie opsigters van verskillende plantasies. Volgens die Beskermer: „The guilty on both sides having been punished, order was restored" (Jaarverslag van die Beskermer vir 1881).

51) Kyk pp. 126, 13.

'n noue verband met die Beskermer van Indiër-immigrante. Aanvanklik het die Trustraad uit drie genomineerde lede bestaan waarvan die Beskermer ex officio een was. Hoewel die Trustraad hoofsaaklik in die lewe geroep is om die finansiering van Indiër-immigrasie te behartig, het The Natal Mercury die skepping van die Trustraad beskou, „as a check upon the Protector's proceedings".[52] Stein, wat 'n intensiewe studie van die verhouding tussen die Trustraad en die Beskermer gemaak het, stel dit soos volg: „Theoretically, the Protector was advised and assisted, not controlled by the Board, but usually they co-operated closely".[53] Die Natalse regering het die posisie soos volg uiteengesit: „The whole control of the introduction of Indian Immigrants into this Colony is vested in the Indian Immigration Trust Board of which body the Protector of Immigrants is the executive officer for the purpose of conducting correspondence with the Agencies in India".[54]

8. Die Trustraad en die behandeling van die kontrakarbeiders.

Aanvanklik was daar selde tweedrag tussen die Trustraad en die Beskermer, veral vanaf 1870 tot vóór 1880 toe die kwekers nog geen verteenwoordiging in die Trustraad geniet het nie. Dit is ook opvallend dat daar geen noemenswaardige gevalle van mishandeling gedurende genoemde periode aangemeld is nie. Dit is natuurlik ook moontlik dat die kommissie van 1872 wat die klagte van terugkerende kontrakarbeiders ondersoek het, die kwekers al hoe meer lugtig gemaak het. Daar was wel af en toe gevalle van selfmoord, maar die magistrate was nie in staat om enige afleidings van dié gevalle te maak nie.[55]

Uit die stukke wat die Beskermer in sy kantoor oor mishandeling bygehou het, blyk dit dat die volgende aanhaling uit sy jaarverslag vir 1876 op die hele periode 1870 - 1880 van toepassing kan wees: „Complaints are generally of a very trivial nature and employers, as soon

52) The Natal Mercury, d.d. 7/6/1877.
53) Stein, op. cit., pp. 16 - 17.
54) II, 11/1/21, 1281/1884: Koloniale Sekretaris aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 1/10/1884.
55) II, 11/3/2, Boek I, p. 433: Beskermer aan E. Essery, Torvalle-landgoed, d.d. 28/11/1873; The Natal Mercury, d.d. 11/9/1878; II, 11/1/3, 461/1877: Distriksgeneesheer, Umlazi-afdeling, aan Resident-magistraat, Umlazi, d.d. 25/1/1877.

as the matter is explained to them, show the greatest willingness to afford redress. General complaints of servants against their masters are rare; only one case of assault has been brought before me and this of a very slight character. Indians are fully aware that they can obtain redress at my office. I frequently converse with them when travelling and if they were discontented should soon be made aware of it".[56)]

Vanaf 1880 het die toestand geleidelik verander nadat die kwekers algaande meer seggenskap in die Trustraad verkry het en die houding van die Beskermer daardeur beïnvloed is. Die kwekers, veral die groot kwekers, het al hoe meer 'n onverskillige houding ten

---

56) II, 11/1/2, 219/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1877. In 1875 was 'n magistraat verplig om agtien Indiërs met 2/6 elk te beboet omdat hulle nie na hulle werk wou terugkeer nadat beloof is dat hul klagte oor die toesighouer ondersoek sou word nie (The Natal Mercury, d.d. 24/4/1877). In 1877 het 'n streeksgeneesheer vir Avoca-sirkel getuig dat 'n Indiërvrou wat swanger was, met 'n sweep of sambok geslaan is, maar daar is nie bewys dat dit deur haar werkgewer gedoen is nie (II, 11/1/2, R306/1877: G. Lindsay Bonnar aan Beskermer, d.d. 20/7/1877). In 1878 is 'n werkgewer beboet omdat hy 'n kontrakarbeider aangerand het, maar daar was 'n groot mate van uittarting by die saak betrokke, aangesien die Indiër sonder verlof van sy werk weggebly en geweier het om gehoor te gee nadat hy vier maal versoek was om hom vir diens aan te meld (II, 11/1/3, 603/1877: Hofsaak Staat vs. T. Ritson, Little Umhlanga-Takhof, d.d. 8/1/1878). In 1877 het 86 Indiërs van 'n plantasie (Delta-landgoed) weggeloop omdat hulle geweier het om deur vier Bantoes opgepas te word, maar daar was geen bewys van mishandeling nie. Die Beskermer het daarop aan die magistraat van Umlazi opdrag gegee om in die aangeleentheid te handel soos hy goeddink (II, 11/1/2, R209/1877: J. Peddie aan Beskermer, d.d. 18/5/1877 en die Beskermer aan die Resident-magistraat te Umlazi, d.d. 19/5/1877). In 1880 is die kontrakarbeiders van 'n werkgewer weggeneem omdat hy 'n Indiërvrou aangerand het (Jaarverslag van die Beskermer vir 1880). Die Beskermer was egter in 1881 daarvan oortuig dat die goeie klas kontrakarbeiders nooit klagte ingedien het nie (Jaarverslag van die Beskermer vir 1881; II, 11/1/5, 1360/1878: Bestuurder, Virginia-landgoed, aan Beskermer, d.d. 23/10/1878; II, 11/1/5, 1397/1878: Bestuurder, Hill Head-landgoed, aan Beskermer, d.d. 18/11/1878; II, 11/1/5, 1371/1878 en 1365/1878, Drs. Green en J. McIntyre aan Beskermer, d.d. 9/11/1878 (twee briewe met dieselfde datum); II, 11/1/5, 1459/1878: Mediese Beampte, Verulam-sirkel, aan Beskermer, d.d. 29/11/1878). In 1877 het 'n Indiërtolk op die emigranteskip, die Umvoti, ook soos volg verwys na die kontrakarbeiders in Natal: „All of whom are well cared for, comfortably hutted, conformably to the new labour law, and apparently in the enjoyment of good health". Die betrokke Indiër het die sterftesyfer van ongeveer 2% onder Natalse kontrakarbeiders nie as buitensporig hoog beskou nie (Madras Times, d.d. 7/11/1877: V.R. aan Redakteur, oorgeneem deur The Natal Mercury, d.d. 18/3/1878).

opsigte van die behandeling van kontrakarbeiders ingeneem omdat hul geweet het dat die Beskermer met die kwekers se verteenwoordigers op die Trustraad rekening moes hou.[57)]

Volgens Burgess, 'n personeellid van die Trustraad, was daar teen 1884 reeds drie kwekers wat op die Trustraad gedien het, terwyl die oorblywende twee lede min belangstelling teenoor die kontrakarbeiders getoon het. Burgess het die Beskermer ook daarvan beskuldig dat hy sedert die begin van die tagtigerjare al hoe minder belangstelling teenoor die klagte van die kontrakarbeiders geopenbaar het. Hoewel die Beskermer homself probeer verontskuldig het deur te verwys na die groot hoeveelheid ongegronde klagte wat kontrakarbeiders ingebring het, was die voorbeelde wat die Beskermer genoem het (die plantasies van La Mercia, Virginia en Hill Road) hoofsaaklik gevalle uit die sewentigerjare.[58)]

Hoewel Burgess die Beskermer daarvan beskuldig het dat hy nie sterk genoeg teen werkgewers opgetree het wat hul kontrakarbeiders mishandel het nie, al wat hy sou gedoen het, was om verdere toekennings van immigrante aan hul te weier, moet in gedagte gehou word dat die Beskermer in ooreenstemming met die Prokureur-generaal se advies opgetree het. Die bewering van Burgess dat allerlei struikelblokke in die weg van kontrakarbeiders met gegronde klagte gelê is om na Indië terug te keer, word deur geen ander bron ondersteun nie en sy verklaring moet in die lig van die Wragg-kommissie se verslag, as oordrewe beskou word. Nogtans kan Burgess se verklaring nie sonder meer verwerp word nie, veral in die lig van die ondersteuning wat hy van die Prokureur-generaal en die Luitenant-goewerneur ontvang het.[59)]

Daar was in die tagtigerjare aanduidings dat die Trustraad 'n finansiële houvas op die Beskermer en sy personeel wou kry. So bv. het twee amptenare van die Beskermer se departement na-ure hulp aan die Trustraad verleen, waardeur hul salarisse aansienlik aangevul is,[60)]

57) Kyk pp.151-152 waar Burgess se standpunt behandel word.
58) Ibid.
59) Ibid; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887.
60) II, 11/1/7, 1140/1880: Notule van die Trustraad, d.d. 10/11/1880.

met ander woorde „wiens brood men eet diens woord men spreekt". Hoewel die salaris van die Beskermer deur die wet bepaal is en nie deur die Trustraad verminder kon word nie, het dit nogtans in 1886 gebeur dat die Trustraad aanbeveel het dat die salarisse van die Assistent-Beskermer en die Onderbeskermer met 5% verminder word en dat die hoeveelheid perde wat tot beskikking van die Beskermer gestel is van vier tot twee verminder word.[61)]

In dié verband moet in gedagte gehou word dat die Trustraad se optrede gevolg het nadat sy voorsitter, Henry Binns, deur die Beskermer gemaan is oor die feit dat een van Binns se opsigters, ene Bazley, 'n kontrakarbeider aangerand het.[62)] Binns het selfs die tussenkoms van die regering in dié aangeleentheid verkry, maar die Beskermer het volgehou dat „warnings thus administered appear to have quite as good an effect as a nominal fine".[63)] In 1887 het Binns weer met die Beskermer moeilikheid gehad omdat hy 17 kontrakarbeiders vir karweiwerk buite Natal se grens gestuur het sonder dat hy vooraf die goedkeuring daarvoor van die Beskermer ontvang het. Teen dié tyd was Binns egter nie meer voorsitter van die Trustraad nie, maar het hy nog steeds 'n groot politieke rol gespeel en kon hy druk op die Beskermer uitoefen, veral in die lig van die feit dat die Prokureur-generaal Binns ondersteun het.[64)]

Die Trustraad het ook invloed op wetgewing insake Indiërs uitgeoefen, want dit was gebruiklik dat klad-wetsontwerpe voor die Trustraad vir advies gelê is. By sulke geleenthede het die Trustraad en

---

61) II, 11/1/37, 103/1887: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 3/2/1887. Kyk ook besluit van Trustraad, d.d. 1/12/1886. Daar was ook nog ander voorbeelde van so 'n finansiële houvas: vanaf 1881 is die Beskermer en sy personeel uit die fondse van die Trustraad betaal (Jaarverslag van die Beskermer, 1881). Wet 25/1891 het bepaal dat die salarisse van die Beskermer, Onderbeskermer en Assistent-Beskermer uit die fondse van die Trustraad betaal moet word en dat die Trustraad die nodige klerke moet aanstel om die bepalinge van gemelde wet uit te voer. Wet 17/1895 het bepaal dat die Beskermer, Assistent-Beskermer en Onderbeskermer deur die Tesourie betaal word, maar die aanstelling van die klerke het nog by die Trustraad berus. Vanaf 1895 tot 30 Junie 1903 het die staat jaarliks £1500 aan die Trustraad betaal met die doel om die personeel van die Beskermer se Departement te betaal (CSO 1836, 4634/1907: Subjects for Discussion by Colonial Secretary with a Deputation from the Indian Immigration Board, 12th July, 1907).

62) II, 11/1/22, 1633/1884: Beskermer aan Umhlanga-vallei-maatskappy, d.d. 15/12/1884.

63) II, 11/1/22, 1633/1884: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 23/1/1885 en die Beskermer aan die Koloniale Sekretaris, d.d. 26/1/1885.

64) II, 11/1/37, 162/1887: Beskermer aan Koloniale Sekretaris d.d. 15/2/1887.

die Beskermer mekaar natuurlik oor en weer beïnvloed, aangesien die Beskermer ook lid van die Raad was. Wanneer die Beskermer aanbevelings gedoen het waarvan die kwekerverteenwoordigers op die Trustraad nie gehou het nie, is daaraan geen uitvoering gegee nie, bv. toe hy voorgestel het dat wetgewing ingedien moes word om eienaars van plantasies verantwoordelik te hou vir die misdade van hul bestuurders en sirdars, veral ook omdat die vervanging van bestuurders en sirdars op groot plantasies nie altyd die gewenste uitwerking gehad het nie.[65)]

Mishandeling van kontrakarbeiders het toegeneem namate die kwekers groter seggenskap in die Trustraad verkry en die Trustraad druk op die Beskermer uitgeoefen het om nie te hardhandig teenoor die kwekers op te tree nie. Alreeds in 1883 was die Beskermer besorgd oor dié toestand dat „in most cases the Indians are left entirely to managers, and the employers never interfere with the working of the estates".[66)] Die Beskermer het by die regering om hulp aangeklop, maar al raad wat hy kon kry was om verdere toekennings van kontrakarbeiders aan werkgewers wat hul immigrante mishandel het, te weier.[67)] Daarop het die Beskermer van die maandstate i.v.m. die behandeling van kontrakarbeiders wat magistrate en geneeshere aan hom gestuur het, gebruik gemaak om werkgewers te waarsku teen verdere oortredings in die toekoms. In geval hul nie daarop ag geslaan het nie,

---

65) II, 11/1/11, 1171/1882: Prokureur-generaal se verslae, d.d. 20/2/1883 en 12/11/1883; II, 11/1/18, 238/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/3/1884 met bylae: Beskermer se Jaarverslag vir 1883.

66) Ibid. By 'n later geleentheid het die Beskermer verder soos volg hieroor verslag gedoen: „In a large estate the work is divided among several sub-managers to whom is left the management of respective gangs; in the crushing season for instance, each man will be required to supply the mill daily with a certain quantity of cane and the Managing Director will look to see what each one has done and in a case of failure on the part of anyone, bring that officer to book who to put things right is apt to press the Indians under him" (II, 11/1/153, 11781/1907: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, ongedateerd). In 1882 het die Mediese Beampte vir Durban-sirkel, dr. G. Lindsay Bonnar, soos volg getuig: „While I am of opinion that the employers of Coolies generally are kind and considerate and even indulgent to their men, instances are continually coming under my notice, especially in the Depot at Addington, where complaints of cruelty are made against the sirdars put over them" (II, 11/1/1, 1882: G. Lindsay Bonnar aan Beskermer, 10/1/1882).

67) II, 11/1/11, 1171/1882: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 20/2/1883.

het hy geweier om verdere kontrakarbeiders aan hul toe te ken, of om selfs die immigrante waaroor hul wel beskik het, van hul te verwyder.[68] Dit is blykbaar wat Burgess in sy kritiek teen die Beskermer in gedagte gehad het. Hy wou hê dat die Beskermer sulke sake plaaslik moes ondersoek en nie slegs 'n briefwisseling daaroor voer nie. Die Wragg-kommissie het trouens die Beskermer ook betig omdat hy die Indiërs wat by die Natalse Spoorweë werksaam was, nie gereeld besoek het nie.[69] Nogtans moet in gedagte gehou word dat die Beskermer een van die moeilikste take in die Natalse staatsdiens verrig het wat met die toenemende aantal Indiërs al hoe moeiliker geword het. In 1896 toe die regering die Beskermer van lakse optrede beskuldig het, het laasgenoemde by verskeie geleenthede die probleme waarmee hy te kampe gehad het, onder die aandag van die regering gebring.[70] Die Beskermer het nietemin die beste van 'n baie ingewikkelde vraagstuk probeer maak en in minstens vyf gevalle gedurende die periode vanaf 1883 tot 1886 het hy geweier om verdere kontrakarbeiders aan werkgewers toe te sê.[71]

---

68) II, 11/1/30, 1320/1885: Beskermer aan Resident-magistraat, Weenen, d.d. 15/10/1885.

69) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887.

70) So bv. het die Beskermer die Koloniale Sekretaris op 30 Julie 1896 soos volg in kennis gestel: „I arranged for a messenger to escort him (Ramasamy, no. 61724) to the Resident Magistrate's office, Umzinto, for the purpose of having his complaints investigated, but he flatly refused to accompany the messenger or to leave Durban on any account" (II, 11/3/23, Boek 2, p. 590). Op 24 Augustus 1896 het die Beskermer weer die Koloniale Sekretaris soos volg in kennis gestel: „These (two) Indians came to me to complain of assault. Their depositions were taken but they declined to go back to work. However after a great deal of persuation I induced these men to go to the Court of their Division where they would remain until their complaints were heard by the magistrate .... The magistrate now informs me that he has no power to remand the Indians to gaol and that he has returned them to their estates. I am therefore placed in a very awkward position in regard to these people and the only way out of the difficulty is to remand them to gaol pending their complaints being heard by the magistrate of the Division in preference to their being allowed to wander about the town where they get thoroughly demoralized" (II, 11/3/23, Boek 2, pp. 734 - 735: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/8/1896). Vir verder probleme wat die Beskermer met die interpretasie van Indiërwette gehad het, kyk II, 11/3/16, Boek 2, p. 34: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, 27/11/1891; II, 11/3/23, Boek 1, pp. 616 - 618: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/3/1896; II, 11/1/22, 1585/1884: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 19/11/1884; II, 11/1/26, 609/1885: Resident-magistraat, Alexandra aan Beskermer, d.d. 2/6/1885.

71) Die Beskermer het in 1883 aanbeveel dat alle kontrakarbeiders van C. Green van Gorton, Ixopo, verwyder word nadat Green nege

In een van die gevalle, naamlik dié van W.T. Woods van Stockton, naby Estcourt, waar die Beskermer verdere toekennings van kontrakarbeiders op grond van mishandeling geweier het, het die Wragg-kommissie die Beskermer se optrede veroordeel.[72] In 'n ander geval, dié van F. en C. P. Reynolds van die landgoed Umzinto, het die Wragg-kommissie die Beskermer se optrede veroordeel omdat die Beskermer slegs met die kontrakarbeiders sonder die teenwoordigheid van die bestuurder oor sommige klagte wou beraadslag. Nadat die eienaars geweier het om daartoe in te stem het die Beskermer hul optrede as obstruksie beskou, maar die kommissie het die eienaars se optrede as geregverdig beskou en die werk van die Beskermer in dié opsig nog verder bemoeilik.[73]

Nogtans het die Wragg-kommissie uit sy pad gegaan om Natal te loof vir die wyse waarop die kontrakarbeiders deur werkgewers behandel is en beklemtoon dat dit uit statistieke geblyk het dat die gevalle van mishandeling in Natal gering was.[74] Wat die behandeling van Indiërs

---

Indiërs en vier vroue in sy diens mishandel het (II, 11/1/6, 1176/1883: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/12/1883). Aan 'n sekere mnr. Marais wat onder die gesag van die Onderbeskermer geressorteer het, is ook geen verdere kontrakarbeiders toegeken nie omdat hy dié wat hy wel gehad het, mishandel het (II, 11/1/33, 305/1886: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/8/1886). R. Gresham van Forest Lodge, Pietermaritzburg, se Indiërs is van hom weggeneem, omdat hy hul met 'n sweep geslaan het, terwyl J. St. Guillaume, van Avoca, wat sy Indiërs aangerand het, ook verdere toekennings van kontrakarbeiders geweier is (II, 11/1/35, 884/1886). Vir West se geval kyk II, 11/1/33, 397/1886: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 22/6/1886.

72) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: die verslag van die Wragg-kommissie. Volgens die kommissie het die Onderbeskermer se optrede gepaard gegaan „with some feeling of personal hostility towards Mr. Woods".

73) Ibid.

74) Ibid. Volgens die kommissie is dit moeilik, as die groot aantal kontrakarbeiders en werkgewers van Natal in gedagte gehou word „to indicate a colony wherein there is kinder treatment of indentured Indian labourers than in Natal or wherein employers are more earnest in the equitable performance of their part of the contract". Die kommissie het egter 'n oorgretigheid aan die dag gelê om Natal te loof, veral waar Natal met ander kolonies vergelyk word want die kommissie se ondersoek was slegs tot Natal beperk.

by die Natalse Spoorweë betref, het die kommissie die toestand daar nie juis as mishandeling beskou nie, maar meer 'n geval van ondoeltreffende beheer deur die Superintendent van Indiër- en Bantoe-arbeid, wat onwettiglik sake verhoor het.[75]

Soos in die geval net ná die ondersoek van die 1872-kommissie, het gevalle van ernstige mishandeling ook ná die Wragg-kommissie se verslag verskyn het, noemenswaardig afgeneem, wat as bewys dien dat die Beskermer, wat deur die kommissie berispe is, sy werk ná 1887 in 'n ernstige lig beskou het.[76] Nogtans het daar weer in 1893 'n geval voorgekom wat aangetoon het dat die kwekers met hul magsposisie in die Trustraad nog steeds besig was om druk op die Beskermer uit te oefen,[77] naamlik toe die Beskermer traag was om teen die Gebrs. Reynolds, 'n sterk suikermaatskappy, op te tree. Hoewel daar in die tydperk Junie 1892-Augustus 1893 altesaam 109 Indiërs op die plantasies van Gebrs. Reynold oorlede is, 9 weens selfmoord, en verskeie kontrakarbeiders weens mishandeling weggedros het, het die Beskermer vóór 1896 niks gedoen om die posisie op die Reynolds-plantasies te verbeter nie. As verskoning het die Beskermer aangevoer dat die klagte gewoonlik so onbetroubaar was dat daarop geen peil getrek kon word nie.[78]

Nadat die samestelling van die Trustraad in 1895 verder gewysig is sodat dit daarna slegs uit kwekerverteenwoordigers bestaan het, was die Beskermer nog skuer om groot kwekers oor mishandeling te berispe.

---

75) Ibid.
76) Uit die amptelike stukke van die Beskermer blyk dit dat geen ernstige geval van mishandeling vóór 1893 onder sy aandag gebring is nie. In 1893 het 'n klomp kontrakarbeiders in die diens van 'n sekere S. J. Martens hul werkplek verlaat omdat die Onderbeskermer nie opgedaag het om aandag aan hul klagte te gee nie (II, 11/3/19, Boek 2, p. 513: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 12/12/1893).
77) II, 11/3/19, Boek 1, pp. 606 - 609: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/9/1893.
78) II, 11/3/19, Boek 1, pp. 606 - 609: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/9/1893; II, 11/3/19, Boek 2, pp. 122 - 124: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. Oktober 1893; CSO 1474, 4432/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/7/1896. Hoewel daar reeds sedert 1893 ernstige klagte ingebring is teen die wyse waarop kontrakarbeiders op die plantasies Esparanza en Umzinto van die Gebrs. Reynolds behandel is, het die Beskermer nie vóór 1896 'n ernstige poging aangewend om die probleem op te los nie en dit was eers na aanleiding van sekere Indiërs se klagte dat die regering hom spesifiek daartoe opdrag gegee het. Hy het in 1893 soos volg verwys na die algemene treurige toestand van die kontrakarbeiders: „Judging from the appearance of both men and women they certainly looked to me to be thoroughly worn out from some cause or other".

In 1896 was die Beskermer egter verplig om teen Gebrs. Reynolds op te tree nadat hy opdrag van die regering in dié verband ontvang het.[79) ] Nadat die Beskermer in Junie 1896 vasgestel het dat kontrakarbeiders in 'n sekere kamer op die landgoed van Gebrs. Reynolds vir sekere oortredings opgesluit is, het hy besluit om Indiërs van gemelde landgoed wat by hom gekla het, na die Natal Estates Beperk oor te plaas. Daarna, in Julie 1896, het 'n aantal nuwe kontrakarbeiders van die Umzinto-landgoed van Gebrs. Reynolds weggeloop en gesamentlik klagte by die Beskermer insake aanrandings deur die sirdar en toesighouer ingedien. Een van die eienaars, Frank Reynolds, het die Beskermer belowe dat hy die sirdar en opsigter sou vervang indien die klaers weer na die landgoed sou terugkeer. Aangesien die klaers nie daartoe wou inwillig nie, is hulle weens onwettige afwesigheid van hul werk tot ses weke tronkstraf gevonnis.[80)] Die regering was nie met die Beskermer se optrede tevrede nie. Dit is duidelik dat die regering bevrees was dat die Beskermer onder invloed van die kweker Reynolds verkeer het.[81)] Om beter uitvoering aan die wense van die regering te gee het die Beskermer besluit om die klagte van kontrakarbeiders wat op die plantasies van Gebrs. Reynolds werksaam was by die magistraatskantoor aanhangig te maak.[82)] Ná 1896 tot 1900 het daar blykbaar 'n periode van bestendigheid op die Reynolds-plantasies ingetree, maar sedert 1900 moes die Beskermer weer alles in sy vermoë doen om gevalle van aanranding op die plantasies van die Gebrs. Reynolds te voorkom.[83)] Hierdie optrede van die Beskermer het in verband gestaan met die aanrandingsklag waarop C. C. Schiffer, bestuurder van Reynolds se Umzinto-landgoed, in 1900 moes teregstaan. Hoewel Schiffer onskuldig bevind is, het die Beskermer 'n amptelike ondersoek by die regering aanbeveel, aangesien dit in die hofsaak aan die lig gekom het dat Schiffer een van die Indiërs geklap het.

---

79) II, 11/1/82, 751/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/6/1896.

80) II, 11/1/82, I. 899/1896, Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/7/1896.

81) II, 11/1/83, 1 995/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/7/1895. Uit die inhoud van die brief kan dié afleiding gemaak word.

82) II, 11/1/83, I. 1137/1896: Beskermer aan Staatsaanklaer, d.d. 14/8/1896: CSO 1483, 6291/1896, Staatsaanklaer aan Beskermer, d.d. 12/10/1896; CSO 1475, 4651/1896, Staatsaanklaer aan Beskermer, d.d. 13/10/1896. Twee gevalle van mishandeling deur die sirdar en toesighouer is in 1896 in die hof bewys, maar daar was sewe ander klagte wat nie in die hof bewys kon word nie.

83) Die ondersoek is deur die Beskermer en die Assistent-magistraat van Durban, H. Millar, op 10 Oktober 1900 behartig (II, 11/1/99, I. 1429/1900: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/10/1900).

Die optrede van die Beskermer het getoon dat hy hom nie deur die Trustraad, waarvan Reynolds lid was, sal laat intimideer nie. So bv. het die Beskermer in September 1904 die Besturende Direkteur van Gebrs. Reynolds te Esperanza soos volg betig: „During the last 3 months there have been 3 convictions recorded by the magistrate against your employers for assaulting Indians indentured to your Company, viz. the Sirdar Penimal and Mr. Tracy. How is it likely you will ever hear complaints when your managers and sirdars assault your Indians in this fashion".[84)]

Daar was getuienis dat Gebrs. Reynolds beamptes probeer intimideer het. Volgens die Beskermer het die Mediese Beampte wat Gebrs. Reynolds se plantasies bedien het, dr. Rouilland, teen die einde van 1904 mondeling erken dat Gebrs. Reynolds se kontrakarbeiders „were being killed by the treatment they were receiving". Na dr. Rouilland se terugkeer van oorsee is hy deur die Onderbestuurder, mnr. Pemberton, versoek om nie sy mondelinge getuienis skriftelik te bevestig nie. Dr. Rouilland het ingewillig, sy vorige standpunt geheel en al gewysig en verklaar dat die betrokke Indiërs goed behandel word. Die Beskermer het dr. Rouilland se veranderde houding daaraan toegeskryf dat Reynolds intussen lid van die Trustraad geword het en sodoende druk op dr. Rouilland uitgeoefen het vanweë die feit dat die Trustraad mediese beamptes kon ontslaan. Daarbenewens was dr. Rouilland ook 'n aangetroude familielid van die Reynolds.[85)]

Na die Rouilland-geval is op die Beskermer se aanbeveling in 1905 vir 8 maande geen verdere toekennings van kontrakarbeiders aan Gebrs. Reynolds gedoen nie. As gevolg van dié optrede het die behandeling van kontrakarbeiders op die Reynolds-plantasies verbeter en het die sterftesyfer onder kontrakarbeiders op dié plantasies in 1906 met $5\frac{1}{2}$ maal verminder in vergelyking met die voorafgaande nege jaar.[86)]

---

84) II, 11/3/31, Boek 1, pp. 668 - 669: Beskermer aan Besturende Direkteur, Gebrs. Reynolds te Esperanza, d.d. 8/9/1904.

85) II, 11/1/156: Protector's Comments on documents submitted by Mr. C. P. Reynolds to the Colonial Secretary, undated, circa November 1905.

86) II, 11/3/31, Boek 3, p. 103: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, Natalse regering, d.d. 10/5/1806; II, 11/1/1 53, 11781/1907, Beskermer aan Koloniale Sekretaris, ongedateer 1907.

Hoewel ernstige gevalle van mishandeling wel op die plantasies van die Gebrs. Reynolds, die Tongaat-suikermaatskappy en sekere steenkoolmyne, t.w. die New Campbell-steenkoolmyne (in 1903) en moontlik die Ramsay-steenkoolmyne plaasgevind het, is dit verkeerd om tot 'n algemene gevolgtrekking te kom dat die kontrakarbeiders in Natal mishandel is.[87] Trouens die Indiese Regering het in 1903 erken dat Natal sy kontrakarbeiders oor die algemeen besonder goed behandel.[88] Dit was in belang van die kwekers dat die kontrakarbeiders goed behandel word, maar die kwekers was sakemanne, veral die groot kwekers, en hul het in die eerste plaas gesorg dat hul die maksimum voordeel uit die Indiërarbeid verkry. Die behandeling van die kontrakarbeiders was dus ondergeskik aan die eiebelang van die kwekers.[89] Die kwekers was veral bekommerd dat gevalle van mishandeling Indië kon bereik. Dit was begryplik, aangesien die Indiese regering maklik die kontrakstelsel kon beëindig. Die Beskermer was net so besorg daaroor. Volgens Burgess het die Beskermer sorg gedra dat slegs „goeie Indiërs" wat geen klagte gehad het nie, na Indië terugkeer.[90]

Afgesien van die gevalle wat reeds genoem is, was daar geen bewyse dat kontrakarbeiders ernstig of op 'n groot skaal mishandel is sedert die Wragg-kommissie sy verslag in 1887 gelewer het nie. Die Prokureur-generaal het egter gevrees dat die kwekers, veral die groter kwekers, hul met die instelling van verantwoordelike bestuur in Natal groter vryhede met betrekking tot die behandeling van hul kontrakarbeiders veroorloof het, veral omdat hy klagte van mishandeling by twee groot maatskappye, t.w. die Gebrs. Reynolds en die Tongaat-suikermaatskappy, net na die verkryging van verantwoordlike bestuur ontvang het. Vandaar die Prokureur-generaal se waarskuwing „that it is of the greatest necessity that assault of this character should not occur as in case the

87) II, 11/1/112, 2159: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/2/1903; II, 11/3/31, Boek 2, p. 334: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/4/1905; II, 11/1/83, 1644/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/10/1896.

88) Kyk p.244

89) Na aanleiding van Hindson en Kie. wat in Junie 1908 in die hof skuldig bevind is dat die maatskappy hul kontrakarbeiders vir drie maande twaalf uur in stede van nege uur daagliks laat werk het, beweer die Beskermer: „They take from the Indian every penny they can legally do and then make no attempt to compensate them for overwork" (II, 11/3/32, Boek 2, pp. 33 - 34: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/6/1908; PM 109, Indiese Regering aan Natalse Goewerneur, d.d. 25/4/1903).

90) Sien p.151.

Indian Government hear of them and think that no proper steps were taken to prevent them (and) a decision might become (sic) to arrest emigration from India".[91)]

Hierdie waarskuwing het die gewenste uitwerking gehad, want gedurende die res van die 19de eeu kon slegs een ernstige geval van aanranding vasgestel word, naamlik in 1899 toe 'n sekere mevr. Caldwell van Alexandra-afdeling 'n Indiër geslaan het omdat hy teen haar man in 'n hofsaak getuig het.[92)]

Terwyl daar aan die begin van die 20ste eeu 'n groot toename in die getalle van kontrakarbeiders plaasgevind het, kon die Beskermer in sy jaarverslae van 1905 en 1909 nog verklaar dat die kontrakarbeiders oor die algemeen goed behandel is. Daar was wel 'n toename in die aantal aanrandings op kontrakarbeiders, maar dit het hoofsaaklik verband gehou met die toename van die aantal immigrante. Die aard van die aanrandings was selde van 'n ernstige aard,[93)] behalwe dié van 1907 en 1909.[94)]

---

91) Die geval van die Gebrs. Reynolds is reeds behandel. In Januarie 1895 is die bestuurder van die Tongaat-Suikermaatskappy waarvan E. Saunders die eienaar was, beboet omdat hy 'n Indiër in Desember 1894 aangerand het. Nadat hy weer in 1896 aan 'n soortgelyke aanranding op 'n Indiër wat kort daarop gesterf het, skuldig bevind is, het die Beskermer by die regering aanbeveel dat geen verdere toekennings van kontrakarbeiders aan die betrokke maatskappy gedoen word nie. Nadat die eienaar, mnr. Saunders, 'n versekering aan die Beskermer gegee het dat hy die bestuurder (mnr. Fraser) van sy gesagsposisie oor die Indiërs sou verwyder en ook die twee sirdars wat saam met Fraser vir aanrandings beboet is, van hul poste sou onthef, het die Beskermer ingewillig om wel weer kontrakarbeiders aan die maatskappy beskikbaar te stel (II, 11/1/83, 1644/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/10/1896 en 29/10/1896. Kyk ook dieselfde lêer vir die verslag van die Prokureur-generaal, d.d. 8/9/1896).

92) II, 11/3/26, Boek 2, pp. 386-387: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/6/1899.

93) Daar was in 1901 altesaam 17 werkgewers, een bestuurder, nege toesighouers, nege sirdars, een stasiemeester en een klerk vir aanrandings op Indiërs veroordeel (Beskermer se Jaarverslag vir 1901). In 1902 is 41 werkgewers, bestuurders en opsigters vir aanrandings veroordeel, in 1903 altesaam 57, terwyl die getalle vir 1905 en 1906 onderskeidelik 36 en 25 was (Beskermer se Jaarverslae vir 1902, 1903, 1905 en 1906). In 1909 was daar altesaam 17 gevalle van aanrandings; en in drie gevalle is kontrakarbeiders, as gevolg van die aanrandings, van hul werkgewers verwyder (Beskermer se Jaarverslag vir 1909).

94) Op die Ramsay-steenkoolmyne is die voorman Noyle skuldig bevind omdat hy 'n kontrakarbeider aangerand het (Pachai, op. cit., pp. 91 - 92). Daar was heelwat onenigheid op die Ramsay-steenkoolmyne vóór die insident. Selfs die magistraat van Kliprivier het

Vanselfsprekend het baie gevalle van mishandeling nooit onder die aandag van die outoriteite gekom nie, maar dit is baie onwaarskynlik dat ernstige gevalle van mishandeling sonder die kennis van die regering plaasgevind het.[95] Veral die feit dat so 'n groot hoeveelheid gewese kontrakarbeiders wat na Indië teruggekeer het, weer daarna Natal hul tuiste gemaak het, kan as bewys aanvaar word dat mishandeling

---

die Beskermer versoek om self daar ondersoek in te stel, maar die Beskermer het dit verstandiger geag om die aangeleentheid in die hande van sy Onderbeskermer te laat omdat die Beskermer bewus was van die „unsatisfactory class of men from the Malabar coast of India" wat op die Ramsay-steenkoolmyne werksaam was (II, 11/3/31, Boek 2, p. 334: Beskermer aan Koloniale Sekretaris d.d. 14/5/1805). In sy Jaarverslag vir 1902 het die Beskermer na die fisies onontwikkelde immigrante van die Malabarkus verwys. In 1907 het 'n werkgewer, Warner, ook vir aanranding op 'n kontrakarbeider in die Durbanse hof verskyn en het die magistraat sy simpatie teenoor die Indiër betoon, terwyl 'n werkgewer in 'n ander geval skuldig bevind is omdat hy 'n kontrakarbeider vir een of ander rede met kettings geboei en vasgebind het (Pachai, op. cit., pp. 95, 120). As die groot aantal teenstrydige getuienisse van Indiërs, soos weerspieël in die amptelike stukke van die Beskermer, in aanmerking geneem word, dan beteken die inligting wat „One Who Knows" in The Natal Advertiser van 19/9/1908 verstrek het nie meer as lospraatjies nie. Die redakteur kon trouens slegs een van die gevalle wat „One Who Knows" gemeld het, in amptelike stukke opspoor (Pachai, op. cit., pp. 119 - 121). Die mishandeling van kontrakarbeiders op die New Campbell-steenkoolmyne was egter van 'n ernstiger aard as die individuele gevalle van 1907, want mishandeling was daar 'n algemene verskynsel. Die Beskermer het die kontrakte van Indiërs op dié myn vroeg in 1903 beëindig „on the grounds of ill treatment generally". Dit was veral die bestuurder van die maatskappy, mnr. David Davies, en die mynkampbestuurder wat aan mishandeling skuldig bevind is. Die Beskermer het die kontrakarbeiders van die maatskappy aan ander werkgewers toegeken en aanbeveel dat geen verdere kontrakarbeiders aan dié maatskappy toegesê word nie (II, 11/1/12, 2159: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/2/1903). Vir 'n ander geval waar 'n blanke vermoor is omdat hy 'n Indiër vermoedelik aangerand het, kyk II, 11/3/31, Boek 2, p. 609: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 7/9/1905). Daar was verder ook twee ander individuele gevalle van mishandeling waaraan heelwat publisiteit deur die Indiërs self gegee is. Die een was in 1906 toe 'n blanke G. Altsh, in die hof skuldig bevind is omdat hy 'n kontrakarbeider aangerand het en toegelaat het dat sy hond die arbeider byt (Pachai, op. cit., p. 95). Die ander geval was dié van P. D. Simons van Mooirivier wat 'n sekere kontrakarbeider, Ramsamy, met 'n sambok geslaan het totdat laasgenoemde se rug stukkend was. Die magistraat het Simons met 10/- beboet, maar het die berig wat Indian Opinion daarvan onder die opskrif „A Shocking Case" gepubliseer het, as „a gross exaggeration" beskryf (II, 11/1/165, 1. 617/1909: Resident-magistraat, Escourt, aan Beskermer, d.d. 30/3/1909; Pachai, op. cit., p. 95). In 1908 het kontrakarbeiders by die St. Georges-steenkoolmyn ook gekla dat hul nie voldoende rantsoene ontvang het nie (II, 11/3/33, Boek 2, pp. 297 - 298: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 10/12/1908).

95) Pachai, op. cit., p. 89.

nie op groot skaal plaasgevind het nie. In Oktober 1910 meld die Beskermer bv. dat uit 'n totaal van 560 Indiër-immigrante van die laaste twee besendings altesaam 187 reeds voorheen in Natal was of saam met dié gekom het wat reeds in Natal was.[96)]

9. Die houding van die Natalse Indiërgemeenskap t.o.v. die kontrakarbeiders se behandeling.

Van Indiërkant bestaan daar ook geen gegronde getuienis om die teendeel te bewys nie. Die Indiërwoordvoerders, soos Aiyar, Polak en Gandhi, en die Indiërgesinde nuusblaaie Colonial Indian News, Indian Opinion en African Chronicle wat dit hulle besondere taak gemaak het om ten behoewe van die kontrakarbeiders op te tree, het wel van tyd tot tyd individuele gevalle van mishandeling onder die aandag van die publiek gebring, maar dit was dikwels oordryf en om verstaanbare redes nie in die regte perspektief gesien nie omdat dit hul eie landgenote is wat daarby betrokke was.[97)] In die Colonial Indian News was 'n artikel oor die mishandeling van kontrakarbeiders van so 'n lasterlike aard dat die Beskermer wat dit as „false and scandulous from beginning to end" bestempel het, 'n eis om skadevergoeding wou instel, maar die Natalse regering het so 'n optrede geweier.[98)] Die Beskermer het ook by die redakteur van The Indian Opinion geprotesteer dat sy voorbeelde oor mishandeling van kontrakarbeiders op die steenkoolmyne ongegrond is.[99)]

---

96) II, 11/3/35, Boek 1, p. 50: Beskermer aan Waarnemende Ondersekretaris, Binnelandse Sake, d.d. 21/10/1910.

97) Die jaar 1898 is veral gekenmerk deur verskeie vertoë wat Gandhi namens kontrakarbeiders aan die Beskermer gerig het. Gewoonlik het dit gegaan oor agterstallige salarisse (II, 11/3/25, Boek 1, p. 79: Beskermer aan M.K. Gandhi, d.d. 14/1/1898. Kyk ook in dieselfde band, pp. 193 - 194, 218, 267, 285, 308: Beskermer aan Gandhi, d.d. 18/2/1898, 7/3/1898, 8/3/1898 en 10/3/1898). In 1899 het Gandhi ook vertoë gerig insake 'n kontrakarbeider wat aangerand sou gewees het (II, 11/3/26, Boek 1, p. 319: Beskermer aan Gandhi, d.d. 10/1/1899). Kyk ook Aiyar, An Unjust Tax on Indian Immigrants, pp. 8 - 9 en H.S.L. Polak se boek The Indians of South Africa, Helots within the Empire and how they are treated, Madras, G. A. Natesan, 1909, Eerste Druk. Vir die standpunt van African Cronicle kyk Pachai, op. cit., p. 97, en vir dié van Colonial Indian News kyk II, 11/1/101, I 944/1901: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 4/7/1901 waarin gemelde blad se opvattings behandel is. Gevalle van mishandeling word ook in die volgende uitgawes van The Indian Opinion behandel: 4 en 11/6/1904, 21/1/1905, 15/4/1905, 5/8/1905, 4/11/1905, 17/2/1906, 9/6/1906, 21/7/1906, 15 en 22/6/1907, 7/9/1907, 25/4/1908, 16/5/1908, 23/5/1908, 13/6/1908, 26/9/1908, 17/3/1909, 17 en 24/4/1909, 20/11/1909.

98) II, 11/1/101, I 944/1901: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 4/7/1901.

99) II, 11/3/31, Boek 2, pp. 78 - 79: Beskermer aan redakteur van The Indian Opinion, d.d. 6/12/1904; Pachai, op. cit., p. 94.

So ook het die Beskermer gevind dat die klagte wat die blad oor die swak gehalte rys op die Elandslaagte-steenkoolmyne gepubliseer het, ongegrond was.[100] Die blad het ook in 1905 die behandeling van kontrakarbeiders gekritiseer op grond van 600 klagte van kontrakarbeiders wat in daardie jaar in Durbanse howe aanhangig gemaak is. Hoewel die getalle indrukwekkend is, bewys dit weinig want die groot meerderheid van die oortredings was van geringe aard. Net so 'n verkeerde indruk kon geskep word deur die groot getalle veroordelings waaraan kontrakarbeiders in howe skuldig bevind is as bewys te gebruik dat die kontrakarbeiders oor die algemeen „slegte" mense was.[101] Die Beskermer het geleidelik bedenkinge begin koester oor The Indian Opinion se ware motiewe en die Unie-regering in kennis gestel dat „the avowed object of the paper (is to) use all and every information to the detriment of Indian Immigration".[102]

Wat die behandeling van kontrakarbeiders betref, moet ook in gedagte gehou word dat in gevalle waar hulle te sag behandel is, die toestand soms handuit geruk het. So bv. het 'n sekere mnr. Hageman sy sirdars viermaal binne 2 jaar vervang om sy kontrakarbeiders te behaag en die resultaat daarvan was dat „whenever one of the men (indentured Indians) wishes a day off he just says he is sick and clears off, and Mr. Hageman does not punish the man".[103]

## 10. Indiërs wat onder 'n kontrakstelsel in Zoeloeland en Lobitobaai in diens was.

In 1893 het kontrakarbeiders toestemming verkry om na Zoeloeland te verhuis, op voorwaarde dat hul werkgewers sou instem en hulle sou afsien van hul reg op 'n vry oortog terug na Indië. Gevolglik het Indiërs Zoeloeland stelselmatig begin binnedring. Teen 1906 het die Natalse regering, met die oog op die ontwikkeling van die suikerbedryf in Zoeloeland, toegelaat dat kontrakarbeiders in sekere Zoeloelandse

---

100) II, 11/3/33, Boek 1, p. 515: Beskermer aan redakteur, The Indian Opinion, d.d. 22/9/1908. Kyk pp. 523 en 550 van dieselfde band, Beskermer aan Indian Opinion, d.d. 22/9/1908 en 26/9/1908.
101) Vgl. bv. die syfers wat deur Pachai (op. cit., p. 85) verstrek is. Kyk ook die Jaarverslae van die Beskermer vanaf 1902 tot 1909 vir die groot aantal Indiërs wat in Natalse howe veroordeel is.
102) II, 11/3/35, Boek 1, p. 168: Beskermer aan Waarnemende Ondersekretaris, Binneland, d.d. 4/10/1910.
103) II, 11/1/170, 12242/1909: Inspekteur aan Beskermer, d.d. 12/11/1909.

distrikte, soos Amatakula, Ginginhlovo, asook ten noorde van Ginginhlovo, in diens geneem word. In die distrik Amatakula was daar in 1906 reeds 100 kontrakarbeiders (vroue uitgesluit) op suikerplantasies van sowat 1000 tot 1500 acres.[104)]

Hoewel die Beskermer in 1906 tevrede was met die behandeling wat kontrakarbeiders in die Amatakula-distrik ontvang het, het hy dit wenslik geag dat 'n hospitaal bestaande uit drie vertrekke ten behoewe van die Indiërs opgerig word. As alternatief het hy voorgestel dat die werkgewers, ooreenkomstig Wet 2/1870, landgoed-hospitale oprig.[105)]

In 1908 het die Beskermer ook moeilikheid met mediese dienste in die Empangeni-distrik waar sowat sewentig kontrakarbeiders werksaam was, ondervind. Gevolglik het die Natalse regering vir dr. Manning, distriksgeneesheer van Empangeni, aangestel om na kontrakarbeiders in dié distrik om te sien.[106)]

Die aantal kontrakarbeiders het stadig maar seker in Zoeloeland toegeneem. Teen 1909 was daar van 800 tot 1000 van hulle in gebiede wat sowat 50 vk. myl in beslag geneem het. Die regering het egter geweier om kontrakarbeiders na sekere dele van Zoeloeland, soos bv. die rubberplantasiegebied, te stuur.[107)]

Die Indiërs wat onder 'n kontrakstelsel na Angola gestuur is, het nie op suikerplantasies aldaar gaan werk nie, maar was verbonde aan 'n spoorwegprojek. In April 1907 is 2274 vrye Indiërs deur bemiddeling van die Natalse Immigrasie-departement na Lobitobaai (Angola) gestuur.[108)]

Die Natalse regering het 'n ooreenkoms met Griffiths en Kie. aangegaan waarvolgens gemelde Indiërs elk binne 'n tydperk van twee jaar £48 kon verdien. In Natal was die gemiddelde loon wat 'n Indiër destyds kon verdien, indien hy gelukkig genoeg was om toe werk te kon kry, maar slegs £19-10/- vir 'n periode van twee jaar, bereken teen sowat 16/- tot 17/- per maand vir elke Indiër. Die vooruitsigte vir Natalse

---

104) II, 11/3/18, Boek 2, p. 323: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/4/1893; II, 11/3/31, Boek 3, p. 426: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/9/1906.
105) Al wat die Indiërs op sommige plantasies las gegee het, was sandvlooie (II, 11/3/31, Boek 3, p. 426: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/9/1906). Kyk ook II, 11/3/32, Boek 1, p. 30: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 19/12/1906.
106) II, 11/1/160, 11418/1908: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 29/6/1908: II, 11/1/170, 12587/1909: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/12/1909.
107) II, 11/1/148, 14401/1906: Sekretaris, Minister van Landbou, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/1/1907.
108) II, 11/1/155, 12997/1907: Protector's Remarks on Despatch from the Government of India with reference to Indians shipped to Lobito Bay in April 1907, d.d. 5/11/1907.

Indiërs in Lobitobaai was dus rooskleurig, want werk was destyds in Natal baie skaars. Die maatskappy moes ook toesien dat die Indiërs dieselfde voorregte in Lobitobaai geniet as wat kontrakarbeiders in Natal verkry het.[109)]

In die kontrak is onder andere ook neergelê dat die maatskappy gemelde Indiërs na Indië moes terugneem, op voorwaarde dat die koste verbonde aan die verskeping van elke volwasse Indiër nie meer as £6 sou beloop nie. Verder het die maatskappy toegestem dat die Beskermer die reg het om minstens eenmaal jaarliks iemand na Lobitobaai te stuur om die toestand van die Indiërs aldaar te ondersoek.[110)]

Die salarisse van die Indiërs is vooraf verseker deur 'n waarborg wat die maatskappy ten bedrae van £102,000 gegee het en op grond waarvan die Agent-generaal van Natal te Londen maandeliks 'n bedrag van £3750 vir die betrokke salarisse aan die Britse Visekonsul te Benguela vrygestel het. Die maatskappy moes verder 'n bedrag van £1670 in vier gelyke maandelikse paaiemente by die Agent-generaal van Natal te Londen deponeer ten opsigte van die betrokke Indiërs se hoofbelasting en domisilieer-sertifikate. Die maatskappy kon egter die lisensiegelde wat die betrokke Indiërs aan die Natalse regering verskuldig was, maandeliks van die Indiërs se salarisse aftrek (10/- per maand van elke Indiër se loon, met die uitsondering van die eerste twee maande) totdat die bedrag wat elke Indiër verskuldig was, vereffen is. Die maatskappy moes dan maandeliks die betrokke bedrag wat van die Indiërs se salarisse afgetrek is, aan die Agent-generaal van Natal te Londen oorbetaal totdat die totale bedrag van £1902-15/- vereffen was.[111)]

Die betrokke maatskappy wat 'n kontrak vir 'n spoorweguitbreiding in Angola verkry het, het slegs dertien maande aan die projek gewerk in stede van die veronderstelde twee jaar. Die Natalse regering het die maatskappy egter tegemoetgekom om die tweejaar-termyn tot dertien

---

109) Ibid; II, 11/1/159, 1920/1908: Agreement between the Honourable the Colonial Secretary of the Colony of Natal and Griffiths and Co., 12/4/1907.
110) Ibid.
111) Ibid.

maande te wysig, veral omdat die Indiërs self daarvoor te vinde was.[112)]

Die Natalse regering het die Beskermer nooit toegelaat om iemand na Lobitobaai te stuur om die toestand van die Indiërs aldaar te ondersoek nie, ondanks gerugte dat die Indiërs nie goed behandel was nie. Die Indiërs in Natal het ook nie met die Beskermer saamgewerk om die klagte van die Lobitobaai-Indiërs te wete te kom nie. Hulle wou bv. nie hul briewe wat hul van familie of vriende uit Lobitobaai ontvang het, aan die Beskermer toon nie.[113)]

Alle Indiërs wat geen domisilieerregte in Natal gehad het nie, moes na die beëindiging van hul diens in Lobitobaai in April 1908, na Indië terugkeer. Slegs 12 Indiërmans, 13 vroue en 12 kinders is toegelaat om op grond van hul familiebande met Natalse Indiërs, na Natal terug te keer. Van die groottotaal het slegs 1595 na Indië en Natal teruggekeer, terwyl 386 oorlede is. Dit is onbekend wat van 254 van die Indiërs geword het.[114)]

11. Samevatting.

Dit is duidelik dat die Beskermer se menigvuldige pligte hom nie in staat gestel het om die geïsoleerde gevalle van mishandeling wat wel voorgekom het, te voorkom nie. Die Natalse regering het, onder druk van die kwekers, toegelaat dat te veel Indiër-immigrante Natal binnekom sonder dat die Beskermer voldoende personeel vir die beheer oor die immigrante tot sy beskikking gehad het. Die Assistent- en Onderbeskermer was nie voldoende toesighoudende personeel vir die uitgestrektheid van die gebied wat gedek moes word nie. Die Trustraad wat sedert die tagtigerjare onder die kwekers se invloed gekom het, was gekant teen die uitgawes wat die uitbreiding van personeel tot gevolg sou hê, want uitgawes sou indirek meer geld uit die kwekers se sak jaag. Trouens daar is vanaf 1887 tot 1892 met die pos van Onderbeskermer weggedoen om, ten koste van goeie administrasie, te bespaar.

112) II, 11/3/32, Boek 2, pp. 894 - 895: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/5/1908.
113) II, 11/1/156, 13092/1907; Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/12/1907. Kyk ook Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 19/12/1907; II, 11/3/33, Boek 2, p. 27: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 5/11/1907.
114) CSO 1857, 3174/1908: Hoof-Ondersekretaris aan R. K. Khan, d.d. 17/6/1908. Kyk ook in gemelde lêer „Particulars of Indians who left for Lobito Bay 13th April 1907 and left there for Natal and India February, March and April 1908".

Om reg aan die Indiër-immigrante in die howe te laat geskied, was 'n moeilike taak omdat die magistrate nie die Indiërtale magtig was nie en ook omdat daar nie voldoende geskikte tolke beskikbaar was nie. Dit was egter nie, soos dikwels verkeerdelik aanvaar is, die plig van die Beskermer, ondanks die benaming van sy pos, om slegs in belang van die Indiërs op te tree nie want die Beskermer moes, wanneer hy sy judisiële gesag beoefen het, onpartydig optree. Die hooftaak van die Beskermer was egter nie die verhoor van sake nie, maar wel om die nodige advies en bystand aan Indiërs te verleen, veral om hofsake te voorkom.

'n Swak skakel in die Beskermer se beheer was ongetwyfeld die verpligting wat op kontrakarbeiders gerus het om eers vooraf verlof van die werkgewer te verkry om klagte teen die einste werkgewer in te bring. Hierdie leemte is in 1891 tot 'n mate gevul deur die bepaling dat kontrakarbeiders, wat op pad was om klagte in te dien, nie vervolg kon word nie, al het hul nie die nodige passe van hul werkgewers gehad nie. In 1903 is hierdie reëling weer tot nadeel van die kontrakarbeiders gewysig, naamlik dat 'n pas van die naaste magistraat eers verkry moes word om klagte by die Beskermer se kantoor te Durban in te dien. Soms was die magistraat 'n vriend van die werkgewer en kon hy maklik die nodige pas weier. In ander gevalle weer waar die immigrante ver van Durban werksaam was, was hul nie geldelik in staat om die lang reis na die Beskermer se kantoor te Durban af te lê nie. Daarom moes die kontrakarbeiders dikwels vir die Beskermer se besoek aan die plantasie waar hul werksaam was wag om klagte te opper. Aangesien die Beskermer se besoek gewoonlik slegs eenmaal per jaar plaasgevind het, het klagte dikwels nie die nodige aandag verkry nie.

By die plantasies self het die werkgewers gesukkel om geskikte toesighouers, die sogenaamde sirdars, te bekom wat aan die kontrakarbeiders die nodige bevrediging kon gee: Die sirdars van Madras wat oor Kulkatta-Indiërs toesig gehou het en ook die Franse bestuurders het die kontrakarbeiders dikwels ontevrede en opstandig gemaak.

Die werkgewers se houding teenoor die kontrakarbeiders is egter baie beïnvloed deur die Kommissie van Ondersoek van 1872. Die ondersoek van die kommissie insake die mishandeling van kontrakarbeiders het die werkgewers so lugtig gemaak dat daar vanaf 1872 tot vóór 1880 feitlik geen ernstige gevalle van mishandeling voorgekom het nie. Na die tot-

standkoming van die Trustraad waarop kwekers algaande hoe meer invloed uitgeoefen het, het die Beskermer se taak moeiliker geword om die nodige beskerming aan die kontrakarbeiders te verleen, want hy moes met die Trustraad, wat sedert 1895 feitlik uit kwekers bestaan het, rekening hou en dit het daartoe gelei dat daar nie altyd gou en doeltreffend teen veral die groot kwekers opgetree is nie, veral nie teen dié wat op die Trustraad verteenwoordig was of wat in 'n gesagsposisie verkeer het nie. Die Beskermer het egter, nadat hy deur die regering berispe is, vanaf 1900 'n baie sterk houding teenoor die werkgewers ingeneem wat onder verdenking was dat hul kontrakarbeiders mishandel het.

Al doeltreffende optrede teen gewetenlose werkgewers was om verdere toekennings van kontrakarbeiders aan sulke werkgewers te weier, of selfs in ernstiger gevalle alle kontrakarbeiders wat reeds aan sulke werkgewers toegeken is, van hul te verwyder.

Hoewel ernstige gevalle van mishandeling vanaf 1880 tot 1910 op sowat twee suikerplantasies en een of twee steenkoolmyne plaasgevind het, was die behandeling wat kontrakarbeiders oor die algemeen geniet het, ondanks al die tekortkominge van die kontrakstelsel, redelik goed. Dit is waarskynlik dat baie gevalle van mishandeling nie onder die regering se aandag gebring is nie, maar dit is onwaarskynlik, in die lig van die publisiteit wat die Indiërpers in Natal aan sulke gevalle gegee het, dat ernstige gevalle nie die regering se aandag geniet het nie. Trouens groot getalle gewese kontrakarbeiders wat na Indië teruggekeer het, het later weer na Natal teruggekom. Dit sou 'n mens immers nie verwag het van mense wat sleg behandel was nie.

# HOOFSTUK 13.

## MEDIESE DIENSTE EN DROSTERY.

### 1. Pogings om die mediese dienste te verbeter.

Volgens die Indiërs het die mediese dienste wat die kontrakarbeiders ontvang het met die kwessie van mishandeling nou verband gehou. Die terugkerende kontrakarbeiders van die skip die Red Riding Hood het reeds in 1869 oor gebrekkige mediese dienste in Natal gekla. Na aanleiding daarvan het die Indiese korrespondent van The Natal Mercury die volgende advies aan Natal gebied: „This is a very serious charge against you, which you should remedy as soon as possible; I would suggest the establishment in the colony of coolie hospitals, in localities where you think they are desirable".[1]

The Natal Mercury het toegestem dat mediese dienste en hospitalisasie vir Indiërs uiters gebrekkig was, maar verduidelik dat Natal „is not a fever-ridden country". Aangesien daar in die vroegste sewentigerjare nie meer kontrakarbeiders was nie, was die aantal Indiërs volgens die blad te min om die koste verbonde aan die oprigting van hospitale te regverdig en het daar ook die moontlikheid bestaan dat hospitale 'n groot aantrekkingskrag vir leeglêers sou hê. Mediese inspeksies by die verskillende plantasies het ook in onbruik geraak omdat daar vroeg in die sewentigerjare nie kontrakarbeiders was om te inspekteer nie. Plantasie-eienaars het hul Indiërarbeiders in dié tyd gewoonlik dieselfde mediese behandeling as hul Bantoearbeiders gegee.[2]

Die 1872-Kommissie van Ondersoek het in dié verband aanbeveel dat geneeshere aangestel word om gereeld al die plantasies te besoek waar Indiërs in diens was. Die bedoeling was dat die geneeshere onafhanklik moes wees van „the caprice of any individual planter" en dat die geneeshere ook moes vasstel of die voorgewende siek Indiërs werklik siek was. Hierdie maatreël sou die probleem van onnodige afwesigheid van werk die hoof bied.[3] Daarop is deur Wet 12/1872 voorsiening gemaak vir

---

1) The Natal Mercury, d.d. 31/10/1871.
2) The Natal Mercury, d.d. 27/6/1872; The Natal Mercury, d.d. 21/3/1872: brief van T. W. Lamport, bestuurder van Prospect Hill Estate.
3) Sessional Papers, Legislative Council, Natal, 1872, No. 1. Seksie 1.

die aanstelling van mediese beamptes om die verskillende plantasies te besoek met die oog op die verskaffing van mediese dienste aan die Indiërs, waaroor dié beamptes jaarliks aan die Beskermer verslag moes doen.[3a]

Nadat Brittanje en Indië aangevoer het dat die Indiërs self vir hul mediese dienste moes betaal, is besluit dat werkgewers vir elke manlike Indiër in hul diens 1/- per maand aan die Beskermer vir mediese dienste t.o.v. Indiërs in hul diens moes bydra.[4] Die werkgewers kon egter 6d vir elke dag wat 'n Indiër weens siekte van sy werk afwesig is, van die betrokke Indiër se maandelikse salaris aftrek. Die maatreël was egter teenstrydig met die voorwaardes waarvolgens die kontrakarbeiders gewerf is, naamlik dat hulle vry mediese dienste sou ontvang, terwyl dit ook meegebring het dat Indiërs huiwerig was om te verklaar dat hulle siek is.[5]

## 2. Mediese Fonds.

Die geld wat van die werkgewers vir mediese dienste ontvang is, is ooreenkomstig Wet 14/1875 in 'n mediese fonds, 'n aparte rekening wat spesifiek deur die Trustraad vir dié doel geopen is, gestort. Die fonds is gebruik om alle mediese koste verbonde aan kontrakarbeiders te delg, onder andere kantooradministrasie en die salaris van 'n mediese klerk.[6] Die kwekers het telkens probeer om die mediese tarief te verlaag, maar die regering was bevrees dat dit die fonds sou uitput. Teen 1880 was die Mediese Fonds reeds £3,500 sterk, maar weens die oprigting van sentrale hospitale, verskaffing van mediese voorrade en die betaling van hospitaalpersoneel uit die fonds, het dit in 1886 slegs £2,000 bedra.[7]

## 3. Die skepping van mediese sirkels.

Die grondslag waarop mediese dienste aan kontrakarbeiders voorsien is, is reeds in 1873 deur die Beskermer aanbeveel en deur Wet 14/1875 gereël. Dit het neergekom op die skepping van mediese

---

3a) Wet 12/1872, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

4) GH 31: Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, d.d. 4/3/1873. Kyk ook Indiese regering aan Sekretaris vir Staat, Indië, d.d. 15/5/1873; II, 11/3/2, pp. 397 - 398: Beskermer se memorandum, d.d. 31/7/1873.

5) The Natal Mercury, d.d. 30/9/1875.

6) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Government Notice, 448/1880. Kyk ook Wet 14/1875, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

7) II, 11/1/31, 1504/1885: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 8/2/1886; The Natal Mercury, d.d. 31/10/1880: berig oor vergadering van Victoria Planters' Association; The Natal Mercury, d.d. 27/7/1880: berig oor vergadering van die Victoria Planters' Association; Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Government Notice, 448/1880.

sirkels in gebiede waar voldoende kontrakarbeiders (± 200 per sirkel) werksaam was en die aanstelling van 'n mediese beampte vir elke sirkel om die nodige aandag uitsluitlik aan die betrokke kontrakarbeiders van sy sirkel te gee.[8)] Die aantal mediese sirkels het van ses in 1879 tot agtien in 1904 toegeneem namate meer kontrakarbeiders Natal binnegekom het.[9)] Die grootte van die sirkels het gewissel, maar 'n gemiddelde een, soos dié van Verulam, was ongeveer 24 myl in deursnit.[10)]

4. Mediese dienste aan kontrakarbeiders buite mediese sirkels.

Vóór die skepping van die groot aantal mediese sirkels was daar heelwat gebiede in Natal waarin die aantal kontrakarbeiders nie voldoende vir die vorming van 'n sirkel was nie, sodat groot getalle kontrakarbeiders nie onder 'n bepaalde sirkel geressorteer en dus nie 'n bepaalde geneesheer tot hul beskikking gehad het nie. In sulke gevalle het die eienaars van die plantasies gewoonlik met die goedkeuring van

---

8) II, 11/3/2, pp. 397 - 398: Beskermer se memorandum, d.d. 31/7/1873; II, 11/1/6, 357/1880: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 18/3/1880. Kyk ook Wet 14/1875, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

9) In 1879 was daar mediese sirkels vir Umzinto, Isipingo, Durban, Avoca, Verulam en Stanger (The Natal Mercury, 14/8/1879). In 1881 is 'n sirkel vir die Middellandse Distrik geskep, insluitende Pietermaritzburg, Richmond, New Leeds en Camperdown. Dié sirkels is beskou as „a step towards the connection of the coast districts with the up-country" (Jaarverslag van die Beskermer vir 1881). In 1884 is die Howick-sirkel en in 1886 dié vir die Weenense graafskap, ook genoem die Estcourt-sirkel, en vir Laer-Umzimkulu in die lewe geroep (II, 11/1/19, 472/1884: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 2/6/1884: Beskermer se jaarverslag vir 1886). Vanaf 1887 tot 1895 het slegs twee mediese sirkels bygekom, naamlik dié van Pietermaritzburg en Nottingham Road (Jaarverslag van die Beskermer vir 1894 - 1895). Afgesien van die twee sirkels Impendhle en New Hanover is daar ook 'n derde sirkel in 1898 geskep vir die distrik tussen Elandslaagte, Dundee- en Dannhauser-stasies, bekend as die Glencoe-sirkel (II, 11/3/25, Boek 2, pp. 334 - 336: Beskermer aan A. Millar, d.d. 27/6/1898; Jaarverslag van die Beskermer vir 1898). In 1899 kom twee nuwe sirkels, dié van Tongaat en Bo-Umkomanzi, by (Jaarverslag van die Beskermer vir 1899). In 1900 kom Ladysmith se sirkel by en teen 1904 het nog een nuwe sirkel sy verskyning gemaak, t.w. Kearnsey (Jaarverslag van die Beskermer vir 1904 en die Trustraad se jaarverslag vir 1899 - 1900). In 1908 is 'n tweede sirkel vir Noord-Natal se steenkoolmyne geskep, naamlik dié van Elandslaagte (II, 11/3/33, Boek 1, p. 570: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, 1908).

10) Daar was gewoonlik gemiddeld sowat dertig plantasies in 'n gemiddelde sirkel. Kyk in dié verband: II, 11/1/2, R214/1877: Dr. E. Kretzschmar aan Beskermer, d.d. 16/5/1877.

die Beskermer, besondere maatreëls getref vir die mediese versorging van kontrakarbeiders.[11] Daar was bv. verskeie plantasies wat 'n geskikte plaasvervanger in die plek van 'n geneesheer gekry het.[12]

5. Mediese beamptes.

Sodra 'n mediese sirkel geproklameer is, het dit ooreenkomstig Wet 14/1875 die dienste van 'n vaste mediese beampte bekom. Toe die wetsontwerp in 1875 in die parlement onder bespreking was, het Saunders die feit dat kontrakarbeiders van hul spesifieke mediese beampte se dienste gebruik moes maak in stede van dié van 'n geneesheer wat soms baie nader aan hulle gewoon het, as 'n swak skakel in die stelsel beskou.[13]

Die mediese beamptes is deur die Trustraad aangestel en kon ook deur gemelde Raad ontslaan word, op voorwaarde egter dat hulle, soos later bepaal is, teen sodanige ontslag 'n appèl tot die Luitenant-goewerneur kon rig.[14] Voordat die kwekers beheer oor die Trustraad verkry het, het die mediese beamptes nie geskroom om 'n sterk houding teenoor die werkgewers van kontrakarbeiders in te neem nie,[15] ondanks die houvas wat die Trustraad in dié verband op die mediese beamptes gehad het. Nadat die kwekers in 1895 beheer oor die Trustraad verkry het, het die Beskermer, wat besef het dat die mediese beamptes huiwerig was om teen die kwekers op te tree, alles in sy vermoë gedoen om die euwel te bestry. Hy het gevalle waar hy bevind het

---

11) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1879.

12) II, 11/1/1A, R693/1875: Clarmer aan Beskermer, d.d. 21/12/1875. In 1875 het 'n plantasie-eienaar, Sydury Clarmer, bv. nie 'n vaste geneesheer vir die 76 Indiërs in sy diens gehad nie, maar hy het van die dienste van 'n sekere mnr. Challinor gebruik gemaak om medisynes vir sy Indiërs voor te skryf. As bewys dat hy die nodige mediese dienste aan die Indiërs verskaf het, het hy bewyse aan die Beskermer gestuur dat hy gedurende 1875 altesaam £52 aan sulke dienste bestee het (II, 11/1/1A, R622/1875: Clarmer aan Beskermer, d.d. 11/12/1875).

13) The Natal Mercury, d.d. 4/11/1875. Kyk ook Wet 14/1875, Ordinance Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

14) Hierdie aangeleentheid is reeds in hierdie werk behandel. Kyk p. 260.

15) II, 11/1/2, R151/1877: Mediese Beampte vir Avoca-sirkel aan Beskermer, d.d. 17/4/1877. Kyk ook dieselfde band R155/1877: Clarence aan Beskermer, d.d. 20/4/1877. So bv. het die Mediese Beampte van Avoca-sirkel in 1877 by die Beskermer gekla dat die bestuurder van Effingham-landgoed nie wou toelaat dat hy siek kontrakarbeiders op die betrokke plantasie besoek nie. In 1879 het dieselfde Mediese Beampte bedank omdat hy ontevrede was oor die gebrek aan behoorlike verpleging, behuising en voeding van siek kontrakarbeiders wat volgens hom tot baie sterfgevalle aanleiding gegee het. Die Luitenant-goewerneur het die standpunt van die gemelde Mediese Beampte egter as oordrewe beskou (GH 282, 125: Luitenant-goewerneur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 30/6/1879).

dat mediese beamptes hul plig versuim het, onmiddellik aan die Trustraad gerapporteer. So bv. het hy in 1897 bevind dat die Mediese Beampte vir Umzimkulu-sirkel ongereelde besoeke aan die plantasies binne die betrokke sirkel afgelê het. Een van die groot plantasies waar meer as honderd kontrakarbeiders werksaam was, is gedurende 'n periode van sowat ses maande nooit deur die Mediese Beampte besoek nie, ten spyte daarvan dat die regulasies bepaal het dat hy plantasies met meer as dertig kontrakarbeiders minstens een maal per week moes besoek.[16] In 1899 het die Beskermer ook die Mediese Beampte van die Verulam-sirkel aangekla oor die swak toestand waarin die sentrale hospitaal aldaar verkeer het en ook omdat gemelde Mediese Beampte se besoeke aan die sentrale hospitaal ongereeld was.[17] In 1905 het die Beskermer ook aangetoon hoe die Mediese Beampte vir Umzinto-sirkel onder invloed van 'n werkgewer gekom het wat sy kontrakarbeiders mishandel het.[18]

In drie agtereenvolgende jare vanaf 1904 het die Beskermer aanbeveel dat dit in belang van die Indiërs sou wees indien die mediese beamptes deur die regering in plaas van die Trustraad aangestel en betaal word, maar daaraan is nooit uitvoering gegee nie.[19]

Die besoldiging van die mediese beamptes het gewissel na gelang van die aantal Indiërs in die betrokke sirkel. So bv. was die salaris van die Mediese Beampte vir die Avoca-sirkel met 31 plantasies in 1877 £300 per jaar, terwyl dié vir die Verulam-sirkel met 29 plantasies slegs £200 per jaar was.[20]

Die pligte van die mediese beamptes is periodiek by wyse van regulasies in die Staatskoerant aangekondig. Aanvanklik moes hulle elke plantasie waar 30 Indiërs of meer werksaam was, ten minste een maal per week besoek. Die ander plantasies waar minstens vyf Indiërs werksaam was, moes minstens een maal in elke twee weke deur hulle aangedoen word. Vanaf 1885 moes die mediese beampte elke

---

16) II, 11/3/24, Boek 2, p. 365: Beskermer aan Trustraad, d.d. 24/9/18
17) II, 11/3/27, Boek 1, p. 254: Beskermer aan Trustraad, d.d. 25/9/18
18) Kyk p. 320.
19). Beskermer se Jaarverslae vir 1904 en 1906.
20) II, 11/1/2, R214/1877: Dr. E. Kretzschmar aan Beskermer, d.d. 16/5/1877.

plantasie waar Indiërs binne 'n sirkel van 20 myl vanaf die sentrale hospitaal werksaam was, al om die twee maande besoek. Die Indiërs op plantasies wat binne vyf myl van die hospitaal was en waar meer as vyf Indiërs werksaam was, moes ook al om die twee weke geïnspekteer word. Ander plantasies in sy sirkel wat binne 35 myl van die hospitaal geleë was en waar Indiërs werksaam was, moes een maal al om die vier maande besoek word.[21)]

By elke plantasie moes die mediese beampte 'n besoekboek en 'n gevalleboek byhou. In dringende en ernstige gevalle was die mediese beampte verplig om die pasiënte soveel kere as wat die toestand geregverdig het, te besoek. In dié verband was dit die plig van die mediese beampte om gehoor te gee aan versoeke van eienaars om die pasiënte op die plantasies te besoek. Hy moes ook toesien dat plantasie-eienaars die hospitaalreëls wat deur die wet vereis is, nakom en sy bevindinge is aan die Beskermer rapporteer.[22)]

Die mediese beampte se taak is deur verskeie faktore bemoeilik. Hy moes dikwels lang afstande te perd aflê oor terreine „often impossible to traverse on horseback, where climbing and wary scrambling alone is practicable". Soms moes hy chemiese ontledings maak wat eintlik die werk van deskundiges was. Hy het gedurig hofsake bygewoon, was vir lykskouings verantwoordelik, moes siekes in die tronk bystaan en hulle van medisyne voorsien waarvoor hy self betaal het.[23)] Hy het ook werkgewers raad gegee in verband met kontrakarbeiders wat aan ongeneeslike siektes gely het, veral met die oog op hulle terugsending na Indië.[24)]

Die Wragg-kommissie het in 1887 aanbeveel dat die mediese dienste vir kontrakarbeiders verder uitgebrei word sodat plantasie-eienaars hul eie geneeshere vir hul eie Indiërs kon aanstel, op voorwaarde dat gemelde geneeshere hulle sou onderwerp aan die regulasies wat neergelê is vir

21) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Government Notice, 448/1880; II, 11/1/27, 706/1885: Rules for the Establishment of Hospitals for Indian Immigrants amended for the Up Country districts.

22) II, 11/1/5, 504/1879: Bestuurder van Effingham-suikermeulensmaatskappy aan dr. McIntyre, d.d. 7/6/1879. 'n Vorm wat bestuurders van plantasies moes invul, verskyn teenoor p.336.
In die besoekboek moes die Beskermer die datum en tyd van sy besoek aanteken en in die gevalleboek alle besonderhede van elke pasiënt, asook die vordering van die pasiënt. Die mediese beampte het maandeliks 'n afskrif van die Algemene en Mediese Register wat die werkgewer bygehou het, aan die Beskermer gestuur.

23) II, 11/1/2, R214/1877: Dr. E. Kretzschmar aan Beskermer, d.d. 16/5/1877.

24) II, 11/1/16, I 1092/1883: Omskrywe, d.d. 26/11/1883. Dikwels het hy in dié verband 'n mediese sertifikaat uitgereik sodat die betrokke kontrakarbeider na die Durbanse depot gestuur kon word waar dan finaal beslis is wat met hom gedoen sou word.

die mediese beamptes wat amptelik vir die sirkels aangestel was.[25] Die kommissie se aanbeveling is aanvaar en dit het 'n baie voordelige uitwerking gehad.[26]

'n Ander aanbeveling van die Wragg-kommissie wat uitgevoer is, was die aanstelling van 'n Hoof- Mediese Beampte wat kontrole oor die werk van die ander mediese beamptes moes uitoefen. Dié amptenaar moes onafhanklik van die Trustraad en die Beskermer optree en kon selfs, indien nodig, direk aan die Goewerneur-in-rade verslag doen. In die praktyk het hierdie beampte, wat later as die Mediese Superintendent bekend was, as mediese raadgewer van die Trustraad opgetree. Hy het geen gesag oor die Beskermer of die Hoofgesondheidsbeampte gehad nie.[27] Toe in 1907 'n botsing tussen die Mediese Superintendent en die Hoofgesondheidsbeampte ontstaan het oor die toediening van kinien aan Indiërs wat aan malariakoors gely het, is die mening van die Hoofgesondheidsbeampte as gesaghebbend aanvaar.[28]

## 6. Faktore wat die werk van mediese beamptes bemoeilik het.

Hoewel die mediese beamptes gereeld maandeliks aan die Beskermer verslag gedoen het oor die mediese behandeling van Indiërs op die verskillende plantasies, het baie gevalle van gebrekkige mediese dienste, veral van minder ernstige aard, nie onder die Beskermer se aandag gekom nie. Dit blyk bv. duidelik dat daar nie altyd aan siek Indiërs die nodige medisyne verskaf is nie. Nogtans is dit moeilik, veral weens gebrek aan geloofwaardige getuienis, om te bewys dat kontrakarbeiders oor die algemeen swak mediese behandeling ontvang het.

---

25) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1877.
26) II, 11/3/33, Boek 1, pp. 690 - 691: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/10/1908. So bv. het die Umhloti-valleimaatskappy, nadat 32 Indiërs binne vyf maande van 1907 op die plantasie gesterf het, sy eie geneesheer aangestel. Daarna het daar in die daaropvolgende jaar gedurende die periode Mei tot Oktober 1908 geen sterfgeval voorgekom nie. Die geneesheer het die kasernes van die plantasie elke dag besoek en Indiërs wat versuim het om hulle as siek aan te meld, opgespoor. Daarbenewens het hy die sanitêre toestand op die plantasie gereeld dopgehou om siektes te voorkom. Hoewel die Tongaat-suikermaatskappy dieselfde beleid met soortgelyke resultate toegepas het, was baie van die ander groot plantasies egter nie bereid om so 'n beleid na te volg nie.
27) II, 11/3/32, Boek 2, pp. 49 - 50: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/11/1907.
28) II, 11/1/155, 12744/1907: Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/11/1907.

In dié verband moet ook in gedagte gehou word dat die bestuurders en die sirdars nie altyd geweet het of die Indiërs werklik siek was nie, want dikwels het die Indiërs siekte as 'n verskoning voorgehou omdat hulle te lui was om te werk.[29] Soms weer het kontrakarbeiders wat werklik siek was, nie hul siekte aangemeld nie omdat hulle wou voorkom dat 6d per dag van hul salaris afgetrek word[30] en soms ook was die werkgewers nalatig deur siektegevalle nie betyds by die mediese beampte te rapporteer nie.[31]

Ook die kinders van kontrakarbeiders het dikwels beswyk omdat die ouers nie betyds hul siektes aangemeld het nie. Die swak wyse waarop kinders van kontrakarbeiders deur hul ouers behandel is, is gereeld in die Beskermer se jaarverslae genoem.[32] Hoewel daar vanaf 1905 'n regulasie was dat Indiërouers onmiddellik aan hul werkgewer moes rapporteer as hul kinders siek was, is daaraan nie uitvoering gegee nie en het die hoë sterftesyfer onder Indiërkinders tot 1910 bly voortduur.[33] In 1910 is daar egter drastiese wysigings aangebring in die regulasies om die posisie te probeer verbeter. Werkgewers is aangesê om Indiërvroue wat langer as sewe maande swanger was en Indiërmoeders met kindertjies van jonger as drie maande nie te laat werk nie. Elke werkgewer wat 20 of meer kontrakarbeiders in sy diens gehad het, moes al die Indiërvroue en hul kinders maandeliks deur die mediese beampte laat ondersoek. Indien 'n werkgewer 150 of meer kontrakarbeiders in sy diens gehad het, moes hy ook 'n apteker („compounder") en 'n sanitêre beampte op eie koste in sy diens hou om die Indiërkampong en behuisingstoestande gereeld te inspekteer en na die welsyn van die Indiër-immigrante in die algemeen om te sien.[34]

Dit is derhalwe 'n gewaagde gevolgtrekking om die hoë sterftesyfer onder die Indiërbevolking aan swak mediese dienste toe te skryf, want

---

29) II, 11/1/5, 1371 en 1365/1878: Drs. Green en J. McIntyre aan Beskermer, d.d. 9/11/1878; II, 11/3/26, Boek 2, pp. 358 - 361: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/5/1899.
30) Kyk p. 332.
31) II, 11/3/31, Boek 1, pp. 396 - 397: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/6/1904.
32) Ibid; Jaarverslae van die Beskermer vir 1881, 1883, 1885, 1896, 1904 en 1910. In 1884 het bv. dertien Indiërkinders en in 1885 twaalf aan brandwonde gesterf. Die Mediese Beampte vir Avocasirkel het in die tagtigerjare verklaar: „It is next to impossible to cause a Coolie to realise the fact that a child requires clothing just as the parent does food" (Jaarverslag van die Beskermer vir 1881; kyk verslag van die Mediese Beampte in dié verband).
33) Jaarverslae van die Beskermer vir 1904 en 1910.
34) Jaarverslag van die Beskermer vir 1910.

gevalle het voorgekom waar Indiërouers versuim het om vir hul kinders van die mediese dienste wat wel beskikbaar was, gebruik te maak. Selfs die Gebrs. Reynolds wat bekend was vir die swak behandeling van hul kontrakarbeiders, het nogtans uit hul pad gegaan om goeie mediese dienste te lewer. In 1904 het hulle 'n nuwe hospitaal met moderne geriewe vir hul Indiërarbeiders opgerig, ondanks die feit dat daar reeds 'n hospitaal beskikbaar was.[35)]

7. Landgoedhospitale.

Die Natalse owerheid het alles in sy vermoë gedoen om hospitalisasie vir kontrakarbeiders te verbeter. Nog voordat die tweede immigrasieskema 'n aanvang geneem het, is deur Wet 2/1870 vir die oprigting van landgoedhospitale („estate hospitals") ten behoewe van die Indiërs voorsiening gemaak. Hierdie hospitale moes, ná oorlegpleging met die Beskermer, deur die eienaar van die betrokke landgoed self opgerig word indien die aantal Indiërs in sy diens twintig of meer was. Die materiaal waarvan die hospitaal gebou moes word, kon bestaan uit baksteen, klip, hout, sink, wattel en klei of 'n ander materiaal wat die Beskermer goedgekeur het. Die dak moes van sink, riet, teëls of lei wees.[36)]

Landgoedhospitale moes oor twee sale, een vir mans en een vir vroue, beskik. Vir elke pasiënt moes minstens 60 vk. vt. en 500 kubieke vt. ruimte beskikbaar gestel word. Daar moes genoeg ruimte beskikbaar wees om minstens 3% van die totale aantal Indiërs op die betrokke landgoed te huisves, in elk geval nie minder as vier persone nie.

Die landgoedhospitaal moes op 'n geskikte plek weg van die Indiërhutte geleë wees. Daar moes ook 'n afsonderlike gebou uitsluitlik vir hospitaaldoeleindes opgerig word. Dit moes voldoende akkommodasie vir verpleërs en vir 'n apteek wat deur beide die Beskermer en mediese beampte goedgekeur moes word, insluit.

Die eienaar van die landgoed moes sorg dat daar voldoende mediese

---

35) Kyk p.342.
36) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Government Notice, 448/1880. Kyk ook Wet 2/1870, art. 22, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

voorrade en beddens voorhande sou wees en ook die hospitaalpersoneel voorsien. Die werkgewer moes 'n Algemene Register en Mediese Register byhou waarvan 'n afskrif elke maand aan die mediese beampte verstrek moes word. Tydens sy besoeke aan die landgoedhospitale moes die mediese beampte sy bevele daar uitreik.

Indien omstandighede dit sou regverdig, kon meer as een landgoed slegs een landgoedhospitaal tot hul beskikking hê, maar daarvoor was die goedkeuring van die goewerneur nodig.[37)]

Aanvanklik het die landgoedhospitale 'n nuttige doel gedien vir onmiddellike en minder gekompliseerde behandelings. Die mediese beampte moes tydens sy besoeke aan dié inrigtings besluit of pasiënte na die beter ingerigte sentrale hospitaal oorgeplaas moes word of nie. Ingeval die pasiënt na die sentrale hospitaal oorgeplaas sou word, moes die werkgewer die vervoerkoste van die pasiënt betaal.[38)]

Namate meer sentrale hospitale opgerig is, het die landgoedhospitale in aansien afgeneem, maar teen 1881 het die Beskermer steeds druk op die werkgewers uitgeoefen om landgoedhospitale te bou. Werkgewers wie se plantasies naby sentrale hospitale geleë was, het traag geword om landgoedhospitale te voorsien. Teen Julie 1881 het twaalf eienaars in die Avoca-sirkel nog nie landgoedhospitale gehad nie.[39)]

Teen 1883 was baie min kontrakarbeiders in landgoedhospitale behandel omdat hulle verkies het om vir minder ernstige kwale liewer in hul eie wonings behandeling te ontvang.[40)] Hoewel die Beskermer ook by die steenkoolmyne aangedring het op die oprigting van landgoedhospitale namate die kontrakarbeiders die binneland ingedring het, was sulke hospitale teen 1904 feitlik geheel en al in onbruik. In sy jaarverslag vir 1904 verklaar die Beskermer: „There are very few Estate Hospitals in existence, the employers preferring to send their sick to the Central Hospital, where they can receive the constant supervision

37) Ibid.
38) Jaarverslag van die Beskermer vir 1881; Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Government Notice, 448/1880.
39) II, 11/1/8: Omsendbrief deur Beskermer uitgereik, ongedateerd 1881; II, 11/1/8, 714/1881: Mediese Beampte, Avoca-sirkel, aan Beskermer, d.d. 28/7/1881.
40) Jaarverslag van die Beskermer vir 1880 en 1883.

of the medical officer which is impossible to give on estates any distance away from the residence of the medical officer".[41)]

8. Sentrale hospitale.

Die sentrale hospitale het, anders as die landgoedhospitale, hul ontstaan te danke gehad aan die Beskermer se aanbevelings van 1873. Hy het die oprigting van klein goedkoop sentrale hospitale op geskikte plekke in gebiede waar baie Indiërs werksaam was, bepleit.[42)] Die gedagte daaragter was om te verhinder dat Indiër-arbeiders sou kon voorgee dat hulle siek was om sodoende hul werk te ontduik, want die mediese beampte, wat die sentrale hospitaal daagliks moes besoek, sou slegs dié wat werklik siek was, in die hospitaal hou en hulle ontslaan sodra hulle beter was.[43)] Aan die Beskermer se aanbeveling is ingevolge Wet 14/1875 uitvoering gegee, en in 1876 kon die Beskermer reeds getuig dat „a system of District Hospitals has been sanctioned and is about to be tried".[44)] Aanvanklik is voorkeur aan die oprigting van sentrale hospitale langs die Natalse kus gegee, maar mettertyd is sentrale hospitale ook in die binneland opgerig in sirkels waarin minstens 200 Indiërs aanwesig was.[45)]

Sentrale hospitale is opgerig op geskikte plekke, aangewys deur die Natalse regering in samewerking met die mediese beampte van die betrokke sirkel. Die gedagte was dat elke sirkel uiteindelik sy eie sentrale hospitaal sou kry, maar gebrek aan fondse het die oprigting daarvan dikwels vertraag.[46)]

Met die oprigting van sentrale hospitale het die Trustraad nie altyd dieselfde beleid gevolg nie. In sekere gevalle is geskikte wonings aangekoop en in ander gevalle is nuwe hospitale gebou. Vir die Umzinto-sirkel is bv. 'n gebou aangekoop en in 'n sogenaamde woninghospitaal („cottage hospital") omgeskep, terwyl vir die sirkels met die meeste kontrakarbeiders, soos dié van Avoca en Verulam, groter hospi-

---

41) II, 11/3/25, Boek 2, p. 341: Beskermer aan Trustraad, d.d. 29/6/1898.
42) II, 11/3/2, pp. 397 - 398: Beskermer se memorandum, d.d. 31/7/1873.
43) II, 11/1/2, 219/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1877.
44) Jaarverslag van die Beskermer vir 1876.
45) II, 11/1/7, 959/1880: Dr. Cartwright-Reed, Mediese Beampte, aan Beskermer, d.d. 26/8/1880; II, 11/1/7, 1130: notule van Trustraad, d.d. 17/8/1880.
46) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/188: Government Notice, 448/1880; II, 11/1/4, 252/1878, Jaarverslag van die Beskermer vir 1877, d.d. 18/2/1878.


tale gebou is.[47] Die eerste sentrale hospitaal, dié vir Avoca-sirkel, is eers in 1878 voltooi en die tweede, vir die Verulam-sirkel, in die daaropvolgende jaar. Teen 1881 was daar vier sentrale hospitale wat mettertyd tot vyftien in 1904 vermeerder is.[48]

Die sentrale hospitale was dus behoorlik geboude inrigtings. Selfs die Wragg-kommissie het teen die hoë koste van dié geboue beswaar gemaak en aanbeveel dat gewone sinkgeboue wat aan die binne-

---

47) Jaarverslag van die Beskermer vir 1881; II, 11/1/14, 800/1883: Legislative Council Return; II, 11/1/4, 722/1878: W. Gooch aan Beskermer, d.d. 27/6/1878; Jaarverslag van die Trustraad, d.d. 16/6/1879.

48) Daar is begin met 'n sentrale hospitaal vir die Avoca-sirkel, „which is of the most importance, the greatest number of Indians being employed in this Circle" (II, 11/1/4, 252/1878: Jaarverslag van die Beskermer vir 1877). Die sentrale hospitaal vir die Avoca-sirkel is op 'n terrein van 5 acre wat gratis deur die heer W.Gooch geskenk is, opgerig en het by voltooiing £1692 gekos (II, 11/1/4, 722/1878: W. Gooch aan Beskermer, d.d. 27/6/1878; II, 11/1/14, 800/1883: Legislative Council Return). Die sentrale hospitaal van die Verulam-sirkel, wat in 1879 voltooi is, was veel beter ingerig as dié vir Avoca-sirkel en het £1733 gekos (II, 11/1/5, 366/1879: Notule van die Trustraad, d.d. 16/6/1879; II, 11/1/14, 800/1883: Legislative Council Return). In 1881 is 'n geskikte gebou vir 'n sentrale hospitaal vir die Umzinto-sirkel aangekoop en dit het £1273 gekos om dit in 'n hospitaal om te skep (Jaarverslag van die Beskermer vir 1881; II, 11/1/14, 800/1883: Legislative Council Return). Afgesien van die Durbanse depot-hospitaal is daar ook in 1881 'n spesiale saal met 12 beddens vir Indiërs by die Addington-hospitaal teen 'n koste van £969 aangebou (II, 11/1/14, 800/1883: Legislative Council Return; II, 11/3/15, p. 515: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 30/9/1891). In 1882 is 'n nuwe sentrale hospitaal vir die Isipingo-sirkel teen 'n bedrag van £1231 aangebou (Jaarverslag van die Beskermer vir 1882; II, 11/1/14, 800/1883: Legislative Council Return). Teen die einde van 1884 het die Howick-sirkel ook reeds 'n sentrale hospitaal verkry (Jaarverslag van die Beskermer vir 1884). In 1885 is 'n sentrale hospitaal te Estcourt vir die Weenen-sirkel opgerig (Jaarverslag van die Beskermer vir 1885). Teen 1895 was daar, saam met die Durbanse depot-hospitaal wat steeds uitgebrei was, altesaam nege sentrale hospitale in Natal. Die nuwes wat intussen bygekom het, was dié vir Stanger en Pietermaritzburg (Jaarverslag van die Beskermer vir 1894 - 1895; II, 11/1/51, 1008/1889: Beskermer aan Algemene Bestuurder, Natals Spoorweë d.d. 23/9/1889). In 1900 het 'n sentrale hospitaal vir Ladysmith ook bygekom, sodat daar teen 1904 altesaam vyftien sentrale hospitale was. Die nuwes wat sedert 1900 bygekom het, was vir Tongaat, Kearnsey, Richmond en Talana. Laasgenoemde twee is in 1904 opgerig (Jaarverslag van die Beskermer vir 1904 en die jaarverslag van die Trustraad vir 1899 - 1900). Gebrs. Reynolds het self in 1904 'n sentrale hospitaal vir die Umzinto-sirkel opgerig met allerlei bykomende moderne geriewe wat die ou hospitaal vervang het (Jaarverslag van die Beskermer vir 1904). Die sentrale hospitaal vir die Glencoe-sirkel is in 1902 op die Dundee-steenkoolmaatskappy se perseel opgerig (II, 11/3/30, Boek 2, p. 274: Beskermer aan Eerste Minister, d.d. 16/6/1902). In 1908 is daar ook 'n sentrale hospitaal vir 25 pasiënte by die Elandslaagte-steenkoolmyne opgerig (II, 11/3/33, Boek 1, p. 570: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 28/9/1908). Pachai is korrek dat daar in 1903 slegs een sentrale hospitaal vir die steenkoolmyne beskikbaar was (Pachai, op. cit., p. 88), maar hy het versuim om te meld dat daar in 1908 'n tweede een opgerig is.




PLAN OF ISIPINGO INDIAN HOSPITAL.

KYK II, II/1/10, NR.133 VAN 1882, BESKERMER AAN KOLONIALE SEKRETARIS, 4/2/1882.

kant met hout beskut is, goed genoeg aan die doel sou beantwoord. Die gedagte was dat indien siektekieme in die hout van die inrigting geskuil het, die skade nie so groot sou wees om die gebou te verbrand nie. Daarbenewens kon 'n sinkgebou ook maklik na geskikter plekke verskuif word.[49)]

'n Sentrale hospitaal moes groot genoeg wees om 30 pasiënte te huisves en vir elke pasiënt moes 1000 kubieke vt. ruimte beskikbaar wees. Die sentrale hospitaal moes oor 'n behoorlik toegeruste apteek beskik, asook oor 'n privaatkamer vir die mediese beampte. Voorsiening moes ook gemaak word vir geskikte buitegeboue, 'n kombuis en kamers vir kokke, latrines, warm en koue baddens en die geboue moes behoorlik omhein wees.[50)]

Daar is van die mediese beampte verwag om by of naby die sentrale hospitaal in te woon, want hy moes die hospitaal daagliks besoek. Hy sou verantwoordelik vir die beheer oor die pasiënte en personeel van die hospitaal wees en toesien dat die regulasies getrou nagekom word. Die mediese beampte moes ook sertifiseer dat sy mediese voorskrifte vir die pasiënte getrou nagekom word en beslis oor wie tot die sentrale hospitale toegelaat en wanneer pasiënte ontslaan kon word. Slegs in sekere gevalle van behoeftige Indiërs kon 'n magistraat of die Beskermer opdrag gee dat die betrokke Indiër toegelaat word.[51)]

Die Beskermer of die Assistent-Beskermer moes een maal per maand die sentrale hospitale besoek en by dié geleentheid aan die klagte van pasiënte en hospitaalpersoneel aandag skenk. Hy moes hul klagte onmiddellik uit die weg ruim of in sekere gevalle die Natalse regering versoek om foute reg te stel.[52)]

---

49) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887.

50) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Natal Government Notice, 448/1880. Die plan teenoor p.343 kom voor in II, I1/1/10, 133/1882: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/2/1882. Dit is 'n plan van 'n klein sentrale hospitaal, naamlik dié vir Isipingo-sirkel wat vir 25 pasiënte voorsiening gemaak het.

51) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Natal Government Notice, 448/1880. Die personeel van die sentrale hospitaal moes 'n daaglikse uitgaweboek van mediese voorrade ens. byhou en dit is weekliks deur die mediese beampte gekontroleer. Die mediese beampte het dan maandeliks 'n gesertifiseerde voorradestaat van alle mediese voorrade na die Beskermer deurgestuur en ook alle gevalle van wangedrag aan hom gerapporteer.

52) Ibid. Die Beskermer het die hospitaalboeke nagesien en sowel daaroor as oor die hospitaal in sy geheel verslag gedoen. Die Beskermer het ook die besoekboek waarin besoekers aanbevelings of opmerkings in verband met die hospitaal kon doen, nagegaan, asook die gevalleboek waarin alle besonderhede van elke pasiënt deur die mediese beampte aangeteken is.

Die sentrale hospitale is uit die Mediese Fonds van die Trustraad gefinansier, asook die mediese voorrade, instrumente en ander noodsaaklike voorrade en kleding, wat aan die sentrale hospitale voorsien is.[53] Die lone van die personeel van die sentrale hospitale (die mediese beampte, 'n Indiese assistent-apteker en tolk, 'n manlike en 'n vroulike verpleër, twee kokke, 'n houtkapper en waterdraer) is ook uit die Mediese Fonds betaal.[54]

Die Mediese Fonds is gevoed uit die bydraes van die werkgewer, wat vir elke pasiënt van hom in die sentrale hospitaal 1/- per dag verblyfkoste moes betaal. Hierdie tarief is later verhoog toe daar in 1880 gevind is dat die tarief onvoldoende was,[55] maar in 1910 is dit weer tot 1/- per dag verlaag, omdat die werkgewers traag was om kontrakarbeiders na die sentrale hospitaal teen 'n hoë tarief te stuur. Daarbenewens het die werkgewer reeds met die aanvang van die tweede immigrasieskema 1/- per maand vir elke volwasse immigrant in sy diens betaal wat ook in die Mediese Fonds gestort is. Aan 'n aanbeveling van die Wragg-kommissie dat die bedrag verminder word, is nie uitvoering gegee nie, want ooreenkomstig Wet 25/1891 het die tarief gebly soos wat dit voorheen was.[56]

Die diëet wat vir pasiënte in sentrale hospitale voorgeskryf is, was dikwels te ryk vir die toestand van die pasiënt. Gevolglik het die Wragg-kommissie in 1887 aanbeveel dat alleen sodanige diëet voorsien moes word as waarvan die betrokke pasiënte voordelig gebruik kon maak. Daarna het die diëet by sommige sentrale hospitale, veral dié van Verulam, so verswak dat die gesondheid van die pasiënte sodanig ondermyn is dat sterfgevalle al hoe meer voorgekom het. Die Beskermer het gevolglik aanbeveel dat vleis en groente een maal of twee maal per week aan die betrokke pasiënte gegee word, al sou dit teenstrydig wees met die beleid wat daar by die hospitaal toegepas is.[57]

---

53) Vóór Augustus 1885 het die werkgewer vir die medisyne en die voedsel van pasiënte wat van hul plantasies gekom het, betaal (II, 11/1/26, 571/1885: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 13/8/1885).

54) Natal Government Gazette, d.d. 2/11/1880: Government Notice, 448/1880.

55) The Natal Mercury, 27/7/1880: berig oor vergadering van Victoria Planters' Association.

56) Jaarverslag van die Beskermer vir 1910; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887. Kyk ook Wet 25/1891, Natal Laws, 1890 - 1894.

57) II, 11/3/23, Boek 1, p. 45: Beskermer aan Trustraad, d.d. 11/12/18

Teen 1881 was die voordele van die sentrale hospitale bo dié van landgoedhospitale reeds duidelik merkbaar. Die Indiërvooroordele teen die gebruik van latrines as gevolg van die kastestelsel kon nie doeltreffend op die swakbeheerde landgoedhospitale oorwin word nie, maar by die sentrale hospitale is die Indiërs in dié opsig beter opgevoed. Die Sentrale hospitale was ook beter geskik vir noukeuriger aandag, diëet en verpleging. Gevolglik is siektes soos disenterie, koors en veneriese siektes daar makliker genees. Die aantal Indiërs wat weens bona fide siektes van hul werk weggebly het, is ook drasties verminder. 'n Ander belangrike funksie wat die sentrale hospitale verrig het, was om skoon gesuiwerde water wat in tenks opgegaar is, aan kontrakarbeiders te voorsien. Slegs die sentrale hospitaal van Avoca-sirkel het teen 1887 nog nie behoorlike water gehad nie.[58)]

As gevolg van al die voordele het die Trustraad besluit om die aantal sentrale hospitale sover as wat die fondse sou toelaat te vermeerder. Hoewel daar by sommige sentrale hospitale probleme opgeduik het, het dié soort hospitale volkome aan hul doel beantwoord.[59)] Die aanvanklike teësinnigheid van Indiërs om in sentrale hospitale opgeneem te word is nog teen 1887 ondervind, maar teen 1896 het dit feitlik geheel en al verdwyn.[60)]

As gevolg van die geweldige toename van kontrakarbeiders na die Tweede Vryheidsoorlog kon Natal nouliks voorbly met die voorsiening van sentrale hospitale.[61)] Die Trustraad was verder verplig om ver-

---

58) II, 11/1/8, 239/1881: Mediese Beampte, Isipingo, aan Beskermer, d.d. 26/2/1881; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887; Jaarverslag van die Beskermer vir 1881. Kyk onder titel Hospitale.

59) II, 11/1/27, 763/1885: Beskermer aan Trustraad, d.d. 10/6/1885. Die Indiërs was aanvanklik teësinnig om by sentrale hospitale opgeneem te word. So bv. het die sentrale hospitaal te Isipingo teen 1885 nog min aftrek gekry, nieteenstaande die feit dat daar toe al 3000 Indiërs binne die betrokke sirkel was (II, 11/1/27, 763/1885: Beskermer aan Trustraad, d.d. 10/6/1885. Kyk ook verslag van F. Green, Mediese Beampte, d.d. 7/7/1885). Gedurende die 19de eeu het dit ook nie voor die wind gegaan by die Verulam-sentrale hospitaal nie. In 1899 het die Beskermer gevind dat die boeke nie bygehou is nie, dat geen medisyne aan pasiënte gegee is nie, dat die apteker onder invloed van drank was en dat die Mediese Beampte nie gereeld die hospitaal besoek het nie (II, 11/3/27, Boek 1, p. 254: Beskermer aan Trustraad, d.d. 25/9/1899). Ook by die Tongaat-sentrale hospitaal het die Beskermer in 1906 tydens sy besoek aldaar gekla oor die vuil vloere en klere van pasiënte (II, 11/3/31, Boek 3, p. 231: Beskermer aan Trustraad, d.d. 23/6/1906).

60) Jaarverslae van die Beskermer vir 1887 en 1896.

61) II, 11/3/32, Boek 1, p. 242: Beskermer aan Trustraad, d.d. 22/3/1907. Kyk ook dieselfde band, p. 650: Beskermer aan Trustraad, d.d. 12/8/1907. So bv. het die Isipingo-sentrale hospitaal, wat in 1885 skaars sy bestaan geregverdig het, teen 1907 twintig pasiënte meer gehuisves as waarvoor dit oorspronklik ingerig was. In 1907 het die Beskermer geen verdere kontrakarbeiders aan

skeie sentrale hospitale drasties te vergroot om vir die toenemende aantal pasiënte voorsiening te maak.[62)]

Met die toename van myntering onder kontrakarbeiders, veral as gevolg van die ontwikkeling van die Natalse steenkoolmyne en die indiensneming van kontrakarbeiders aldaar, het die Beskermer alle plantasies waar myntering voorgekom het, verplig om 'n isolasiegebou vir sulke gevalle op te rig. Selfs in Durban is die munisipaliteit in 1905 versoek om 'n isolasiegebou in sy munisipale gebied vir mynteringgevalle op te rig.[63)]

Die aanvanklike gebrek aan hospitalisasie vir Indiërs is grotendeels deur die oprigting van sentrale hospitale te bowe gekom en hoewel die landgoedhospitale geleidelik verdwyn het, het dit, veral in die sewentiger- en tagtigerjare, 'n nuttige doel gedien om hospitalisasie te verbeter.[64)]

9. Die behandeling en bekamping van siektes wat hoofsaaklik van Indië na Natal oorgebring is.

Die aanwesigheid van siektes onder Indiërs in Natal was dikwels die gevolg van siektes wat die immigrante saam met hulle van Indië oorgebring het, veral geslagsiektes, melaatsheid, malaria, haarwurmsiekte (ankylostomiasis) en pes.[65)]

---

werkgewers binne die Tongaat-sirkel toegesê nie omdat die sentrale hospitaal aldaar ook reeds twintig pasiënte meer gehuisves het as waarvoor dit ingerig was. By gemelde hospitaal is tente opgeslaan om vir addisionele pasiënte voorsiening te maak (II, 11/3/32, Boek 1, p. 166; Boek 3, p. 231).

62) Reeds in 1879 is besluit om die eerste sentrale hospitaal vir Avoca-sirkel te verbeter (II, 11/1/5, 366/1879: Notule van Trustraad, d.d. 16/6/1879). In 1883 is die sentrale hospitale vir die sirkels van Verulam en Umzinto uitgebrei (Jaarverslag van die Beskermer vir 1883). In 1908 het die Beskermer ook aanbeveel dat die Stanger-sentrale hospitaal drasties vergroot word, aangesien die Mediese Beampte verplig was om sover moontlik siek Indiërs uit die hospitaal te hou omdat daar nie genoeg ruimte was nie. Die Beskermer het uitbreidings vir ongeveer 45 pasiënte beraam, insluitende 'n apteek en operasiekamer, wat altesaam teen 'n koste van £1066 aangebou moes word (II, 11/3/33, Boek 1, p. 321: Beskermer aan Trustraad, d.d. 21/8/1908).

63) II, 11/3/31, Boek 2, p. 290: Beskermer aan Stadsklerk, Durban, d.d. 28/3/1905. Kyk ook dieselfde band p. 322: Beskermer aan Stadsklerk, Durban, d.d. 13/4/1905.

64) Beskermer se Jaarverslag vir 1904.

65) In 1881 verklaar die Mediese Beampte vir Verulam-sirkel: „Syphilis and Psora, evidently imported, are very common and very distinctive among the Coolies" (II, 11/1/9, 1094/1881: verslag van Mediese Beampte, Verulam-sirkel, Sept. 1881). Andermaal verklaar die Mediese Beampte vir Avoca-sirkel in 1881: „During the first half of the year there were very few cases of acute veneral

Aanvanklik was dit slegs melaatsheid en veral geslagsiektes wat die meeste hoofbrekens aan die Beskermer veroorsaak het.[66] Die probleem was dat Natal nie oor 'n wet vir aansteeklike siektes beskik het nie en gevolglik nie Indiërvroue by hul aankoms in Natal behoorlik kon laat ondersoek nie. Vóór hul vertrek van Indië en by hul aankoms in Natal is Indiërvroue wel deur 'n verpleegster vir die aanwesigheid van geslagsiektes ondersoek, maar so 'n verpleegster was nie 'n deskundige, soos 'n geneesheer, om met sekerheid die siekte op te spoor nie. Baie siektegevalle het gevolglik deurgeglip, veral waar die siekte slegs halfontwikkeld was. Daarom is daar vanaf 1887 te Durban 'n Mediese Raad bestaande uit twee lede, die depotgeneesheer en 'n Durbanse geneesheer, aangestel om beter beheer oor die siekte uit te oefen.[67]

---

disease on any of the Estates; but shortly after the Indians who came by the Merchantman arrived on the different estates new cases of veneral disease appeared" (Jaarverslag van die Beskermer vir 1882). Volgens die Wragg-kommissie (1887) was daar onder die Indiërvroue wat van Indië gekom het, doelbewus prostitute ingesluit. Die kommissie het ook bevind dat 96 Indiërvroue vanaf 1874 tot 1885 by hul aankoms in die Durbanse hawe reeds geslagsiektes onder lede gehad het (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887). Net soos die geval met geslagsiektes is melaatsheid ook van Indië oorgebring. In 1875 het die Britse Minister van Kolonies Natal reeds gewaarsku om voorsorg te tref teen melaatsheid wanneer Indiër-immigrante ingevoer word (II, 11/1/1A, R681/1876: Omsendbrief van Carnarvon aan Koloniale regerings, d.d. 15/10/1875). Die jaar daarop (1876) het twee gevalle in Natal voorgekom, na aanleiding waarvan die Britse Minister van Kolonies verklaar het: „It broke out shortly after the arrival of the individuals in the Colony, and was probably latent in their systems" (Jaarverslag van die Beskermer vir 1876). In 1882 het die Beskermer weer melding gemaak van die feit dat alles gedoen word om te voorkom dat melaatsheid van Indië ingevoer word (Jaarverslag van Beskermer vir 1882). Ook die Wragg-kommissie het gewaarsku dat „care be taken in inspecting new arrivals from India" (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887). Volgens die Natalse Hoof- Mediese Beampte is haakwurmsiekte van Indië na Natal oorgebring (II, 11/1/145, 13147/1906: Hoof- Mediese Beampte aan Beskermer, d.d. 16/8/1906). In 1906 toe die malariakoors-epidemie die kwaaiste onder Indiërs in Natal gewoed het, het twee emigranteskepe hierdie siekte op uitgebreide skaal aan boord gehad (II, 11/3/31, Boek 3, pp. 193 - 195: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/6/1906; hoofstuk 3, pp. 50 - 53). In 1906 het die Beskermer ook verklaar dat nuwelinge onder die kontrakarbeiders die kwesbaarste vir die siekte is (II, 11/3/31, Boek 3, p. 387: Beskermer aan Trustraad, d.d. 23/8/1906). Selfs nog in 1907 het die emigranteskip Umzinto met 'n groot aantal Indiërs wat aan malariakoors gely het, in Natal aangekom (II, 11/3/32, Boek 1, p. 110: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 29/1/1907 II, 11/1/94, 1986/1899: Kapt. Leumann aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/6/1899).

66) Die Beskermer het feitlik jaarliks vanaf 1876 tot 1883 van die aanwesigheid van geslagsiektes onder kontrakarbeiders melding gemaak. Melaatsheid wat ook in die Beskermer se jaarverslae van 1876 en 1882 gemeld is, was gewoonlik tot 'n klein aantal beperk. Hoewel die Wragg-kommissie ook van die aanwesigheid van die siekte in Natal melding gemaak het, was melaatsheid nooit 'n groot bedreiging nie. In 1895 het daar egter vier Indiërs aan melaatsheid gesterf (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887; Jaarverslag van die Beskermer vir 1894 - 1895).

67) Jaarverslag van die Beskermer vir 1887.

Beide in die geval van geslagsiektes en melaatsheid het die Trustraad met die oprigting van sentrale hospitale daarin geslaag om gemelde siektes onder die knie te kry.[68] Reeds in 1887 het die Wragg-kommissie die volgende drastiese aanbevelings gedoen om geslagsiektes onder kontrakarbeiders in Natal te bekamp:

1) Spesiale voorsorg moes in Indië getref word om te voorkom dat emigrante wat aan geslagsiektes ly, na Natal kom;

2) Geslagte moes tydens die seereis geskei word, asook tydens verblyf in die Durbanse depot en kampong;

3) Immigrante, mans sowel as vroue, moes met hul aankoms in Durban deeglik medies ondersoek word;

4) Kontrakarbeiders wat aan geslagsiektes ly, moes deur wetgewing verplig word om in hospitale opgeneem te word totdat hul van hul siekte genees was; baie Indiërs het teen 1887 nog geweier om in hospitale opgeneem te word. [69]

In 1889 het 'n spesiale kommissie wat aangestel is om die aanbevelings van die Wragg-kommissie te oorweeg, aanbeveel dat wetgewing in verband met geslagsiektes ingedien word, maar daaraan is nie uitvoering gegee nie.[70]

Die Mediese Raad te Durban, 'n uitvloeisel van die Wragg-kommissie se aanbevelings, moes sover moontlik sorg dra dat nuwe aankomelinge wat die Durbanse depot verlaat, nie aan geslagsiektes ly nie. Hoewel verpleegsters nog die Indiërvroue ondersoek het, is uitvoering aan die Wragg-kommissie se aanbeveling gegee om aparte kampongs vir ongetroude vroue en mans by die Durbanse depot in te rig.[71]

Hoewel geslagsiektes nog in 1904 onder die kontrakarbeiders op die myne voorgekom het, het doeltreffende hospitalisasie en die maatreëls wat getref is om uitvoering aan die aanbevelings van die Wragg-kommissie te gee, meegebring dat die siekte vanaf 1897 nie meer 'n bedreiging was nie.[72]

Malariakoors onder Natalse Indiërs was nooit vóór 1905 'n ernstige

---

68) Na gelang meer sentrale hospitale opgerig is, het geslagsiektes al hoe meer onder kontrakarbeiders afgeneem (kyk die Beskermer se jaarverslae). Wat hospitalisasie vir melaatsheid betref, kyk die Beskermer se jaarverslag vir 1882).
69) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887.
70) Kyk p. 165.
71) Kyk p. 61, voetnoot 79.
72) Jaarverslag van die Beskermer vir 1904; ook die ander jaarverslae van die Beskermer vanaf 1897. Die siekte het reeds in 1886 minder ernstig begin word (Jaarverslag van die Beskermer vir 1886).

bedreiging nie, ondanks die feit dat dit reeds in 1897 voorgekom het. In 1905 het egter 153 Indiërs aan malaria gesterf, en in 1906 nie minder as 537 nie. Die siekte het hoofsaaklik voorgekom langs die Natalse kus, tot ongeveer tien myl van die kus, tussen die Umhloti- en Tongaat-riviere, maar het selde sy verskyning ten suide van Durban gemaak.[73)]

In 1907, nadat 4479 malaria-pasiënte gedurende 1905 en 1906 in sentrale hospitale opgeneem is, het die Beskermer spesiale maatreëls in die staatskoerant gepubliseer om malaria te bestry, onder andere dat kinien gereeld, minstens eenmaal per week, aan malarialyers op die plantasies verskaf moes word.[74)] Toe malariakoors weer in 1910 gedreig het om groot afmetings onder die Indiërbevolking aan te neem, het die Beskermer daarop aangedring dat aptekers in diens geneem word om die siekte in bedwang te hou en dié optrede het die siekte wel binne perke gehou.[75)]

'n Ander ernstige siekte wat eers vroeg in die twintigste eeu onder Natalse Indiërs gediagnoseer is, was haakwurmsiekte (Ankylostomiasis). Volgens die Natalse Hoof- Mediese Beampte het dit moontlik al baie vroeër onder die Natalse Indiërs voorgekom, maar omdat dit moeilik was om dit te diagnoseer, is dié siekte onder ander siektes geklassifiseer, bv. anemie, swakheid, dispepsie, uittering, disenterie en diarree. Haakwurmsiekte het van 150 tot 200 Indiërs se lewens jaarliks geëis en aangesien die siekte teneergedruktheid veroorsaak, is dit moontlik dat dit selfs gedeeltelik verantwoordelik kon gewees het vir die groot aantal selfmoorde onder die Indiërbevolking in Natal.[76)]

Aan die begin van die twintigste eeu het die haakwurmsiekte so 'n omvang in Natal aangeneem dat sowat die helfte van die Indiërbevolking op een stadium daardeur aangetas was, maar teen 1910 was die siekte onder beheer en het slegs sowat 15% van die Indiërs die siekte toe nog onder lede gehad. Die afname van die siekte moet toegeskryf word aan

---

73) Jaarverslae van die Beskermer vir 1897, 1905 en 1906; II, 11/3/31, Boek 3, pp. 193 - 195: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/6/1906.

74) II, 11/3/32, Boek 2, pp. 45 - 46: Beskermer aan Trustraad, d.d. 8/11/1907. Die Hoof- Mediese Beampte het selfs verkies dat die toediening tweemaal per week moes geskied, maar die Beskermer was bevrees dat die twee dosisse per week die werk op die plantasies te veel sou ontwrig. Die Beskermer het in 1907 ook by die regering daarop aangedring om kinien ter waarde van £20 tot sy beskikking te stel vir gebruik op die plantasies (II, 11/3/32, Boek 2, p. 43: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/11/1907)

75) II, 11/3/34, Boek 1, p. 457: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 9/3/1910.

76) II, 11/1/45, 13147/1906: Hoof- Mediese Beampte aan Beskermer, d.d. 16/8/1906.

die spesiale pogings wat die Natalse regering in 1909 aangewend het om die siekte te bekamp.[77)]

Ook ander siektes wat op uitgebreide skaal in Natal voorgekom het, soos skurfsiekte in 1895 en longontsteking in 1898, was hoofsaaklik deur emigranteskepe na Natal oorgebring.[78)]

In 1899 het die Natalse regering deur vroegtydige optrede voorkom dat pes van Indië na Natal oorgebring is. 'n Spesiale amptenaar belas met pes-aangeleenthede het die Trustraad geadviseer hoe om pes te voorkom, deur o.a. in dié tyd geen verdere emigrante van Madras na Natal te bring nie. In 1903 toe pes Natal andermaal bedreig het, het die regering weer spesiale voorbereidings getref om die siekte te voorkom en is op Salisbury-eiland in die Durbanse hawe 'n isolasiekamp opgerig.[79)] Die Natalse regering het die werkgewers van kontrakarbeider ook opgedra om die koors van Indiërs gereeld dop te hou en in gevalle waar die koors 100'F gelees het, moes die mediese beampte onmiddellik ingeroep word of, indien moontlik, moes die pasiënt na die sentrale hospitaal gestuur word.[80)]

Die Natalse regering was ook suksesvol om pokkies wat Natal gedurende 1882 en 1883 vanaf die Kaapkolonie en in 1897 vanaf die goudstad bedreig het, deur 'n vroegtydige inentingsveldtog af te weer.[81)]

---

77) CSO 1868, 1165/1910: Hoof-Gesondheidsbeampte aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/1/1910; CSO 1891, 4082/1910: Resident-magistraat, Alexandra-afdeling, aan Distriksgeneesheer, Umzinto, d.d. 14/1/1910; Jaarverslag van die Beskermer vir 1910. In sy jaarverslag vir 1909 het die Beskermer soos volg verklaar: „No doubt the steps taken to prevent the introduction and spread of hook-worm have tended in the direction of health for the Indians, and after all, the presence of this disease prove to have been a blessing in disguise in view of the sanitary precautions now insisted upon".

78) Jaarverslae van die Beskermer vir 1895 en 1896 en hoofstuk 3, pp. 52 en 53.

79) II, 11/1/94, 1890/1899: Kapt. Leumann aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/6/1899; II, 11/1/94, 11161/1899: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/7/1899; II, 11/1/120, 11945/1903: Beskermer aan Mediese Beampte, Pes-administrasie-dept., d.d. 29/9/1903.

80) II, 11/1/122, 12405/1903: Circular to Employers of Indian Immigrants, December 1903. By Salisbury-eiland het wel een Indiër aan pes gesterf en in 1904 het twee Indiërs by die Durbanse Depot-hospitaal aan die siekte gesterf (II, 11/1/120, 11945/1903: Beskermer aan Mediese Beampte, Pes-administrasie-dept., d.d. 29/9/1903; Jaarverslag van die Beskermer vir 1904. Kyk verslag van Mediese Beampte vir Durban.

81) Vóór 1882 was pokkies in Natal feitlik onbekend (Beskermer se jaarverslag vir 1875). Kyk ook Jaarverslae van die Beskermer vir 1882, 1883 en 1897. Vanaf September tot Desember 1882 is 1201

In 1897 het die Beskermer 'n bode vir elke mediese sirkel aangestel om Indiërs te waarsku dat hul kinders volgens wet verplig is om hul te laat inent.[82] Teen 1898 was daar baie min Indiërkinders wat nie geënt was nie, terwyl baie inentings weer oorgedoen moes word.[83] Hoewel baie sterfgevalle onder Indiërs weens pokkies in 1904 voorgekom het (12 in Pietermaritzburg, 2 in Ladysmith en 1 in Estcourt), was die aantal sterfgevalle as 'n geheel gesien oor 'n periode van 40 jaar (1870 - 1910) gering.[84]

10. Myntering.

Myntering is een van die ernstige siektes wat kontrakarbeiders in Natal opgedoen het en waarvan slegs 'n klein persentasie die siekte van Indië oorgebring het. Dit was 'n siekte wat eers laat (ongeveer 1898) sy verskyning op uitgebreide skaal gemaak het.[85] Die oorsaak daarvan was hoofsaaklik die moeilikheid wat kontrakarbeiders met swak longe ondervind het om aan die koue Noord-Natalse klimaat weerstand te bied. In sulke omstandighede het ondergrondse werk groot gevaar vir hulle ingehou.[86] Aangesien hierdie siekte ten nouste saamgehang het met die ontwikkeling van Natalse steenkoolmyne, was dit 'n siekte wat sy beslag hoofsaaklik in Natal gekry het.[87]

---

Indiërkinders en 39 volwassenes, ooreenkomstig die verpligte Inentingswet (3/1882) ingeënt (Jaarverslag van die Beskermer vir 1882). In 1883 is weer 1141 Indiërs teen pokkies ingeënt. Gedurende 1884 is 611 Indiërs ingeënt en in 1885 altesaam 263, terwyl daar gedurende die eerste helfte van 1896 altesaam 321 Indiërs ingeënt is (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie).

82) II, 11/3/25, Boek 1, p. 14: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 30/12/1897, kyk ook dieselfde band, p. 55; Jaarverslae van die Beskermer vir 1896, 1897 en 1898.

83) II, 11/3/25, Boek 2, p. 526: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 11/8/1898; kyk ook dieselfde band, p. 664: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/9/1898.

84) Gedurende 1896 en 1897 het twee Indiërs die siekte opgedoen. Kyk Jaarverslae van die Beskermer vir 1896, 1897 en 1904.

85) Die moontlikheid bestaan dat sommige kontrakarbeiders vir Natal gewerf is op grond van hul ervaring op Indiese myne waar hul die siekte opgedoen het vóór hul koms na Natal, want in 1905 verklaar die Mediese Beampte vir Port Shepstone: „Phthisis patients all comparatively new arrivals in the Colony" (II, 11/1/123, 1161/1905: Mediese Beampte, Port Shepstone aan Beskermer, d.d. 28/1/1905. Kyk ook Jaarverslag van die Beskermer vir 1898).

86) Jaarverslag van die Beskermer vir 1898, kyk verslag van die twee medici, die Mediese Beampte vir Glencoe-sirkel en die Distriksgeneesheer vir Dundee-afdeling.

87) In 1895 toe die aantal kontrakarbeiders op die myne nog beperk was, was die sterftesyfer aan die siekte onder die kontrakarbeiders slegs .49 per 1000 (II, 11/3/31, Boek 2, p. 226: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/2/1905). Teen 1904 toe die aantal kontrakar-

Die Natalse regering het reeds vroeg sy verantwoordelikheid in dié verband besef, veral omdat die siekte aansteeklik was. Toe dit in 1898 vir die eerste maal ernstige afmetings aangeneem het, is die Mediese Beampte vir die Glencoe-sirkel en die Distriksgeneesheer vir Dundee-afdeling aangesê om die myngebiede te ondersoek. Om die sterftesyfer as gevolg van myntering te verlaag, het die twee medici aanbeveel dat Indiërhutte met bakstene of dergelike materiaal gebou word, maar onder geen omstandighede met sink sonder dat dit aan die binnekant met hout bedek is nie, aangesien sink sonder houtbedekking 'n hoë wisseling van temperatuur veroorsaak, wat myntering bevorder. Daarbenewens is aanbeveel dat geen kontrakarbeider ondergronds gaan voordat die mediese beampte nie eers vasgestel het of sy longe sterk genoeg is nie. Ook moes sorg gedra word dat Indiërs warm genoeg teen die koue geklee is.[88)]

Die Beskermer het hierdie aanbevelings streng toegepas en die mynmaatskappye wat nie daarmee akkoord gegaan het nie se kontrakarbeiders is van hul verwyder.[89)] Nogtans het hierdie voorsorgmaatreëls nie myntering onder die Indiërs bekamp nie. Dit het trouens steeds bly toeneem totdat dit in 1904 epidemie-omvang bereik het, ondanks die feit dat die Beskermer reeds in 1903 geweier het om Indiërs gedurende die wintermaande vanaf 15 April tot 15 Augustus aan die myne toe te sê.[90)]

In 1904 het die regering weer 'n komitee aangestel om myntering op die Tongaat-plantasie te ondersoek. Dit is gedoen weens die feit dat Indiërs wat nie behoorlik van myntering genees was nie, van een plantasie na die ander rondbeweeg het en die siekte vanaf die myne dwarsoor Natal versprei het.[91)] Hierdie komitee se aanbevelings is onmiddellik deur die Beskermer tot uitvoering gebring, naamlik:

---

beiders op die myne geweldig toegeneem het, was die sterftesyfer onder die kontrakarbeiders weens myntering 4.06 per 1000 (II, 11/3/31, Boek 2, p. 226: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/12/1905). By een myn, dié van die Natal Navigation Collieries, was die sterftesyfer onder kontrakarbeiders weens myntering 55 per 1000 (II, 11/1/132, 12210/1904: Beskermer aan Mediese Beampte, Glencoe-sirkel, d.d. 26/9/1904).

88) Jaarverslag van die Beskermer vir 1898.

89) Ibid.

90) II, 11/3/31, Boek 2, p. 226: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/12/1905; Jaarverslag van die Beskermer vir 1903.

91) Jaarverslag van die Beskermer vir 1904; II, 11/1/164, 1236/1909: Mediese Beampte, Glencoe-sirkel, aan die Beskermer, d.d. 29/12/190

1) Wonings van Indiërs wat aan myntering gely het, moes gereeld deur die werkgewers ontsmet word ooreenkomstig die aanwysings van die mediese beampte van die sirkel;

2) Die hutte van Indiërs wat weens die siekte na die hospitaal vervoer is, moes by voorkeur afgebrand en die betrokke Indiërs se besittings ontsmet word.[92)]

Die Beskermer het ook periodiek maatreëls getref om die siekte verder te bekamp. In 1905 is geen verdere kontrakarbeiders aan werkgewers in die Verulam-sirkel as gevolg van die myntering-epidemie toegesê nie. Die Beskermer het ook in 1907, op grond van 'n aanbeveling van die Mediese Beampte vir Glencoe-sirkel, geweier om Indiërs wat van myntering herstel het, weer na die myne terug te stuur. Hy het hul na plase gestuur om eers aan te sterk, maar indien hul sou ineenstort, word hul na Indië teruggestuur.[93)]

Dit was ook die beleid van die Beskermer om Indiërs wat aan myntering gely het, sover moontlik van die ander kontrakarbeiders af te sonder. Reeds in 1905 het hy 'n omskrywe in dié verband aan die werkgewers gestuur en veral by die Durbanse stadsraad daarop aangedring om 'n isolasiekampong vir 12 Indiërs naby die Oosvlei-kampong, onder toesig van die plaaslike mediese beampte, op te rig. Met betrekking tot werkgewers wat Indiërs in diens gehad het wat van myntering herstel het, het die Beskermer dit in 1907 as 'n voorwaarde gestel dat kontrakarbeiders in die toekoms slegs aan hul toegeken sou word indien hul reeds 'n aparte woonplek vir die geneesde kontrakarbeiders opgerig het.[94)] Hoewel myntering sedert die krisisjare (1904 en 1905) geleidelik afgeneem het, is dit tot 1910 nooit volledig bekamp nie. Die sterftesyfer onder kontrakarbeiders weens myntering het vanaf 1906 tot 1910 min of meer konstant gebly, van 1.98 per 1000 in 1906 tot 1.74 in 1910.[95)]

---

92) Jaarverslag van die Beskermer vir 1904. Die hospitaalgebou te Ladysmith was vermoedelik ook verantwoordelik vir die verspreiding van die siekte (II, 11/3/4, Boek 1, p. 418).

93) II, 11/1/134, 1174/1905: Mediese Beampte, Verulam, aan Beskermer, d.d. 14/3/1905; II, 11/3/32, Boek 1, p. 117: Beskermer aan Trustraad, d.d. 17/1/1907. Die beleid om Indiërs wat aan myntering gely het, na Indië terug te stuur was reeds in 1905 toegepas. In dié jaar is 56 na Indië teruggestuur (II, 11/3/31, Boek 2, p. 226: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/2/1905).

94) II, 11/3/31, Boek 3, p. 290: Beskermer aan Stadsklerk, Durban, d.d. 28/3/1905; Jaarverslag van die Beskermer vir 1907.

95) Jaarverslae van die Beskermer vir 1904 en 1910; II, 11/1/134, 1174/1905: Mediese Beampte, Verulam, aan Beskermer, d.d. 14/3/19

Daar is geen aanduidings dat die Natalse regering ooit onverskillig teenoor die bekamping van myntering onder die Indiërs gestaan het nie. Inteendeel dui alles daarop dat die regering sy bes gedoen het om die siekte te voorkom, ook omdat 'n verspreiding daarvan die blanke bevolking sou bedreig.

11. Siektes wat vermoedelik van Indië na Natal oorgebring is.

In baie gevalle kan die aanwesigheid van siektes waaraan kontrakarbeiders in Natal gely het en dié wat aan boord van emigranteskepe voorgekom het, nie in verband met mekaar gebring word nie; nogtans is dit 'n moontlikheid dat siektes wat aan boord van emigranteskepe slegs in 'n sluimerende vorm aanwesig was, eers later in Natal ontplooi het. Daar is bv. 'n nou verband tussen die voorkoms van diarree op emigranteskepe, wat in 1877 12 slagoffers geëis het en die voorkoms van die siekte in Natal waar dit veral gedurende 1879 en 1880 groot afmetings aangeneem het.[96] Laasgenoemde siektes kon natuurlik deur vuil waterstrome en riviere veroorsaak gewees het, maar vanaf 1895 tot 1899 het dit weer op groot skaal in Natal voorgekom toe die Natalse riviere, deur die samewerking van die kwekers, in 'n baie gesonder toestand was. Dit moet ook in gedagte gehou word dat baie gevalle van haakwurmsiekte wat van Indië oorgebring is gedurende die 19de eeu in Natal deur geneeshere, weens 'n gebrek aan behoorlike mikroskopiese toetse, verkeerdelik as diarree en disenterie gediagnoseer is.[97]

Hoewel besmetlike siekte („zymotic") in Natal gedurende 1878 aan besoedelde Natalse riviere en waterstrome toegeskryf kan word, is dit nie uitgesluit nie dat die siekte ook in 'n sluimerende vorm deur emigranteskepe na Natal gebring is. So ook kon uitslag-koors („Dengue fever") in 1897 en skeurbuik in 1898 van Indië na Natal oorgebring gewees het, want aangesien die Natalse riviere en waterstrome teen daardie tyd in 'n redelike goeie toestand was,[98] is dit onwaarskynlik dat dié siektes in Natal ontstaan het.

12. Minder ernstige siektes.

Daar was ook sekere spesifieke jare, o.a. 1887, toe kindersiektes

---

96) Beskermer se Jaarverslae vir 1877, 1879 en 1880.
97) Jaarverslae van die Beskermer vir 1895, 1896, 1897, 1898 en 1899; II, 11/1/145, 13147/1906: Hoof- Mediese Beampte aan Beskermer, d.d. 16/8/1906.
98) Jaarverslae van die Beskermer vir 1878, 1895, 1897 en 1898.

soos masels, kinkhoes en waterpokkies, algemeen onder die kontrakarbeiders voorgekom het, terwyl longontsteking veral gedurende 1907 - 1908 toegeslaan het.[99] Sulke siektes wat by hoë uitsondering epidemiese omvang aangeneem het, was nie 'n buitengewone verskynsel vir 'n groot Natalse Indiërbevolking oor 'n periode van sowat veertig jaar (1870 - 1910) nie. Daar is geen bewys dat dié siektes deur onverskilligheid van die Natalse regering meegebring is nie.

## 13. Selfmoord onder kontrakarbeiders.

Die groot aantal selfmoorde onder die Indiër-immigrante in Natal kon 'n verskeidenheid van oorsake gehad het. Dat siektes in dié verband 'n belangrike rol gespeel het, kan nie uitgesluit word nie, veral nie as in aanmerking geneem word dat magistrate dikwels „terneergedruktheid" as een van die oorsake aangedui het nie. Dit is bv. opvallend dat selfmoorde onder Indiërs vir die periode 1904 tot 1908 besonder hoog was juis in die tyd toe die haakwurmsiekte wat terneergedruktheid veroorsaak het, bykans onder die helfte van die Indiërbevolking voorgekom het. Baie kontrakarbeiders was ook aan dagga („Canabis Judica") verslaaf, 'n verdowingsmiddel wat ook terneergedruktheid veroorsaak het.[100]

## 14. Besoedelde riviere en waterstrome.

Daar was een vraagstuk in verband met die gesondheid van kontrakarbeiders waarmee die Natalse regering groot moeilikheid ondervind het, naamlik die ongesonde toestande wat veroorsaak is deur besoedelde riviere en waterstrome, veral in die nabyheid van Indiërnedersettings op suikerplantasies. Regerings-amptenare het reeds vanaf 1874 daarop aangedring dat maatreëls getref word om besoedelde waterstrome te suiwer. 'n Kommissie wat in 1875 aangestel is om die aangeleentheid te ondersoek, het niks uitgevoer nie. In 1880 is weer 'n kommissie aangestel om die werk van die vorige een voort te sit, en dié het bevind dat Natalse rivierwater wel deur die afvalprodukte van die suikermeulens besoedel word, veral in die Victoria-Graafskap.

---

99) Jaarverslag van die Beskermer vir 1887; II, 11/1/169, 2123/1907: Beskermer aan Hoof-Gesondheidsbeampte, d.d. 6/9/1907; II, 11/3/33, Boek 1, p. 529: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 23/9/1908.

100) CSO 1868, 1165/1910: Hoof-Gesondheidsbeampte aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/1/1910; Stein, op. cit., p. 23; Jaarverslag van die Beskermer vir 1882.

By een van die riviere, die Klein-Umhlanga, het dik slyk, by sommige plekke sowat een duim dik, die water tydens droogtes bedek. Geen wonder dat die Mediese Beampte van Avoca-sirkel die water as „liquid poison" bestempel het nie, want die water is deur nege suikermeulens en twee stokerye besoedel.[101] Dit was juis in dié tyd dat besmetlike siekte („zymotic") vermoedelik as gevolg van besoedelde waterstrome hoogty onder die kontrakarbeiders gevier het en baie slagoffers geëis het. Ook disenterie en diarree, wat in Natal gedurende 1879 en 1880 en weer vanaf 1895 tot 1899 algemeen voorgekom het, was vermoedelik die gevolg van besoedelde waterstrome. Die kommissie wat in 1881 verslag gedoen het, het ook bevind dat die Indiërs wat langs die walle van riviere woonagtig was, deur hul gewoontes self bygedra het tot die besoedeling van waterstrome.[102]

Die Natalse Wetgewende Raad het egter in 1882 weens die invloed van die kwekers, met die beslissende stem van die Speaker besluit om nie wetgewing in te dien om die posisie te verhelp nie. Dit was veral die Victoria Planters' Association met sy invloedryke lede in die wetgewende Raad, o.a. Henry Binns, later Eerste Minister, wat die wetgewing gedwarsboom het. Dit was dus deur die toedoen van die kwekers dat die gesondheidstoestand van die Indiërs benadeel is.[103] Nie dat die kwekers graag die kontrakarbeiders wou siek maak nie, maar wel dat die suiwering van waterstrome meer moeite aan die kwekers besorg het as die ongerief wat die swak gesondheid van kontrakarbeiders veroorsaak het. Die kwekers was sakemanne wat sakebelange bo baie ander sake gestel het.[104]

In 1883 het Escombe weer probeer om wetgewing in te dien insake die besoedeling van rivierwater, maar weer het dit misluk. In 1884 is 'n soortgelyke wetsontwerp weer verongeluk.[105] Geen wonder nie dat

---

101) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag aangaande besoedelde waterstrome. Kyk ook Jaarverslag van die Beskermer vir 1877.

102) Beskermer se Jaarverslae vir 1878 en 1879; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag. Dié besonderhede word in die verslag vermeld. Kyk ook voetnoot 107 hieronder.

103) Ibid. In die Wragg-kommissie se verslag word die besonderhede verstrek.

104) Dié houding van die kwekers het duidelik uit die voorafgaande hoofstukke geblyk.

105) Kyk Wragg-kommissie se verslag oor watervoorsiening in Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887. Die Wetgewende Raad het besluit „that all the requirements of that bill would be met by the issue of instructions to Resident Magistrates or Medical Officers to report monthly upon the condition of the streams in their

die Wragg-kommissie in 1887 daarop gewys het dat reeds byna tien jaar verloop het sedert die eerste klag oor besoedelde waterstrome by die Natalse regering ingebring is, sonder dat enige daadwerklike stap gedoen is om die posisie te verbeter nie.[106] Op grond van 'n deeglike ondersoek wat 21 riviere en 21 plantasies gedek het, het die Wragg-kommissie aanbeveel dat:

1) wetgewing ingedien word om die besoedeling van riviere en waterstrome dwarsdeur Natal te voorkom;

2) dit 'n strafbare oortreding sou wees om enige afval-produkte van suikermeulens, stokerye, looierye, wolwasserye of latrines in Natalse riviere of water-strome te laat invloei;

3) dit 'n strafbare oortreding sou wees om enige Indiër-hut in die nabyheid van 'n rivier of 'n waterstroom op te rig;

4) 'n sanitêre inspekteur, onafhanklik van die Trustraad en die Beskermer, aangestel word om toesig te hou oor die higiëniese toestande op die plantasies en toe te sien dat kontrakarbeiders van spoel-latrines gebruik maak.

Laasgenoemde aanbeveling is deur die kommissie gedoen omdat dit die gewoonte van Indiërs selfs in hul eie land was „to resort to the nearest stream or watercourse to obey calls of nature and to this filthy custom they steadfastly adhere in Natal".[107] Aan hierdie aanbevelings is egter nooit uitvoering gegee nie ten spyte van die bevinding van 'n spesiale regeringskomitee (in Januarie 1889) wat die aanbevelings van die Wragg-kommissie ondersoek het, dat wetgewing insake die be-soedeling van waterstrome nodig is.[108]

Die rede hiervoor was blykbaar omdat die Wragg-kommissie ook die aandag daarop gevestig het dat daar intussen alreeds groot ver-betering ingetree het: „Since 1880 many owners and managers of sugar estates have earnestly endeavoured to lessen the pollution of streams in the neighbourhood of their estates. We are pleased to find that many

---

respective districts, the Attorney-General being required to take steps to ascertain the correctness of complaints reported to him by Resident Magistrates and to enforce the Law for the abatement of the nuisance". Daarop het die Prokureur-generaal egter te kenne gegee „that he had no power under existing law to direct any person to enter premises, for the purpose of making enquiries, as suggested by the Legislative Council". Hierdie besonderhede word in die Wragg-kommissie se verslag verstrek.

106) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se behandeling van die besoedeling van waterstrome.

107) Kyk die Wragg-kommissie se behandeling van watervoorsiening.

108) Kyk p. 165.

had devoted much time and thought to devise remedies, and in some instances much money had been spent in improvements specially designed with a view to prevent the fouling of streams". [109] Blykbaar het dit na 1887 nog beter gegaan want teen 1895 kom in die Beskermer se jaarverslae nie meer enige klagte oor die besoedelde toestand van waterstrome voor nie. In dié jaar verklaar die Beskermer trouens: „Water supply on all estates and places where Indians are employed was ample and pure" [110] en in 1904: „The employers as a whole are taking a greater interest in seeing that good water is supplied to their employees". [111]

15. Die redes vir die drostery van kontrakarbeiders. [112]

Gedurende die hele tydperk van die tweede immigrasieskema het die Koelie-agent en die Beskermer met die lastige probleem van kontrakarbeiders wat van hul werkgewers gedros het, te kampe gehad.

Een van die redes hiervoor was die drostery na die diamantvelde wat ongetwyfeld 'n groot aantrekkingskrag vir die Indiërs was. [113] Die drostery na die diamantvelde sou baie groter gewees het indien die Natalse regering nie 'n beleid gevolg het om lisensies uit te reik wat Indiër-immigrante in staat gestel het om Natal op wettige wyse te verlaat nie. [114] Op grond van die wyse waarop die lisensies uitgereik is, moet die Natalse regering egter ook verantwoordelik gehou word vir die uittog van Indiërs na die diamantvelde gedurende die vroeëre sewentiger jare. Die Koelie-agent en die Beskermer het naamlik vanaf 1871 tot middel April 1873 dikwels toestemming verleen dat immigrante ná afloop van hul vyfjaar-dienstermyn na die diamantvelde kon gaan. Wanneer

---

109) Wragg-kommissie verslag, afd.: besoedeling van waterstrome (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887).
110) Beskermer se Jaarverslag, 1895. Volgens die Beskermer: „The Health Officer for the Colony is dealing effectually with all insanitary buildings occupied by Indians on estates".
111) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1904.
112) 'n Kontrakarbeider wat sonder 'n pas of die nodige identifikasiedokumente rondbeweeg het, is in hierdie hoofstuk ook as 'n droster geklassifiseer omdat so 'n persoon moeilik van 'n droster te onderskei is.
113) II, 11/1/4, 755/1883: A. Dunning aan Beskermer, d.d. 10/12/1883; II, 11/1/24, 110/1885: Onderbeskermer se jaarverslag vir 1884.
114) Volgens besonderhede uit die Beskermer se kantoor is daar in 1871 ses lisensies aan Indiërs toegestaan om na die diamantvelde te gaan, terwyl 96 sulke lisensies in 1872 toegestaan is en nog heelwat vóór April 1873 (II, 11/3/2, Boek 1, pp. 266, 273, 279, 292, 294 - 303, 318 - 320, 322, 325 - 329, 355 en 340).

CERTIFICATE OF DISCHARGE, under Sect. 56, Law 2, of 1870.

DEPARTMENT OF IMMIGRATION,

DURBAN, NATAL,

July 6th 1881

This is to Certify that Thakoordin [illegible]

from further Industrial Service.

Ex Ship "Merchantman"

Arrived June 1876.

Louis Mason

Act Protector of Immigrants.

J 1158

84

NATAL.

# Certificate of Industrial Service,

UNDER LAW 2 OF 1870, SEC. 56.

THIS IS TO CERTIFY that [illegible]

Indian Immigrant, having completed his Indenture, is hereby released from fu[rther]

Industrial Service.

Father's Name [illegible]

Colonial Number 15718

Height 5 Feet 2½ In. Age [illegible]

Marks Mole right Shoulder

Date of Arrival Decr 1877 Ship [illegible]

Last Employer T. Reynolds & Sons

DEPARTMENT OF IMMIGRATION,

DURBAN, NATAL,

12 May 1884.

[illegible]

Protector of Immigrants.

NATAL.

# Certificate of Discharge.

SCHEDULE H. (SECTION 106).

No. 61516 15 Apr 190

I HEREBY CERTIFY that Mu...nga Pillai Indian Immigrant No. 61516 has duly completed his term of indentu of five years in terms of Indian Immigration Law No. 25, 1891, and released from his obligation to perform further service in this Colony und indenture.

DESCRIPTION :—

Father's Name — Kanda Pillai

Age 35 yrs

Height 5 Feet 5 Inches.

Bodily Marks Big ...

Date of Arrival in Colony 29 April 1896

Ship — Congella 21

Last Employer ...

OFFICE OF THE PROTECTOR OF INDIAN IMMIGRANTS,
DURBAN, NATAL.

...
Protector of Indian Immigrants.

Kyk hiervoor II, 11/1/134, I 1043/1905.

Waterlow & Sons Limited, Printers, London Wall, London.

gemelde Indiërs na Natal teruggekeer het, was hul nog steeds, na voltooiïng van hul oorblywende residensie van vyf jaar in Natal, geregtig op 'n vry oortog terug na Indië.[115] Geen wonder dat The Natal Mercury teen bogenoemde beleid van die Natalse regering beswaar gemaak het nie: „It does seem at least paradoxical to encourage the labour we have imported at such a cost, to transport itself elsewhere and to enrich other lands".[116] Die blad het beweer dat sommige Indiërs wat op die diamantvelde ryk geword het, weer na Natal teruggekeer het om hul vry oortog na Indië te eis, ondanks al hul rykdom. Die blad se vrees in 1873 dat Indiërs Natal toe sou kom met die uitsluitlike doel om na die diamantvelde te gaan, is in sommige gevalle bewaarheid.[117]

Blykbaar het die Natalse regering op die waarskuwing van The Natal Mercury ag geslaan. Regeringsbeleid is nl. vanaf die middel van April 1873 so verander dat slegs Indiërs wat hul vyf jaar industriële diens en daarna hul verdere residensie van vyf jaar in Natal voltooi het, geregtig was op 'n lisensie om Natal te verlaat. Op 19 Junie 1873 is verder ook regulasies geproklameer om te verseker dat Indiërs wat na die diamantvelde gegaan het, hul reg op 'n vry oortog na Indië verbeur.[118]

Die geweldige toename in drostery teen die helfte van die tagtigerjare moet toegeskryf word aan die feit dat die eerste goudvelde van Transvaal in toevoeging tot die Kimberleyse diamantvelde 'n groot aantrekkingskrag vir drosters was.[119] In dié verband het die Beskermer

---

115) II, 11/3/2, Boek 1: Koelie-agent aan H. G. Stanbridge, d.d. 21/11/1871. Kyk ook p. 371: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 16/4/1873.
116) The Natal Mercury, d.d. 1/4/1873.
117) The Natal Mercury, d.d. 8/4/1873. So bv. is 'n Indiër wat van sy skip in die Durbanse hawe gedros het, in Weenen betrap, terwyl hy onderweg was na die diamantvelde (II, 11/1/2, R35/1877: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 21/2/1877).
118) 'n Afskrif van die lisensie verskyn teenoor p.359. Kyk ook II, 11/3/2, Boek 1, pp. 377 - 378: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/5/1873. Kyk ook teenoor p.363.
119) Gedurende 1884 het drostery steeds toegeneem totdat daar gedurende 1885 'n rekordgetal van 319 gevalle aan die Beskermer gerapporteer is. Gedurende 1886 was daar weer altesaam 316 gevalle, maar daarna het die tempo van drostery begin afneem. In 1887 was daar 208 gevalle, in 1888 altesaam 263 gevalle en vanaf Januarie tot Oktober 1889 altesaam 178 gevalle (kyk hiervoor Bylae A). Die meerderheid van die lisensies wat in 1884 aan Indiërs uitgereik is om Natal te verlaat, was nog steeds dié vir die diamantvelde (II, 11/1/28, 899/1885: Beskermer se jaarverslag vir 1884: kyk die verslag van die Trustraad).

verklaar: „Some (Indentured Indians) I fear attracted by the high rate of wages ruling in the inland states, at the diamond fields and gold fields and elsewhere have left the Colony altogether".[120] In 1889 het die Superintendent van Arbeid en Polisie 'n ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Republiek bepleit om die Natalse regering in staat te stel om drosters na die goudvelde te agtervolg, maar daaraan is nie uitvoering gegee nie.[121] Die koste verbonde aan 'n sterk polisiemag om drosters aan te keer was ook buite verhouding met die verliese wat as gevolg van drostery gely is.[122]

'n Ander faktor wat drostery in die hand gewerk het, was wanneer riviere opgedroog het. In 1884 bv. het 'n ernstige droogte in Natal veroorsaak dat die Tugela op baie plekke opgedroog het, wat dit vir drosters maklik gemaak het om oor die Natalse grens te gaan sonder dat hul gewaar word.[123]

Nog 'n oorsaak van drostery was die gebrek aan die nodige strafmaatreëls in dié verband. In 1880 het die magistraat van Pietermaritzburg gekla dat dit moeilik was om kontrakarbeiders wat gedros het, behoorlik te straf, want hy was bv. verplig om straf in dié verband onder die algemene hoof „wangedrag" tuis te bring en dan kon hy maar slegs een derde van die straf oplê wat vir dieselfde oortreding in Mauritius daarvoor opgelê is.[124]

Ander redes vir drostery was die onvermoë van nuwe kontrakarbeiders om hul by die koue weersomstandighede van Noord-Natal aan te pas, grondige of denkbeeldige griewe teen die werkgewers, die indiensneming van kontrakarbeiders deur werkgewers sonder om eers behoorlik vas te stel of the Indiërs oor die nodige sertifikate beskik en dikwels

---

120) Beskermer se Jaarverslag vir 1884.
121) II, 11/1/49, 567/1889: Superintendent van Arbeid en Polisie aan Beskermer, d.d. 25/5/1889. Kyk ook Koloniale Sekretaris aan Prokureur-generaal, d.d. 31/5/1889 en Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/6/1889.
122) II, 11/3/18, Boek 1, pp. 5 - 6: Beskermer aan Trustraad, d.d. 31/10/1892. Dit is bv. bereken dat indien drie blanke en ses Indiërkonstabels vir dié doel aangestel word, die koste daaraan verbonde sowat £604 per jaar sou beloop, terwyl die Trustraad jaarliks (vanaf 1882 tot 1892) slegs £164 as gevolg van drostery skade gely het.
123) II, 11/1/19, 468/1884: A. Wright, van Ladysmith, aan Beskermer, d.d. 1/5/1884.
124) II, 11/1/7, 1047/1880: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, se verslag, d.d. 4/10/1880.

het die werkgewers drostery aangemoedig om van ongewenste arbeiders ontslae te raak.[125] Toe kontrakarbeiders in groter getalle in die Natalse binneland in diens geneem is, was dit ook makliker vir drosters om rond te beweeg sonder dat hul gevang is. Die Onderbeskermer het bv. in 1885 verduidelik dat „a man may move on from hut to hut, and find shelter amongst his countrymen for a day or a night at short and easier intervals than before".[126]

16. Pogings om drostery te bekamp.

Die staat het drostery alreeds in 1870 deur wetgewing aan bande probeer lê. Volgens Wet 2/1870 (artikels 26, 27 28 en 29) kon die Beskermer, 'n magistraat, of 'n vrederegter of 'n konstabel enige Indiër voorkeer om vas te stel of hy beskik oor 'n residensie-sertifikaat, 'n ontslag-sertifikaat of 'n kaartjie van die werkgewer wat die afwesigheid van die betrokke kontrakarbeider gemagtig het. Dieselfde magtiging is verleen aan enige besitter of huurder van 'n eiendom t.o.v. 'n Indiër wat op sy eiendom of gehuurde terrein rondbeweeg. Indien hy nie oor die nodige dokumente beskik het nie, kon hy voor 'n magistraat gebring en tot twee weke tronkstraf veroordeel word,[127] vanaf 1891 tot selfs een maand tronkstraf.[128]

Sodra 'n Indiër wat gedros het, gevonnis is, is sy werkgewer onmiddellik in kennis gestel en nadat hy sy straf uitgedien het, is hy na sy werkgewer teruggestuur.[129] Die werkgewer moes die koste verbonde aan die terugsending betaal, maar die bedrag kon weer van die betrokke Indiër se maandelikse loon afgetrek word.[130] Afgesien van

125) II, 11/3/2, Boek 1, pp. 420 - 421: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 17/10/1873; II, 11/1/4, 190/1878: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/2/1878; II, 11/1/2, R185/1877: C. E. Taunton aan Beskermer, d.d. 30/4/1877; II, 11/1/3, R305/1877: C. E. Taunton aan Beskermer, d.d. 18/7/1877.

126) II, 11/1/31, 1499/1885: Onderbeskermer se Jaarverslag vir 1885.

127) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: kyk verslag van Wragg-kommissie insake artikels 26, 27, 28 en29, Wet 2/1870. Gemelde artikels is deur Wet 25/1891 gedeeltelik oorgeneem en gedeeltelik gewysig (artikels 30, 31, 32 en 33 van die 1891-wet). Art. 29 van die 1870-wet is egter reeds deur Wet 14/1875 (art. 5) gewysig en die wysiging is deur die 1891-wet oorgeneem. Kyk in dié verband ook Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878 en Natal Laws, 1890 - 1894.

128) Natalse Wet 25/1891, Natal Laws, 1890 - 1894. Vir die eerste oortreding was dit een week tronkstraf, vir die tweede oortreding twee weke en vir 'n derde oortreding een maand.

129) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag.

130) Ibid. Die werkgewers kon ook vanaf 1870 (art. 27 van Wet 2) 'n halfpennie vir elke sjieling van die droster se maandelikse salaris vir elke dag se afwesigheid aftrek, maar dié bedrag is deur Wet

Chas. M. [illegible]

1/12

hierdie aftrekking,[131] kon werkgewers van drosters geëis het om twee dae se werk vir elke dag se afwesigheid te verrig, teen die vasgestelde daaglikse tarief.[132] Dit het ook gebeur dat kontrakarbeiders van die pas van die magistraat om na hul wettige werkgewers terug te keer, gebruik gemaak het om oor Natal se grense weg te dros. Gevolglik is vanaf 1899 bepaal dat kontrakarbeiders wat hul tronkstraf uitgedien het, deur 'n bode of 'n konstabel na hul werkgewers vergesel word. Selfs daarna het dit dikwels gebeur dat hul kort daarna weer van die betrokke werkgewers gedros het.[133]

Geen kontrakarbeider kon egter, volgens 'n beslissing van die Prokureur-generaal in 1886, met geweld verplig word om na sy werkgewer terug te keer nie.[134] Indien die magistraat nie geweet het wie die werkgewer van die betrokke Indiër was nie, het hy die Indiër na die Beskermer vir identifikasie gestuur, maar indien die Indiër na sy derde oortreding nog nie geëien was nie, kon hy deur die staat in diens geneem word.[135]

Die magistrate het die Beskermer gewoonlik maandeliks van die drosters in kennis gestel. Die Beskermer was verplig om drosters wat geweier het om na hul werkgewers terug te keer, vir elke weiering twee weke tronk toe te stuur, maar wanneer dit vir die Beskermer geblyk het dat die tronkstraf geen uitwerking gehad het nie, het hy reëlings probeer tref om sulke kontrakarbeiders na ander werkgewers oor te plaas.[136]

Benewens ander maatreëls het die Beskermer reeds vroeg in die sewentigerjare 'n spesiale poging aangewend om drostery aan bande te lê.[137]

---

14/1875 (art. 5) gewysig tot een sjieling per dag vir Indiërmans en 'n sikspens per dag vir Indiërvroue weens onwettige afwesigheid, met dié voorbehoud dat nie meer as die helfte van die droster se maandelikse salaris weens onwettige afwesigheid afgetrek word nie. Daarbenewens het die droster ook geen salaris vir die tydperk wat hy gedros het, ontvang nie.

131) Kyk hierdie hoofstuk, p. 361.
132) II, 11/1/13, 554/1883.
133) Debates, Legislative Assembly, Third Session of the Second Parliament, 1899, vol. XXVIII, pp. 32 - 33. 'n Voorbeeld van 'n pas wat deur die tronk-outoriteite aan 'n kontrakarbeider uitgereik is, verskyn teenoor p. 362.
134) II, 11/1/32, 121/1886: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 11/3/1886. Dié beslissing het bepaal dat „the return of absconding Indians to their employers will depend upon whether the servants are willing to return".
135) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1877.
136) II, 11/1/43, 160/1888: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/2/1888; II, 11/1/24, 110/1885: Onderbeskermer se jaarverslag van 1884. 'n Indiër en sy vrou is bv. vanaf 5 Julie tot 24 Augustus, d.w.s. binne 'n periode van sowat een maand en drie weke, viermaal weens drostery veroordeel (II, 11/1/50, 900/1889: Koloniale Sekretaris aan Prokureur-generaal, d.d. 23/2/1888).
137) II, 11/3/2, Boek 1, pp. 420 - 421: Beskermer aan Koloniale Sekretairs, d.d. 17/10/1873. Teenoor p. 362 verskyn 'n ontslagsertifikaat van industriële diens.

375/85

95

LEFT THE COLONY 30 JUL 16 1884. ABANDONS CLAIM TO RETURN PASS

# LICENSE.

License to quit the Colony is hereby granted to Murugan, Indian Immigrant No. 15628, he having voluntarily agreed to forego all claim to a Free Passage to India, in terms of Proclamation, dated June 19th, 1873.

Protector of Immigrant.

Department of Immigration,
Durban, Natal,
July 16th 1884.

# LICENSE.

**License** *is hereby granted to*

*Indian Immigrant, No.* ........ *introduced into Natal under the provisions of Act 17, 1895, to depart from the Colony of Natal.*

*Description of the said.*

*Father's Name* ........

*Sex* ........

*Age* ........

*Height* ........ *feet* ........ *inches.*

*Body marks* ........

*Date of arrival in Colony* ........

*Ship* ........

*Last Employer* ........

**This License is issued only to enable the person described therein to leave the Colony of Natal, and cannot be used as a Pass in this Colony.**

This License is available for one departure from the Colony only, and cannot be used as authorising any subsequent departure from the Colony. If the permission to leave the Colony granted by this License be not availed of within........................days from date (inclusive) this License shall be *ipso facto* void.

*Protector of Indian Immigrants.*

*Durban, Natal,*

................................190....

T. L. Cullingworth, Printer, Field Street, Durban.

Kyk CSO 1691, 9436/1901.

Die hoofrigtings van sy beleid in dié verband was soos volg:

1) Werkgewers moes die sertifikate van industriële diens wat deur die Beskermer uitgereik is, in hul besit hou wanneer hul Indiër-immigrante in diens geneem het en moes behoorlike kwitansies daarvoor aan die immigrante uitreik;

2) Wanneer werkgewers self ontslagsertifikate aan Indiër-immigrante uitgereik het, moes volle besonderhede daarop verstrek word, naamlik:

   (a) die naam en amptelike nommer;
   (b) die datum van ontslag;
   (c) die periode wat die immigrant by die betrokke werkgewer werksaam was;
   (d) 'n verklaring van die werkgewer dat hy die ontslagsertifikaat van industriële diens aan die immigrant teruggegee het;

3) Enige werkgewer wat Indiër-immigrante in diens geneem het wat sonder die betrokke ontslagsertifikaat van sy vorige werkgewer of 'n ontslagsertifikaat van industriële diens was, het hom aan die oplê van 'n boete blootgestel.

In dieselfde jaar (1873) toe daar altesaam 28 Indiërs gedros het, het die Beskermer aan die magistraat te Estcourt opdrag gegee om Indiër-immigrante wat deur dié dorp beweeg, te ondervra en indien hulle nie oor 'n lisensie of 'n ontslagsertifikaat beskik nie, hul in hegtenis te neem ooreenkomstig Wet 2/1870.[137a] Hulle name en nommers moes, indien beskikbaar, aan die Beskermer verstrek word.[138]

Hoewel die Beskermer ook drostery probeer bekamp het deur die uitreiking van lisensies ingevolge Wet 2/1870[138a] het die wet egter nie voorsiening gemaak dat Indiërs wat hul industriële diens voltooi het, gestraf kon word indien hul nie 'n lisensie uitgeneem het nie. Indien sulke immigrante betrap word vóór hul oor die grens was, kon hul

---

137a) Wet 2/1870, art. 27, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.
138) II, 11/3/2, Boek 1, p. 425: Beskermer aan Resident-magistraat, d.d. 11/10/1873.
138a) Wet 2/1870, art. 52, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878. 'n Voorbeeld van 'n lisensie volgens die 1895-Wet verskyn teenoor p.363.

# INDIANS RETURNING TO INDIA.

*To the Secretary*

*Indian Immigration Trust Board, Durban.*

## PASS THE INDIAN.

*Name* Mahomed Ramthula

*No.* 103642 *Sex* Male *Age* 23

*as* Ind. *desires to return to India under the Provisions of Act 17 1895.*

Indenture will expire 1/6/1909 FH

Mrs Christie Watt
*Employer.*

*Wife,*

*Name*.................... *No*..........

*Children,*

*Name*.................... *Sex*.......... *Age*..........

Kyk II, 11/1/134, I 838/1905.

reis stopgesit word, maar ingeval hul reeds die grens oorgesteek het, was dit feitlik 'n onmoontlike taak om hul na Natal terug te bring.[139] In dié verband is in 1883 bepaal dat alle Natalse Indiërs wat in Indië of in Natal gebore is, in besit moes wees van 'n lisensie vir toestemming om Natal te verlaat, selfs wanneer hul, nadat hul Natal verlaat het, weer na Natal wou terugkeer.[140] Dit is gedoen omdat dit algemeen in Noord-Natal voorgekom het dat werkgewers wat nie noodwendig kontrakarbeiders in diens gehad het nie, drosters gehuisves het.[141] Slegs in uitsonderlike gevalle is drosters aan die man gebring deur diegene wat hul beskerm het, veral wanneer hulle onder hul makkers begin steel het. In ander gevalle het kontrakarbeiders onder die voorwendsel dat hul siek is, gaan skuiling soek in die Durbanse depot waar hul goeie kos en beskutting geniet het sonder om te werk.[142] Teen 1886 het die herberging van drosters nog steeds so 'n probleem geskep dat die Trustraad 'n spesiale speurder aangestel het om sulke drosters op te spoor.[143]

Ook die regering het doeltreffender optrede teen die drosters wenslik geag, veral as gevolg van die finansiële verliese wat drostery veroorsaak het. Op aanbeveling van die Prokureur-generaal,[144] is die magistrate van Estcourt, Ladysmith, Newcastle en Bo-Tugela opdrag gegee om vanaf September 1883 gereeld verslag aangaande die verhoor

---

139) Dit het nie die geld en die moeite geloon om drosters op die diamantvelde te probeer opspoor nie, want dit was moeilik om hul van die Mauritius- en vrye Indiërs te onderskei. Laasgenoemde was, volgens wet, geregtig om op die diamantvelde te wees. Sommige drosters het ook te kenne gegee dat hul van Mauritius afkomstig is om vervolging te vermy. Daarom is daarop aangedring dat Mauritius-Indiërs hul dokumente by hul moes dra (II, 11/1/2, R257/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/7/1877; II, 11/1/11, 1005/1882: Notule van die Trustraad, d.d. 18/12/1882).

140) II, 11/1/17, 109/1884: Beskermer se jaarverslag vir 1883.

141) II, 11/1/3, 580/1878: Saak George Wade vs. Chinasawmy, d.d. 1/5/1878; II, 11/1/11, 894/1882: Beskermer aan Staatsaanklaer, d.d. 2/10/1882; II, 11/1/14, 755/1883: A. Dunning aan Beskermer, d.d. 10/12/1883. In 1883 is dit oorweeg om sewe werkgewers te dagvaar omdat hul herberg aan drosters verleen het. In sy jaarverslag vir 1884 het die Beskermer soos volg getuig: „In several instances I have instituted prosecutions against persons for harbouring indentured Indians and nearly all have resulted in convictions".

142) II, 11/3/31, Boek 2, pp. 78 - 79: Beskermer aan The Indian Opinion, d.d. 6/12/1904; II, 11/1/4, 610/1878: Dr. G. Lindsay Bonnar aan Beskermer, d.d. 7/5/1878.

143) II, 11/1/34, 441/1886: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 13/4/1886.

144) II, 11/1/15, 932/1883: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 9/10/1883.

van drosters aan die Beskermer te stuur.[145] Vóór die tyd was die verslae oor drostery wat die Beskermer ontvang het baie ongereeld. So bv. is slegs 119 gevalle van drostery vanaf 1877 tot 1882 aan die Beskermer gerapporteer, terwyl daar in 1883 alleen 96 gevalle en in 1884 altesaam 160 gevalle aangemeld is.[146]

Nadat F. R. Bloy wie se plaas aan die Vrystaat gegrens het, in 1881 gerapporteer het dat 'n aanhoudende stroom Indiërs na die diamantvelde beweeg, het die Trustraad aan hom opdrag gegee om Indiërs wat sonder die Beskermer se toestemming deur sy plaas beweeg, in hegtenis te neem. 'n Bantoekonstabel wat deur die Trustraad besoldig is, is na die heer Bloy se plaas gestuur om alle gearresteerdes na die naaste magistraat te vergesel.[147]

Dié poging om drosters te betrap, was egter nie 'n sukses nie, want die Bantoekonstabel het gewoonlik sowat vyf dae weggebly wanneer hy drosters na die magistraat van Ladysmith geneem het. In die tussentyd, terwyl mnr. Bloy alleen was, het baie drosters weggekom. Daarom het mnr. Bloy in 1882 aan die hand gedoen dat berede polisie nie op sy plaas nie, maar naby die hoofpad by Underberg geplaas word, asook 'n veldkornet of 'n vrederegter om te voorkom dat die konstabel aanhoudend drosters na die magistraat te Ladysmith neem.[148]

Aan Bloy se plan is uitvoering gegee, maar in dieselfde jaar het hy gerapporteer dat ag Indiërs die Vrystaat binnegegaan het sonder dat vasgestel is of hul oor die nodige lisensies beskik. Bloy het gemeen dat die Bantoekonstabel by die Tugela-brug nie behoorlik toesig gehou het nie. Daarop is toe weer 'n konstabel tot Bloy se beskikking gestel om drosters wat deur sy plaas beweeg in hegtenis te neem. Hierdie plan het uiteindelik vrugte afgewerp, want in 1883 het Bloy tien

---

145) II, 11/1/15, 910/1883: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 2/10/1883; II, 11/1/15, 930/1883: Resident-magistraat, Laer-Tugela, aan Beskermer, d.d. 10/10/1883. Die totale aantal drosters wat die Beskermer soms in sy jaarverslae aangedui het, stem nie ooreen met die getalle wat die magistrate maandeliks aan die Beskermer verstrek het nie. In 1887 het die magistrate van 255 gevalle verslag gedoen teenoor slegs 71 wat in die Beskermer se jaarverslag vir die betrokke jaar gemeld is. Die getalle wat in hierdie proefskrif genoem word, is uit alle moontlike bronne wat in die Beskermer se argief gevind is, saamgestel en sluit ook kontrakarbeiders in wat sonder passe gevind is. Kyk Bylae A vir 'n lys vir 'n aantal jare.

146) Kyk Bylae A vir die getalle wat ook kontrakarbeiders insluit wat sonder passe gevind is.

147) II, 11/1/10, 15/1881: Notule van Trustraad, d.d. 19/12/1881. Kyk ook in dieselfde lêer: Beskermer aan Resident-magistraat, d.d. 13/1/1882.

148) II, 11/1/10, 499/1882: F. Bloy aan Beskermer, d.d. 27/5/1882.

drosters gevang.[149]

Drastieser regeringsmaatreëls was egter nodig, want binne die bestek van drie maande vanaf 25 April tot 25 Julie 1882 het die Beskermer 70 Indiërs verhoor wat sonder 'n pas was of wat geweier het om na hul werkgewers terug te keer. Die posisie was trouens so verontrustend dat een van die kwekers, Henry Binns, in 1882 by die regering aangedring het om die hulp van alle magistrate, asook dié van die stadsrade van Durban en Pietermaritzburg, te verkry om drosters aan te keer. Die aanstelling van spesiale konstabels deur die Immigrasie-departement in 1881 was nie voldoende geag nie.[150]

Die Natalse regering het aan Binns se vertoë gehoor gegee, maar die stadsrade het nie goed saamgewerk nie, veral nie die Durbanse stadspolisie nie.[151] Gelukkig was die aantal drosters in Durban se omgewing minimaal.[152] Van al die magistrate het slegs die een van Weenen behoorlike samewerking geopenbaar. Hy het reëlings getref vir die bewaking van die brug by Estcourt en die openbare weë aldaar, maar was ontsteld dat drosters die polisie in die nag kon ontglip. Daarom is op sy aanbeveling 'n polisiewag onder beheer van die tolgaarder by die tolhek te Colenso geplaas.[153]

Verder het die regering, soos in die geval van Bloy, ander persone op strategiese plekke aangestel teen 'n vergoeding van 5/- vir elke gearresteerde. Hierdie persone is elkeen deur 'n konstabel bygestaan om gearresteerdes na die naaste magistraats-kantoor te vergesel. So bv. is die pontman, mnr. A. Wright, in 1882 by die Bodrif aan die Groot-Tugela aangestel en die heer Portsmouth in 1883 vir die Kliprivier-

149) II, 11/1/11, 1014/1882: F. R. Bloy aan Beskermer, d.d. 29/10/1882; II, 11/1/12, 296/1883: F. R. Bloy aan Beskermer, d.d. 22 en 23/4/1883.

150) II, 11/1/17, 158/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/4/1884; II, 11/1/10, 134/1882: H. Binns aan Beskermer, d.d. 4/2/1882; kyk ook Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 14/2/1882; Beskermer se jaarverslag vir 1881.

151) II, 11/1/10, 138/1882: memorandum van J. Polkinghorne, d.d. 9/5/1882. Nogtans het die Trustraad ook in 1883 die samewerking van die plaaslike rade van Verulam, Ladysmith en Newcastle gevra om te help met die aankeer van drosters (II, 11/1/16, 1082/1883: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 20/11/1883).

152) II, 11/1/31, 1580/1885: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 5/1/1886.

153) II, 11/1/10, 418/1883: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 28/4/1882. Kyk ook Beskermer aan Resident-magistraat, Weenen, 19/6/1882.

afdeling.[154]

Hoewel daar in 1882 begin is met 'n stelsel om foto's van Indiërs op hul ontslagsertifikate te laat aanbring, is daarmee nie lank volgehou nie. Die gedagte was dat die foto's moes help om drosters aan die man te bring, maar die fotografering was te duur, het te veel tyd in beslag geneem en Indiërs het te gou van voorkoms verander.[155]

## 17. Die sending van 'n spesiale gesant om drostery in Noord-Natal te beteuel.

Nadat die Onderbeskermer in 1883 die verslegtende toestand i.v.m. drostery in Noord-Natal onder die regering se aandag gebring het, is 'n klerk van die Immigrasie-departement, A. Dunning, en drie konstabels na die noordelike distrikte (Umgeni, Lions River, Weenen en Kliprivier) gestuur om drosters, veral by die spoorwegverlenging te Ladysmith, te betrap. Dunning het daarin geslaag om 24 Indiërs in hegtenis te neem, maar aan die Beskermer gerapporteer: „There are many run-a-way Indians who have been for years about the Kaffir kraals and on farms belonging to white people some distance from the mainroad, and from what I have experienced the Kaffirs are inclined to shelter them. There are a good number of deserters in and about Maritzburg, but one or two days work is as much as can be done at a time as the news spreads and they disperse". Dunning se inspeksie was so geslaagd dat hy weer in 1897 met twee konstabels op 'n soortgelyke taak uitgestuur is.[156]

## 18. Strenger regeringsmaatreëls om drostery te bekamp.

Teen 1887 het die plasing van konstabels op strategiese plekke soos

---

154) II, 11/1/11, 735/1882: F. M. Burchmore aan Beskermer, d.d. 6/7/1882. Kyk ook Beskermer aan Resident-magistraat, Kliprivier, d.d. 9/8/1882; II, 11/1/14, 711/1883: Notule van Trustraad, d.d. 18/8/1883.

155) II, 11/1/10, 138/1882: Memorandum van J. Polkinghorne, d.d. 9/5/1882; II, 11/3/18, Boek 1, pp. 5 - 6: Beskermer aan Trustraad, d.d. 31/10/1892.

156) Die Beskermer het gedurende die eerste kwartaal van 1883 sowat 54 Indiërs verhoor wat sonder 'n pas was of wat geweier het om na hul werkgewers terug te keer (II, 11/1/17, 158/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/4/1884). Uit gegewens wat uit die Beskermer se argief verkry is, het ten minste 96 kontrakarbeiders gedurende 1883 gedros (kyk Bylae A). Kyk verder II, 11/1/14, 737/1883: A. Dunning aan Beskermer, d.d. 18/8/1883; II, 11/1/86, 1863/1897: Voorsitter, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 16/8/1897.

Newcastle, Van Reenen en Charlestown drostery wel tot 'n mate bekamp,[157] maar die Natalse regering het egter in die neëntigerjare 'n doeltreffender plan ontwerp wat drostery voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog tot die minimum beperk het. Die stelsel om konstabels te Van Reenen en Charlestown te plaas, is nie meer as doeltreffend vir die veranderde omstandighede beskou nie en die konstabel te Charlestown is trouens in 1892 aldaar verwyder. Die nuwe beleid was om die polisie opdrag te gee om Indiërs se passe op alle treine en stasies te ondersoek. Dit is selfs oorweeg om stasiemeesters opdrag te gee om eers vas te stel of Indiërs oor die nodige passe beskik voordat treinkaartjies aan hul uitgereik is, maar die Prokureur-generaal het beslis dat „it would be beyond the powers of a station master to interfere with passengers in the way suggested".[158] Die Prokureur-generaal het die beleid wat die Natalse regering sedert 1893 gevolg het om vier konstabels uitsluitlik vir die Natalse Spoorweë in diens te neem met die doel om Indiërs se passe te ondersoek, as die korrekte prosedure beskou. Bogemelde konstabels het die spoorlyn noord van Pietermaritzburg gereeld gedek en hul het die hartlike samewerking van die stasiemeesters en die Natalse Berede Polisie geniet.[159]

As gevolg van regeringsoptrede het die aantal drosters vir die jare 1897, 1898 en 1899 drasties tot onderskeidelik 139, 198 en 139 vir die betrokke jare verminder. Indien daar van regeringsweë nie doeltreffende maatreëls getref was om drostery aan bande te lê nie, sou 'n mens kon verwag dat veel groter getalle na die steeds ontwikkelende Randse goudvelde sou weggedros het. Daarby moet ook in ag geneem word dat sekere goudmynmaatskappye hulle daarop toegelê het om Indiërs in Natal vir hul myne te werf.[160]

---

157) II, 11/1/38, 202/1887: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 16/2/1887; kyk ook Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 18/2/1887; II, 11/3/21, Boek 1, p. 481: Beskermer aan Trustraad, d.d. 6/11/1894; CSO 1406, 4445/1894: kyk in dié verband 6834/1891 Beskermer aan Algemene Bestuurder, d.d. 3/8/1891; II, 11/1/38, 343/1887: Resident-magistraat, Newcastle, aan Beskermer, d.d. 14/3/1887. So bv. is by Newcastle beslag gelê op die ontslagsertifikaat van ag Indiërs wat in Transvaal wou gaan handel dryf het. Hierdie sertifikate is eers na die Beskermer se kantoor te Durban gestuur vir identifikasie voordat die betrokke Indiërs toegelaat was om oor die grens te gaan.

158) II, 11/3/21, Boek 1, p. 481: Beskermer aan Trustraad, d.d. 6/11/1894; CSO 1406, 4445/1894: kyk in dié verband 6834/1891: Beskermer aan Algemene Bestuurder, d.d. 3/8/1891; II, 11/3/21, Boek 1, p. 481: Beskermer aan Trustraad, d.d. 6/11/1894.

159) II, 11/3/19, Boek 1, p. 469: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/8/1893; CSO 1406, 4445/1894: Hoofbestuurder van die Natalse Spoorweë aan die Minister van Lande en Werke, d.d. 22/8/18[illegible]

160) Beskermer se Jaarverslae vir 1897, 1898 en 1899; CSO 1580, 6965/1898: Sekretaris, The City and Suburban Gold Mining and Estate Co. Ltd., aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 16/9/1898.

19. Finansiële verliese as gevolg van drostery.

Hoewel daar vanaf 1873 tot vóór 1877 geen gevalle van drostery in die amptelike stukke van die Beskermer voorkom nie (die magistrate het gedurende hierdie periode nie die verslae aangaande drosters aan die Beskermer gestuur nie), moet aanvaar word dat 'n redelike hoeveelheid steeds gedros het. In 1877 het die Beskermer dan ook by die regering sy besorgdheid uitgespreek oor die finansiële verliese wat die Trustraad as gevolg van drostery gely het, terwyl ook kwekers, bv. Henry Binns, by die regering oor dieselfde saak gekla het.[161)]

In 1881 het die Beskermer in sy jaarverslag verklaar: „The loss to the Board from this cause has been considerable as employers can only be called upon to pay one instalment of passage money upon an Indian after his desertion".[162)] Dit is beraam dat die Trustraad vanaf 1882 tot 1892 altesaam £1,809 skade gely het as gevolg van drostery, wat neerkom op 'n gemiddelde van £164 per jaar.[163)] As gevolg van die verliese wat die Trustraad gely het, is werkgewers vanaf 1891 deur Wet 25 verplig om alle paaiemente t.o.v. drosters te betaal.[163a)]

Ook vanweë die groot verlies het die Trustraad vanaf 1878 'n beloning vir die inhegtenisneming van elke droster uitgeloof. In 1886 is die beloning vir die inhegtenisneming van elke droster langs die kus van 5/- tot 2/- verminder omdat die Beskermer bevind het dat daar baie min drosters by Durban en langs die Natalse kus teenwoordig was.[164)]

---

161) II, 11/1/2, R257/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/7/1877; II, 11/1/5, 1279/1878, Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/10/1878.

162) II, 11/1/5, 1279/1878: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/10/1878. So bv. het die kweker H. Binns in Oktober 1877 die eerste paaiement van £4 vooruitbetaal vir 'n Indiër wat na drie maande se diens in Desember 1877 weggedros het, terwyl hy die daaropvolgende jaar ooreenkomstig artikels 40, 42 en 43 van Wet 2/1870 'n verdere paaiement van £4 ten opsigte van die droster moes betaal. Daarop het die Beskermer verduidelik dat die bedoeling van art. 43 juis was „to prevent employers from conniving at the desertion of their men, and to induce them to make some effort for their recovery when they do abscond which otherwise they might not do for a man they did not value".

163) II, 11/3/18, Boek 1, pp. 5 - 6: Beskermer aan Trustraad, d.d. 31/10/1892.

163a) Wet 25/1891, art. 18, Natal Laws, 1890 - 1894.

164) II, 11/1/4, 190/1878: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 15/2/1878; II, 11/1/8, 607/1881: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 27/6/1881. Kyk ook Beskermer aan Resident-magistraat, Inanda, d.d. 15/7/1881; II, 4/1/31, 1580/1885: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 20/1/1886.

20. Sluikhandel in passe.

Daar was ook 'n ander probleem wat die Natalse regering te bowe moes kom, naamlik die sluikhandel wat met die verskaffing van passe aan Indiërs gedryf is. Dikwels het Indiërs oor passe beskik wat nie hul eie was nie en waarmee hul sluikhandel gedryf het. Die Beskermer het dit selfs in 1896 oorweeg om Indiërs wat in onwettige besit van passe was, in hegtenis te neem. Ná die Tweede Vryheidsoorlog het besonder baie Transvaalse Indiërs deur middel van passe en domisilie-sertifikate wat hul van ander Indiërs ontvang het, Natal onwettig binnegedring. Die Hoof-Immigrasiebeampte het bv. in 1903 altesaam 269 domisilie-sertifikate gekonfiskeer en in 1904 weer op 139 sulke sertifikate beslag gelê. Hy het erken dat sluikhandel met sulke sertifikate plaasgevind het, maar dat dit nie voorkom kon word nie. Transvaalse Indiërs wat in 1905 met sulke sertifikate in Natal betrap is, is weer na Transvaal teruggestuur.[165)]

21. Vrye Indiërs en die passtelsel.

As gevolg van die grootskaalse veldtog gedurende die neëntigerjare om drosters aan te keer, het die Natalse Polisie in hul ywerigheid soms vrye Indiërs, waaronder die Arabiese handelaars, aanstoot gegee. Dit was naamlik 'n moeilike taak vir die polisie om tussen kontrakarbeiders en vrye Indiërs te onderskei. Dit het in 1896 daartoe gelei dat Indiërs twee sake teen die polisie weens onwettige arrestasie ingestel het.[166)]

Hoewel dit nie verpligtend was nie, was dit nogtans in belang van vrye Indiërs om in besit te wees van 'n lisensie, uitgereik deur die Beskermer, wat aangedui het dat hul in Natal wou bly of dit wou verlaat. Die lisensie, waarvoor hul 5/- moes betaal, het hul teen arrestasie gevrywaar. Sommige Indiërfirmas het hulself die reg toegeëien om soortgelyke lisensies teen 2/6 elk uit te reik. Omdat die gevaar bestaan het dat Indiërfirmas sulke lisensies aan drosters kon uitreik, het die Beskermer die aangeleentheid onder die regering se aandag gebring.[167)]

165) II, 11/3/23, Boek 1, p. 677: Beskermer aan Prokureurs van die Trustraad, d.d. 23/3/1896; CSO 1781, 734/1905: J. W. James, Durban, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/1/1905. Kyk ook Hoof-Immigrasiebeampte aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/1/1905; II, 11/1/139, 12627/1905: Hoof-Immigrasiebeampte aan Sersant, Natalse Polisie, Dundee, d.d. 26/10/1905.

166) CSO 1480, 5624/1896: Hoof-Kommissaris van Polisie aan Prokureur-generaal, d.d. 8/9/1896.

167) CSO 1483, 6272/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/10/1896.

NATAL HARBOUR DEPARTMENT.

No. 8777

**CERTIFICATE OF DOMICILE.**

This is ...

(Kyk II, 11/1/32, I 34/1905)

Gevolglik het die Prokureur-generaal dit in 1896 oorweeg om alle Indiërs onder die passtelsel te plaas, as gevolg waarvan Wet 28/1897 op die wetboek geplaas is.[168] Hierdie wet het bepaal dat alle vrye Indiërs in besit moes wees van 'n pas, wat deur die Beskermer uitgereik word, en dat elke pas wat jaarliks hernieu moes word, tot 31 Desember van elke jaar geldig sou wees.

Die kern van Wet 28/1897 was geleë in art. 4: „If the Protector of Indian Immigrants or any Magistrate, or Justice of the Peace, or any Police Constable shall stop or arrest any Indian not carrying a pass granted under this Act, the Indian so stopped or arrested shall not be entitled to make any claim for wrongful arrest or detention merely on the ground that he was not an indentured Indian".

Afgesien van Wet 28/1897 het Wet 1/1897[169] Indiërs wat bewys kon lewer dat hul reeds in Natal gedomisilieer is, van arrestasie gevrywaar. Wet 1/1897 het ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van immigrasie-beheerbeamptes wat veral op grensposte gestasioneer is om te help met die inhegtenisneming van drosters. So bv. is sersant Robert Allan van die Natalse Polisie in Junie 1897 as Immigrasie-Beheerbeampte te Charlestown aangestel.[170]

Weldra het hooggeplaaste Indiërs en die Indiese regering beswaar gemaak teen die ongerief wat vrye Indiërs as gevolg van Wet 28/1897 moes verduur en die Natalse regering het daarvoor geswig.[171] Wet 28/1897 is na 'n kort bestaan deur Wet 19/1898[172] gewysig sodat die

---

168) CSO 1480, 5624/1896: Hoof-Kommissaris van Polisie aan Prokureur-generaal, d.d. 8/9/1896. Kyk ook Wet 28/1897, Acts of the Parliament of the Colony of Natal passed in the session of the year 1897.
169) Wet 1/1897, art. 6, Acts of the Parliament of the Colony of Natal passed in the session of the year 1897.
170) CSO 1578, 4064/1897: Prokureur-generaal se verslag, Indiërs wat Natal van die binneland binnekom, d.d. 14/6/1897.
171) Kyk p. 372, voetnoot 173.
172) Wet 19/1898, Acts of the Parliament of the Colony of Natal, 1898.

Natalse Polisie slegs „under a bona fide belief or suspicion that he is an indentured Indian", 'n Indiër kon aankeer om vas te stel of hy oor 'n pas beskik. Hoewel Wet 19/1898 feitlik Wet 28/1897 ongedaan gemaak het, het die uitreiking van passe aan vrye Indiërs om hul van onnodige arrestasie te vrywaar egter voortgeduur, selfs nog tot so laat as 1909.[173)]

22. Die rol van stedelike polisie.

'n Laaste maatreël wat die Natalse regering vóór die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog getref het om drostery aan bande te lê, was om alle dergelike gevalle wat bekend gemaak is, onmiddellik aan die stedelike polisie (Pietermaritzburg en Durban) te rapporteer.[174)]

23. Drostery na die Vrystaat, die Kaapkolonie, Delagoabaai en Swaziland.

Vóór 1890 het kontrakarbeiders ook redelik maklik na die naburige Vrystaat of Kaapkolonie gedros. Dit het aan die Natalse regering heelwat probleme besorg, veral op die Vrystaatse grens by Van Reenenspas. Vanaf 1890 het die posisie ten opsigte van die Vrystaat egter baie verbeter, want in daardie jaar het die Vrystaat 'n proklamasie uitgevaardig „prohibiting all Asiatic natives from entering or travelling through the Free State without the written permission of the Government Secretary".[175)] Die Vrystaatse regering het trouens na die Tweede Vryheidsoorlog die taak van die Beskermer vergemaklik deur alle Indiërs wat in die Vrystaat voorgekeer is en wat vermoedelik van Natal afkomstig was, aan die Natalse owerheid uit te lewer.[176)]

---

173) II, 11/3/33, Boek 1, pp. 235 - 236: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 7/8/1908; Debates, Legislative Assembly, Second Session of the Second Parliament, 1898, vol. XXVII, p. 391; II, 11/1/166, 11076/1909; Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 7/7/1909; CSO 1871, 2386/1909, Assistent-Ondersekretaris aan Jawahis, Tongaat, d.d. 6/5/1909.

174) II, 11/3/25, Boek 1, pp. 213, 228 en 241.

175) II, 11/3/18, Boek 1, p. 20: Beskermer aan Trustraad, d.d. 3/11/189[illegible] II, 11/1/92, 1284/1899: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/3/1899; kyk ook Vrystaatse Ordonnansie 29/1890.

176) II, 11/1/141: Koloniale Sekretaris, Bloemfontein, aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 5/1/1906; CSO 1847/1907: Koloniale Sekretaris, Bloemfontein, aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 11/12/1907; CSO 1851, 1131/1908, Koloniale Sekretaris, Bloemfontein, aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 21/2/1908; CSO 1875, 3981/1909: Onder-Koloniale Sekretaris, Bloemfontein, aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 6/7/1909; CSO 1883, 60/1910: Koloniale Sekretaris, Bloemfontein, aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. 6/1/1910; CSO 1886, 1606/1910: Koloniale Sekretaris, Natal, aan Koloniale Sekretaris, Bloemfontein, d.d. 18/3/1910.

Die Kaapkolonie was nie juis gretig om Indiërs te laat binnekom nie, maar het hulle binnekoms nooit belet nie.[177] Op dié wyse het groot getalle drosters wel die Kaapkolonie binnegedring. In 1885 was daar bv. 200 van hul in die omtrek van Uitenhage en Port Elizabeth alleen, maar die Natalse regering was magteloos om teen hul op te tree omdat die Kaapse regering nie dieselfde mate van samewerking as die Vrystaatse regering geopenbaar het nie.[178]

Sommige Indiërs het ook onwettiglik na Delagoabaai en Swaziland verhuis. Om te voorkom dat Indiërs na Delagoabaai gaan, het die Natalse Goewerneur in 1886 bepaal dat gewese kontrakarbeiders slegs na die Kaapkolonie of een van sy afhanklike gebiede kon verhuis en dan slegs na die verkryging van 'n behoorlike lisensie. Aangesien dié reëling daartoe gelei het dat Indiërs na Delagoabaai gedros het, het die Natalse Goewerneur weer in 1887 toestemming verleen om lisensies aan Indiërs wat na Delagoabaai wou gaan, uit te reik.[179]

24) Drostery tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Toe die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het, het baie kontrakarbeiders van die wantoestande misbruik gemaak om van hul werkgewers te dros. So bv. was daar volgens die Beskermer se jaarverslae vanaf 1897 tot 1899, 'n periode van drie jaar net vóór die oorlog, slegs 'n totaal van 476 drosters vir die betrokke drie jaar. Dit is wel waar dat die Beskermer sy syfers konserwatief bereken het, maar as dit vergelyk word met die amptelike totaal van 1807 drosters vir 'n periode van 'n anderhalfjaar onmiddellik ná die uitbreek van die oorlog, kan besef word watter geweldige groot bydrae dié oorlog op die vermeerdering van die aantal drosters gehad het.[180] Begryplik het baie kontrakarbeiders in Noord-Natal waar die eintlike stryd gewoed het, die hasepad

---

177) The Natal Mercury, d.d. 27/7/1876. Kyk veral Gordon Sprigse standpunt.
178) II, 11/1/30, 1375/1885: Beskermer aan Trustraad, d.d. 31/10/1885; II, 11/3/17, Boek 1, p. 179: Beskermer aan Prokureur, Trustraad, d.d. 27/7/1892.
179) II, 11/1/44, 404/1888: W. Fuller aan Beskermer, d.d. 3/5/1888; II, 11/1/44, 404/1888: Resident-magistraat, Newcastle, aan Beskermer, d.d. 20/3/1888; II, 11/1/40, 757/1887: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/6/1887; II, 11/1/40, 757/1887: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/7/1887.
180) CSO 1677, 4669/1901: Hoof-Ondersekretaris aan Trustraad, d.d. 17/6/1901; Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/6/1901.

No. A 7954

AVAILABLE FOR ASIATICS ONLY.

# PERMIT

TO ENTER AND RESIDE IN THE TRANSVAAL AND ORANGE RIVER COLONY.

Name (in full) Govindan (Ellapa Naik)

Nationality B. Indian

Place of Birth Madras

Occupation Labourer

Last Address Germiston

District to which proceeding do

[Signature]

Issuing Officer.

Place of Issue JHBurg

Date of Issue 20-4-03

Authority for Issue

This Permit is not transferable, and any person making use of it, other than the original holder, will be liable to prosecution and to the penalties provided in Section 9 of Ordinance No. 5 of 1903.

[See Back]

Signature of Holder

PAID THREE POUNDS

Kyk II, 11/1/148, I 4157/1906

gekies voor die aankomende Boere-magie, maar dit is amptelik bereken dat slegs sowat 126 kontrakarbeiders noord van die Tugela gevlug het.[181)]

Groot getalle Indiërs wat sonder passe van Transvaal na Natal teruggekeer het, is baie simpatiek behandel. Aan hulle is tydelik 'n heenkome in Natal verskaf en aan sommige is toestemming verleen om met emigranteskepe wat eintlik slegs vir terugkerende kontrakarbeiders bedoel was, na Indië terug te keer.[182)]

Nietemin het die Natalse Polisie tydens die oorlog 'n intensiewe veldtog teen drosters geloods. Gedurende die ander halfjaar vanaf 1 Oktober 1899 tot 30 April 1901 is 1220 drosters in hegtenis geneem, ondanks die feit dat arbeidsagente van die oorlogstoestande misbruik gemaak het om Indiërs sonder passe in diens te neem. Die betrokke agente het self die passe van Indiërs in hul besit gehou sodat die polisie nie maklik kon vasstel watter Indiërs sonder passe was nie.[183)]

## 25. Drostery ná die Tweede Vryheidsoorlog.

Hoewel die Natalse Polisie net ná die oorlog 'n verskerpte poging aangewend het om drosters aan te keer, veral op die treine,[184)] was die

---

181) Jaarverslag van die Trustraad vir Julie 1899 - Junie 1900.
182) In November 1899 is 'n groot aantal Indiërs wat sonder passe van Transvaal teruggekeer het, vir identifikasie na die Beskermer se kantoor gestuur (II, 11/3/27, Boek 1, p. 376: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 12/11/1899). In 1900 is 33 Indiërvlugtelinge sonder passe te Harrismith aangetref (II, 11/3/29, Boek 1, p. 281: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, ongedateerd 1900). Vir ander Indiërvlugtelinge vanaf Transvaal, kyk II, 11/3/27, Boek 2, p. 206: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/1/1900; CSO 1625, 6845/1899: Shepstone, Wylie en Binns aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/9/1899 en 11/10/1899; Koloniale Sekretaris aan Shepstone, Wylie en Binns, d.d. 15/9/1899 en 16/10/1899.
183) CSO 1677, 4669/1901: Hoof-Ondersekretaris aan Trustraad, d.d. 17/6/1901. Kyk ook Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/6/1901; II, 11/1/100, 1323/1901: Sekretaris, Trustraad, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/3/1901. Kyk ook Hoof-Kommissaris van Polisie aan Minister van Lande en Werke, d.d. 4/10/1901.
184) Kyk p. 368.

'n Kwitansie aan 'n Indiër wat teen 'n lae skeepstarief na Indië teruggekeer het.
Kyk 11/1/166, I 1066/1909.

Deutsche Ost-Afrika-Linie.

Abdul Gaffer [illegible] für die Reise [illegible]

[illegible] 10/-

L.№ 7372

Dieses Billet berechtigt nicht zur Unterbrechung der Reise.

Deutsche Ost-Afrika-Lin

*Controll-Abschnitt*

für ein Deckpass

von Durban

nach [illegible]

Dampfer [illegible]

Datum [illegible] 19

[illegible] beim Verlassen [illegible] abzunehmen.

E.№ 7372

polisie nogtans gestrem deur Wet 19/1898 wat Wet 28/1897 gewysig het, omdat die 1898-wet dit vir die polisie nodig gemaak het om tussen kontrakarbeiders en vrye Indiërs te onderskei.[185)] Die Trustraad het selfs in 1906 'n Indiërkonstabel (sonder uniform) aangestel om Indiërs wat sonder passe gereis het, te betrap.[186)] Nogtans was drostery nog steeds met Uniewording aan die orde van die dag. Sommige drosters het bv. in 1909 hul soos Arabiese handelaars vermom, om deur middel van lae skeepstariewe, sowat 10/- per persoon, wat sekere maatskappye aangebied het, na Indië terug te keer. Hoewel die Beskermer versoek het dat die waterpolisie streng moes optree om sulke gevalle te voorkom, het Wet 19/1898 weer eens die polisie se hande gebind. Die Unie-regering het egter nuwe wetgewing in dié verband beplan, maar die kontrakstelsel is in 1911 beëindig voordat daaraan uitvoering gegee kon word.[187)]

26. Samevatting.

'n Aangeleentheid wat baie nou aan die kwessie van mishandeling verbonde is, is die mediese dienste wat aan Indiërs verskaf is. In 1872 het die kommissie wat juis die klagte van mishandeling moes ondersoek, aanbeveel dat mediese beamptes vir die mediese behandeling van kontrakarbeiders aangestel word en die aanbeveling is in 1872 deur Wet 12 bekragtig.

Daarop is verder voortgebou en in 1875 is deur Wet 14 mediese sirkels met 'n mediese beampte vir elke sirkel geskep. Die gebiede waar daar nie voldoende kontrakarbeiders teenwoordig was om 'n mediese sirkel te regverdig nie, het die werkgewers hul eie reëlings, met die goedkeuring van die Beskermer, getref om na die gesondheid van hul kontrakarbeiders om te sien.

Daar was egter ook nadele verbonde aan die wyse waarop die aanstelling en afdanking van mediese beamptes geskied het. Dit moes

185) II, 11/1/100: Inspekteur-generaal van Natalse Polisie aan Superintendent van Spoorwegpolisie, d.d. 14/4/1901. Kyk ook Konstabel, Spoorwegpolisie, Newcastle, aan Superintendent, d.d. 17/6/1902.

186) Baie drosters is by wyse van hul vingerafdrukke geïdentifiseer (II, 11/1/139, 11267/1905: Sersant, Natalse Polisie, aan Immigrasie-Beheerbeampte, d.d. 24/10/1905). Kyk ook II, 11/3/31, Boek 2, p. 904: Beskermer aan Superintendent van Spoorwegpolisie, d.d. 6/2/1906.

187) II, 11/1/166, 11066/1909: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/7/1909. Kyk ook in dieselfde lêer, Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/7/1909; II, 11/1/166, 11076/1909: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 7/7/1909; CSO 1892, 4329/1910: Beskermer aan Waarnemende Ondersekretaris vir Binnelandse Sake, d.d. 25/7/1910; Waarn. Ondersekretaris, Binneland, aan Sekretaris, Binneland, d.d. 3/8/1910.

deur middel van die Trustraad geskied en daardeur het die Trustraad 'n houvas op die mediese beamptes verkry.

Die Natalse owerheid het alles in sy vermoë gedoen om hospitalisasie vir Indiër-immigrante so doeltreffend moontlik te maak. Wet 2/1870 het reeds werkgewers, met 20 of meer Indiërs in hul diens, verplig om die sogenaamde landgoedhospitale op te rig wat aanvanklik 'n waardevolle funksie verrig het om Indiërs voorlopig te versorg totdat die mediese beampte hul kon besoek om, indien nodig, na 'n beter hospitaal te stuur. Die nadeel verbonde aan landgoedhospitale was dat aangesien die mediese voorrade, beddens en verpleegpersoneel deur die werkgewer voorsien moes word, dit dikwels onvoldoende was. Baie werkgewers het trouens versuim om selfs die hospitaal op te rig.

Daarom was dit noodsaaklik dat beter hospitaaldienste aan Indiërs voorsien moes word en dié funksie is geleidelik vanaf 1878 deur sentrale hospitale verrig. Die begin was stadig, maar teen 1904 was daar reeds 14 sulke sentrale hospitale in Natal. Die sentrale hospitale was gewoonlik besonder goed geboude inrigtings, het oor voldoende moderne mediese fasiliteite en voorrade beskik en kon ernstige gevalle doeltreffend hanteer. Die voorrade en personeel is uit die Mediese Fonds in stand gehou en was dus nie van die willekeur van die werkgewer afhanklik soos in die geval van landgoedhospitale nie.

Weens die toenemende aantal mynteringgevalle onder Indiërs by Natalse steenkoolmyne, het die Beskermer ook die werkgewers verplig om isolasiegeboue vir sulke gevalle op te rig.

Afgesien van myntering wat Indiërs hoofsaaklik in Natal opgedoen het, was meeste ander siektes waaraan Indiërs in Natal gely het van Indië na Natal oorgebring. Die Natalse regering het egter doeltreffend teen dié siektes opgetree. As gevolg van die ernstige aansteeklike siektes, soos bv. geslagsiektes, wat onder die Indiërbevolking aanwesig was, het die Wragg-kommissie in 1887 sekere aanbevelings gedoen wat aanleiding gegee het tot die skeiding van geslagte op die seereis na Natal en by die Durbanse depot, asook die aanstelling van 'n Mediese Raad te Durban om nuwe immigrante beter te ondersoek.

'n Aspek verbonde aan siektes waarvoor Natal verantwoordelik gehou moet word, is die versuim van vroegtydige optrede teen die besoedeling van Natalse riviere en waterstrome in die nabyheid van suikermeulens.

Wat drostery betref, was die strafmaatreëls nie doeltreffend genoeg om dit te voorkom nie en daarbenewens het die werkgewers en vrye Indiërs drosters geherberg. Die Natalse regering was ook magteloos om Indiërs wat oor die Kaapse en Transvaalse grense of na Swaziland en Delagoabaai gedros het, na Natal terug te bring. Slegs die Vrystaat wat sedert 1890 Indiërs uit sy gebied gehou het, het die Natalse regering hulp verleen met die aankeer van drosters.

Namate drostery in omvang toegeneem het, veral in die Natalse binneland, het die regering strenger maatreëls getref om dit aan bande te lê. Aanvanklik is slegs sekere persone en later konstabels, op strategiese grensposte aangestel. Magistrate, stadsrade en plaaslike besture is ook gevra om saam te werk, maar die resultaat was nie bevredigend nie.

Toe die beleid van die Natalse regering om drostery te bekamp in die neëntigerjare nie meer so doeltreffend geblyk het nie, is spesiale konstabels aangestel om Indiërs se passe op treine te ondersoek. Dit het in 1896 tot hofsake met vrye Indiërs aanleiding gegee, as gevolg waarvan Wet 28/1897 aangeneem is. Hoewel laasgenoemde wet die konstabel ook die reg verleen het om vrye Indiërs se passe te vra, is die betrokke wet, onder druk van die Indiese regering, die daaropvolgende jaar deur Wet 19/1898 gewysig. Daarvolgens was die Natalse Polisie verplig om slegs Indiërs om hul passe te vra indien hul 'n „bona fide belief or suspision" gehad het dat hul kontrakarbeiders was. Wet 19/1898 het feitlik Wet 28/1897 ongedaan gemaak en dit het die polisie se optrede teen drosters belemmer. Die gevolg was dat 'n sluikhandel in passe en domisilie-sertifikate plaasgevind het en dat drostery tot die einde van die kontrakperiode steeds bly voortduur het.

Die Natalse regering kon wel met 'n groter polisiemag daarin geslaag het om drostery te bekamp, maar dit is bereken dat die verliese wat die Trustraad weens drostery gely het, nie so 'n polisiemag geregverdig het nie, m.a.w. die koste verbonde aan die polisiemag sou groter gewees het as die verliese wat weens drostery gely is.

## HOOFSTUK 14.

## DIE LEEFWYSE, AARD EN SOSIALE INSTELLINGS VAN NATALSE INDIËRS, 1870 - 1910.

Die Indiërgemeenskap van Natal het tussen 1870 en 1910 hoofsaaklik uit drie groepe bestaan: die kontrakarbeiders, die vrye Indiërs en die Arabiese handelaars. In hierdie hoofstuk word getrag om die leefwyse, aard en sosiale instellings van hierdie drie groepe uiteen te sit.

### A. Kontrakarbeiders.

Die kontrakarbeiders was hoofsaaklik by die suikerplantasies, Natalse steenkoolmyne, Natalse Spoorweë, stadsrade en plase werksaam. Met die uitsondering van een, was daar op geen plantasie ooit meer as 400 kontrakarbeiders werksaam nie.[1)]

#### 1. Wonings en omgewing.

Aan die kontrakarbeiders is reeds voor hul vertrek uit Indië behoorlik huisvesting in Natal beloof. Een van die voorwaardes was: „you will have houses rentfree to live in".[2)]

Die meerderheid van die kontrakarbeiders op plantasies het voorkeur verleen aan grashutte bo enige ander soort woning omdat dit 'n warme huislike atmosfeer geskep het, ondanks die feit dat 'n Mediese Beampte in 1877 verklaar het dat hy nouliks daarin kon asemhaal en gesug het: „What must it be to inhabit them ?"[3)]

Hoewel die Durbanse stadsraad en sommige plantasies kontrakarbeiders van behoorlike kasernes van baksteen en sink voorsien het, het die meeste sodanige arbeiders voorkeur verleen aan sink-hutte bo klipgeboue, maar in baie gevalle was die sinkhutte nie behoorlik met hout aan die binnekant bedek nie.[4)] Die gevolg was dat die Indiërs aan groot

---

1) II, 11/3/34, Boek 1, pp. 456 - 457: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 9/3/1910.

2) II, 11/1/6, 51/1880: L. P. Booth aan Beskermer, d.d. Januarie 1880.

3) II, 11/1/2, R121/1877: G. L. Bonnar aan Beskermer, d.d. 25/4/1877; Aiyar, P. S., An Unjust Tax on Indian Immigrants, op. cit., p. 8.

4) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie. In die ou stadsgebied van Durban (sowat 13 vk. myl) het onlangs (ná 1950) nog 31,000 Indiërs in treurige omstandighede gewoon. Die Durbanse stadsraad het 'n laissez faire-beleid gevolg (P. R. Potter, Seventy years of Frustration and Unhappiness, p. 4).

temperatuurwisselings blootgestel was en dus maklik siek geword het. Veral die Mediese Beampte, dr. G. L. Bonnar, en die Indiese joernalis Aiyar het beswaar gemaak teen die ondoeltreffendheid van sinkhutte sonder houtbedekking aan die binnekant. In Noord-Natal het J. von Neugerhausen die oprigting van klip- en baksteenhuise met behoorlike vuurmaakplekke aanbeveel.[5]

Hoewel die plantasie-eienaars veronderstel was om self die hutte op te rig, het hul dit selde gedoen. Die algemene gebruik was om nuwe aankomelinge 'n paar dae geleentheid te gee om hul eie hutte te bou. Sommige eienaars het aan hul kontrakarbeiders 10/- (R1.00) betaal vir elke tydelike hut wat hul in hul spaartyd, na werksure en op Sondae gebou het. Dit het dikwels gebeur dat die nuwe hutte bewoon is sonder dat dit ooit voltooi was.[6] Die hutte was gewoonlik van wattel, klei en riet gebou. Dikwels was die pleistering egter so swak dat lig en reën dit deurdring het.[7]

Gewoonlik was die ventilasie in die hutte uiters gebrekkig en die kamers donker en bedompig. Die Mediese Beampte vir Laer-Umzimkulu het in 1904 aan die Beskermer gerapporteer: „The state of the mud and reed huts on these estates leave much to be desired. There is hardly any ventilation, the rooms are dark and the atmosphere foul".[8] In sommige gevalle, bv. op die Ikwize-landgoed, was 'n aantal hutte onder een lang dak en slegs deur 'n lae afskorting waaroor 'n mens maklik kon sien, van mekaar geskei.[9]

Grashutte het die gevaar van brand vergroot, omdat die hutte geen skoorstene gehad het nie en ook omdat daarin gereeld vuur gemaak is. Die brandhout is trouens in die hutte geberg terwyl pluimvee en bokke ook dikwels daarin aangehou is. Sulke rookbelaaide hutte waarin allerlei diere aangehou is, was begryplik ook uiters ongesond.[10]

---

5) II, 11/1/2, R121/1877: G. L. Bonnar aan Beskermer, d.d. 25/4/1877; Aiyar, P. S., <u>An Unjust Tax on Indian Immigrants</u>, etc., op. cit., p. 8; II, 11/1/1, 1881: J. von Neugerhausen aan Beskermer, ongedateerd. Kyk ook <u>Natal Government Gazette, Supplement</u>, d.d. 20/9/1887; verslag van die Wragg-kommissie.

6) II, 11/3/6, 101/1882: L. P. Booth aan Beskermer, d.d. Januarie 1880.

7) II, 11/1/1, 101/1882: L. P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882. Dit was veral die geval by hutte op die Umzinto-landgoed.

8) Jaarverslag van die Beskermer vir 1904.

9) II, 11/1/1, 101/1882: L. P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882.

10) Die voordeel van sulke grashutte was weer dat hul tydens die uitbreek van aansteeklike siektes afgesonder was en ook, indien nodig, later verbrand kon word. Kyk in hierdie verband <u>Natal Government Gazette, Supplement</u>, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag.

Die beskikbare ruimte binne die hutte het feitlik nooit voldoen aan die gewenste grootte van 500 kub. vt. vir elke inwoner nie, want daar was geen regulasies wat die werkgewer verplig het „as to size and description of building he is required to erect".[11] Gewoonlik het elke inwoner slegs sowat 250 kub. vt. ruimte tot sy beskikking gehad.[12] Dikwels was die vloeroppervlakte van die hutte nog skuins en onder die grondoppervlakte en gevolglik baie nat en ongesond.[13] Om laasgenoemde rede het die Wragg-kommissie in 1887 'n dreineringstelsel vir hutstandplase bepleit.[14]

Dit wil veral uit beskrywings van verskillende mediese beamptes voorkom of die gehalte van die kontrakarbeiders se hutte benede dié van die algemene landbouwerker was, maar in dié verband moet ook in gedagte gehou word dat die kontrakarbeiders afkomstig was van die laagste stande in Indië.[15]

Hoewel grashutte vanaf 1898 al hoe meer in onbruik geraak het, was daar teen 1904 nog etlike grashutte deur Indiërs in gebruik.[16] In 1898 was die toestand al so dat „numbers of the oldfashioned grasshuts have at last given way to sets of new buildings roofed with iron".[17] Veral by die steenkoolmyne is teen 1906 nuwe blokke geboue vir kontrakarbeiders opgerig a.g.v. sekere regulasies ingevolge die mynwet vir Natalse steenkoolmyne wat in 1902 in werking getree het en wat 'n groot verbetering in die behuisingstoestand van kontrakarbeiders op die myne teweeggebring het.[18] Ook die Natalse Spoorweë en die Durbanse stads-

---

11) II, 11/1/6, 51/1880: Mediese Beampte, dr. L. P. Booth aan Beskermer, d.d. Januarie 1880.
12) II, 11/1/1, 101/1882: dr. L. P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882
13) II, 11/1/6, 51/1880: dr. L. P. Booth aan Beskermer, d.d. Januarie 1880.
14) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.
15) Ibid; II, 11/1/2, 101/1882: dr. L. P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882; II, 11/1/2, R121/1877: dr. G. L. Bonnar aan Beskermer, d.d. 25/4/1877; Jaarverslag van die Beskermer vir 1904. Kyk verslag van die Mediese Beampte vir Laer-Umzimkulu; II, 11/3/31, Boek 1 p. 420: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 27/5/1905.
16) Die Beskermer se Jaarverslae vir 1898 en 1904. Kyk veral die Mediese Beampte vir Laer-Umzimkulu se verslag vir 1904.
17) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1898.
18) Die Beskermer se Jaarverslae vir 1902 en 1906. Kyk ook verslag van Onderbeskermer in die Beskermer se Jaarverslag vir 1906.

raad het hul ou sinkhutte met behoorlike baksteengeboue vervang. Hierdie baksteenkarsernes was egter vir die kontrakarbeiders baie onpersoonlik en koud.[19] Die Onderbeskermer het ook gereeld by die mynoutoriteite daarop aangedring om nie meer as drie of vier ongetroude kontrakarbeiders in een kamer te laat inwoon nie.[20]

'n Aspek baie nou verbonde aan Indiërbehuising, was die smerige toestande in die omgewing van Indiërhutte, veral omdat kontrakarbeiders tot ongeveer 1895 nie van latrines wou gebruik maak nie.[21] Reeds in 1875 het The Natal Mercury 'n aparte woonbuurt vir Indiërs naby Durban bepleit, want „their (Indians) modes and habits of life are not such as are compatible with an European neighbourhood and it is necessary that they be subject to special sanitary restrictions".[22] Voorts het twaalf petisionarisse in 1881 op die verwydering van die Indiërkasernes te Durban aangedring weens die gewoonte van Indiërs om nie van latrines gebruik te maak nie.[23] Hulle het veral gekla oor die toestand tussen Scott- en Shepstone-straat terwyl die Mediese Beampte 'n jaar later ook daarop gewys het dat „no steps have been taken to prevent the accumalation of human excrement in the gardens and waste ground among and around the huts."[24] Dr. L. P. Booth het trouens reeds in 1880 beweer dat „an average coolie village is nothing but a pestilential dunghill from which so overpowering a stench arises that it is a sickening nuisance to white people to pass it .... the average Indentured Indian .. inhales throughout the night a disease laden atmosphere ... that his circumstances in short, are so insanitary and depressing as to render futile any effort made in other directions for ameliorating his condition".[25]

In 1887 het die Wragg-kommissie aan die hand gedoen dat latrines in die omgewing van Indiërkasernes of hutte opgerig en kontrakarbeiders aangemoedig word om daarvan gebruik te maak.[26] Dit was egter eers teen 1895 dat die Indiërs met die gebruik van latrines vertroud geraak het.[27]

---

19) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: die verslag van die Wragg-kommissie.
20) Kyk verslag van Onderbeskermer in die Beskermer se Jaarverslag vir 1906.
21) II, 11/1/9, 812/1881: Petisie van twaalf Engelse aan R. H. U. Fisher, stadsraadslid, d.d. 1/8/1881; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887, verslag van die Wragg-kommissie; Jaarverslag van die Beskermer vir 1894 - 1895.
22) The Natal Mercury, d.d. 7/1/1875.
23) II, 11/1/9, 812/1881: Petisie van twaalf Engelse aan R. H. U. Fisher, stadsraadslid, d.d. 1/8/1881.
24) Ibid.; II, 11/1/1, 101/1882: dr. L.P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882.
25) II, 11/1/6, 51/1880: dr. L.P. Booth aan Beskermer, d.d. Januarie 1880.
26) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.
27) Jaarverslag van die Beskermer vir 1894 - 1895.

Daarbenewens was die kontrakarbeiders, veral dié wat van Kalkutta gekom het, baie vuil en baie van hulle het met hul klere aan geslaap. Dit het tot heelwat siektes aanleiding gegee omdat die klere klam was van die dag se arbeid.[28)] In 1877 het die Durbanse stadsraad dit selfs oorweeg om kontrakarbeiders elke Saterdag in groepe in die see te laat was, maar „for some very cogent reason permission to do this was withheld".[29)]

Ondanks hul onhigiëniese toestand was die kontrakarbeiders lief om rondom hul hutte tuin te maak. In 1887 was die posisie alreeds só: „They usually have small garden plots near their huts whereon they cultivate vegetables, tobacco, chillies and fruit. They rear poultry and goats to which the women and small children attend".[30)] Hulle het hul veral op die verbouïng van landbouprodukte toegelê omdat hul rondom hul gesien het hoedat hul vrygeworde landgenote, wie se dienstermyn verstreke was, landelike boerdery beoefen het.[31)]

Nogtans het dr. Booth die algemene toestand van die kontrakarbeider as bedenklik beskou en het hy die toestand in 1880 soos volg saamgevat: „The average Indentured Indian is badly housed, insufficiently fed, unsuitably clothed, has often little and poisoned water to drink, has hours of daily labour incompatible with health of body and mind".[32)] Dr. D. E. Kretzschmar het die toestand só opgesom: „The quality of house accommodation depends on the occupant; the better class of Coolie keep their houses clean and the surrounding ground in some decent order, to other filth is so genial that no sanitary supervision will effect a change for the better".[33)]

2. Werksure.

Die werksure vir kontrakarbeiders was amptelik vasgestel as vanaf sonop tot sononder, d.w.s. sowat nege uur per dag. Daar het

---

28) II, 11/1/8, 110/1881: Mediese Beampte, Stanger, aan Beskermer. d.d. 24/1/1881.
29) II, 11/1/2, R121/1877: dr. G.L. Bonnar aan Beskermer, d.d. 25/4/1887.
30) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.
31) Beskermer se Jaarverslag vir 1876.
32) II, 11/1/6, 51/1880: Mediese Beampte, dr. L. P. Booth, aan Beskermer, d.d. Januarie 1880.
33) II, 11/1/1, 1882: dr. D. E. Kretzschmar aan Beskermer, d.d. 12/1/1882.

egter redelik dikwels ontevredenheid onder die arbeiders bestaan omdat sommige werkgewers hulle baie langer laat werk het. Sulke ongerymdhede het bv. in 1903 op die Gebrs. Reynolds se plantasie plaasgevind, maar die Beskermer was nie in die vermoë om op te tree nie.[34] Dit was naamlik uiters moeilik om werkgewers, wat hulle kontrakarbeiders oortyd laat werk het, te betrap. In 1908 is dit egter in die hof bewys dat Hindson en Kie. hulle arbeiders vir drie maande lank twaalf uur daagliks laat werk het. Dat hierdie toedrag van sake nie net tot enkele gevalle beperk was nie, blyk uit die volgende opmerking van die Beskermer: „They take from the Indian every penny they can legally and then make no attempt to compensate them for overwork."[35]

Daarteenoor was daar weer werkgewers wat hul kontrakarbeiders t.o.v. werksure baie billik behandel het. Hulle het hul arbeiders minder as die vasgestelde nege uur per dag laat werk op voorwaarde dat 'n bepaalde taak vir die betrokke dag afgehandel was. Op dié wyse is die arbeiders in staat gestel om ook vir hulself te werk nadat hul dagtaak as kontrakarbeider afgehandel was.[36]

3. Voeding.

Die werkgewers is deur die Trustraad verplig om die kontrakarbeiders van die volgende voedselrantsoene te voorsien:

Daagliks: $1\frac{1}{2}$ lb. rys of proporsionele hoeveelhede drie dae per week, of 2 lb. mieliemeel in die plek van rys.

Maandeliks: 2 lb. dholl, 2 lb. soutvis, 1 lb. olie en 1 lb. sout.

Omdat dit moeilik was om soutvis in die hande te kry, is dit selde aan kontrakarbeiders uitgereik. Gevolglik is 4 lb. dholl maandeliks uitgereik wanneer soutvis nie verkry kon word nie.[37]

---

34) II, 11/8/1: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, ongedateerd 1903.
35) II, 11/3/32, Boek 2, pp. 33 - 34: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/6/1908.
36) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1906.
37) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie; Beskermer se Jaarverslag vir 1908.

Nadat die Beskermer in 1908 vasgestel het dat sommige werkgewers 'n minderwaardige soort dholl, bekend as „Kasari dholl", aan hul kontrakarbeiders gegee het, het hy neergelê dat slegs die beter gehalte, bekend as „Urhar dholl", uitgedeel mag word. Hy het ook die sogenaamde „katoen"-olie, wat soms aan kontrakarbeiders uitgereik is, afgekeur en aanbeveel dat die Trustraad die soort olie wat verskaf moes word moes spesifiseer. Voorts moes die Trustraad ook spesifiseer hoeveel brandstof vir die voorbereiding van maaltye ens. aan kontrakarbeiders verskaf moes word.[38)]

Hoewel die Wragg-kommissie geen kritiek uitgeoefen het teen die hoeveelheid voedselrantsoene wat aan kontrakarbeiders uitgereik is nie, het die werkgewers geleidelik hul rantsoene vergroot.[39)] Sommige werkgewers het egter reeds voor die samestelling van die Wragg-kommissie dit nodig geag om groter rantsoene, veral vleis, aan hul kontrakarbeiders uit te reik.[40)] Die Wragg-kommissie het naamlik aanbeveel dat die mediese beamptes werkgewers moes adviseer in watter gevalle, veral waar werksomstandighede dit vereis het, dit wenslik sou wees om die rantsoene te vergroot.[41)] Teen 1910 het 90% van die werkgewers groter rantsoene uitgereik. Daarom het die Beskermer in 1910 by die Trustraad aanbeveel dat 11 lb. rys in stede van die vasgestelde 10½ lb. per week verskaf word (of 7 lb. mieliemeel i.p.v. 6 lb.). Daarbenewens het die kontrakarbeiders ook hul eie groente, chillies ens. geproduseer op grond wat aan hul vir eie gebruik gegee is.[42)]

Dit wil voorkom asof die kontrakarbeiders aanvanklik rys bo mieliemeel verkies het. Gevolglik het die Natalse Spoorweë slegs rys aan kontrakarbeiders uitgereik. Algaande het hulle egter aan mieliemeel gewoond geraak en al hoe minder voorkeur aan rys gegee.[43)]

Die werkgewers moes ook gewone rantsoene en mediese dienste aan die vrouens van kontrakarbeiders wat saam met hul mans gewerk het, verskaf. Indien die vrou nie gewerk het nie, was die werkgewer egter nie verplig om haar van rantsoene te voorsien nie.[44)] Hoewel verskillende plantasies hul eie beleid in dié verband gevolg het, was die Wragg-kommissie gekant teen enige verandering van die stelsel

---

38) II, 11/3/33, Boek 1, pp. 643 - 644: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 12/10/1908.
39) II, 11/1/1, 101/1882: dr. L. P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882 en die Beskermer se Jaarverslag vir 1906.
40) II, 11/1/1, 101/1882: dr. L.P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882.
41) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.
42) II, 11/3/34, Boek 1, p. 704: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/4/1910.
43) Debates, Legislative Assembly, 2nd Session, 1st Parliament, vol. XXII, pp. 113 - 117, d.d. 8/5/1894.
44) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: die verslag van die Wragg-kommissie.

solank gunstige resultate verkry is. Tog het die Wragg-kommissie dit nodig geag dat werkgewers verplig word om aan vroue wat nie gewerk het nie, in sekere gevalle wel rantsoene te gee, bv. wanneer die mediese beampte sertifiseer dat die betrokke vrou swanger is, aan een of ander vrouesiekte ly, of ingeval haar man siek in die hospitaal was of wanneer sy haar klein kindertjies tuis moes versorg.[45] Eers in 1910 is bepaalde regulasies neergelê waarvolgens Indiërvroue wat nie gewerk het nie, rantsoene moes ontvang. So bv. is bepaal dat vroue vanaf twee maande vóór tot drie maande ná die geboorte van 'n kind wel rantsoene moes ontvang, ongeag of hul gewerk het.[46]

'n Ernstige probleem wat met voedselvoorsiening gepaard gegaan het, was die voorsiening van suiwer water aan kontrakarbeiders. In die vorige hoofstuk is reeds vermeld dat besoedelde waterstrome gedurende die jare tagtig 'n groot bedreiging vir die kontrakarbeiders se gesondheid ingehou het, veral as drinkwater. By die meer gevorderde mediese sirkels, soos dié van Durban, was die watervoorsiening reeds in 1882 oorwegend van goeie gehalte, maar elders moes die Beskermer gedurig 'n wakende oog hou.[47] Gedurende die neëntigerjare het die gehalte van drinkwater egter baie verbeter, veral nadat die werkgewers al hoe meer self hul plig in dié verband begin besef het.[48]

4. Aantal vroue onvoldoende.

Dit was sowel tydens die eerste as die tweede emigrasiestelsel

---

45) Ibid.
46) II, 11/3/34, Boek 1, p. 704: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/4/1910.
47) II, 11/1/1, 1882: G.L. Bonnar, Mediese Beampte vir Durban-sirkel aan Beskermer, d.d. 10/1/1882. Volgens dr. Bonnar: „The water supply on the estates is abundant and the quality good, being procured from large running streams. That of the compound in die Vlei and Railway is deficient in quantity and in winter of bad quality". Om die besoedeling van drinkwater by oop putte naby Harrisons in die Avoca-sirkel te voorkom (dit het ook 'n onaangename reuk afgegee), het die Beskermer aangedring op die herstel van die betrokke putte (II, 11/1/36, 1060/1886: Beskermer aan Mediese Beampte, Avoca, d.d. 28/2/1887. Kyk ook II, 11/1/5, 1167/1878: Mediese Beampte, Avoca-sirkel, aan Beskermer, d.d. 20/9/1878. Kyk ook p. 356 ). So bv. het die Mediese Beampte vir Umzinto-sirkel in 1882 soos volg verklaar: „At every estate in this circle employing above thirty Coolies, the water is of bad quality and sometimes of deficient quantity. For example, I took three samples of water from the waterholes at Umzinto Estate from which the Coolies take their drinking water. On testing these three samples they were found charged with organic matter, two of them highly so, for the obvious reason that the waterholes were only 2 ft. to 4 ft. deep so that the water is simply surface drainage. There is nothing whatever of an exceptional nature about this example" (II, 11/1/1, 101/1882: dr. L.P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882).
48) Kyk p. 358.

moeilik om voldoende en geskikte vroue vir die kontrakarbeiders te bekom. Die emigrasiewet van Indië het neergelê dat daar ten minste veertig vroue saam met elke honderd emigrante na die Britse kolonies kon verhuis, maar die werwingsagente het dit selfs moeilik gevind om gemelde persentasie vroue te werf. Gevolglik het die agente nie gehuiwer om vroue met slegte reputasies na Natal te stuur nie, slegs met die doel om die voorgeskrewe aantal vroue te verkry.[49] In 1885 was daar 'n geval waar selfs die nering van een van die vroue as „prostituut" aangedui is. Geen wonder dat sommige van die gewerfde vroue dan ook in Natal 'n immorele lewe gely het nie.[50] Soms was die graad van immoraliteit van kontrakarbeiders sodanig dat die Beskermer dit moeilik gevind het om die gevorderde seksuele verhouding tussen sulke kontrakarbeiders, veral waar die geboorte van kinders op die spel was, nietig te verklaar.[51] Die Beskermer kon wel, ooreenkomstig Wet 12/1872, kontrakarbeiders vir verleiding en owerspel straf. Die strawwe wat die Beskermer in dié verband opgelê het, het trouens nog teen 1876 as 'n afskrikmiddel gedien, maar die immoraliteit het nogtans onder die kontrakarbeiders bly voortduur. In 1878 het dit selfs voorgekom dat 'n Indiër sy vrou vir £5.0.0 verkoop het.[52]

Gedurende sekere tydperke is Natal toegelaat om minder as die vereiste veertig persent vroue te ontvang, maar dan was dit slegs om te vergoed vir die jare wanneer daar meer as die vereiste veertig persent vroue na Natal gekom het. Sedert 1878 is hierdie stelsel van „to set off the surplus against any deficiency" nie meer in Natal toegelaat nie.[53]

---

49) In 1882 het die Natalse Kalkutta-agent bv. soos volg gekla: „The local government insists on the full proportion of women and 5 men must be shut for every 2 women short; so, to secure them I'm obliged to accept an inferior stamp of women" (II, 11/1/0, 590/1882: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 21/4/1882).

50) II, 11/1/45, 930/1888: verklaring van Beskermer, ongedateerd; II, 11/3/27, Boek 2, pp. 680 - 681: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/4/1900.

51) II, 11/3/31, Boek 2, pp. 897 - 898: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/2/1906.

52) II, 11/1/4, 472/1878: W.R. Quested aan Beskermer, d.d. 15/4/1878. In dieselfde jaar het 'n Indiër ook gekla dat sy vrou hom verlaat het en saam met 'n ander man leef, terwyl 'n ander Indiër ook in 1878 driemaal weens owerspel veroordeel is (II, 11/1/4, 59/1878: Hofsaak wat op 15/1/1878 voor Asst.-magistraat R.I. Finnemore gedien het; II, 11/1/5, 944/1878: Bestuurder van Cato-Manor-Landgoed aan Beskermer, d.d. 6/8/1878).

53) Hoewel Natal in 1875 toegelaat is om slegs 28 vroue vir elke 100 mans aan boord van die emigranteskip Peterborough te ontvang „to work down the excess of females in previous ships to the prescribed

'n Ander probleem wat vroue van kontrakarbeiders geskep het, was die vraag of 'n werkgewer hul kon verplig om te werk. By verskillende plantasies was verskillende praktyke in swang, maar die algemene opvatting by die werkgewers was dat aangesien die vroue in elk geval minderwaardige werk verrig het, dit nie 'n groot verlies sou wees indien hul nie werk nie, m.a.w. die werkgewers het hul oor die algemeen nie veel daaraan gesteur of die vroue wel gewerk het of nie. Nietemin was daar werkgewers wat daarop aangedring het dat die vroue moes werk.[54)] Dit het dikwels tot twispunte aanleiding gegee. Hoewel die Beskermer beslis het dat vroue volgens wet[55)] verplig was om te werk, was so 'n verpligting nie wenslik nie en sou dit beter gewees het indien vroue uit eie inisiatief verkies het om te werk.[56)]

Kontrakarbeiders was, weens die geringe aantal vroue wat saam met hul na Natal gekom het, dikwels eensaam op die plantasies.[57)] In

---

proportion of 40 to 100", is dit enkele jare daarna nie meer toegelaat nie. Hoewel daar in 1878 sestig vroue meer as die vereiste minimum na Natal gekom het, is Natal nie in moeiliker tye daarna, bv. in 1881, minder as die vereiste aantal toegelaat nie (II, 11/1/8, 344/1881: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 1/2/1881; II, 11/1/1A, 1529/1875: Emigrasiekommissaris aan Koloniale Kantoor, d.d. 17/3/1875).

54) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1889: Wragg-kommissie se verslag insake kontrakarbeiders se vroue.

55) Natalse Wet 14/1875, art. 5, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

56) II, 11/1/22, 1462/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/5/1884. Hoewel die Prokureur-generaal in 1877 beslis het dat Indiërvroue op „wholesome and suitable food" geregtig is, afgesien daarvan of hul werk of nie, en daarbenewens ook in 1879 die vroue se dienskontrak as onwettig beskou het, het die Wragg-kommissie die opvattings van die Prokureur-generaal verwerp (II, 11/1/5, 1268/1878: verslag van Prokureur-generaal, d.d. 5/12/1877; II, 11/1/5, 737/1879: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 16/8/1879; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag). Die Wragg-kommissie se sienswyse was dat, indien 'n Indiërvrou nie gewerk het nie, die werkgewer nie verplig was om die betrokke vrou van voedsel te voorsien nie.

57) Die verhouding tussen Indiërmans en -vroue blyk uit die volgende tabel:

| Jaartal | Mans | Vroue |
|---|---|---|
| 1885 | 16,210 | 6,861 |
| 1887 | 22,442 | 8,664 |
| 1894 - 1895 | 36,161 | 14,353 |
| 1897 | 42,978 | 17,117 |
| 1899 | 47,453 | 18,959 |
| 1904 | 66,941 | 26,979 |
| 1910 | 90,032 | 36,456 |

(Bogemelde gegewens is verkry uit die Beskermer se jaarverslae vir die betrokke jare).

1878 was daar bv. 'n geval waar nege kontrakarbeiders saam met slegs een vrou aan 'n plantasie toegeken is. Die eienaar van die betrokke plantasie het gevolglik versoek „to allow one or two girls over the number that may accompany the men already married".[58)]

Voorts het die afsny van Indiërvroue se hare in Natal se gevangenisse tot reperkussies aanleiding gegee omdat die Indiërgemeenskap dit as 'n groot skande beskou het. Gevolglik het die tronk-outoriteite uiteindelik in 1908 opdrag ontvang „that the hair of female Indians is not to be cut, except by the order of the Medical Officer".[59)]

5. Indiërhuwelike en egskeidings.

Aangesien dit vóór 1872 uiters moeilik was om presies te bepaal wat 'n Indiërhuwelik behels het, het die Natalse howe 'n oplossing vir die aangeleentheid verlang. Nadat 'n tweemankommissie alle aspekte van die saak ondersoek het, is die kommissie se aanbeveling in wetgewing [60)] neergelê. Daarvolgens het elke Indiër-immigrant wat voorheen versuim het om sy huwelik binne een maand na die voltrekking daarvan by die Beskermer te laat registreer, hom aan 'n boete van £5.0.0. blootgestel. 'n Kontrakarbeider moes sy en sy vrou se naam, sy woonplek en die datum van sy huwelik aan die Beskermer verstrek. Die Natalse howe het die register waarin die Beskermer die huwelik aangeteken het, as geldig aanvaar.[61)]

Die kontrakarbeiders was begerig om hul huwelike te laat registreer omdat dit 'n vastigheid aan die huwelik verleen het. Derhalwe het die Beskermer op vasgestelde dae sekere plekke vir dié doel besoek en die

---

58) II, 11/1/4, 791/1878: G. Sinclair aan Beskermer, d.d. 19/6/1878. In sommige gevalle het kontrakarbeiders hul familie in Indië agtergelaat met die doel om hul later na Natal te laat kom (II, 11/1/5, 1003/1878: A. Acutt aan Beskermer, d.d. 16/8/1878).

59) II, 11/1/160, 11304/1908: Kommissaris van Polisie aan Beskermer, d.d. 1/7/1908.

60) Natalse Wet 12/1872, art. 14, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

61) Die besonderhede van die 1872-wet is in die Indiërtale Hindoestani, Tamil en Telego vertaal en afskrifte daarvan is aan elke plantasie gestuur en die inhoud is deur die sirdar aan die kontrakarbeiders voorgelees (Wragg-kommissie se verslag).

samewerking van die werkgewer vooraf daarvoor verkry.[62] Die Beskermer het dan aan die kontrakarbeiders verduidelik dat die huwelik alleen geregistreer kon word, indien beide man en vrou hul toestemming daartoe verleen en dat dit na registrasie geldig en onverbreekbaar is.[63]

Daarbenewens is aan die Beskermer opgedra om die verbreking van troubeloftes onder kontrakarbeiders te verhoor en om sy beslissing daaroor in 'n register aan te teken.[64]

Hoewel die eerste Beskermer dit sy verantwoordelikheid geag het om vas te stel of die man en vrou elk uit eie vrye wil tot die huwelik toegetree het, is in die 1872-wet geen woord gemeld „as to the wife's right to object to the registration" nie. Die Beskermer was dus verplig om die huwelik te registreer indien die eggenoot, sonder verwysing na die eggenote, die nodige inligting verstrek het. Dit was ook nie, volgens die 1872-wet, vir die Beskermer nodig om die toestemming van die ouers van die bruid te verkry nie. Die Beskermer het egter in Maart 1887 verduidelik: „It is usual to require the attendance at this office of all parties to a marriage, viz. not only the man and wife but the parents of the woman in order to ensure that the registration is affected with their consent".[65]

Die Beskermer was nie begerig om nuwe kontrakarbeiders se huwelike oorhaastig te registreer nie, maar hy het hul eers kans gegee om hulself goed op die plantasies te vestig en oor die wenslikheid van die

---

62) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag.

63) Ooreenkomstig die 1872-wet het die Beskermer reeds vir die eerste sewe maande van 1873 in sy register aangeteken dat 851 vroue getroud is, terwyl 37 ongetroud en 70 weduwees was en 52 buite-egtelik saamgewoon het. Gedurende die sewe maande is ag nuwe huwelike in die register aangeteken. Teen 1876 was daar 1649 getroude vroue, 911 ongetroud en 56 wat buite-egtelik saamgewoon het (II, 11/3/2, pp. 397 - 398: Memorandum van Beskermer, d.d. 31/7/1873; Beskermer se Jaarverslag vir 1876).

64) Wet 12/1872, art. 15, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878. Die Beskermer moes ook ooreenkomstig Wet 12/1872, art. 13, 'n register aanhou waarin besonderhede van vroue wat kontrakdiens verrig het, soos volg aangeteken moes word:

(a) getroud of ongetroud, en
(b) buite-egtelike samewoning.

Wet 12/1872, art. 18, het sekere strawwe vir owerspel en verleiding onder die kontrakarbeiders neergelê. 'n Man of 'n vrou kon bv. tot een maand tronkstraf en selfs tot twintig rottanghoue veroordeel word.

65) II, 11/1/38, 284/1887: Beskermer aan S.J. Arbuthnot, d.d. 5/3/1887.

huwelik te dink voordat hy hul huwelike geregistreer het.[66]

Ondanks Wet 12/1872 het die Beskermer nog in 1877 verskillende menings nagehou oor wat presies 'n Indiërhuwelik ingehou het. By een geleentheid in 1877 het die Beskermer Indiërhuwelike slegs geldig geag indien hul eers volgens „their own rites" getroud was, „appearing to this office (of Protector) within one month of such marriage bringing the descriptive ticket which accompanies them to the estate and the consent in writing of their employer to their being registered".[67] By 'n ander geleentheid in dieselfde jaar het hy weer verklaar: „That the marriage is a mere civil contract under a special law 12, 1872. There is no religious ceremony accompanying said marriage and all consideration of caste are in many cases set aside".[68] Begryplik het plantasie-eienaars ook nie altyd die werking van die 1872-wet insake Indiërhuwelike verstaan nie.[69]

Die meerderheid van die Indiërhuwelike wat die Beskermer gedurende 1877 geregistreer het, was sonder die voorafgaande seremoniële gebruik.[70] Vanaf die tagtigerjare het die Beskermer geen Indiërhuwelik geregistreer tensy die tradisionele huwelik volgens Indiërgebruik nie eers plaasgevind het nie.[71] Die Beskermer het wel teen 1907 nog Indiërhuwelike sonder die ouers se toestemming geregistreer, selfs in gevalle waar die vrou nie eers dertien jaar oud was nie, maar dan uitsluitlik wanneer die vrou alreeds een of meer kinders gehad het. Die Beskermer het ook 'n ander rede ten gunste van jeugdige huwelike genoem: „If the sexes in Natal were anything like equally balanced, it would perhaps be easy to bring in legislation which might prove beneficial, but under the present circumstances, it appears to me, preferable

---

66) Beskermer se Jaarverslag vir 1876: kyk gedeelte onder opskrif „Kontrakarbeiders".
67) II, 11/1/3, R512/1877: Beskermer aan Bestuurder, Canonby-landgoed, ongedateerd.
68) II, 11/1/3, R474/1877: Aantekeninge van Beskermer met betrekking tot die saak Soyrul vs. Moolkey, d.d. 2/10/1877.
69) So bv. het die bestuurder van die Canonby-landgoed selfs paartjies op sy landgoed toestemming verleen om te trou, ondanks die feit dat die betrokke paartjies reeds as getroud in die Beskermer se register aangeteken is. Die Beskermer het die bestuurder gewaarsku dat die betrokke paartjies hul aan owerspel en dus aan 'n strafbare misdaad skuldig gemaak het (II, 11/1/3, R512/1877: Bestuurder, Canonby-landgoed, aan Beskermer, d.d. 28/11/1877).
70) II, 11/1/4, 252/1878: Jaarverslag van die Beskermer vir 1877, d.d. 18/2/1878.
71) II, 11/1/34, 695/1886: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/6/1886.

to allow the women to marry at the somewhat tender age of 13 than otherwise".[72]

'n Vraag wat nog beantwoord moet word, is wat onder die uitdrukking „die tradisionele gebruik van Indiërhuwelike" verstaan word. In 1882 het die Onderbeskermer verduidelik dat 'n Indiërhuwelik drieërlei van aard kon wees, naamlik „Christian, Brahmanical or Musulman", afgesien daarvan dat daar ook gevalle was waar bloot 'n huweliksfees plaasgevind het.[73] Lede van die verskillende Hindoekastes het op hul beurt weer hul eie huwelikseremonie gehad, 'n rede waarom daar in 1883 geen wetgewing oor die aangeleentheid ingedien is nie.[74] In 1884 het die Beskermer verduidelik dat „the ceremony, such as it is, is performed by men calling themselves Brahmans, occasionally they make large sums of money by working on the superstitious feelings of the Indians under pretence of instructing them as to the performance of the marriages". Nog steeds in 1886 het die seremoniële huwelik die Beskermer só verontrus: „The native rites as practised by the Indians themselves differ so much in different castes and localities and there are so many so called priests who make a trade of performing the marriage ceremony without their having any title thereto in a majority of instances and make up for this deficiency by investing the ceremony with as many heathenish and absurd performances as their ingenuity can invent".[75]

Die Beskermer het magteloos gestaan teenoor die misbruike wat voortgevloei het uit die tradisionele seremoniële huwelike van jong Indiërmeisies. Reeds in 1878 het die Natalse regering aanbeveel dat sulke jeugdige huwelike („betrothals") apart van die gewone registrasie van gewone huwelike geregistreer moet word, maar daaraan is nie uitvoering gegee nie.[76] Juis vanweë die verwatering van die tradisionele seremoniële[77] Indiërhuwelik in Natal, het die Beskermer en die Wragg-

---

72) II, 11/8/1: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 4/9/1907.

73) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.

74) In dié verband het die Prokureur-generaal soos volg verduidelik: „If you are going to provide for that you will have to have one law for one caste and another law for another caste" (Debates, Legislative Council, vol. 6, 1883, p. 548).

75) Die Beskermer se Jaarverslae vir 1884 en 1886.

76) II,11/1/4, 252/1878: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 12/3/1878.

77) Die Beskermer se Jaarverslae vir 1884 en 1886. Dit is feitlik 'n onmoontlike taak om al die verskillende huwelikseremonies soos dit in Indië toegepas is, hier te boekstaaf. In hierdie verband kan egter na die volgende werke verwys word: Braddock, J. The Bridal Bed. Londen, Hale, 1960, Eerste Druk, pp. 35 - 36, 82 - 83; Crawley, E. The Mystic Rose. Londen, Watts, 1932, pp. 7, 36, 42, 55, 88 - 89, 117, 126, 129, 143, 160, 226, 251 - 253, 257, 280, 294, 300, 305, 310, 355, 392 en 433; Fielding, W.J. Strange Customs of Courtship and Marriage. Londen, Souverin Press, 1960, 4de Druk, pp. 103, 158, 164 en 246.

kommissie[78] dit wenslik geag dat slegs die registrasie van die huwelik deur hom(die Beskermer) enige werklike vastigheid aan die huwelik verleen.

Indiërhuwelike tussen lede van verskillende godsdiensgroepe, veral Hindoes en Mohammedane, en tussen kontrakarbeiders en vrye Indiërs het telkens tot allerlei probleme gelei, selfs tot moord en selfmoord. Soms het dit ook gebeur dat 'n vrou wat kontrakdiens verrig het, 'n kind by 'n vrye Indiër gehad het.[79] Wanneer 'n kontrakarbeider met 'n vrye Indiër getrou het, kon die werkgewer van die kontrakarbeider, al was dit 'n vrou, eis dat die tydperk van sy of haar kontrak eers uitgedien word.[80]

In Natal was die persentasie gemengde huwelike, d.w.s. tussen aanhangers van verskillende gelowe en tussen vrye Indiërs en kontrakarbeiders, besonder hoog. Teen 1887 was daar reeds 115 huwelike tussen Hindoes en Mohammedane, terwyl huwelike van 22 Christen-Indiërs voltrek is. Die Wragg-kommissie het sulke gemengde huwelike as onwettig beskou,[81] maar nogtans aanbeveel dat dit erken word. Dié aanbeveling is in die 1891-wet opgeneem, maar in 1894 was die Beskermer nog steeds onseker oor die geldigheid van 'n huwelik tussen 'n Christen en 'n Hindoe.[82] Daarbenewens was daar met Uniewording ook nog nie 'n behoorlike wet om huwelike tussen vrye Indiërs en kontrakarbeiders te reël nie, maar die probleem is deur Wet 22/1914 te bowe gekom.[83]

Wet 25/1891 het tot sekere mate 'n gedragslyn insake Indiërhuwelike neergelê. Dit het die registrasie van huwelike van kontrakarbeiders deur

---

78) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake huwelike; Beskermer se Jaarverslae vir 1884 en 1886.
79) II, 11/1/3, R379/1877: R. Clarence aan Beskermer, d.d. 31/8/1877.
80) II, 11/1/4, 741/1883: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 17/12/18
II, 11/1/3, R302/1877: D.C. Aiken aan Beskermer, d.d. 16/7/1877.
81) Volgens die Wragg-kommissie: „Such inability arising from the fact that, in accordance with the binding customs of their castes, religions and races, no valid ceremony could be performed" (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887).
82) II, 11/3/21, Boek 1, p. 345: Beskermer aan Prokureurs, Trustraad, d.d. 15/10/1894.
83) II, 11/3/35, Boel 1, p. 166: Beskermer aan Assistent-Ondersekretaris, d.d. 3/10/1910; Wet 22/1914, Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1914.

die Beskermer of magistrate gemagtig en veelwywery onder kontrakarbeiders verbied. Artikels 73 het die „huweliksouderdom" van Indiërmeisies op dertien jaar en dié van seuns op sestien jaar bepaal en art. 83 het swaar strawwe opgelê vir diegene wat met Indiërmeisies onder dertien jaar saamwoon.

In 1899 was die Beskermer nog steeds van mening dat „the age now fixed by law (25/1891) should not be altered in regard to Indian immigrants".[84] Teen 1907 het die vraag ontstaan of 'n Indiërmeisie van dertien jaar die toestemming van haar ouers nodig gehad het om te trou. Vir 'n moontlike leidraad het die Beskermer in dié verband met sy ampsgenote in Mauritius en Jamaika, asook met die Agent-generaal (Immigrante) van Fiji, oorleg gepleeg om vas te stel wat die gebruik in hulle lande was.[85)] Die resultaat van bogemelde oorlegpleging was Natalse Wet 2/1907.[85a)] Hoewel die wet geen melding gemaak het van Indiërmeisies onder die ouderdom van dertien jaar nie, is nietemin bepaal dat huwelike van Indiërmeisies jonger as agtien jaar binne een maand na afloop daarvan deur die ouers aan die naaste magistraat gerapporteer word. Indien sodanige ouers versuim om daaraan uitvoering te gee, was hul onderworpe aan 'n boete van £20 of drie maande tronkstraf, met of sonder harde-arbeid.

Die gebruik van Indiërs om hul dogters reeds op 'n baie vroeë leeftyd in 'n huwelik te betrek, selfs reeds op sesjarige leeftyd, het dikwels daartoe gelei dat wanneer uitvoering aan die huweliksooreenkoms gegee moes word, die meisie geweier het om met haar man saam te leef.[86)] Hierdie stelsel het in Indië selde tot moeilikheid gelei, want daar was 'n sterk openbare mening wat die Indiërmeisie verplig het om met die huwelik voort te gaan. Daarteenoor het die gebruik in Natal tot allerlei probleme,

---

84) II, 11/3/26, Boek 2, p. 182: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/4/1899.
85) II, 11/3/32, Boek 2, p. 7: Beskermer aan Agent-generaal vir Immigrante, Fiji, d.d. 29/10/1907.
85a) Wet 2/1907, Acts of the Parliament of the Colony of Natal, 1907.
86) Beskermer se Jaarverslag vir 1886. Die Beskermer het gemelde stelsel soos volg veroordeel: „The unnatural system of betrothal (which becomes virtually a sale) of young girls ... a system which is in the eyes of the Indians hallowed by the custom of ages".

bv. owerspel, aanleiding gegee, terwyl die kontrakarbeiders nie oor die geldelike middele beskik het om, soos die Wragg-kommissie aanbeveel het, deur die howe 'n egskeiding te verkry nie.[87)]

In ander gevalle het Natalse kontrakarbeiders soms wel in Indië alreeds die seremoniële huwelik afgehandel, maar die huwelik nooit geregistreer nie.[88)] Dan het dit soms gebeur dat een van bogemelde partye 'n verhouding met ander Natalse Indiërs aangeknoop het. Sulke probleme het dikwels tot allerlei onenighede onder die Indiërgemeenskap aanleiding gegee, selfs tot moord en selfmoord.[89)]

In 1907 het Wet 2 die probleem gedeeltelik opgelos deur die bepaling dat indien 'n Indiërmeisie deur haar ouers, of een van die ouers, aan 'n Indiërman beloof is en daarvoor geskenke ontvang het, die ouers of ouer, wie ookal verantwoordelik was, aan sekere strawwe onderworpe sou wees ingeval die meisie nie met die huwelik sou wou voortgaan nie. So 'n oortreding was strafbaar met £20 boete of een maand tronkstraf.[90)]

Teen 1879 het die kwessie van veelwywery onder kontrakarbeiders ook die aandag van die Natalse regering geverg. Veelwywery was in Indië toelaatbaar, maar het in Natal probleme geskep. Daarom het die Beskermer in 1879 opdrag ontvang om gevalle van tweede huwelike onder kontrakarbeiders eers vir goedkeuring aan die regering voor te lê voordat hy dit registreer.[91)] Teen 1887 het die Beskermer reeds 27 veelwywige huwelike waarby 54 Indiërvroue betrokke was, geregistreer. In 1888

---

87) II, 11/1/4, 252/1878: Jaarverslag van die Beskermer vir 1877, d.d. 18/2/1878; II, 11/3/26, Boek 1, pp. 700 - 702: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/3/1899; II, 11/3/20, Boek 2, p. 39: Beskermer aan Prokureur, Trustraad, ongedateerd Mei 1894. Kyk ook Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie.

88) In 1901 beweer die Beskermer dat „there are cases now in point, where no registration of marriage has taken place, although there is ample proof of the marriages having been contracted according to Indian customs" (II, 11/3/29, Boek 2, p. 556: Beskermer aan Prokureurs, Trustraad, d.d. 23/10/1901). Hierdie gevalle het veral boedelprobleme opgelewer (Ibid).

89) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1886; II, 11/3/20, Boek 2, p. 39: Beskermer aan Prokureur, Trustraad, ongedateerd Mei 1894.

90) In die periode vanaf 1 Januarie 1906 tot 4 September 1907 het 144 huwelike van Indiërmeisies van 15 jaar en jonger plaasgevind, waarvan 84 met die toestemming van beide of een van die ouers (II, 11/8/1: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 4/9/1907).

91) II, 11/1/1, 438/1879: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/10/1879.

het daar egter 'n beroering gekom toe regter Turnbull geweier het om in Natal erkenning te verleen aan huwelike waar een van die partye, volgens Indiese gebruik, meer as een huwelik in Indië aangegaan het.[92)]

Die 1891-wet het gepoog om die saak reg te stel. In ooreenstemming met die Wragg-kommissie se aanbeveling is naamlik neergelê dat sertifikate van Indiërs se huwelike eers in Indië verkry moes word voordat die huwelik in Natal erken kon word.[93)] In hierdie verband het die Beskermer die volgende standpunt ingeneem: „Such registration must then be accepted in all courts within this Colony as evidence of the marriage to which the same relates. If such certificates are not produced or have been lost during the voyage the marriage may be registered from particulars contained in the general register".[94)] In die praktyk was dit egter feitlik 'n onmoontlike taak vir die Beskermers van Emigrante in Indië om die betrokke huweliksertifikate te bekom.[95)] Teen Augustus 1893 was slegs ag veelwywige huwelike ooreenkomstig die 1891-wet in Natal geregistreer.[96)] Een rede vir die geringe getal registrasies was die Beskermer se weiering om veelwywige huwelike wat aan boord van emigranteskepe aangegaan is, te aanvaar.[97)]

Voornemende emigrante is net ná 1891, as gevolg van Natalse magistrate se houding, deur die Beskermer gewaarsku „that there is considerable doubt whether any such marriage contracted in India will be recognised as valid in this Colony".[98)] Om dus die twyfel uit die weg te ruim wat in Natal ontstaan het oor die erkenning van veelwywige huwelike wat in Indië aangegaan is, is daar in 1896 nuwe wetgewing aangeneem.[99)] Dit het voorsiening gemaak vir die erkenning van alle Indiërhuwelike wat reeds deur die Beskermer gedurende die periode

---

92) II, 11/1/44, 469/1888: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 11/7/1888.
93) Wet 25/1891, art. 68, Natal Laws, 1890 - 1894.
94) GH 80, 3425/1893: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 7/8/1893.
95) II, 11/3/16, Boek 2, p. 416: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/11/1892.
96) GH 80, 3425/1893: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 7/8/1893.
97) II, 11/3/18, Boek 2, pp. 626 - 627: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/5/1893.
98) Ibid.
99) Wet 7/1896, Acts of the Parliament of the Colony of Natal, 1896.

16 Junie 1874 tot 14 Junie 1890 geregistreer is en ook van alle huwelike wat in die emigrasielyste vir die periode 15 Junie 1890 tot 8 September 1891 is.[100]

Die Natalse magistrate het egter gefouteer om die huwelike van kontrakarbeiders wat in Indië onder die ouderdom van dertien jaar getroud is en wat oor die vereiste huweliksertifikate beskik het, nie te erken nie.[101] Dit is dus geen wonder nie dat die Beskermer in gevalle waar die Natalse magistrate nie sulke huwelike erken het nie, daarteen appèl wou aanteken.[102] Die Beskermer het trouens in 1899 wel in een geval teen 'n magistraat se uitspraak geappelleer, maar aangesien sy appèl te laat ingedien is, is dit nie aanvaar nie.[103] Nietemin het die Beskermer in 1901 van die regering opdrag ontvang om die betrokke magistraat se uitspraak te ignoreer en om wel, op dieselfde grondslag soos voorheen, veelwywige huwelike te registreer.[104]

Vóór 1887 was daar nie altyd sekerheid of die Beskermer wel oor die reg beskik het om Indiërhuwelike te ontbind nie.[105] In 1876 het die Beskermer, net soos sy voorganger, verklaar dat hy nie bereid was om egskeidings aan kontrakarbeiders toe te staan nie, want, weens die klein persentasie vroue wat die mans na Natal vergesel het,[106] was die vroue in groot aanvraag. Gewoonlik was dit dus slegs die vrouens

---

100) Tydens die indiening van die betrokke wetsontwerp in die Natalse laerhuis het die Eerste Minister c.a. verklaar: „The object of the Bill is to remove these doubts, and set at rest any question as to the validity of these marriages" (Debates, Legislative Assembly, Fourth Session of the First Parliament, 1896, vol. XXIV, pp. 77, 91 - 92). Die wet was die produk van navrae wat die Beskermer by die regerings van Jamaika, Brits-Guiana en Trinidad gedoen het (II, 11/1/44, 708/1888: Beskermer van Immigrante, Jamaika, aan Beskermer, Natal, d.d. 10/1/1889). Die enigste afwyking van bogemelde bepaling wat die wet toegelaat het, was in gevalle waar een van die partye van die betrokke huwelik sedertdien weer getrou het of in gevalle waar die Beskermer huwelike wat hy gedurende die periode Junie 1874 en Junie 1890 geregistreer het, weer daarna gekanselleer het. Al die ander huwelike hierbo vermeld moes egter deur alle Natalse howe, sowel straf as siviel, erken word.

101) Die erkenning van sulke huwelike is vervat in Wet 25/1891, art. 68, Natal Laws, 1890 - 1894. Kyk ook II, 11/3/27, Boek 2, p. 546 - 549: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 5/4/1900; II, 11/3/26, Boek 1, p. 700 - 702: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/3/1899).


102) Ibid.

103) Beskermer se Jaarverslag vir 1899. Stein se opvatting dat die Beskermer nie veelwywige huwelike wat in Indië aangegaan is, as gevolg van die betrokke magistraat se uitspraak in Natal, kon aanvaar nie, is nie in ooreenstemming met die 1891-wet nie (Stein, op. cit.,p.5

104) Beskermer se Jaarverslag vir 1901.

105) The Natal Mercury, d.d. 7/8/1877.

106) Vgl. gegewens verstrek in voetnoot 54.



'n Voorbeeld van 'n Durbanse Hindoekerk gedurende die laaste fase van die tweede immigrasieskema.

wat egskeidings verlang het.[107)]

Daar was wel Beskermers wat egskeidings vermoedelik op grond van owerspel toegestaan het omdat die Natalse regering dit as gegronde rede vir egskeidings beskou het. So is bv. altesaam ses egskeidings vóór 1887 toegestaan. Daar was egter ook nog die probleem dat egskeidings volgens Mohammedaanse gebruik toelaatbaar was maar nie deur die Hindoegemeenskap aanvaar is nie. Nogtans het die Koloniale Sekretaris toestande in Natal anders as in Indië beskou, veral omdat so baie Indiërvroue van 'n uiters swak gehalte na Natal gekom het.[108)]

Die Wragg-kommissie het geen geregtelike grondslag gevind waarop die Beskermer wel egskeidings kon toestaan nie. Nogtans het hy aanbeveel dat egskeidings in sekere gevalle, bv. a.g.v. owerspel, wel toegestaan behoort te word, maar dan moes sulke aangeleenthede alleen deur magistrate, en nie deur die Beskermer nie, verhoor word, terwyl 'n reg van appèl na die hooggeregshof toegelaat behoort te word.[109)] Die aanbevelings van die kommissie is in 1891 in wetgewing neergelê.[110)]

## 6. Godsdiens.

Hoewel Mohammedanisme die godsdiens van die grootste deel van kontrakarbeiders vanaf 1870 tot 1894 was, het die Mohammedaanse Indiërs in 1856 nog slegs sestien persent van die Suid-Afrikaanse Indiërbevolking getel.[111)] In 1877 was daar alreeds 'n moskee en 'n Mohammedaanse begraafplaas te Durban.[112)]

Die Mohammedaanse godsdiens is in Natal gekenmerk deur die sogenaamde „Mohurrumfees", ook bekend as die „Maolud Sharif" of die „Indiër-kersfees". Hierdie fees was 'n jaarlikse instelling, maar het nooit dieselfde tyd van die jaar plaasgevind nie. Die verrigtinge het sowat twee maande geduur en die Indiërs was gewoonlik gedurende

---

107) Beskermer se Jaarverslag vir 1876.
108) II, 11/1/4, 252/1878: Koloniale Sekretaris aan Goewerneur, d.d. 12/3/1878.
109) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag.
110) Wet 25/1891, artikels 76 tot 80, Natal Laws, 1890 - 1894.
111) Kuper, H., saam met Palmer, M., Naidoo, J., Lazarus, A.D. en Cooppan, S. The Indian as a South African. Johannesburg, Transvaal Printing and Photo Lithographers, 1956, Eerste Druk, p. 15.
112) II, 11/1/2, R87/1877: Stadsklerk, Durban, aan Beskermer, d.d. 2/3/1877.

dié tyd van die aandklokreël vrygestel omdat baie van hul die bedrywighede na 9 nm. bygewoon het. Gewoonlik was die kontrakarbeiders slegs vir 'n paar dae gedurende die feestyd deur hul werkgewers van hul dienste vrygestel.[113)]

Die hoogtepunt van die Mohurrum-verrigtinge was 'n optog van sierwaens deur die strate en tamboerslanery (toms-toms). Die sierwaens het soms die vorm van „grotesquely painted tigers" aangeneem.[114)] Die geraas van die tamboerslanery was 'n groot stoornis en sommige blankes het die optog as 'n „degrading expedition" beskryf. Ander blankes het dit weer beskou as 'n „fantastic coolie procession".[115)]

Nietemin het die optogte die Indiërs met die blankes in gedrang gebring, veral met die stadsrade van Durban, Pietermaritzburg en Bellair. Reeds in 1884 het die stadsraad van Pietermaritzburg geprobeer om die Mohurrum-optog aldaar te belet, terwyl die Durbanse stadsraad in 1887[116)] 'n soortgelyke poging aangewend het, maar beide gevalle het misluk. Hoewel die stedelike stadsrade van Natal soms gewillig was om die Indiërs van die 9 uur-aandklokreël vry te stel, het beide die stadsrade van Durban en Pietermaritzburg geprotesteer teen die gebruik van die dromme.[117)] Toe die stadsraad van Pietermaritzburg eindelik in 1908 die gebruik van die dromme belet het, het die Indiërs van die stad onmiddellik in verset gekom en dit as „wreed" bestempel.[118)]

Wanneer 'n optog noodwendig deur die middedorp gegaan het, soos in die geval van Bellair, het dit ordelik verloop sonder tamboergeraas.[119)] Slegs in enkele gevalle het die optogte tot inhegtenisneming aanleiding gegee, bv. in die distrik Inanda waar in Oktober 1884 ag Indiërs gearresteer is.[120)]

---

113) CSO 1850, 656/1908: N.K. Naidoo, K.M. Naidoo en twintig ander Indiërs aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/2/1908; II, 11/1/3, R105/1877: Beskermer aan Stadsklerk, Durban, Maart 1877; CSO 1435, 3467/1895: M.K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/7/1895; The Natal Mercury, d.d. 12/3/1872 en 3/11/1884.
114) CSO 1850, 656/1908: N.K. Naidoo en K.M. Naidoo en twintig ander Indiërs aan die Koloniale Sekretaris, d.d. 1/2/1908; The Natal Mercury, d.d. 21/3/1872.
115) CSO 1709, 5826/1902: R. Jameson, van Bellair, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/7/1902; The Natal Mercury, d.d. 3/11/1884.
116) II, 11/1/21, 1181/1884: Stadsklerk, Pietermaritzburg, aan Beskermer, ongedateerd 1884; CSO 1709, 5826/1902: antwoord op die brief van die Burgemeester van Durban aan die Koloniale Sekretaris, d.d. 13/6/1887.
117) Die Durbanse stadsraad was slegs gewillig om Indiërs wat munisipale belastingbetalers was, van die aandklokreël vry te stel (II, 11/1/2, R77/1877: Stadsklerk, Durban, aan Beskermer, d.d. 5/3/1877).
118) CSO 1850, 656/1908: N.K. Naidoo en K.M. Naidoo en twintig ander Indiërs aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/2/1908.
119) CSO 1709, 5826/1902: Burgemeester, Durban, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/6/1887.
120) II, 11/1/22, 1483/1884: C. Hamilton aan maj. Dartnell, kommandant, d.d. 3/11/1884. In dieselfde jaar (1884) het dr. Green, 'n Mediese

Hoewel die Indiërs wat aanvanklik na Natal gekom het hoofsaaklik Mohammedaans was, was die meerderheid van die Natalse Indiër-bevolking sedert die neëntigerjare Hindoes.[121] Dié ontwikkeling kan toegeskryf word aan die destydse besluit van die Trustraad om vanaf 1889 geen Mohammedane van Madras te werf nie, vanweë hulle ongeskiktheid vir plantasiewerk.[122] As gevolg van die afname van die aantal Mohammedane, het die Beskermer in 1910 gekonstateer dat „on many estates now the Mohurrum Festival is not observed and the custom is dying out to a certain extent".[123]

Die Hindoes wat intussen die meerderheid van die Indiërbevolking behels het, is as heidene beskou. Hoewel hul ook oor hul eie feesdae beskik het, is dit feitlik nooit vóór 1910 op groot skaal gevier nie. Tot 1910 het die Hindoe-kontrakarbeiders ook aan die Mohurrum-fees deelgeneem slegs met die doel om 'n paar dae vakansie te geniet.[124] Die Hindoegemeenskap is nietemin baie beïnvloed deur hul godsdienstige kodes. So bv. is kinders reeds van hul vroeë jeug af geleer om te vrees vir sondes wat hul gedurende 'n vorige lewe sou gepleeg het, asook vir sondes van hul huidige lewe waarvoor hul in hul toekomstige lewe sou moes boet.[125]

Vroeg in die twintigste eeu het daar egter 'n beroering onder die Natalse Hindoes op godsdienstige gebied gekom toe die Hindoepriester, Shankarand Swami, sy opwagting in Natal gemaak het. Swami het 'n omsendbrief aan alle Hindoes op suikerplantasies gestuur om nie die Mohurrum-fees by te woon nie en in 1910 het hy die Natalse regering telegrafies versoek: „Indentured Hindus not to be granted leave on day of Mohurrum".[126] Die regering was egter nie bereid om aan Swami se

---

Beampte, per ongeluk 'n Indiërkind met sy perdekar („trap") tydens die feesvierings raakgery. Hy is daarop deur deelnemers aan die optog aangerand, maar hy het gelukkig daarin geslaag om sy aanvallers te ontwyk (The Natal Mercury, d.d. 3/11/1884).

121) Kuper, H., e.a., op. cit., p. 15. Teen 1956 was sowat 70% van die Suid-Afrikaanse Indiërbevolking Hindoes.

122) II, 11/1/48: Sekretaris, Trustraad, aan Voorsitter, Trustraad, d.d. 2/4/1889; CSO 1883, 299/1910: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 25/1/1910.

123) CSO 1883, 299/1910: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 25/1/1910.

124) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1910: verslag van die Onderbeskermer.

125) Kuper, H., e.a., op. cit., p. 29.

126) CSO 1883, 299/1910: Shankarand Swami aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/1/1910. Kyk ook in dieselfde lêer Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 25/1/1910.

versoek te voldoen nie, maar het ingewillig om die Hindoes te help „in obtaining the necessary leave to celebrate their own festival not exceeding 3 days at the most".[127] Die beleid van die Natalse regering was om hom te weerhou van enige inmenging in die godsdienstige stryd tussen die Hindoes en die Mohammedaanse Indiërs van Natal.[128]

'n Klein persentasie van die Natalse Indiërs, meestal van die lae kastes, is tot die Christelike geloof bekeer. In dié verband het die Wesleyaanse Sending 'n belangrike rol gespeel, maar die Roomse Kerk en veral die Kerk van Afrika het ook hul deel bygedra.[129]

Dit was eerw. R. Stott van die Wesleyaanse Sending wat reeds vroeg in die sestigerjare 'n skool te Durban vir kontrakarbeiders opgerig het, asook in 1867 'n dag- en aandskool vir Indiërs, en op dié wyse aanvoorwerk verrig het om Indiërs tot die Christendom te bekeer. Reeds in 1875 het twintig bekeerde Indiërs na hul vaderland teruggekeer om die Christelike godsdiens daar te verkondig.[130]

Hoewel die Wesleyane 'n sendingkomitee aangestel het om 'n jaarlikse veldtog vir die invordering van bydraes van stapel te stuur, was die geldelike bydraes gering en moes eerw. Stott onder moeilike omstandighede voortsukkel, veral weens die armoede van die kontrakarbeiders. In 1877 moes die bouery aan 'n Indiër-sendingkerk te Durban gestaak word weens 'n gebrek aan voldoende fondse, maar deur volharding is die kerk in 1878 voltooi.[131] Teen die begin van die twintigste eeu was daar egter

---

127) CSO 1883, 299/1910: Hoof-Ondersekretaris aan Shankarand Swami, d.d. 27/1/1910.

128) CSO 1895, 5181/1910: Ondersekretaris, Binneland, aan Sekretaris, binneland (Pretoria), d.d. 22/10/1910. Dit is opvallend dat uit die Indiërkamp heel weinig oor die godsdiensstryd te wete te kom is. Dit is moontlik dat die Indiërs liewer hul huishoudelike twiste uit die pers wou hou. So bv. maak Pachai in sy werk oor die blad Indian Opinion geen melding daarvan nie. Gandhi het hom in dié verband beroep op art. 25 van die 1891-wet waarin neergelê is dat kontrakarbeiders geregtig is om Sondae en vakansiedae nie te werk nie, maar die Natalse regering het bevind dat „the Indians indentured to the Railway have by their contracts no right to claim the days of Mohurrum as holidays" (CSO 1435, 3467/1895: M.K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 12/7/1895). Die Natalse Spoorweë het die beleid gevolg om 'n deel van die Indiërwerknemers 'n bepaalde dag en 'n ander deel van die Indiërs 'n ander dag vir die feesverrigtinge vry te stel (CSO 1435, 3467/1895: Koloniale Sekretaris aan M. K. Gandhi, d.d. 3/8/1895).

129) Hey, P.D. The Rise of the Natal Indian Elite. Pietermaritzburg, Shuter G. Shuter, 1961, Eerste Druk. p. 20; Kuper e.a., op cit., p. 15. Teen die helfte van die twintigste eeu was slegs ses persent van die Suid-Afrikaanse Indiërs tot die Christendom bekeerd.

130) Hey, op. cit., p. 19.

131) Beskermer se Jaarverslag vir 1877; The Natal Mercury, d.d. 23/5/1878.

voldoende Indiërfamilies tot die Christendom bekeer en deur die sendelinge opgelei sodat die Indiërs uit eie geledere onderwysers vir die sendingskole kon begin voorsien.[132)]

In 1877 het die Kerk van Afrika onder aanvoering van eerw. J. Fairbrother van die gemeente St. James's Sea Cow Lake met sendingwerk onder Indiërs in Natal begin. In November 1877 is 'n komitee saamgestel om die sendingwerk van stapel te stuur. Indiërbiskoppe het hulp verleen met die verkryging van 'n geskikte predikant van Brittanje wat met sendingwerk onder Indiërs vertroud was. Hulp is ook, net soos in die geval van die Wesleyane, van die Natalse regering verkry om dagskole vir die Indiërkinders en aandskole vir die volwassenes tot stand te bring.[133)]

Teen 1883 het beide die Wesleyaanse Sending en die Kerk van Afrika reeds elk vier Indiërskole in verskillende gebiede beheer. Die Wesleyane se skole was te Durban, Bridgeford, Umbilo en Springfield, terwyl dié van die Kerk van Afrika in Durban, Pietermaritzburg, Umzinto en Ikweefa gevestig was. Die Roomse skool in Pietermaritzburg is besonder goed deur Indiërleerlinge bygewoon.[134)]

7. Opvoeding en onderwys.

Soos uit die voorafgaande blyk, is die kwessie van godsdiens en opvoeding baie nou aanmekaar verbonde. Dit was trouens ook die sendelinge wat met die opvoeding van Indiërs 'n aanvang gemaak het.

Eerw. Stott se Wesleyaanse skool waarmee hy vroeg in die sestigerjare vir kontrakarbeiders begin het, was onvoldoende.[135)] Daar was in die sewentigerjare wel ook 'n paar ander plantasieskole wat 'n sukkelende bestaan gevoer het. Een daarvan was op die Umgeni-landgoed waar die onderwyser Chinnah Villay twintig Indiërkinders onderrig het, maar hy het nie oor 'n skoollokaal en die nodige skoolboeke beskik nie. Die eienaar van die plantasie het hom 'n salaris van 30/- per maand betaal, terwyl geen skoolfooie gehef is nie.[136)]

---

132) Hey, op. cit., pp. 19 - 20.
133) II, 11/1/4, 252/1878: Jaarverslag van die Beskermer, d.d. 18/2/1878; The Natal Mercury, d.d. 9/1/1878; Jaarverslag van die Beskermer vir 1883: verslag van Robert Russell, Sekretaris van die Indiër-Immigrasieskoolraad.
134) Jaarverslag van die Beskermer vir 1883: verslag van Robert Russell, Sekretaris van die Indiër-Immigrasieskoolraad.
135) Hey, op. cit., p. 19.
136) Stein, op. cit., p. 51; Polak, op. cit., p. 65.

Kontrakarbeiders het ook van eerw. Stott se dag- en aandskool wat in 1867 te Durban opgerig is, gebruik gemaak. Die skoolkamer was in die munisipale Indiërkasernes waar veral kontrakarbeiders hul intrek geneem het. Hoewel daar ten 1872 reeds veertig leerlinge in dié skool was, was die gemiddelde daaglikse bywoningsyfer slegs 22.[137)]

Stott het die Indiërkinders in sy skool in Engels en in die Indiërtale onderrig, asook met rekenkunde en die skryfkuns vertroud gemaak. Aangesien skaars tien persent van die kontrakarbeiders wat van Noord-Indië afkomstig was, kon lees, het Stott die alfabet in Kailhi (onder Hindoes) en in Persi-Arabies (onder Mohammedaanse Indiërs) op plantasies gedistribueer. Op dié wyse het hy hul vertroud gemaak met hul eie tale.[138)]

Ondanks al die pogings van die sendelinge om die Indiërs op te voed, het die kommissie van 1872 bevind dat „as a general rule, education among indentured classes is non-existent".[139)] Dit is dus geen wonder nie dat 'n korrespondent van The Natal Mercury reeds vroeg in 1872 die oprigting van plantasieskole op 'n georganiseerde grondslag bepleit het.[140)] Eerw. Stott het in 1876 die standpunt van die korrespondent van The Natal Mercury onderskryf. Hy was vol vertroue dat die kwekers met die oprigting van skole en huise vir onderwysers op plantasies sou help indien die regering bereid sou wees om onderwysers teen 'n salaris van £5 per maand uit Madras te laat emigreer.[141)]

Eerw. Stott het egter die houding van die kwekers verkeerd vertolk. In 1879 het die regering by wyse van 'n omskrywe al die plantasie-eienaars gepols oor skoolopleiding vir hul kontrakarbeiders. Verskeie van die kwekers het sodanige onderwys as skadelik beskou, terwyl ander geheel en al onverskillig of passief teenoor Indiëronderwys gestaan het. Slegs drie kwekers was bereid om 'n onvoltooide skoolkamer en 'n onderwyserswoning beskikbaar te stel.[142)]

In November 1881 het die Natalse regering 'n simpatieke houding teenoor Indiëronderwys ingeneem en verklaar dat indien 'n plantasie-

137) Hey, op. cit., p. 19; The Natal Mercury, d.d. 5/10/1872.
138) Stein, op. cit., p. 51.
139) Ibid.
140) Die korrespondent het sy stelling soos volg gemotiveer: „The Hindoo has an older and purer literature than any European nation; and as a nation, they are the best accountants in the world. Opportunities, therefore, should be afforded them of improving themselves in letters, hieroglyphics and figures, which would be of value to them when they settle down in the Colony" (The Natal Mercury, d.d. 29/2/1872).
141) Beskermer se Jaarverslag vir 1876.
142) II, 11/1/6, Ed. 238/1880: verslag van Superintendent van Indiërskole R. Russell, d.d. 27/4/1880.

eienaar bereid sou wees om 'n hut vir 'n skoollokaal beskikbaar te stel, die regering bereid was om van £2-10/- tot £4 per maand vir 'n Indiër-onderwyser te betaal. Die regering sou self die boeke voorsien en die medium moes Engels wees, terwyl kontrakarbeiders 3d. per maand skoolgeld vir elkeen van hul skoolgaande kinders moes betaal. Die regering het hierdie houding ingeneem omdat hy oortuig was dat die Indiërs gretig was om skoolopleiding te ontvang.[143)]

Hoewel daar in die begin van die tagtigerjare 'n opflikkering op die gebied van Indiëronderwys was, was dit hoofsaaklik tot vrye Indiërs beperk.[144)] Daar het feitlik niks van die kontrakarbeiders se skoolopleiding tereggekom soos die Natalse regering dit in 1881 in vooruitsig gestel het nie. Die kwekers was nie begerig om aan die kontrakarbeiders skoolopleiding te verskaf nie, want hul sou daardeur geleidelik hul werksmense verloor, veral omdat geskoolde Indiërs nie graag hande-arbeid wou verrig nie.[145)] In 1883 was daar slegs op vyf plantasies minderwaardige Indiërskole, t.w. Umgeni, Prospect Hall, Avoca, Mount Moriah en Tongaat. Die eienaars Cheron en Willis van Prospect Hall het losies aan 'n onderwyser op hul plantasie verskaf, terwyl Snell, die eienaar van Mount Moriah, 'n half-acre vir die oprigting van 'n Indiërskool op sy plantasie beskikbaar gestel het.[146)]

Die kontrakarbeiders was self ook huiwerig om hul kinders skoolopleiding te laat ontvang. Hul was bevrees dat dit hul kinders sou laat ontaard en dat dit hul ongeskik vir arbeid sou maak.[147)] Volgens die Beskermer het die kontrakarbeiders se houding teenoor skoolopleiding eers verander nadat hul kontrakdiens verstreke was. Sy standpunt was dat die kontrakarbeiders eers moes meng „with those who have learnt to appreciate the effort which is being made on their behalf, (then) they will take a more extended view than at present". Die Beskermer het dit selfs moeilik gevind om die skoolfooie van 3d. per maand vir elke skoolgaande kind van 'n kontrakarbeider in te vorder.[148)]

---

143) Debates, Legislative Council, vol. 3, 1881 - 1882, p. 180.
144) Adamson, op. cit., p. 65.
145) II, 11/1/18, 586/1884: Colepeper, Inspekteur van Indiërskole, aan Indiër-Immigrasieskoolraad, d.d. 6/2/1884. Die Inspekteur van Indiërskole het ook getuig dat kontrakarbeiders onverskillig gestaan het teenoor die skoolopleiding van hul kinders.
146) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1883: verslag van Inspekteur van Indiërskole.
147) Ibid.
148) II, 11/1/28, 899/1885: Jaarverslag van die Beskermer vir 1884: uittreksel van die Inspekteur se verslag.

Die opvoeding en onderwys van kontrakarbeiders het gedurende die periode vanaf 1884 tot 1909 weinig verbeter en veel te wense oorgelaat. Hoewel die Onderwyskommissie van 1909 aanbeveel het dat plantasie-eienaars deur wetgewing verplig moes word om skoolopleiding aan kontrakarbeiders te voorsien indien daar meer as twintig sulke kinders tussen vyf en twaalf jaar op die betrokke plantasie woonagtig is,[149)] het daarvan niks tereggekom nie. Tot 1910 was die posisie dus so dat skoolopleiding aan die kinders van kontrakarbeiders hoofsaaklik voorsien is „only by the generosity of one or two employers".[150]

8. Die deugde van kontrakarbeiders.

(a) Spaargewoonte.

Een van die grootste deugde van kontrakarbeiders was hul besondere vermoë om suinig te lewe en te spaar. In 1872 het die korrespondent van The Natal Mercury in Indië die Natallers alreeds verseker dat, indien hul voldoende spaarfasiliteite tot die beskikking van kontrakarbeiders sou stel, „you would not only make good labourers of them, but when they return to India it would be the object of returning to the Colony with their relations and friends for the purpose of settling permanently".[151)] Die gewoonte van die kontrakarbeiders om te spaar, het reeds geblyk uit die feit dat die immigrante van die eerste immigrasieskema altesaam £2091.6.0. na vriende in Indië gestuur het en dit was slegs 'n gedeelte van hul spaargeld.[152)]

Teen 1874 was daar egter nog geen regeringspaarfasiliteite tot beskikking van Indiërs in Natal nie. Gevolglik het The Natal Mercury spaargeriewe vir Indiërs by die regeringsbanke te Durban en Verulam bepleit.[153)]

Gedurende die tagtigerjare het die kontrakarbeiders van die tweede emigrasieskema buitengewone groot hoeveelhede gespaar as die karige

---

149) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 14/9/1909.
150) Adamson, op. cit., p. 64.
151) Die korrespondent het aan die hand gedoen dat die volgende opgerig word: „Threepenny or sixpenny branch savings banks wherever you think it desirable, in districts of estates, on the principle of the anna (three halfpence) savings banks in India" (The Natal Mercury, d.d. 29/2/1872).
152) Die volgende bedrae is na Indië gestuur: In 1863, £253.6.0; 1864 £189.4.0; 1865, £158; 1866, £301.16.0; 1867, £47; 1868, £73; 1869, £29.10.0; 1870, £201; 1871, £817.10.0; 1872, £21 (II, 11/3/2, Boek 1, p. 354: Beskermer aan Sekretaris, Immigrasieraad, d.d. 10/2/1873).
153) Die blad het dit soos volg gestel: „It would be great to really frugal and industrious emigrants did they know that facilities existed here for the safe keeping of their earnings at a fair rate of interest" (The Natal Mercury, d.d. 3/9/1874).

lone wat hul ontvang het, in aanmerking geneem word. Die kontrakarbeiders het egter hul lone aangevul deur groente te verkoop wat op lappies grond rondom hul wonings gekweek is.[154)]

Die veilige bewaring van die kontrakarbeiders se spaargeld was egter 'n probleem waarmee die Beskermer geworstel het. In Mei 1883 het die Beskermer die spaarreëlings wat vir die kontrakarbeiders getref is, aan die werkgewers bekend gemaak. Die immigrante kon hul spaargeld by die Koloniale Tesourie en by magistraatskantore te Durban, Greytown, Verulam, Stanger, Richmond, Weenen en Ladysmith deponeer. Dit is egter neergelê dat hul nie bedrae van minder as 2/- kon deponeer nie en dat hul eers sewe dae vooraf moes kennis gee voordat hul enige bedrag kon opvra.[155)]

---

154) Die immigrante wat met die Umvoti na Indië teruggekeer het, het bv. altesaam £5,360 in 1881, £574 in 1882 en sowat £14,500 in 1884 na Indië teruggeneem, terwyl 259 emigrante alleen in Februarie 1885 sowat £2,120 se waarde, geld en juwele, saamgeneem het. In Desember 1886 het 265 immigrante kontant ter waarde van £1,336 na Indië geneem. Gedurende 1887 en 1888 het terugkerende Indiërs altesaam £16,729.2.1. saamgeneem, asook juwele ter waarde van £4,150.9.6. Die bedrae is konserwatief bereken omdat die immigrante nie hul ware rykdom aan hul mede-passasiers wou verklap nie, want dit kon die armer Indiërs in versoeking bring om te steel (Natal Government Gazette Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake die spaargewoontes van Indiërs; II, 11/1/45, 930/1888: verklaring van die Beskermer, ongedateerd). Die volgende tabel werp lig op die Indiërs se spoorgewoontes:

| Jaartal. | Totaal gedeponeer. £ s d | Aantal Indiërs wat gedeponeer het. | Gemiddelde Bedrag wat elke Indiër gedeponeer het. £ s d |
|---|---|---|---|
| 1885 | 2819 0 0 | 172 | 16 0 0 |
| 1886 | 2140 0 0 | 226 | 13 17 0 |
| 1887 | 3297 0 0 | 245 | 13 9 2 |
| 1888 | 3428 0 0 | 280 | 12 4 10 |
| 1889 | 3700 0 0 | 352 | 10 10 2½ |
| 1890 | 4200 0 0 | 225 | 18 3 4 |
| Jan - Jun 1891 | 3000 0 0 | 200 | 15 0 0 |
| 1891 - 1892 | 4980 0 0 | 225 | 22 2 8 |
| 1892 - 1893 | 6994 0 0 | 330 | 21 3 10½ |
| 1893 - 1894 | 8450 0 0 | 410 | 20 12 2 |
| 1894 - 1895 | 8320 0 0 | 395 | 21 1 3 |
| Jul - Des 1895 | 12566 0 0 | 515 | 24 8 0 |
| 1896 | 16880 0 0 | 618 | 27 6 3 |
| 1897 | 19711 0 0 | 760 | 25 18 8½ |
| 1898 | 17671 7 8 | 1,128 | 15 13 3½ |

(Die besonderhede kom voor in die Beskermer se Jaarverslag vir 1898).

155) 'n Omsendbrief I 241/1883, d.d. 3/5/1883, deur die Beskermer uitgereik.

In 1886 is 'n spaarbank vir Indiërs ook te Umzinto geopen. Daarbenewens is die spaarbankreëls vir die gerief van die Indiërs vereenvoudig en afskrifte van die reëls is in gedrukte vorm in Hindoestani na die plantasies gestuur vir kennisname deur Indiërs wat in die omgewing van die spaarbank werksaam was.[156)]

Hoewel die Indiërs redelik goed van die spaarfasiliteite gebruik gemaak het, soos blyk uit die feit dat in 1899 altesaam £19,711.0.0 van hul spaargeld in die regeringspaarbank was,[157)] was die spaarbankreëlings teen 1908 nog nie na wense nie. In dié jaar het die Beskermer bv. tevergeefs probeer om 'n spaarbank vir Indiërs te Tongaat beskikbaar te kry. Die Indiërs van die Tongaat-suikermaatskappy moes naamlik sewe myl na en van Verulam te voet aflê om hul spaargeld aldaar te deponeer en dit het die verlies van 'n dag se loon meegebring.[158)] Nietemin het die Posmeester-generaal waar moontlik probeer om die kontrakarbeiders te help. In 1909 het hy bv. ingestem om die posmeester van Umzinto tweemaal per maand na die Gebrs. Reynolds se landgoed te stuur om kontrakarbeiders die geleentheid te bied om hul spaargeld aldaar op betaaldag te deponeer.[159)]

Om een of ander rede het die prosedure wat by die posspaarbank gevolg is, nie die Indiërs se vertroue gewen nie. Gevolglik is een van die immigrasiebeamptes te Verulam geplaas om Indiërs in daardie geweste aan te moedig om by die posspaarbank te spaar.[160)] 'n Probleem wat voorgekom het, was die feit dat wanneer Indiërs bedrae uit hul spaarrekening wou trek, hul soms van twee tot drie dae moes wag voor hul die geld kon kry. Sulke gevalle het veral by die kleinere sentrums, bv. Stanger, voorgekom, maar te Durban en Pietermaritzburg was die spaarbankdienste bevredigend. In sommige gevalle, soos dié van die heer Wilkinson van Ottawa-landgoed, het die werkgewers ook aan die kontrakarbeiders hulp verleen met die opvraging van geld uit hul spaarrekening.[161)]

---

156) GH 57, 3946: Goewerneur aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/11/1886 Die Beskermer se Jaarverslag vir 1886.

157) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1904. Gegewens van 1899 word in dié jaarverslag verstrek.

158) II, 11/3/33, Boek 1, pp. 319 - 320: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/8/1908; II, 11/1/165, I 690/1909: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/4/1909.

159) Ibid. Hoewel 34 Indiërs op die Umzinto-landgoed van die nuwe fasiliteite gebruik gemaak het, het hul kort daarna weer hul spaarboekies gesluit (II, 11/1/165, I 690/1909: Posmeester-generaal aan Beskermer, d.d. 24/12/1909).

160) II, 11/1/165, I 690/1909: Posmeester-generaal aan Beskermer, d.d. 24/12/1909.

161) II, 11/1/68, I 1853/1909: Posmeester-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 21/10/1909; II, 11/3/35, Boek 1, p. 307: Beskermer aan Assistent-Ondersekretaris, d.d. 28/10/1910.

In die binneland het die kontrakarbeiders goed van die spaarfasiliteite gebruik gemaak sodat baie van hul redelike bedrae gespaar gehad het wanneer hul kontrakte verstreke was.[162]

(b) Briefwisseling.

Reeds die heel eerste Beskermer het pas nadat hy diens aanvaar het, hom beywer vir die bevordering van briefwisseling tussen kontrakarbeiders en hul familielede in Indië. Hy was daarvan oortuig dat briefwisseling baie sou help om die nadelige invloed van heimwee te bekamp.[163] Sommige van die werkgewers was ook baie tegemoetkomend om hul kontrakarbeiders met hul briefwisseling by te staan.[164] Weldra het dit ook geblyk dat die kontrakarbeiders terdeë gebruik gemaak het van dié geleenthede om met hul familiebetrekkinge in Indië te korrespondeer.[165]

Ook die Trustraad het in Junie 1883 'n briefwisselingveldtog geloods en die werkgewers se samewerking gevra om geadresseerde koeverte aan hul kontrakarbeiders te voorsien wanneer Indiërs op briewe uit Indië wou antwoord. Die Trustraad het voorts versoek dat die briewe van kontrakarbeiders aan die Beskermer se kantoor gestuur word vanwaar dit kosteloos versend sou word.[166] Hierdie briewe het hy dan na die betrokke emigrasieagente in Indië deurgestuur met die versoek om dit na die regte adresse te stuur.[167] Hierdie prosedure het die Beskermer konstant gevolg en die emigrasieagente in Indië was gretig om daarvan 'n sukses te maak.[168] Die emigrasieagent te Kalkutta het die heradres-

---

162) Die Beskermer se Jaarverslag vir 1910.
163) In sy jaarverslag vir 1875 verklaar die Beskermer soos volg: „I found that recently arrived immigrants were generally most anxious for news from their homes, non having, so far as I could learn, reached them since leaving India, and I made a point of explaining the postal arrangements between this (Colony) and India. I also addressed a circular to employers, who have all promised to help".
164) Een van die werkgewers, A. Cooley, van Avoca, verduidelik soos volg: „I have always supplied my hands (Indians) with paper, ink and pens, addressed their letters and seen that they have been posted with the proper amount of postage stamps both to India and to the Diamond Fields" (II, 11/1/1A, R506/1875: A. Cooley aan Beskermer, d.d. 14/10/1875).
165) In sy jaarverslag vir 1877 verklaar die Beskermer dat „it is known that a considerable correspondence is kept up between the immigrants and their friends in India".
166) II, 11/1/13, 524/1883: Notule van die Trustraad, d.d. 15/6/1883.
167) II, 11/1/24, 93/1885: Beskermer aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 19/1/1885.
168) II, 11/1/21, 1281/1884: Beskermer aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 25/9/1884; II, 11/3/22, Boek 1, p. 507: Beskermer aan Emigrasieagent, Madras, d.d. 11/6/1895; II, 11/3/23, Boek 1, p. 114: Beskermer aan Emigrasieagent, Madras, d.d. 5/2/1896.

sering van sulke briewe as 'n advertensie vir Natal beskou „in the District to which it is addressed" en wel op grond van die blye gevoelens waarmee die briewe in Indië ontvang is.[169)]

Die gevolg was dat die geletterde Natalse kontrakarbeiders vanaf 1883 op groot skaal begin korrespondeer het. Binne'n tydperk van vier jaar, vanaf 1883 tot 1886, is altesaam 2101 briewe na Indië gestuur.[170)] 'n Groot gedeelte van die briefwisseling het in verband gestaan met geld wat kontrakarbeiders aan hul familie in Indië gestuur het.[171)]

## 9. Euwels waaraan kontrakarbeiders hul skuldig gemaak het.

### (a) Drankmisbruik.

Indiër-immigrante het hulle selde vóór hul koms na Natal aan drankmisbruik skuldig gemaak. Die gewoonte om sterk drank te gebruik, het by die Hindoes aan boord van emigranteskepe ontstaan toe hul verplig was om, strydig met hul tradisie, saam met die Mohammedane maaltye te geniet. Die spanning wat as gevolg daarvan by hul ontstaan het, het drankmisbruik in die hand gewerk.[172)]

Die immigrante het dus reeds by hul aankoms in Natal hul vooroordeel teen sterk drank laat vaar. Reeds in 1874 en in 1877 was daar klagte oor drankmisbruik onder Natalse Indiërs.[173)] Die euwel het teen 1879 so 'n omvang aangeneem dat 'n Indiër-onthoudingsgenootskap in daardie jaar onder leiding van die Wesleyaanse Sending in die lewe geroep is.[174)] Ook die Beskermer het in 1880 erken dat drankmisbruik

169) II, 11/1/18, 350/1884: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 22/1/1884.
170) Gedurende die laaste helfte van 1883 is 357 briewe van kontrakarbeiders na Indië versend, in 1884 altesaam 686 briewe, terwyl in 1885 altesaam 624 briewe en in 1886 altesaam 440 briewe na Indië versend is (Beskermer se Jaarverslae vir 1883 en 1884; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake algemene toestand van die Indiër-immigrante in Natal).
171) II, 11/1/19, 414/1884: Beskermer aan Onderbeskermer, d.d. 1/4/188
172) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag aangaande sterk drank aan Indiërs.
173) The Natal Mercury, d.d. 7/5/1874; II, 11/1/2, R266/1877: Bestuurder, Waterloo-landgoed, aan Beskermer, d.d. 2/7/1877.
174) The Natal Mercury, d.d. 9/1/1879.

op uitgebreide skaal onder kontrakarbeiders voorgekom het toe die aangeleentheid deur die Natal Colonizing Company onder die regering se aandag gebring is. Die Beskermer het as bestrydingsmiddel vir die euwel aanbeveel dat verskerpte polisie-optrede teen die onwettige verkoop van sterk drank en dronkenskap in kantiene ingestel word.[175)]

Die Natalse regering wou niks meer doen as om die Beskermer se advies te aanvaar nie omdat die Indiese regering gekant was teen 'n verbod op sterk drank aan immigrante wat reeds in Natal gevestig was. Die Indiese regering het geen beswaar gehad dat voornemende immigrante sterk drank in Natal ontsê word nie, maar dan moes hul van dié voorwaarde tydens die werwingsperiode verwittig word. Daartoe wou die Natalse regering egter nie instem nie aangesien dit die Natalse werwingspoging in Indië nie sou bevorder nie.[176)]

Die beleid van die Natalse regering om verskerpte polisie-optrede in te stel, het in 1881 'n wrange nasleep gehad. Sogenaamde „verklikkers" het teen vergoeding op Indiërhandelaars „gespioeneer" om gevalle van onwettige drankhandel aan die lig te bring. In 'n paar gevalle is Indiërs wel skuldig bevind, maar in 1881 het 25 Indiërs, waaronder twee handelaars, sterk beswaar gemaak teen etlike gevalle van fatsoenlike Indiërhandelaars wat onnodig weens die onwettige verkoop van sterk drank in die hof moes verskyn. Ook The Natal Mercury het die regering se polisie-optrede van „lokvalle stel" veroordeel, hoewel hy erken het dat die Indiërs hul, veral in die graafskappe van Victoria en Durban, ernstig aan drankmisbruik skuldig gemaak het.[177)]

Hoewel die Wetgewende Raad in 1883 'n mislukte poging aangewend het om die voorsiening van sterk drank aan Indiërs te verbied „in view of the great increase of drunkenness and crime resulting from the free use of intoxicating liquor by the Indian inhabitants of this Colony", het

---

175) II, 11/1/6, 634/1880: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 31/5/1880. Volgens die Beskermer: „It is beyond a doubt that a great deal of drunkenness exists amongst the Indian population, and this vice is more apparent in the Avoca Circle, where a large number of Indians reside both Indentured and Free, and where every facility is afforded for drinking".

176) II, 11/1/6, 634/1880: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 13/8/1880; GH 33, 59: Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, d.d. 9/9/1879; GH 35: Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, d.d. 23/6/1880.

177) The Natal Mercury, d.d. 12/5/1881, het sy saak só gestel: „In (Victoria) Country, indeed, the social evils bred by drunkenness have been so marked and flagrant that judicial activity is erring on the side of over zeal .... Far better will it be that offences against law shall be put down by the instrumentality of an efficient police than by the covert action of paid spies and informers".

die Wragg-kommissie dit betwis dat Indiërs meer aan drank verslaaf is as enige ander seksie van die Natalse bevolking. Die kommissie het nogtans nie die Superintendent van Polisie te Durban se waardevolle getuienis verwerp nie, „that drunkenness is a habitual offence with the ordinary coolie".[178] In 1883 het die Beskermer ook die standpunt gehuldig dat die Indiërs hul nie in 'n groter mate aan dronkenskap skuldig gemaak het as die ander seksies van die bevolking nie, maar dit was duidelik dat die Beskermer dit hoofsaaklik as argument gebruik het teen die wetsontwerp insake die verbod op drank aan Indiërs.[179] Dit is opvallend dat die kontrakarbeiders in die stede, veral die Madras-Indiërs, baie meer sterk drank gebruik het as dié van die binneland.[180]

Ondanks die aanbevelings van die Wragg-kommissie en teenkanting van die Beskermer, is Wet 20/1890 „to regulate sale and supply of intoxicating liquor to Indians" op die wetboek geplaas.[181] Daarvolgens kon Indiërs slegs op die persele van drankwinkels sterk drank gebruik wat in glase, en nie in bottels nie, bedien word. Dit is te betwyfel of hierdie wet die gewenste uitwerking gehad het, want in 1894 het die magistraat van Inanda, 'n distrik met 'n besonder groot Indiërbevolking, verklaar dat dronkenskap sedert die aanname van die 1890-wet eerder toegeneem het. Hy skryf dit daaraan toe dat „now that they have to travel miles to canteens, they overdrink when they reach them".[182]

(b) Dagga en Opium.

Aangesien Wet 2/1870 [183] reeds voorsiening gemaak het dat die Luitenant-goewerneur-in-rade regulasies kon maak om die rook van dagga onder Indiër-immigrante te belet, moet aanvaar word dat baie Indiërs reeds aan hierdie gevaarlike verdowingsmiddel verslaaf geraak het nadat die eerste immigrante in Natal aangekom het.

---

178) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake drankwetgewing t.o.v. Indiër-immigrante.
179) Beskermer se Jaarverslag vir 1883.
180) Vandaar dus die Superintendent van Polisie te Durban se verklaring. Ook die Onderbeskermer het soos volg verklaar: „In the towns and in the neighbourhood of Maritzburg there is a great deal of intemperance and general dissipation amongst the Indians, but in the country districts I have not found they have fallen into habits of drunkenness" (II, 11/1/13, 601/1883: Verslag van die Onderbeskermer, d.d. 9/6/1883).
181) Wet 20/1890, Natal Laws, 1890 - 1894.
182) Stein, op. cit., p. 58.
183) Wet 2/1870, art. 70, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

In Natal is dagga deur sowel die Indiër-immigrante as die Bantoes gekweek, terwyl dit in baie dele van Natal wild gegroei het. Sommige immigrante het dit gerook terwyl dit groen en die gifstof, „cannabin resin", op sy gevaarlikste en aktiefste was. Ander het weer net die droë blare gerook, terwyl nog ander weer 'n mengsel van tabak, opium, dagga en bruin suiker gerook het.[184] Die Kalkutta-Indiërs wat hul selde aan drankmisbruik skuldig gemaak het, was hoofsaaklik aan opium verslaaf.[185]

In 1884 het die Beskermer probeer om die Natalse regering te oorreed dat die Goewerneur van sy reg onder Wet 2/1870 gebruik maak om die rook van dagga onder immigrante te verbied, maar dié poging het misluk.[186] Daarop het die Wragg-kommissie aanbeveel dat die verkoop van dagga onder strenge beheer deur goedgekeurde instansies geskied en dat magistrate die reg moes hê om opdrag te gee dat dagga wat deur Indiërs gekweek word, vernietig kon word. Dié aanbeveling is gedoen omdat die kommissie bevind het dat die nadelige gevolge van dagga-rook die kontrakarbeiders ongeskik gemaak het om hul kontrakwerk waarvoor hul na Natal gekom het, te verrig.[187]

## 10. Karaktereienskappe van Indiërs.

### (a) Neiging om te kla.

Een van die groot probleme waarmee die Beskermer te kampe gehad het en wat aanhoudend in sy jaarverslae vermeld is, was die neiging van die kontrakarbeiders om ongegronde klagte teen hul werkgewers aanhangig te maak.[188] Die gevolg was dat sulke valse beskuldigings van kontrak-

---

184) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag aangaande dagga.

185) Beskermer se Jaarverslag vir 1883: Onderbeskermer se verslag.

186) Beskermer se Jaarverslag vir 1884.

187) Volgens die verslae van die mediese beamptes waarop die Wragg-kommissie se bevindings berus het, het daggarook veroorsaak dat kontrakarbeiders 'n onvaste werkvermoë het, die senuweestelsel ondermyn, en verder hartsiektes, asma, nagblindheid, onsamehangende spraak, verstandelike agterlikheid, hallusinasies, selfmoord en moord veroorsaak (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag aangaande dagga; Die Beskermer se Jaarverslag vir 1884)

188) In 1896 het die Beskermer bv. sy probleem in dié verband soos volg gestel: „Did such difficulties occur rarely it would, of course, be easy to satisfy myself of the truth by a personal visit but as sometimes there are several in one day and the chances are two thirds of the

arbeiders dikwels tot 'n gespanne atmosfeer tussen werkgewers en Indiërs gelei het.[189] Gewoonlik was dit ook die swakkes onder die kontrakarbeiders wat die meeste gekla het.[190]

(b) Neiging tot kleinere oortredings.

Dit is afdoende deur statistieke wat die Wragg-kommissie verstrek het, bewys dat die Indiërs nie juis groter misdadigers as die Natalse Bantoes was nie, maar 'n noukeurige studie van sake wat voor Natalse magistrate gedien het, bring aan die lig dat Indiërs geneig was tot kleinere oortredings. Hierdie neiging het gaandeweg, veral vanaf 1898, toegeneem en teen 1908 'n ernstige probleem geskep, maar die regering was nie bereid soos sommige instansies verlang het, om lyfstraf vir sulke oortredings op te lê nie.[191]

(c) Neiging tot selfmoord.

Hoewel siektes 'n belangrike oorsaak vir selfmoord onder die Indiërs

---

complaints are either altogether unfounded or exaggerations of trifles, this course, as a regular thing, is closed ... Far more cases are abortive owing to the untruthfulness of the complainants, their witnesses, or both, and their prevarication when under oath" (II, 11/1/19, 541/1884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/6/1884). Ander voorbeelde van valse verklarings van Indiërs is te vinde by die volgende bronne: II, 11/3/16, Boek 2, pp. 66 - 68: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 3/12/1891; II, 11/3/23, Boek 2, pp. 425 - 426: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 2/7/1896; II, 11/3/23, Boek 2, pp. 20/7/1896. By een van die geleenthede het die Beskermer hom moedeloos soos volg tot die regering gewend: „In the face of falsehoods such as these, I shall be glad to know what course I am to adopt in future in regard to these people" (II, 11/3/23, Boek 2, pp. 515 - 516: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 20/7/1896).

189) Beskermer se Jaarverslag vir 1884.

190) II, 11/1/4, 831/1878: S. Durand, Hill Head-Landgoed, aan Beskermer, d.d. 4/7/1878; II, 11/1/5, 1236/1878: Willis, Prospect Hall-landgoed, aan Beskermer, d.d. 17/10/1878.

191) In 1881 bv. kla die bestuurder van Greys-hospitaal te Pietermaritzburg dat die Indiërs wat by sy hospitaal werksaam was, aanvanklik goed gewerk het, maar dat hul om een of ander rede „have taken to drinking and petty thieving (which) is of constant occurrence" (II, 11/1/8, 150/1881: Bestuurder, Greys-hospitaal, aan Voorsitter, Trustees, Greys-Hospitaal, d.d. 14/2/1881). Ook verklaar die magistraat van Laer-Umzimkulu in sy jaarverslag vir 1898 soos volg: „Crime is steadily increasing, especially that class of offences coming under Law 25 of 1891, which is owing to the large increase of Indian immigrants in this district". In 1908 het Malvern se Distriksgenootskap die volgende besluit aan die regering vir kennisname en doeltreffende optrede gestuur: „As a result of the very low class of Coolie now being imported into the Colony, there is a marked increase

was, is die verskynsel nie altyd so maklik te verklaar nie. Die Prokureur-generaal het 'n spesiale poging aangewend om alle gevalle van selfmoord noukeurig te bestudeer, maar dit was nie juis suksesvol nie.[192] Die Indiërs self, veral hul mondstuk The Indian Opinion, het selfmoord onder die kontrakarbeiders hoofsaaklik toegeskryf aan die mishandeling wat hul van die werkgewers moes verduur. The Indian Opinion het selfs in 1904 'n kommissie van ondersoek na die aangeleentheid verlang, maar die regering wou nie daartoe instem nie.[193]

Die Beskermer het toegegee dat mishandeling by 'n paar gevalle wel 'n bydraende oorsaak tot selfmoord was, maar die ondersoek wat die Beskermer ingestel het, het aan die lig gebring dat die hoë persentasie selfmoordgevalle onder Indiërarbeiders feitlik 'n algemene verskynsel in al die kolonies was wat van Indiërarbeid gebruik gemaak het. Selfmoordgevalle onder Indiërs het trouens in Mauritius, Fiji en Jamaika meer dikwels as in Natal voorgekom en selfs in Brittanje was die selfmoordsyfer onder Indiërs hoër as in Natal.[194]

In die lig van die gegewens hierbo vermeld, is die enigste moontlike verklaring dat heimwee of die onvermoë om by die nuwe landsomstandighede aan te pas die belangrikste oorsake vir selfmoord onder Natalse Indiërs was, naas natuurlik terneergedruktheid wat deur allerlei siektes en die rook van dagga en opium veroorsaak is.[195] Mishandeling was 'n minder belangrike oorsaak, en kan hoogstens as 'n bydraende faktor beskou word.[196]

---

in petty crimes and offences against the Labour Law, but more particular in theft. Organised gangs of thieves being at work to rob orchards and fowl houses". Gemelde genootskap het by die regering aangedring om lyfstraf vir sulke minder belangrike oortredings op te lê, maar die regering wou nie daartoe inwillig nie (CSO 1852, 1463/1908: Hoof-Ondersekretaris, aan Voorsitter, Malvern se Distriksgenootskap, d.d. 13/3/1908).

192) II, 11/1/39, 554/1887: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 17/5/188[?]; II, 11/1/129, I 2409/1904: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 4/4/1905.

193) II, 11/1/128, I 1296/1904: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/6/1904; II, 11/1/129, I 12409/1904: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 4/4/1905.

194) II, 11/1/146, I 3491/1906: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/10/1906; II, 11/1/128, I 1296/1904: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/6/1904; II, 11/1/129, I 2409/1904: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 4/4/1904; II, 11/1/51, 1160/1888: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 31/7/1888.

195) In 1906 het die Beskermer ook beweer dat „in several cases the cause can be attributed to depression resulting from malarial fever ... which as I have stated before has been the cause of several suicides" (II, 11/1/146, I 3491/1906: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/10/1906). Ook in 1878 het die Mediese Beampte, dr. J. McIntyre gerapporteer dat 'n sekere Indiër, Marachoo, selfmoord gepleeg het omdat hy nie kans gesien het om van sy siekte te herstel nie (II, 11/1/5, 1359/1878: McIntyre aan Beskermer, d.d. 31/10/1878).

196) Ibid.

Dit is waar dat selfmoordgevalle in Natal baie meer onder kontrakarbeiders as onder vrye Indiërs voorgekom het, maar dan moet in aanmerking geneem word dat vrye Indiërs gewoonlik reeds gevestigde inwoners van Natal was teenoor kontrakarbeiders wat hoofsaaklik nuwelinge was.[197]

11. Ander eienskappe van Indiërs.

Die Hindoes was tradisioneel geheg aan hul eie volksdanse („nautches") en musiek. Die Indiërs het ook 'n besondere aanleg vir boekhou en rekenkunde aan die dag gelê en daar is selfs beweer dat hul van die beste rekenmeesters in die wêreld is.[198]

Twee kenmerkende eienaardighede van die Indiërs was hul vrees vir hospitale en ligskuheid. So groot was hulle vrees vir hospitale dat dit eers teen 1895 in Natal oorwin kon word. Onnodige siekte- en selfmoordgevalle het as gevolg van dié vrees voorgekom.[199] Ook lig-

---

197) In Natal was die selfmoordgevalle per duisend inwoners soos volg:

| JAARTAL | KONTRAKARBEIDERS MANS | KONTRAKARBEIDERS VROUENS | VRYE INDIËRS MANS | VRYE INDIËRS VROUENS |
|---|---|---|---|---|
| 1895 | .92 | .62 | .27 | - |
| 1896 | .83 | .56 | .34 | - |
| 1897 | .90 | .05 | .18 | - |
| 1898 | .48 | - | .21 | .06 |
| 1899 | 1.37 | .016 | - | - |
| 1900 | .54 | .014 | .15 | - |
| 1901 | .81 | .012 | .38 | .05 |
| 1902 | .91 | .024 | .19 | .09 |
| 1903 | .97 | .031 | .19 | .04 |

Vir 1904 en 1905 was die selfmoordgevalle onder die kontrakarbeiders .50 en .77 onderskeidelik (II, 11/1/128, I 1276/1904: Beskermer se verslae vir 1895 - 1903; II, 11/1/146, I 3491/1906: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 8/10/1906).

198) The Natal Mercury, d.d. 29/2/1872.

199) In 1900 bv. het 'n Indiërmoeder van Gebrs. Reynolds se landgoed haar twee kinders van twee en ses jaar verloor omdat sy hardnekkig geweier het om hul na 'n hospitaal te neem (II, 11/3/28, Boek 2, pp. 460 - 462: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/12/1900; II, 11/1/50, 1819/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/10/1889; kyk p.345). Nog in 1889 het die Beskermer soos volg verklaar: „I know there is the greatest difficulty in getting these people to go into the central and other hospitals for treatment when ordered by the medical officers" (II, 11/1/50, 1819/1889: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 11/10/1889).

skuheid wat algemeen onder die Indiërs voorgekom het, het hul gesondheid nadelig beïnvloed. Hulle hutte was gewoonlik sonder vensters en in gevalle waar hul van behoorlike wonings voorsien is, het hul die vensters met sakke toegemaak. In 1881 verklaar die Mediese Beampte van die Durban-sirkel, dr. G.L. Bonnar, byvoorbeeld: „The natives of India seem to be born photophobists and lie for consecutive days when sick in absolute darkness, and cannot be persuaded to admit the least ray of light".[200)]

Die kontrakarbeiders het ook die slegte gewoonte gehad om met hul klere waarin hul gewerk het, te slaap. Dit het tot buik- en borskwale aanleiding gegee, veral wanneer hul met effense klam klere gaan slaap het.[201)] 'n Ander slegte gewoonte van die Indiërs was om nie van latrines gebruik te maak nie, maar hierdie probleem is gedurende die neëntigerjare oorkom.[202)]

B. Vrye Indiërs (gewese kontrakarbeiders).[203)]

Kontrakarbeiders wat in Natal bly woon het na die verstryking van hul dienstermyn het as vrye Indiërs bekend gestaan. Baie van hul het Natal hul permanente tuiste gemaak en op dié wyse hul vry oortog na Indië verbeur. Die getal vrye Indiërs het van 5,393 (3,684 mans en 1709 vroue) in 1875 tot 31,514 (20,933 mans en 10,581 vroue) in 1910 vermeerder.[204)]

1. Behuising.

Oor die algemeen was die behuising van vrye Indiërs beter as dié van kontrakarbeiders, maar die gehalte van die wonings het ook van plek tot plek verskil. So bv. was die Indiërhutte by Illovo, gewoonlik gebou van klei en wattel, van 'n besonder goeie gehalte.[205)] Origens, soos in die geval van Congella,[206)] Berea en die Durbanse stasie, was die posisie egter onbevredigend omdat daar te veel inwoners in een huis of hut saamgedrom was. Hierdie toestand het saamgehang met die Indiërs

---

200) II, 11/1/8, 114/1881: Mediese Beampte, Durban, aan Beskermer, d.d. 20/1/1881.
201) Beskermer se Jaarverslag vir 1901. Kyk ook p.382.
202) Kyk p.381.
203) Die onderskeid wat tussen vrye Indiërs en Arabiese handelaars in hierdie proefskrif gemaak word, is gegrond op 'n regeringsverslag: CSO 1802, 964/1905: Hoof-Ondersekretaris aan Magistraat, Lions River, d.d. 3/1/1906.
204) Daarbenewens was daar ook 34,403 kinders van vrye Indiërs in Natal in 1910. Kyk die Beskermer se Jaarverslae vir 1875 en 1910.
205) II, 11/1/1, 101/1882: L.P. Booth aan Beskermer, d.d. 28/1/1882.
206) The Natal Mercury, d.d. 9/12/1871.

se familiestelsel bekend as „kutum" waarvolgens verskillende gesinne uit een familiegroep saamgewoon het. Die Indiërs by Congella het dikwels oor groot huise beskik, sommige waarvan selfs uit vyftien kamers bestaan het waarin altesaam 56 persone ingewoon het. Selfs gewone hutte in Berea en by die Durbanse stasie is soms tot deur veertien persone bewoon.[207)]

Gewoonlik was die pas vry-geworde Indiërs se hutte die swakste en as „hovels" bestempel omdat sulke Indiërs nie oor die vermoëns beskik het om onmiddellik vir hulself te sorg nie. By Umgeni was die behuisingstoestand so onbevredigend dat dit as „piggerish" bestempel is en het Bantoes dikwels saam met die Indiërs in een huis gewoon.[208)]

Teen die einde van die sewentigerjare het die Durbanse stadsraad besef dat die behuisingstoestand van vrye Indiërs verbeter behoort te word en gevolglik is 'n aparte gebied by die Durbanse Punt, waar reeds 26 Indiërhutte geleë was, vir hul gereserveer. Die Indiërs self het die stadsraad egter gekritiseer omdat te min vir Indiërbehuising in Durban gedoen is.[209)] Mettertyd is die Indiërhutte egter deur behoorlike wonings vervang, soos in 1909 die geval by Umgeni-weg was.[210)]

Namate kontrakarbeiders al hoe meer in die binneland in diens geneem is, veral vanaf die tagtigerjare, het vrye Indiërs hul ook dienooreenkomstig oor die res van Natal versprei.[211)] Hulle wonings het, net soos in die geval van Durban en omstreke, steeds verbeter.

## 2. Lewensbestaan.

Wet 2/1870 [212)] het voorsiening gemaak dat Indiërs wat hul vry oortog na Indië verbeur het, op kroongrond van gelyke waarde as die vry oortog na Indië geregtig sou wees. Nogtans is slegs 41 plotte van 15 acres elk sowat sestig myl van Durban in Alexandra-Graafskap aan Indiërs op hierdie grondslag toegestaan. Nadat die Trustraad in 1874 die finansiering van Indiër-immigrasie oorgeneem het, het die toepassing

207) The Natal Mercury, d.d. 9/12/1871. Kyk afdeling 5 van hierdie hoofstuk insake die familielewe.
208) Ibid; CSO 2783: Evidence of 1909-Commission. Kyk antwoord van H.S. Polak op vraag van J. Schofield. Volgens The Natal Mercury, „The Asiatic and the African live together in far better order and amity than might have been expected" (The Natal Mercury, d.d. 9/9/1875).
209) The Natal Mercury, d.d. 17/1/1878 en 9/12/1871; Pather, P.R., op. cit., p. 3.
210) CSO 2783: Evidence of 1909-Commission. Kyk antwoord van H.S. Polak op vraag van J. Schofield.
211) Hierdie aspek is reeds in hoofstuk 11 , p. 290 , beklemtoon.
212) Wet 2/1870, art. 51, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

van klousule 51 van die 1870-wet geheel en al in onbruik geraak.[213]

Vrye Indiërs het verkies om liewer 'n halwe acre naby Durban en Pietermaritzburg te huur en daarop groente te kweek wat maklik in Durban van die hand gesit kon word. Hulle het versigtig gespaar en redelike groot families onderhou, terwyl hul 'n bestaan op klein stukkies grond gemaak het. Weens hul lae lewenspeil kon hul produkte goedkoper as blankes verkoop. Veral Durban en Pietermaritzburg het tot 'n groot mate van vrye Indiërs vir die voorsiening van groente en vrugte afhanklik geword.[214]

Teen 1887 het 21,805 vrye Indiërs (14,318 mans en 7,487 vroue) altesaam 25,340 acres in Natal besit en die volgende produkte is in dié jaar deur hul geproduseer: 13,161 mud boontjies; 69,086 mud mielies; 3,638 mud aartappels; 1,124 mud kafferkoring; 257½ ton pampoene; 33,200 kwt. suiker; 7,791 mud patats en 150,106 lb. tabak. Die waarde van die oeste het sowat £67,384 beloop, terwyl dié van die losgoed onge-veer £18,902 was, d.w.s. 'n totaal van sowat £86,186. Verder het hul in dié betrokke jaar ook reeds waardevolle vaste eiendom besit, in Durban alleen ter waarde van £52,206. Daarbenewens het hul in 1887 oor 680 perde, 1112 grootvee, 18 skape, 5659 bokke, 849 varke en 14 muile be-skik.[215]

Baie van die vrye Indiërs, teen 1909 sowat 700, het in die steen-koolmyne vir 'n salaris van tussen 30/- tot 45/- per maand gaan werk.[216] Sommige het ook eie besighede begin, veral om Indiese kossoorte soos rys, dholl en ghee te verhandel. Gedurende die vroeë tagtigerjare het die vrye Indiërs selfs 'n oorheersende rol onder die Indiërgemeenskap op handelsgebied gespeel, maar teen die helfte van die jare tagtig het die Arabiese handelaars die handelstryd met die vrye Indiërs begin wen.[217] Ander vrye Indiërs het hul op die visnywerheid en wassery toegelê, in Durban is selfs 'n visfabriek deur hul begin, terwyl baie van hul ook hotel-kelners geword het.[218] Ander het weer mandjies en stoele gemaak vir

---

213) Beskermer se Jaarverslag vir 1882.
214) Stein, op. cit., pp. 37 - 38.
215) II, 11/3/27, Boek 1, pp. 652 - 655: Beskermer aan Hoof-Onderse-kretaris, d.d. 28/11/1899.
216) Beskermer se Jaarverslag vir 1909.
217) So bv. was daar in 1880 dertig winkels van vrye Indiërs teenoor slegs sewe van Arabiese handelaars, terwyl daar in 1885 26 winkels van vrye Indiërs teenoor die veertig van die Arabiere was (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake Arabiese handelaars).
218) Stein, op. cit., p. 38.

'n bestaan.[219] Daar was ook vrye Indiërs wat diens aanvaar het as opsigters en bediendes by hul werkgewers waar hul as kontrakarbeiders diens gedoen het.[220] Die bediendes se salaris het gewissel van 20/- tot 25/- per maand en hul was, ooreenkomstig die Bediendewet (Masters and Servants) onderworpe aan die aandklokreëls, m.a.w. hul moes spesiale permitte verkry om saans na 9uur op straat te wees.[221] Teen 1902 het die lone van Indiërbediendes geweldig toegeneem, veral omdat vrye Indiërs in ander Suid-Afrikaanse stede tot £6 per maand kon verdien.[222]

3. Voedsel.

Die voorbereiding van voedsel is onder die vrye Indiërs tot 'n spesiale kuns ontwikkel, die sogenaamde „Pakasastra". Die vrou het daarin die grootste rol gespeel, maar die man se aandeel was gewoonlik om die rys voor te berei.[223]

4. Huwelike.

Die registrasie van vrye Indiërs se huwelike het in Natal 'n probleem geskep. Die kontrakarbeiders se huwelike is deur die Beskermer geregistreer,[224] maar, afgesien van die verwaterde seremonie wat ten behoewe van vrye Hindoes gewoonlik deur 'n sogenaamde Brahmaanse „priester" waargeneem is, was daar geen vaste registrasie van vrye Hindoes se huwelike nie. Die regering het wel in 1892 vir Mohammedaanse Indiërs 'n huweliksbeampte, Kajee Ramatooloo, aangewys, maar sy aanstelling is in dieselfde jaar weer gekanselleer. Slegs Christen-Indiërs wat 'n baie klein persentasie van die Indiërbevolking gevorm het, se huwelike is deur 'n huweliksbeampte waargeneem.[225]

Volgens 'n deskundige op die gebied van Hindoehuwelike het die klem van die huwelikseremonie op die „suiwerheid" van die egpaar geval en

---

219) The Natal Mercury, d.d. 9/12/1871.
220) Beskermer se Jaarverslae vir 1883 en 1884. In sy jaarverslag vir 1881 verklaar die Beskermer soos volg: „Steady and industrious men have it in their power to earn a respectable sum of money in a dozen different ways, with which to return to their native country and many of the free men are exceedingly well off".
221) CSO 1881, 6887/1909: Assistent-Ondersekretaris aan F. Chinnasamy Pillay, President van die Vereniging van Shri Sithee, d.d. 9/12/1909.
222) Beskermer se Jaarverslag vir 1902.
223) Kuper, H., e.a., op. cit., p. 26.
224) Kyk in dié verband na die afdeling oor die huwelike van kontrakarbeiders in hierdie hoofstuk.
225) CSO 1463, 2279/1896: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 30/4/1896; kyk ook in dieselfde lêer P. Booth, Adams-Sendingstasie, aan Eerste Minister, d.d. 23/4/1896.

hul verantwoordelikheid „to procreate virtuous offspring". Die huwelik self is as 'n hulpmiddel beskou om jong mense se emosionele swakheid te genees. Hoewel 'n Hindoevrou nie meer as een man tegelykertyd kon hê nie, kon 'n man egter meer as een vrou tegelykertyd hê.[226] By die Mohammedaners weer was die huwelik 'n siviele ooreenkoms. Die Mohammedaanse man kon 'n tweede en selfs 'n derde huwelik aangaan, maar hy het selde van dié reg gebruik gemaak; die vrou het egter nooit meer as een huwelik aangegaan nie. Hoewel egskeidings onder Hindoes verbode is, is dit wel by Mohammedaanse Indiërs toelaatbaar.[227]

## 5. Familieleefwyse.

Die vrye Indiërs het 'n leefwyse gehad bekend as „kutum", wat selfs in geringer mate by die kontrakarbeiders waarneembaar was. Gewese kontrakarbeiders is blykbaar geleidelik na die verstryking van hul kontrakdiens by die familiestelsel betrek. Volgens 'n deskundige op dié gebied: „In South Africa the lineages reach back three to five generations to the first of the partrikin to migrate to this country. The senior patrikineal descendants of these immigrants (usually second or third generation born South Africans) are the patriarchal heads, or 'big men' of the existing lineage groups".[228]

Hierdie kutum-stelsel kan soos volg verduidelik word: Die familiegroep is deur alle Indiërs as die hoof-sosiale eenheid beskou. Elke familiegroep sluit nie slegs die patriargale hoof met sy vrou en ongetroude kinders in nie, maar ook sy ongetroude broers en susters, sy getroude broers en hul getroude seuns, vroue en kinders. Die aantal lede van so 'n familiegroep het gewissel van 'n paar individue tot meer as eenhonderd en die status van elke lid binne die familiegroep is bepaal deur ouderdom en geslag. Binne die groep het mans die gesag oor vroue uitgeoefen, maar die ouer mans het op hul beurt weer 'n gesagsposisie bo die jongeres geniet. Dit het tot 'n ingewikkelde familienetwerk aanleiding gegee waardeur „ooms" en „tantes" die benaming van „vader" en „moeder" verkry het, met die onderskeiding van „groot" of „klein", afhangende daarvan of die betrokke oom of tante ouer of jonger as die werklike ouers was. Net so is „neef" en „niggie" onderskeidelik as „broer" en „suster"

226) By die Hindoes is die sogenaamde „Almanak", 'n verhewe stelsel van rasverbeteringsleer, geraadpleeg insake dié huweliksdatum. Die fisiese en geestelike kenmerke van 'n voornemende egpaartjie is noukeurig waargeneem (Kuper, H., e.a., op. cit., pp. 23 - 25).

227) Kuper, H., e.a., op. cit., pp. 23 - 25.

228) Die familiegroep was in Hindoestani en Goedjarati as „kutum" bekend, maar in Tamil en Telego het dit as „koodoombam" bekend gestaan (Kuper, H., e.a., op. cit., p. 16).

aangespreek, andermaal met die onderskeiding van „groot" en „klein".[229]

Dit is van die „groot vader" (d.w.s. die hoof van die patriargale familie) verwag dat wanneer hy klere, voedsel of ander huis-benodigdhede vir sy eie kinders aangekoop het, hy ook dieselfde vir die kinders van sy broers moes gee wat almal lede van sy kutum gevorm het. Trouens, dit is verder van welgestelde lede van 'n kutum verwag om aan die armes van 'n familiegroep bystand te verleen, selfs om uitkoms te verleen in gevalle waar bankrotskappe voorgekom het. Ook die jong kinders is van hul vroeë jeug af opgevoed om nie ambisieus te wees nie, maar om die welvaart van die kutum bo eie belang te stel, d.w.s. 'n vorm van sosialisme of kommunisme.[230]

Op die „groot vader" se skouers het 'n besondere verantwoordelikheid gerus. Die lede van die kutum waarvan hy hoof was, het na hom vir raad en advies omgesien, selfs in gevalle waar pasgetroude paartjies bv. meubels wou aankoop. Op 'n sekere stadium het die „groot vader" al sy wêreldlike besittings aan sy seuns afgestaan en hom hoofsaaklik as godsdienstige en sosiale leier van sy kutum beywer.[231]

6 Kastestelsel.

Hoewel die vrye Indiërs die kutum-stelsel in Natal behou het, het die kastestelsel in Natal egter baie verwater, veral omdat daar geen kasteraad bestaan het wat oortreders uit hul betrokke kaste kon verban nie. Volgens 'n deskundige was die enigste werklike oorblyfsel van die kastestelsel in Natal die sogenaamde stamhuwelik, maar in watter vorm 'n stamhuwelik ookal geskied (godsdienstig, ras, taal of klas), veronderstel dit op sigself nog geen kastestelsel nie.[232]

Dit is te betwyfel of die kastestelsel ooit vóór 1910 geheel en al in Natal beëindig is, want in 1906 verklaar die Onderbeskermer bv. nog: „I have always tried to impress on employers the necessity of not placing more than three or four single men in one room as the distinction in caste

---

229) Kuper, H., e.a., op. cit., pp. 17 - 18.
230) Ibid, pp. 22 - 23, 28.
231) Ibid.
232) Ibid, p. 17. Dit wil voorkom of die kastestelsel reeds op die emigranteskepe waar lede van alle kastes saamgeëet het, ondermyn is. Die kontrakstelsel in Natal het die kastestelsel ook verder ondermyn.

leads to trouble".[233] Die voortbestaan van die kastestelsel in Natal was meer in naam as werklik. Die Beskermer het in hierdie verband verklaar: „The castes may be reserved or retained as matter of sentiment .... it is well known, that no Indian of any reputed caste can again enter the family circle in India without a cleansing process".[234]

7. Opvoeding en onderwys.

Die vrye Indiërs was, anders as die kontrakarbeiders, baie meer begerig om skoolopleiding vir hul kinders te verkry. Hierdie feit het beide die Natalse Koloniale Sekretaris en die latere eerste minister Harry Escombe beklemtoon.[235] Gevolglik is dit wenslik om die kwessie van onderrig aan vrye Indiërs breedvoerig te behandel.

(a) Indiërskole.

Die vernaamste kenmerk van Indiëronderwys vanaf 1870 tot 1910 is dat die meeste Indiërskole staatsondersteund en deur kerke beheer was. Onder die eerste Indiërskole het dié by Laer-Umkomanzi, Sea Cow Lake, Merebank, Prospect Hall en Pietermaritzburg gedurende die periode vanaf 1870 tot 1878 nie veel langer as 'n jaar bestaan nie. Die enigste uitsondering was die Wesleyaanse dag- en aandskole van eerw. Stott te Durban, wat vir meer as tien jaar in stand gehou is.[236] Gedurende die daaropvolgende dekade vanaf 1879 tot 1894 het die aantal Indiërskole van twee in 1879 tot 28 in 1894 vermeerder. Van die 28 was drie koshuisskole te Durban, Umgeni en Tongaat.[237] Sommige van hierdie skole het etlike jare bly voortbestaan en 'n groter mate van stabiliteit en kontinuïteit aan Indiëronderrig gegee.[238] Hoewel die getal staatsondersteunde skole van 28 in 1895 tot 35 in 1910 vermeerder het,[239] het die Indiërs gedurende die periode 1895 - 1910 geleidelik die kerkskole verwerp en hul eie nasionale skole wat deur Indiërs beheer is, gestig. Gedurende dié tydperk is ook drie staatskole (laerskole) tot die beskikking van Indiërs gestel.[240] 'n Ernstige leemte was dat die Indiërskole gewoonlik nie groot genoeg vir die aantal leerlinge was nie en daarbenewens was dit ook nie voldoende met swart borde en meubels toegerus nie.[241]

233) Beskermer se Jaarverslag vir 1906: verslag van die Onderbeskermer.
234) Beskermer se Jaarverslag vir 1907.
235) Debates, Legislative Council, vol. 3, 1881 - 1882, p. 180. Escombe het verklaar: „This is shown by the fact that out of 123 children above the age of fifteen at the Government Schools, 37 are Indians."
236) Cooppan, S., A Summary of the Education of the Indian in Natal, 1860 - 1947, manuskrip, Natalse Argiefbewaarplek, pp. 1 - 2.
237) Beskermer se Jaarverslae vir 1883 - 1884; Coopan, op. cit., p. 4.
238) Stein, op. cit., p. 51; Cooppan, op. cit., pp. 4 - 5.
239) Cooppan, op. cit., pp. 6 - 7. Die uitbreiding van die skoolgeriewe vir Indiërs in Noord-Natal was veral opvallend.
240) Cooppan, op. cit., pp. 6 - 7.
241) Beskermer se Jaarverslag vir 1883: verslag van die Inspekteur van Indiërskole; Cooppan, op. cit., pp. 3 - 5; Hey, op. cit., p. 61.

(b) Aantal Indiërleerlinge.

Aanvanklik was die aantal Indiërleerlinge gering, maar binne 'n periode van veertien jaar het dit merkwaardig gestyg, naamlik van slegs 136 leerlinge in 1879 tot 2389 in 1893.[242] Nogtans was die aantal leerlinge in 1893 besonder laag as in aanmerking geneem word dat daar destyds sowat 10,000 Indiërs van skoolgaande ouderdom in Natal was. Faktore wat Indiërkinders van die skole weggehou het, was kinderarbeid, groot afstande en armoede. Daarbenewens was Indiërs traag om hul dogters skool toe te stuur; in 1893 het die dogters slegs een derde van die totale skoolinskrywings verteenwoordig.[243] Die aantal Indiërleerlinge het wel gedurende die 19de eeu vermeerder, maar vanaf 1900 tot 1910 feitlik onveranderd gebly.[244] Groot getalle Indiërkinders was in 1910 nog ongeletterd.[245]

(c) Indiëronderwysbeleid.

Aangesien die staatsondersteunde skole hoofsaaklik deur die kerke in stand gehou is, was daar vir die periode vanaf 1870 tot 1878 feitlik geen sprake van 'n uniforme onderwysbeleid nie. Die opleiding van die leerlinge het net tot std. IV gestrek, maar daar was ook 'n kleuterklas wat nie by blanke skole bestaan het nie. Geeneen het in dié tyd skoolgeld betaal nie.[246] Sommige welgestelde Indiërs het hul kinders na blanke skole gestuur waar hul opleiding ontvang het sover as wat hul wou, maar die aantal was gering omdat dit as 'n duur opleiding in vergelyking met die gewone Indiërskole beskou is.[247] In 1878 is wetgewing ingedien wat voorsiening gemaak het vir 'n skoolraad wat slegs na die belange van Indiëronderwys met sy eie kultuur en agtergrond moes omsien. Dié liggaam het die grondslag gelê vir aparte onderwysgeriewe aan elke ras tot std. IV.[248] Hoewel die sendelinge 'n groot rol bly speel het met die beleid wat by die Indiërskole toegepas is, het die Inspekteur vir Indiërskole vanaf 1881 sorg gedra dat Tamil, Hindoestani en

242) Die gemiddelde bywoningsyfer het van 295 in 1883 tot 1191 in Junie 1894 gestyg.
243) Beskermer se Jaarverslag vir 1883: verslag van die Inspekteur van Indiërskole; Cooppan, op. cit., pp. 3 - 5, Hey, op. cit., p. 61.
244) Cooppan, op. cit., p. 6. Die gemiddelde bywoningsyfer van Indiërkinders het van 1362 in 1895 tot 2621 in 1910 vermeerder, maar die totale aantal inskrywings was in 1900 reeds 3394 en in 1910 nog steeds 3397.
245) Cooppan, op. cit., p. 7; verslag van die Superintendent van Onderwys vir die jaar 1909 - 1910.
246) Cooppan, op.cit., pp. 1 - 2.
247) Stein, op. cit., p. 51; Polak, op. cit., p. 65.
248) Cooppan, op. cit., pp. 2 - 3.

en Engels as voertale aan Indiërskole onderrig word.[249)]

Aangesien die opleiding in Indiërskole aan die begin van die neëntigerjare nog steeds tot slegs std. IV gestrek het, is gedurende die periode van 1879 tot 1894 nie daarin geslaag om Indiërkinders lank genoeg op skool te hou nie. Die gevolg was dat die staat van ongeletterdheid en onkunde onder die Indiërkinders baie min gedurende hierdie periode verbeter het, ondanks die feit dat die owerheid baie meer aan Indiëronderwys bestee het.[250)]

In 1894 is daar weggedoen met die Indiër-Immigrasie-Skoolraad en in die plek daarvan is 'n Onderwysdepartement in die lewe geroep. Die Onderwysdepartement het toestemming verleen dat Indiërkinders tot std. VI opgelei kon word, maar in 1908 bepaal dat Indiërs slegs tot hul veertiende jaar in staatskole kon aanbly. Daar is egter twee hoërgraadskole, een te Durban (in 1899) en die ander te Pietermaritzburg (in 1903) vir Indiërs tot std. VII beskikbaar gestel.[251)]

Die staat het 'n gebrek aan belangstelling vir Indiëronderwys geopenbaar, veral t.o.v. die oprigting van industriële skole. Hoewel 'n praktiese kursus vir mandjiemakery ingestel is, moes dit weer weens 'n gebrek aan fondse gestaak word.[252)] Daarbenewens het baie min Indiërs na-primêre opleiding ontvang.[253)] Die staat het nietemin in 1910 dubbel soveel aan Indiëronderwys bestee as wat die geval in 1901 was.[254)]

Die doel van die Natalse owerheid se onderwysbeleid was om van die Indiërs „goeie burgers" te maak, maar die besteding van groot bedrae aan Indiëronderwys het vir die meeste blankes, veral die kwekers, as 'n verkwisting van geld voorgekom. Oor die algemeen het die Natalse blankes nie begeer dat die Indiërs 'n goeie opvoeding geniet nie, want die blankes

---

249) II, 11/1/9, 914/1881: Emigrasieagent aan Beskermer, d.d. 4/8/1881; Hey, op. cit., p. 60.

250) Die koste verbonde aan Indiëronderwys het vir die Natalse owerheid van £80 in 1879 tot £1786 in 1893 vermeerder. Vir die eerste ses maande van hul skoolloopbaan het die Indiërleerlinge geen skoolgeld aan staatskole betaal nie (Cooppan, op. cit., pp. 4 - 5).

251) Cooppan, op. cit., pp. 6 - 7; Adamson, op. cit., p. 61; Polak, op. cit., pp. 65 - 67; CSO 1886, 1275/1910: Veda Dharma Sabha aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/2/1910.

252) Cooppan, op. cit., p. 7; Verslag van die Superintendent van Onderwys vir die jaar 1909 - 1910.

253) Cooppan, op. cit., pp. 6 - 7.

254) Die bedrag wat in 1895 bestee is, naamlik £1812, is tot ongeveer £3000 in 1901 en £5781 in 1910 vermeerder. Die meeste uitgawes was verbonde aan die twee hoërgraadse skole en die drie laerskole van die staat (Cooppan, op. cit., p. 7; Adamson, op. cit., p. 65; Verslag van die Superintendent van Onderwys vir 1901). Die regering se beleid was om 30/- per hoof elke jaar tot Indiëronderwys by te dra

wou die Indiërs slegs tot 'n bepaalde peil opvoed om van hul geskikte werkers vir blanke werkgewers te maak.[255]

Op die vooraand van Uniewording het die Natalse Indiërgemeenskap tevergeefs geprotesteer teen die Natalse Universiteitskollegewet van 1909. Volgens dié wet kon die Raad van die Universiteitskollege toegang tot die betrokke kollege aan enige voornemende student weier. Die aangeleentheid is selfs na die Britse regering verwys, maar aangesien die betrokke klousule waarteen beswaar gemaak is, geen diskriminasie op rassegrondslag ingehou het nie, het die Indiërs geen grondige rede vir klagte gehad nie.[256]

(d) Indiëronderwysers.

Die grootste probleem met Indiëronderwys was die gebrek aan onderwysers. Hoewel P. Booth van die Anglikaanse Kerk reeds in die sewentigerjare daarin geslaag het om Indiëronderwysers van Indië te laat emigreer,[257] is die meeste onderwysers in Indiërskole tot 1896 plaaslik onder die mees gevorderde leerlinge van die Indiërskole gewerf. Pogings is ook aangewend om oud-soldate wat in Indië diens gedoen het as Indiëronderwysers te gebruik maar dit het misluk omdat die betrokke „onderwysers" nie die nodige respek afgedwing het nie.[258] Dit was ook moeilik vir die Natalse agente om geskikte onderwysers in Indië te werf omdat die Trustraad as vereiste gestel het dat voorgenome onderwysers drie Indiërtale, Hindoestani, Tamil en Telego, asook Engels magtig moes wees. Gedurende die tagtigerjare is slegs 'n paar sulke

---

indien ten minste vyftien Indiërkinders 'n bepaalde skool bygewoon het (II, 11/1/151, I 1121/1907: Superintendent van Onderwys aan Beskermer, d.d. 11/5/1907).

255) Hey, op. cit., p. 61; Adamson, op. cit., p. 65.

256) CSO 1882, 7240/1909: Sekretaris, Natal Indian Congress, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/12/1909. Kyk ook dieselfde lêer, Natalse Administrateur aan Britse Minister van Kolonies, d.d. 31/1/1910; CSO 1882, 7240/1909: Sekretaris, Natal Indian Patriotic Union, aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/12/1909. Die standpunt van die Natalse owerheid was „that every University has, and must necessarily have the right to exercise discretion as to who may or may not be admitted as students".

257) II, 11/1/18, 586/1884: Beskermer se Jaarverslag vir 1883: Inspekteur van Indiërskole se verslag; Cooppan, op. cit., pp. 4 - 5.

258) Beskermer se Jaarverslag vir 1884.

onderwysers gewerf, [259] maar vanaf 1893 was dit makliker om onderwysers van Indië te laat emigreer. Geleidelik het die gehalte van Indiëronderwysers in Natal dus verbeter. [260]

Gedurende die periode 1875 tot 1910 het Natal 'n daadwerklike poging aangewend om Indiëronderwysers op te lei. Indiërs is naamlik vir twee afsonderlike onderwyssertifikate opgelei wat onder beheer van die Onderwysdepartement gestaan het. Voltydse opleiding is vanaf 1904 aangebied by die Sydenham-opleidingskollege, 'n staatsondersteunde inrigting onder beheer van die St. Aiden-Sending. Daarbenewens het die Onderwysdepartement deeltydse naweek-klasse aan diensdoende Indiëronderwysers beskikbaar gestel. [261]

C. Arabiese handelaars.

Die Arabiese handelaars was van dié deel van Indië afkomstig, t.w. Surat, Bombaai en Konkan, waar hul voorvaders (die Arabiere) Indië in sowat 600 n.C. binnegeval het. Die Arabiese invallers het met die Indiese bevolking ondertrou, maar daarin geslaag om hul identiteit tot so 'n mate te bewaar dat hul nog steeds tydens die tweede emigrasieskema as „Arabiese handelaars" bekend was. [262] Hul ligte gelaatskleur en amandelvormige oë het hulle gewoonlik van die res van die Indiese bevolking onderskei. Hul het ook hul Mohammedaanse godsdiens behou en besonder streng nagevolg. Soos hul benaming aandui, het hul hoofsaaklik tot die handelsklas behoort, en die bekende handelstaal, Goedjarati, gebesig. [263]

Die Arabiese handelaars het nie graag met die vrye Indiërs in een omgewing saamgewoon nie. Trouens, die Arabiese handelaars wie se besighede aanvanklik hoofsaaklik in die omgewing van Greystraat, Durban, geleë was, het in behoorlike huise geheel en al apart van die ander Indiërs gewoon en op 'n redelike hoë peil geleef. Mettertyd het hulle daarin ge-

259) In 1884 kon die Madras-agent een onderwyser, ene Mariasoosay Reddair, teen 'n salaris van £5 per maand werf. Die Madras-emigrasieagent is in 1882 versoek om drie onderwysers in sy gebied vir Natal te werf wat Hindoestani, Tamil en Telego magtig was. Aangesien Madras-Indiërs slegs Tamil- en Telegosprekend was, het die betrokke agent die Natalse regering versoek om Hindoestani-sprekende onderwysers van Kalkutta te verkry (II, 11/1/11, 1237/1883: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 5/11/1882; II, 11/1/11, 719/1882: Inspekteur aan Indiër-Immigrasieskoolraad, ongedateerd. Kyk ook dieselfde lêer, Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d 1/3/1884).

260) II, 11/3/18, Boek 2, p. 253: Beskermer aan Trustraad, d.d. 27/3/1893; Cooppan, op. cit., pp. 4-5.

261) Hey, op. cit., p. 61; Cooppan, op. cit., p. 7.

262) Kyk hoofstuk 1, p. 8.

263) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake die Arabiese handelaars. 'n Goeie kenmerk van die Arabiese handelaars was dat hul selde drank misbruik het.

slaag om kettingwinkels dwarsdeur Natal te open en in baie gevalle is winkellokale deur hulle aan kleinhandelaars oor die hele Natal verhuur. Die Arabiese handelaars is ook, anders as die res van die Indiërs sedert 1877 van die aandklokreëling vrygestel omdat die owerheid besef het dat hulle onnodig daardeur verneder sou word.[264]

Die Arabiese handelaars het al op die spoor van die kontrakarbeiders na Natal gekom, veral met die doel om die kontrakarbeiders van lewensnoodsaaklikhede te voorsien. Hulle het die lewensbehoeftes van die kontrakarbeiders beter verstaan as enige van die Natalse blankes en kon dus baie maklik die kontrakarbeiders as kliënte vir hul pas gestigte winkels wen.[265]

Dit is moeilik om te bepaal hoeveel Arabiese handelaars hulle in Natal bevind het omdat hul gedurig rondbeweeg het, veral tussen Natal en Indië, en ook omdat die Beskermer nooit beheer oor hul uitgeoefen het nie. Dit is egter duidelik dat namate die kontrakarbeiders se getalle in Natal toegeneem het, het die Arabiese handelaars na verhouding ook toegeneem; die handelaars het nietemin slegs 'n klein persentasie van die totale Indiërbevolking in Natal verteenwoordig.[266] Die Natalse regering kon nouliks hul koms na Natal aan bande lê omdat hul as Britse onderdane geregtig was om Natal binne te kom.[267]

Hoewel daar in 1875 slegs een winkel van 'n Arabiese handelaar in Natal was, en in 1880 slegs sewe, het die posisie teen 1885 so verander dat die Arabiese handelaars die handelstryd teen die vrye Indiërs begin wen en reeds veertig winkels in Natal besit het.[268]

---

264) Ibid. Dit is veral bewerkstellig deur die bemoeiinge van Aboobaker Amod.
265) Ibid; II, 11/3/23, Boek 1, p. 54: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 12/12/1895.
266) Stein, op. cit., p. 43.
267) II, 11/3/23, Boek 1, p. 54: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 12/12/1895; Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag aangaande Arabiese handelaars.
268) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie. Die eerste Arabiese handelaar wat na Natal gekom het, was Aboobaker Amod, 'n besonder hoog gerespekteerde Indiër. Hy was afkomstig van Porbandar. Hy is gevolg deur ander Arabiese handelaars van Surat, Bombaai en Konkan. Onder hulle was 'n bekende handelaar Araff. Ander het weer van Mauritius en Mosambiek gekom waar hul reeds met die kontrakarbeiders en inboorlinge aldaar handel gedryf het (II, 11/1/13, 492/1883: verklaring van Toolsey, d.d. 4/7/1883; The Natal Mercury, d.d. 13/12/1877; Stein, op. cit., p. 43).

Hoewel beide The Natal Mercury en die Wragg-kommissie[269] aanvanklik geen kwaad in die koms van die Arabiese handelaars gesien het nie, het daar in 1891 'n heel ander opvatting geheers toe tagtig Arabiese handelaars 'n petisie aan die Britse regering gestuur het insake die beweerde mishandeling van Indiese onderdane in Natal. Die Natalse Goewerneur wat op gemelde petisie geantwoord het, het die Arabiese handelaars geheel en al in 'n ander lig gesien as The Natal Mercury en die Wragg-kommissie. In Julie 1892 het hy naamlik soos volg geskryf: „the Bombay merchant class in Natal, although far from the very desirable residents in an English community, are treated with consideration and justice".[270]

Die Arabiese handelaars het weldra ook die handelstryd om die Bantoehandel met die blankes gewen en dit het tot 'n groot politieke twis gelei wat uiteindelik die weiering van handelslisensies aan Natalse Indiërs tot gevolg gehad het.[271] Hierdie politieke stryd het veral teen 1896 in omvang toegeneem nadat die Beskermer teen die einde van 1896 gerapporteer het dat 937 Indiërs, wat hoofsaaklik deur die bemoeiings van Arabiese handelaars na Natal gebring is, in die betrokke jaar Natal binnegekom het.[27

---

269) Dit wil voorkom asof die Wragg-kommissie sy opvattings van The Natal Mercury oorgeërf het (kyk Natal Government Gazette, Supplement verslag van Wragg-kommissie en The Natal Mercury, d.d. 3/12/1877).

270) GH 75, 5890/1891: Petisie gedateer 9/7/1891. Kyk ook Goewerneur aan Private Sekretaris, d.d. 17/7/1892. Gedeelte in aanhaling is deur my onderstreep. Die Natalse regering was ook van mening dat die Arabiese handelaars die eintlike aanhitsers was om oënskynlik ten behoewe van sogenaamde mishandelde Indiërs op te tree. In 1906 het die Hoof-Ondersekretaris verklaar: „There is reason to believe that the agitation going on both here and in India with regard to the alleged ill-treatment of Indians is pioneered by the Arabs, who are careful to mislead the public as to difference between the free Indian and the Arab class. It is the Arab, not the free Indian, who is the objectionable man in this Colony" (CSO 1802, 964/1905: Hoof-Ondersekretaris aan P.W. Shepstone, Magistraat, Lion's River, d.d. 3/1/1906.)

271) Kyk hoofstukke 4, 10 en 11. Die rede waarom die Arabiese handelaars so suksesvol teen die blankes kon meeding, het die Wragg-kommissie soos volg verduidelik: „Their (Arab traders) daily wants are fewer and involve much less expense than those of their white competitors, and they can manage their business without skilled white assistants requiring high wages" (Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: Wragg-kommissie se verslag insake Arabiese handelaars).

272) Meeste van hul het na Transvaal gegaan, maar die Beskermer het bygevoeg: „By almost every direct steamer from Bombay large numbers of these people arrive here and I believe will continue to do so" (II, 11/3/24, Boek 1, pp. 424 - 425: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 9/11/1896).

Die stryd van die blankes van Natal teen die Arabiese handelaars het vanaf 1906 'n hoogtepunt bereik toe 'n veldtog teen die toekenning van handelslisensies aan Indiërs met erns begin is. In 1906 het die Onderbeskermer die blankes se standpunt soos volg vertolk: „None of these passengers from Bombay contribute to the manual labour of the Colony. They come here with no other intent than to make money and do not settle in the Colony, but return to India with all their takings".[273)]

Selfs die Natalse Hindoes het teen die Arabiese handelaars geagiteer veral omdat laasgenoemdes die handel uit die hande van die vrye Indiërs wat vir Natal diens gelewer het, geneem het. Die Hindoes het gemeen dat die blankes dikwels die vrye Indiërs en die Arabiese handelaars verkeerdelik oor een kam skeer, maar dat die sondebokke op handelsgebied eintlik die Arabiese handelaars was.[274)]

Pas na Uniewording het die regering drasties opgetree om die landing van Arabiese handelaars te voorkom. Op 13 Junie 1910 is slegs dertien van 121 sogenaamde „Indiërpassasiers" aan boord van die Präsident deur die Natalse Immigrasie-Beheerbeampte toegelaat om hul in Natal te vestig. Daar was 'n skare van tussen 500 en 1000 Indiërs op die kaai aanwesig om 'n insident te probeer skep, maar dit het nie geslaag nie.[275)]

D. Om saam te vat.

Die kontrakarbeiders het oor die algemeen gedurende die 19de eeu in hutte gewoon wat dikwels half-voltooid en uiters ongesond was, maar in die twintigste eeu is die hutte oorwegend deur baksteen-geboue (kasernes)

---

273) Die Onderbeskermer het verder bygevoeg: „I have known of cases where the free Indian has owed large amounts to the Mohammedan storekeepers, and some of these storekeepers have shops near large centres of Indian labour and are regularly waiting on pay day for the Indians to receive their wages" (CSO 1802, 964/1905: A.R. Dunning, Onderbeskermer, se memorandum, d.d. 2/2/1906).

274) Volgens L.M. Naidoo, Indiërtolk verbonde aan die magistraatskantoor te Howick: „So far as this Colony is concerned, the interests of the free Indians and those of the Arabs are regarded as identical. In my opinion, no greater fallacy has ever existed, and the sooner it is exposed the better .... no effort has been made on the part of the Government to discriminate between those who have settled down in the country as colonists and those who simply come here for the sole purpose of making money and returning to India" (CSO 1802, 964/1905: L.M. Naidoo, Indiërtolk, magistraatskantoor te Howick, aan Magistraat, Lions River, d.d. 3/1/1905).

275) Die Hoof-Immigrasiebeampte is bygestaan deur die waterpolisie en die hawekaptein „in keeping the wharf clear of Asiatics in the neighbourhood of the ship" (CSO 1891, 3864/1910, met 3861/1910: Hoof-Immigrasiebeampte aan Ondersekretaris, Binneland, d.d. 14/6/1910).

vervang, veral by die steenkoolmyne. Hoewel die vrye Indiërs effens beter woningsgeriewe as die kontrakarbeiders geniet het, was hul dikwels in groot getalle in een woonhuis saamgehok. Die Arabiese handelaars daarenteen het gewoonlik in 'n aparte woonbuurt gebly en oor behoorlike woonhuise beskik.

Die voedsel van die Indiërs het aanvanklik hoofsaaklik uit Indiese kossoorte bestaan, maar is algaande deur Natalse produkte vervang, soos bv. mieliemeel in plaas van rys.

Hoewel die kontrakarbeiders soms ook daarin geslaag het om na werksure vir hulself produkte op 'n stukkie grond rondom hul wonings te verbou, was hul hooftaak kontrakdiens, hoofsaaklik op suikerplantasies en steenkoolmyne, vir 'n vyfjaar-periode. Die vrye Indiërs het op verskeie maniere 'n bestaan gemaak, hoofsaaklik as klein boere, handelaars, huisbediendes, mynwerkers, vissers en wassers. Die Arabiese handelaars was bedrewe handelaars en besonder welvarend. Hul het dikwels oor ketting-winkels wat oor die hele Natal gestrek het, beskik.

Wat huwelike betref, was die kontrakarbeiders in 'n sekere sin beter daaraan toe as hul mede-Indiërs. Hulle seremoniële huwelike, wat eers vanaf die tagtigerjare 'n algemene gebruik onder hul was, moes minstens binne een maand na afloop daarvan deur die Beskermer geregistreer word, by gebreke waarvan die kontrakarbeider hom aan 'n boete blootgestel het. Die vrye Indiërs se huwelike daarenteen is nie geregistreer nie, en hul moes hul alleen verlaat op die seremoniële huwelik wat gewoonlik in die geval van die Hindoes deur een of ander Brahmaanse priester voltrek is. Die Mohammedaanse Indiërs, d.w.s. sowel Arabiese handelaars as sommige van die ander Indiërs, het volgens die Mohammedaanse gebruik getrou. Die regering het slegs vir 'n kort rukkie 'n Mohammedaanse priester aangestel om dié huwelike te registreer. Christen-huwelike wat 'n klein persentasie van Indiërhuwelike behels het, is natuurlik op die gewone wyse, soos alle ander Christen-huwelike, geregistreer. In Natal was die persentasie Indiërhuwelike tussen verskillende godsdiensgroepe en kastes besonder hoog en dit het dikwels tot allerlei probleme aanleiding gegee. Vóór 1887 is veelwywige huwelike onder Indiërs wel in Natal geregistreer nadat die nodige goedkeuring daarvoor van die regering verkry is en Wet 7/1896 het regsgeldigheid daaraan verleen. Wet 25/1891 het neergelê dat egskeidings alleen op grond van owerspel toelaatbaar is. Hindoes het in elk geval nie egskeidings erken nie.

Aanvanklik was die Natalse Indiërs hoofsaaklik Mohammedaans, 'n godsdiens wat in Natal gekenmerk was deur die Mohurrum-fees. Sedert 1890, nadat al hoe meer Hindoes Natal binnegekom het, het die Mohurrum-fees ook dienooreenkomstig in onbruik geraak. Die godsdienstige lewe van die Hindoes is beïnvloed deur sekere kodes wat die Christene as bygelowe beskou het. Die Natalse regering het hom egter weerhou van die godsdiensstryd tussen die Hindoe- en die Mohammedaanse Indiërs.

Wat opvoeding betref, het die kontrakarbeiders oor die algemeen nie die hulp wat die sendelinge verleen het om hul kinders op te voed, waardeer nie, maar die kontrakarbeiders se houding t.o.v. onderwys het egter na hul vrywording ingrypend verander. Plantasie-eienaars het nie saamgewerk om Indiërkinders die nodige skool-opleiding te verskaf nie. Die regering het aanvanklik ook min belangstelling t.o.v. Indiëronderwys geopenbaar. Die regering het voorkeur verleen aan staatsondersteunde skole wat hoofsaaklik deur kerke in stand gehou is bo die doeltreffender staatskole omdat eersgenoemde die staat minder gekos het. Die gehalte van Indiëronderwysers het nietemin vanaf 1895 tot 1910 aansienlik verbeter omdat verskeie opleidingskolleges tot stand gekom het.

Twee belangrike deugde van die Indiërs was spaarsaamheid en 'n voorliefde vir korrespondensie, terwyl dronkenskap en daggarook die vernaamste euwels was waaraan hulle hul skuldig gemaak het. Sedert 1880 het drankmisbruik onder die Indiërgemeenskap 'n ernstige omvang begin aanneem. Dit het hoofsaaklik gebeur omdat die Hindoes wat tradisioneel teen drank gekant was, aan die drankeuwel verslaaf geraak het tydens hul reis aan boord van emigranteskepe en met hul vestiging in Natal. Hoewel 'n mislukte poging in 1883 aangewend is om Indiërs van drank te weerhou, het Wet 20/1890 bepaal dat Indiërs slegs sterk drank kon gebruik wat op persele van drankwinkels in glase, en nie in bottels nie, bedien is. Hoewel Kalkutta-immigrante hul selde aan drankmisbruik skuldig gemaak het, het hul weer 'n algemene neiging openbaar om aan opium verslaaf te raak.

Kenmerkend van die Indiërs in die algemeen was hul besondere aanleg vir boekhou en rekenkunde, hul vrees vir hospitale, ligskuheid en onwilligheid om van latrines gebruik te maak, terwyl die Hindoes tradisioneel geheg was aan hul volksdanse en musiek.

Die familielewe bekend as „kutum" wat onder die vrye Indiërs tot 'n besonder verfynde vorm ontwikkel is, was by die kontrakarbeiders slegs

in 'n verwaterde vorm teenwoordig. Die kastestelsel het in Natal slegs in naam voortbestaan, want geen Indiër is by sy terugkeer in Indië weer tot 'n hoë kaste toegelaat alvorens hy nie eers 'n proses van suiwering ondergaan het nie.

Die Arabiese handelaars is gewoonlik van die res van die Indiërbevolking te onderskei deur middel van hul ligte gelaatskleur en amandelvormige oë. Die aantal Arabiese handelaars was gewoonlik slegs 'n klein persentasie van die totale Indiërbevolking, veral omdat hul gedurig tussen Natal en Indië van verblyfplek gewissel het. As Britse onderdane kon hulle Natal maklik binnekom en was welgesteld genoeg om hul eie reiskoste te betaal.

# HOOFSTUK 15.

## DIE BETEKENIS VAN INDIËR-IMMIGRASIE VIR NATAL OP EKONOMIESE, LANDBOUKUNDIGE EN MILITÊRE GEBIED.

Die doel van hierdie hoofstuk is om aspekte van Indiër-immigrasie wat nie in die vorige hoofstukke voldoende beklemtoon is nie, van nader te betrag.

### 1. Indiërarbeid vir die suikerbedryf.

Dit is voor die hand liggend om Indiërarbeid met die Natalse suikerplantasies te vereenselwig en dan onmiddellik tot die gevolgtrekking te kom dat Indiër-immigrasie tot groot voordeel van Natal gestrek het omdat die Natalse suikerbedryf tot so 'n welvarende industrie ontwikkel het. Dit is egter 'n oppervlakkige beskouing wat 'n baie noukeuriger studie verg.

Die suikerbedryf is 'n gespesialiseerde bedryf, net soos dié van tee, koffie, wattel en katoen. Omdat die meeste van hierdie bedrywe in Indië beoefen is, het die Indiërs uit die aard van die saak 'n voorsprong bo die inheemse Natalse Bantoe gehad. Daarbenewens was die Natalse Bantoe gedurende die 19de eeu nog onopgelei en sy arbeid wisselvallig.

Wat bogemelde bedrywe betref, was dit slegs die suikerbedryf en tot 'n mindere mate die tee- en wattelbedryf wat aan Natal ekonomiese voordeel besorg het. Daar was dus 'n mate van regverdiging om Indiërs vir dié bedrywe na Natal te laat immigreer, maar die belangrikste oorweging in dié verband is of groot getalle Indiërs nie onnodig na Natal gebring is nie, veral vir bedrywe en werksaamhede wat redelik maklik, met die nodige opleiding, deur die Natalse Bantoe verrig kon gewees het. Dit moet naamlik in gedagte gehou word dat Indiër-immigrante later vir enige soort werk na Natal verskeep is, t.w. vir die myne, Natalse spoorweë en paaie en ook as kokke, kelners en huisbediendes.[1] Daar het blykbaar 'n gevoel bestaan dat aangesien die immigrasiestroom nou eenmaal aan die gang was, dit die moeite werd gemaak moes word deur soveel moontlik Indiër-immigrante na Natal te lok.

Diegene wat destyds die immigrasie-stroom wou keer, is van politieke

---

1) Kyk p. 442 en verder.

naywer beskuldig. Toe 'n klompie binnelandse lede van die Wetgewende Raad teen die einde van 1874 by die Britse regering beswaar gemaak het teen die staat se bydrae tot die Indiër-immigrasieskema, het The Natal Mercury hul houding veroordeel en 'n breedvoerige relaas gegee van hoe Indiër-immigrasie die Natalse handel gestimuleer het.[2)]

Daar is selfs bedenkinge of dit nodig was om sulke groot getalle Indiese kontrakarbeiders vir die suikerbedryf na Natal te laat immigreer het. Dit kan redelik toegegee word dat die eerste Indiër-immigrasieskema aan Natal die nodige dryfkrag tot ontwikkeling verleen het, maar die probleem is veroorsaak „not so much to the fact (that) there are Indians in the country, but to the fact that there are so many Indians".[3)]

Op die vraag wat van die suikerbedryf sou geword het indien die tweede immigrasieskema nie van stapel gestuur was nie, kan geantwoord word dat die suikerbedryf, nadat die kontrakstelsel in 1911 deur die Indiese regering gestaak is, nietemin geweldig ontwikkel het. Om dié rede kan die vraag met 'n redelike mate van regverdiging gestel word of dit werklik nodig was om ná die eerste emigrasieskema nog Indiërs te laat immigreer. Indien wel, was die groot getalle wat ná die Tweede Vryheidsoorlog gekom het, werklik nodig om die suikerbedryf op die been te bring ?

---

2) The Natal Mercury, d.d. 31/12/1874, het soos volg geskryf: „Take the export of sugar during the last fourteen years, representing a registered money value of about £1,250,990; take the imports which those exports represents, at least an equivalent, and certainly a higher amount; take the value of sugar and coffee that have gone overberg, the value of the wool and skins sent back in exchange for it, and the value of the imports they in their turn represent, take the consumption of the commodities within the colony, from the boatsman's shanty at the Point to the Boer's farmhouse under the Berg, and reckon the reduction in cost secured to every colonial consumer, by the fact of their production here, take the number of planters who have gained a livelihood during these years, the number of white people who have been employed by them, the wagons they have used, and the supplies of corn and oxen from the upper districts they have absorbed; take the merchants and storekeepers who have been benefitted by their custom, and by the requirements of these same coolies, take the shipping interests that have gained, the port and harbour dues that have accrued, the customs duties that have been paid in all these transactions, the reputation that has accrued to Natal as a sugar growing country". The Natal Mercury het ontken dat die kweker so besonder welvarend geword het, maar die mening gehuldig dat „the profits of his enterprise have mostly gone into other pockets, possibly into those of the merchant or importer". Daarom het die blad gemeen dat dit onregverdig is om die kwekers vir al die koste verbonde aan die immigrasieskema te laat betaal, veral omdat die kwekers die immigrante se dienste slegs vir vyf van hul tien jaar verblyf in Natal verkry.

3) Thompson, op. cit., p. 71.

In 1878 was daar een waarskuwende stem wat die lesers van The Natal Mercury gemaan het: „We have Coolies poured into the Colony, for whom the colonists must pay sooner or later".[4] Kon kleiner getalle kontrakarbeiders en beter opgeleide Bantoes nie dieselfde doel gedien het nie ? Dit kon immers die Natalse rasseprobleem beter binne perke gehou het.

Voor die aanvang van die tweede immigrasieskema vanaf 1870 tot 1873 is die kwessie van Bantoe-arbeid vir die suikerplantasies telkens geopper en dit het tot op die vooraand van die totstandkoming van Unie bly voortduur. Die vraag wat die Natallers besig gehou het, was of Bantoe-arbeid op georganiseerde wyse vir die suikerbedryf opgelei moes word. Die kwekers het die maklikste weg verkies, naamlik om Indiërs vir dié doel te gebruik. Hul was onwillig om Bantoes op te lei, veral omdat dit 'n moeilike taak was wat 'n mate van onsekerheid ingehou het. Die kwekers se standpunt, soos vertolk deur hul leier J. R. Saunders en ander, was dat Bantoe-arbeid te wisselvallig vir die suikerbedryf was. Die kwekers het bv. die poging van 'n sekere Ablett om in 1872 inheemse Bantoes van Mosambiek op georganiseerde basis vir die Natalse suikerplantasies te werf, teengestaan. Die standpunt van die kwekers was min of meer dat Indiër-immigrante met die spreekwoordelike voël in die hand vergelyk kon word, terwyl Bantoe-arbeiders met die twee voëls in die bos vergelykbaar was.[5]

Ook die argumente van die kommissie van 1909 is deur die kwekersienswyse beïnvloed en kan dus nie as redelik aanvaar word nie. Die meer onpartydige kommissie onder leiding van regter Wragg het wel die ekonomiese voordele van Indiërarbeid besef, maar nietemin erken dat veel meer gedoen kon word om die ekonomiese potensialiteite van Bantoe-arbeid tot sy reg te laat kom.[6]

---

4) The Natal Mercury, d.d. 14/11/1878: brief van „Common Sense", d.d. 9/11/1878.

5) Een van die kwekers, onder 'n skuilnaam „G.M.C.", het sy saak soos volg in The Natal Mercury gestel: „Before attempting thus to re-organise (verwysende na Ablett se poging) let us see the supply (of Indians) increasing, let us feel a little independent, and above all let it be known for certain that the expected coolies are coming" (The Natal Mercury, d.d. 5/12/1872, brief van G.M.C., d.d. 2/12/18

6) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie insake „Continuance of the Present System of Indian Immigration". Die Wragg-kommissie het dit as „a startling fact" bestempel „that hitherto it has been found impossible to obtain, from 370,000 Kaffirs, labourers sufficient to do the work now performed by indentured Indians, of whom only 5,616 are men ... We earnestly recommend that a system, which we shortly designate 'a bonus system', be inaugurated and developed by means of the department of the Secretary of Native Affairs".

The Natal Mercury, wat aanvanklik in die sewentigerjare op Bantoe-arbeid aangedring het, is geleidelik tot die kweker-standpunt oorreed.[7] The Natal Mercury het ook geprobeer aantoon dat die hervatting van Indiër-immigrasie tot voordeel van die Natalse binneland sou strek, maar 'n korrespondent het die blad se standpunt as „simply moonshine" verwerp.[8]

Die voorstanders vir die opleiding van Bantoes vir die Natalse suikerbedryf in Natal was nie noodwendig verkeerd nie. Dit was 'n geval waar die voorstanders van Bantoe-arbeid nie opgewasse was teen die kwekers wat ook geslepe politici was nie.[9]

---

7) Reeds in 1871 skryf die blad soos volg: „Would coast industry have been in its progressive condition if the planters had been dependent only on kafirs ? Would capital have been expended to the extent it has, had the unreliable labour of the natives only been available ?" (The Natal Mercury, d.d. 22/8/1871). In hierdie trant het die blad tot in 1873 voortgegaan om te verseker dat die tweede immigrasieskema van stapel gestuur word: „Let the stream of Indian immigrants once flow steadily in again, and we shall have as little outcry about labour as we hear during the years when Coolies were periodically arriving here" (The Natal Mercury, d.d. 22/4/1873).

8) The Natal Mercury, d.d. 26/9/1871, en korrespondent se standpunt in die blad se uitgawe van 11/11/1871. Verskeie korrespondente van The Natal Mercury het geglo dat voldoende Bantoe-arbeid wel vir die suikerbedryf verkry kon word. Een korrespondent was ten gunste daarvan dat Transvaalse Bantoes op georganiseerde wyse vir die suikerplantasies gewerf en opgelei word, terwyl 'n ander korrespondent 'n stelsel aan die hand gedoen het waarvolgens Bantoe-arbeid vir langer termyne verseker kon word en as gevolg waarvan Indiër-immigrasie onnodig sou word. 'n Korrespondent onder die skuilnaam „M.C.A." wat ten gunste van Transvaalse bantoes vir die Natalse suikerbedryf was, het sy saak soos volg gestel: „The natives require no huge wages, and their food is the product of the Colony. After they have served their time, they leave most of their money in the Colony in the purchase of blankets, etc. Coolies, on the other hand, require high wages; then passage- and return money, their food is mostly all imported and when they leave the Colony, what money they can collect, they will take with them" (The Natal Mercury d.d. 27/12/1871: brief van „M.C.A.", d.d. 15/12/1871). Die standpunt van die ander korrespondent onder die skuilnaam „Progress" kom voor in The Natal Mercury, d.d. 22/8/1871.

9) 'n Tipiese voorbeeld van so 'n kweker was J. R. Saunders wat oor 'n besondere oortuigingsvermoë beskik het. Hy het reeds in 1871 sy standpunt ten gunste van 'n hernieude Indiër-immigrasieskema in die Wetgewende Raad gestel en sy standpunt herhaaldelik daarna in die pers herhaal. Toe daar teen September 1872 nog polemiek oor die opleiding van Bantoes vir die suikerplantasies in die Natalse pers verskyn het, het hy die moontlikheid van Bantoe-arbeid as onwenslik verwerp omdat daar, volgens hom, te min tyd vir sulke proefnemings was. In 'n brief aan The Natal Mercury in September 1872 het Saunders daarin geslaag om die Natallers op drastiese wyse soos volg bang te skryf: „Whilst empty discussions like these are allowed to take up our time, danger, danger of failure and want threatens"

Aangesiendit in elk geval geruime tyd geduur het om die Natalse suikerbedryf op 'n gesonde grondslag te plaas, is daar regverdiging vir die standpunt dat die opleiding van Bantoes vir die suikerbedryf 'n kans gegun behoort te gewees het.[10] Juis omdat Bantoe-arbeid nooit tot sy maksimum voordeel in Natal aangewend is nie, is dit moeilik om die ekonomiese waarde van Indiër-immigrasie in dié verband na waarde te skat. Indien Indiër-immigrasie nie beskikbaar was nie, dan sou Natal verplig gewees het om Bantoe-arbeid beter te organiseer, selfs vir die suikerbedryf. Daarom het nie net die Natalse Eerste Minister in

---

(The Natal Mercury, d.d. 10/9/1872: brief van J. R. Saunders, d.d. 4/9/1872). Nadat bogemelde brief van Saunders in The Natal Mercury verskyn het, is daar in die daaropvolgende paar jaar weinig polemiek oor die kwessie van Bantoe-arbeid vir die suikerplantasies in die kolomme van gemelde blad gevoer. Die Natallers het blykbaar daarmee genoeë geneem dat Indiër-immigrasie die enigste doeltreffende oplossing vir die arbeidsprobleem is. Die stryd tussen die kus en die binneland oor Indiër-immigrasie het wel voortgeduur, maar dit was hoofsaaklik oor die staat se bydrae om die koste verbonde aan Indiër-immigrasie te help delg. The Natal Mercury het in dié verband ondersteuning verleen aan wat McFarlane in die Natalse Wetgewende Raad verklaar het, naamlik „that for every £10,000 revenue spent on the introduction of Coolie labourers, it receives back nearly three times that sum by the end of their ten years industrial service" (The Natal Mercury, d.d. 28/1/1875).

10) Die suikerbedryf wat hoofsaaklik op Indiërarbeid staat gemaak het, het nie skielik met die hervatting van Indiër-immigrasie in 1874 voordeel behaal nie. Dit was 'n geleidelike proses. Die Natalse suikerproduksie het van 11,350 ton in 1874 tot sowat 14,120 ton in 1876 vermeerder en daarna weer tot sowat 18,200 ton in 1880 gestyg. Daarna daal dit tot sowat 13,300 ton in 1882 en styg tot sowat 20,950 ton in 1884. Die produksie daal geleidelik tot sowat 12,240 ton in 1891, maar styg tot 22,700 ton in 1895 en daal weer tot sowat 16,020 ton in 1896. Daarna styg die produksie tot meer as 30,000 ton in 1898 (kyk hiervoor die grafiek wat voorkom in die werk van Osborn, R.F. Valiant Harvest, Durban, S.A. Sugar Association, 1946, Eerste Druk). Die produksie van 1898 is slegs vir enkele spesifieke jare gedurende die daaropvolgende periode (1899 - 1907) oortref, t.w. in 1901 (40,054 ton) en in 1903 (33,767 ton). Sedert 1908 (45,832 ton) het die produksie egter ingrypend verbeter. In 1909 het die produksie byna tot 86,790 ton verdubbel (Osborn, op. cit., p. 93). Hieronder volg 'n tabel van die waarde van Natalse suiker wat gedurende die periode 1871 tot 1888 uitgevoer is:

| JAARTAL | WAARDE | JAARTAL | WAARDE | JAARTAL | WAARDE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1871 | £180,686 | 1877 | £185,130 | 1883 | £122,084 |
| 1872 | £153,987 | 1878 | £141,347 | 1884 | £185,148 |
| 1873 | £161,854 | 1879 | £ 59,089 | 1885 | £144,463 |
| 1874 | £159,115 | 1880 | £215,194 | 1886 | £100,501 |
| 1875 | £155,121 | 1881 | £172,237 | 1887 | £114,162 |
| 1876 | £135,259 | 1882 | £ 84,668 | 1888 | £ 75,510 |

(Kyk in hierdie verband Osborn, op. cit., pp. 83 - 91). Nietemin is gedurende dié periode vanaf 1870 tot 1910 'n gesonde grondslag vir 'n

1907 beweer dat Natal versuim het om die Bantoe-arbeid behoorlik te benut nie[11], maar selfs die bekende suikerkoning van Natal, J. Liege Hulett, het voor die Wragg-kommissie getuig dat die Natalse Bantoes wel oor die vernuf beskik het om vir die suikerbedryf opgelei te word.[12]

Dit is voorts ook nie 'n uitgemaakte saak of dit in die eerste plek die Indiër-immigrante was wat vir Natal se welvarende suikerbedryf verantwoordelik was nie. Was die deurslaggewende faktor nie eerder Natal se landboukundige eienskappe wat die sukses van dié bedryf verseker het nie ? As die sukses van die suikerbedryf in Natal dan in hoofsaak aan die Indiërs toegeskryf moet word, waarom was die teebedryf waarmee die Indiërs ewe vertroud was, dan nie ook so suksesvol in Natal nie ?[13] Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom is dat Natal landboukundig beter vir die suikerbedryf as vir die teebedryf geskik was en dat Indiërarbeid nie die deurslag gegee het in verband met die sukses of mislukking van die betrokke bedrywe nie.

Al was dit moontlik dat Bantoe-arbeid vir die suikerbedryf aangewend kon gewees het, is dit nogtans 'n feit dat Natal verkies het dat Indiër-immigrante die suikerbedryf moes ontwikkel en dat hul vaardigheid in die verband wel tot 'n baie groot mate vir die sukses van die bedryf verantwoordelik was. Dit is egter ook 'n feit dat dieselfde Natal dit later moeilik gevind het om die probleme wat die Indiërbevolking geskep het, die hoof te bied. Die redakteur van The Natal Mercury wat tot 'n groot mate gehelp het om die tweede immigrasieskema van stapel te stuur, was later Eerste Minister van 'n Natalse regering wat drastiese wetgewing teen dieselfde Indiërs ingedien het.[14]

---


welvarende suikerbedryf in Natal gelê.
So bv. is daar in Natal gedurende 1920 altesaam 189,000 ton suiker en in 1923 sowat 200,000 ton geproduseer, nieteenstaande die feit dat die kontrakstelsel in 1911 beëindig is (Osborn, op. cit., p. 98).

11) Hierdie Eerste Minister, F. Moore, was ook op een stadium Minister van Naturellesake. Kyk hoofstuk 11, p. 270 , in dié verband.

12) Natal Government Gazette, Supplement, d.d. 20/9/1887: verslag van die Wragg-kommissie, veral die afdeling oor die voorsetting van Indiër-immigrasie.

13) Kyk verderaan die gedeelte in hierdie hoofstuk, p. 438 , wat oor die teebedryf handel.

14) Kyk hoofstuk 8, p. 184 en verder.



Indiërs werksaam op 'n suikerplantasie.

Dit is egter ook 'n feit dat die suikerbedryf in Natal waarby die Indiër-immigrante grootliks gemoeid was, aanleiding gegee het tot ontwikkeling op ander terreine, bv. die ontwikkeling van die Natalse spoorweë en die Durbanse hawe.[15] Verder is dit ook waar dat toe Indiër-immigrante eers eenmaal deur middel van die tweede immigrasieskema aan die Natalse koloniste beskikbaar gestel is, die meerderheid Natallers daarvan probeer gebruik maak het, selfs die Natalse Bantoe.[16]

2. Indiërarbeid vir die tee-, wattel- en katoenbedryf en gemengde boerdery.

Die rol van die Indiër-immigrante in die tee- en wattelbedryf, albei ondergeskikte bedrywe in Natal, is nie so bekend as in die suikerbedryf nie, maar moet nietemin nie misken word nie. Trouens, die suikerkweker, J. Liege Hulett, wat in 1876 die teeplant se saad van Assam verkry het, het sorg gedra dat hy gelyktydig ook aansoek gedoen het om 'n paar Indiërs wat met die teebedryf vertroud was, na Natal te laat kom. Nietemin was die Beskermer van mening dat die Bantoe-arbeiders baie beter vir die teebedryf geskik was as wat die kwekers te kenne wou gee.[17] In 1905 was daar 4500 acres, hoofsaaklik langs Natal se Noordkus, met tee verbou waarvan byna die helfte, sowat 2000 acres, deur Hulett beheer was. In 1904 is 568,735 lb. met 'n totale waarde van £22,282 uitgevoer, terwyl sowat 1,500 lb. plaaslik verbruik is.[18] Teen 1909 was daar 1,722 Indiërs in die Natalse teebedryf werksaam en 606 Indiërs in die wattelbedryf, gesamentlik dus 'n derde van die 7006 Indiërs wat in die suikerbedryf werksaam was.[19]

Die Indiërs is ook in die Natalse katoenbedryf, veral in die Victoria-Graafskap en Umzinto, op die proef gestel maar dié bedryf het nie eintlik in Natal ingang gevind nie. Nogtans is gepoog om katoensaad onder die Indiërs te versprei en gegewens oor die bedryf deur middel van vertalings in Hindoestani en Tamil aan die Indiërs bekend te maak.[20] Nogtans het

---

15) Stein, op. cit., p. 65.
16) The Natal Mercury, d.d. 7/9/1875: brief van H.G.C. Hutton, d.d. 31/8/1875; II, 11/3/32, Boek 2, p. 266: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 16/12/1907.
17) II, 11/1/1A, 1876: J. Liege Hulett aan Beskermer, d.d. 4/1/1896 (R3/1876), 18/2/1876 (R106/1876) en 4/3/1876 (R131/1876). Volgens die Beskermer: „These very employers in speaking against the measure being introduced by Government with the object of stopping Indian Immigration said that Natives only picked daily on an average 19 lbs. of leaf tea against 42 by the Indians, but they did not say, at the same time, they had to work their Indians extra 3 and 4 hours per diem to get this result" (II, 11/1/160, I 1393/1908: Beskermer aan Ondersekretaris, ongedateerd).
18) 20th Century Impressions of Natal, Official Edition. Printed by Unwin Brothers, The Gresham Press, for Lloyd's Greater Britain Publishing Company, 1906, pp. 306 - 307.
19) Stein, op. cit., p. 65.
20) II, 11/1/11, 686/1882: Assistent-Beskermer aan Koloniale Sekretaris

die katoenopbrengs toe die bedryf sy hoogtepunt in 1870 beleef het, slegs een persent van Natal se uitvoer behels.[21]

Die Natalse binnelandse boere het algaande ook Indiërkontrakarbeiders op hul plase in diens geneem, hoewel hulle die groot teenstanders van duur Indiërarbeid was. Nadat hul egter die stryd teen die suikerkwekers verloor het, het die binnelanders ook besluit om van Indiërarbeid gebruik te maak omdat hul buitendien daarvoor moes help betaal.[22] Teen 1909 was feitlik net soveel Indiërs op gewone plase (altesaam 6,149) as op die suikerplantasies (7,006) werksaam.[23] Daar is dus geen beter voorbeeld van 'n misplaaste aanwending van Indiër-immigrante as juis die groot aantal kontrakarbeiders op die gewone plase van Natal nie, want elders in Suid-Afrika het Bantoes dié soort werk met ewe groot bedrewenheid verrig.

## 3. Indiërarbeid vir die Natalse steenkoolmyne.

Die Indiër-immigrante het ongetwyfeld 'n groot rol as arbeiders op die Natalse steenkoolmyne gespeel, maar weer eens is dit 'n geval waar Indiërarbeid gebruik is omdat dit maklik bekombaar was en nie soseer omdat Bantoes nie in staat was om die werk in die myne te verrig nie. Tot 1895 was Bantoe-arbeid trouens nog steeds die oorheersende faktor op die myne. Hoewel reeds vanaf 1881 gepoog is om Indiërs vir die myne te werf, het die eerste kontrakarbeiders eers op 29 Mei 1890 diens op die myne aanvaar; vóór 1890 was slegs 'n geringe aantal vrye Indiërs in hierdie sektor werksaam.[24] Die aantal Indiërs in die myne was tot 1895 baie beperk, wisselend van een vyfde tot een tiende van die getal Bantoes.[25] Daar is geen aanvaarbare rede waarom die bantoes

---

d.d. 20/9/1882: Kyk ook C.F. Gardner, Sekretaris, Natalse Kamer van Koophandel, aan Beskermer, d.d. 25/7/1882.

21) Leverton, B. The Natal Cotton Industry, 1845 - 1875, A Study in failure (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, nr. C41 van 1963, p. 38).

22) Hierdie aangeleentheid word volledig in hoofstukke 5 - 11 behandel.

23) Stein, op. cit., p. 65.

24) II, 11/1/8, 257/1881: North aan Beskermer, d.d. 1/3/1881; II, 11/1/8, 80/1881: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 16/12/1880.

25) Daar is rede om te glo dat die besonderhede hieronder wat in 1902 deur die Natalse Koloniale Sekretaris aan die Indiese regering verstrek is, nie korrek is nie; die getalle wat verstrek word, is heelwat minder as die korrekte aantal Indiërs op die myne, maar dit is nogtans 'n waardevolle bron wat as basis van vergelyking dien m.b.t. die verskillende rasse op die myne):

nie kon voortgaan om 'n deurslaggewende rol as arbeiders op die myne te vervul nie, net soos bv. op die Transvaalse goudvelde.

Sedert 1896 is Indiërarbeid egter op groot skaal in die myne gebruik (teen 1897 een Indiër vir elke twee Bantoes) en vanaf 1898 tot 1901 het die aantal Indiërmynwerkers verder in verhouding tot die Bantoes toegeneem.[26)] Teen 1909 was daar 2908 Indiërkontrakarbeiders en 697 vrye Indiërs, altesaam 3505 Indiërs, in die myne werksaam.[27)]

'n Mens kan weer eens die vraag stel of kontrakarbeiders nie onnodig

| JAARTAL | 1889 | 1890 | 1891 | 1892 | 1893 | 1894 | 1895 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| AANTAL INDIËRS | 42 | 73 | 84 | 89 | 85 | 77 | 83 |
| AANTAL BANTOES | 359 | 455 | 464 | 747 | 574 | 782 | 827 |
| AANTAL BLANKES | 50 | 56 | 40 | 45 | 31 | 39 | 42 |

(CSO 1704, 3866/1902: Koloniale Sekretaris, Natal, aan Sekretaris van Indiese Regering, d.d. 28/6/1902. 'n Verdere verduideliking is te vinde in die hieropvolgende voetnoot nr. 26).

26) Weer eens is die aantal Indiërs wat hieronder volg wat in die Natalse myne werksaam was, heelwat minder as die korrekte aantal Indiërs:

| JAARTAL | 1896 | 1897 | 1998 | 1899 | 1900 | 1901 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| AANTAL INDIËRS | 268 | 472 | 854 | 740 | 522 | 1200 |
| AANTAL BANTOES | 989 | 1015 | 1753 | 1211 | 1005 | 2035 |
| AANTAL BLANKES | 57 | 73 | 116 | 93 | 76 | 162 |

Bogemelde getalle is egter uiters konserwatief bereken, want volgens die Beskermer was daar vir die periode vanaf 1 September 1897 tot 19 November 1898 altesaam 1065 Indiërkontrakarbeiders in die myne werksaam, afgesien van vrye Indiërs (II, 11/3/26, Boek 1, pp. 119 - 122: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d 19/11/1898). Die gegewens wat die Natalse Koloniale Sekretaris in 1902 aan die Indiese regering verstrek het, het moontlik minder Indiërs in die myne aangetoon as wat werklik die geval was omdat die Natalse regering nie die Indiese regering wou onthuts deur die werklike getalle te meld nie; in gedagte moet gehou word dat die Natalse steenkoolmyne in 1902 - toe die getalle deur die Koloniale Sekretaris verstrek is - reeds in onguns by die Indiërs was. Kyk in hierdie verband CSO 1704, 3866/1902 Koloniale Sekretaris, Natal, aan Indiese regering, d.d. 28/6/1902.

27) Jaarverslag van die Beskermer vir 1909.

van Indië gebring is om in die Natalse myne te werk nie. Weeg die ekonomiese voordeel van Indiese kontrakarbeiders op die myne bv. op teen die maatskaplike gevare wat sulke groot getalle Indiërs vir Natal ingehou het, veral as in aanmerking geneem word dat die werk in die myne tog deur Bantoes verrig kon gewees het? Bowendien was die Indiese kontrakarbeiders by diensaanvaarding in die myne van weinig waarde. Dit was eers teen die einde van hul kontrakperiode dat hulle hul sout werd was, d.w.s. die Indiërs moes ook maar, net soos die Bantoes, vir mynwerk opgelei word.[28)]

'n Ander oorweging waarom die waarde van Indiërarbeid in die myne in twyfel getrek word, is die negatiewe beeld insake die sogenaamde „mishandeling" van Indiërmynwerkers wat veral deur die Indiërpers in Natal voorgehou is. Daar is naamlik geen afdoende bewys dat Indiërs oor die algemeen in die myne mishandel is nie.[29)] Dit was trouens vir die mynbase belangrik om hul werkers goed te behandel om sodoende ervare en bedrewe werkers te behou. Goedgeboude wonings is tot beskikking van die mynwerkers gestel en 'n myninspekteur het die myne maandeliks besoek om na die wel en wee van kontrakarbeiders om te sien.[30)] Hoewel 'n hoë sterftesyfer onder die Indiërmynwerkers veroorsaak is deur die skielike blootstelling aan koue winde wanneer hul van die warm ondergrondse temperatuur na die oppervlakte teruggekeer het, het die Natalse regering verskeie maatreëls getref om oor die gesondheid van die Indiërs op die myne te waak.[31)] Nietemin het die

---

28) CSO 1704, 3866/1902: Koloniale Sekretaris, Natal, aan Sekretaris, Indiese Regering, d.d. 28/6/1902.

29) Hoewel die toestand van Indiërmynwerkers *in* die Natal Navigation-steenkoolmyne wel kommer by die Beskermer gewek het, veral weens die hoë sterftesyfer aldaar, is daar geen afdoende bewys gelewer dat die Indiërmynwerkers oor die algemeen mishandel is nie (II, 11/1/43, I1530/1906: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 14/6/1906; II, 11/1/135, 1798/1905: Beskermer aan Koloniale Sekretaris; II, 11/3/33, Boek 2, p. 884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/1/1906; II, 11/3/34, Boek 1, pp. 425 - 428: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/3/1910; II, 11/3/30, Boek 2, p. 733, Beskermer aan Koloniale Sekretaris: Augustus 1902; II, 11/3/30, Boek 2, pp. 273 - 275: Beskermer aan Eerste Minister, d.d. 16/6/1902; II, 11/3/30, Boek 2, p. 33: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 12/5/1902; kyk ook Hoofstuk 12, pp. 311-324, in dié verband. Gewoonlik was die kontrakarbeiders se klagte van mishandeling op die myne ongegrond (II, 11/1/43, I1530/1906: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 14/6/1906, II, 11/1/135, 1798/1906, p. 884: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/1/1906; II, 11/3/34, Boek 1, pp. 425 - 428: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 4/3/1910).

30) CSO 1704, 3866/1902: Koloniale Sekretaris, Natal, aan Sekretaris, Indiese Regering, d.d. 28/6/1902; Pachai, op. cit., p. 88.

31) Die Natalse regering het o.a. by die mynbase aangedring om die volgende te doen: (1) „That the ordinary rations to Indentured Indians be

Indiërs heftig teen blank Natal oor hierdie sogenaamde „mishandeling" te velde getrek.[32] Dit is dus sterk te betwyfel of Natal korrek gehandel het om toe te laat dat Indiërs *in* die myne werk.

## 4. Indiërarbeid vir die spoorwegkontrakteurs en die Natalse Spoorweë.

Die meeste oorweginge wat vir die gebruik van Indiërkontrakarbeiders op die myne geld, is ook van toepassing vir Indiërs wat in diens van die spoorwegkontrakteurs en die Natalse Spoorweë was.

Die kontrakteurs wat reeds vanaf 1873 vir die bou van die Natalse spoorweë begin beplan het, het gefaal om betyds behoorlik vir die nodige werkers te sorg.[33] J. Robinson, Eerste Minister van Natal (1893 - 1897), het in die Natalse laerhuis 'n baie mooi voorbeeld genoem van hoedat meer as 2,000 inheemse Bantoes in die Kongo opgelei is vir die bou van die spoorweë in daardie geweste. As dit daar gedoen kon word, waarom dan nie in Natal nie ?[34]

Aanvanklik toe die noordkusspoorlyn in 1876 gebou is, het die gevaar selfs bestaan dat die kontrakteurs, Wythes en Jackson, die Indiërs van die suikerplantasies sou weglok deur die aanbieding van hoër salarisse. Trouens, om te voorkom dat die kontrakteurs daarin slaag, het die suikerkwekers vrywilliglik hul Indiërarbeiders tot die beskikking van die kontrakteurs gestel om te help met grond verskuiwings, gelykmaking, uitgrawings en walle-gooi.[35] Die kontrakteurs het in 1876 in

---

supplemented by a liberal supply of vegetables once or twice a week and that fruit be given to the Indians frequently when in season; (2) That warm clothing be provided for Indentured Indians in the winter months, particularly to men working underground in the shape of loose fitting woollen jumpers to protect the chest and sufficiently long enough to cover the loins; (3) That no Indentured Indians working underground is to be allowed to come to the surface at any time of the day during the winter months without having a jumper" (II, 11/3/26 Boek 1, pp. 512 - 515: Beskermer aan J. Miller, Sekretaris, <u>Wessels nek Collieries</u>, d.d. 8/2/1899; kyk ook pp. 119 - 122: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/11/1898).

32) Pachai, op. cit., p. 88.
33) <u>The Natal Mercury</u>, d.d. 6/1/1873.
34) <u>Kyk hoofstuk 11, p. 27</u>/.
35) <u>The Natal Mercury</u>, d.d. 29/7/1876: brief van „Victorian", d.d. <u>20/7/1876.</u> Later in 1877, toe van die kwekers sommige van hul kontrakarbeiders aan die Natalse Spoorweë wou afstaan, het die Beskermer eers die advies van die Prokureur-generaal ingeroep om vas te stel of dit, volgens wet, uitvoerbaar is. Die Prokureur-generaal se beslissing was dat indien die kontrakarbeiders self bereid was om *by* die Natalse Spoorweë te werk, kon dit geskied op voorwaarde dat die kontrakarbeiders se salarisse aan die Beskermer

elk geval ook met Kreole van Mauritius 'n drie-jaar kontrak aangegaan om met die bou van die Natalse spoorlyne te help en in Augustus 1876 toesighouers (Seikhs) van die Indië verkry om as konstabels by die spoorwegwerke op te tree.[36] Teen 1877 was daar altesaam 956 Indiërs en Kreole onder die 4,420 spoorwegwerkers van die kontrakteurs Wythes en Jackson. Gedurende 1878 het die kontrakteurs weer 750 Indiërs, insluitende 20 Kreole van Mauritius verkry.[37] Die Indiërs wat van Mauritius gekom het, was egter van 'n swak gehalte; baie van hul was aan drank verslaaf.[38]

Nie net die spoorwegkontrakteurs nie, maar ook die bestuur van die Natalse Spoorweë het te maklik op Indiërarbeid staat gemaak. Dit is in die Natalse laerhuis erken dat dit verkeerd was om Indiërs as kruiers in die plek van blankes in diens te neem. In 1907 is bv. 'n mosie in die Natalse laerhuis aanvaar dat dit onwenslik is om Indiërs in diens van die Natalse Spoorweë aan te stel „in positions where white men were available at reasonable wages".[39] In 1909 het die Clayton-kommissie die bevinding van die laerhuis ondersteun dat, waar moontlik, blankes in die plek van Indiërs op die Natalse Spoorweë aangestel behoort te word.[40]

Die Natalse Spoorweë was nie in staat om geskikte spoorwegwerkers in Indië te werf nie omdat hul nie bereid was om aantreklike salarisse aan te bied nie.[41] Dié wat wel in 1881 [42] en 1883 gewerf is, was nie geskik vir die werk nie, veral nie as masjienskoonmakers, remmers, verkeerwagters, smede, lampskoonmakers, veërs en spoorlêers nie.[43]

---

oorhandig word om te verseker dat die kontrakarbeiders wel behoorlik betaal word (II, 11/1/41, 1294/1887: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 23/11/1887; kyk ook verslag van Prokureur-generaal, d.d. 1/12/1887).

36) II, 11/1/5, 1186/1878: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 10/10/1878; The Natal Mercury, d.d. 22/8/1876; Stein, op. cit., p. 66; II, 11/1/1A, R177/1876: Koloniale Sekretaris aan Beskermer, d.d. 25/1/1876. Kyk ook nrs. R198 en R266 van 1876.

37) The Natal Mercury, d.d. 14/7/1877; II, 11/1/4, 227: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 26/2/1878; II, 11/1/5, nr. 930, Wythes en Jackson aan Beskermer, d.d. 1/8/1878.

38) The Natal Mercury, d.d. 18/3/1878.

39) Volgens dr. Haggar, wat die voorstel ingedien het, „such occupations were those of clerks, assistant guards where white lads could be used, and gate men at crossings for which disabled Europeans, checkers, cleaners (as firemen and then drivers in embryo), and engine-drivers at Power Stations"(sic)(Aangehaal deur Adamson, op. cit., pp. 61 - 63).

40) Adamson, op. cit., pp. 61 - 63.

41) II, 11/1/11, 742/1882: Emigrasieagent vir Natal, Madras, aan Beskermer, d.d. 18/6/1882.

42) II, 11/1/8, 532/1881: Hoofbestuurder, Natalse Spoorweë, aan Beskermer, d.d. 31/5/1881.

43) II, 11/1/13, 295/1883: Superintendent, Indiër- en Bantoe-arbeid, aan Emigrasieagent, Kalkutta, ongedateerd.

Die Natalse Spoorweë het egter stelselmatig voortgegaan om arbeiders in Indië te werf en in 1890 is om 300 Indiër-immigrante aansoek gedoen. Teen 1892 was daar altesaam 531 Indiese kontrakarbeiders in die Natalse Spoorweë werksaam, en in die jaar 1909 altesaam 2,371.[44)]

5. Indiërarbeid vir allerlei ander instansies.

Ook die groot aantal Indiërkontrakarbeiders wat vir die Natalse Paaie-afdeling gewerf is, gedurende die jaar 1874 300 en gedurende 1876 weer 200, getuig weer eens dat daar te maklik van Indiërarbeid gebruik gemaak is, terwyl dié soort werk binne die vermoë van die Natalse Bantoes was. Dit is nog 'n voorbeeld dat Indiër-immigrasie 'n nadelige invloed op Natalse blankes uitgeoefen het met betrekking tot die jammerlike versuim om Bantoes vir Natalse bedrywe op te lei. Die Natalse ekonomie moes noodwendig daaronder ly deurdat duur Indiërarbeid in stede van goedkoop Bantoe-arbeid gebruik is.[45)]

In 1906 is ook bevind dat altesaam 1400 Indiërs wat in staatsdepartemente en by stadsrade gewerk het, maklik deur blankes vervang kon word.[46)] Daarbenewens was daar teen 1909 sowat 740 Indiërs in steenmakerye werksaam en ook 'n aansienlike aantal wat deur private instansies as spesiale arbeiders geïmmigreer is, veral as koks, tafelbediendes en dhobies (wasmanne). Teen 1909 het die aantal Indiërs wat as huisbediendes diens gedoen het reeds op 1949 te staan gekom.[47)]

---

44) II, 11/1/46, 1436/1888: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 30/11/1888; II, 11/3/16, Boek 2, pp. 514 - 515: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/2/1892; Stein, op. cit., p. 65. In teenstelling met die myne was die Natalse Spoorweë egter 'n gewilde werkgewer onder Indiërarbeiders, afgesien van die feit dat sekere onreëlmatighede ten opsigte van Indiërs in die spoorweghospitaal plaasgevind het; hierdie aangeleentheid is deur die Wragg-kommissie ondersoek en is reeds in hoofstuk 7, p. 159 , behandel. In 1892 kon die Beskermer getuig dat daar 'n goeie verstandhouding tussen die spoorwegoutoriteite en hul Indiërkontrakarbeiders bestaan (II, 11/3/16, Boek 2, pp. 514 - 515: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/2/1892). Hierdie goeie verstandhouding het in die twintigste eeu bly voortduur (II, 11/3/31, Boek 1, p. 175: Beskermer aan Beskermer van Emigrante, Madras, d.d. 8/4/1904). Indiërs het onder andere daarvan gehou om vir die Natalse Spoorweë te werk omdat hul rysrantsoene ontvang het en moontlik ook omdat hul 'n mooi uniform kon dra, al moes hul self daarvoor betaal (II, 11/1/1, 1885: Ventalis aan Beskermer, d.d. 9/10/1885).

45) The Natal Mercury, d.d. 1/10/1874; II, 11/1/1, R573/1873: verslag van Koloniale Ingenieur, d.d. 22/2/1876; kyk ook Siviele Ingenieur aan Beskermer, d.d. Februarie 1876 en Beskermer aan Siviele Ingenieur, d.d. 1/9/1875.

46) Adamson, op. cit., p. 62. Daar was ook klein getalle Indiërs by die Durbanse hawe en die Natalse Polisie werksaam (II, 11/1/10, 425/1882 Beskermer aan Emigrasieagent, Madras, d.d. 29/4/1882; II, 11/1/11, 1068/1882: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 27/9/1882; II, 11/3/31, Boek 1, p. 649: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 1/9/1904).

47) Aanvanklik was dit veral die hospitale te Durban en Pietermaritzburg

## 6. Die Indiërs as landbouers.

Afgesien van die rol wat Indiërs as arbeiders op landboukundige gebied en ander terreine gespeel het, het hul as onafhanklike landboubeoefenaars ook 'n rol vervul wat aandag regverdig.

Die Indiërs is van nature lief vir landbou. Daarom het die Natalse owerheid aan Indiërs wat vir die suikerplantasies gewerf is, 'n stukkie tuingrond as lokmiddel beloof. As 'n verdere lokmiddel om Indiërarbeiders vir die suikerplantasies te werf, het Wet 2/1870[48] neergelê dat kontrakarbeiders wat hul vyfjaar dienstermyn voltooi het, asook die daaropvolgende vyf jaar-verblyf, 'n stukkie grond gelykwaardig aan die reiskoste na Indië kon kry indien hul dit bo 'n vry oortog na Indië sou verkies.[49]

Hoewel dit voorkom of die toekenning van tuingrond aan kontrakarbeiders wel in enkele gevalle geweier is, was die blankes aanvanklik ten gunste daarvan dat die kontrakarbeiders hul vrye tyd aan tuinmaak bestee.[50]

Blank Natal was egter nie gewillig om aan Wet 2/1870 [51] uitvoering te gee nie. Die verkryging van Natalse kroongrond deur Indiërs i.p.v. 'n klein stukkie tuingrond het die blankes in 'n ernstige lig beskou. Enkele toe-

---

en die hotelle Royal, Alexandra en Central, asook die Victoria-klub te Pietermaritzburg, die Princess-kafee te Durban en die Goewerneur (vir sy huishouding) wat spesiale kontrakarbeiders verkry het. Kyk II, 11/1/4, 55/1878: Bestuurder, Greys-hospitaal, aan Beskermer, d.d. 14/1/1878; II, 11/1/9, 914/1881: Emigrasieagent, Madras, aan Beskermer, d.d. 4/8/1881; II, 11/1/50, 925/1889: Beskermer aan Prokureur, Trustraad, d.d. 24/8/1889; II, 11/3/18, Boek 1, p. 261: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 9/12/1892; kyk ook p. 3[illegible] Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 16/12/1892; II, 11/3/21, Boek 2, p. 288: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 22/1/18[illegible] II, 11/3/29, Boek 1, p. 505: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/5/1901; II, 11/3/29, Boek 2, pp. 524 - 525: Beskermer aan Prokureur, Trustraad, d.d. 17/10/1901. Die Trustraad het toegelaat dat Indiërs onder spesiale kontrak na Natal kom, maar die Trustraad het geen verantwoordelikheid gedra indien die spesiale kontrakarbeiders nie vir hul werk geskik was nie. Die Indiërs kon dus nie na Indië teruggestuur word indien hul nie geskik was nie (II, 11/3/15, p. 293: Beskermer se brief van 23/2/1891 en II, 11/1/86, 1952/1897: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 28/6/1897).

48) Wet 2/1870, Art. 51, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

49) Sien Hoofstuk 5, pp. 104-107.

50) Daar was egter instansies, bv. die Natal Land Colonization Co. Ltd., wat geweier het om tuingrond aan die kontrakarbeiders beskikbaar te stel, soos deur die Natalse regering beloof is (kyk Hoofstuk 5, pp. 104-10[illegible]). Dit was feitlik ook 'n onmoontlike taak om kontrakarbeiders wat in dorpe werksaam was, van tuingrond te voorsien. Die Beskermer het in laasgenoemde geval aanbeveel dat die kontrakarbeiders een of ander kompensasie van gelyke waarde as die tuingrond ontvang (II, 11/1/9, 904/1881: J. W. Lipp, Newcastle, aan Beskermer, d.d. 6/9/1881, en kyk ook nota van Beskermer, d.d. 13/9/1881, agterop gemelde brief).

51) Wet 2/1870, art. 51, Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 1878.

kennings van kroongrond aan Indiërs is wel vroeg in die sewentigerjare gedoen, maar dit was meer die uitsondering as die reël.[52] In 1880 het neëntig Indiërs wat onder bevel van kapt. A. F. Mackintosch teen die Zoeloes geveg het, tevergeefs om grond in terme van Wet 2/1870 aansoek gedoen.[53] Hoewel die Indiërs teen 1881 huiwerig geword het om op dié wyse om kroongrond aansoek te doen,[54] is daar nietemin in 1882, deur bemiddeling van die Britse regering, vyftig plotte van vyftien acres elk in die Alexandra-Graafskap aan Indiërs toegestaan.[53] Daar is wel sporadies nog ná 1882 grondtoekennings aan Indiërs in terme van Wet 2/1870 gedoen, selfs nog in 1889, maar dit was 'n hoë uitsondering.[56]

Blank Natal was nie begerig om Indiërs in Natal toe te laat om onafhanklik te boer nie, maar wou slegs van die Indiërs se arbeid gebruik maak. Daarom het die Trustraad in 1883 'n voorstel van die Bengaalse regering om meer grondgebied aan die Indiërs af te staan sodat die werwingsveldtog daardeur geprikkel kon word, van die hand gewys.[57] Ook die Beskermer se verklaring in 1882 dat die vrye Indiërs nie meer belanggestel het in die grond wat hul in ruil vir die vry oortog kon verkry nie omdat hul te welgesteld geword het, is nie aanvaarbaar nie. Die vorige jaar het die Beskermer bv. verklaar dat die kontrakarbeiders wie se dienstyd verstreke was, nie meer aansoek om grond in ruil vir 'n vry oortog gedoen het nie omdat Indiërs se aansoeke in die verlede gewoonlik misluk het. Wat wel waar is, is dat grondtoekennings wat gedoen is, te ver van Durban se

---

52) II, 11/3/2, p. 254: Koelie-Immigrasieagent, aan A. Branduly, veldkornet, Umzinto, d.d. 4/9/1871; II, 11/3/2, p. 301: Koelie-Immigrasieagent aan Koloniale Sekretaris, d.d. 29/4/1872.
53) II, 11/1/7, 790/1880: A. F. Mackintosch aan Beskermer, d.d. 5/7/1880; kyk ook Prokureur-generaal se advies in dié verband, d.d. 9/7/1880. Ander Indiërs het ook tevergeefs in terme van hierdie wet om kroongrond aansoek gedoen (II, 11/1/8, 630/1881: Henry Nundoo aan Beskermer, d.d. 5/7/1881).
54) Kyk p. 20.
55) II, 11/1/10, 208/1882: Beskermer se Jaarverslag vir 1881, d.d. 16/2/1882; II, 11/1/13, 410/1883: Beskermer aan Landmetergeneraal, d.d. 6/7/1883; II, 11/1/13, 595/1883, Beskermer aan Koloniale Sekretaris; II, 11/1/1, 1882: Beskermer se Jaarverslag vir 1882, d.d. 8/2/1883; GH 40, 339, Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, d.d. 19/7/1881; GH 44, 220, Britse Minister van Kolonies aan Luitenant-goewerneur, d.d. 20/4/1882.
56) II, 11/1/50, 975/1889: Beskermer aan Resident-magistraat, Alexandra Graafskap, d.d. 13/9/1889.
57) II, 11/1/12, 136/1883: Emigrasieagent, Kalkutta, aan Beskermer, d.d. 8/1/1883; Kyk ook Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 14/3/1883.

mark geleë was, sowat sestig myl van Durban. Indiërs wat sulke grondtoekennings ontvang het, het dit verkoop en dan gewoonlik plotte naby Durban gekoop.[58)]

Aanvanklik het sommige blankes en selfs The Natal Mercury dit verwelkom dat Indiërs stukkies grond van sowat 'n halwe acre rondom die buitewyke van Durban huur en die stad van noodsaaklike vars vrugte en groente voorsien.[59)] Later (in 1887) het die binnelanders te Pietermartizburg dit ook verwelkom.[60)] Hoewel die Durbanse stadsraad vroeg in 1880 bekommerd was oor die onhigiëniese wyse waarop groot getalle Indiërs saamgehok op die plotte saamleef, het die Natallers oor die algemeen geen beswaar teen Indiërsmouse gehad wat vars groente en vrugte voorsien nie.[61)] In dié opsig het die Indiërs 'n nuttige doel gedien, want die blankes het versuim om self sulke produkte te kweek, dog dié voordeel weeg nie voldoende op teen die nadelige gevolge van Indiër-immigrasie nie, soos bv. die verergering van Natal se rassekompleks.

Dikwels het meeste van die kontrakarbeiders hul met vrywording op landbou toegelê.[62)] Vrye Indiërs het aansienlike groot stukke grond

---

58) Beskermer se Jaarverslae vir 1881 en 1882; II, 11/1/13, 595/1883: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 6/7/1883.

59) II, 11/1/4, 252/1878: Beskermer se Jaarverslag vir 1877, d.d. 18/2/1878. Die Indiërs wat wel grond bekom het, het spoedig bewys dat hul geweet het om die beste gebruik daarvan te maak. So skryf The Natal Mercury byvoorbeeld in Oktober 1878: „The value of Indian immigration at any rate to the coast lands of Natal, is best evidenced by the fact that Durban depends for its supplies of vegetables entirely upon the industry of these people. Were they not here the town would be devoid of these household necessaries, instead of having them in plentiful supply; nor is this all. The 'Western Vlei', which used to be a noisome swamp, has been converted by coolie growers into a productive garden ground, and they would do the same for the Eastern Vlei were they allowed. They are already developing industries of a more important character by the cultivation of beans, corn, tobacco and exportable products and in the absence of any successful system of European immigration, they prevent the Colony from drifting back. They can exist and thrive upon patches of ground that could never sustain a European family, and they turn to account substances and products that would be wasted were it not for them" (The Natal Mercury d.d. 21/10/1878).

60) II, 11/1/37, 78/1887: Onderbeskermer se Jaarverslag vir 1886.

61) Die waarde van Indiërs as landbouers is egter aan bande gelê deur die wyse waarop hul die grond bewoon het. So bv. het die burgemeester van Durban, mnr. Titren, in Februarie 1880 die aandag gevestig op „the injury likely to result from letting of small plots of land to coolies, which will become covered with dwellings, and inhabited by families so careless of all sanitary laws that they will keep rotten vegetables about the place exposed to the sun until they begin to ferment in heaps of manure - the malodour arising being most injurious to health. This is a matter that should be looked to, so as to prevent an outbreak of fever, or some other disease, in our midst" (The Natal Mercury, d.d. 7/2/1880).

62) In sy jaarverslag vir 1882 verklaar die Beskermer dat die meerderheid

gehuur, veral in gebiede soos in die Victoria-Graafskap, langs die Natalse Noord- en Suidkus, Sydenham en Springfieldvlakte.[63] Die Beskermer het in dié verband in 1882 verklaar: „Every year more land is taken up as lease by Indians ... the man who was yesterday a labourer becomes an employer competing with his late master". In 1878 was die Indiërs reeds die grootste produsente van mielies in die Victoria-Graafskap.[64] Teen 1882 was die verbouïng van mielies, tabak en groente langs die Natalse kus hoofsaaklik in Indiërs se hande.[65] Vier jaar later (1886) het hul ook 'n groot hoeveelheid suikerriet langs die kus, by Sydenham en Springfield-vlakte verbou.[66] In 1887 het die Indiërs die volgende produkte geproduseer: 13,161 mud boontjies; 69,086 mud mielies; 3,638 mud aartappels; 1,124 mud kafferkoring; 257½ ton pampoene; 33,200 kwt. suiker; 7,791 mud patats en 150,106 lb. tabak (die produkte se waarde was ongeveer £67,384).[67]

Die Indiërs se vooruitgang op landbougebied het die blankes op die duur so verontrus dat teen 1900 allerlei onregverdige pogings aangewend is om te voorkom dat verdere kroongrond aan Indiërs toegesê word.[68]

van die 1716 kontrakarbeiders wat in dié jaar vry geword het, hul op landbou toegelê het.

63) II, 11/3/23, Boek 1, pp. 345 - 346: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/1/1896.

64) The Natal Mercury, d.d. 9/4/1879: From Our Correspondent, d.d. 7/4/1879.

65) Beskermer se Jaarverslag vir 1882.

66) II, 11/3/23, Boek 1, pp. 345 - 346: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 24/2/1896; die gegewens van 1886 is in hierdie brief vermeld.

67) Kyk hoofstuk 14, p.417.

68) Na aanleiding van besware wat geopper is dat 'n Indiër, J. Mahomed van Port Shepstone, 'n sekere erf nr. 35 van 'n blanke, H. E. Barnes, wou koop, het die Landmeter-generaal in Oktober 1900 soos volg verduidelik: „There are no restrictions in the Land Regulations. There have, of course, been objections raised to the sale of lands to Indians by more than one village community, and I have, therefore, on one or two occasions sold village erven subject to confirmation of the sale by the Government, but only in one case has an Indian been thereby debarred from purchasing land. I have also on two or three occasions declined to record cession of contract of sale from a European to an Indian". In die geval van Mahomed verduidelik die Landmeter-generaal soos volg: „I was not prepared to agree to the substitution of an Indian for a European as one of the parties to a contract of sale and purchase of land. There are, of course, precedents for declining to agree to the cession of contracts of sale to Indians" (CSO 1661, 8658/1900 Landmeter-generaal aan Minister van Lande en Werke, d.d. 31/10/1900). Nogtans het die Natalse Koloniale Sekretaris verkeerdelik aan Gandhi (namens Mahomed) te kenne gegee dat daar nie teen Indiërs gediskrimineer is ten opsigte van die verkryging van kroongrond nie. Volgens die Koloniale Sekretaris „the Regulations place no obstacle in the way of the purchase of crown lands by Indians, and the Department of Lands and Works has recorded and acted upon application for land by Europeans, Indians and Natives without any regard". Volgens die Koloniale Sekretaris is Indiërs in verskeie Natalse dorpe wel toegelaat om grond te bekom en selfs in ten minste twee plattelandse gebiede (CSO 1661, 8658/1900: Koloniale Sekretaris aan M. K. Gandhi, d.d. 7/11/1900). In 1883 het ook 'n geval voorgekom waar die Durbanse stadsraad geweier het

Die blankes het die wedywering van die Indiërs op landbougebied in dieselfde lig beskou as hul wedywering op handelsgebied. Dit het dus hier nie gegaan oor Indiërs wat 'n nuttige doel gedien het om vars groente en vrugte vir die stedelike markte te voorsien nie, maar wel oor welvarende Indiërs wat op groot skaal met blankes gekonkureer het met die kweek van produkte wat voorheen slegs die prerogatief van die blankes was. Daarom is in die Natalse laerhuis verklaar dat „the small farmer would be squeezed out exactly as the small shop-keeper was being".[69]

Dit was moeilik om by wyse van wetgewing teen die Indiërs op landbougebied te diskrimineer, maar uiteindelik is nogtans daarin geslaag deur middel van die inkomste- en grondbelasting van 1908. Daardeur is 'n hoë belasting op blanke grondeienaars gelê wat hul grond wat geskik was vir blanke-okkupasie aan Indiërs en Bantoes te verhuur.[70] Op dié wyse is die Indiërs se landboubedrywighede aan bande probeer lê. Nogtans het 21,805 vrye Indiërs reeds in 1887 altesaam 25,340 acres in Natal besit.[71]

7. Indiërhandelaars.

Die vraag of die Indiërs Natal op handelsgebied bevoordeel het, is reeds in 'n sekere mate in die vorige hoofstukke behandel. Die Wragg-kommissie het in 1887 bevind dat die Indiër se wedywering op handelsgebied Natal bevoordeel, terwyl die Clayton-kommissie van 1909 tot die teenoorgestelde gevolgtrekking gekom het.[72]

Feit is dat Natal nie die Indiërs as handelaars verwelkom het nie, maar eintlik slegs in hul arbeid belang gestel het. Dit is wel waar, soos die Wragg-kommissie tereg aangetoon het, dat die Indiërs deur hul handelsmededinging die pryse van goedere in Natal laag gehou het, maar ten tye wat die Wragg-kommissie sy verslag gelewer het, het die Indiërhandelaars nog nie met hul politieke maneuvrering te voorskyn gekom nie. Vanaf die neëntigerjare het dié handelaars bewys dat hulle

---

dat H. Escombe wat grond van die stadsraad gehuur het, dit aan Indiërs onderverhuur. Die stadsraad was, volgens die Prokureur-generaal, nie geregtig om onderverhuring aan Indiërs te weier terwyl dit aan blankes wel toegestaan is nie (II, 11/1/13, 530/1883: Prokureur-generaal se verslag, d.d. 30/8/1883).

69) Verder is verklaar „that the Indian farmers were impoverishing the soil and rendering the country unsightly by their methods of getting the most out of a piece of land without using fertilizers and then moving on to another twenty acres or so" (aangehaal deur Adamson, op. cit., 59).

70) Adamson, op. cit., 60; II, 11/3/27, Boek 1, pp. 652 - 655: Beskermer aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 28/11/1899.

71) Kyk hoofstuk 14, p. 417.

72) Kyk hoofstuk 14, p. 427.

ook politieke leiers was wat vir die Indiërs se politieke regte gestry het en dit het nadelige politieke gevolge vir Natal in besonder en vir Suid-Afrika as geheel gehad.[73]

8. <u>Die betekenis van Natalse Indiërs op militêre gebied</u>.

Toe die kwessie van 'n Indiese militêre mag vir Natal in 1877 ter sprake gekom het, het sowel die voordele as die nadele daaraan verbonde onder die soeklig gekom.[74]

Die kwekers was nie ten gunste van 'n Indiërkorps vir Natal nie. Die vernaamste besware was dat dit groot finansiers onwillig sou maak om kapitaal in Natal te belê omdat dit die indruk sou skep dat die Indiërs moes help teen 'n dreigende Bantoe-oorlog. Om dieselfde rede sou dit ook blanke immigrasie belemmer. Dit sou verder meebring dat die kwekers sonder voldoende Indiërarbeid op die plantasies moes voortgaan en kon ook daartoe lei dat Indiërs hul goeie gewoonte om tuin te maak, kwytraak. Daar het ook twyfel oor die Indiërs se lojaliteit in tye van oorlog bestaan.[75]

Weens die ongunstige reaksie van die kwekers het die Natalse regering vir eers besluit om nie so 'n Indiërkorps in die lewe te roep nie, maar teen die einde van 1877 het beide <u>The Natal Mercury</u> en die <u>Victoria Planters' Association</u> ten gunste van so 'n korps te voorskyn getree.[76]

<u>The Natal Mercury</u> het beklemtoon dat dit nodig was om die Indiërs op militêre gebied op te lei sodat hul saam met die blankes moes staan om die magsewewig teen die Bantoes te handhaaf. Die blad was daarvan oortuig dat die Natalse Indiërs militêre opleiding sou verwelkom. Die besware wat teen 'n Indiërkorps geopper is, het <u>The Natal Mercury</u> verwerp. Die blad se standpunt was dat aangesien die hele Natal in gevaar verkeer

---

73) Kyk p. 203 en verder.

74) II, 11/1/2, 73/1877: J. Aiken aan Beskermer, d.d. 19/3/1877. Reeds in 1875 is deur Wet 25 voorsiening vir die skepping van 'n Indiërkorps gemaak, maar daaraan is nooit uitvoering gegee nie (Vir die betrokke wet kyk <u>Ordinances, Laws and Proclamations of Natal, 1870 - 78</u>).

75) Ibid. Uit 'n omsendbrief wat in dié verband aan al die kwekers gestuur is, het dit geblyk dat die kwekers nie vir so 'n plan te vinde was nie. Onder die sewentien antwoorde wat die Beskermer van die kwekers ontvang het, was slegs vier ten gunste van 'n Indiërkorps. Van laasgenoemde vier was slegs twee ten gunste van so 'n korps op sekere voorwaardes. Die belangrikste voorwaarde was dat die kweker wat Indiërarbeiders as gevolg van die plan verloor, daarvoor vergoed moes word.

76) II, 11/1/2, 73/1877: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/3/1877; <u>The Natal Mercury</u>, d.d. 1/12/1877 en 25/3/1878.

het, die Indiërs tog sou moes leer om huiself te verdedig. Die blad het ook gemeen dat aangesien 'n Zoeloe-regiment reeds bestaan, daar geen rede was waarom 'n Indiërkorps nie ook in die lewe geroep kon word nie.[77]

Uiteindelik is wel 'n klein Indiërkorps gestig bestaande uit neëntig manskappe onder kapteins A. E. Mackintosch en Davies en luitenante Hellier en Manning. Hierdie korps wat aan die Zoeloe-oorlog deelgeneem het, was blykbaar beperk omdat die kwekers se standpunt gewig gedra het. Nietemin was die skepping van die Indiërkorps 'n sukses; die Bevelvoerder Mackintosch het bv. na die manskappe verwys as „steady and respectable men".[78] Die aandeel van die Indiërs in die Zoeloe-oorlog was egter uiters gering, want die Britse regering het die sending van 'n militêre eenheid wat die Indiese regering bereid was om tydens die Zoeloe-oorlog te stuur, geweier.[79]

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het die Indiërs 'n veel groter rol aan Britse kant gespeel. Afgesien van 5,154 Indiërs wat tydens die oorlog op een of ander wyse aan die Natalse hospitale verbonde was, het die Britse militêre owerheid vroeg in 1900 altesaam 2974 Indiërs, waaronder sowat 2000 waterdraers na Natal gestuur.[80] Daar is ook 285 Indiërtroepe

---

77) The Natal Mercury, d.d. 2/1/1879 en 28/1/1879.
78) II, 11/1/7, 790/1880: A. F. Mackintosch aan Beskermer, d.d. 5/7/1880.
79) The Natal Mercury, d.d. 13/3/1879; kyk p. 71.
80) CSO 1652, 5227/1900: Koloniale Sekretaris aan Agent-generaal vir Natal, Westminister, d.d. 23/7/1900. Nadat lord Roberts in Februarie 1900 op die noodsaaklikheid van waterdraers vir die oorlogspoging gewys het, is hierdie Indiërs deur die War Office na Natal versend. Aanvanklik was die Indiërs hoofsaaklik aan die Natalse veldmagte verbonde, maar namate die oorlog na die Transvaalse gebied verskuif het, het die Indiërs by talryke hospitale buite Natal se grense diens gedoen. Sowat sestig van hierdie Indiërs het op die sogenaamde Tonga-trein gewerk, 'n ambulans-trein wat deur 'n welgestelde Indiër vir die oorlogspoging geskenk is. Volgens kapt. Leumann, voorsitter van die Natalse Indiër-siekedraersfonds, het 770 Indiërsiekedraers, 916 muildrywers, 298 verbonde aan die kommissariaat en 196 aan die artillerie met die Britse magte van Indië gekom (CSO 1652, 5227/1900: Koloniale Sekretaris aan Agent-generaal vir Natal, Westminister, d.d. 23/7/1900). Verder het maj. Wickham te Ladysmith (Januarie 1900) 'n korps van Indiërgrassnyers georganiseer om die diere van voldoende voedsel te voorsien, terwyl ander Indiërs groente verbou het om Britse troepe te Ladysmith van waardevolle en gesonde voedsel te voorsien (The Times of the War in South Africa, 1899 - 1902. Londen, Low Marston, Printed by William Clowes, 1900, Eerste Druk, vol. 4, pp. 522 - 524.

saam met Britse troepe van Indië af versend.[81]

Die groot meerderheid van die Indiërs wat aktief aan die oorlog deelgeneem het, het egter as siekedraers opgetree, veral sowat 800 kontrakarbeiders en 300 vrye Indiërs onder leiding van M.K. Gandhi.[82] Hoewel die Indiërs dus eintlik nie aktief aan die gevegte deelgeneem het nie, was hul tot groot nut vir die Britse magte om na die gewondes om te sien. Hoewel hulle slegs 4 d. per dag vergoeding ontvang het, het die

---

81) CSO 1652, 5227/1900: Koloniale Sekretaris aan Agent-generaal vir Natal, Westminister, d.d. 23/7/1900.

82) Op 19 Oktober 1899 het Gandhi die Natalse regering in kennis gestel dat sowat honderd Indiërs gewillig was om sonder betaling te help as siekedraers en dat Indiërhandelaars onderneem het om die familie van die siekedraers tydens hul velddienste te onderhou (CSO 1633, 9294/1899: M. K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d.19/10/1899). Die Natalse regering en die Natalse kommandant van die Vrywilligermagte het Gandhi se aanbod aanvaar (CSO 1633, 9294/1899: J. Hyslop aan Hoof-Mediese Beampte, Ladysmith, d.d. 31/10/1899). Die eerste praktiese stap was om die Indiërs behoorlik as siekedraers op te lei, 'n taak wat deur dr. P. Booth van Durban aangepak is. Die organisering van die Indiër-ambulanskorps is deur die Departement van Publieke Werke onder leiding van kol. M. Gallwey onderneem (CSO 1633, 9585/1899: M. K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/12/1899; kyk ook M. Gallwey aan G.O.C., S. of C. (sic) d.d. 11/12/1899, en Booth aan Hoof-Ondersekretaris, d.d. 11/12/1899). Die volgende Indiërs is daarop as leiers van die Indiër-ambulanskorps aangestel wat hoofsaaklik by die Frere-kamp onder leiding van P. Clarence diens gedoen het: M. K. Gandhi, H. L. Paul, A. H. Peters, R. K. Kahn, Parsee Dhanjisha, P. C. Cooper, J. Godfrey, R. Boghwan, P. Peter, W. P. Dhunde, V. Lawrence, L. Gabriel, G. D. Harry, R. Govinder, S. Shadrack, Ramtahan, P. K. Naidoo, A. Singh, S. N. Richards, M. S. Lutchmanpanday, J. Royppen, J. Christopher en C. Stevens (CSO 1633, 9585: M. K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 15/12/1899; kyk ook 9294: Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/10/1899). Sowat sestig Indiërs het op 19 Desember 1899 by die militêre hospitaal te Fort Napier diens aanvaar (II, 11/1/95, I 1988/1899: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/12/1899). Sowat vyftig Indiërs het by die hospitaalkamp te Glencoe en Modderspruit diens gedoen (II, 11/3/28, Boek 1, p. 246: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1900; II, 11/1/97, I 862/1900: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1900). By die Intombi-kamp naby Ladysmith was daar sowat 2470 Indiërs waarvan 56 siekedraers was (The Times History of the War in South Africa, 1899 - 1902, vol. IV, pp. 516 - 518). Teen 22 Januarie 1900 was die organisasie van die Indiër-Ambulanskorps voltooi (II, 11/3/27, Boek 2, p. 154: Beskermer aan Superintendent van Indiër-Ambulanskorps, Estcourt, d.d. 22/1/1900). Volgens Gandhi het die Indiër-Ambulanskorps waardevolle diens verrig met die redding van gewondes by Spioenkop (Gandhi, M.K. An Autobiography, The story of My Experiments with Truth, Vertaal in Goedjarati deur M. Desai, Londen, Phoenix Press, 1949, p. 180). As gevolg van hul waardevolle diens is daar onder leiding van kapt. Leumann 'n siekedraersfonds in die lewe geroep. Die Britse blad Globe het 'n bedrag van £1400 vir dié fonds ingesamel (CSO 1652, 5227/1900: Koloniale Sekretaris aan Agent-generaal vir Natal, Londen, d.d. 23/7/1900).

Natalse Indiërs volgens Gandhi verkies om sonder betaling as siekedraers op te tree om sodoende hul lojaliteit teenoor die Britse kroon te bevestig;[83)] nogtans het Gandhi erken dat sy werklike simpatie aan Boere-kant was.[84)]

Gandhi se beleid ten opsigte van die Indiërs se aandeel aan die Tweede Vryheidsoorlog was dus opportunisties van aard. Die hulp wat hy verleen het om die siekedraers te organiseer, was nie omdat hy geglo het dat die Britte reg gehad het om die oorlog te voer nie, maar om vir die Britte, veral die Natalse Engelse, meer simpatiek teenoor die Indiërs van Natal te stem.

Die aanwesigheid van groot getalle Indiërs in Noord-Natal, 'n gebied wat deur die Boeremagte beset is, was egter vir Natal eerder 'n nadeel as 'n voordeel. In sommige gevalle het die Indiërs in Noord-Natal selfs by die Boeremagte aangesluit.[85)] Op 24 Januarie 1900 het die Beskermer gerapporteer dat die Natalse steenkoolmyne in die hande van die Boere was en dat die Indiërs wat in dié gebied gewerk het, rond versprei is.[86)]

83) Gandhi het die Indiërs se bereidwilligheid om met die Engelse oorlogspoging te help soos volg omskryf: „We do not know how to handle arms. It is not our fault; it is perhaps our misfortune that we cannot but it may be there are other duties no less important to be performed on the battle-field and no matter of what description they may be we would consider it a privilege to be called upon to perform them .... The offer is meant to be an earnest (sic) of the Indian Loyalty" (CSO 1633, 9294/1899: M. K. Gandhi aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/10/1899; CSO 1652, 5227/1900: Koloniale Sekretaris aan Agent-generaal vir Natal, Westminister, d.d. 23/7/1900).

84) In sy lewensbeskrywing het Gandhi verklaar: „When the war was declared, my personal sympathies were all with the Boers, but I believed then that I had yet no right, in such cases, to enforce my individual convictions" (Gandhi, An Autobiography, op. cit., p. 179).

85) Kort na die uitbreek van die oorlog is 230 Indiërs wat op die steenkoolmyne (Elandslaagte, Natal Navigation en Dundee) werksaam was, deur die Boeremagte gevang. Hulle is later van die Frere-militêre-kamp na Durban gestuur. Die Beskermer het vasgestel dat die berigte wat in The Natal Mercury en The Natal Advertiser verskyn het insake die mishandeling van die betrokke Indiërs deur die Boere onwaar is. Volgens die Beskermer het die Boere die Indiërs goed behandel (II, 11/3/27, Boek 2, pp. 711 - 713: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/12/1899; II, 11/1/95, I1961/1899: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 13/12/1899; The Natal Mercury, d.d. 11/12/1899; The Natal Advertiser, d.d. 8/3/1899). Sommige Indiërs het egter ook omgekom toe die Boere Noord-Natal binnegeruk het (II, 11/3/27, Boek 2, p. 583: Beskermer aan Sekretaris, Trustraad, d.d. 10/4/1900; II, 11/3/27, Boek 2, p. 716: Beskermer aan Trustraad, d.d. 30/4/190 Dikwels het die Indiërs verkies om by die Boeremagte aan te sluit in stede daarvan om saam met hul werkgewers voortdurend te vlug. So bv. het mnr. W.L. Lee van die Lennoxton-steenkoolmyn te Newcastle met sy 23 Indiërs na Dundee gevlug om uit die hande van die oprukkende Boere te bly, maar toe die Boere na Dundee opgeruk het, wou die 23 Indiërs nie verder saam met mnr. Lee vlug nie. Uiteindelik het hulle weer by die Britse militêre magte beland (II, 11/3/28, Boek 1, pp. 751 753: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/9/1900).

86) II, 11/3/27, Boek 2, p. 180: Beskermer aan Emigrasieagent, Kalkutta, d.d. 24/1/1900.

Hoewel die meerderheid van die kontrakarbeiders weer na hul regmatige werkgewers teruggekeer het nadat die Britse magt Natal ontset het, het sommige Indiërs verkies om by die Britse militêre magte, of selfs by die Boeremagte, te bly totdat hul kontrakperiode feitlik verstreke was. Dit was baie moeilik vir die Natalse regering om die Indiërs ooreenkomstig Wet 25/1891[87] te verplig om na hul werkgewers terug te keer.[88] In dié verband het die Prokureur-generaal verklaar: „The situation was created by the war, not by the men's fault".[89] Die Beskermer het alle moontlike hulp verleen om Indiërs weer na die ontsetting van Natal by hul regmatige werkgewers te laat uitkom. Die Beskermer het permitte, met die goedkeuring van die militêre owerheid, uitgereik om hul per trein na hul werkgewers te laat reis.[90] Die teenwoordigheid van die Indiërs op die Natalse steenkoolmyne gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was dus vir die Natalse owerheid 'n bron tot groot kommer. Die werkgewers moes nog altyd hul finansiële verpligtinge ten opsigte van hul kontrakarbeiders nakom, ondanks die feit dat hul weens oorlogsomstandighede nie hul dienste verkry het nie.[91]

Hoewel die aantal Indiërs wat tydens die Bambata-rebellie in 1906 onder leiding van Gandhi by die ambulanskorps aangesluit het om die Britse magte te ondersteun, uiters gering was, slegs sowat 24, is dit weer eens betekenisvol dat Gandhi besluit het om die Britte te ondersteun, ondanks

---

87) Wet 25/1891, art. 33, Natal Laws, 1890 - 1894.
88) II, 11/3/28, Boek 2, pp. 614 - 615: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 19/1/1901.
89) Die Prokureur-generaal het in September 1900 in die geval van mnr. W.L. Lee beslis dat die Beskermer nie teen die Indiërs wat geweier het om verder as Dundee saam met hom te vlug, kon optree nie. Volgen die Prokureur-generaal: „I could not direct a prosecution for absence from work because they did not accompany their master in his flight. Nor should the Protector give Mr. Lee any assistance in attempting to recover a proportion of their passage money ... if Mr. Lee thinks he has any claim upon them he must act for himself and not through the Protector's Office" (II, 11/1/98, I 1314/1900: Prokureur-generaal aan Koloniale Sekretaris, d.d. 25/9/1900).
90) II, 11/3/27, Boek 2, p. 718: Beskermer aan Offisier-in-Bevel van die Kommunikasielyn, d.d. 30/4/1900. In Junie 1900 het mnr. W. L. Lee van Newcastle toestemming van die Beskermer verkry om 35 van sy kontrakarbeiders in die omgewing van Ladysmith op te spoor met die doel om hul na die steenkoolmyne te Newcastle terug te bring (II, 11/3/2 Boek 1, p. 146: Beskermer aan Kommandant, Durban, d.d. 5/6/1900). Daar was ook nog in Junie 1900 sowat vyftig Indiërs van die Dundee-steenkoolmyne in die militêre kampe Glencoe en Moddersspruit werksaam Die Dundee-steenkoolmaatskappy het ook die hulp van die Beskermer ingeroep om hul na die myne te laat terugkeer (II, 11/3/28, Boek 1, p. 246: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 22/6/1900).
91) II, 11/3/28, Boek 1, pp. 751 - 753: Beskermer aan Koloniale Sekretaris, d.d. 18/9/1900.

die feit dat hy geen gegronde rede vir optrede teen Zoeloes gehad het nie.[92]

Die besluit.

Om 'n duidelike beeld van die Indiërvraagstuk in Natal te bekom, is dit nodig om die soeklig op die kwekers te laat val, want die kwekers was die spil waarom die suikerbedryf gedraai het.

Die suikerkwekers was geslepe sakemanne wat hoofsaaklik aan die politiek deelgeneem het om hul eie belange te bevorder. Hulle het verkies om hul doel te bereik deur die twee Natalse politieke partye, naamlik die progressiewes, hoofsaaklik die Durbaniete, en die konserwatiewes, hoofsaaklik binnelanders, teen mekaar af te speel. Die kwekers het hul politieke rol op behendige wyse gespeel en het selfs met kort tussenposes daarin geslaag om die politieke teuels in die hande te kry. Hulle geliefkoosde optrede was om dié wat wel regeer het, by hul om hulp te laat aanklop, en dus hul invloed op dié wyse te laat geld.

Aanvanklik het die kwekers groot steun van die Britse regering en die kroonverteenwoordigers in Natal ontvang omdat Britse kapitaal by die suikerbedryf betrokke was. Om Britse kapitaal te beskerm, moes die Britse regering toesien dat voldoende en geskikte arbeiders vir die suikerbedryf verkry word, al was dit Indiërs. Britse staatsmanne het koud gestaan teenoor die rassekompleks in Natal omdat hul nie self daarmee moes saamleef nie en dit ook nie voldoende begryp het nie.

Daar was ook ander faktore wat in die hande van die kwekers gespeel het. Die anti-Indiërbeweging se ondersteuners in Natal het te dikwels van standpunt verander om enige betekenisvolle politieke rol in Natal te speel en daar is aanduidings dat die taktvolle optrede van die geslepe kweker-verteenwoordigers in die Natalse parlement 'n rol gespeel het om die doeltreffendheid van die anti-Indiërbeweging te ondermyn. Dit was hoofsaaklik om dié rede dat die tweede immigrasieskema vir byna veertig jaar volgehou is.

Die kwekerverteenwoordiger Clayton het in 'n sekere mate gelyk gehad dat dit verkeerd sou wees om blanke immigrante op die suikerplantasies te gebruik in stede van Indiërs omdat die blankes hulself bespotlik

---

92) Gandhi, An Autobiography, op. cit., pp. 261 - 263.

sou maak om saam met die nie-blanke rasse op die plantasies dieselfde werk te doen. Dit was egter nog geen regverdiging om Indiër-immigrante op ongekende skaal te bly invoer nie, terwyl dit heeltemal moontlik is dat die aantal Indiërs wat reeds vóór die Tweede Vryheidsoorlog in Natal was, in staat behoort te gewees het om voldoende Bantoes vir die plantasiewerk op te lei. Dit is nooit beproef nie omdat dit vir die kwekers deur staatshulp maklik gemaak is om goedkoop Indiërarbeid van oorsee in te voer. Dit was eintlik die groot aantal Indiërs wat Natal ná die Tweede Vryheidsoorlog binnegestroom het wat die Indiërvraagstuk geskep het, en dit was onnodig.

'n Ander faktor wat daartoe bygedra het dat die Indiërvraagstuk nie deur Natalse staatsmanne opgelos kon word nie, was die stelsel van parlementêre verteenwoordiging. Vóór 1893 het die kroonverteenwoordigers gesorg dat die kwekers tevrede gestel word. Vanaf 1893, nadat verantwoordelike bestuur ingestel is, was die stelsel van verteenwoordiging sodanig dat Durban waar die grootste bevolking saamgetrek en die anti-Indiërbeweging later die sterkste verteenwoordig was, nie behoorlik in die laerhuis verteenwoordig was nie.

Verder is dit duidelik dat die meerderheid van die blankes in Natal wel teen die toeloop van Indiër-immigrante gekant was, maar dat hul werklik nie eintlik van hul Indiërarbeiders, as huisbediendes of fabriekwerkers of plaasarbeiders, wou afsien nie. Dit is een van die redes waarom die Indiërvraagstuk nie in Natal betyds opgelos kon word nie. Dit kan vir ons vandag (1969) wat met 'n soortgelyke Bantoe-probleem in ons stede te doen het, 'n les inhou.

Die tweede immigrasieskema was wel verantwoordelik dat 'n Indiër van latere wêreldfaam, Mahatma Gandhi, op die Natalse toneel verskyn het, maar of dit in belang van Natal in besonder, of van Suid-Afrika as 'n geheel was, is sterk te betwyfel. Eintlik gaan dit nie oor die regte wat Gandhi vir die Indiërs in Natal verkry het nie, maar dit was slegs 'n aanduiding dat Natal besig was om 'n verkeerde beleid te volg; die res van Suid-Afrika het dit geweet, nie net Gandhi nie. Dit gaan wel oor die oorheersende rol wat die suikerkwekers toegelaat was om in Natal te speel deur 'n onbeperkte aantal Indiërs na Natal te laat stroom en daardeur Natal se rassekompleks verder te bemoeilik. Die voordele van die tweede Indiër-immigrasieskema kan nouliks opweeg teen die verergering van Natal se rassekompleks met sy honderd-duisende Bantoes.

# BYLAE A.

## AANTAL INDIËRDROSTERS

### JAARTAL: 1877.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 5 | II, 11/1/2, R237/1877: Prokureur-generaal aan Beskermer, d.d. 11/6/1877. |
| 1 | II, 11/1/2, R275/1877: P. Davidson aan Beskermer, d.d. 6/7/1877. |
| 1 | II, 11/1/3, R368/1877: C. J. Saner aan Beskermer, d.d. 25/8/1877. |
| 1 | II, 11/1/3, R394/1877: Morth aan Beskermer, d.d. 12/9/1877. |
| 1 | II, 11/1/3, R477/1877: Resident-magistraat, Estcourt, aan Resident-magistraat, Pietermaritzburg, d.d. 25/10/1877. |
| 1 | II, 11/1/3, 582/1877: Bestuurder Redcliffe landgoed aan Beskermer, d.d. 17/12/1877. |
| 2 | II, 11/1/4, 74/1877: C. Barter, Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 17/12/1877. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1877: 12

### JAARTAL: 1878.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/4, 201/1878: Bestuurder, Umgeni Suiker, koffie en Produkte Maatskappy, aan Beskermer, d.d. 16/2/1878. |
| 1 | II, 11/1/4, 358/1878: H. McIntosh aan Beskermer, d.d. 21/3/1878. |
| 1 | II, 11/1/4, 420/1878: Beskermer aan Resident-magistraat, Estcourt, d.d. 6/4/1878. |
| 1 | II, 11/1/4, 523/1878: John Arnold aan Beskermer, d.d. 20/4/1878. |
| 1 | II, 11/1/4, 709/1878: Bestuurder van Sacharine Hill Estate, aan Beskermer, d.d. 28/5/1878. |
| 1 | II, 11/1/4, 751/1878: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 13/6/1878. |
| 1 | II, 11/1/4, 791/1878, G. Sinclair Smith aan Beskermer, d.d. 19/6/1878. |
| 5 | II, 11/1/4, 889/1878: Beskermer aan Resident-magistraat, Pietermaritzburg, d.d. 18/7/1878. |
| 1 | II, 11/1/5, 969/1878: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 7/8/1878. |
| 1 | II, 11/1/5, 1030/1878: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 19/1/1878. |
| 1 | II, 11/1/5, 1247/1878: Bestuurder, Reunion-landgoed, aan Beskermer, d.d. 21/10/1878. |

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/1878, 1267/1878: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 21/10/1878. |
| 2 | II, 11/1/5, 1299/1878: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 23/10/1878. |
| 1 | II, 11/1/5, 1323/1878: Bestuurder, Canonlandgoed, aan Resident-magistraat, Alexandra, d.d. 30/10/1878. |
| 1 | II, 11/1/5, 1407/1878: Resident-magistraat, Umgeni, aan Beskermer, d.d. 18/11/1878. |
| 1 | II, 11/1/5, 1409/1878: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 15/11/1878. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1878: 22

JAARTAL: 1879.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/5, 102/1879: J. Arnold, Springfield, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 4/2/1879. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1879: 1

JAARTAL: 1880.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 3 | II, 11/1/6, 619/1880: Resident-magistraat, Umgeni, aan Beskermer, d.d. 19/5/1880. |
| 1 | II, 11/1/7, 704/1880: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 11/6/1880. |
| 1 | II, 11/1/7, 739/1880: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 25/6/1880. |
| 1 | II, 11/1/7, 785/1880: T. Cook, Bestuurder, Cato Manor-Landgoed, aan Beskermer, d.d. 6/7/1880. |
| 1 | II, 11/1/7, 405/1880: Beskermer aan Resident-magistraat, Pietermaritzburg, d.d. 21/7/1880. |
| 2 | II, 11/1/7, 906/1880: Resident-magistraat, Kliprivier-afdeling, aan Resident-magistraat, Pietermaritzburg, d.d. 5/8/1880. |
| 1 | II, 11/1/7, 529/1880: Resident-magistraat, Umgeni-afdeling aan Beskermer, d.d. 26/8/1880. |
| 1 | II, 11/1/7, 1045/1880: Resident-magistraat, Laer-Tugela-afdeling aan Beskermer, d.d. 15/9/1880. |

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/7, 1138/1880: Resident-magistraat, Umgeni, d.d. 16/10/1880. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1880: 12

JAARTAL: 1881.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 5 | II, 11/1/8, 90/1881: Resident-magistraat, Ixopo, aan Beskermer, d.d. 25/1/1881. |
| 2 | II, 11/1/8, 108/1881: Beskermer aan Staatsaanklaer, d.d. 26/1/1881. |
| 1 | II, 11/1/8, 447/1881: Beskermer aan Resident-magistraat, Pietermaritzburg, d.d. 6/5/1881. |
| 2 | II, 11/1/8, 451/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 11/5/1881. |
| 1 | II, 11/1/8, 497/1881: Resident-magistraat, Umgeni, aan Beskermer, d.d. 9/6/1881. |
| 1 | II, 11/1/8, 507/1881: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 27/6/1881. |
| 2 | II, 11/1/8, 307/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 14/6/1881. |
| 1 | II, 11/1/8, 576/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 17/6/1881. |
| 1 | II, 11/1/8, 608/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 28/6/1881. |
| 1 | II, 11/1/8, 699/1881: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 21/7/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 934/1881: Henry Binns aan Beskermer, d.d. 22/9/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1052/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 18/10/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1071/1881: Resident-magistraat, Stanger, aan Beskermer, d.d. 10/10/1881. |
| 2 | II, 11/1/9, 1098/1881: Vrederegter, aan Beskermer, d.d. 5/12/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1121/1881: Resident-magistraat, Umvoti-Distrik, aan Beskermer, d.d. 28/10/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1141/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg-Stad, aan Beskermer, d.d. 16/11/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1150/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg-Stad, aan Beskermer, d.d. 26/11/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1222/1881: Beskermer aan Resident-magistraat, Umvoti, d.d. 21/12/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1222/1881: Beskermer aan Resident-magistraat, Umvoti, d.d. 21/12/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1230/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 30/12/1881. |
| 2 | II, 11/1/9, 1230/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 5/12/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 881/1881: Besturende Direkteur, Natal Central Sugar Co. Ltd., aan Beskermer, d.d. 7/9/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 897/1881: Resident-magistraat, Stanger, aan Beskermer, d.d. 10/9/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 927/1881: H. Blaker aan Beskermer, d.d. 1/9/1881. |
| 1 | II, 11/1/9, 1085/1881: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 4/11/1881. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1881: 33

JAARTAL: 1882.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/10, 217/1882: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 20/4/1882. |
| 2 | II, 11/1/10, 249/1882: Beskermer aan Resident-magistraat, Estcourt, d.d. 6/3/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 292/1882, Beskermer aan Resident-magistraat, Newcastle, d.d. 16/3/1882. |
| 17 | II, 11/1/10, 299/1882: Sekretaris, Natal Suikermaatskappy Beperk, aan Beskermer, d.d. 15/3/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 479/1882: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 16/5/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 466/1882: Resident-magistraat, Newcastle, aan Resident-magistraat, Pietermaritzburg, d.d. 6/5/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 471/1882: Beskermer aan Resident-magistraat, Umgeni, d.d. 19/5/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 487/1882: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 31/5/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 596/1882: Resident-magistraat, Laer-Tugela, aan Beskermer, d.d. 29/6/1882. |
| 1 | II, 11/1/10, 604/1882: Beskermer aan Resident-magistraat, Alfred, d.d. 3/7/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 689/1882: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 24/7/1882. |
| 2 | II, 11/1/11, 696/1882: Resident-magistraat, Umzinto, aan Beskermer, d.d. 28/7/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 717/1882: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 31/7/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 779/1882: Resident-magistraat, Umgeni, aan Beskermer, d.d. 18/8/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 187/1882: Resident-magistraat, Alfred, aan Beskermer, d.d. 14/9/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 886/1882: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 28/9/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 894/1882: Resident-magistraat, Umgeni, aan Beskermer, d.d. 26/9/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 1016/1882: Resident-magistraat, Lions River-afdeling, aan Beskermer, d.d. 31/10/1882. |
| 1 | II, 11/1/11, 1072/1882: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 17/11/1882. |
| 2 | II, 11/1/11, 1122/1882: Beskermer aan Resident-magistraat, Weenen, d.d. 4/12/1882. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1882: 39

JAARTAL: 1883.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/12, 28/1883: Resident-magistraat, Ladysmith, aan Beskermer, d.d. 22/1/1883. |

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/12, 97/1883: Superintendent van Polisie, aan Resident-magistraat, Newcastle, d.d. 23/2/1883. |
| 2 | II, 11/1/12, 189/1883: Resident-magistraat, Lions River, aan Beskermer, d.d. 17/3/1883. |
| 1 | II, 11/1/12, 199/1883: Resident-magistraat, Alfred, aan Beskermer, d.d. 19/3/1883. |
| 1 | II, 11/1/12, 251/1883: Sekretaris, Trustraad, aan Beskermer, d.d. 27/4/1883. |
| 1 | II, 11/1/12, 309/1883: Resident-magistraat, Lions Rivier, aan Beskermer, d.d. 26/4/1883. |
| 2 | II, 11/1/12, 206/1883: Resident-magistraat, Lions River, aan Beskermer, d.d. 28/4/1883. |
| 4 | II, 11/1/12, 342/1883: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 30/4/1883. |
| 1 | II, 11/1/12, 386/1883: Beskermer aan A.D. Shore, d.d. 17/5/1883. |
| 1 | II, 11/1/13, 459/1883: Beskermer aan Onder-Beskermer, d.d. 22/6/1883. |
| 3 | II, 11/1/13, 619/1883: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 12/7/1883. |
| 1 | II, 11/1/13, 640/1883: Resident-magistraat, G. Rudolph, verslag vir Julie 1883. |
| 1 | II, 11/1/14, 702/1883: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 16/8/1883. |
| 1 | II, 11/1/14, 706/1883: Klerk van Hof, Lions Rivier-afdeling, aan Beskermer, d.d. 1/8/1883. |
| 6 | II, 11/1/13, 725/1883: C. Acutt en Kie., aan Beskermer, d.d. 11/8/1883. |
| 2 | II, 11/1/14, 737/1883: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 18/8/1883. |
| 1 | II, 11/1/14, 842/1883: Resident-magistraat, Lions Rivier, aan Beskermer, d.d. 29/9/1883. |
| 1 | II, 11/1/14, 868/1883: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 26/9/1883. |
| 1 | II, 11/1/14, 874/1883: Beskermer aan Staatsaanklaer, d.d.26/9/1883. |
| 19 | II, 11/1/15, 910/1883: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 2/10/1883. |
| 5 | II, 11/1/15, 930/1883: Resident-magistraat, Laer-Tugela, aan Beskermer, d.d. 10/10/1883. |
| 13 | II, 11/1/15: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 8/11/1883. |
| 5 | II, 11/1/51, 1047/1883: Resident-magistraat, Umlazi, aan Beskermer, d.d. 14/11/1883. |
| 6 | II, 11/1/16, 1205/1883: Onderbeskermer aan Beskermer, d.d. 20/12/1883. |
| 6 | II, 11/1/17, 26/1884: Resident-Magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 10/1/1884. |
| 8 | II, 11/1/15, 932/1883: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 9/10/1883. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1883: 96

JAARTAL: 1884.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 4 | II, 11/1/18, 251/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 3/3/1884. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 3 | II, 11/1/18, 301/1884: Resident-magistraat, Umlazi, aan Beskermer, d.d. 5/3/1884. |
| 6 | II, 11/1/18, 315/1884: Resident-magistraat, Lions River, aan Beskermer, d.d. 10/3/1884. |
| 2 | II, 11/1/18, 349/1884: Resident-magistraat, Laer Tugela, aan Beskermer, d.d. 13/3/1884. |
| 2 | II, 11/1/19, 425/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 1/4/1884. |
| 1 | II, 11/1/19, 458/1884: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 7/4/1884. |
| 4 | II, 11/1/21, 1151/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, dd. 25/9/1884. |
| 3 | II, 11/1/21, 1198/1884: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 1/9/1884. |
| 1 | II, 11/1/21, 1211/1884: Resident-magistraat, Laer Tugela, aan Beskermer, d.d. 10/9/1884. |
| 4 | II, 11/1/21, 1222/1884: Beskermer aan Onder-Beskermer, d.d. 15/9/1884. |
| 5 | II, 11/1/21, 1289/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 8/12/1884. |
| 1 | II, 11/1/21, 1332/1884: Resident-magistraat, Ixopo, aan Beskermer, d.d. 6/10/1884. |
| 2 | II, 11/1/21, 1334/1884: Resident-magistraat, Umlazi, aan Beskermer, d.d. 6/10/1884. |
| 1 | II, 11/1/19, 471/1884: Resident-magistraat, Umvoti graafskap, aan Beskermer, d.d. 7/4/1884. |
| 2 | II, 11/1/19, 520/1884: Resident-magistraat, Laer Tugela, aan Beskermer, d.d. 16/4/1884. |
| 2 | II, 11/1/19, 474/1884: Resident-magistraat, Umlazi, aan Beskermer, d.d. 7/4/1884. |
| 22 | II, 11/1/19, 526/1884: Resident-magistraat, Inanda, aan Beskermer, d.d. 23/4/1884. |
| 2 | II, 11/1/19, 555/1884: Resident-magistraat, Lions River, aan Beskermer, d.d. 5/5/1884. |
| 5 | II, 11/1/19, 569/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, April, 1884. |
| 2 | II, 11/1/19, 593/1884: Resident-magistraat, Umvoti-graafskap, aan Beskermer, d.d. 8/5/1884. |
| 4 | II, 11/1/22, 1468/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 31/10/1884. |
| 6 | II, 11/1/22, 1507/1884: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 7/11/1884. |
| 2 | II, 11/1/22, 1517/1884: Resident-magistraat, Ixopo, aan Beskermer, d.d. 10/11/1884. |
| 1 | II, 11/1/22, 1520/1884: Resident-magistraat, Umlazi, aan Beskermer, d.d. 4/11/1884. |
| 10 | II, 11/1/22, 1573/1884: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 18/11/1884. |
| 1 | II, 11/1/22, 1646/1884: Resident-magistraat, Pietermaritzburg, aan Beskermer, d.d. 4/12/1884. |
| 8 | II, 11/1/23, 1656/1884: Resident-magistraat, Durban, aan Beskermer, d.d. 8/12/1884. |
| 10 | II, 11/1/23, 1660/1884: Resident-magistraat, Alexandra aan Beskermer, d.d. 5/12/1884. |
| 9 | II, 11/1/23, 1664/1884: Resident-magistraat, Ixopo, aan Beskermer, d.d. 8/12/1884. |
| 3 | II, 11/1/24, 21/1885: Resident-magistraat, Alexandra, aan Beskermer, d.d. 2/1/1885. (Veroordeel Desember 1884). |
| 6 | II, 11/1/24, 33/1885: Resident-magistraat, Umlazi afdeling aan Beskermer, d.d. 7/1/1885. (Veroordeel Desember 1884). |
| 6 | II, 11/1/24, 37/1885: Resident-magistraat, Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 7/1/1885. (Veroordeel gedurende Desember 1884). |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/24, 60/1885: Resident-magistraat, Ixopo aan Beskermer, d.d. 12/1/1885. (Veroordeel Desember 1884). |
| 4 | II, 11/1/24, 85/1885: Resident-magistraat, Weenen, aan Beskermer, d.d. 23/2/1885. (Veroordeel Januarie/Februarie/ Maart en September 1884). |
| 9 | II, 11/1/24, 85/1885: Resident-magistraat, Laer Tugela-afdeling, aan Beskermer, d.d. 7/3/1885. (5 veroordelings Desember 1884 en 4 veroordelings Januarie 1885). |
| 3 | II, 11/1/24, 103/1885: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 22/1/1885. (Veroordeel Desember 1884) |
| 2 | II, 11/1/24, 109/1995: Resident-magistraat, Laer-Tugela, aan Beskermer, d.d. 20/1/1885, (Veroordeel Desember 1884). |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1884: 160

JAARTAL: 1885.

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 6 | II, 11/1/24, 115/1885: Resident-magistraat, Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 4/2/1885. |
| 3 | II, 11/1/24, 201/1885: Resident-magistraat, Durban aan Beskermer. |
| 2 | II, 11/1/24, 216/1885: Resident-magistraat, Umlazi Afdeling aan Beskermer, d.d. 11/2/1885. |
| 5 | II, 11/1/24, 230/1885: Resident-magistraat, Alexandra aan Beskermer, d.d. 7/2/1885. |
| 1 | II, 11/1/25, 371/1885: Resident-magistraat, Alexandra aan Beskermer. |
| 2 | II, 11/1/25, 372/1885: Resident-magistraat, Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 6/3/1885. |
| 10 | II, 11/1/25, 376/1885: Resident-magistraat, Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 9/3/1885. |
| 3 | II, 11/1/25, 381/1885: Resident-magistraat, Laer-Tugela-Afdeling aan Beskermer, d.d. 7/3/1885. |
| 3 | II, 11/1/25, 428/1885: Resident-magistraat, Lions River-Afdeling aan Beskermer, d.d. 19/3/1885, (een geval in Januarie 1885). |
| 4 | II, 11/1/26, 435/1885: Resident-magistraat, Durban aan Beskermer d.d. 18/3/1885. |
| 8 | II, 11/1/26, 470/1885: Resident-magistraat, Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 2/4/1885. |
| 3 | II, 11/1/26, 495/1885: Resident-magistraat, Alexandra-Graafskap aan Beskermer, d.d. 7/4/1885. |
| 9 | II, 11/1/26, 504/1885: Resident-magistraat, Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 9/4/1885. |
| 5 | II, 11/1/26, 510/1885: Beskermer aan Onder-beskermer, d.d. 13/4/1885, veroordelings was in Weenen-distrik. |
| 2 | II, 11/1/26, 511/1885: Resident-magistraat, Laer-Tugela-Afdeling aan Beskermer, d.d. 13/4/1885. |
| 4 | II, 11/1/26, 545/1885: Resident-magistraat, Lions river-Afdeling aan Beskermer, d.d. 24/4/1885. |
| 1 | II, 11/1/26, 561/1885: Resident-magistraat, Kliprivier aan Beskermer, d.d. 30/4/1885. |
| 2 | II, 11/1/26, 586/1885: Resident-magistraat, Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 5/5/1885. |
| 2 | II, 11/1/26, 590/1885: Resident-magistraat, Laer-Tugela-Afdeling aan Beskermer, d.d. 4/5/1885. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/26, 591/1885: Resident-magistraat, Bo-Umkumazi aan Beskermer, d.d. 6/5/1885. |
| 1 | II, 11/1/31, 1440/1885: Resident-magistraat, Weenen aan Beskermer, d.d. 16/11/1885. |
| 5 | II, 11/1/31, 1500/1885: Resident-magistraat, Durban aan Beskermer, d.d. 30/11/1885. |
| 1 | II, 11/1/31, 1518/1885: Resident-magistraat, Umgeni-Afdeling aan Beskermer, d.d. 3/12/1885. |
| 1 | II, 11/1/31, 1528/1885: Resident-magistraat, Alexandra aan Beskermer, d.d. 4/12/1885. |
| 14 | II, 11/1/31, 1536/1885: Resident-magistraat, Inanda aan Beskermer, d.d. 4/12/1885. |
| 1 | II, 11/1/31, 1544/1885: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, d.d. 4/12/1885. |
| 2 | II, 11/1/31, 1567/1885: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. 10/12/1885. |
| 5 | II, 11/1/31, 1571/1885: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 11/12/1885. |
| 2 | II, 11/1/27, 638/1885: Resident-magistraat aan Immigrasie-Departement, opgawe d.d. 12/5/1885. |
| 1 | II, 11/1/27, 729/1885: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 4/6/1885. |
| 2 | II, 11/1/27, 743/1885: Resident-magistraat Lions river-Afdeling, aan Beskermer, d.d. 8/6/1885. |
| 2 | II, 11/1/27, 755/1885: Resident-magistraat Stads Afdeling aan Beskermer, d.d. 9/11/1885. |
| 4 | II, 11/1/27, 761/1885: Resident-magistraat Umlazi Afdeling aan Beskermer, d.d. 10/6/1885. |
| 1 | II, 11/1/27, 784/1885: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 15/6/1885. |
| 1 | II, 11/1/28, 837/1885: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, ongedateerd. |
| 3 | II, 11/1/28, 839/1885: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 1/7/1885. |
| 3 | II, 11/1/28, 846/1885: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer d.d. 3/7/1885. |
| 1 | II, 11/1/28, 861/1885: Resident-magistraat Umgeni-afdeling aan Beskermer, d.d. 7/7/1885. |
| 14 | II, 11/1/28, 862/1885: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 3/7/1885. |
| 5 | II, 11/1/28, 870/1885: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 10/7/1885. |
| 5 | II, 11/1/28, 895/1885: Resident-magistraat Umlazi Afdeling aan Beskermer, d.d. 11/7/1885. |
| 3 | II, 11/1/28, 907/1885: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 14/7/1885. |
| 1 | II, 11/1/28, 921/1885: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. 20/7/1885. |
| 1 | II, 11/1/28, 940/1885: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 14/7/1885. |
| 14 | II, 11/1/29, 996/1885: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 4/8/1885. |
| 4 | II, 11/1/31, 1603/1885: Resident-magistraat Lionsriver aan Beskermer, d.d. 16/12/1885. |
| 2 | II, 11/1/31, 1607/1885: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 2/12/1885. |
| 3 | II, 11/1/26, 609/1885: Resident-magistraat Alexandra Graafskap aan Beskermer, d.d. 8/5/1885. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 4 | II, 11/1/27, 625 - 626/1885: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 11/5/1885. |
| 5 | II, 11/1/27, 627/1885: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 11/5/1885. |
| 1 | II, 11/1/27, 635/1885: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer (ongedateerd). |
| 14 | II, 11/1/29, 998/1885: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 5/8/1885. |
| 3 | II, 11/1/29, 1001/1885: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 5/8/1885. |
| 2 | II, 11/1/29, 1010/1885: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, d.d. 6/8/1885. |
| 1 | II, 11/1/29, 1016/1885: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 7/8/1885. |
| 1 | II, 11/1/29, 1094/1885: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. 24/8/1885. |
| 7 | II, 11/1/29, 1116/1885: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 28/8/1885. |
| 9 | II, 11/1/29, 1141/1885: Resident-magistraat, Umlazi-Afdeling, aan Beskermer, d.d. 4/9/1885. |
| 14 | II, 11/1/29, 1161/1885: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 4/9/1885. |
| 1 | II, 11/1/29, 1190/1885: Resident-magistraat laer-Tugela-Afdeling aan Beskermer, d.d. 10/9/1885. |
| 1 | II, 11/1/29, 1205/1885: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. 14/9/1885. |
| 3 | II, 11/1/29, 1207/1885: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 15/9/1885. |
| 5 | II, 11/1/29, 1216/1885: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, d.d. 17/9/1885. |
| 17 | II, 11/1/30, 1277/1885: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 1/10/1885. |
| 3 | II, 11/1/30, 1278/1885: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer d.d. 5/10/1885. |
| 5 | II, 11/1/30, 1279/1885: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 2/10/1885. |
| 7 | II, 11/1/30, 1282/1885: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 5/10/1885. |
| 1 | II, 11/1/30, 1307/1885: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, d.d. 7/10/1885. |
| 4 | II, 11/1/30, 1320/1885: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 16/10/1885. |
| 4 | II, 11/1/31, 1403/1885: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 6/11/1885. |
| 4 | II, 11/1/31, 1405/1885: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, d.d. 6/11/1885. |
| 2 | II, 11/3/31, 1408/1885: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 6/11/1885. |
| 5 | II, 11/1/31, 1413/1885: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 9/11/1885. |
| 1 | II, 11/1/31, 1439/1885: Resident-Magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. 16/11/1885. |
| 8 | II, 11/1/31, 1640/1885: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 24/12/1885. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1885: 319

JAARTAL: 1886.

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/32, 22/1886: Resident-magistraat Umgeni-Afdeling aan Beskermer, ongedateerd. |
| 25 | II, 11/1/32, 38/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 6/1/1886. |
| 4 | II, 11/1/32, 43/1886: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, ongedateerd. |
| 2 | II, 11/1/32, 65/1886: Resident-magistraat Laer Tugela Afdeling aan Beskermer, d.d. 12/1/1886. |
| 2 | II, 11/1/32, 78/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 16/1/1886. |
| 4 | II, 11/1/32, 96/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 19/1/1886. |
| 7 | II, 11/1/32, 133/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, ongedateerd. |
| 7 | II, 11/1/32, 164/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, d.d. 6/2/1886. |
| 3 | II, 11/1/32, 178/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 8/1/1886. |
| 17 | II, 11/1/32, 187/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 4/2/1886. |
| 2 | II, 11/1/32, 211/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 15/2/1886. |
| 2 | II, 11/1/32, 213/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 15/2/1886. |
| 6 | II, 11/1/32, 283/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 4/3/1886. |
| 6 | II, 11/1/33, 289/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 3/3/1886. |
| 1 | II, 11/1/33, 291/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 4/3/1886. |
| 11 | II, 11/1/33: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 4/3/1886. |
| 1 | II, 11/1/33: Resident-magistraat Ixopo aan Beskermer, d.d. 11/3/1886, (334/1886). |
| 3 | II, 11/1/33, 348/1886: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, d.d. 12/7/1886. |
| 11 | II, 11/1/33, 359/1886: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 16/3/1886. |
| 6 | II, 11/1/33, 411/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 27/3/1886. |
| 1 | II, 11/1/33, 434/1886: Resident-magistraat Umgeni-Afdeling aan Beskermer, d.d. 2/4/1886. |
| 3 | II, 11/1/34, 446/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 2/4/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 448/1886: Resident-magistraat Laer Tugela aan Beskermer, d.d. 2/4/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 462/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, d.d. 7/4/1886. |
| 17 | II, 11/1/34, 466/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 5/4/1886. |
| 2 | II, 11/1/34, 469/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 8/4/1886. |
| 6 | II, 11/1/34, 470/1886: Resident-magistraat Ixopo-Afdeling aan Beskermer, d.d. 5/4/1886. |
| 2 | II, 11/1/34, 471/1886: Resident-magistraat Ixopo-Afdeling aan Beskermer, d.d. 5/4/1886. |
| 3 | II, 11/1/34, 568/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, d.d. 20/5/1886. |

| Hoeveelheid Drosters | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/34, 571/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, d.d. 3/5/1886. |
| 4 | II, 11/1/34, 578/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 5/5/1886. |
| 5 | II, 11/1/34, 580/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 5/5/1886. |
| 6 | II, 11/1/34, 595/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 7/4/1886. |
| 2 | II, 11/1/34, 599/1886: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. 10/5/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 613/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. 11/5/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 618/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 12/5/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 628/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 15/5/1886. |
| 3 | II, 11/1/34, 717/1886: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. 5/6/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 724/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. 7/6/1886. |
| 5 | II, 11/1/34, 725/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. 4/6/1886. |
| 1 | II, 11/1/34, 743/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, d.d. 9/6/1886. |
| 5 | II, 11/1/34, 744/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, d.d. 9/6/1886. |
| 2 | II, 11/1/35, 886/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Junie 1886. |
| 1 | II, 11/1/35, 845/1886: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Junie 1886. |
| 3 | II, 11/1/35, 852/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Junie 1886. |
| 2 | II, 11/1/35, 824/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Junie 1886. |
| 10 | II, 11/1/35, 853/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Junie 1886. |
| 2 | II, 11/1/35, 848/1886: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Junie 1886. |
| 4 | II, 11/1/35, 849/1886: Resident-magistraat Portsmouth aan Beskermer, Junie 1886. |
| 1 | II, 11/1/35, 860/1886: Resident-magistraat Ixopo aan Beskermer, Junie 1886. |
| 3 | II, 11/1/36, 1035/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Julie 1886. |
| 1 | II, 11/1/35, 989/1886: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Julie 1886. |
| 3 | II, 11/1/35, 986/1886: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Julie 1886. |
| 2 | II, 11/1/36, 1037/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Julie 1886. |
| 2 | II, 11/1/36, 1018/1886: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Julie 1886. |
| 5 | II, 11/1/35, 977/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Julie 1886. |
| 18 | II, 11/1/35, 799/1886: Assistent-Beskermer aan Beskermer, Mei 1886. |
| 1 | II, 11/1/35, 803/1886: Assistent-Beskermer aan Beskermer, Junie 1886. |
| 1 | II, 11/1/37, 169/1886: Assistent-Beskermer aan Beskermer, Julie 1886. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/36, 1022/1886: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Julie 1886. |
| 1 | II, 11/1/35, 990/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Julie 1886. |
| 1 | II, 11/1/36, 1007/1886: Resident-magistraat New Castle aan Beskermer, Julie 1886. |
| 5 | II, 11/1/35, 1147/1886: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Augustus 1886. |
| 1 | II, 11/1/35, 1078/1886: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Augustus 1886. |
| 4 | II, 11/1/36, 1102/1886: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Augustus 1886. |
| 8 | II, 11/1/36, 1235/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Augustus 1886. |
| 5 | II, 11/1/36, 1242/1886: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, September 1886. |
| 9 | II, 11/1/36, 1245/1886: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, September 1886 |
| 3 | II, 11/1/37, 169/1887: Assistent-Beskermer aan Beskermer, d.d. September, 1886. |
| 2 | II, 11/1/36, 1316/1886: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, d.d. September 1886. |
| 3 | II, 11/1/35, 990/1886: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, September 1886. |
| 1 | II, 11/1/37, 169/1887: Assistent-Beskermer aan Beskermer, d.d. Oktober, 1886. |
| 3 | II, 11/1/37, 169/1887: Assistent-Beskermer aan Beskermer, November 1886. |
| 1 | II, 11/1/38, 258/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Desember 1886. |
| 1 | II, 11/1/37, 42/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. Desember 1886. |
| 4 | II, 11/1/37, 10/1887: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, d.d. Desember 1886. |
| 2 | II, 11/1/37, 8/1887: Resident-magistraat Umgeni aan Beskermer Desember 1886. |
| 1 | II, 11/1/37, 57/1887: Resident-magistraat Howick aan Beskermer Desember 1886. |
| 4 | II, 11/1/37, 16/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer Desember 1886. |
| 2 | II, 11/1/37, 169/1887: Assistent-Beskermer aan Beskermer, Desember 1886. |
| 1 | II, 11/1/37, 88/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Desember 1886. |
| 2 | II, 11/1/37, 20/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, d.d. Desember, 1886. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1886: 316

<u>JAARTAL: 1887.</u>

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 6 | II, 11/1/37, 134/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. Januarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 221/1887: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Januarie 1887. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/37, 127/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Januarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 269/1887: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, Januarie 1887. |
| 11 | II, 11/1/37, 191/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Januarie 1887. |
| 2 | II, 11/1/37, 170/1887: Assistent-Beskermer aan Beskermer, d.d. Januarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 239/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Januarie 1887. |
| 3 | II, 11/1/37, 159/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Januarie 1887. |
| 2 | II, 11/1/39, 492/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 287/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 6 | II, 11/1/38, 322/1887: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 2 | II, 11/1/38, 288/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 4 | II, 11/1/39, 55/1887: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 315/1887: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 5 | II, 11/1/38, 320/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 353/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 28/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Februarie 1887. |
| 1 | II, 11/1/39, 492/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Maart 1887. |
| 3 | II, 11/1/39, 400/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Maart 1887. |
| 4 | II, 11/1/39, 551/1887: Resident-magistraat Howick aan Beskermer Maart 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1198/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Maart 1887. |
| 1 | II, 11/1/38, 433/1887: Resident-magistraat Bo Umkumazi aan Beskermer, Maart 1887. |
| 9 | II, 11/1/39, 465/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. Maart 1887. |
| 3 | II, 11/1/39, 487/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Maart 1887. |
| 2 | II, 11/1/39, 414/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Maart 1887. |
| X 3 | II, 11/1/39, 445/1887: Resident-magistraat Newcastle aan Beskermer, d.d. Maart 1887. |
| 3 | II, 11/1/39, 400/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, April 1887. |
| 2 | II, 11/1/39, 546/1887: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, April 1887. |
| 2 | II, 11/1/39, 552/1887: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, April 1887. |
| 1 | II, 11/1/39, 587/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, April 1887. |
| 2 | II, 11/1/39, 600/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, April 1887. |
| 3 | II, 11/1/39, 595/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, April 1887. |
| 1 | II, 11/1/39, 535/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, April 1887. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 5 | II, 11/1/39, 662/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Mei 1887. |
| 3 | II, 11/1/39, 445/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Mei 1887. |
| 2 | II, 11/1/39, 691/1887: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Mei 1887. |
| 4 | II, 11/1/39, 658/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Mei 1887. |
| 1 | II, 11/1/39, 680/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Mei 1887. |
| 1 | II, 11/1/39, 713/1887: Resident-magistraat Newcastle aan Beskermer, Mei 1887. |
| 3 | II, 11/1/40, 828/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Junie 1887. |
| 4 | II, 11/1/40, 777/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Junie 1887. |
| 3 | II, 11/1/40, 814/1887: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Junie 1887. |
| 1 | II, 11/1/40, 781/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Junie 1887. |
| 3 | II, 11/1/40, 796/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Junie 1887. |
| 1 | II, 11/1/40, 801/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan beskermer, Junie 1887. |
| 1 | II, 11/1/40, 952/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Junie 1887. |
| 2 | II, 11/1/40, 917/1887: Resident-magistraat Umvoti-Graafskap aan Beskermer, Junie 1887. |
| 3 | II, 11/1/40, 908/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Julie 1887. |
| 3 | II, 11/1/40, 921/1887: Resident-magistraat Umlazi-afdeling aan Beskermer, Julie 1887. |
| 6 | II, 11/1/40, 941/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Julie 1887. |
| 2 | II, 11/1/41, 1048/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Julie 1887. |
| 2 | II, 11/1/40, 993/1887: Resident-magistraat Newcastle aan Beskermer, Julie 1887. |
| 2 | II, 11/1/41, 1039/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Augustus 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1043/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Augustus 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1055/1887: Resident-magistraat Umlazi-afdeling aan Beskermer, Augustus 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1139/1887: Resident-magistraat Lions river aan Beskermer, Augustus 1887. |
| 5 | II, 11/1/41, 1082/1887: Resident-magistraat Inanda aan Be skermer, Augustus 1887. |
| 2 | II, 11/1/41, 1242/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, September 1887. |
| 3 | II, 11/1/41, 1167/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, September 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1196/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, September 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1232/1887: Resident-magistraat Lions River aan Beskermer, September 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1159/1887: Resident-magistraat Bo-Umkomazi aan Beskermer, September 1887. |
| 4 | II, 11/1/41, 1180/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, September 1887. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/41, 1174/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, September 1887. |
| 1 | II, 11/1/41, 1195/1887: Resident-magistraat Newcastle aan Beskermer, September 1887. |
| 3 | II, 11/1/41, 1277/1887: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 5 | II, 11/1/42, 1415/1887: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 1 | II, 11/1/42, 1327/1887: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 3 | II, 11/1/42, 1328/1887: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 5 | II, 11/1/41, 1305/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 3 | II, 11/1/42, 1335/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 1 | II, 11/1/42, 1295/1887: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 1 | II, 11/1/42 1332/1887: Resident-magistraat Newcastle aan Beskermer, Oktober 1887. |
| 2 | II, 11/1/42, 1524/1887: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, November, 1887. |
| 3 | II, 11/1/42, 1416/1887: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, November 1887. |
| 2 | II, 11/1/42, 1448/1887: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, November 1887. |
| 2 | II, 11/1/42, 1498/1887: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, November 1887. |
| 3 | II, 11/1/43, 115/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Desember 1887. |
| 2 | II, 11/1/43, 22/1888: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, d.d. Desember 1887. |
| 2 | II, 11/1/43, 5/1888: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer Desember, 1887. |
| 6 | II, 11/1/43, 34/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer Desember 1887. |
| 1 | II, 11/1/43, 21/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Desember 1887. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1887: 208

JAARTAL 1888.

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/43, 229/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer Januarie 1888. |
| 1 | II, 11/1/43, 140/1888: Resident-magistraat Pietermaritzburg aan Beskermer, Januarie 1888. |
| 5 | II, 11/1/43, 123/1888: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Januarie 1888. |
| 5 | II, 11/1/43, 202/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Januarie 1888. |
| 3 | II, 11/1/43, 141/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Januarie 1888. |
| 1 | II, 11/1/43, 191/1888: Resident-magistraat Newcastle aan Beskermer, Januarie 1888. |
| 3 | II, 11/1/43, 255/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Februarie 1888. |
| 9 | II, 11/1/43, 338/1888: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Februarie 1888. |
| 1 | II, 11/1/43, 388/1888: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer |

| Hoeveelheid Drosters. | bron |
|---|---|
| | Februarie 1888. |
| 1 | II, 11/1/43, 260/1888: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, Februarie 1888. |
| 15 | II, 11/1/43, 304/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Februarie 1888. |
| 2 | II, 11/1/43, 309@1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Februarie 1888. |
| 1 | II, 11/1/43, 267/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Februarie 1888. |
| 1 | II, 11/1/44, 490/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Maart 1888. |
| 4 | II, 11/1/43, 386/1888: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Maart 1888, |
| 1 | II, 11/1/44, 527/1888: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, Maart 1888. |
| 10 | II, 11/1/44, 423/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Maart 1888. |
| 4 | II, 11/1/44, 429/1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Maart 1888. |
| 1 | II, 11/1/44, 413/1888: Resident-magistraat Umsinga-Afdeling aan Beskermer, Maart 1888, |
| 16 | II, 11/1/44, 567/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, April 1888. |
| 3 | II, 11/1/44, 526/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, April 1888. |
| 3 | II, 11/1/44, 652/1888: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Mei 1888. |
| 2 | II, 11/1/44, 676/1888: Resident-magistraat Lions River aan Beskermer, Mei 1888. |
| 9 | II, 11/1/44, 720/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Mei 1888. |
| 1 | II, 11/1/44, 678/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Mei 1888. |
| 2 | II, 11/1/44, 1377/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, April 1888. |
| 6 | II, 11/1/46, 1377/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Mei 1888. |
| 8 | II, 11/1/46, 1337/Junie 1888. |
| 16 | II, 11/1/46, 1337/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Julie 1888. |
| 5 | II, 11/1/46, 1337/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Augustus 1888. |
| 11 | II, 11/1/46, 1337/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, September 1888. |
| 4 | II, 11/1/46, 1337/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Oktober 1888. |
| 4 | II, 11/1/46, 1520/1888: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, November 1888. |
| 3 | II, 11/1/46, 100/1889: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Desember 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 808/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Junie 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 939/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Julie 1888. |
| 1 | II, 11/1/46, 1205/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, September 1888. |
| 1 | II, 11/1/46, 1326/1888: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Oktober 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 824/1888: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Junie 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 952/1888: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Julie 1888. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/47, 16/1889: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Desember 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 954/1888: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Julie 1888. |
| 3 | II, 11/1/46, 1293/1888: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, September 1888. |
| 1 | II, 11/1/46, 1361/1888: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, Oktober 1888. |
| 1 | II, 11/1/46, 1473/1888: Resident-magistraat Weenen aan Beskermer, November 1888. |
| 2 | II, 11/1/45, 963/1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Julie 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 1072/1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Augustus 1888. |
| 4 | II, 11/1/46, 1268/1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, September, 1888. |
| 2 | II, 11/1/46, 1374/1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Oktober 1888. |
| 3 | II, 11/1/47, 35/1888: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Desember 1888. |
| 1 | II, 11/1/45, 1047/1888: Resident-magistraat Bo Umkomazi aan Beskermer, Augustus 1888. |
| 2 | II, 11/1/45, 1069/1888: Resident-magistraat Umlazi-afdeling aan Beskermer, Augustus 1888. |
| 2 | II, 11/1/46, 1204/1888: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, September 1888. |
| 1 | II, 11/1/46, 1323/1888: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Oktober 1888. |
| 1 | II, 11/1/46, 1466/1888: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, November 1888. |
| 1 | II, 11/1/47, 41/1889: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Desember 1888. |
| 6 | II, 11/1/45, 1139/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Augustus 1888. |
| 12 | II, 11/1/46, 1232/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, September 1888. |
| 22 | II, 11/1/46, 1400/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Oktober 1888. |
| 16 | II, 11/1/46, 1485/1888: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, November 1888. |
| 7 | II, 11/1/47, 34/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Desember 1888. |
| 1 | II, 11/1/47, 20/1889: Resident-magistraat Umvoti-Graafskap aan Beskermer, Desember 1888. |
| 3 | II, 11/1/48, 400/1889: Resident-magistraat Ixopo aan Beskermer, September 1888. |
| 1 | II, 11/1/48, 400/1889: Resident-magistraat Ixopo aan Beskermer, November 1888. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VIR 1888: 263

<u>JAARTAL: 1889.</u>

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 2 | II, 11/1/47, 258/1889: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 6 | II, 11/1/48, 564/1889: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Februarie 1889. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/47, 176/1889: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/48, 526/1889: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, April 1889. |
| 3 | II, 11/1/47: 138/1889: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 2 | II, 11/1/48, 397/1889: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, Maart 1889. |
| 1 | II, 11/1/48, 486/1889: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, April 1889. |
| 3 | II, 11/1/47, 235/1889: Resident-magistraat Kliprivier aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/48, 396/1889: Resident-magistraat Umgeni-Afdeling aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/47, 197/1889: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/47, 297/1889: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Februarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/48, 386/1889: Resident-magistraat Umlazi-Afdeling aan Beskermer, Maart 1889. |
| 22 | II, 11/1/47, 180/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 6 | II, 11/1/48, 317/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Februarie 1889. |
| 13 | II, 11/1/48, 448/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Maart 1889. |
| 9 | II, 11/1/48, 544/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, April 1889. |
| 1 | II, 11/1/47, 167/1889: Resident-magistraat Umvoti-Graafskap aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/48. 419/1889: Resident-magistraat Umvoti-Graafskap aan Beskermer, Maart 1889. |
| 1 | II, 11/1/47, 172/1889: Resident-magistraat Alfred-Graafskap aan Beskermer, Januarie 1889. |
| 1 | II, 11/1/48, 319/1889: Resident-magistraat Alfred-Graafskap aan Beskermer, Februarie 1889. |
| 3 | II, 11/1/48, 319/1889: Resident-magistraat Umzinto aan Beskermer, Maart 1889. |
| 1 | II, 11/1/48, 502/1889: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, April 1889. |
| 4 | II, 11/1/49, 664/1889: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Mei 1889. |
| 5 | II, 11/1/49, 732/1889: Resident-magistraat Durban aan Beskermer, Junie 1889. |
| 2 | II, 11/1/49, 602/1889: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Mei 1889. |
| 3 | II, 11/1/50, 816/1889: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Junie 1889. |
| 3 | II, 11/1/50, 939/1889: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Augustus 1889. |
| 2 | II, 11/1/51, 1144/1889: Resident-magistraat Alexandra aan Beskermer, Oktober 1889. |
| 1 | II, 11/1/51, 1082/1889: Resident-magistraat Howick aan Beskermer, |
| 1 | II, 11/1/49, 630/1889: Resident-magistraat Umgeni-Afdeling aan Beskermer, Mei 1889. |
| 1 | II, 11/1/49, 720/1889: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Junie 1889. |
| 1 | II, 11/1/49, 812/1889: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Julie 1889. |

| Hoeveelheid Drosters. | BRON |
|---|---|
| 1 | II, 11/1/50, 953/1889: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Augustus 1889. |
| 2 | II, 11/1/51, 1170/1889: Resident-magistraat Umlazi aan Beskermer, Oktober 1889. |
| 23 | II, 11/1/49, 657/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Mei 1889. |
| 14 | II, 11/1/49, 765/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Junie 1889. |
| 5 | II, 11/1/50, 860/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, d.d. Julie 1889. |
| 10 | II, 11/1/50, 970/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Augustus 1889. |
| 8 | II, 11/1/51, 1099/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, September 1889. |
| 8 | II, 11/1/51, 1188/1889: Resident-magistraat Inanda aan Beskermer, Oktober 1889. |
| 1 | II, 11/1/50, 895/1889: Resident-magistraat Umvoti aan Beskermer, Julie 1889. |
| 1 | II, 11/1/49, 593/1889: Resident-magistraat Laer-Tugela aan Beskermer, Mei 1889. |
| 1 | II, 11/1/49, 626/1889: Resident-magistraat Lions River aan Beskermer, Mei 1889. |

TOTALE AANTAL DROSTERS VANAF JANUARIE TOT OKTOBER 1889: 178

# BIBLIOGRAFIE

## I OORSPRONKLIKE BRONNE

## A. ONGEPUBLISEERD.

### 1. STAATSARGIEF, PIETERMARITZBURG.

#### a. Argief van Protector of Indian Immigrants, 1874 - 1910 (II).

Correspondence, 1874 - 1910 (II/1/1-178).
Unregistered Correspondence, 1904 - 1910 (II/2/1-15).
Letter and Memo Books, 1872 - 1910 (II/3/44 - II/3/53).
Telegram Boek, 1889 - 1897 (II/4/1).
Registers, 1870 - 1910 (II/5/1-5).
Miscellaneous Reports, 1907 (II/81).
Minutes of Trust Board Meetings, 1872 - 1891 (IIA/1/1-2).
Emigration Agent for Natal, Calcutta, Letters Received from Protector of Emigrants, Calcutta, 1886 - 1905 (IIB 1/1/7-8).
Emigration Agent for Natal, Calcutta, Letters Received from Secretary of State, 1884 - 1900, (IIB 1/1/13).

#### b. Argief van Government House, 1870 - 1910 (GH).

Despatches from the Secretary of State, 1870 - 1910 (GH 19-156).
Despatches from the Secretary of State, Confidential, 1870 - 1910 (GH 157 - 185).
Despatches to the Secretary of State and High Commissioner, 1870 - 1908 (GH 278 - 197).
Despatches to the Secretary of State, Confidential, 1870 - 1910 (GH 198 - 305).
Telegrams to and from Secretary of State, 1886 - 1910 (GH 314 - 323).
Despatches received from Governor and High Commissioner, Cape Town, 1870 - 1875 (GH 333).
General Correspondence, 1870 - 1910 (GH 341 - 568).
Confidential Correspondence, 1900 - 1910 (GH 569 - 586).
General Despatches, 1870 - 1910 (GH 636 - 648).
General Despatches, Confidential, 1876 - 1907 (GH 649 - 653).
Minutes to Ministers, 1893 - 1910 (GH 569 - 660).
Private Secretary's Letter Books, 1897 - 1910 (GH 662 - 667).
Telegram Books, 1885 - 1888 (GH 844 - 845).
Commissions, Letters Patent and Instructions, 1845 - 1907 (GH 866 - 867).
Sir Garnet Wolseley's Letters Received and Despatched, 1879 - 1880 (GH 871 - 873).
Sir George Pomeroy-Colley's Letters Despatched, 1880.
Indian Question, Correspondence etc., 1897 - 1910 (GH 877 - 878).

#### c. Argief van die Colonial Secretary's Office (CSO).

Letters Received, 1870 - 1895 (CSO 348 - 1448).
Minute Papers, 1895 - 1910 (CSC 1449 - 1897).
Letters Despatched, 1870 - 1910 (CSO 2309 - 2528).
Confidential Minute Papers, 1877 - 1910 (CSO 1552 - 1605).
Confidential Letter Books, 1876 - 1910 (CSO 2621 - 2623).
Private Letter Book: Prime Minister and Colonial Secretary, 1897 - 1904 (CSO 1624).
Government Commissions: Indian Immigration, 1885 - 1909 (CSO 2777 - 2786).

d. Argief van die Prime Minister's Office (PM).

Minute Papers, 1900 - 1910 (PM 17 - 83).
Governor's Minutes, 1894 - 1910 (PM 84 - 85).
Confidential Minute Papers, 1899 - 1910 (PM 87 - 108).
Prime Minister's Private Papers, 1899 - 1910 (PM 109).

e. Argief van die Executive Council (EC).

Minutes of Meetings, 1870 - 1910 (EC 9 - 36).

f. Argief van die Attorney General's Office (AGO).

Correspondence, 1870 - 1910 (AGO 1/8/133).
Letter Books, 1870 - 1910 (AGO 1/11/1-48).
Letter's Despatched, 1903 - 1910 (AGO 1/12/1-9).

g. Private Versamelings.

Sir John Robinson Collection.
Harry Escombe Collection.
George Sutton Collection.
James Schofield Collection.
Kit Bird Collection.

2. STAATSARGIEF, KAAPSTAD.

Argief van Government House (GH)

Confidential Despatches to Secretary of State, 1870 - 1880 (GH 27/1-3).
Despatches from Natal, 1879 - 1900 (GH 9/15-9/17).

3. STAATSARGIEF, PRETORIA.

Britse Colonial Office Records (oorspronklike berus by die Public Record Office, Londen).
Natal (CO 179), 1879 - 1887.

B. GEPUBLISEERDE BRONNE.

1. Wetboeke: Natal.

Acts of the Parliament of the Colony of Natal, 1894 - 1910, 12 v. Pietermaritzburg.
Broome, W. (Samesteller). Laws of Natal. vols. III en IV, d.d. 1879 - 1889 en 1890 - 1894 Pietermaritzburg.
Cadiz, C. F. & Lyon, R. (Samestellers). Ordinances, Laws and Proclamations vol. II, 1870 - 1878. Pietermaritzburg, 1880.
Hitchens, R.L. & Sweeney, G.W. (Samestellers), Statutes of Natal, 1845 - 1899. Pietermaritzburg.

2. Imperiale Britse Blouboeke.

C. 1187, Further Correspondence relating to Affairs in Natal, April 1875. London.
C. 1401-1, Further Correspondence relating to the Colonies and States of South Africa. Natal, February 1876. London.

C. 1631, Further Correspondence relative to the Affairs of South Africa, August 8, 1876.- London.
C. 1681, Do., February 1877. London.
C. 1814, Further Correspondence respecting the Affairs in South Africa, July 1877. London.
C. 1883, Do., 9th August, 1877. London.
C. 1961, Do., February 22, 1878. London.
C. 2000, Do., April 1878. London.
C. 2079, Do., July 1878. London.
C. 2100, Do., July 1878. London.
C.2144, Do., August 1878. London.
C. 2220, Do., 6th December, 1878. London.
C. 2222, Do., February 1879. London.
C. 2242, Do., February 1879. London.
C. 2252, Do., March 1879. London.
C. 2260, Do., March 1879. London.
C. 2269, Do., March 1879. London.
C. 2308, Do., 7th April, 1879. London.
C. 2316, Do., May 1879. London.
C. 2318, Do., May 1879. London.
C. 2367, Do., July 1879. London.
C. 2374, Do., July 1879. London.
C. 2454, Do., August 1879. London.
C. 2482, Do., February 1880. London.
C. 2505, Do., March 1880. London.
C. 2584, Do., June 1880. London.
C. 2586, Do., June 1880. London.
C. 2655, Do., August 1880. London.
C. 2676, Do., August 1880. London.
C. 2695, Do., September 1880. London.
C. 2740, Do., January 1881. London.
C. 2783. Do., February 1881. London.
C. 2866, Do., April 1881. London.
C. 2950, Do., June 1881. London.
C. 2959, Do., July 1881. London.
C. 2961, Do., July 1881. London.
C. 3113, Do., February 1882. London.
C. 3174, Natal. Instructions addressed to Sir. H. Bulwer, K.C.M.G., on his appointment to the Government of Natal and Papers relating thereto, March, 1882. London.
C. 3182, Correspondence relating to the Affairs of Natal and Zululand, March 1882. London.
C. 3224, Correspondence respecting the Imposition of Restrictions on the Sale of Intoxicating Liquors in the Colonies, May 1882. London.
C. 3477, Further Correspondence respecting the Imposition of Restrictions on the Sale of Intoxicating Liquors in the Colonies, February 1883. London.
C. 3796, Correspondence relating to the Affairs of Natal, August 1883. London.
C. 5091, Proceedings of the Colonial Conference. 1887. Vol. I., 1887. London.
C. 5091-1, Proceedings of the Colonial Conference, 1887. Vol. II, (appendix). Papers laid before the Conference, July 1887. London.
C. 6487, Natal. Correspondence relating to the Proposal to Establish Responsible Government in Natal, July 1891. London.
Cd. 43, Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, January 1900. London.
Cd. 261, Do., July 1900. London.
Cd. 420, Do., December 1900. London.
Cd. 1163, Do., July 1902. London.

3. Natalse blouboeke.

Blue Book for the Colony of Natal, 1870 - 1893. Pietermaritzburg.
Departmental Reports, 1893 - 1910. Pietermaritzburg.
Report and Evidence of Indian Immigrants Commission, ~~1909~~ 1887. Pietermaritzburg.
Statistical Year Book of the Colony of Natal, 1893 - 1909. Pietermaritzburg.
The Indian Immigration Commission Report, 1909. Pietermaritzburg.

4. Natalse parlementêre stukke.

a. Legislative Council, 1870 - 1893.

Votes and Proceedings of the Legislative Council, vol. XVII - XLVIII, 1870 - 93. Pietermaritzburg.
Select Documents Presented to the Legislative Council, 1870 - 74. Pietermaritzburg, 1901.
Sessional Papers of the Legislative Council, 1871 - 93. Pietermaritzburg.
Debates of the Legislative Council, vol. I-XX, 1879 - 93. Pietermaritzburg.

b. Legislative Council, 1893 - 1910.

Votes and Proceedings of the Legislative Council, vol. I-XXI, 1893 - 1909. Pietermaritzburg.
Debates of the Legislative Council, vol. I-XX, 1893 - 1910. Pietermaritzburg.

c. Legislative Assembly, 1893 - 1910.

Votes and Proceedings of the Legislative Assembly, vol. I-LXIX, 1894 - 1910. Pietermaritzburg.
Debates of the Legislative Assembly, vol. XXI-XLIX, 1893 - 1910. Pietermaritzburg.
Sessional Papers of the Legislative Assembly, 1893 - 1910. Pietermaritzburg.

5. Natalse staatskoerante.

Natal Government Gazette, 1870 - 1910. Pietermaritzburg.

6. Uniale blouboeke.

UG 16 van 1914: Bylaes tot die Volksraadsnotule.

## II PERIODIEKE PUBLIKASIES.

A. Koerante.

The Natal Mercury, 1870 - 1880, 1892 - 4, 1899, 1903, 1905 - 7. Durban.
The Natal Witness, 1892 - 4, 1903, 1905 - 7. Pietermaritzburg.

B. Artikels in tydskrifte.

Andrews, C. F.: The South African Indian and World Politics. (In: Voorslag, vol. 1, nr. 6, 1926. Durban, A. C. Braby).

Andrews, C. F.: The Indian Agreement. (In: Voorslag, vol. 1, nr. 11, 1927. Durban, A. C. Braby).

Barker, A.: Unification, the Asiatic difficulty. (In: African Monthly, vol. IV, 1908. Grahamstad).

Crole, V.: Natal's Native and Asiatic Problems. (In: African Monthly, vol. IV, 1908. Grahamstad).

Palmer, Mabel: From India to Natal. (In: The Trek, d.d. 14/8/1942, 11/9/1942. Johannesburg, C.N.A.).

Pillay, N.M.: A Short History of the Indian Problem in South Africa, 1860 - 1939. (In: The Sun, d.d. 7/7/1939. Kaapstad, The Proprietor).

## III ONGEPUBLISEERDE SKRIPSIES, VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE.

Adamson, H. M.: The Indian question in South Africa, 1900 - 1914. M.A.-verhandeling. Kaapstad, 1932.

Cooppan, S.: A summary of the education of the Indian in Natal, 1860 - 1947. D. Phil.-proefskrif. Kaapstad, 1949.

Denoon, D. J. N.: Sir John Robinson: his career from 1884 until 1893. B.A. Hons.-skripsie, Univ. Natal, ongedateerd.

Denysson, H. D.: Labour policy of Natal, 1852 - 1874. M.A.-verhandeling. Kaapstad, 1926.

Gillett, C. A.: Natal 1893 - 1897, the alignment of parties and the fall of the Escombe ministry. B.A. Hons.-skripsie, Durbanse afdeling van die Univ. Natal, 1965.

Konczacka, J.: Economic factors leading to the granting of responsible government, 1888 - 1893. B.A. Hons.-skripsie, Univ. Natal, 1963.

Pachai, B.: The emergence of the question of the South African Indian as an international issue, 1860 - 1861. D. Phil.-proefskrif, Univ. Natal, 1963.

Smith, D. J. H.: Political issues and public opinion on the eve of the 1909 referendum in Natal. B.A. Hons.-skripsie, Univ. Natal, 1961.

Smith, I.C.: Frederick Robert Moor and his premierhsip of Natal, 1906 - 1910, with special reference to the unification of South Africa. B.A. Hons.-skripsie, Durbanse afdeling van die Univ. Natal, 1966.

Stein, Z.: Indian immigration into Natal, 1870 - 1893. M.A.-verhandeling. Univ. Kaapstad, 1942.

## IV SEKONDÊRE WERKE.


Aiyar, P. S.: The Indian problem in South Africa. Durban, African Chronicle Press, 1925.

Aiyar, P. S.: Conflict of Races in South Africa. Durban, African Chronicle Printing Press, ongedateer.

Aiyar, P. S.: An Unjust Tax on Indians. Appeal to the Empire. Durban, African Chronicle Printing Press, 1911.

Alsop, M. H.: The Population of Natal. (In: Reginal Survey of Natal, v. 2. Johannesburg. Oxford University Press, 1952.

Amery, L. S.: The Times History of the War in South Africa, 1899 - 1901. 7 Dele. London, Sampson Low, Marston, 1900 - 1909.

Andrews, C. F.: Documents relating to the Indian question. Kaapstad, Cape Times Ltd., ongedateer.

Andrews, C. F.: Mahatma Gandhi at his work; His own story continued London, Allen and Unwin, 1931.

Andrews, C. F.: The Asiatic question. Durban, Natal Advertiser, ongedateer.

Andrews, C. F.: Mahatma Gandhi at work. London, Unwin Brothers, 1931.

Athlye, D. V.: The life of Mahatma Gandhi. Poona, Swadeshi Publishing Co., 1923.

Botha, J. H.: Indiërs in Suid-Afrika. (In: V.d. Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II.

Braddock, J.: The bridal bed. London, Robert Hale, 1960.

Brookes, E. H. & Webb, C. de B.: A History of Natal. Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1965.

Brookes, Edgar H.: South Africa in a changing world. Kaapstad, Oxford University Press, 1953.

Buchanan, B.: Pioneer days in Natal. Pietermaritzburg, Shuter and Shuter, 1934.

Bulpin, T. V.: To the shores of Natal. Kaapstad, Timmins, 1953

Burrows, E. H.: The history of medicine in South Africa, up to the end of the 19th century. Kaapstad, Balkema, 1958.

Burrows, H. R.: Indian life and labour in Natal. (In: South African Institute of Race Relations, vol. 10(1): 1 - 36. Johannesburg, 1943).

Campbell, E. D.: The birth and development of the Natal railways. Pietermaritzburg, Shuter and Shuter, 1951.

Calpin, G. H.: Indians in South Africa. Pietermaritzburg, Shuter and Shuter, 1949.

Calpin, G. H.: The South African way of life; values and ideals of a multi racial society. London, Heineman, 1953.

Cooppan, S.: The Indian as an integral part of South African society (In: The Indian as a South African. Johannesburg, South African Institute of Race Relations, 1956).

Crawley, E.: The mystic rose. London, Watts en Kie., 1960. Vierde Druk.

De Kiewiet, C. W.: A history of South Africa: social and economic. London, Oxford University Press, 1941.

De Kiewiet, C. W.: The imperial factor in South Africa: a study in politics and economics. Cambridge, University Press, 1937.

Doke, J. J.: M. K. Gandhi: An Indian patriot in South Africa. Madras, Natesan, 1909.

Du Plessis, J.: A history of christian missions in South Africa. London, Longmans Green, 1911.

Ferguson-Davie, Charles James: The early history of Indians in Natal. Johannesburg, South African Institute of Race Relations, 1952.

Fielding, W. J.: Strange customs of courtship and marriage. London, Souvenir Press, 1961.

Fischer, Louis: The life of Mahatma Gandhi. London, Jonathan Ltd., 1951.

Gandhi, M. K.: Stayagraha in South Africa. London, Luzac & Kie., 1928.

Gandhi, M. K.: Speeches and writings of M. K. Gandhi. Madras, Natesan, 1917.

Gandhi, M. K.: The story of my experiments with truth (an autobiograph London, Phoenix Press, 1949.

Gandhi, M. K.: The Indian franchise, an appeal to every Briton in South Africa. Durban, T. L. Cullingworth, 1895.

Garvin, J. L.: The Life of Joseph Chamberlain. London, MacMillan and Co., Ltd., 1034.

Hattersley, A. F.: Later annals of Natal. London, Frederick Warner & Co., 1938.

Hattersley, A. F.: More annals of Natal. London, Frederick Warner & Co., 1936.

Hattersley, A. F.: The Natalians: further annals of Natal. Pietermaritz burg, Shuter and Shuter, 1940.

Hattersley, A. F.: The Natal society, 1851 - 1951. Pietermaritzburg, Shuter and Shuter, 1951.

Hattersley, A. F.: Portrait of a colony. London, Cambridge, University Press, 1940.

Headlam, C.: The Milner papers. London, Cassell & Co., Ltd.,193

Henderson, H.: Speeches of the late right honourable Harry Escombe. Pietermaritzburg, P. Davis and Sons, 1903.

Hey, P. D.: The rise of the Natal elite. Pietermaritzburg, Shuter and Shuter, 1961.

Hunter, Sir. W. W.: A brief history of the Indian peoples. London, Trübne en Kie., 1892. Twintigste Druk.

Kuper, H.: Indian peoples in Natal. Pietermaritzburg, Natal University Press, 1960.

Kuper, Hilda: The South African Indian family. (In: The Indian as a South African. Johannesburg, South African insti- tute of Race Relations, 1956).

Leverton, B. J.: Natal Cotton Industry, 1845 - 1875, A Study in failure. (Mededelings, C. 41, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1963).

Meta, P. J.: M. K. Gandhi and the South African Indian problem. Madras, Natesan, 1912.

Meston, J. S., MacMunn, Sir G. F. Haward, E.: India. (In: Encyclopeadia Britannica, 1951, vol. 12.)

Naidoo, B. A.: Economic opportunities and mode of living of the Indian community. (In: The Indian as a South African. Jo- hannesburg, South African Institute of Race Relations, 1956).

Nanda, B. R.: Mahatma Gandhi. London, George Allen & Unwin Ltd. 1958.

Osborne, R. F.: Valiant Harvest: the founding of the South African suga Industry, 1848 - 1926. Durban, S. A. Sugar Associa tion, 1966.

Pachai, B.: The history of Indian opinion, 1903 - 1914. Argief jaarboek vir S. A. Geskiedenis, Cape Times Ltd., vir die Staatsdrukker, 1961).

Palmer, M.: The history of the Indians in Natal. (In: Natal Re- gional Survey. Kaapstad, Oxford University Press, vir die Universiteit van Natal, vol. 10, 1957).

Palmer, Mabel: Economic and political background to the history of Indians in Natal. (In: The Indian as a South African. Johannesburg, South African Institute of Race Relation 1956).

Pather, P. R.: Seventy years of frustration and unhappiness. Durba S. A. Indian Organisation, ongedateer.

Pirow, O.: Die witman se weg na selfbehoud. Pretoria, Nuwe Staat-uitgewers en -publisiteitsmaatskappy, 1947.

Pollak, H. S. L.: The Indians of South Africa, helots within the empire and how they are treated. Madras, G. A. Natesan

Polak, H. S. L.: The South African Indian question. Herefordshire, Ledbury, 1947.

Polak, Mrs. Millie Graham: Mr. Gandhi, the man. London, Allen, 1931.

Rolland, R.: Mahatma Gandhi. London, Swathmore, 1924.

Sen. Ela: Gandhi, a biographical study. London, Valiant Publications, 1948.

Stuart, James: A history of the Zulu rebellion of 1906, of Dinuzulu's arrest, trial and expatriation. London, MacMillan and Co., 1013.

Thompson, L. M.: Indian immigration into Natal, 1870 - 1872. Argief Jaarboek vir S. A. Geskiedenis, Cape Times Ltd., vir die Staatsdrukker, 1952, Deel II).

Vane, M.: The South African Indians. Johannesburg, Society of the Friends of Africa, 1948).

Whiteside, J.: A history of the Wesleyan Methodist Church of South Africa. London, Stock, 1906.

Whyte, Quentin: Behind the racial tensions in South Africa. Johannesburg, South African Institute of Race Relations, 1953

Whetherell, V.: The Indian question in South Africa. Kaapstad, Unie-Volkspers, 1946.

Woods, C.: The Indian Community of Natal; their economic position (In: Natal Regional Survey, V. IX. Kaapstad, 1954).